17880 - 1980

U.O.V.S. - I.S.V.O
DSO EXPORTBIB
BIBLIOTEEK - LIBRARY

UOVS - BIBLIOTEEK

19860185980122000019

U.O.V.S. - BIBLIOTEEK

19860185980122000019

DIE MUSIEKLEWE IN KROONSTAD TUSSEN 1904 EN 1985

JACOBUS GROENEWALD

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

Magister Musicum,
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,
Departement Musiek
aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Januarie 1986

Studieleier: Prof Dr JH Potgieter

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

12 - 5 - 1986

T 780.96852 GRO

BIBLIOTEEK

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
Voorwoord		xiv
	HOOFSTUK I	
	BESOEKENDE KUNSTENAARS	1
1 Instrumentaal		
1.1 Pianiste		1
1.1.1	Aubyn Raymar	1
1.1.2	Benno Moiseiwitsch	2
1.1.3	Arnold van Wyk	3
1.1.4	Jan Cherniavsky	4
1.1.5	Louis Kentner	5
1.1.6	Lionel Bowman	6
1.1.7	Mnr Tankard	8
1.1.8	Julius Katchen	8
1.1.9	Dennis Murdoch	10
1.1.10	Walter Klien	10
1.1.11	George Themeli	11
1.1.12	Yonty Solomon	11
1.1.13	Ivan Melman	12
1.1.14	Peggy Haddon	13
1.1.15	Margaret Baird	13
1.1.16	Philip Levy	13
1.1.17	Niel Immelman	14
1.1.18	Manuel Villet	14
1.1.19	Marian Friedman	15
1.2 Strykers		16
1.2.1	**Vioolsoliste**	
1.2.1.1	Leo Cherniavsky	16
1.2.1.2	Professor Israel	17
1.2.1.3	Erwin Broedrich	17
1.2.1.4	Jack de Wet	19
1.2.1.5	Vincent Frittelli	20
1.2.1.6	Pieter Daniel	21
1.2.2	**Strykensembles**	22
1.2.2.1	Die Cherniavsky Trio	22
1.1.1.1	Die Lyra-kwartet	23
1.2.2.3	Die Leo de Roo-trio	24
1.2.2.4	Die Oranje Vrystaat Kwartet	25
1.2.2.5	Die Weense Klaviertrio	25

1.3 **Orreliste** 26

1.3.1 PK de Villiers 26
1.3.2 John Connell 27
1.3.3 Professor D Roode 28
1.3.4 Willem Mathlener 28
1.3.5 Michael Schneider 30

1.4 **Orkeste** 30

1.4.1 Die Johannesburg SAC Band 30
1.4.2 Die Kaapstadse Munisipale Orkes 31
1.4.3 Die Boksburgse Munisipale Orkes 33
1.4.4 Die Suid-Afrikaanse Polisie-orkes 34
1.4.5 Die orkes van die Grenadier Guards 36
1.4.6 Die Gordon Highlanders 36
1.4.7 Die Suid-Afrikaanse Leër- en Lugmagorkes 37
1.4.8 Die Nasionale Simfonie-orkes van die SAUK 38
1.4.9 Die Johannesburgse Jeugorkes 40
1.4.10 Die Jewish Guild Youth Orchestra 41
1.4.11 Die Münchense Kamerorkes 43
1.4.12 Die Vrystaatse Jeugorkes 43
1.4.13 Die SAUK Junior Simfonie-orkes 44
1.4.14 Die Vrystaatse Jeugsimfonie-orkes 44

2 **VOKAAL**

2.1 **Sangers** 44

2.1.1 Jennie MacRae 44
2.1.2 Emiel Hullebroeck 45
2.1.3 Haydn Hemery en Lola Curosa 46
2.1.4 Jan van Zyl en Gisela Trantow 47
2.1.5 Daisy en Maxie Bosman 47
2.1.7 Erna Sack 49
2.1.8 Heinrich Schlusnus 52
2.1.9 Marcel Wittrisch 52
2.1.10 Elizabeth Schumann 53
2.1.11 Anne Ziegler en Webster Booth 55
2.1.12 Cecilia Wessels 56
2.1.13 Mimi Coertse 58
2.1.14 Philip Markgraaf 59
2.1.15 Antonio Risha 59
2.1.16 Nohline Mitchell en Rita Roberts 60
2.1.17 Cato Brink 61
2.1.18 Doris Brash en Bob Borowski 62
2.1.19 Die Orpheus-kwartet 62
2.1.20 Joyce Barker 63
2.1.21 Emmerentia Scheepers 63
2.1.22 Hanlie van Niekerk 64

2.2 **Besoekende Kore** 64

2.2.1 Die Durbanse Seunskoor 64
2.2.2 Professor Lemmer se koor 65
2.2.3 Die Stellenbosse Kweekskoolkoor 66
2.2.4 Die Weense Seunskoor 68

2.2.5 Die Bethlehemse Mannekoor 69
2.2.6 Die Stellenbosse Universiteitskoor 69
2.2.7 Die Bethlehemse Dogterskoor 69
2.2.8 Die Vanderbijlparkse Duitse Mannekoor 70
2.2.9 Die Nederlandse Kamerkoor 70

2.3 Opera-aanbiedings deur besoekende kunstenaars 70

2.3.1 Die Potchefstroomse Onderwyskollege - **The Gondoliers** 71
2.3.2 Volksteater - **Cavalleria Rusticana** en **Impresario** 72
2.3.3 Die Welkom Amateur Dramatic and Musical Society - **The Quaker Girl** 74
2.3.4 African Consolidated Theatres - opera-uittreksels 75
2.3.5 Die National Opera Association of South Africa - **Madame Butterfly** 76
2.3.6 Die Operavereniging van Suid-Afrika - opera-uittreksels 77
2.3.7 Italo-South African Club - opera-uittreksels 77

3 GEMENGDE GROEPE 78

3.1 Isobel McLaren (kontralto), Jack Jones (tenoor), R Bothwell (bas) en A McLaren (klavier) 80
3.2 Die Steele-Payne Bellringers 80
3.3 Die Lynch Bellringers 81
3.4 Die Stellenbosch Universiteitsstudente Muziek Gezelschap 82
3.5 Die Arnold Harmonic Quartette 82
3.6 William Heughan (bas), Cecil Alexander (viool) en Gladys Sayer (klavier) 83
3.7 Winifred du Toit (sopraan) en Percy Sayce (viool) 84
3.8 Helen Jaffary (sopraan) en Elsie Hall (klavier) 85
3.9 Harold Ketelby (viool), Eric Leftwich (tjello), Eileen Borwell (sopraan) en Esther Wolfowitz (klavier) 86
3.10 Arthur Jordan (tenoor), André Theunissen (viool) en Beatrice Marx (klavier) 87
3.11 Isa Stalis (sopraan), WJM Visser (kontralto) en Louis Posniak (klavier) 88
3.12 Peter Dawson (bariton), Stanislas Niedzielski en Hubert Greenslade (klavier) 88
3.13 Alex Cherniavsky (klavier), Maurice Lipa (viool), Edythe Hyland (sopraan) en Yvette Brown (danseres) 89
3.14 Lily Lapin (komponis-pianis) en Benjamin Brodie (bas) 89
3.15 **Albert Lubliner (kantor), mev C Schmiedt (sopraan), M Lyle (viool) en E Baker (klavier)** 91
3.16 **Miriam Paikin (koloratuursopraan), Leo Chermiavsky (viool) en Bruno Raikin (klavier)** 92
3.17 Suzanne Margolis en Mollie Lurie (klavier), Greta Sharp (tjello) en Hedy Haas (komediante) 92

3.18 Esther Mentz (sopraan) en Blake Toerien (klavier) 92
3.19 Erwin Broedrich (viool) en Babsita Mool-man (sopraan) 93
3.20 Chrystal Blomkamp (klavier) en Dirk Lourens (tenoor) 93
3.21 Septimus Smuts (klavier), Hester van Wyk (koloratuursopraan) en Jeanne van der Merwe (viool) 95
3.22 Cecilia Wessels (sopraan) en Ashley Hartley (klavier) 95
3.24 Erwin Broedrich (viool) en Esther Mentz (sopraan) 97
3.25 Alessandro Zilliani (tenoor), Shirley Hepburn (sopraan) en Lorenzo Danza (klavier) 97
3.26 Arend Koole en Gertrude Kautzky (klavier) 99
3.27 Mimi Coertse (koloratuursopraan) en Erwin Broedrich (viool) 99
3.28 Alexander Haagen (tenoor), Blake Toerien en Attie Badenhorst (klavier) 101
3.29 Gerrit Bon en Peter Rorke (klavier), Richard van Bergen (bas), Gerta Breyne-Dicken (sopraan) en Jack de Wet (viool) 103
3.30 Jean Gluckman (mezzosopraan) en Stephan Deak (viool) 104
3.31 Die Musiekvereniging van die Potchefstroomse Universiteit 105
3.32 Emmerentia Scheepers (sopraan), Eve Gettlesohn (viool), Hennie Joubert (klavier) en mej Yutar (klavier) 106
3.33 'n Verskeidenheidskonsert deur Johannesburgse en Kroonstadse kunstenaars 106
3.34 Nellie du Toit (sopraan) en Hennie Joubert (klavier) 108
3.35 Sarie Lamprecht (alt), Walter Mony (viool) en Sini van den Brom (klavier) 108
3.36 'n Jeugkonsert deur Johannesburgse en Kroonstadse kunstenaars 108
3.37 Die Boekkooi Trio 109
3.38 'n Jeugmusiekfees 109

4 DIE AANBIEDINGS VAN VAUDEVILLE, REVUE, MUSIEKKOMEDIE EN JAZZ DEUR BESOEKENDE KUNSTENAARS 110

4.1 Die aanbiedings van 1918 en 1919 111
4.1.1 1918 111
4.1.2 1919 111
4.2 Die aanbiedings van die twintigerjare 112
4.2.1 1920 112
4.2.2 1922 115
4.2.3 1923 116
4.2.4 1925 117
4.2.5 1928 119
4.3 Die aanbiedings van die dertigerjare 121
4.3.1 1932 121
4.3.2 1933 121

4.3.3 1936 122
4.3.4 1937 123
4.3.5 1938 124
4.3.6 1939 124

4.4 Ligte musiekvermaak tydens die Tweede Wereld-oorlog (1939-1945) 125

HOOFSTUK II

PLAASLIKE KUNSTENAARS 135

1 **Die konserte aangebied deur plaaslike kunstenaars in die periode voor 1914** 135

2 **Musiekkonserte tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918)** 136

3 **Die Musieklewe van 1919** 138

3.1 Musiek tydens sosiale byeenkomste 138
3.2 Musiek tydens danse 139
3.3 Konserte 140

3.3.1 'n Konsert deur The Flappers 140
3.3.2 'n Sang- en klavieruitvoering deur Madge Allan en Dolly Heitmann 141
3.3.3 'n Balletkonsert deur mej G de Villiers 143

4 **Konserte gedurende die Twintigerjare** 143

4.1 Die konsert van die Oranje Vrouwe Vereniging 144
4.2 Die Jazzkonserte van 1922 144
4.3 Die konserte van 1923 147
4.4 Die konserte van 1925 147
4.5 Die kafeemusiek van 1928 148

5 **Die musiek van die dertigerjare** 148

5.1 Die konserte van 1933 149
5.2 Die konserte van 1935 151
5.3 'n Kultuuraand in 1936 153
5.4 'n Konsert van Boeremusiek in 1937 154
5.5 Die konserte van 1938 154
5.6 Die konserte van 1939 155

6 **Die musiek van die veertigerjare** 156

6.1 Die konserte van 1941 156
6.2 Die konserte van 1943 157
6.3 Die konserte van 1945 157
6.4 'n Gewyde konsert in 1946 158
6.5 Die konserte van 1947 159
6.6 Die konserte van 1948 161

6 **Die musiek van die veertigerjare** 156

6.1 Die konserte van 1941 156
6.2 Die konserte van 1943 157
6.3 Die konserte van 1945 157
6.4 'n Gewyde konsert in 1946 158
6.5 Die konserte van 1947 159
6.6 Die konserte van 1948 161

7 **Die musiek van die vyftigerjare** 162

7.1 Die konserte van 1951 162
7.2 Die konserte van 1953 165

7.2.1 Konserte van die Kroonstadse Musiekvereniging 165
7.2.2 'n Konsert deur Fêbê Williamson, Barrie Verster en Pietra Uys 165
7.2.3 'n Kersprogram 168

7.3 Die Vrystaatse Eeufees in 1954 169
7.4 Die Kroonstadse Eeufees in 1955 170
7.5 Die konsert van die Kroonstadse Filharmoniese Vereniging in 1956 171
7.6 Die konserte van 1957 174

7.6.1 'n Verskeidenheidskonsert van die Musiekvereniging 174
7.6.2 'n Konsert deur Martie Wege en Barbara Louw 175

7.7 Die konserte van 1958 175
7.8 Die konserte van 1960 176

8 **Die konserte van die sestiger- en sewentigerjare** 177

HOOFSTUK III

KROONSTADSE KORE 180

1 Die eerste dorpskore van 1904 en 1907 180

2 Die eerste koorvereniging onder leiding van mnr PJ Lemmer, 1919 181

3 Die tweede koorvereniging, 1932 181

4 Die Eeufeeskoor 182

5 Mnr Tersteegen van Huyssteen se Dames- en Mannekoor 182

6 Die derde Koorvereniging, 1952 184

6.1 Die stigtingsvergadering 184
6.2 Optredes gereël deur die Vereniging 185

7 Dr Teasdale Griffiths se koor - die ontstaan van 'n oratoriumkoor, die Kroonstadse Feeskoor en die Filharmoniese Vereniging 190

7.1 Die Oratoriumkoor 190
7.2 Die Kroonstadse Feeskoor 191
7.3 Die Kroonstadse Filharmoniese Vereniging 195

Bladsy

8 Koorfeeste 200

8.1 Die koorfees van professor Lemmer 200
8.2 Die koorfees van die Sentrale Volkskool 204
8.3 Koorfees van die Musiekvereniging 205

9 Die Kroonstadse Mannekoor 206

10 Kroonstad Cantamus 208

HOOFSTUK IV

OPERA EN OPERETTE DEUR PLAASLIKE KUNSTENAARS 211

1 Die Eerste Periode (circa 1905-1928) 211

1.1 Les Cloches de Corneville 213
1.2 Iolanthe 213
1.3 The Arcadians 214
1.4 Our Miss Gibbs 215
1.5 Little Red Riding Hood 216
1.6 The Mikado 216
1.7 The Quaker Girl 218
1.8 The Geisha 220
1.9 HMS Pinafore 223

2 Die Tweede Periode (1955-1959) 223

2.1 Carmen 224
2.2 Madame Butterfly 226
2.3 The Mikado 226
2.4 Hänsel und Gretel 227
2.5 The Gondoliers 228

3 Die Derde Periode 230

3.1 Bastien und Bastienne 230
3.2 Die Kadi Uitoorlê 230
3.3 Brigadoon 231
3.4 Papageno 232
3.5 Madame Butterfly en Die Huwelik van Figaro 232
3.6 Oklahoma 234

HOOFSTUK V

KROONSTADSE ORKESTE 236

1 Die Heilsleërorkes 236

2 Die Eerste Dorpsorkes 1905 241

3 Die Tweede Dorpsorkes 1910 242

4 Die Kroonstad String Orchestra 243

5 Die Derde Dorpsorkes 244

6 Die Kroonstad Orchestra 245

7 Vroeë Kadetorkeste 247

8 Die orkes van die Boy Scouts 248

9 Die Native Brass Band 249

10 Mnr Adrian Blau se Orkes 249

11 Die Tegniese Kollege- em Filharmoniese Orkes 250

12 Die Kroonstadse Harmonie-orkes 251

13 Die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiensorkes 253

13.1 Die stigting van die orkes 254
13.2 Optredes in die Kroonstadse Skouburg 256

13.2.1 Aanbiedings van die Kultuurraad 256
13.2.2 Musiekkonserte aangebied vir die Afrikaanse Hoërskool 256
13.2.3 Begeleiding van die Kroonstadse Manne- en Dameskoor 257
13.2.4 Koorfeeste 257
13.2.5 Musiekkonserte 257

13.3 Gewyde optredes 258

13.4 Optredes in Kerke 258

HOOFSTUK VI

DIE KROONSTADSE SKOUBURG 260

1 Die beplanning en oprigting van die Skouburg 260

1.1 Die behoefte aan 'n nuwe teater 260
1.2 Die stadsraad neem die eerste stappe; die vinding van 'n geskikte terrein 260
1.3 Pleidooie gerig aan die stadsraad deur Kroonstadse kunstenaars 261
1.4 Die finale fase in die oprigting van die Skouburg 263
1.5 Die fasiliteite van die Skouburg 264

2 Die amptelike opening van die Skouburg 264

3 Die benutting en bestuur van die Skouburg 266

4 SUKOVS se aanbiedings in Kroonstad en in die Kroonstadse Skouburg 269

4.1 Aanbiedings in die stadsaal 269
4.2 Aanbiedings in die Skouburg 270

5 Aanbiedings van TRUK 270

6 Aanbiedings deur ander instansies 270

HOOFSTUK VII

MUSIEKVERENIGINGS 273

1 Die Kroonstad Amateur Operatic Society 273

2 Die Kroonstad Philharmonic Society en die Amateur Musical and Dramatic Society 274

3 Die Kroonstad Caledonian Society 274

		Bladsy
4	The Kroonstad Music Club (1928)	275
5	Die Kroonstadse Kultuurvereniging en die aanbieding van die Kunswedstryd	277
6	Die Kroonstad Theatre Group (1947-1951)	285
7	Die Kroonstadse Musiekvereniging (1951-1966)	285
	7.1 Die stigting van die Vereniging	285
	7.2 Die eerste byeenkoms	287
	7.3 Verdere aktiwiteite van die Vereniging	287
	7.3.1 1952	287
	7.3.2 1953	288
	7.3.3 1954	289
	7.3.4 1944	291
	7.3.5 1956	292
	7.3.6 1957	295
	7.3.7 1958	296
	7.3.8 1959	296
	7.3.9 1960	297
	7.3.10 1961	297
	7.3.11 1962	297
	7.3.12 1964	298
	7.4 Die laaste jare van die Musiekvereniging en die reses	298
8	Die Kroonstadse Platevereniging	299
9	Die Kroonstad-tak van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers (SAVMO)	301
	9.1 Werksaamhede van die Kroonstad-tak	301
	9.2 Lesings	301
	9.3 Konserte	302
	9.4 Konvensies	303
	9.5 Die bywoning van Nasionale Konferensies	303
	9.6 Seminare	304
	9.7 Die Kroonstadse Kunsfees	304
	9.8 Die bestuur en ontwikkeling van die Kroonstad-tak	305
10	Die Kroonstadse Kultuurraad	306
	10.1 Die doelstellings van die Kultuurraad	307
	10.2 Werksaamhede van die Kultuurraad	307
	10.2.1 Kunswedstryde	307
	10.2.2 Die aanbieding van musiekuitvoerings	308
	10.2.3 Die aanbieding van nasionale feeste	308
	HOOFSTUK VIII	
	KERKMUSIEK	311
1	Die NG Kerke	311
	1.1 Die Moedergemeente	311
	1.1.1 Die Pioniersjare	311
	1.1.2 Die eerste kerkgeboue en orreliste	312

	1.1.3	Die huidige kerkgebou en orreliste sedert 1912	312
	1.1.4	Kerkmusiekuitvoerings in die Moederkerk sedert 1919	313
	1.1.5	Die Eeufees van die NG Moedergemeente, 1961	319
			319
1.2	Die NG Gemeente Kroonstad-Noord		321
	1.2.1	Orreliste en Kerkmusiekuitvoerings	322
	1.2.2	Die Kerkmusiekuitvoerings van mnr van Zyl	322
	1.2.3	Mev Cilliers se aanbieding van die Jubileumfees, kerkmusiekuitvoerings en die Inwyding van die Herboude Orrel	326
1.3	Die NG Kerk Kroonheuwel		328
	1.3.1	Enkele kerkmusiekuitvoerings in die Kroonheuwel-kerk	328
1.4	Die NG Kerk Kroonstad.Suid		330
	1.4.1	Kerkmusiekuitvoerings deur Olga Rademan	330
	1.4.2	Enkele sangdienste en orreluitvoerings deur Elza Cilliers	331
1.5	Die NG Kerk Kroonstad-Wes		332
1.6	Die NG Gemeente Kroonheuwel-Noord		332
	1.6.1	Kerkmusiekuitvoerings in die gemeente	333
1.7	Die NG Kerk Kroonstad-Oos		334
1.8	Die NG Kerk Mõrewag		335
1.9	Kompilasieverslag oor die stand van die erediens in die gemeentes van die Ring van Kroonstad		336
	1.9.1	Sang en Musiek	336
	1.9.2	Die Oggenddienste	336
	1.9.3	Die Aanddienste	336
	1.9.4	Die Huweliksdiens	336
2	Die Gereformeerde Kerk Kroonstad		337
2.1	Geskiedenis van die gemeente		337
2.2	Die nuwe kerkgebou en eerste orrel		337
3	St Johns Methodist Church		338
3.1	Vroeë geskiedenis van die gemeente		338
3.2	Orreliste en kerkmusiekuitvoerings		330
4	Die Anglikaanse Kerk van St George the Martyr		340
5	St Andrews Presbiteriaanse Kerk		342

HOOFSTUK IX

MUSIEKONDERWYS 346

1.	Privaatonderwys	346
1.1	Die periode voor 1918	346
1.2	Die periode 1918 tot 1928	346
1.3	Die periode 1932 tot 1939	350
1.4	Die periode 1941 tot 1948	351
1.5	Musiekskole	352

Bladsy

2 Musiekonderwys aan Hoërskole 358

2.1 Die Kroonstadse Hoërskool 358

2.1.1 Die ontstaan van die skool 358
2.1.2 Skoolorkeste 359
2.1.3 Kore 359
2.1.4 Musiekonderrig 360

2.2 Hoër Tegniese Skool de Wet Nel 362

2.2.1 Klassang 362
2.2.2 Die Koor 363

2.3 Die Afrikaanse Hoërskool Kroonstad 363

2.3.1 Die skoolkoor 364
2.3.2 Musiekonderrig 366
2.3.3 Skoolorkeste 367

2.4 Hoër Landbouskool Kroonstad 367

2.4.1 Musiekonderrig 368
2.4.2 Die koor 368

3 Musiekonderwys aan Laerskole 369

3.1 Kroonstad English Primary School 369

3.1.1 Musiekonderrig 370

3.2 Sentrale Volkskool 371

3.2.1 Die Koor 371
3.2.2 Musiekonderrig 372

3.3 Kroonheuwel Volkskool 373

3.3.1 Musiekonderrig 373
3.3.2 Sang 374

3.4 Suidrand Volkskool 375

3.4.1 Musiekonderrig 375
3.4.2 Die koor 375

3.5 Voorwaarts Volkskool 376

3.5.1 Sang en Koormusiek 376
3.5.2 Die musiekafdeling 377

4 Die Kloosterskool Notre Dame 379

4.1 Verhoogaanbiedings van Notre Dame 382
4.2 Musiekonderrig 385

5 Die Musiekafdeling van die Kroonstadse Tegniese Kollege 385

5.1 Stigting van die Kroonstad-tak van die Vrystaatse Tegniese Kollege 385
5.2 Stigting van die Musiekafdeling 385
5.3 Vroeë ontwikkeling en die eerste konsert 386
5.4 Die Vyftigerjare 387
5.5 Die Sestigerjare 391

HOOFSTUK X

BIOGRAFIESE INLIGTING OOR SOMMIGE VAN KROONSTAD SE BEKENDSTE MUSICI 398

Olive Antonie - kontralto 398

Myrrha Bantock - regisseuse 400

Adrian Blau - violis 400

Judith Brent-Wessels - musiekonderwyseres, orrelis en komponis 402

Elza Cilliers - orreliste 403

Robert Day - orrelis en bariton 404

Bella de Villiers - musiekonderwyseres en orreliste 405

Jack de Wet - violis 406

Julius du Toit - hoof van die Musiekafdeling van die Tegniese Kollege en orrelis 407

JC Fowler - bariton 408

Ruth Goveia - pianiste 408

Dr Teasdale Griffiths - musiekonderwyser, orrelis, dirigent en komponis 409

Dawid Japp - violis 411

Paul Johl - koorleier 412

Winnie Kleinschmidt - musiekonderwyseres en orreliste 413

Dr Johan Kruger - resensent 414

Willie Lebherz - tenoor 414

Barbara Louw - pianiste, musiekonderwyseres en resensente 415

Patricia Marock balletonderwyseres, pianis en sangeres 416

Nohline Mitchell - mezzosopraan 417

Optredes in operas 417
Oratorium 420
Radio-uitsendings 421
Etensuurkonserte 421
Sangdosente 421

Dolly Neiman - sangeres, pianiste, komponis en musiekonderwyseres 422

Dr ZJ Pretorius - resensent, koorleier en musiek-organiseerder 423

Olga Rademan - pianiste, orreliste, koorleidster en musiekonderwyseres 424

Margaret Roux - sangdosente 425

Wicus Slabbert - bariton 427

Alison Stevens - kontralto en Rosina Stevens - pianiste 428

Noel Stockton - komponis, dirigent, verwerker en pianis 429
Tromp Terreblanche - bariton 430
Blake Toerien - pianis en klavieronderwyser 430
Pietra Uys (mev Crous) - violiste 431
Katy van der Merwe - musiekonderwyseres 432
Henk van Eck - orrelis, dirigent en komponis 433
Boudina en Cara van Heyningen - musiekonderwyseresse 435
Tersteegen van Huyssteen - musiekdosent, koormeester en orrelis 436
Jacob Eerke Koops van't Jagt - stigter van die Gevangenisdiensorkes, klarinetspeler en eksaminator 437
Trudy van Niekerk - musiekonderwyseres en koorleidster 438
Fanie van Zyl (1908-1983) - orrelis 440
Martie Wege - mezzosopraan, orreliste en koorleidster 440
Hannah Wessels - musiekonderwyseres en koorleidster 442
Febé Williamson- sopraan 443
Die Yazbek-familie 444
Dougy Yazbek - tenoor en Eunice Smith - sopraan 445
Slot 447
Bronne 450

VOORWOORD

Kroonstad is in verskeie opsigte 'n merkwaardige plek, en in sy lang bestaan is 'n kleurvolle en ryk tradisie geskep. Met sy stigting in 1855 het dit die sewende dorp in die Vrystaat geword, en die oudste in die Noord- en Wes-Vrystaat. Dit was ook die eerste dorp wat nâ die onafhanklikheidswording van die Vrystaat in 1845 gestig is en gedurende die Tweede Vryheidsoorlog was dit vir 'n paar weke lank die hoofstad van die Republiek van die Oranje-Vrystaat toe die laaste volksraadsitting vroeg in 1900 daar gehou is.

Kroonstad het nog altyd 'n gees van besondere lewenskragtigheid geadem en het spoedig ontwikkel in 'n toonaangewende dorp. Naas Bloemfontein was dit vir baie jare die belangrikste onderwys- en kultuursentrum in die Vrystaat, 'n status wat teweeggebring is deur die vooruitstrewende en ondernemende aard van die inwoners. Dit was die erns van vroeë inwoners asook van die trotse Boerefamilies in die distrik om hul kinders 'n deeglike skoolopleiding te gee, en daarom het die eerste onderwys reeds vroeg nâ die stigting begin. Afgesien van die Afrikanerfamilies het Engelssprekendes hulle daar gevestig in die vorige eeu; mense wat veral sakeondernemings bedryf het. Hulle het 'n belangrike bydrae gelewer tot die kultuurlewe, en die musiektradisie wat hulle gevestig het is vir baie dekades voortgesit.

'n Sigbare bewys van Kroonstad se roemryke verlede is te sien in byvoorbeeld die talle pragtige geboue, skole, kerke en monumente, waarvan die aanskoulikste die Skouburg is. Kroonstad is inderdaad die enigste plattelandse dorp in die Vrystaat wat kan spog daarmee dat sy stadsraad so 'n teater opgerig het. Hierdie merkwaardige gebeure is aangevuur deur die sterk kultuurlewe en deurdat die stadsraad die kulturele inisiatief van sy inwoners op die hart gedra het. Vandag is die Skouburg 'n lewende simbool van 'n ryk musikale verlede en van die strewe van baie geslagte om 'n eie teater te hê.

Kroonstad is nie landswyd as 'n musieksentrum bekend nie, maar navorsing het getoon dat dit die moeite werd was om ondersoek in te stel na die musieklewe van hierdie plattelandse dorp wat betreklik ver verwyder is van bekende kultuursentra: dit het duidelik geword hoe mense juis in hul afsondering geslaag het daarin om 'n musiektradisie lewend te hou. In die vorige eeu en die eerste dekades van hierdie eeu was daar geen moderne kommunikasiemiddele nie, en Kroonstad kon bereik word slegs oor swak grondpaaie en deur middel van die spoorlyn. Dit is dus des te meer merkwaardig dat sulke fisiese hindernisse geen afbreuk gedoen het aan die vervulling van die behoefte aan vermaak nie, en dit is verbasend om te sien hoeveel tyd bestee is en met

watter oorgawe vorige generasies aan musiekbeoefening deelgeneem het.

Tydens die beplanningstadia van hierdie studie is gesprekke gevoer met toonaangewende musiekonderwysers wat reeds jare lank in Kroonstad gewoon het. Hieruit is 'n beeld gevorm van teenswoordige musiekaktiwiteite, maar interessante gebeure uit die verlede het ook te berde gekom, sodat my belangstelling in die vroeër geskiedenis van die dorp al hoe meer geprikkel is. Inligting oor die verlede is ingewin deur onderhoude met vriende en naasbestaandes van prominente figure asook deur briefwisseling met persone wat nog leef. Spoedig het talle individue hulp verleen deur ou konsertprogramme, foto's en ander aandenkings beskikbaar te stel. Hierna is daar in die plaaslike koerant navorsing gedoen, en het twee groot fasette van die musieklewe van Kroonstad uitgekristalliseer naamlik die bydraes van besoekende kunstenaars teenoor dié van plaaslike kunstenaars. 'n Kleurryke era van ligte musiekvermaak gedurende die twintigerjare is ontdek en interessante feite oor buitelandse geselskappe is opgediep. Die meeste besoekende kunstenaars asook dié wat ná die Tweede Wêreldoorlog gekom het is deur Kroonstadse instansies genooi en aangesien hulle bedrywighede 'n inherente deel van die plaaslike musieklewe gevorm het, is die eerste hoofstuk aan hulle gewy.

In Hoofstuk II is die aanvang van die plaaslike musieklewe in periodes en afdelings ingedeel en word daar 'n chronologiese verslag gegee van die ontwikkeling van die konsertwese deur plaaslike kunstenaars tot in die sewentigerjare. Daar is gepoog om gebeure rondom konserte so volledig as moontlik weer te gee en daarom is daar gebruik gemaak van veelvuldige aanhalings uit koerantberigte en resensies. Hierdeur word die historiese inslag van die gebeure verdiep en kom die leser in direkte kontak met die destydse gebruike. Die berigte is so eie aan die tyd en op so 'n spontane wyse geskryf dat die aanhalings die egte atmosfeer weergee.

Bronne oor die musieklewe in Kroonstad was uiters skaars. Geen tydskrifartikels oor die onderwerp is ooit geskryf nie en alhoewel die algemene geskiedenis van die dorp in talle geskrifte opgeteken is, is daar nooit melding gemaak van musiekaktiwiteite nie. Die plaaslike koerant, **The Kroonstad Times** (later **Die Noordelike Stem**), was uiteindelik die belangrikste bron. Dit is kort na die Tweede Vryheidsoorlog gestig maar alle eksemplare tot 1917 het verlore geraak. As gevolg hiervan is die jaar 1918 oorspronklik gekies as die beginpunt van die studie, maar aangesien dit geblyk het dat daar in 1918 reeds sô 'n lewendige musiek- en teaterlewe was

is besluit om die aanvangsdatum te vervroeg sodat vasgestel kon word waar die oorsprong gelê het. Geen bronne vroeër as 1918 kon in Kroonstad self gevind word nie en daar moes gesteun word op die beriggewing in **The Friend**, 'n Bloemfonteinse koerant. **The Friend** het as mondstuk van die provinsie ook berigte geplaas oor gebeure in die platteland, maar navorsing alhier was eindelik ook teleurstellend: slegs 'n paar losstaande berigte oor die belangrikste gebeure kon opgespoor word terwyl besoekende kunstenaars se optredes in Kroonstad nie vermeld is nie. Die vroegste berig oor die musieklewe is in 1904 gepubliseer en hierdie datum is dus gekies vir die aanvang van die studie. Dit was 'n logiese beginpunt aangesien die gevolge van die verwoestende Tweede Vryheidsoorlog toe reeds begin afneem het. Die bevolking het gevestig begin raak en daar is weer aandag gegee aan opheffingswerk soos die stigting van skole, kerke, kore en ander kulturele bedrywighede.

Naas koerante het notuleboeke van verenigings verdere inligting verskaf. Dit was ontstellend om slegs die notules van drie verenigings te kon opspoor. Dit is duidelik dat mense vroeër nie so veel waarde daaraan geheg het om dokumente van historiese waarde te bewaar nie, en sodoende kon slegs elementêre inligting, soms gegrond op blote spekulasie, oor ouer verenigings verkry word. Kerkargiewe het omtrent geen inligting bevat oor kerkmusiek nie en weer eens moes daar op koerantberigte, onderhoude en beperkte berigte in kerkjaarblaaie gesteun word. Ook skooljaarblaaie het dikwels niks meer bevat oor hul musiekaktiwiteite as 'n foto van die koor nie, terwyl musiekliefhebbers en kunstenaars ook die moeite ontsien het om konsertprogramme te bewaar.

Verskeie fasette van die dorp se musieklewe word toegelig naamlik kore, opera en operette, orkeste, die oprigting van die Skouburg, musiekverenigings en kerkmusiek. Aangesien musiekonderwys ook op die toekoms gerig is, is die voorlaaste hoofstuk aan hierdie aspek gewy. Die werk wat op die gebied van privaatonderwys, musiekskole, onderwys aan hoër- en laerskole en by die Tegniese Kollege gedoen is word behandel terwyl klem gelê word op veral teenswoordige praktyke. Die laaste hoofstuk dien as 'n verwysingsbron vir die voorafgaande afdelings. Nadere besonderhede word hier gegee van een-en-veertig prominente musici, en die hoofstuk bevat biografiese inligting en die persone se belangrikste bydrae tot die dorp se musieklewe.

HOOFSTUK I

BESOEKENDE KUNSTENAARS

1 INSTRUMENTAAL

1.1 Pianiste

Naas sangers was pianiste die grootste groep in die lang lys van besoekende kunstenaars aan Kroonstad. Gedurende die twintigerjare het een pianis in die dorp opgetree, in die dertigerjare twee, in die veertigerjare drie, en nege gedurende die vyftigerjare asook nege in die sestigerjare. Hiervan was elf Suid-Afrikaans; verder was daar twee uit Engeland, twee Russe en een elk vanaf Hongarye, Amerika, Oostenryk en Griekeland. Die Engelse pianiste was albei eksaminatore wat deur Kroonstadse musiekonderwysers uitgenooi is om voor 'n klein genooide gehoor op te tree en was dus nie op toer deur die land soos die ander nie. Laasgenoemde is hoofsaaklik deur bemiddeling van die Kroonstadse Musiekvereniging en die Kroonstadse Teatergroep genooi. Ook het sowat twintig pianiste saam met ander kunstenaars in konserte opgetree.

1.1.1 Aubyn Raymar

Op 16 Oktober 1928 het professor Aubyn Raymar, 'n eksaminator vir die Royal Schools of Music, 'n klavieruitvoering in die stadsaal gegee. Hy is vooraf beskryf as

> "...one of the finest pianoforte artists to perform in Kroonstad in years..."[1]

en in 'n resensie oor sy konsert is hierdie stelling bevestig. Sy lang en interessante program het verteenwoordigende werke uit verskillende periodes ingesluit.

> "Mr. Raymar chose for his opening number Beethoven's well known 'Pathetic Sonata', and at once gave an effective demonstration of his capabilities as a performer. Two lighter compositions, an eighteenth century Menuet by an unknown composer, and Scarlatti's 'Capriccio'

followed, while Dandrieu's spirited march 'The Fife Players', was splendid.

A Brahms group gave place to Grieg's 'Festival March', the performer infusing into this piece all the life and fire which he could command. The descriptive compositions commencing with Debussy's 'Distant Bells', and 'Reflections on the Water'. There followed a light, fairylike piece which saw Mr. Raymar at his best, and which he was forced to render again, so delightful (sic)were his hearers. This piece was 'Butterflies', by Moritz Rosenthal.

Mr Raymar's rendering of the Chopin group was flawless, and he further entranced his hearers with Granados' 'Spanish Dance' and 'The Lovers' Song' by Tcherepnin."

'At the Fountain' and 'Tarantelle', both by Liszt, completed a splendid performance."[2]

1.1.2 Benno Moiseiwitsch

Op 20 Junie 1936 het Benno Moiseiwitsch in die stadsaal gespeel. Hy is in 1890 in Rusland gebore maar het sedert 1908 in Engeland gewoon en was 'n leerling van die virtuose pianis en onderwyser Theodor Leschetizky in Wenen.

Die publiek van Kroonstad het die besoek van Benno Moiseiwitsch met groot entoesiasme ingewag. Mev Ethel Baker het die publiek en ouers van musiekleerlinge versoek om hierdie belangrike konsert by te woon:

"It is not often that we have the privilege of hearing an international artist of his calibre..."[3]

Die koerant het ook die gevoel van die publiek soos volg uitgedruk:

"The public of Kroonstad await eagerly the appearance of one of the world's most renowned pianists, the incomparable Benno Moiseiwitsch, who will appear at the Town Hall on Saturday night."[3]

Hy het volgens die **Kroonstad Times** van 19 Junie die volgende konsertreise onderneem: nege toere na Kanada en die VSA, vier na Australië en Nieu-Seeland, drie na Suid-Amerika, drie na Java, Sjina, Japan, Indië, sowel as Holland, Oostenryk, Hongarye, België, Frankryk, Italië, Spanje, Portugal en Skandinawië.

Dit was sy tweede besoek aan Suid-Afrika en hy was verheug om van die geleentheid gebruik te kon maak om ook in vele plattelandse dorpies op te tree.

Die konsert in Kroonstad was 'n groot sukses en hy het 'n diep indruk op die

gehoor gemaak.

> "He enthralled his audience with his superb playing, features of which were deft mastery of technique and a magnificent depth of feeling;...Kroonstad had never before heard the piano played like that. The artist was enthusiastically received by an audience which, while not nearly as large as it shoud have been, was at least double the size of the usual number which turns out to welcome celebrities in this town."[4]

Die program het uit die volgende werke bestaan: **Andante Favori** en **Sonate in F-mineur** van Beethoven; en van Chopin 'n **Ballade**, en die **Etudes in F-mineur** en **F-majeur**, die **Nocturne in G-majeur**, **Wals in E-mineur** en Scherzo in **Bmol-mineur**. Die tweede helfte van die program was klaviertranskripsies van bekende orkeswerke:

> "It was in the Overture from Tannhäuser that the maestro excelled himself with a rendering of enormous power, and one that will be long remembered in Kroonstad. The Wagner-Liszt Isolde's Liebestod paled before it, and it was the most memorable climax to the most tremendous performance ever heard in the Town Hall."[4]

Die groot opvoedkundige waarde van die uitvoering is meteens ingesien:

> "Moiseiwitsch's interpretation of the better known of these works was a revelation to the many students of music who were present, just as it was an education to the whole of the audience. They accorded him an ovation." [4]

1.1.3 Arnold van Wyk

Op 22 September 1948 het Arnold van Wyk 'n klavieruitvoering in die stadsaal gegee. Van Wyk se "stille beskeidenheid" het 'n groot indruk op die gehoor gemaak en hy het op 'n eenvoudige dog gepaste wyse elke werk bespreek wat hy uitgevoer het. Sy program het bestaan uit Handel se **Allemande in G-mineur**, Mozart se **Sonate in E-mol** majeur, 'n sonate van Beethoven en een van sy eie werke, **Pastorale e Capriccio.**

Die uitvoering is in 'n resensie begroet met warme aanprysing. Volgens die kritikus het Van Wyk getoon dat hy 'n meesterlike beheer oor sy instrument gehad het en volkome tuis was in die vertolking van die klassieke meesters. Die Handel- en Mozartwerke was die heel beste in die program:

> "...met suiwer, oortuigende vingertegniek het hy die uiters moeilike

> partspel van eersgenoemde artistieke dansie in beide hande baasgeraak. Sy vloeiende legatospel, juiste ritme en warm toonkleur het verder bygedra om hierdie werke ten volle tot hul reg te laat kom." [5]

Die Beethoven-sonate het algemeen byval gevind en die pianis se onverbeterlike beheer oor toon en tempo het die eerste deel die beste laat slaag. Die kritikus het 'n vuriger weergawe van die laaste deel verwag. Ongelukkig het die twee werke uit die kunstenaar se eie komposisieskat nie die entoesiastiese toejuiging uitgelok wat dit verdien het nie.

Maar die kritikus was diep beïndruk deur sy vertolkingsvermoë en tegniek:

> "...Onder die luister na die vertolkings van die romantiese en moderne groepe het 'n mens diep onder die indruk gekom van Arnold van Wyk se tere, innige, simpatieke, musikale aanvoelingsvermoë sowel as die wye omvang van sy tegniese vaardigheid. Meesal het hy die grootse akkoorde en sterk oktawepassasies met gemak behartig, terwyl selfs die sagste pianissimo lopies in die liriese gedeeltes tintelend onder sy vingers uitgerol het." [5]

Dit is veel gesê oor hierdie komponis uit eie bodem se vermoëns as pianis, maar of die Kroonstadse gehoor onder die besef gekom het van die groot bydrae wat hy toe reeds, en later nog tot die Suid-Afrikaanse komposisieskat sou lewer, bly 'n ope vraag.

1.1.4 Jan Cherniavsky

Jan Cherniavsky is in 1890 in Rusland gebore en het in 1908 vir die eerste keer in Suid-Afrika getoer as lid van die Cherniavsky Trio. Nadat die trio ontbind het, het die individuele lede nog dikwels solo-uitvoerings gelewer. Op 8 Mei 1950 het Jan 'n klavieruitvoering in die stadsaal gegee op uitnodiging van die Rotariërsvereniging. Hy was tydens sy besoek aan Kroonstad ongesteld maar dit het nie die waardering van die publiek gedemp nie:

> "Jan Cherniavsky wat reeds as jong knaap saam met sy broers Leo en Mischel die aardbol deurkruis en oral groot gewildheid onder kunsliefhebbers verwerf het, het ook verlede Maandagaand hier as najaarskunstenaar nog die warme toegeneentheid van Kroonstad se publiek gewen deur sy vriendelik-innemende persoonlikheid en opreg hartlike gesindheid teenoor 'n goeie saak.
>
> 'n Mens kan nie anders as om 'n woord van waardering uit te spreek teenoor die kunstenaar wat ten spyte van ernstige ongesteldheid voortgegaan het met die voordrag van 'n tegniese heel veeleisende program nie. Hoewel suiwerheid en akkurate afronding tot 'n groot mate ontbreek het, was daar nogtans die gloed, entoesiasme en diep gevoel van 'n groot kunstenaar te bespeur in sy spel.

> Die koms van 'n goeie pianis na Kroonstad is altyd 'n gebeurtenis van belang, aangesien die publiek hier so selde die geleentheid kry om te luister na goeie klavierspel." [6]

Daar bestaan geen program van hierdie konsert nie.

1.1.5 Louis Kentner

Op 3 September 1950 het die gevierde pianis Louis Kentner 'n konsert in die stadsaal gegee. Hy het Suid-Afrika besoek onder beskerming van die Suid-Afrikaanse Musiek- en Teatermaatskappy en is na Kroonstad gebring deur die Teatergroep. Kentner, wat reeds voor die Tweede Wêreldoorlog erkenning verwerf het, is na die oorlogsjare beskou as 'n spesiale vonds onder vertolkende instrumentaliste. Hy is as pianis gunstig vergelyk met Liszt, Busoni en Rachmaninoff.

Louis Kentner is in 1906 in Karwin in Silesië (later deel van Tjeggoslowakye) gebore en het sy musiekopleiding van bekende meesters in Boedapest ontvang. Hy het op jeugdige ouderdom reeds musiekstudiebeurse verwerf. Sy sonderlinge vertolkingsvermoë het oral in Europa bewondering uitgelok maar dit was eers in 1935, tydens sy konserte in Engeland, dat hy erken is as die grootste pianis wat die land besoek het sedert Rachmaninoff. Aanvanklik was hy bekend as 'n belangrike Liszt-vertolker maar gedurende die dertigerjare het hy hom begin beywer om 'n wyer repertorium aan te leer en later het hy bekend geword vir sy uitvoerings van musiek van veral Mozart, Beethoven, Brahms, Schubert en Scarlatti, en ook van 'n groot aantal ander standaardwerke. Hy het dwarsoor Europa opgetree as solis saam met die bekendste dirigente en orkeste, en sy repertoire van concerto's is beskou as een van die uitgebreidste onder instrumentaliste.[7]

Die konsert deur 'n pianis van wêreldformaat is goed in Kroonstad deur 'n groot gehoor ontvang en sou soos Barbara Louw dit gestel het,

> "...in die herinnering voortleef as 'n belewing van intense genoeglikheid en diep innerlike bevrediging."

Barbara Louw het in haar kort, maar gesaghebbende resensie oor Louis Kentner, veral die kunstenaar se buitengewone vertolkingsvermoë en sy keurige gebruik van toonkleur onderstreep:

> "Louis Kentner is 'n kunstenaar van die eerste rang. Ofskoon hy as tegnikus perkeloos skyn te wees, is dit nie hierdie bewonderenswaardige eienskap van sy kuns, die vrug van jarelange inspanning en taaie

> stryd (geen sterfling ontvang tegniek as 'n natuurlike gawe nie!) wat 'n mens in die eerste plek aangryp nie. Veel, veel gewigtiger is sy prestasie as vertolker. Wanneer Kentner speel, verdwyn sy persoon geheel en al in die musiek en spreek slegs die besondere komponis wat hy vertolk. So het hy aan ons voorgestel grillige Beethoven, teer-grasieuse Mozart, ontroerend-opwindende Schumann en stemmingsvolle Schubert met 'n grootse simfonie op die klavier. Die hele tweede helfte van die program benewens drie sprankelende toegifnommers, is gewy aan romantiese Chopin.
>
> Smettelose deursigtigheid en 'n onoortreflike aanvoeling vir toonnuanse is uitstaande eienskappe van Kentner se spel. 'n Kombinasie van benydenswaardige spierkrag en heerlike soepelheid stel hom in staat tot meesterlike toonbeheer. In die kragtigste klimakse was die toon nog altyd welluidend en in die sagste pianissimo's was elke noot nog duidelik hoorbaar." [8]

1.1.6 Lionel Bowman

Die gevierde Suid-Afrikaanse pianis Lionel Bowman het drie keer in Kroonstad opgetree, naamlik in 1952, 1954 en 1960, in al die gevalle op uitnodiging van die Kroonstadse Musiekvereniging.

Die eerste konsert het in Mei 1952 in 'n private woning plaasgevind en is oopgestel slegs vir lede van die vereniging. Sy program het uit werke van die Klassieke en Romantiese periodes bestaan, en hy het sy uitvoering begin met die **Pastorale en Capriccio** van Scarlatti-Tausig. In sy volgende item, die **Kinderscenen** van Schumann, was Bowman se "...tone painting and interpretation of the various moods..." besonder effektief, hoewel die huisklavier waarop hy moes speel, nie aan sy musikale eise voldoen het nie:

> "...Because the piano lacked the resonance required for his larger and more brilliant works, which included the D minor sonata by Beethoven and the Brahms 'Scherzo', Mr. Bowman is to be highly commended for the vigour of his playing in the particular items." [9]

As toegifte het hy **Fantaisie Impromptu** van Chopin en **Rondo Capriccioso** van Mendelssohn gespeel.

Gedurende 1954 het Lionel Bowman sy tweede konsertreis deur Afrika onderneem. Hy was in daardie stadium al sewe jaar lank in Londen woonagtig en sy konserttoer het in Oos-Afrika begin: Kenia, die Belgiese Kongo, Suid-Rhodesië en laastens Suid-Afrika. Hier het hy in al die stede en vernaamste dorpe uitvoerings gegee, en is ook deur die Musiekvereniging na Kroonstad genooi, waar hy op 5 Mei 'n konsert in die stadsaal gegee

het. Op sy terugreis na Londen het hy in Noord-Rhodesië opgetree, en ook drie uitvoerings in elk van Athene en Rome gegee. In die **Noordelike Stem** is opgemerk dat hy die enigste Suid-Afrikaanse pianis was wat in die afgelope jare noemenswaardige prestasies in Europa gelewer het.

Lionel Bowman het, nadat hy in Suid-Afrika besonder goed presteer het, aan die Royal Academy of Music in Londen gaan studeer, waar hy 'n uitmuntende student was. Sy eerste deurbraak in Engeland het gekom toe hy saam met die tenoor Beniamino Gigli 'n konserttoer onderneem het wat so suksesvol was dat hy gevra is om uitvoerings saam met Richard Tauber, Paul Robeson en Peter Dawson te gee. Sy solo-uitvoerings en optredes met vername orkeste het hom na al die belangrike konsertsale van die Britse Eilande geneem, insluitende die Royal Albert Hall, die Wigmore Hall, Usher Hall en Harringay Arena. Hy het ook opnames gedoen vir die BBC en met sukses in Parys, Swede en die VSA opgetree. Gedurende 1953 het hy sy eerste televisieprogramme gemaak waarin hy solo's gespeel het asook Tchaikovski se **Klavierkonsert in B mol-mineur.** Britse koerante soos **The Times, The Manchester Post** en **Daily Telegraph** het hom hoog aangeprys:

> "...usually stressing the qualities of poetry and sensitivity in his work." [10]

Die kritikus wat oor sy konsert in Kroonstad geskryf het, was ontsteld oor die klein gehoor wat die uitvoering bygewoon het:

> "What a pity the public of Kroonstad did not appreciate its good fortune in having so distinguished an artist as Lionel Bowman in its midst."

Die program was, afgesien van drie stukke van Debussy, saamgestel uit Romantiese werke. Die kritikus het in sy resensie interessante programnotas ingesluit oor byvoorbeeld die samestelling van Schumann se **Karnaval,** uit die vier note A-S-C-H (ASCH was die dorpie waarin 'n vriendin van Schumann gewoon het), en oor die heeltoontoonleer waaruit werke van die Impressionistiese Skool opgebou is. Ongelukkig is daar nie so veel oor die pianis se spel gesê nie, hoewel sy toonskakering en aanvoeling die kritikus beïndruk het:

> "...In the major work, Carnaval by Schumann, the tone painting and interpretation of the various moods were most effective. ...The Nocturne in F sharp and the Scherzo in C sharp minor of Chopin showed a delightful contrast - the former being played with understanding and great depth of feeling, and the latter with vigour and brilliant technique..." [11]

Die program het verder bestaan uit Debussy se **Pagodes, Soiree dans Grenade, Jardins sur la pluie** en werke van Beethoven en Schubert. As toegifte het hy Chopin se **Wals in C-kruis-mineur, Fantaisie Impromptu** en Schumann-Liszt se **Widmung** gespeel.

Lionel Bowman se derde optrede in Kroonstad het op 18 Februarie 1960 in die Tegniese Kollegesaal plaasgevind; hiervan kon geen program of resensie gevind word nie.

1.1.7 Mnr Tankard

Op 31 Augustus het mnr Tankard, 'n eksaminator van die Royal Schools of Music wat op besoek aan Suid-Afrika was, 'n klavieruitvoering in die Tegniese Kollegesaal gegee. 'n Klein maar waarderende gehoor wat deur mev W Kleinschmidt byeengebring is, het die konsert bygewoon. Mnr Tankard het agt werke gespeel waarvan slegs twee in die resensie bespreek is:

> "...Mr. Tankard...held the interest of his audience right from the start when he opened his recital with a piano arrangement of Bach's Toccata and Fugue in D Minor and each successive piece of the eight he played offered variety and change of mood and technique which contributed to the success and interest of the evening. Certainly the most novel number was the Nocturne for left hand by Scriabin which surprised one and all with its rich chords and warmth of feeling." [12]

1.1.8 Julius Katchen

Op 29 November 1954 het Julius Katchen - "he is not merely one of the best of young American pianists, but more simply is one of the best of all pianists living today" het **Time Magazine** hom beskryf - in Kroonstad se stadsaal opgetree.

Hy is op 15 Augustus 1926 in Long Beach, New York gebore uit 'n musikale familie. Sy klavierstudie het op vyfjarige ouderdom by sy ouma, Mandell Svet, begin, by wie hy les geneem het tot hy vyftien was. Sy weg na roem het begin toe hy in 1937 voor Eugene Ormandy gespeel het wat so beïndruk was met die jong genie dat hy hom dadelik 'n aanbod gemaak het om saam met die Philadelphia Orchestra op te tree. Die een sukses het gevolg op die ander en op 13 November 1938 het hy sy debuut in New York met die New York Philharmonic Symphony Orchestra gemaak.

Nadat hy 'n sensasionele uitvoering in Parys in 1946 gelewer het, was hy

finaal gevestig as 'n pianis van wêreldfaam. Volgens 'n resensie ná 'n konsert in die Festival Hall, Londen, gedurende die vyftigerjare, het 'n kritikus van die **London Daily Express** hom vergelyk met 'n Schnabel en Horowitz en het gesê dat sy gelyke nie sedert die dae van Rachmaninoff gehoor is nie.[13]

Ook in Kroonstad het sy besoek met opwinding gepaard gegaan:

> "Die besoek aan Kroonstad van Julius Katchen, wêreldvermaerde jong pianis in die volle bloei van sy loopbaan, is 'n gebeurtenis wat elke musiekliefhebber seker met geesdrif sal begroet." [14]

Die hoë verwagtings van Julius Katchen se spel is ook in Kroonstad nie teleurgestel nie. Barbara Louw het van die uitvoering gesê dat Kroonstad 'n ondervinding beleef het

> "...wat maar selde in die skoot gewerp word van 'n publiek wat noodwendig afgesonderd van die groot kunswêreld moet lewe..." [15]

Sy was veral geïmponeer deur sy boeiende verhoogpersoonlikheid, wat soos 'n magneet op die gehoor inwerk. Hy het die diepere betekenis van die musiek sensitief weergegee en sy fenomenale virtuositeit het hom in staat gestel om gemaklik bo alle fisieke eise te beweeg. Die program is ingelei met 'n verwerking deur Myra Hess van Bach se koraal **Jesus Bron van Mensevreugde**

> "...wat met subtiliteit, innigheid en liefde opgeklink het. Vloeiende eenvoud en klare kleurvlakke was kenmerkend van die weergawe." [16]

Hierna het Beethoven se **Sonate** op 57, die **Appassionata**, gevolg. Hierdie sonate

> "...het onder die vingers van Katchen gegroei tot 'n magtige simfonie. Dit was letterlik gelaai met emosionele gloed." [17]

Die **Fantaisie Impromptu, Berceuse** en **Polonaise in A mol** van Chopin is wel met "sprankelende tegniek voorgedra en vertolk met egte romantiese vryheid", maar Barbara Louw was teleurgesteld met hierdie keuse aangesien sy gevoel het dat die werke tê bekend was.

Na pouse het die **Karnaval** van Schumann gevolg:

> "Hierdie omvattende en tegnies-veeleisende komposisie is aangebied met ryke kleur-variasie vol heerlike dinamiek en uiters raak wat betref die gees van die werk. Die feit dat die gehoor vir vyf-en-twintig minute lank met aandag sit en luister en daarna met soveel

> geesdrif applaudiseer het, het bewys hoeveel genoeë die musiek verskaf het. Miskien nog die gewildste nommers was Clair de Lune (Debussy) en De Falla se alombekende Vuurdans. Die lang en luide toejuiging wat op laasgenoemde gevolg het, moes mens weer tot die gevolgtrekking laat kom dat die pirotegniek steeds die faktor bly wat aan die deursnee-konsertganger die diepste satisfaksie besorg." [17]

Katchen het drie toegifte gespeel, naamlik die eerste deel uit die **Sonate in C** van Mozart en Chopin se **Studie** op 10 nr 12 (die sg Rewolusionêre studie) en 'n **Wals in C kruis-mineur.**

1.1.9 Dennis Murdoch

Op 6 September 1955 het die pianis Dennis Murdoch onder beskerming van die Kroonstadse Musiekvereniging 'n konsert in die stadsaal gegee:

> "Twee koraalvoorspele 'Liebster Jesu, wir sind hier' en 'Ein fester Burg ist unser Gott', verwerkings vir klavier, het as inleiding gedien. Die Beethoven Sonate in D-mineur (op 31 nr 2) was 'n fris aanbieding in die sin dat dit hier nie dikwels gespeel word nie. Ofskoon die eerste deel ietwat gehaper het aan vuur, het die pianis in die tweede deel goed op dreef gekom en 'n sielvolle weergawe gelewer. Die dinamiese Allegretto is sprankelend en met oortuiging voorgedra. Sonatine van Allan Richardson en vyf Bagatelles van Ferguson, twee heel moderne werke uit die Britse musiekskat het besonderlik meegeval. Die pianis het hierdie stukke met liefde en baie ras-eg gespeel. Toccata (Poulenc) het die eerste helfte van die program afgesluit. Romantiese stukke is vervolgens uitgevoer: Barcarolle en twee studies (F maj en C min) van Chopin; Valse Impromptu en 'Benediction de Dieu' (Liszt), en twee Preludes van Rachmaninoff. Prof. Murdoch speel met gevoelige begrip en 'n voorbeeldige tegniek. Interessante opmerkings oor die onderskeie werke is gaandeweg gemaak. 'n Enkele toegif, 'Gigue' uit die eerste Partita van Bach het 'n genoeglike konsert beëindig." [18]

1.1.10 Walter Klien

Op 20 September 1957 het die Oostenrykse pianis Walter Klien 'n konsert in die Tegniese Kollegesaal gegee onder beskerming van die Kroonstadse Musiekvereniging. Hy was uit Wenen en het tipiese Weense eienskappe in sy spel openbaar. Hy is ook nog beskou as 'n suksesvolle begeleier en komponis, en was daarby bekend vir sy deelname aan kamermusiek. Aanvanklik het hy in 1956 in Suid-Afrika getoer op uitnodiging van die Mozart Festival Committee en het sulke groot sukses behaal dat hy in 1957 weer genooi is om vyf-en-dertig konserte te kom gee. Hy het ook saam met die SAUK-orkes opgetree. (Gedurende 1958 het hy in Suid-, Sentraal-, en Noord-Amerika gereis.)

Olga Rademan het in 'n baie kort resensie die uitmuntende voordrag van

Walter Klien opgesom:

> "...Die jong pianis het sy veelsydigheid bewys deur die wyse waarop hy hom aangepas het by die wisselende styl van die polifoniese, klassieke en impressionistiese komposisies.
>
> Die Bach - Italiaanse konsert is suiwer en ferm gespeel, dog uiters vloeibaar met helder partspel en wisselende toonkwaliteite. In der waarheid het 'n mens gevoel dat daar geensins op verbeter kon word nie."[19]

1.1.11 George Themeli

Op 2 April 1959 het die wêreldberoemde blinde klaviervirtuoos George Themeli 'n konsert in die Tegniese Kollegesaal gegee onder beskerming van die Kroonstadese Musiekvereniging.

Themeli is blind gebore en het begin om klavier te speel toe hy drie was. Op tienjarige ouderdom het hy sy eerste optrede saam met 'n orkes gehad en in 1936 het hy die eerste prys verower tydens die klavierkompetisie van die Paryse Konserwatorium. Sy optrede was so uitstaande dat hy onmiddellik as 'n internasionale figuur beskou is en het sy loopbaan in Parys begin met 'n konsert saam met die Concert-Pas de Loup-orkes onder leiding van Albert Wolf.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het hy in die Midde-Ooste getoer om konserte vir die Geallieerde Magte te gee en ook dikwels saam met die Tel Avivse Orkes gespeel. Talle Suid-Afrikaanse soldate het hom hier hoor optree, en hom na Suid-Afrika genooi. Gedurende 1945 en 1946 het hy vir die eerste keer in Suid-Afrika opgetree, in altesaam drie-en-vyftig konserte.

In 1947 het hy sy debuut in Londen gemaak en daarna oral in die Britse Eilande en op die Kontinent opgetree. Hy was die eerste Griekse pianis wat genooi is om na die Oorlog in die London Promenade Concerts (met Sir Malcolm Sargent, in 1950) en by die Berlynse Beethovenfees in 1952 tydens die 125ste herdenking van Beethoven se dood saam met die Berlynse Filharmoniese-orkes op te tree.

Daar bestaan geen program of resensie van Themeli se konsert in Kroonstad nie.

1.1.12 Yonty Solomon

Op 8 Mei 1961 het die Suid-Afrikaanse pianis Yonty Solomon 'n konsert in

die stadsaal gegee as gas van die Musiekvereniging.

Yonty Solomon wat in Kaapstad gebore is het vir die eerste keer musiekonderrig ontvang toe hy sestien jaar oud was en het 'n jaar later die finaaleksamen van die Universiteit van Suid-Afrika met goeie gevolg afgelê. Hy het sy musiekstudies aan die Universiteit van Kaapstad voortgesit waar hy beskou is as die beste student van die dekade. Op grond van sy prestasies is 'n oorsese beurs aan hom toegeken en het hy in Londen gaan studeer onder Myra Hess, wat nooit meer as twee studente gelyktydig inneem nie. Gedurende sy optrede in Kroonstad was hy tuis met vakansie. Hy het later verder in Italië gaan studeer.

Die kritikus Henk van Eck het Solomon bestempel as 'n briljante pianis en 'n imponerende Chopin-vertolker. Kritiek teen sy spel en die instrument waarop hy gespeel het, is egter ook onomwonde gestel:

> "In minstens een opsig is Solomon onvergeeflik slordig en wel akoesties. Die Bach-hoofnommer (Partita in D) is 'lelik' gespeel en op 'n 'lelike klavier'. Selfs Schubert het onder die petalje gely, want behalwe die groot aantal pragtige oomblikke in die vertolking van die Sonate (in B mol) het die pianis tog heelwat ongeduldigheid aan die dag gelê; veral met die poëtiese element, met die sg 'Abzug'-effekte en met die tempo's." [21]

In die vier-en-twintig Chopin-preludes het hy vergoed vir sy tekortkomings met kleurvol-musikale voordrag:

> "...(hy) het die reeks met persoonlike gloed van virtuositeit gelaai, sodat die aand op 'n hoë noot kon afsluit." [21]

1.1.13 Ivan Melman

Op 23 Januarie 1962 het die Suid-Afrikaanse pianis Ivan Melman 'n konsert in die Tegniese Kollegesaal gegee.

Melman is in 1931 gebore en het in 1951 die graad BMus(Hons) aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf. In 1950 het hy die Universiteit van Suid-Afrika se beurs gewen as die beste lisensiaatstudent in die Unie, wat hom in staat gestel het om vier jaar aan die Royal College of Music in Londen te gaan studeer. Daar is hy in klavier deur Kendall Taylor en in komposisie deur Gordon Jacob onderrig. Tydens sy studiejare het hy die hoogste toekenning vir klavier van die Koningin-moeder ontvang, naamlik die Chappell- en Hopkinson-medaljes. Hy het klavieruitvoerings in

die Royal Festival Hall in Londen gegee asook in Wenen, Jerusalem en Tel Aviv. Verder het hy radio-opnames vir die BBC en Israelse Radio gedoen. In Suid-Afrika het hy concerti saam met die orkeste van Johannesburg, Kaapstad en Durban gespeel.

Op sy konsert in Kroonstad het hy Beethoven se **Sonate** op 110, Liszt se **B-mineur Sonata** en Brahms se **Capriccio in D-mineur** gespeel.

1.1.14 Peggy Haddon

Op 31 Maart 1962 het Peggy Haddon 'n klavieruitvoering in die stadsaal gegee spesiaal vir kinders. Haar program het bestaan uit verteenwoordigende werke uit alle stylperiodes en sy het elke stuk vooraf toegelig. Dit het onder andere Chopin se **Fantaisie Impromptu**, Debussy se **Arabesque**, Granados se **Spaanse Dans in D** en Schubert se **Impromptu in B-mol** ingesluit.

Mej Haddon het in 1953 die lisensiaatbeurs gewen waarmee sy in Londen by Kendall Taylor studeer het. Sy was 'n leerling van Adolph Hallis in Johannesburg.

1.1.15 Margaret Baird

Op 27 April 1962 het die Suid-Afrikaanse pianiste Margaret Baird 'n konsert in die stadsaal gegee. Sy het na Suid-Afrika teruggekeer waar sy voorheen bekend was as Margaret Albu. Sy is later getroud met John Logie Baird, die uitvinder van televisie.

Na haar aanvanklike opleiding in Johannesburg het sy aan die Royal College of Music in Londen onder Herbert Fryer studeer, en later onder die groot Russiese pianis, Leff Pouishnoff.

In Europa het sy saam met verskeie orkeste opgetree, solo-uitvoerings gegee, en gedurende die Tweede Wêreldoorlog talle uitsendings vir die BBC in Londen gedoen.

By haar terugkeer in Suid-Afrika het sy ook opnames vir die SAUK gemaak en 'n uitvoering in Kaapstad gegee. [22]

1.1.16 Philip Levy

Op 16 Augustus 1963 het Philip Levy, die briljante Suid-Afrikaanse pianis,

as gas van die Musiekvereniging 'n konsert in die Tegniese Kollege gegee, asook 'n middagkonsert vir kinders.

Reeds as kind het Philip Levy radio-uitsendings gedoen, konserte gegee en saam met simfonie-orkeste opgetree. Hy het die Universiteit van Suid-Afrika se beurs gewen vir buitelandse studie, en in Italië 'n verdere beurs om onder die direkteur van die Warskouse Konservatorium te gaan studeer. By die Internasionale kompetisie in Genève was hy ook een van die pryswenners. In 1957 het die regering van Brazilië hom genooi om tydens die Internasionale Kompetisie van Rio de Janeiro op te tree. In 1960 is hy genooi om by die Uniefees in Bloemfontein te speel, en ook deur die Suid-Afrikaanse Raad vir die Bevordering van Musiek gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig in die Internasionale Kompetisie wat in New York by die Carnegie Hall plaasgevind het. Tydens sy konsert in Kroonstad was hy verbonde aan die Universiteit van die Witwatersrand.[23]

Sy program het uit die volgende werke bestaan: **Rondo Capriccio** van Beethoven, **Mazurkas** van Chopin, **L'isle Joyeuse** van Debussy en **Valse Oubliee** van Liszt.[24]

1.1.17 Niel Immelman

Op 12 Februarie 1964 het Niel Immelman 'n uitvoering in die Tegniese Kollegesaal gegee by geleentheid van die Musiekvereniging se jaarvergadering. Sy program het uit die volgende werke bestaan: 'n **Fantasie** van Bach, 'n **Sonate** van Mozart en twee **Nocturnes** en ses **Etudes** van Chopin. Die opvallendste kenmerk van sy uitvoering was die gemak waarmee hy gespeel het.

Hy was 'n inwoner van Bloemfontein, en het later 'n beurstoekenning gekry om sy studie in Londen voort te sit aan die Royal School of Music.

1.1.18 Manuel Villet

Op 18 Maart 1964 het die Kroonstadse Musiekvereniging vir Manuel Villet, die beroemde Suid-Afrikaanse pianis, aan die Kroonstadse publiek voorgestel tydens 'n konsert in die Tegniese Kollegesaal. Hy het sy program geopen met Beethoven se **Sonate** op 27 nr 2 waarin hy, volgens die oorgedramatiseerde resensie van J Kruger

"...'n geheimsinnige, wasige sluier weef wat mens half onder die

indruk gebring het dat sy gees swaar op sy vingers rus." [25]

Hierna het hy die **Impromptu's in A-mol** en **G-mol** van Schubert gespeel, waarna Liszt se **Mephisto Wals** en **Hongaarse Rapsodie** gevolg het. Hy het ook drie toegifte gespeel.

Sy optrede in Kroonstad was 'n onvergeetlike ervaring. Met sy beskeie en onopsigtelike verhoogoptrede het hy die vol saal geboei - 'n gehoor wat hom gesmeek het om tog weer te kom.

Manuel Villet is in 1931 in George gebore en het sy verhoogdebuut op negejarige ouderdom gemaak. Toe hy elf was, het hy vir die eerste keer uitgesaai. Hy het aan die Universiteit van Kaapstad onder Lili Kraus en Arnold van Wyk studeer. In sy agtiende jaar het hy 'n toekenning ontvang om aan die Musiekfees van Aix-en-Provence deel te neem, en tydens die Van Riebeeckfees in 1952 het hy as gaskunstenaar saam met die orkeste van Johannesburg en Kaapstad opgetree.

Na 'n tweede beurstoekenning het hy vir drie jaar by Nadia Boulanger in Parys gaan studeer. In Frankryk het hy 'n internasionale kompetisie gewen en die Maurice Ravel-prys verower. Gedurende 1955 het hy deur Suid-Afrika getoer en in 1956 suksesvolle uitvoerings saam met Yehudi Menuhin gedurende die Johannesburgse Musiekfees gegee. In 1957 het hy in Brittanje opgetree en daarna deur Noord- en Suid-Rhodesië en Suid-Afrika getoer. Oral is hy in die pers geloof vir sy meesterlike uitvoerings. [26]

1.1.19 Marian Friedman

Op 2 Junie 1965 het die twaalfjarige pianiste, Marian Friedman, onder beskerming van mnr Alex Cherniavsky en die Kroonstadse Musiekvereniging 'n konsert in die stadsaal gegee. Haar program het bestaan uit drie Tweestemmige Invensies van Bach; **Le Coucou** van Daquin; **Le Tic-Toc-Choc ou Les Maillotins** van Couperin; 'n **Sonate** van Mozart; 'n **Rondo** van Beethoven; 'n **Scherzo** van Mendelssohn; 'n **Impromptu** van Schubert en vier stukke uit Eugene Goosens se **Kaleidoscope.**

Die gehoor in die vol saal was verstom oor die talent van die jong pianiste. Mnr JC Fowler het in sy bedankingswoord gesê dat hy homself telkens moes oortuig dat sy net 'n kind was. [27]

Marian Friedman is in Johannesburg gebore en het vroeg reeds belangstelling in die klavier getoon. Sy het haar eerste radio-uitsending in 1962 gedoen nadat sy reeds deur groot kunstenaars soos Gina Bachauer en Benno Moiseiwitsch bestempel is as 'n besondere talent. Haar klavieronderwysers was Adolph Hallis en Alex Cherniavsky.

1.2 Strykers

Uit die vroegste bronne oor die musieklewe van Kroonstad blyk dit duidelik dat strykinstrumente altyd gewild was. Op konserte is daar gewoonlik 'n vioolsolo ingesluit en voornemende violiste en tjelliste kon hul opleiding in Kroonstad geniet aangesien daar altyd 'n vioolonderwyser in die dorp gewoon het. Ten spyte hiervan het betreklik min violiste daar konserte gegee.

Onder die kunstenaars wat wel daar opgetree het was die Cherniavsky-broers en Erwin Broedrich die bekendste. Na die vyftigerjare blyk dit dat haas geen violiste meer die dorp besoek het nie. Afgesien van diê wat hieronder aangegee word, het 'n verdere veertien violiste in konserte saam met ander kunstenaars opgetree.

1.2.1 Vioolsoliste

1.2.1.1. Leo Cherniavsky

Op 7 September 1928 het Leo Cherniavsky (viool) en David Cohen (klavier) 'n uitvoering in die stadsaal gegee. Die program is geopen met Grieg se **Vioolsonate in C-mineur**, gevolg deur Mendelssohn se **Vioolkonsert in E-mineur**. Die kritikus was beïndruk deur Cherniavsky se bemeestering van sy instrument:

> "Cherniavsky chose for his opening number Grieg's lengthy Sonata in c minor, in three movements. The artist at once exhibited complete mastery over his instrument, and though the piece was interspersed only here and there with flashes of melody, it afforded Cherniavsky a fine opportunity of showing his marvellous technique and his powers of interpretation. The second item, Mendelssohn's Violin Concerto, contained much more of musical beauty, and the performer held his audience spellbound with the sheer brilliance and power with which he infused his playing." [28]

Die laaste groep werke wat Cherniavsky gespeel het was **Ave Maria** van Schubert-Wilhelmy **Hebreeuse Dans** van Zimbalist, **Caprice Viennois** van Kreisler en **Polonaise** van Vieuxtemp. Hierdie voordrag het soveel byval gevind dat hy twee toegifte moes speel:

> "...(he) scored his biggest success when he played, as an encore, one of the simpler and far better known compositions. Yet again was Cherniavsky forced to play, but after this, in spite of insistent and vociferous encores, he smilingly refused to re-appear.
>
> It was one of the finest concerts that has ever taken place in Kroonstad, and indeed, the only thing lacking was a crowded house, which the excellence of the performance certainly merited." [29]

1.2.1.2. Professor Israel

Op 21 Februarie 1932 het ene professor Israel 'n viooluitvoering saam met die pianiste Ebie Cronje in die Dormy Hall gegee. Professor Israel was waarskynlik 'n welbekende violis want hy het ook konsertreise deur Betsjoeanaland en Rhodesië onderneem en het ook later vioolles in Kroonstad gegee. Geen verdere besonderhede bestaan oor hierdie konsert nie.

1.2.1.3 Erwin Broedrich

Op 20 Oktober 1945 het Erwin Broedrich 'n konsert in die stadsaal gegee ten bate van die Reddingsdaadbond. Hy is deur sy vrou, Gudrun begelei en die sopraan Babsita Moolman het ook in die program opgetree.

Broedrich is in Duitsland gebore en het vanaf sy twaalfde jaar in die openbaar as violis opgetree. Hy het onder professore Joseph Siegfried Eberhardt en Joseph Wolfsthal in Berlyn studeer. In Hamburg was Broedrich vir 'n aantal jare die konsertmeester van die **Hamburger Kammerspiele** voordat hy in 1930 na Suid-Afrika verhuis het. Hier was hy verbonde aan die SAUK-orkes en ook 'n eksaminator vir die Universiteit van Suid-Afrika.

Die konsert deur Broedrich is deur 'n groot gehoor bygewoon en die verslaggewer van die **Noordelike Stem** was beïndruk omdat die publiek soveel entoesiasme getoon het vir ernstige musiek. Hy het gesê:

> "...Dat die groot gehoor egter so spontaan meegevoer kon word deur hulle sang en musiek was 'n openbaring, en dit het ook duidelik laat blyk hoe groot die behoefte aan werklike hoogstaande sang- en musiekkonserte is." [30]

Aan hierdie behoefte het Erwin Broedrich voldoen want hy het Kroonstad weer by twee geleenthede besoek in 1950. Op uitnodiging van mnr JF van Eyssen, inspekteur van onderwys, het mnr Broedrich in Februarie 1950 'n aantal konserte by Kroonstadse skole gegee. Op 15 Februarie het hy 'n konsert by die Hoërskool gegee en op 24 Februarie 'n konsert by die Volkskool, die Tegniese Kollege en die Engelse Primêre Skool. Mnr Broedrich het die werke wat hy voorgedra het, op amusante wyse toegelig. Oor die talentvolle vioiliste wat in Kroonstad opgelei is, is mnr Broedrich as volg aangehaal:

> "...Hy het vertel dat toe hy verlede jaar as beoordelaar by die Bloemfonteinse Kunswedstryd opgetree het, hy 'n paar uitmuntende jong violiste van Kroonstad teengekom het. Hy het aan hulle hoër merke toegeken as wat hy nog ooit toegeken het en hy het by die leerlinge daarop aangedring om die viool- 'koningin van musiekinstrumente' - te bestudeer."[31]

Op 24 November 1950 het Erwin Broedrich saam met die sopraan Esther Mentz in die Kroonstadse stadsaal opgetree in 'n konsert wat deur die Kroonstadse Teatergroep aangebied is. Broedrich is deur sy vrou Gudrun begelei. Hy is as een van Suid-Afrika se beste violiste beskou:

> "...Erwin Broedrich word beskou as een van die land se knapste violiste, met vernaamste kenmerke die artistieke beheersing en simpatieke en sensitiewe vertolking van die ligste tot die swaarste stukke. Nå elke konsert is hy nog gelukgewens met sy tegniese vaardigheid, sterk musiekaanvoeling en ewe sterk gevoelsbeheer." [32]

Die kritikus "FWL" het in sy resensie oor die konsert sy waardering uitgespreek oor die groot mate van belangstelling wat die Kroonstadse publiek getoon het vir 'n viool- en klavieruitvoering:

> "...So selde kry ons in Kroonstad die geleentheid om te kan luister na werklik goeie instrumentaliste. Die taaie volharding en jarelange werk wat op 'n konstante basis volgehou moet word alvorens veral 'n pianis en violis sy instrument tegnies bevredigend kan hanteer, het dusver hier nog weinig waardering uitgelok by die deursnee konsertganger. Daarom was dit juis verblydend om die mate van belangstelling van die publieke kant ten opsigte van mnr en mev Broedrich te verneem." [33]

Die resensie is met kundigheid en insig in die tegniese aspekte van viool- en klaviertegniek geskryf:

> "Die verheffende skoonheid van Max Bruch se verowerende meesterwerk, die G-Min. vioolkonsert hou 'n mens dae na die skitterende uitvoering daarvan deur Erwin en Gudrun Broedrich nog gekluister. Tegnies

volmaak beheer deur beide artieste, ononderbroke die vloeiende ritmiese lyn, heerlik ryk die toon en groots in die musikale konsepsie het die weergawe van hierdie pragwerk die hoogtepunt gevorm van 'n baie genotvolle musiekkonsert deur genoemde kunstenaars tesame met Esther Mentz die welbekende sangeres.

'n Bykans volmaakte ensemble wat in die Beethoven-sonate na vore getree het, is deurgaans gehandhaaf. Fyn nuanserings en presiese afgerondheid was hier soos tewens by al die ander werke kenmerkend. Subtiele musikaliteit het gestraal uit Haydn se lieflike Capriccio met die ligte pizzicato en spiccatogedeeltetjies so behendig en rats uitgevoer deur die violis. Broedrich se strykwerk is waarlik meesterlik.

Die geringe afwykinge in intonasie wat enkele kere in die Paganini-variasies op die G-snaar voorgekom het, is vergeeflik as 'n mens in aanmerking neem die geweldige tegniese eise wat die stuk aan die voordraer stel. Slegs 'n virtuoos raak die kuns om die sogenaamde fluittone suiwer te bekom, volkome baas. Die Moses Fantasie is een van Paganini se bravura werke wat vir jare na sy dood nooit gehoor is nie omdat dit te moeilik was vir die violiste van die tyd.

Gudrun Broedrich is bepaald geen alledaagse begeleidster nie. Dit was aldeur louter genot om te luister hoe sy nie slegs simpatiek saamspeel nie maar gedurig die begeleidende klavierdele met insig en suiwer musikale aanvoeling 'vertolk'. Die helderheid in alle toonskakeringe, netheid, beweeglikheid en kragtigheid van haar spel is bewonderenswaardig." [34]

1.2.1.4 Jack de Wet

Op 10 September 1954 het die Musiekvereniging 'n musiekkonsert in die stadsaal aangebied met Jack de Wet as gaskunstenaar. Hy was 'n oud-Kroonstadter en was aan die Tegniese Kollege verbonde as viooldosent. In 1954 het hy van Nederland teruggekeer waar hy vyf jaar lank onder die wêreldberoemde leermeester Oskar Back, in Amsterdam, viool bestudeer het. Oskar Back het as volg oor Jack de Wet geskryf:

"In die baie jare wat hy onder my leiding studeer het, het Jack de Wet hom tot 'n uitstekende violis en voortreflike musikus ontwikkel, wat ek beide as solis en as geroetineerde orkeslid ten seerste kan aanbeveel." [35]

Die konsert is beskryf as

"...a rare musical treat of a very high standard..." [36]

Jack de Wet is deur dr Arend Koole begelei en die kritikus was veral beïndruk met die samespel van die twee kunstenaars:

"The sympathetic understanding between the soloist and the accompanist, and the sensitive support Dr Koole gave the soloist, helped to make the evening the success it was." [37]

Die kritikus het voorts melding gemaak van die violis se hoogsontwikkelde tegniek en het gesê dat werke van so 'n moeilike standaard as wat tydens hierdie konsert uitgevoer is, slegs deur die nodige doeltreffendheid en selfvertroue waaroor Jack de Wet beskik, suksesvol kan wees:

> "...It demands the highest degree of efficiency and self-confidence to perform a complete solo sonata by Bach and a large portion of Paganini's violin concerto, and this Jack de Wet proved by his performance in this most exacting programme." 37

Die program het bestaan uit die **Sonate in G** van Valenti wat met 'n

> "...clear melodic line, sensitive phrasing and restfulness..."

gespeel is; die **Chaconne** uit Bach se vierde vioolsonate, 'n werk wat buitengewone tegniese vaardigheid vereis -

> "in this work the art of violin playing reaches its peak." 37

Die Allegro Vivace-gedeelte uit Schubert se **Sonate in D** - hierdie deel het soveel byval gevind by die gehoor dat dit herhaal moes word; en die violis is aangeprys vir sy virtuose spel in die Allegro uit die **Concerto in D** van Paganini:

> "The bowing was in turn firm, dashing and robust. The technical agility of the instrumentalist was exceptionally impressive." 37

Sy laaste item was die **Inleiding en Rondo Capriccioso** van Saint-Saens.

1.2.1.5 Vincent Frittelli

Op 15 Augustus 1958 het twee jong Suid-Afrikaanse kunstenaars wat pas van hul oorsese studie terug was, hul eerste konsert in Suid-Afrika gegee, naamlik Vincent Frittelli (viool) en André de Groote (klavier). Hulle is deur die Kroonstadse Musiekvereniging genooi en het in die stadsaal opgetree. Die grootste kenmerk van die uitvoering was die jeugdige frisheid en entoesiasme van die kunstenaars. Uit 'n tegniese oogpunt was talent en harde werk opvallend in hulle spel.

André de Groote het die program geopen met twee preludes en fugas van Bach

> "...in which the clarity of his performance was outstanding, with a fine sense of form and all the ambidexterity demanded by such revealing and exacting works." 38

Sy tweede solo was Chopin se **Ballade in F-majeur.**

Vincent Frittelli se musikale vermoëns is ten beste gehoor in die werke vir onbegeleide viool:

> "...his performance of the Ysaÿe unaccompanied Sonata had a brilliance which was at times astounding at the hands of so youthful a performer. The same may be said of the Wieniawsky item which the programme concluded." [38]

Die twee sonates wat Frittelli saam met klavierbegeleiding deur De Groote gespeel het, het probleme met balans en interpretasie openbaar:

> "In the Brahms G Major the piano often overshadowed the violin in the more rigorous passages, caused by a combination of circumstances, firstly the youthful exhuberance of André who was obviously enjoying himself; secondly, the hard tone of the piano and third a raised piano lid! The balance in the Mozart A Major was better (the lid was lowered) and there was closer co-operation and co-ordination between the players here, there being some very effective playing in antiphonal passages."[38]

As toegif het die kunstenaars die **Blues**-beweging uit Ravel se sonate vir viool en klavier gespeel.

Laastens is opgemerk dat die gehoor die uitvoering baie goed ontvang het:

> "...The audience was appreciative, at times enthusiastic, and could feel happy in the thought that they had been the first in the Union to launch these two young artists on their concert career." [38]

1.2.1.6 Pieter Daniel

In September 1978 het die jong Suid-Afrikaanse violis, Pieter Daniel, begelei deur die Duitse pianis, Wolfgang Wagenhäuser, in die Kroonstadse Skouburg opgetree. Sy program het bestaan uit **Suite Italienne** van Stravinsky, die **Sonate in A-majeur** ("Kreutzer") van Beethoven, **Sonatensatz** van Brahms, twee **Kaprises** en **La Campanella** van Paganini.

Pieter Daniel het sy eerste vioolles gehad toe hy agt jaar oud was. Vanaf sy twaalfde jaar het hy onder professor Günther Weigmann gestudeer en in 1975 het hy met lof gegradueer aan die Staatliche Musikhochschule in Frankfurt. Hy het meesterklasse onder Itzak Perlmann en Henryk Szeryng bygewoon en het onder Dorothy DeLay aan die Juilliard-musiekskool in New York studeer.

Wolfgang Wagenhäuser het ook in Frankfurt studeer en het gereeld opgetree

vir die Duitse radio en televisie. Hy het ook in Amsterdam, Wenen, Londen, Genève en Parys opgetree.

1.2.2 Strykensembles

1.2.2.1 Die Cherniavsky Trio

Op 6 Julie 1918 het die Cherniavsky-broers Leo (viool), Jan (klavier) en Mischel (tjello) 'n konsert in die stadsaal gegee. Hierdie musikale familie is in Odessa, Rusland gebore en die trio is in 1901 gevorm. In 1904 het die familie weens politieke redes uitgewyk na Wenen en vanaf 1906 was hulle in Londen gesetel. Hul eerste konsertreis na Suid-Afrika het in 1908 plaasgevind en oor 'n aantal jare het hulle meer as twee-honderd konserte hier gegee. Die trio het in 1933 ontbind en toe het die broers as soliste in talle konserte in Suid-Afrika opgetree.

Die Cherniavskys was oral gewild en optredes deur hulle is deur 'n geweldige vlaag van publisiteit voorafgegaan. Interessante staaltjies oor hul lewens en reise is vertel en koerante het selfs maande nâ hul vertrek nog steeds berigte oor die familie gepubliseer. 'n Voorbeeld hiervan het ook tydens hul tweede besoek aan Kroonstad in 1925 in die **Kroonstad Times** verskyn.

> "On Monday the Cherniavsky brothers will appear in the Town Hall, Kroonstad.
>
> Since 1901 they have travelled every quarter of the Globe, and have been acknowledged in five continents as belonging to the first rank of executive artists. There is scarcely a country where they have not played, and in playing, mustered a vast following of enthusiasts.
>
> The most striking feature of the Cherniavskys' work is that three powerful and temperamental artists, all individualists, should appear to such perfection as a trio. Each one is the exact complement of the other two. There could not be a greater understanding, sympathy and unity of purpose than exists between these brothers.
>
> The Kroonstad public is in for a treat on Monday."[39]

In 'n resensie wat deur "U M E" (vermoedelik mej Una M Etheridge, 'n musiekonderwyseres) geskryf is, maak sy melding van 'n uitstekende uitvoering deur die Cherniavsky-broers:

> "On Monday evening music lovers had a treat which they have not had for a long while, when the Cherniavsky Brothers, Leo, Jan and Mischel paid a return visit after many years. The programme was a good one though a few

items were altered. The brothers though good soloists really shine in their trio work. The first number on the programme, the Mendelssohn Trio in C Minor with three movements, was excellently rendered, and a pleasure, as one seldom hears that composer's works performed to-day. The pianist's technique in that was excellent, and one could hear even the softest note as clear as the loudest. They responded to an encore with 'The Turkish Patrol', which was very daintily played.

The cellist, Mischel, in his solos showed that he really was, as has been said, a finished artist in every way. His numbers were good, but I think his own composition, 'A Lullaby', was played best and in the 'Tarrantello' which followed he showed his perfect control of finger technique. His harmonics were as clear as bells. He responded readily to his encores.

Jan, the pianist, is an old favourite, and really his work deserves the praise it gets. His first number, a 'Nocturne' of Chopin, was splendid, and to my mind, rendered best, and showed that he thoroughly understood and loved that great master's work, the light and shade was delightful. The Chopin Studies were brilliant, and instead of the 'Scherzo' by Chopin, he substituted Liszt's 'Rhapsodie Hongroise' No 6, in which, though shortened, he showed his mastery over the instrument, especially in the last movement, the repeated octave passages being very clear and excellently played. He responded with an encore, 'The Musical Box', which, though not containing much musically, is difficult to perform well, and was another example of his mastery of technique. One word must be said about his accompanying, it was a perfect treat and shows that sympathy and understanding a good accompanist must have.

Then Leo, the violinist gave us three numbers and the third of the gifted brothers delighted the audience with his playing. The Chopin Nocturne in E flat is an old favourite, and the cadenza work was brilliant though the harmonics not too clear. After the Ronde and Polonaize (sic), he responded to an encore with Paderewski's well-known Minuet, which to my mind he performed better than any other number, bringing out its absolute daintiness.

Then we come to the trios again. The 'Ave Maria', well rendered, also Boccherini's Minuet.

Then in reply to repeated encores they gave us three numbers, one of which was the American composer, Thurlow Lieurance's 'By the Waters of Minetonka' which was all that could be desired, and they then ended with a spirited rendering of Brahms' well known Hungarian Dance - and so a delightful though too short evening ended with 'God save the King.' UME." 40

1.2.2.2 Die Lyra-kwartet

Op 24 Desember 1947 is 'n konsert deur die Lyra-kwartet van Johannesburg en die bariton, Danie van den Heever, in die stadsaal aangebied ten bate van die Gemeenskapsentrum-fonds. Die konsert is deur ds WJS Klomp en Mnre IE Heyns en D Jacobs georganiseer sodat die publiek eerder na 'n goeie konsert kon luister as om na 'n dans te gaan.

Die kwartet het bestaan uit Joseph Spira (viool), Kees Pieterse (altviool), Harry Cremers (tjello) en Jaap van Opstal (klavier). In 'n resensie oor die konsert het die kritikus die werke wat voorgedra is bespreek en die instrumentaliste het goeie kritiek ontvang terwyl Danie van den Heever se voordrag minder bevredig het. Die tjellospel van Harry Cremers was uitstaande:

> "...Nadat hy reeds in die eerste helfte van die program 'n voorsmakie gegee het met 'n veeleisende sonate van Samartinni (sic) en die bekende werkie van Saint-Saëns 'Die Swaan', het hy met drie werkies van Faurê na pouse werklik fyn tegniese vaardigheid aan die dag gelê." [41]

Die Belgiese violis Joseph Spira se vertolking van **La Foglia** van Corelli

> "...het gesmak van suiwere talent en eerlike poging tot inlewing en presiese vertolking..."

Kees Pieterse het 'n mooi voordrag van **Andante Cantabile** van Tjaikovski gelewer terwyl sy duet saam met Spira 'n hoogtepunt was:

> "...Dit was egter in die populêre 'Berceuse de Jocelyn' van Godard, waar die altviool en tjello in harmonieuse eenheid saamgesmelt het, dat die twee strykkunstenaars werklik op hul stukke was en die enigste toegif van die aand is dan ook na hierdie nommer deur die geesdriftige gehoor gevra." [41]

Die klavierbegeleiding is deur Jaap van Opstal behartig.

1.2.2.3 Die Leo de Roo-trio

Op 15 Junie 1955 het die Leo de Roo-trio onder beskerming van die Kroonstadse Musiekvereniging in die stadsaal opgetree. Die trio het bestaan uit Leo de Roo (viool), Aubrey Rainier (tjello) en Chrystal Blomkamp (klavier). Die Musiekvereniging het ook 'n spesiale konsert vir sowat driehonderd skoliere op dieselfde middag aangebied waartydens Leo de Roo interessante kommentaar gelewer het oor die onderskeie instrumente en die werke wat voorgedra is.

Die Kroonstadse kritikus wat die resensie geskryf het, was nie in volkome vervoering oor die spel van die besoekende kunstenaars soos wat die geval gewoonlik was nie. Die negatiewe kommentaar oor hierdie konsert het gedui op die ontwikkeling van die Kroonstadse gehore se musikale insig en oordeelsvermoë. Die luisterpubliek was 'n opgevoede groep wat krities kon luister en wanneer besoekers nie aan die verwagtings voldoen het nie, het resensieskrywers nie gehuiwer om daaroor te berig nie.

In die geval van hierdie konsert het die kritikus vir Chrystal Blomkamp en Leo de Roo aan die pen laat ry terwyl Aubrey Rainier beter daaraan toe was. Rainier se tjellospel was voortreflik en dit het die gehoor met genoeglikheid vervul. Hy het 'n boeiende weergawe van **Die Swaan** van Saint-Saëns, **Rondo** van Bocherini en **Spinnlied** van Popper gelewer en daarmee die gehoor van sy stewige en eersterangse tegniek oortuig.

Chrystal Blomkamp het 'n "...uitstekende dog nie onfeilbare tegniek,..."[42] openbaar. Haar voordrag van Chopin se **Scherzo in C-kruis** mineur en die **Polonaise in A-mol** was geslaagd maar het aan 'n warm toongehalte ontbreek. Nietemin was haar voordrag baie gewild en moes sy twee toegifte speel.

Leo de Roo se toon is as dun en beskeie bestempel. Sy voordrag van **Legende** van Wieniawski is goed behartig maar die kritikus was van mening dat sy aanbieding van **Rondo Capriccioso** van Saint-Saëns 'n te ambisieuse keuse was en dat hy nie aan die tegniese vereistes kon voldoen nie.

1.2.2.4 Die Oranje-Vrystaat Kwartet

Op 16 Mei 1962 het die Oranje-Vrystaat-Kwartet 'n konsert in die stadsaal gegee. Hierdie Strykkwartet het tot stand gekom as 'n eerste poging om 'n eie orkes in die Vrystaat te stig. Die Vrystaatse Provinsiale Administrasie en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het saam hulle werksaamhede ondersteun. Vier van die beste beskikbare kunstenaars is aangestel, naamlik Jack de Wet (viool) - hy het vyf jaar oorsee studeer, was lid van die SAUK-orkes en 'n oud-Kroonstadter; Noël Travers (viool) - het in Brussel studeer en het voorheen reeds in al die groot stede van die land opgetree; Francois Bouguenon (altviool) - voorheen leier van die altviole in die Amsterdamse Concertgebouworkes; Harry Cremers (tjello) - eertydse hooftjellis van die Berlynse en Hamburgse Radio-simfonie-orkeste.

Die doel en strewe van die kwartet was om waardering en kennis van die beste musiek te bevorder onder die jeug deur konserte wat gratis by skole aangebied is, asook opvoeding onder volwassenes deur aandkonserte.

In Kroonstad het hulle ook twee konserte vir skoliere op 16 en 17 Mei gegee. Daar bestaan geen program of resensie oor die konserte nie.

1.2.2.5 Die Weense Klaviertrio

Op 11 September 1964 het SUKOVS in medewerking met TRUK die Weense Klavier-

trio in die stadsaal aangebied.

Die jeugdige trio het bestaan uit Rudolph Buchbinder (klavier) wat agtien was, die een-en-twintigjarige Peter Guth (viool) en die twintigjarige Heidi Litschauer (tjello).

Die resensent J Kruger het die konsert 'n "skitterende juweel" genoem en was getref deur die

> "aroma van die ryp musiekwêreld van Wenen"

wat die jong spelers met hulle saamgebring het:

> "...Hierdie drie besielende jong mense uit Wenen vorm 'n ensemble wat 'n pragtige eenheid weerspieël. Elkeen van hulle is 'n uitmuntende kunstenaar op sy instrument wat op ongelooflike wyse in die geheel inpas sodat dit 'n louter genot is om na te luister."[43]

Hulle het 'n trio elk van Haydn, Beethoven en Mendelssohn gespeel met 'n aantal opgewekte toegifte.

1.3 Orreliste

Besoekende orreliste wat in Kroonstad opgetree het was maar yl gesaai. Uit die jare 1918 tot 1964 kon berigte oor net vyf orreluitvoerings deur besoekende kunstenaars opgespoor word. Dit is moontlik dat daar meer was, maar aangesien die uitvoerings in kerke plaasgevind het, het die publiek dit miskien nie as "konserte" beskou nie en is dit nie as sodanig buite die gemeente geadverteer nie, en is daar ook nie resensies oor geskryf nie. 'n Ander rede wat aangevoer kan word is die feit dat Kroonstad nog altyd gelukkig genoeg was om oor uitstekende plaaslike orreliste te beskik wat self orreluitvoerings kon gee en dit ook heel dikwels gedoen het, sodat daar nooit 'n sterk behoefte ontstaan het om ander orreliste te nooi nie.

1.3.1 PK de Villiers

Op 7 Januarie 1918 het PK de Villiers 'n orreluitvoering in die NG Moederkerk gegee by geleentheid van die restourasie van die orrel. Uit die resensie oor die uitvoering kan afgelei word dat 'n orreluitvoering deur 'n begaafde orrelis soos PK de Villiers nie 'n algemene gebeurlikheid op die

dorp was nie. Die gehoor het met aandag geluister en die hoop is uitgespreek dat die kerkvaders meer uitvoerings van diè aard sou reël aangesien dit 'n opbouende en opvoedkundige waarde gehad het:

> "The residents of Kroonstad had an unexpected treat last night in the shape of an organ recital in the Dutch Reformed Church by Mr. P.K. de Villiers ARAM. Mr. de Villiers is the organist of the Dutch Reformed Church in Bloemfontein. Notwithstanding the short notice there was a very good attendance of the townspeople, and the programme was listened to with rapt attention by the audience.
>
> The occasion was to celebrate the renovation of the organ, which was done by Mr. Kemp, organ builder of Pietermaritzburg...
>
> We trust the response by the public of Kroonstad will encourage the church authorities to arrange for further recitals in time to come and so contribute to the general uplift and education of the community. It was an inspiration to listen to such a selection of music under such beautiful surroundings and a refreshing change from ragtime." [44]

Die program is oordeelkundig gekies sodat dit werke bevat het waarin die verskillende registers van die orrel ten beste gedemonstreer is soos Perne se **Serenade**, waarin die orrelis sy bemeestering van delikate toongraderings getoon het. Dit het uit die volgende werke bestaan: **Toccata et Fuga** van JS Bach; **Largo** (uit die **Nuwe Wêreldsimfonie**) van Dvorak; **Introductie en Koraal met Variaties** van PK de Villiers; **Offertoire** (op twee Kerstmis liederen) van Guilmant; **Menuett** van Beethoven en **Postlude** van Batiste. Dit is interessant om op te let na die Nederlandse spelling van "Introductie", "Variaties" en "Kerstmis liederen", wat dui daarop dat Afrikaans toe nog nie 'n erkende skryftaal was nie.

Dit is interessant om te meld dat PK de Villiers gedurende 1919 orrelis in 'n Kroonstadse kerk was voordat hy 'n jaar later na Engeland vertrek het vir verdere studie.

1.3.2 John Connell

Op 30 Julie 1922 het John Connell FRCO van Johannesburg 'n orreluitvoering in die NG Kerk gegee. Volgens 'n berig was die opkoms baie goed en het die gehoor dit terdeë geniet. Die program wat uit agt werke bestaan het, het sowat 'n uur geduur - en dit was glo veels te kort. Die **Kroonstad Times** het op 1 Augustus 1922, in die resensie, slegs twee werke bespreek:

> "Onzes inziens waren er twee stukken bij uitstek goed en prachtig en wel het tweede 'The Magic Harp' en het zesde 'Toccata from the 5th Symphony'. In de twee stukken had men waarlik al de tonen van de

muziek behandeld, alsmede het beheer van de man over het instrument."

1.3.3 Professor D Roode

Op 10 April 1948 het professor D Roode van Bloemfontein 'n orreluitvoering in die NG Kerk Kroonstad-Noord gegee ten bate van die Sarel-Cilliersstand-beeldfonds. Die uitvoering is swak bygewoon as gevolg van vrees wat by die inwoners geheers het vir die verspreiding van polio. In die resensie is geen melding gemaak van professor Roode se program nie maar daar word genoem dat dit "'n hoogstaande orreluitvoering" was. Mej Magda Wessels van Kroonstad het twee sangsolo's gelewer.

> "Eers het sy 'Come Unto Him' uit die Messias baie gevoelvol voorgedra en daarna het sy haar helder, sterk sopraanstem ten beste gebruik in 'Bist du bei mir' van Bach."[45]

1.3.4 Willem Mathlener

'n Paar musiekliefhebbers onder leiding van mev Barbara Louw en mnr SJD van Zyl het die bekende Nederlandse orrelis Willem Mathlener genooi om op 14 Mei 1950 'n orreluitvoering van Bach-werke in die Kroonstad-Noord Kerk te gee. Die uitvoering is gereël om die tweehonderdste sterftejaar van JS Bach te herdenk.

Willem Mathlener is in 1909 in Delft, Nederland, gebore en het met sy eerste musieklesse op vyfjarige ouderdom begin. As leerling aan die Den Haagse Konservatorium is hy op sewentienjarige ouderdom benoem tot orrelis van De Lier - nog voor die voltooiing van sy studie. Teen 1932 is hy uit vyf-en-veertig kandidate aangewys as orrelis van Breda. Hy het ook ondertussen klavier, komposisie en dirigeerkuns onder vermaerde leermeesters soos Willem Pyper en E van Beinum studeer. Na 'n reeks orreluitvoerings in al die vernaamste Nederlandse stede het hy die **Studiekring Johann Sebastian Bach** gestig wat onder sy leiding al die Kantates en Passies van Bach uitgevoer het in samewerking met die mees vooraanstaande Nederlandse kunstenaars.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog het hy as dirigent opgetree van die Bredasche Kamerorkes in werke van Telemann, Bach en Handel. Met die bevryding van Nederland in 1945 het Breda tydelik die koninklike residensie geword en het die besondere eer Mathlener te beurt geval om as orrelis op te tree vir die eerste kerkbesoek van Koningin Wilhelmina nâ haar ballingskap.

Sedert 1948 was hy orrelis van die Nederduits-Hervormde Kerk op Vereeniging. In Suid-Afrika het hy ook as medewerker vir die SAUK bekendheid verwerf deur sy aanbieding van 'n reeks programme "Die orrelmusiek in ons Kerke". [46]

In sy resensie oor die uitvoering het Dr ZJ Pretorius op pittige wyse en met insig sy indrukke van die orreluitvoering weergegee:

> "Eindelik is die knellende Bach-droogte op Kroonstad ook gebreek! ...Ek het byna lus gevoel om soos Frederick die Grote meer as 200 jaar gelede die vry groot waarderende gehoor te vra om op te staan omdat 'ou Bach' hier is! Die besoekende kunstenaar het sy program met groot oordeelkundigheid ingelui met die bekende Toccata en Fuga in D mineur, 'n werk wat in ons tyd as orkestrale transkripsie groot bekendheid verwerf het. Hier het ons dit egter gehad op Bach se besondere instrument, die orrel. Vanaf die eerste openingsakkoorde met hul Herkuleaanse sterkte het die werk my aangegryp, dwarsdeur die sprankelende middeldeel met sy kontrapuntale rykdom tot die groot, byna teatrale klimaks. 'n Mens het hier geen musikale skoling nodig gehad om die spel van toonskakeringe te volg nie, die vraag en antwoord, die kontras en parallel, die stelling en teestelling. En dit het alles saamgevoeg tot 'n pragtige onaantasbare geheel. Die orrelis het hom hier reeds onderskei deur sy onoortreflike registrasie, sy skerp-insnydende frasering en ryp musikaliteit.
>
> Rustige afwisseling het die twee Koraalvoorspele gebring. Veral 'Nun komm' der Heiden Heiland' het met sy himniese gedraendheid en ryk, swaar toonskakeringe die gehoor vervul met gevoelens van toegewydheid en piëteit. Die konsert in G majeur - hoewel orkestraal van konsepsie - het ons 'n ander Bach laat sien: die lewenslustige pater-familias van 20 kinders...
>
> Die geheel was hier 'n manlike vertoning van vreugde en ritmiese dans asof die ou meester se manelpante dáár gestaan het! Ook hier het die werk deur sy opvallende verbinding van grasie en deftigheid dadelik tot die gewone toehoorder gespreek.
>
> Die volgende drie werke het tot Bach se grootste orrel-skeppinge behoort. Daar was die Prelude en Fuga in A mineur met sy sensitiewe stemming in die prelude en die pragtige kontras in die fuga, een van Bach se mees kunssinnige skeppinge. Gevoel en vreugde het hier regstreeks as louter klank begin beweeg. Vanaf die eerste statige aankondiging van die bas-tema het die Passacaglia en Fuga in C mineur my aangegryp. Die ingewikkelde kontrapunt stel hoë eise aan die intellektuele deurgronding van die musiek: daar is 'n hele reeks variasies met veranderinge in toonkleur, vanaf loutere opgetoënheid tot 'n hoë geestelike uitvoering. Die fuga wat 'n deel van die oorspronklike passacagliatema bewaar, voer die werk tot 'n haas oorweldigende klimaks. Ook hier het die orrelis die indruk gewek asof hy geheel verdwyn in die kunswerk wat met sy groot afmetinge regstreeks tot die gehoor gespreek het.
>
> Die laaste werk, Fantasie en Fuga in G mineur het 'n baie genotvolle aand baie treffend afgesluit. Hier het 'n mens die gevoel gehad dat die essensiële Bach - die Bach wat logies en matematies kan orden en opbou - tot die gehoor spreek. Die geheel was 'n grootse klankbeeld met 'n tikkie rapsodiese oorgawe geïnterpreteer. Die reusagtige groot

G mineur Fuga gebaseer op 'n eenvoudige tematjie, is 'n oortuigende voorbeeld van Bach se vermoë om 'n super klankstruktuur met eenvoudige middele op te bou. Teen die einde is die verrassende modulasie na die majeur 'n finale openbaring van krag, kompleet asof 'n reus hom verlustig in die vreugde van louter skepping.

Die kunstenaar voor die orrel het met innige oorgawe en sigbare genot opgetree. Sy registrasie was deurgaans onaantasbaar en die weergawe helder deurskynend. Dit spreek tot sy eer dat hy die volle instrument tot sy beskikking gehad het, hoewel hy slegs enkele ure kon bestee aan die instudering van die manuaalsamestelling en die moontlikhede van die vreemde orrel. Mathlener het inderdaad 'n groot weldaad aan Kroonstad bewys." [47]

1.3.5 Michael Schneider

Een van Duitsland se bekendste orreliste en koorleiers prof dr Michael Schneider wat onder beskerming van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in Suid-Afrika lesings by universiteite gegee het, het op 19 September 1964 'n orreluitvoering in die Kroonstad-Noord Kerk gegee. Hy was professor aan die Berlynse Skool vir musiek.

Daar bestaan geen program of resensie oor die uitvoering nie.

1.4 Orkeste

Vanaf 1904 het orkeste van uiteenlopende aard aan Kroonstad besoek afgelê. Onder hulle was daar slegs twee simfonie-orkeste, naamlik die Kaapstadse Munisipale Orkes en die Nasionale Orkes van die SAUK. Gedurende die Anglo-Boere-oorlog was daar Britse militêre orkeste teenwoordig in die dorp en hiermee is 'n tradisie begin deurdat Kroonstad later gereeld besoek is deur militêre orkeste waarvan die bekendste die orkes van die Grenadier Guards en die Gordon Highlanders was.

1.4.1 Die Johannesburg SAC Band

Die **Johannesburg SAC Band** het gedurende November 1904 vir 'n paar dae na Kroonstad gekom om by verskillende geleenthede op te tree. Blykbaar was daar 'n groot aanvraag na die dienste van die orkes want hulle het 'n bedrywige program gehad:

"The band was given a full programme since arriving last Tuesday morning and the delightful musical performances have won golden opinions on all hands." [48]

Hulle het onder andere by 'n krieketwedstryd ook opgetree en die strykers het op 25 November vir 'n dans in Harman's Hall gespeel.

Dit is moontlik dat hierdie groot behoefte aan die luister wat 'n orkes aan dorpsgeleenthede gegee het, daartoe gelei het dat amateurs van Kroonstad self in 1905 met 'n orkes begin het.

1.4.2 Die Kaapstadse Munisipale Orkes

In April 1919 het 'n vooraanstaande inwoner van die dorp, wat ook 'n amateur-musikus was en 'n baie musikale gesin gehad het, mnr S Fawcett-Peck, die leier van die Kaapstadse Munisipale Orkes geskakel en 'n versoek gerig dat die orkes Kroonstad besoek op hul reis tussen Johannesburg en Bloemfontein. Die konsert sou vyf-en-sewentig Pond (R150) kos en 'n paar inwoners van die dorp sou die optrede borg. Daar is gemeld dat die bespreking vir die konsert buitengewoon goed was en dat daar ook navraag vanuit die distrik was.

> "Never before has Kroonstad evinced such a keen interest in good music as it is now doing..."

Die konsert het op 5 Mei plaasgevind en het 'n baie entoesiastiese verwelkoming deur die mense van Kroonstad ontvang. Alhoewel ekstra stoele verskaf is kon almal nie plek in die saal kry nie.

Die resensent van **The Kroonstad Times** het gesê dat sulke musiek nog nooit in Kroonstad gehoor is nie. Almal kon dit geniet maar die persone wat die musiek nie kon verstaan nie kon gebruik maak van die beskrywende programnotas. Hy het verder ook gesê dat almal kon sien dat die spelers goeie beheer oor hulle instrumente gehad het en dat die dirigent ook geweet het wat hy doen .

Die program het uit die volgende werke bestaan: die Ouverture tot **Tannhäuser** van Wagner, **Peer Gynt Suite** van Grieg, die tweede deel uit die **Simfonie** nr 5, op 64 van Tjaikovski, **Hongaarse Rapsodie** van Liszt, die **Prelude** uit **Lohengrin** van Wagner, ses danse uit **Die Neutekraker** van Tjaikovski, **Droom** uit **Tristan en Isolde** van Wagner en die suite **Die Slapende Skone** van Tjaikovski.

Dit is interessant om op te merk dat die hele program saamgestel is uit Romantiese musiek - 'n keuse wat ongetwyfeld in die smaak van die publiek

geval het sodat die orkes weer in 1922 en 1923 genooi is om in Kroonstad te speel. By hierdie geleenthede was die programkeuse egter meer uitgebreid.

Op 10 en 11 Mei 1922 het hulle dan onder leiding van Theo Wendt vir die tweede maal in Kroonstad opgetree, en groot opgewondenheid het geheers oor die koms van so 'n uitgelese groep musici. Reeds op 2 Mei is die twee programme wat gespeel sou word in die koerant gepubliseer. Die eerste program het uit die volgende werke bestaan: die ouverture tot **Oberon** van CM von Weber, **Andante Cantabile** vir strykers van Tjaikovski, **On the Street of Ouled Nails** uit die **Beni Mora**-suite van Holst, die **Carnaval**-ouverture van Dvorak, **Meditation** uit **Thais** (soloviool : John Spink) van Massenet, **Kindergebed en Engeletoneel** uit **Hänsel und Gretel** van Humperdinck, **Berceuse** uit **Jocelyn** (tjellosolo : Eric Leftwich) van Godard, **Scherzo uit Midsummer Night's Dream** van Mendelssohn en **Capriccio Espagnol op 35** van Rimsky-Korsakov.

Die program wat op 11 Mei uitgevoer is, is **A Musical Tour Around Europe** genoem en 'n verteenwoordigende werk is vir elke land gekies: Engeland: **A Children's Overture** van R Quilter; Skotland: **Keltic Lament** (tjellosolo - Eric Leftwich) van JH Foulds; Wallis: **March of the Men of Harlech** van German; Ierland: **Irish Tune From County Derry** van Grainger; Frankryk: **Pas de Fleurs** uit **Naila** van Delibes; België: **Scherzo Hoepsasa** ('n ou Vlaamse lied) van A de Greeff; Holland: **Hollandse Rapsodie op Piet Hein** van P van Aanrooi; Duitsland: **Uitnodiging tot die Wals** van Weber; Oostenryk: **Die Blou Donou-wals** van Strauss; Hongarye: **'n Rapsodie** van Liszt; Italië: **Intermezzo** uit **Cavalieria Rusticana** van Mascagni; Spanje: **'n Spaanse Dans** van Moszkowski; Noorweë: **Dans in A** van Grieg; Swede: **Praeludium** van A Jarnevelt; Finland: **Valse Triste** van Sibelius; Rusland: **1812 Overture** van Tjaikovski en Suid-Afrika: **Botha's Boys March** van Theo Wendt.

Hierdie twee programme is voor groot gehore uitgevoer alhoewel daar minder mense was as by die vorige besoek van die orkes - 'n toestand wat toegeskryf is aan swak ekonomiese tye:

> "although the performances were not so well patronised by the public as on former occasions they played to fairly good houses. What was lacking in numbers was well compensated for by the enthusiasm of those present. The hard times no doubt had a great deal to do with many lovers of music staying away. The bringing of such a band to Kroonstad is an education for the town, and although the visit might show a small balance on the debit side, it is more than counterbalanced by the pleasure given.

> The town council should not be discouraged by the fact that their enterprise was not so successful as to leave anything for the Hospital, but should persevere and encourage the orchestra to come again next year, when it is hoped that better times will be with us."[49]

Die orkes het egter reeds binne vyf maande weer in Kroonstad opgetree, toe sowat veertig lede onder leiding van Theo Wendt op 7 Oktober 1922 in die stadsaal gespeel het. Hierdie keer het die publiek beter gereageer op hulle besoek as in Mei en 'n vol saal was 'n aanduiding van die entoesiasme van die inwoners. 'n Nuwe program is uitgevoer: **Prelude** tot **Lohengrin** van Wagner; **Simfonie nr 5** van Beethoven; Suite uit **Die Slapende Skone** van Tjaikovski; **Dance Macabre** van Saint-Saëns; **The Enchanted Lake** (vioolsolo: John Spink) van Liadov, **Tarantella** (tjellosolo: Eric Leftwich) van H Popper; **Kindergebed en Droomtoneel** uit **Hänsel und Gretel** van Humperdinck; **Meditation on the First Prelude of Bach**, verwerk deur Theo Wendt; en **Brilliant Polonaise in E** van Liszt.

Hulle vierde besoek het op 19 Mei 1923 plaasgevind. Deurdat swaar reën oor Kroonstad uitgesak het, het net 'n klein groepie mense die konsert bygewoon en die program was veels te kort:

> "The Audience at the concert given in the Town Hall on Saturday evening by the Cape Town Orchestra made up in enthusiasm what it lacked in number. This, however did not by any means compensate the Orchestra for the heavy financial loss which the visit undoubtedly entailed. It was a beastly evening, otherwise the concert would have been better patronised. Heavy rain fell throughout the evening, and it is certain that many who looked forward to going to the concert were kept away by the rain.
>
> The music was superb, but it was considered that a longer programme should have been given, as the actual playing occupied little more than an hour."[50]

Die volgende program is uitgevoer: Ouverture tot **Die Barbier van Seville** van Rossini; **Nuwe Suite**, op 43 van Grieg (orkestrasie Theo Wendt); **Doux Propos** (vioolsolo: John Spink) van H Fevrier; **Two Sylvan Scenes** van P Fletcher; uittreksels uit **La Boutique Fantastique** van Rossini - Respighi; uittreksels uit **L'Enfant Prodigue** van A Wormser; **Harp Solo** - FC Barker; **Serenade** van Jan Block (orkestrasie Theo Wendt); en **Capriccio Espagnol** op. 35 van Rimsky-Korsakov.

1.4.3. Die Boksburgse Munisipale Orkes

Op 11 en 12 Februarie 1922 het die Boksburgse Munisipale Orkes Kroonstad

besoek en 'n reeks opelugkonserte op die orkesverhogie te Willow Grove gegee. Die doel van die besoek was om geld in te samel vir die noodtoestande wat aan die Rand geheers het tydens die staking van 1922.

Die orkes was baie bekend aan die Rand en het Sondae by die Boksburgmeer gespeel. Ten tye van hul fondsinsamelingstoer het hulle bekend gestaan as die **Boksburg Relief Band**, die naam waaronder hul ook in Kroonstad opgetree het. Die uitvoerings is gegee en hulle het ook deur Kroonstad se strate gemarsjeer:

> "During the week-end Kroonstad was favoured with a visit from this accomplished band of musicians, who, although parading here under the above designation, they are really members of the Boksburg Municipal Band. Both from a musical and pecuniary standpoint the visit was entirely successful. The band played at the delightful spot in the park where the new bandstand has just been erected, the willows affording ample shade as well as a superb environment to good music.
>
> On Saturday the band paraded to town and played selections at the busiest corners, while in the evening a sit programme was played. The bandstand was specially illuminated for the occasion. There was a large number present." [51]

Die drie programme was as volg: mars - **Colonel Bogey**, keurspel - **Country Life**, wals - **Omaha**, keurspel - **Maid of Orleans**, kornetsolo - **God Send You Back to Me**, entr'acte - **Strolling Minstrels**, tromboonsolo - **Asleep in the Deep**, wals - **Shades of Evening**, tweepas - **Bon Bon**.

Op Sondag 12 Februarie is twee programme uitgevoer wat ook gewyde items ingesluit het: himne - **Lead Kindly Light**, mars - **The Adjutant**, wals - **Twilight Shadows**, kornetsolo - **Perfect Day**, keurspel - **The Bohemians**, euphoniumsolo - **Land of Hope and Glory**, tweepas **Divisional Command**. Die laaste program het uit gewyde liedere bestaan asook drie orkeswerke: **Alla Gitana, Chu Chin Chow** en uittreksels uit **Verhale van Hoffmann**.

1.4.4 Die Suid-Afrikaanse Polisie-orkes

Op 27 Junie 1932 het die Suid-Afrikaanse Polisie-orkes onder leiding van Luitenant TH Wheeler 'n uitvoering in die stadsaal gegee. Die orkes van dertig lede het ook 'n dansorkes ingesluit wat uit saksofone en strykinstrumente bestaan het. 'n Kenmerk van die program was die transkripsies van bekende werke vir militêre orkes wat baie suksesvol uitgevoer is en 'n aanduiding was van die hoë standaard wat hulle reeds in 1932 gehandhaaf het:

"In spite of the fact that the concert was timed to commence rather early, namely at 7.30 pm, most of the seats in the hall were filled when the band, under the conductorship of Lieutenant T.H. Wheeler, RMCM, opened the programme with Von Blom's rousing march 'Amazonen'. Their next item consisted of a medley of favourites, the excerpts being very well chosen. Among these were the Toreador Song from 'Carmen', 'Mignon', Miserere from 'Il Trovatore', one of Chopin's Preludes, the 'William Tell' Overture, Beethoven's Minuet, one of Brahms' Hungarian Dances, Handel's Largo and a Liszt Hungarian Rhapsody.

All of these were splendidly rendered by the combination, the wide range giving them ample opportunity of demonstrating their capabilities. They showed themselves to be an admirably balanced combination, with each man a master of his own instrument. The cornet and clarionet work was especially fine, and the suspicion that there were some specialists in these sections was confirmed later in the evening during some solo work. Lieutenant Wheeler exercised fine control over the orchestra, his baton drawing forth the best from the instrumentalists.

The 'William Tell' Overture was particularly well rendered, with Beethoven's beautiful 'Minuet', played immediately afterward, acting as a foil which brought out the best in the two compositions.

A cornet solo by Constable Smit, entitled 'Marie My Girl' (Aitken), was given a rousing reception, and the performer had to respond to an insistent demand for an encore. The accompanying work by the full orchestra was splendidly done.

Two characteristic items gave the orchestra an opportunity to demonstrate their ability in tone-painting. 'The Mill in the Black Forest',by Eilenberg, was a descriptive item depicting first a scene in the forest by the brook and secondly one by the mill. The encore was 'The March of the Tin Soldiers'. La Rondelle's 'Le Carillon de St. Martin', was rendered as a bell solo, this finding great favour with the audience, as also did the remaining solo item, a xylophone item entitled 'Chacone' (sic) by Durand (arranged by Wheeler).

The latter was rendered by Constable W.H. Foster, who was accorded an ovation for his fine performance. As an encore he rendered the Overture from 'William Tell'.

After Vollstedt's waltz 'Lustige Bruder' the orchestra played a selection of South African songs, arranged by Lieutenant Wheeler. The items included 'Die Stem van Suid-Afrika', 'Sarie Marais', 'Stellenbosch se Boys', 'Het Lied der Afrikaners', 'Vat jou goed en trek, Ferreira', 'O Boereplaas', 'Ons Burgers is Getrou', 'Die Lady Roberts and the 'Transvaalse Volkslied'.

These were followed by 'Abide with Me' magnificently rendered, and the Free State 'Volkslied' and the National Anthem brought a memorable programme to the close.' [52]

Op 19 Oktober 1937 het die Suid-Afrikaanse Polisie-orkes onder leiding van Luitenant Bradley 'n tweede besoek aan Kroonstad gebring en 'n opelugkonsert by die ontspanningsterrein gegee. Die orkes wat uit ses-en-dertig lede bestaan het, het die groot gehoor in die middag beïndruk met hul pragtige

spel en dieselfde aand by 'n regimentsbal in die stadsaal gespeel.

Die jongste optrede van die Polisie-orkes het op 19 November 1977 in die Kroonstadse Skouburg plaasgevind. Hulle was toe aansienlik groter as gedurende die dertigerjare. Die konsert is gedirigeer deur die Direkteur van Musiek, Kolonel Samuel P Holmes FTCL, LTCL, A(Mus)LCM, ARCM, ALCM, UVLM, wat in 1937 in Engeland gebore is en sy opleiding aan die Royal Military School of Music, Kneller Hall, ontvang het. In 1974 is hy aangestel as leier van die Polisie-orkes en het hy hom in Pretoria gevestig. Hy het die orkes grootliks uitgebrei en verbeter, en tree ook self nog as fluitsolis op, soos tydens die konsert in Kroonstad.

Die interessante program het Beethoven se **Egmont Ouverture** ingesluit asook solostukke vir klavier, horing, tromboon, kontrabas, fagotte en piccolo saam met orkes, die adagio uit Haydn se **Afskeidsimfonie** (nr 45) en 'n amusante werk van die Amerikaanse komponis professor Schickele wat onder die skuilnaam "PDQ Bach" skryf, naamlik **Grand Serenade For An Awful Lot Of Wind And Percussion**

1.4.5 Die orkes van die Grenadier Guards

In Februarie 1931 het die Grenadier Guards se orkes vanuit Engeland in Suid-Afrika getoer en ook in Kroonstad twee konserte gegee. Vader CB Hemsley onthou hierdie heuglike gebeurtenis baie goed:

> "What joy to be there when that great Military Band played two concerts down in the River Gardens. All sorts of us met the Guards as they arrived by train and walked behind the big drum! I well remember the lovely February afternoon and evening. People came in from surrounding towns eg. Heilbron. The evening concert was particularly thrilling." 53

Daar bestaan geen resensie van die optrede nie.

1.4.6 Die Gordon Highlanders

Die Gordon Highlanders se militêre-orkes, doedelsakorkes en Skotse dansers het Suid-Afrika in 1936 besoek deur die vergunning van Kolonel Hamilton, DSO, Bevelvoerende Offisier van die Eerste Batteljon Gordon Highlanders. Hulle het uit vyf-en-vyftig jong musikante van om en by twintig jaar oud bestaan, waaronder twintig doedelsakspelers, slagwerkspelers en Skotse dansers was, en hulle leier was mnr W Norris Campbell, LRAM, ARCM. Die regiment van die Gordon Highlanders is in 1794 deur die vierde Hertog van

Gordon gestig. Hulle is na Suid-Afrika gebring as deel van die feesvierings wat die **Empire Exhibition** uitgemaak het.

Die Highlanders het op 2 November 1936 deur Crossstraat gemarsjeer tot by die Oorlogsgedenkteken waar 'n krans gelê is. Dieselfde aand is 'n vertoning voor 'n gehoor van etlike honderde mense by die Kroonstadse ontspanningsterrein aangebied. Spesiale beligting is aangebring.

> "The Highlanders gave a programme that was marked by variety and skilful execution. Every item was encored and encored again, and Mr. Campbell was kept busy acknowledging the plaudits of the enthusiastic crowd...
>
> Well drilled, as only military bands can be, they imparted a lilt and swing to everything they played. 'The First Slavonic Rhapsody' (Friedemann) was followed by Sousa's famous march 'The Stars and Stripes'. Then a cornet solo, 'You are my heart's delight', with Bandsman C. Simpson performing, thrilled the crowd." [54]

Hierna het die doedelsakke die musiek verskaf vir 'n vertoning van Skotse danse deur vier dansers.

Die res van die program het gewilde Skotse wysies ingesluit waarmee die gehoor saamgesing het, asook instrumentale solo's en 'n skouspelagtige vertoning deur die doedelsakorkes:

> "Two of the most pleasing items rendered by the band were the selection of popular tunes, which set the audience humming and singing to 'Little Annie Rooney', 'Peggy O'Neil', 'After the Ball was Over', and a pot-pourri of classical airs. Among the latter were many well-known compositions, and the crowd revelled in the superb playing of the bandsmen.
>
> Two solo items were given by Bandsman H. Beedham, these giving the audience further cause to renew their applause. The pipers were one of the features of a splendid show. They marched up and down the rugby field to the strains of such famous reels and strathspeys as 'Inverness Gathering', 'Monymusk', 'Brechin Castle', 'Sleepy Maggie' and 'The Kilt is my Delight', and drew applause every time they passed the grandstand. Such piping has seldom been heard in South Africa, much less in Kroonstad, for the airs were played as only pipers of the Dee-side, the best in Scotland, can play them.
>
> It was a great show, which left the big crowd thoroughly pleased." [54]

1.4.7 Die Suid-Afrikaanse Leër- en Lugmagorkes

Gedûrende die Tweede Wêreldoorlog het die Suid-Afrikaanse militêre-orkeste saam met gevegseenhede die lengte en breedte van die land deurkruis en vertonings gehou wat gedien het as reklame vir die Weermag. Op 28 Augustus

1941 het die Lugkommando saam met die **Permanent Force Band** en die **South African Air Force Corps of Drums** so 'n vertoning by Kroonstad se vliegbaan gelewer.

> "One of the largest crowds in the history of Kroonstad attended the Air Commando display at the local aerodrome. Hundreds of cars came from the surrounding districts." 55

Die finale item was 'n vlagstrykingseremonie waaraan albei orkeste deelgeneem het onder leiding van Kaptein WH Kealey.

Die South African Air Force Corps of Drums is in 1926 deur majoor E Conquer, MC, gestig met vier-en-twintig musikante. Teen 1941 het die orkes uit vyftig lede bestaan en kaptein RJ Holmes was die tamboermajoor. Tydens die orkes se optrede in Kroonstad sou slegs vyf-en-dertig lede teenwoordig wees aangesien die orkes weens die oorlog ook elders verpligtinge gehad het.

Op 7 November 1958 het die Leërorkes weer in Kroonstad opgetree. Hulle het deelgeneem aan 'n vlagstrykingseremonie saam met die kadetorkes van die Hoër Tegniese Skool, en die aand 'n konsert in die stadsaal gegee onder leiding van kaptein EW Albertyn.

1.4.8 Die Nasionale Simfonie-orkes van die SAUK

Op 18 Februarie 1956 het die Kroonstadse Musiekvereniging 'n konsert in die stadsaal aangebied met die SAUK-orkes onder leiding van Anton Hartman en 'n paar Kroonstadse musici as soliste, naamlik Jack de Wet (viool), Barbara Louw (klavier) en Patricia Marock (sopraan). Die burgemeester van Kroonstad, mnr AJJ Duursema, het 'n beroep op die publiek gedoen om die konsert by te woon om 'n goeie gehoor aan die orkes te verskaf en ook om die saak finansieel te steun. Die besoek van die orkes aan Kroonstad is gesien as 'n voorreg:

> "...Dit gebeur nie dikwels dat orkes-uitvoerings van hierdie formaat en gehalte op Kroonstad gelewer word nie en hierdie poging van die kant van die Kroonstadse Musiekvereniging behoort seer seker die dank en waardering van die publiek weg te dra..." 56

Na afloop van die konsert het Anton Hartman die Kroonstadse Musiekvereniging gelukgewens met hul prestasie om 'n orkes na Kroonstad te bring:

> "Ons het die konsert waarlik geniet, want ons is moeg daarvan om voor die snobistiese Johannesburgse publiek op te tree." 57

Die program het uit die volgende werke bestaan: die eerste deel van Beethoven se **Vyfde Simfonie**; Ouverture tot **Die Huwelik van Figaro** van Mozart; die Ouverture en vier danse uit Tchaikovski se **Neutkrakersuite**, die **Digter en Boer** van Suppé; **L'Arlesiene** van Bizet en Strauss se **Keiserwals**. Hierby het gekom die bydraes van die drie Kroonstadse kunstenaars, wat met trots bejeën is:

> "...It is with a sense of pride and satisfaction that one reflects on the outstanding performances of the three local artists..." [58]

Jack de Wet het die eerste deel van Tchaikovski se **Vioolkonsert** gespeel:

> "...a stupendously difficult virtuoso work. It makes its appeal not only on the basis of its many ingratiating melodies but quite frankly, on the enjoyment of watching a superlative artist at work." [58]

Barbara Louw het die eerste deel van Mendelssohn se **Klavierkonsert in G-mineur** gespeel en

> "...displayed powers of emotional interpretation."

Die sopraan Patricia Marock, wat 'n sangstudent aan die Tegniese Kollege was, het ook gunstige kritiek ontvang:

> "Patricia Marock thrilled her audience with the exceptional quality of her beautiful lyrical voice. The liquid singing of Mozart's 'Alleluia' proves her ability to master the difficulties of the melisma passages in which she excelled. The ornamental figuration and well controlled coloratura singing in Bishop's 'Lo, Hear the 'Gentle Lark' which on the insistence of the audience, she repeated, showed the high standard of her training. The flute obligato was most effectively and competently played by Harry Gardner." [58]

Anton Hartman se beheer oor die orkes veral by die begeleiding van die soliste was 'n uitstaande kenmerk van die konsert:

> "Anton Hartman controlled the orchestra in a masterly fashion, and showed clearly his powers of interpretation. His very sympathetic accompanying of the three solo artists, so often neglected by conductors, was praiseworthy in the extreme." [58]

Die tweede besoek van die SAUK-orkes het op 15 Augustus 1972 onder beskerming van SUKOVS in die Tini Vorster-saal plaasgevind. Die program het bestaan uit die **Wilhelm Tell-ouverture**; die **Klavierkonsert nr 2 in C-mineur** van Rachmaninoff gespeel deur Neville Dove en Beethoven se **Vyfde Simfonie**. Die orkes is deur Francesco Mander gedirigeer.

Op 5 Mei 1981 het die SAUK-orkes weer onder beskerming van SUKOVS in die Burgersentrum opgetree in 'n konsert ter viering van die Republiekfees. Janos FÜrst het as dirigent opgetree en die solis was die pianis Anton Nel. Die program het bestaan uit die **Leonora-ouverture** nr 1 van Beethoven; die **Klavierkonsert in F-kruis mineur** op. 1 van Rachmaninoff en die **Simfonie nr 5 in E-mineur** op.64 van Tjaikovski.

1.4.9 Die Johannesburgse Jeugorkes

Op 25 Mei 1957 het die Johannesburgse Jeugorkes hulle eerste konsert in die Vrystaat gegee. Die konsert wat in die stadsaal plaasgevind het is deur die Kroonstadse tak van die Nasionale Vroueraad aangebied.

Die Johannesburgse Jeugorkes is in 1945 deur Dorothy Boxall gestig maar het na haar afsterwe feitlik doodgeloop. In 1951 is die afrigting deur die bekwame fagotspeler en houtblaasonderwyser, Jos de Groen, oorgeneem. In 1957 het die ledetal vyftig getel maar slegs vyf-en-dertig lede het in Kroonstad opetree. Olga Rademan het in haar resensie opgemerk:

> "...die ywer en veelsydigheid van die lede, asook die entoesiasme van die dirigent het as inspirasie gedien vir menigeen."[59]

Na 'n ietwat huiwerige begin in die **Don Giovanni-ouverture** van Mozart, het die orkes op stryk gekom in die **Les Patineurs-suite** soos saamgestel uit werke van Meyerbeer deur Constant Lambert:

> "...Dit was dan ook die beste orkesnommer van die aand, hoewel daar mooi hoogtes bereik is in die Haydn-minuet deur middel van netjiese frasering." [59]

Lede van die orkes het ook twee kamermusiekwerke gespeel. Eerstens was daar Beethoven se variasies op Mozart se **La ci darem** vir houtblaastrio, wat deur Jos de Groen (jnr), Ria en Jimmy Reinders gespeel is:

> "...Die onverbeterlike en musikale voordrag was 'n glanspunt in die aand se program. Die fagotspel van Jos de Groen (jnr.), 'n skoolseun wat op sestienjarige ouderdom reeds beroepstatus aanvaar het, was meesterlik, terwyl die klarinet- en hobospel van Jimmy en Ria Reinders ewe-eens van uitstaande gehalte was." [59]

Dieselfde drie musikante is deur die knap Hongaarse fluitspeelster, Eva Bolatie, en David Seligman (Franse horing) bygestaan in 'n **Kwintet** van Reicha.

Johannes Cronjé, 'n gegradueerde student in die ingenieurswese, het 'n "... netjiese en musikale" vertolking van 'n fluitkonsert van Mozart gelewer, en die veertienjarige Charlotte Moyses van Senekal ('n leerling van Jack de Wet op Kroonstad) het op

> "...heel ongekunstelde, maar nietemin meesterlike wyse"

'n deel uit die sewende **Vioolkonsert** van De Bériot gespeel.

1.4.10 Die Jewish Guild Youth Orchestra

Op 31 Oktober 1959 het die **Jewish Guild Youth Orchestra** onder leiding van mnr Solly Aronowsky in die stadsaal opgetree onder beskerming van die **Women's Zionist League.**

Mnr Aronowsky, wat hierdie orkes gestig het was 'n man van vele talente: hy was 'n vaardige taalkundige sowel as 'n regsgeleerde wat drie jaar diens as regskonsultant vir die Diplomatieke Diens gelewer het, maar eerstens was hy 'n musikus. Hy het vir jare as violis in die SAUK-orkes gespeel en ook as solis opgetree. Sedertdien was hy die bibliotekaris van die SAUK se musiekbiblioteek waar hy 'n effektiewe biblioteek opgebou het, sowel as 'n suksesvolle programsamesteller. Hy het ook as impresario opgetree en was die direkteur van die Solly Aronowsky Concert Bureau wat kunstenaars soos George Themeli, Paul Loyonnet, die Atheense Ballet en andere na Suid-Afrika gebring het. Mnr Aronowsky het ook 'n werk gepubliseer **The Performing Times of Orchestral Works** waaraan hy drie-en-twintig jaar gewerk het en wat die tydsduur van 25,000 gepubliseerde werke van 2,158 komponiste bevat.

As dirigent is Solly Aronowsky beskryf as "the exuberant enthusiast" en hy is oral gerespekteer vir sy bekwame leiding. Na 'n optrede met die Durbanse Stadsorkes het die pers gepraat van sy "intimate musical perception", en dat

> "He displayed a versatile talent in a programme which covered a wide range of musical expression." [60]

Dr Teasdale Griffiths het van mnr Aronowsky gesê:

> "The orchestra, under its vital and rigorous conductor naturally takes pride of place and acquitted itself splendidly. There is a youthful exuberance about the playing in which the lead is given by Mr. Aronowsky, who is obviously young in heart and appears with his

> orchestra, to enjoy every moment. It bore out the contention that the performer gets most of the fun - for any fool can listen to music but it takes a wise man to make music." [61]

Die orkes het die program geopen met Suppê se **Poet and Peasant-ouverture**, waarna uittreksels uit **The Merry Widow** van Lehar, **South Pacific** van Rodgers, **Czardas** van Lehar en **La Boutique Fantastique** van Rossini-Resphighi gevolg het.

Hierna het mnr Aronowsky die stok aan dr Griffiths oorgegee, wat hy uit die gehoor genooi het om die balletmusiek uit **Faust** van Gounod te dirigeer. Dr Griffiths het gesê dit was 'n

> "...rare and graceful gesture...an honour rarely conferred on a guest conductor and greatly appreciated by the audience." [62]

Hierna het die orkes afgesluit met 'n Israelse **Interlude** wat die Hebreeuse lied **The Negev** ingesluit het. Dit is op dramatiese wyse deur Nohline Mitchell in Hebreeus gesing. Sy het die program met orkesbegeleiding voortgesit met **Gopak** van Moussorgsky (in Russies), **La Danza** van Rossini (in Italiaans) en **One Kiss** uit Romberg se operette **New Moon** (in Engels). Hoewel sy griep gehad het tydens die konsert, het sy nogtans baie goed gesing:

> "Her rich voice rose gallantly above the orchestral accompaniment... and in her items showed her usual versatility and enterprise." [62]

Pat Marock het vervolgens opgetree in 'n uitstekende voordrag van die aria **Il Pastore** uit die opera **La Pasquale**:

> "This was an outstanding item with its rich orchestral accompaniment and was well received." [62]

Haar tweede item, die **Walslied** uit **Tom Jones** van Edward German,

> "...brought the house down and she received a well deserved encore for which she sang the ever-green 'Vilanelle'." [62]

Twee instrumentale solo's is deur twee lede van die orkes gespeel, naamlik **Lucy Long**, 'n fagot-solo deur Jos de Groen en **Carnival of Venice**, 'n trompet-solo deur Guiseppe Vitale.

'n Interessante aspek van die konsert is dat 'n compêre gebruik is om die items aan te kondig. 'n Kroonstadter, mnr Alf Marock, het hierdie rol vervul.

1.4.11 Die Münchense Kamerorkes

Op 18 April 1961 het die Musiekvereniging 'n konsert in die stadsaal aangebied deur die Münchense Kamerorkes onder leiding van Hans Stadlmair. Henk van Eck, wat die resensie oor die konsert geskryf het, was van mening dat die orkes in die aanvangsitem die **Dubbelkonsert** vir viool en tjello van Vivaldi, nog nie volkome ingespeel was in die harde akoestiek van die saal nie maar dat die tweede item, musiek van Pachelbel, stylvol en gebalanseerd voorgedra is.

Die vertolking van Schubert se **Rondo** vir viool en strykorkes was van 'n uitstaande gehalte en is deur Györgi Terebesi, 'n vioolvirtuoos wat uit Hongarye ontvlug het, gespeel.

Ná pouse het Strawinski se **Konsert in D** gevolg en Mozart se serenade **Eine Kleine Nachtmusik.**

Dit was die eerste keer dat 'n orkeswerk van Strawinski in Kroonstad uitgevoer is en die kontemporêre musiek het 'n vreemde indruk op die gehoor gemaak. Henk van Eck het dit as 'ongewoon' beskryf:

> "Strawinsky het klanke voortgetower wat vreemd is aan die konvensionele strykorkes. Ritmiese, harmonieuse en akoestiese afwykings van die 'gewone' het hierdie musiek laat beweeg tussen erns en luim, tussen die musiek van die oerwoud en van die gesofistikeerde Weste. 'n Interessante ervaring."[63]

Die groot gehoor het aangedring op 'n hele paar toegifte.

1.4.12 Die Vrystaatse Jeugorkes

Op 2 Maart 1968 het die Vrystaatse Jeugorkes onder leiding van Jack de Wet in die Stadsaal opgetree. Die sestienjarige Kroonstadse pianis, Stefan Klopper het Handel se **Fantasie in C** gespeel en die koor van die Afrikaanse Hoërskool onder leiding van Trudy van Niekerk het **Hoor die Hemele Sing** en **Wiegelied** van Mozart met orkesbegeleiding uitgevoer. Die res van die program het bestaan uit die eerste beweging van Walter Leigh se **Concertino** vir klavier en orkes gespeel deur Albie van Schalkwyk; Vaughan Williams se **Concerto Grosso** met soliste Francois Henkins en Suzanne de Villiers (viool), Francois Bourguenon (altviool) en Frederick Fourie (tjello); en Willem ten Have se **Allegro Brillant** gespeel deur Suzanne de Villiers (viool).

1.4.13 Die SAUK Junior Simfonie-orkes

Hierdie orkes het op 12 Junie 1976 in die Kroonstadse Skouburg opgetree as deel van die inwydingsprogram van die kompleks. Walter Mony was die dirigent en die program het bestaan uit Gideon Fagan se **Miniatuur Ouverture**; die **Konsert in D-mineur** vir viool en hobo van Vivaldi gespeel deur Mariëtte Richter en Henk Pretorius; Weber se **Concertino** vir klarinet en orkes gespeel deur David Kohn, Georges Enesco se **Romeense Rapsodie** nr 1 en Beethoven se **Vyfde Simfonie in C-mineur.**

1.4.14 Die Vrystaatse Jeugsimfonie-orkes

Een-en-twintig jaar na die stigting van die Vrystaatse Jeugstrykorkes het die Vrystaatse Jeugsimfonie-orkes op 5 April 1983 tot stand gekom. Dié orkes het op 16 April 1983 in die Kroonstadse Burgersentrum onder die stok van Gerhard Geist opgetree en die program het bestaan uit Buxtehude se **Ihr lieben Christen, freut euch nun** vir koperblasers; Brahms se **Akademiese Feesouverture** op 80; die **Klavierkonsert in A-mineur** op 54 van Schumann gespeel deur Charl de Wet en **El Salon Mexico** van Copland.

2 VOKAAL

2.1 Sangers

Sangers was die grootste groep soliste wat in Kroonstad opgetree het. Sowat ses-en-twintig sangers het solo-uitvoerings saam met hul begeleiers gegee en dertig sangers het saam met ander soliste opgetree. Van Suid-Afrika se bekendste sangers soos Cecilia Wessels, Mimi Coertse, Joyce Barker, Emma Renzi en Hanlie de Villiers was gaskunstenaars in Kroonstad, asook sangers van wêreldfaam waarvan Erna Sack seker die beroemdste was.

2.1.1. Jennie MacRae

Die beroemde Skotse dramaties kontralto Jennie MacRae het vanaf 5 Mei 1919 vir 'n week lank in die Empire-teater opgetree in 'n konsertprogram wat uit Skotse liedere bestaan het. Die sangeres het die eiesoortige karakter van haar konserte verder verhoog deur haar spesiale aksent en kleredrag. Sy het talle geliefde populêre liedjies gesing soos **Friend, Annie Laurie,**

Angus MacDonald en 'n geliefkoosde soldateliedjie **The Long, Long trail.**

Om haar optrede nog meer gewild te maak en om te kon betaal vir die groot onkoste wat aangegaan is om haar in Kroonstad te laat optree, is 'n dans en **Confetti Carnaval** op 8 Mei by haar konsert ingesluit.

2.1.2 Emiel Hullebroeck

Op 4 November 1920 het 'n musiek- en sangkonsert deur die Vlaamse sanger en komponis Emiel Hullebroeck plaasgevind. Die konsert is veral deur die Afrikaanssprekende gemeenskap ondersteun en die resensie toon aan dat die gehoor dit hoog waardeer het:

> "De liederen die gezongen werden zijn zonder uitzondering hartelik geapplaudiseerd." [64]

Aan die einde van die Konsert het Ds Klomp die sanger bedank en die volgende gesê:

> "...dat de Heer Hullebroeck ons had laten voelen hoe mooi en zoet onze Afrikaanse taal is: dat hij ons Afrikaners had komen leren zingen." [64]

Opgesweep deur 'n gevoel van patriotisme en trots in hul herkoms het die gehoor daarna **De Leeuw van Vlaanderen** en **Afrikaners Landgenoten** staande gesing. In die verhandeling **Die Musieklewe van Bloemfontein 1900 - 1939**[65] maak dr JLK Human ook melding van Emiel Hullebroeck se besoek aan Bloemfontein in 1920 en noem hy dat Hullebroeck voor sy koms na Suid-Afrika besig was om te werk aan 'n bundel Suid-Afrikaanse liedjies.[66] Op 20 Augustus 1920 het hy na Suid-Afrika vertrek en is komitees in Kaapstad, Stellenbosch, Bloemfontein en Pretoria op die been gebring om hom te verwelkom. In daardie stadium het hy toonsettings van gedigte van Celliers, Leipoldt en Keet gereed gehad vir sy konsertreis. Op 31 Augustus 1920 het Die Volksblad die volgende stelling oor Hullebroeck se besoek gemaak:

> "Die kunsreis van Hullebroeck sal 'n gebeurtenis van belang kan word in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse lied in Suid-Afrika."

Hullebroeck self het volgens 'n berig in Die Volksblad[67] verklaar dat hy met sy optrede die Afrikaanse lied wil bevorder.

Hullebroeck het in sowat vier-en-twintig stede en dorpe in Suid-Afrika opgetree. Sommige van sy toonsettings van verse deur Afrikaanse digters is

in sy bundel **Zes Kunstliederen** opgeneem en het 'n stukrag agter die ontwakende Afrikaanse liedkuns geword.[68]

2.1.3 Haydn Hemery en Lola Curosa

Op 18 Oktober 1928 het Union Theatres (Kaapstad) 'n konsert deur Haydn Hemery (bas), Lola Curosa (tenoor) en Gwitha Young (klavier) in die stadsaal aangebied. Hemery is beskou as die wêreld se mees gevierde bas en Lola Curosa was die wêreld se enigste vroulike operatenoor. Die konsert is beskryf as

> "...a veritable feast of vocalism of so high a class as has rarely, if ever, been heard locally..."[69]

Die rare stemregister van mej Curosa was van wye omvang en krag, en albei kunstenaars het 'n gunstige indruk op die Kroonstadse kritikus gemaak:

> "Lola Curosa's voice is decidedly of the masculine tenor quality, and of great range and power. Artistic phrasing on the high notes was a feature of her singing last night, and the upper register was beautiful. Her rendition of 'A Mes Yeux Enchantes' - 'Marta' (sic) (Flotow) was a noteworthy performance, whilst her singing of Geehl's 'For You Alone' was an artistic treat.
>
> Commencing his programme with an operatic item, viz. an excerpt from Verdi's 'Simone Boccanegra', Haydn Hemery at once showed that he has a bass voice of beautiful quality and extraordinary power. His rendition of 'The Lute Player' (Allitsen) was flawless, and his remarkable instinct for drama was, indeed, one of the most pleasing of his attributes.
>
> Hemery and Curosa joined forced in the duet 'In a Garden of Roses' (Sanderson), which was very finely sung by both vocalists, Hemery showing how well and how effectively he could adapt his voice to the mood of the romantic song. After the interval, Gwitha Young gave another, exquisite pianoforte solo, this being Grainger's 'Country gardens' after which Hemery gave a masterly version of 'Song of the Volga Boatmen'. In response to a recall he sang 'The Yeoman's Wedding Song'(Poniatowski) in delightful style. Later in the evening he sang Moussorgsky's 'Song of the Flea', and in this his version was an outstanding interpretation.
>
> Miss Curosa was heard to great advantage in 'My Dreams' (Tosti). In an excerpt from 'Pagliacci' (Leoncavallo) the same vocalist displayed remarkable breath control and, indeed, this was a prominent trait among her outstanding talents.
>
> The two singers again combined forces very well in their version of the duet, 'O, Sole Mio' (E. di Capua)."[69]

2.1.4 Jan van Zyl en Gisela Trantow

Op 3 Mei 1932 het die Suid-Afrikaanse sanger Jan van Zyl wat voorheen in 1928 ook 'n konsertbesoek aan Kroonstad afgelê het, in die stadsaal opgetree saam met Gisela Trantow ('n sopraan van die Duitse Staatsopera), en Nora de Kammon ('n balletdanseres wat in stede soos Parys, Londen en Berlyn gedans het) en 'n Kroonstadse dame, mev JR Brent (mej Judith Wessels ULM, LTCL) het as begeleidster opgetree. Sy was 'n uitstaande pianiste en het in 1929 'n goue medalje vir klavier gewen by die Suid-Afrikaanse Nasionale Eisteddfodd. Die uitvoering was volgens die resensent, van goeie gehalte:

> "The attendance was meagre, being in keeping with the poor patronage that is invariably accorded such performances in this town.
>
> The four artists rendered an excellent programme, and one which was thoroughly enjoyed by those who attended.
>
> Gisela Trantow charmed the audience with three groups of songs, her interpretation of Schubert's Serenade being enthusiastically received. A selection from Schumann followed, and the artist gave a fine rendering of a difficult 'Lo hear the gentle lark' - a number which is a favourite concert item of Amelita Galli Curci, now touring the Union.
>
> Jan van Zyl gave a fine performance, each of his selections being splendidly rendered. He gave a powerful interpretation of Handel's fine composition, 'Ye Winds and Waves'. His Afrikaans songs, of which he sang several, provided a contrast, the outstanding number among these being 'Die Ossewa'. Van Zyl painted a vivid word-picture of the straining of the oxen with the heavy wagon through the sand.
>
> One of the singer's most popular items was the well-known 'Volga Boatmen', which he sang with fine feeling. The exceedingly difficult 'Song of the Flea' effectively demonstrated his ability to master technically difficult compositions.
>
> Mrs. Brent rendered three piano solos, each of them fairly bristling with technical difficulties, but she played them with an ability and finish." [70]

2.1.5 Daisy en Maxie Bosman

Op 12 Mei 1938 het moeder en dogter, Daisy en Maxie Bosman, 'n sanguitvoering in die stadsaal gegee. Albei sangeresse het 'n lang verbintenis met die Vrystaat gehad. Daisy is in 1878 op Edenburg gebore en het haar sangopleiding in Bloemfontein begin. Gedurende die Anglo-Boereoorlog was sy in Kroonstad in die konsentrasiekamp waar haar seun gebore is. In 1905 is sy na Duitsland waar sy aan die Staatsakademie in München studeer het. Tot 1932 was sy verbonde aan die Normaalkollege in Bloemfontein. Vanaf 1930 het sy haar toegelê op konserte en het veral die Afrikaanse lied bevorder.[71] Tydens die konsert op Kroonstad het sy ook Afrikaanse liedere gesing. Haar

dogter Maxie Bosman het in Wenen sang studeer en in 1938 was sy musiekdosente aan die Normaalkollege in Bloemfontein.[72] Dieselfde soort goeie kritiek wat beide sangeresse in Europa en Suid-Afrika toegeval het, is ook op Kroonstad oor hulle geskryf:

> "The programme was composed of songs, arias, duets and fragments from several of the great German operas. Miss Bosman sang many of the immortal compositions of the old Viennese masters, as well as excerpts in English and Afrikaans. Her responsive treatment of the operatic parts was delightful.
>
> Mrs. Bosman gave a descriptive introduction preceding each song and fragment of opera. She included several light fragments of classical music as a variation and to show that classical music is not necessarily dull and difficult to understand. Miss Bosman proved herself a fascinating and highly sensitive soprano, with excellent technique and a fine appreciation of the composers."[73]

In Februarie 1939 het die Bosman-egpaar vir Maxie, wat vir die behandeling van kanker na München toe is, vergesel, waar al drie oorlede is.

2.1.6 Elwyn Davis, John Hazelhurst, Sybil Evans en Muriel Cubitt

Op 6 Mei 1939 is 'n verskeidenheidskonsert ten bate van die National Council of Women in die stadsaal gegee. Bekende Suid-Afrikaanse sangers het aan die program deelgeneem. Mnr Elwyn Davis was 'n bekende tenoor en het op twaalfjarige ouderdom met sang begin. In 1931 het hy in Duitsland gaan studeer en is daarvandaan na Engeland. Hy het in Johannesburg, Pretoria en Durban aan Filharmoniese Konserte deelgeneem en was 'n onderwyser aan die Pretoria Boys' High School. Mnr John Hazelhurst, wat **Serenade** van Schubert en **Everywhere I Go** van Martin gesing het, was bekend vir sy talle radio-uitsendings en was ook 'n aktiewe lid van die **Pretoria Repertory Society**.

Mev Rhys Evans (mej Sybil Dyer) was voorheen 'n bekende sangeres in Durban en het later op Viljoenskroon gewoon. Mev Muriel Cubitt het ook aan die program deelgeneem en sy was 'n bekende Bloemfonteinse sangeres.[74]

> "A happy blending of refinement with a certain popular appeal was the keynote of the variety concert staged by the local branch of the National Council of Women. There was a long programme of nineteen items, which included songs by four well-known South African singers, dancing by Miss Frazer's pupils, violin solos by Mr. Adrian Blau, Afrikaans folk songs (rendered by the school orchestra) with Messrs. W.J. Pretorius, Duncan and Gouws, in three 'impressions'.
>
> Mrs. Cubitt, a pupil of Mr. D.J. Roode, of Bloemfontein, Mrs. Rhys Evans, formerly of Durban, and two popular Pretoria tenors, Mr. John Hazelhurst and Mr. Elwyn Davis, largely contributed to the success

> of the concert with their fine singing. For those who could really appreciate the subtle beauty of truly good singing they provided a musical treat that is not often to be had outside large cities. Mr. Adrian Blau excelled himself with his violin solos, and was kept on stage for some time by consistent encores."[75]

2.1.7 Erna Sack

Op 9 September 1949 het die Kroonstadse Teatergroep 'n uitvoering deur die Duitse sangeres Erna Sack in die stadsaal aangebied. Die volgende gegewens is oor haar verskaf:

Erna Sack is as Erna Weber in Berlyn gebore. Sy het reeds op negejarige ouderdom begin sing maar het eers formele opleiding ontvang toe haar eggenoot, mnr Herman Sack, haar moontlikhede herken het. Eers is sy as mezzosopraan en later as liriese sopraan opgelei. Gedurende 'n repetisie van **Don Pasquale** het sy ontdek dat sy C bokant hoë C met gemak kon sing. Na haar eerste radio-uitsending het sy oornag wêreldberoemd geraak. Erna Sack was hierna eerste koloratuursopraan aan die Staatsopera te Dresden. Richard Strauss het haar tereg as 'n onverskrokke bergklimmer wat nooit duiselig word nie beskryf. Sy het in Engeland voor Koning George die Vyfde opgetree, en in 1937 deur Amerika getoer. In 1938 is sy terug na Dresden en het ook plaatopnames gemaak en konserte dwarsdeur Europa en veral in Swede en Switserland gegee. Na die oorlog het sy in Brasilië, Uruguay, Argentinië, Chile en Noord Kanada opgetree. In Montreal is nie minder nie as twaalf konserte uitverkoop.[76]

Nadat dit bekend geword het dat Erna Sack in Kroonstad sou optree het 'n groot stormloop om kaartjies te bekom, plaasgevind:

> "There was such a rush for seats when booking opened for the concert which the famous Erna Sack is to give here on September 9th that tempers soon became frayed and several hundred people had to be disappointed...The result was that all available seats were sold out within half an hour."[77]

Omtrent 'n duisend mense van Kroonstad en omliggende dorpe kon nie sitplekke kry nie en die sangeres se program was ook so vol dat sy nie 'n ekstra konsert kon inpas nie.

Die Stadsraad het later besluit om die sypaadjies aan weerskante van die saal met seile af te skort om sodoende meer sitplekke beskikbaar te stel. Daar is ook van die Suid-Afrikaanse Musiek en Teatermaatskappy wat die

konsertreis gereël het verlof gekry om vyftig stoele op die verhoog te plaas. Ongeveer tweehonderd addisionele sitplekke is beskikbaar gestel maar daar is gewaarsku:

> "Die sitplekke in die afskortings sal teen goedkoper pryse verkoop word. Diegene wat daar sitplekke vind, sal weliswaar nie die sangeres kan sien nie, maar haar wel goed kan hoor." [78]

Sy is soos 'n koninklike ontvang - nog nooit is 'n kunstenaar met sulke verering deur die hele gemeenskap in Kroonstad verwelkom nie. Die Stadsraad en hul gades, die Teatergroep se komitee, die dorp se musiekonderwysers, verteenwoordigers van kultuurorganisasies en die burgemeestersvrou, mev AJJ Duursema, het op 8 September 'n onthaal in die stadsaal gegee om die sangeres, haar eggenoot mnr Herman Sack en haar begeleier mnr Hartley te ontvang.

Haar program het uit die volgende werke bestaan?[79] **Largo** van Handel; **Caro Mio Ben** van Giordani; **O Luce Di Quest Anima** (Linda se Aria) van Donizetti; **Nacht und Träume, Wohin, Wiegenlied** en **Ave Maria** van Schubert; **Aria van Rosina** van Rossini; **In einen kühlen Grunde** van Gluck en in Afrikaans vertaal deur mev Louw (**Daar onder in die Vlei**); **Berceuse de Jocelyn** van Godard en in Afrikaans vertaal deur mev Louw (**Engele Hou Wag**); 'n Sweedse Volkslied; **G'Schichten aus dem Wienerwald** van Strauss en as toegifte het sy **Wiegenlied** van Mozart en Hullebroeck se **Lamtietie Damtietie** gesing.

Erna Sack se uitvoering op 9 September het Kroonstad verower. Barbara Louw het in haar resensie oor die konsert met lof van die sangeres gepraat. '...Erna Sack het ontroer, bekoor, oorweldig!' Sy het verder op digterlike wyse uitgebrei oor Sack se grasie, sjarme, gebare, haar suiwer stem en fenomenale tegniek:

> "Die nuansering was onberispelik, elke lied was 'n meesterstuk in klank en kleur: die een warm en swaar soos donkerrooi rose; die ander weer lig en fyn getint met lentekleure of koel-rustig soos pers lelies onder groen bome. Maar die heel-heel fraaiste was haar fluiterende pianissimo's wat nes dolende weerklanke tussen veraf kranse in die lug bly hang het, duidelik hoorbaar tot die laaste lettergreep."[80]

Barbara Louw het die volgende indrukke gehad oor Erna Sack se vertolking van die program:

> "...Met die aanvangsnommers 'Largo', 'Caro Mio Ben', en die fraai

Aria van Linda, so gerusstellend teer en eg, het die sangeres al dadelik vir haar 'n plekkie in die hart van elkeen verower.

Die groep Schubert-Liedere 'Nag en Drome', 'Waarheen', 'Wiegenlied' en 'Ave Maria' het 'n mens gevoer deur stemminge van trae dromery, ernstige bepeinsing, innige liefde vir die kind en pleitende smeekgebede. Die koloratuureienskap in Erna Sack se stem is veral in die gewilde Aria van Rosina geopenbaar. Sy het dit onverbeterlik weergegee en die entoesiastiese toejuiging wat daarop gevolg het, het bewys hoe gretiglik die gehoor dit ingedrink het. In 'Daar onder in die Vlei' het die smartvolle weer op die voorgrond getree maar vertroosting in 'Engele hou Wag'. Die bekoorlike Sweedse Volksliedjie en die jolige 'Sprokies uit die Woud' het die program mooi afgerond.

Die seldsame gawe om die eenvoudigste liedjie tot kuns te verhef was 'n eienskap wat 'n mens met groot waardering in Erna Sack bewonder het. Dit het veral geblyk uit die ruim aantal toegifte wat sy so bereidwilliglik aangebied het. Dink maar hoe het sy die luisteraar aangegryp deur haar indrukwekkende weergawe van die Mozart Wiegelied, die ontroerende 'Jubilate', die ritmies meestelpende 'Funicula' en ons eie klein 'Lamtietie'. Deur die verrassende voordrag van laasgenoemde wiegeliedjie het Erna Sack gewis vir haarself 'n monument in Suid-Afrika opgerig.

Die veeleisende begeleidings van al die liedere is op waardevolle wyse waargeneem deur Ashley Hartley wat op sy terrein ook as ware kunstenaar uitgeblink het. Sy pianospel was fyn, simpatiek en altyd betroubaar." [80]

In 1952 het mej Sack 'n tweede besoek aan Suid-Afrika gebring nadat haar besoek van 1949 so 'n groot sukses was dat die Suid-Afrikaanse Musiek- en Teatermaatskappy besluit het om haar weer te nooi. Mnr Ernst Schutte, Direkteur van SAMUT, het gesê dat mej Sack se reaksie op die tweede uitnodiging onmiddellik en spontaan was. Gedurende haar toer van 1952 sou sy veertig konserte in Suid-Afrika gee en Kroonstad het vroegtydig aansoek gedoen om 'n konsert te bekom, 'n versoek wat deur die organiseerder toegestaan is. [81]

Die **Noordelike Stem** het gedurende 1952 nie veel aandag gegee aan musiekgebeure nie en die dorp se musiekonderwysers het ook nie moeite gedoen om resensies na die koerant toe te stuur nie, en die gevolg hiervan is dat resensies meesal niks meer as blote berigte was nie. Oor Erna Sack se tweede besoek aan Kroonstad bestaan daar dus slegs 'n kort berig wat melding maak van die "Duitse Nagtegaal" se konsert wat op 15 April in die stadsaal plaasgevind het, en dat daar 'n groot gehoor teenwoordig was. Die program wat sy voorgedra het is beskryf as "ietwat swaar" maar die gehoor het dit nogtans terdeë geniet:

"...'n Dawerende applous het die kunstenares elke keer weer terug op

die verhoog besorg. Die Afrikaanse nommers het besonder in die smaak van die gehoor geval en die pogings wat Erna Sack aangewend het, was besonder hoog waardeer."[82]

2.1.8 Heinrich Schlusnus

Onder die beskerming van die Kroonstadse Teatergroep, het die wêreldberoemde sanger, Heinrich Schlusnus op 28 November 1949 'n konsert in die stadsaal gegee. Hy is deur die Suid-Afrikaanse Musiek- en Teatermaatskappy na Suid-Afrika gebring. Die gegewens oor hom was as volg:

Heinrich Schlusnus is op 6 Augustus 1888 in Braubach, Duitsland, gebore. Op vierjarige ouderdom kon hy reeds die altstemme van al sy kinderliedjies sing. Hy het eers op sewentien in Frankfurt begin sangles neem. In 1927 het hy in New York opgetree, daarna in Engeland en in Europa. Schlusnus en sy begeleier, Sebastian Peschko, wat hom ook op sy Suid-Afrikaanse toer begelei het, het reeds veertien jaar saamgewerk.[83]

Omdat daar nie 'n resensie oor sy uitvoering in Kroonstad bestaan nie, is daar nie sekerheid oor watter een van die drie programkeuses wat in sy toerprogram gedruk is, hy uitgevoer het nie. Sy programme is opgestel uit Lieder van Schubert, Beethoven, Brahms, Hugo Wolf, Richard Strauss, en Benjamin Britten. Schlusnus het ook werke van die volgende Suid-Afrikaanse komponiste gesing: A van Wyk - **Vier Weemoedige Liedjies** naamlik **Vaalvalk, In Die Stilte Van My Tuin, Eerste Winterdag** en **Koud Is Die Wind**; Hendrik O Stein - **Op My Ou Ramkietjie** en **Die Ossewa.** Sy programme is afgesluit met uittreksels uit operas soos 'n Aria uit **Héroidade** van Massenet; 'n Aria uit **Andrea Chenier** van Umberto Giordano en 'n Aria uit **Die Gemaskerde Bal** van Verdi.

2.1.9 Marcel Wittrisch

In 1950 het die Kroonstadse Teatergroep in medewerking met die Suid-Afrikaanse Musiek- en Teatermaatskappy die beroemde tenoor Marcel Wittrisch na Kroonstad gebring. 'n Konsert is vir 24 Oktober gereël maar weens ongesteldheid van die sanger is dit verskuif na 5 Desember.

Marcel Wittrisch het nege-en-dertig beplande konserte op sy toer in Suid-Afrika gehad. In die middel van Desember 1950 het sy toer ten einde geloop en moes hy teruggaan Berlyn toe waar hy sou deelneem aan 'n nuwe

produksie van **Die Walkûre.** Wittrisch is beskryf as:

> "...A singer of great variety who combines the qualities of the heroic tenor with the charm of a lyric singer..." 84

Hy is in Antwerpen, België, gebore en het sy sangopleiding in Leipzig, München en Milaan ontvang. Sy eerste optrede het in 1929 in die Halle Landestheater in Brunswyk plaasgevind. As eerste tenoor van die Berlynse Staatsopera het hy onder die beroemdste dirigente van sy tyd opgetree soos Furtwängler, Kleiber, Blech en Bruno Walter. Sy vele reise het hom na stede soos Londen, Buenos Aires en Rio de Janeiro toe geneem. Hy het ook gereeld gesing in die Wagner Festspiele in Bayreuth en in Stuttgart.[85]

Oor sy vermoë as operasanger het **Die Noordelike Stem** as volg berig:

> "...The dramatic power and force of his heroic singing does more than justice to the demands of grand opera which explains the fact that he will again take the lead in the sacred musical drama 'Parsifal', by Wagner in next year's Bayreuth festivals. His ease and flow of voice is perhaps at its best in the genre of the Vienna operetta where he even surpasses Tauber." 84

Daar bestaan geen resensie oor Wittrisch se konsert in Kroonstad nie maar volgens die program het hy, afgesien van Lieder en opera-arias, ook werke van Suid-Afrikaanse komponiste gesing:

Frühlingsglaube en **Ungeduld** van Schubert; **Am Ufer des Flusses** en **Ständchen** van A Jensen; **Ich liebe Dich** en **Zur Johannisnacht** van Grieg; **Seligkeit** van Schubert; **The Source** van JA Carpenter; **Sally in our Alley** (sewentiende eeu); **The Miller of the Dee** (onbekend); **Fugit Imago** van Stephen H Eyssen; **Heimweë** van S Le Roux Marais; **Ek Sing Van Die Wind** van Walter Spiethoff; **Othello se Dood** uit **Othello** van Verdi; **Siegmund se Liefdeslied** uit **Die Walkûre** van Wagner; **Treu sein** uit **Eine Nacht in Venedig** van Kalman; **Zwei Märchenaugen** uit **Die Zirkusprinzessin, Wolgalied** uit **Der Zarewitsch** en **Gern hab ich Frauen geküsst** uit **Paganini** van Franz Lehâr.

2.1.10 Elizabeth Schumann

In 1951 het die Kroonstadse Teatergroep in medewerking met die Suid-Afrikaanse Musiek- en Teatermaatskappy, die wêreldberoemde Duitse sopraan, Elizabeth Schumann, na Kroonstad gebring. Haar uitvoering saam met haar begeleier Hubert Greenslade het op 5 April 1951 in die stadsaal plaasgevind. Haar program het uit die volgende werke bestaan: **Ich liebe Dich** van

Beethoven; **An Cloë** en **Warnung** van Mozart; **The She Gallant** van Eccles; **Auf Flügeln des Gesanges, Bei der Wiege, Der Mond** en **Frühlingslied** van Mendelssohn; **Der Einsame, Lachen und Weinen, Ständchen** en **Liebhaber in allen Gestalten** van Schubert; **Ich ging im Walde** en **Morgen** van R Strauss; **Wie bist du meine Königin** en **Wiegenlied** van Brahms.

Elizabeth Schumann het op agtienjarige leeftyd haar eerste buiging in die konsertsaal gemaak en het oor die hele Europa asook in New York opgetree. Die hoogtepunt van haar loopbaan was toe Richard Strauss haar genooi het om by die Weense Staatsopera aan te sluit. Daar het sy vir twintig jaar die Weense gehore bekoor. Sy is deur verskeie regerings vereer met ridderordes: die L'egion d'Honeur, die Griekse Orde van Jesus, die Hoë Orde vir Kuns en Wetenskap van Denemarke en Bulgarye, die Sweedse Hoë Orde vir Kuns, die Oostenrykse Kruis van Onderskeiding asook die Ring van die Weense Staatsopera.

Richard Strauss het haar by operaregisseurs aanbeveel as die "ideale Sophie" vir sy opera **Der Rosenkavalier.**

Mej Schumann is in Kroonstad begelei deur die Suid-Afrikaans-gebore pianis Hubert Greenslade. Hy is in 1909 in Kaapstad gebore maar het sy musiekopleiding as jong seun in Engeland ontvang. Hy het studiebeurse van Trinity College of Music en Cambridge ontvang en hom later toegelê op begeleiding. Hy het van die wêreld se bekendste kunstenaars begelei in Europa, Australië en Nieu-Seeland.[85]

In 'n berig wat oor Elizabeth Schumann se besoek geplaas is, is daar as volg oor haar besondere stem en talent gepraat:

> "South African critics are unanimous. 'The Queen of Song', the 'Woman with the Golden Voice' has lost nothing of her charm. Strauss said himself of Elizabeth Schumann that she was his ideal 'Sophie' in his 'Der Rosenkavalier'. In Johannesburg 2,000 usually undemonstrative concert goers warmly applauded her. We quote one critic: 'Madame Schumann's recital was a triumph of controlled artistry, it is not only that she is gifted with a voice of unique beauty and purity, though that alone would have been enough to place her in the top flight of the world's singers, but that she uses this marvellous gift with rare and subtle intelligence."[86]

Die kritikus Barbara Louw was veral beïndruk deur Elizabeth Schumann se suiwer en oortuigende aanvoeling vir die diepere betekenis van die liedere wat sy gesing het en het in haar resensie hoë lof gehad vir die kunstenares se beskeie verhoogpersoonlikheid :

"Vir diegene wat verwag het om op betowerende effekte en langgerekte, asemrowende klimakse vergas te word, was Elizabeth Schumann se konsert 'n teleurstelling. Vir die egte kunsliefhebber en musikale fynproewer aan die anderkant, was dit 'n geleentheid van louter geluk. Die ervaring by die aanluister van soveel skoonheid word miskien die beste uitgedruk in die slotsin van Strauss se treffende 'Morgen' wat so edel deur die kunstenares vertolk is: '...Stumm werden wir uns in die Augen schauen, und auf uns sinkt des Glückes stummes Schweigen..."

Die kunsliedere tel onder die waardevolste uitinge op die gebied van sang, en dit vereis 'n kunstenaar met gerypte insig om te laat reg geskied aan die vertolkings. Ten opsigte van die Kunslied skrywe 'n welbekende musiekkenner enige jare gelede: 'Ons soek verniet na die groot gebare, want wanneer die mens met ewige waarhede, soos die verganklikheid van die liefde en die lewe en met die eensaamheid van die mens op aarde, van aangesig tot aangesig te staan kom, word hy nederig as kunstenaar en as sterfling.' En dit is juis die spontane aanvoeling vir die subtiele betekenis en die diepe oortuiging waarmee Elizabeth Schumann die boodskap van elke lied oordra tesame met haar stil-beskeie, ongekunstelde optrede waarin die krag van haar kuns lê, veel meer as in 'n groot stemvolume en lang volgehoue note wat ontbreek.

Hubert Greenslade kom die eer toe dat sy begeleidings ontbloot was van elke spoor van grootdoenerigheid. Steeds bly sy gevoelvolle spel die simpatieke agtergrond en bied hy die allerbeste ondersteuning aan 'n groot kunstenares."[87]

2.1.11 Anne Ziegler en Webster Booth

Op 1 Mei 1956 het Anne Ziegler en haar eggenoot Webster Booth 'n konsert in die stadsaal gegee.

Webster Booth is in Birmingham, Engeland, gebore en het op jeugdige ouderdom die solo-koorknaap van die Lincoln Katedraal geword. Later het hy as 'n klerk in Birmingham gewerk totdat dr Richard Wassall, orrelis en koormeester van Birmingham Parish Church en dirigent van die Birmingham Orchestra sy talent raakgesien het en sy musiekopleiding op hom geneem het. Hy het gou 'n kontrak by die D'Oyly Carte Operageselskap gekry. 'n Deurbraak in sy loopbaan het gekom toe Sir Malcolm Sargent hom gevra het om saam met die Royal Choral Society op te tree in 'n uitvoering van die **Messias** in die Royal Albert Hall in Londen. Dit het die seël geplaas op sy reputasie as jong oratoriumsanger. Hierna het hy onder Sir Thomas Beecham gesing in produksies van **Der Rosenkavalier** en **Die Towerfluit** deur die International Opera by Covent Garden. Sy aantreklike voorkoms het hom ook 'n filmrol in die rolprent **Faust** besorg waar hy vir Anne Ziegler wat die rol van **Marguerite** gesing het, ontmoet het.

Anne Ziegler (neé Irene Frances Eastwood) het ook as kind reeds begin sing

in Engeland. Sy het verhoogondervinding opgedoen by die Liverpool Repertory Opera en het 'n uitvoering gegee in Londen. Sy het ook in ligte musiekaanbiedings van verskillende soorte soos pantomimes en musiekkomedies opgetree in Brittanje. In Amerika het sy New York aan haar voete gehad vir haar rol in die musiekblyspel **Virginia.**

Tydens hul toer deur Suid-Afrika in 1956 is die sangpaar as volg beskryf:

> "...The hero and heroine are now at the top of their profession: idols of the public and for all their success, unspoiled." [88]

In Kroonstad het die sangpaar hul gehoor bekoor deur hul aangename verhoogpersoonlikhede sowel as hul informele optrede. Hulle is deur Arthur Tatler begelei en Olga Rademan het die resensie geskryf. [89]

Mej Ziegler se skoonheid en lewenslustigheid het gekompenseer vir die enkele gevalle van verkeerde intonasie maar sy het 'n goeie beheer gehad oor haar solo-items waarvan die **June Rhapsody** van Landon Ronald opgeval het. Haar weergawe van Puccini se **O My Beloved Daddy** het haar interpretasievermoë ten toon gestel:

> "...but on the whole the rendering was marred by exaggerated sentimentality." [89]

Mnr Booth het dramatiese klimakse bereik in **The Minstrels from Easthope, Martin's Song Cycle, The Mountebanks** en **Trees.**

In die sangpaar se duette was dit duidelik dat hul reeds lank saamgewerk het aangesien hulle mekaar se geringste verskuiwings van gevoel, tempo en ritme volmaak aangevoel het.

Die program het hoofsaaklik bestaan uit uittreksels van musiekblyspele en die kritikus het gevoel die keuse van hul liedere was

> "...oversugary in the extreme, with very little variety." [89]

Die kritikus het laastens opgemerk dat dit jammer was dat die twee sangers wat so 'n groot bydrae tot oratorium en opera gelewer het, hulle gewend het tot ligte musiek.

2.1.12 Cecilia Wessels

Op 3 November 1956 was Cecilia Wessels die gaskunstenares tydens 'n konsert

in die stadsaal wat deur die Kroonstadse Musiekvereniging aangebied is.

Cecilia Wessels het in Mei 1956 teruggekeer vanaf Engeland na 'n afwesigheid van vyf jaar. In Europa is sy vereer as 'n groot kunstenares op al die belangrikste konsertverhoë. Die eer het haar ook te beurt geval om in 1953, tydens die kroningsplegtigheid van Koningin Elizabeth die Tweede in die Westminster Abbey-koor te sing. In dieselfde jaar het sy ook haar land verteenwoordig in die **Coronation Concert**, wat in die St Jamespaleis gehou is. [90]

Tydens haar konsert in Kroonstad is sy deur Blake Toerien begelei en die konsert het voor 'n waarderende gehoor in 'n vol saal plaasgevind.

Olga Rademan het in haar resensie gesê:

> "Dit was 'n voorreg om te kon luister na mej Wessels se sang. Die fyn afronding van haar voordrag, sowel as haar volkome selfvertroue getuig van 'n leeftyd toegewy aan haar kuns en jarelange ondervinding opgedoen in die konsertsale van verskeie Europese lande." [91]

Die goedversorgde program het verduidelikende programnotas gehad en die uiteenlopende verskeidenheid daarvan het die sangeres se veelsydigheid bewys:[92]

Die Ehre Gottes en **Die Trommel Gerühret** uit **Egmont** van Beethoven; **Recitativo en Aria** uit **Xerxes** van Handel; **Salomé se Aria** uit **Hérodiade** van Massenet; **Air de Lia** uit **L'Enfant Prodigue** van Debussy; **Liefdeswee** van Mornay du Plessis; **Die Roos** van S Le Roux Marais; **Wie Melodien zicht es mir** en **Botschaft** van Brahms; **Nacht und Träume** van Schubert; **Zueignung** van Strauss en **Vissi D'Arte** uit **La Tosca** van Puccini. Die program is afgesluit met 'n Mascagni-aria.

Olga Rademan het in haar resensie gesê dat die eerste groep Beethoven- en Handelliedere met gedrae sang uitgevoer is wat die gehoor ontroer het. 'n Hoogtepunt was egter die voordrag van die twee Franse arias:

> "Mej. Wessels het 'n besielende voordrag gelewer van Salome se aria, terwyl sy met volle oorgawe groot hoogtepunte bereik het in die meer dramatiese Air de Lia van Debussy." [91]

In die werke wat na pouse voorgedra is, het die sangeres bewys gelewer van haar insig en tegniek:

> "...Hier het haar vertolking bewys gelewer van haar diepe insig in

> liedersang en het haar ryp, resonante en tog dikwels gedempte toonklank 'n afronding verleen aan haar voordrag, waarmee jonger en minder ervare sangeresse nie kan meeding nie. Haar diksie en asembeheer veral was onberispelik."91

Die gehoor het met luide applous aan die einde van die program hul waardering te kenne gegee en Cecilia Wessels moes herhaaldelik toegifte sing.

As begeleier het Blake Toerien groot lof ingeoes;

> "Aan Blake Toerien, as begeleier, kom toe alle eer vir sy onberispelike en nette klavierspel en die lofwaardige wyse waarop hy hom van sy veeleisende taak gekwyt het." 91

'n Amusante insident wat buite die Kroonstadse stadsaal plaasgevind het onderwyl die konsert aan die gang was, het afbreuk gedoen aan die waardigheid van die geëerde dame wat al voor konings en staatshoofde opgetree het. 'n Groep seuns het naamlik klappers geskiet - 'n kwajongstreek wat net op 'n plattelandse dorpie kon plaasvind.

2.1.13 Mimi Coertse

In 1959 is die grootste saal in Kroonstad geopen naamlik die CR Swartsaal wat deel was van die gevangenisdiensontspanningsklub. In 1960 het die Kroonstadse Musiekvereniging hierdie groot saal wat agthonderd sitplekke gehad het en groter was as die ou stadsaal, tot hul beskikking gehad vir die konsert wat Mimi Coertse op 23 Mei gegee het.

Daar is groot belangstelling getoon in hierdie optrede aangesien dit die enigste dorp in die Vrystaat was waar sy opgetree het op haar kort besoek aan die Unie. Sy het spesiaal van Wenen af na Suid-Afrika gekom vir die Uniefeesvieringe waar sy die hoofrol gesing het in 'n aanbieding van **Rigoletto** in Bloemfontein.

Die plekbespreking vir die konsert was oorweldigend. Die oggend van die konsert het mnr Eric Massey, wat die plekbespreking waargeneem het, tweehonderd-en-een telefoonoproepe beantwoord van persone wat nog graag die konsert wou bywoon. 'n Hartlike ontvangs het die sangeres ook te beurt geval toe die dorp se mense, om hul lojaliteit teenoor haar te betuig, blomme uit hul tuine geskenk het sodat Winnie Kleinschmidt die saal daarmee kon versier:

> "...Massas rose het in blommetaal 'n boodskap van goeie wense oorgedra aan die beroemde kunstenares." 93

Nà die konsert is Mimi Coertse tydens 'n burgerlike onthaal, wat die stadsraad gegee het, onthaal. Afgesien van al die ruikers wat sy ontvang het, het mnr AJJ Duursema, die burgemeester, aan haar drie medaljes, geslaan ter herdenking van Kroonstad se eeufees, oorhandig.

Die berig[93] oor die konsert is deur 'n persoon geskryf wat met bewondering vir die sangeres vervul was maar weens 'n ooglopende gebrek aan musikale insig nie 'n ware resensie oor die konsert kon skryf nie. Haar program het uit werke van Monteverdi, Purcell, Schubert, Schumann en Wolf bestaan. Dit was egter vir die Suid-Afrikaanse liedere wat sy langdurige en dawerende applous ontvang het: **Kokkewiet** van PJ Lemmer, liedere van S Le Roux Marais, **Heimwee**, **Lentelied** en **Kom Dans Klaradyn** en as toegif **O Boereplaas.**

Sy is deur Gordon Beasley begelei.

2.1.14 Philip Markgraaf

Op 21 Augustus 1959 het die Suid-Afrikaanse bariton, Philip Markgraaf, 'n konsert in die Tegniese Kollegesaal gegee onder beskerming van die Kroonstadse Musiekvereniging. Hy was met 'n Kroonstadse dame, Ronel van den Berg, getroud.

Philip Markgraaf is in Transvaal gebore en het sy sangstudies op sewentienjarige ouderdom begin. Drie jaar later het hy sy eerste goue medalje op die Johannesburgse Kunswedstryd verower. Spoedig het hy veertig medaljes gehad. Daarna het hy deelgeneem aan radioprogramme gevolg deur konserte saam met die SAUK-orkes.

In 1927 het hy na Londen vertrek waar hy onder die beroemde leermeesteres Ray Henderson studeer het. In Oostenryk het hy by die Staatsoperaskool onderrig ontvang in die bel canto-styl. Hierdie sesjarige kursus het hy binne twee jaar voltooi en het daarna sy debuut op die Weense operaverhoog gemaak en opnames gedoen vir die Oostenrykse Radio.

Gedurende 1959 was hy op 'n konsertreis in Suid-Afrika en het hom in dieselfde jaar in Frankfurt gaan vestig om daar sy operaloopbaan voort te sit.[94]

Daar is geen resensie oor die konsert gepubliseer nie.

2.1.15 Antonia Risha

Op 31 Augustus 1960 het die Suid-Afrikaanse tenoor Antonio Risha 'n uitvoering

in die stadsaal gegee as gas van die Musiekvereniging.

Antonio Risha is in die Vrystaat gebore en sy besondere sangtalent is reeds vroeg geopenbaar. In 1953 het hy in Engeland gaan studeer onder Swales Atkinson wat hom aangeraai het om verder in Italië te gaan les neem. In Milaan het hy onderrig ontvang van Nino Piccaluga wat hom vir die operaverhoog voorberei het. In 1958 het hy sy debuut in Italië gemaak.

Antonio Risha was 'n liriese tenoor met 'n besonder goeie tegniek en musikale insig:

> "...A highly expressive flexible voice, together with polished artistry, have made him a versatile singer who handles classical and modern schools with equal conviction. As a South-African he is equally at home in the Afrikaans idiom," [95]

was een van die opsommings wat tydens sy konsertreis in Suid-Afrika oor hom gemaak is.

By sy terugkeer na Rome, waar hy hom gevestig het, sou hy rolle sing in **Rigoletto** en **La Traviata**, en sy optrede in Kroonstad was dus 'n afskeidskonsert. Sy program het bestaan uit uittreksels uit Italiaanse opera, wat goed ontvang is, maar toe hy meer bekende werke gesing het was die reaksie spontaan en hartlik. Hy het ook **Die Letaba** van S le Roux Marais gesing wat dawerende applous ontvang het, waarna hy 'n hele reeks toegifte moes gee.[96]

2.1.16 Nohline Mitchell en Rita Roberts

Op 16 Februarie 1962 het Nohline Mitchell, die Johannesburgse koloratuur Rita Roberts en die pianis Derik van der Merwe 'n konsert in die Suidrandskoolsaal gegee as gaste van die Musiekvereniging.

Die twee sangeresse het baie in gemeen gehad: albei het jonk begin sing en was gerypte konsert- en radiokunstenaars; albei het ook sedert 1957 in Johannesburg en Pretoria opgetree in operas vir die South African Federation for Opera, National Opera Association, Rota Opera Company, Opera-vereniging van Suid-Afrika en Johannesburg Operatic and Dramatic Society.

Rita Roberts is in Kaapstad gebore en het haar opleiding in Port Elizabeth en Johannesburg ontvang. Sy was 'n student van Madame Stella Cavalli en Betsy de la Porte. Haar opera-optredes in leidende rolle het **Madame Butterfly**, **The Telephone**, **Rigoletto**, **Faust**, **Don Pasquale**, **The Barber of Seville**

en **La Traviata** ingesluit, en in 1961 het sy as **Violetta** in **La Traviata** opgetree tydens Mimi Coertze se ongesteldheid. Sy het ook in operettes soos **The Vagabond King** en **The Gondoliers** sukses behaal.

Derik van der Merwe is in Bethlehem gebore en het die Graad BMus in 1944 aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal. Hy het ook aan die Universiteit van Kaapstad en Oranje-Vrystaat studeer. In 1954 is hy na Amsterdam, waar hy in teoretiese vakke, klavier, sang en begeleiding onderrig ontvang het van bekende leermeesters soos Jaap Spaanderman, Noëmi Perugia van Parys en Bertus van Lier. Tydens die konsert in Kroonstad was mnr Van der Merwe verbonde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se Musiekdepartement.[97]

Die program het bestaan uit 'n versameling Spaanse, Italiaanse en Russiese liedere, opera-arias en duette.

2.1.17 Cato Brink

Op 5 Oktober 1962 het die Musiekvereniging 'n konsert in die stadsaal aangebied deur die wêreldbekende Suid-Afrikaanse sopraan Cato Brink, wat deur Lourens Faul begelei is. Cato Brink is in Rustenburg gebore en het in 1955 na Wenen vertrek om haar daar aan die Operaskool as sangeres te bekwaam. Gedurende 1957 en 1958 het sy haar eerste Suid-Afrikaanse konserttoer onderneem. Sy het haar in Düsseldorf gevestig en het nog slegs een maal in 'n opera in Suid-Afrika gesing naamlik in TRUK se aanbieding van **Die Fledermaus** in 1967.[98]

Henk van Eck (hoof van musiek aan die plaaslike Tegniese Kollege), het gesê dat Cato Brink 'n eie en uitsonderlike plek onder die Suid-Afrikaanse sangeresse ingeneem het en die spanning en inhibisies wat elke verhoogkunstenaar ervaar, het sy getransformeer tot 'n volmaakte dissipline. Van Eck het ook gesê haar

> "...boeiende, ekonomiese verhoogmaniere en 'maniertjies' is van 'n pop-agtige funksionaliteit maar agter hierdie pop is heelwat menslike, jeugdige vuur."[99]

In die lig-dramatiese en skalkse het Cato Brink tuisgehoort. Sy het ook 'n hele paar kunsliedere in haar program opgeneem maar die kritikus het geglo dat haar stem nie by die diepsinnige en literêre kunslied tuishoort nie:

"Daarvoor mis haar stem te veel aan warmte en volume in die middelregister. Haar asem lê 'hoog' en haar toonkwaliteit, saam met haar besondere aktiveervermoë leen hom in hoë mate vir die lig-dramatiese, waarin sy dan ook uitblink. Die oorbekende opera-arias herskep sy tot frisse, boeiende werkstukkies."[99]

2.1.18 Doris Brash en Bob Borowski

Op 19 April 1963 het die Musiekvereniging 'n konsert in die stadsaal aangebied met Doris Brasch en Bob Borowski.

Doris Brash se talent is op 'n baie vroeë ouderdom reeds ontdek en sy het later een van Suid-Afrika se gewildste sangeresse geword. Haar loopbaan getuig van veelsydigheid, en sy het in operas en oratoria opgetree, was 'n liedersangeres, en het talle suksesvolle optredes saam met die SAUK-orkes gehad.

Bob Borowski het as sesjarige koorknaap begin sing en is nà matriek in 1946 aangestel as koorlid in die Johannesburgse Operaseisoen. Gedurende die jare 1951 tot 1954 het hy leidende rolle in talle operas en oratoria gesing. In 1954 het hy onder Gilda Alfano in Rome gaan studeer. Vanaf 1956 het hy as hoofbariton hoofrolle in talle Suid-Afrikaanse produksies van operas soos **Madame Butterfly**, **La Traviata** en **La Boheme** gesing.[100]

Daar bestaan geen program of resensie van die konsert nie.

2.1.19 Die Orpheus-Kwartet

Op 7 Februarie 1964 het SUKOVS die Orpheus-Kwartet na Kroonstad gebring. Die dirigent en begeleier was Adolph Hallis, wat bekende wysies uit Ierland, Skotland, Wallis, Duitsland en Suid-Afrika verwerk het in 'n keurspel wat deur die kwartet uitgevoer is. Die vier vokale soliste was Jos Jansen (tenoor), Leslie Philips (tenoor), Hugh McLeod Robertson (bariton) en Rudi Neitz (bas).

Afgesien van die ligte verwerkings het hulle ook arias uit operas gesing, soos uit **Die Towerfluit** (Rudi Neitz), duette uit **Cosi van Tutte** (Jos Jansen en Hugh Robertson), Afrikaanse liedere soos **Heimwee** (Leslie Philips) en Amerikaanse liedjies soos **Ol' Man River** (Hugh Robertson).[101]

Die konsert in die stadsaal is ontstig deur 'n kriek. Hierdie grappige

insident was in lyn met talle dinge wat verkeerd verloop het tydens konserte in die ou stadsaal. Hierdie keer het die insek glo met sy lawaai begin toe die Italiaanse items aan die gang was.[102]

Tydens die konsert is

> "...lewendige sang met 'n ruime skaal van toon- en uitdrukkingskakering..."

gehoor. Die enigste kritiek wat geopper is was die feit dat die Amerikaanse liedjies van Stephen Foster hulle karakter verloor het deur die Afrikaanse vertaling daarvan.

Hallis se lewendige verwerking van **Polly-Wolly-Doodle** het 'n goeie voorstelling gegee van die wilde Weste en hier het die sangers ook pistole op elke heup gedra. In die verwerking van **Liewe Martatjie** is 'n Weense atmosfeer van elegansie geskep.

Adolph Hallis het ook Chopin se derde **Ballade** en Liszt se **Chant Polonaise** gespeel.[102]

2.1.20 Joyce Barker

Op 26 April 1964 het die sopraan Joyce Barker haar Vrystaatse debuut in Kroonstad gemaak. Haar konsert in die CR Swartsaal is moontlik gemaak deur SUKOVS, en sy is deur Hennie Joubert, toe van die Pretoriase Konservatorium vir Musiek, begelei. Die eerste deel van die program het uit liedere van Purcell, Bach, Handel, Schubert, Schumann en Rachmaninov bestaan, van laasgenoemde komponis byvoorbeeld **The Lilacs** en **The Harvest of Sorrow.** Onder die opera-arias was haar vertolking van **L'Altra Notte in Fonda** uit die opera **Mephistopheles** van Boito, 'n hoogtepunt.[103]

2.1.21 Emmerentia Scheepers

Op 7 Oktober 1964 het die Kroonstadse Musiekvereniging 'n uitvoering deur die sopraan Emmerentia Scheepers in die stadsaal aangebied. Sy is deur Hennie Joubert begelei. Die eerste deel van haar program het uit Lieder van Mozart, Schubert, Schumann, Brahms, Wolf, Arnold van Wyk en S le Roux Marais bestaan. Die kritikus het gevoel dat haar stem te "fors" was vir die liederprogram en het die vraag gevra of daar 'n groot aanpassing bestaan vir 'n operasanger om ook die kunslied tot sy reg te laat kom. Die tweede deel van die program het uit opera-arias bestaan waarin sy geskitter het.[104]

Emmerentia Scheepers het 'n beurs van UNISA gewen waarmee sy in Europa gaan studeer het. Sy het vinnig opgang gemaak en in 1961 het sy as hoofsopraan die rol van **Sieglinde** in **Die Walkūre** van Wagner gesing in die Badisches Staatstheater. Haar repertoire het operas ingesluit soos **Forza del Destino, Il Trovatore, Aïda, Simone Boccanegra** en **Tosca.**[105]

2.1.22 Hanlie van Niekerk

Op 23 Februarie 1965 het Hanlie van Niekerk, begelei deur Hennie Joubert 'n uitvoering in die stadsaal gegee. Haar program het uit die volgende werke bestaan: **Hear Ye Israel** uit **Elijah** van Mendelssohn; twee vroeë Italiaanse liedere van Bononcini en Caccini; 'n Mozart-aria; vier liedere van Arnold van Wyk en arias uit **La Boheme** en **Madame Butterfly.** Ná pouse het agt **Sigeunerliedere** van Brahms gevolg en die konsert is afgesluit met die arias **D'Amour Sull, Ali Rosee** uit **Il Trovatore; Vissi D'Arte** uit **Tosca** en **In Questa Reggia** uit **Turandot.** [106]

Hierdie sangeres wat reeds in operahuise in Berlyn, Wenen, Lissabon, Amsterdam en Kassel opgetree het, was besonder geliefd by die publiek, en sy is vir haar innemende persoonlikheid geprys. Haar uitvoering in Kroonstad

> "...was van die verwagte hoë gehalte, beide wat sang en begeleiding betref, en die stampvolle stadhuis het getuig van die waardering wat ons hier vir Hanlie koester." [107]

Die verslaggewer het aan die einde van die konsert 'n kostelike gebaar van die sangeres opgemerk: toe sy applous ontvang, het sy outomaties haar oë na die plek in die saal gedraai waar die galerye van 'n operahuis sou wees.

2.2 Besoekende Kore

Die eerste konsert deur 'n besoekende koor het in 1928 plaasgevind. Gedurende die dertigerjare was daar toe egter geen koorkonserte nie, in die veertigerjare slegs twee, en gedurende die vyftigerjare is ses konserte deur besoekende kore aangebied. Drie oorsese kore, naamlik die Weense Seunskoor, 'n Oostenrykse volksanggroep en die Nederlandse Kamerkoor was onder die besoekers.

2.2.1 Die Durbanse Seunskoor

Op 21 Januarie 1928 het die Durbanse Seunskoor onder leiding van Arthur

Tann in die stadsaal opgetree. Die gedissiplineerde sang en afgeronde musikale uitvoering van die seuns het die gehoor volkome geboei. Elke koorstuk is in die resensie bespreek en spesiale melding is gemaak van twee werke waarin die klank van doedelsakke en die Durbanse Stadsorkes nageboots is:

> "...The programme opened with a unison song, entitled 'When the heart is young', and the audience had hardly settled back in their seats before they knew that here was something they would never regret having heard. This first item was all the title implied - a joyous, care-free melody, which made an instant appeal and ended with the audience clamouring for more, whereupon the boys gave a rendering of 'The Keel Row'. In portions of this song the conductor left the boys singing entirely without accompaniment, and, as the voices grew softer or broke into a sudden crescendo the audience sat breathless, and for several seconds after the last notes had died away there was dead silence, this eloquently testifying to the way in which the boys had captured their hearers. A solo by Aubrey Chamber followed, the boyish voice, clear as a bell, delighted all the 'Praise be to God'.
>
> Beryl Lambert, a mere child, recited splendidly, after which the boys sang 'The Nightingale's Trill' and 'Oh! No, John' the second of these causing merriment amongst the audience.
>
> Then followed the finest piece of the evening, 'Ora Pro Nobis', a duet by Cesaire Chambers and Jack Nash, two of the youngest members of the choir, who held their hearers spellbound during the magnificence of the composition and evoked thunderous applause when they had finished.
>
> The violin playing of Miss Constance Watt was a revelation and she showed herself to be among the very front rank of performers.
>
> In 'The Galway Piper', a piece which represented the approach and march past of a piper, the boys gave a remarkable imitation of the skirling of pipes, while they sang with ease the round 'Hot Cross Buns'.
>
> The second half of the programme was in all respects as good as the first, the outstanding items being a violin solo by Miss Watt and another duet by Cesaire Chambers and Jack Nash, entitled 'The Moon hath Raised her lamp'. The alto in this piece was especially beautiful. The almost forgotten waltz song, 'Mello Moon', was revived with immense success by the choir, and 'The Sergeant Major', in which the boys showed their ability for comedy, evoked roars of delightful merriment.
>
> A parodied version of Psalm 29 was another item which met with an excellent reception, while the request item, 'Excelsior', a most difficult composition, was sung with ease and ability.
>
> An operatic finale and a humorous sketch of the Durban Orchestra completed a splendid programme." [108]

2.2.2 Professor Lemmer se Koor

Op 27 April 1942 het raadslid JC Fowler tydens 'n vergadering die stadsraad se steun gevra om 'n belangrike musiekuitvoering in Kroonstad te laat plaas-

vind. Professor PJ Lemmer van Bloemfontein het beoog om die gewyde kantate van GF Root, **Dawid Die Herderseun**, wat hy reeds in Bloemfontein opgevoer het, deur die platteland te neem. Hy het Kroonstad op 27 April besoek om die mening van verskillende onderwysers in te win oor die moontlikheid daarvan om die kantate op die dorp uit te voer. Die koor het uit honderd-en-veertig lede bestaan en daar was ook soliste en 'n orkes, en die koste verbonde aan die opvoering is op vierhonderd pond beraam. Mnr Fowler, wat die stadsraad om finansiële bystand gevra het, was van mening dat dit die mees ambisieuse onderneming op musikale gebied was in die geskiedenis van Kroonstad. Die burgemeester, Dr FAS van Reenen het gesê:

> "The presentation of the cantata would add something to the musical education of Kroonstad, as the ears of the public had been inclined too much to canned music by way of gramophone records and the radio. Mr Fowler had touched on something really worthwhile." [109]

'n Dameskomitee is saamgestel om die Bloemfonteinse besoekers van etes te voorsien, en mnr CP Venter, voorsitter van die reëlingskomitee, het op 22 Mei 'n beroep op die publiek gedoen om die uitvoering by te woon met die versekering:

> "Our Town Council is supporting this undertaking in a way worthy of our town."

Die deelnemers het per trein gereis en op Kroonstad by dorpsmense tuisgegaan. Die twee uitvoerings van **Dawid Die Herderseun** het op 30 Junie in die stadsaal plaasgevind en is beskryf as

> "...die genotvolste musiekaand nog ooit in Kroonstad gehou..."[110]

Musiekliefhebbers het in groot getalle uit omliggende dorpe opgedaag om die saal te vul.

Die kantate, wat uit twaalf dele bestaan het, is onder leiding van professor Lemmer en 'n koor van honderd-en-veertig stemme uitgevoer. Die orkesleier was mnr V Pohl en die soliste was A Jackson en M Wessels (soprane), D Marais en P de Wet (alte), C Barry, DJ Roode en B Kok (tenore), JW Fourie (bariton) en A Goosen en J Rossouw (basse). Die klavierbegeleiding is deur mev H van der Merwe Scholtz gespeel.

2.2.3 Die Stellenbosse Kweekskoolkoor

Die Stellenbosse Kweekskoolkoor het by twee geleenthede in Kroonstad opge-

tree. Die eerste keer was op 24 Junie 1946, toe hulle met vyf-en-dertig lede onder leiding van professor G Cillie 'n konsert in die stadsaal gegee het. Die program het ook 'n spreekkoor, sangitems en 'n toneelstuk **Rowwe Erts** ingesluit. Hennie Joubert was pianis en begeleier, en sy voordrag was voortreflik:

> "As pianis reis met die studente saam, Hennie Joubert, van die Conservatorium, Stellenbosch. Hierdie negentienjarige seun is die wenner van die oorsese beurs vir verdere musiekstudie wat toegeken word aan die kandidaat wat die hoogste aantal punte in die Unie in die Lisensiaateksamen behaal, hetsy sang, klavier of viool.
>
> Hennie Joubert het die prys as pianis verower, en elkeen wat hom sien optree het, kan getuig dat vir hierdie jong kunstenaar gewis 'n groot toekoms in die musiekwêreld wag. Waar hy die verskillende werke van Glinka, Brahms en Mozart ten beste vertolk het, was sy vertolking van 'A Romp' van York Bowen, onvergeetlik."[111]

Die soliste was Louwtjie en Albie Louw (tenore) en Jan Louw (bariton). Die koor is geloof veral vir hul treffende vertolking van die verskillende gewyde werke van Schubert en Bach.

Die tweede konsert deur die Kweekskoolkoor het op 8 Julie 1950 in die stadsaal plaasgevind, en by hierdie geleentheid het die Kroonstadse violiste Pietra Uys ook aan die program deelgeneem. Die soliste het volgens die kritikus "JMW" onberispelike voordragte gelewer maar die koor het nie aan die verwagtings voldoen nie:

> "...Tog verdien die koor nie ongekwalifiseerde lofuitinge nie. Te dikwels het die jong manne geneurie i.p.v. met gloed en durf sing; te dikwels het meer as die helfte van die koor vir die leier, prof. Cillie gesing en nie vir die gehoor nie. Prof. Cillie het 'n merkwaardige beheer oor sy koor maar sy beheer was soms so stroef dat ons lus gevoel het om vir hom te skree om pad te gee en die koor toe te laat om te sing, luid saam met ons. Dit is al kritiek wat ons op die kooruitvoering kan uitoefen..."[112]

Die program het, volgens die kritikus, uit die volgende werke bestaan:

> "Ten aanvang het die koor 'n keur van Psalms baie gevoelvol voorgedra. Willie du Plessis het twee Schubertliedere pragtig vertolk en 'n besonder fraai stem openbaar. Piet de Villiers se klaviersolo, 'Die Vlinder' van Schumann, was onverbeterlik maar die koor se uitvoering van 'Die Heer is my Herder', het die eerste blyke gegee van die oorstrenge beheer en die neiging om te neurie. Johann Martinson het sy volle basstem pragtig laat geld en Jozua Serfontein wat as solis saam met die koor opgetree het in die laaste nommer voor pouse, het getoon dat hy 'n bariton-stem en stembeheer het waarin groot belofte skuil.
>
> Die gehoor het die koor se uitvoering van Amerikaanse Negerliedere

> gewis baie geniet. Hier het prof. Cillie hulle effens skiet gegee en wat mens veral getref het was die koor se goeie diksie. Anneen Leeuner se sopraansolo was een van die hoogtepunte van die aand." [112]

Die violiste Pietra Uys het 'n vioolsolo saam met 'n spreekkoor uitgevoer wat Uys Krige se **Die Soldaat**, voorgedra het. Hierdie item is as die hoogtepunt van die aand beskou -

> "...Pietra Uys, welbekend in Kroonstad, het op haar gebruiklike wyse met besondere tegniese bekwaamheid gespeel. Sy het tereg die groot ovasie verdien wat sy gekry het." [112]

Die laaste deel van die program was volgens die kritikus die swakste omdat die koor weer eens sonder oorgawe gesing het.

> "...'Stille Nag' is iets wonderlik aangrypends, maar nie as dit geneurie word nie, en 'Hef op die Hart' van Schubert kan, indien dit met gloed gesing word, mense laat reik na die grootste en hoogste, maar as dit sonder geesdrif en sonder samevloeiing gesing word, kan dit vervelend wees." [112]

2.2.4 Die Weense Seunskoor

Die Weense Seunskoor het drie keer in Kroonstad gesing, in die jare 1952, 1955 en 1959. Op 17 April 1952 was hulle in die Empire-teater onder leiding van Friedrich Brenn, op uitnodiging van die bestuurder van die teater, mnr Edwards. Die program het uit twee afdelings bestaan naamlik geestelike en sekulêre musiek. Dit is ingelei met **Die Stem** en **God Save the Queen** waartydens die gehoor gestaan het. Hierna is die volgende werke gesing: **Salvator Mundi** van Palestrina; **Pueri Concinite** van Gallus; **Duo Seraphin** van Vittoria; **Exultate Deo** van Bruckner; **O Bone Jesu** van MA Ingegnert; **Adeste Fideles**, 'n Kerslied; **Ave Verum Corpus** en **Laudate Dominum** van Mozart; **Ave Maria** van Schubert; **Ständchen** en **Die Nachtlied** van Schubert; **Die Rose stand im Tau** van Schumann; **Wach auf mein Herzens Schöne** en **Waltzer** van Brahms; die volksliedjies **Es Wollt ein Jägerlein jagen, Schwedisches Studentenlied** en **Aba Heidschi; Schlummerlied aus Indigo** en **Geschichten aus dem Wienerwald** van Strauss.[113]

Die uitvoering deur die Weense Seunskoor het 'n groot indruk op die gehoor gemaak, wat hulle aangemoedig het met goeie applous:

> "...the boys left a lasting impression and a memory which will be cherished by all who had the opportunity of attending this great performance.[114]

Hulle tweede besoek aan die dorp het op 26 Mei 1955 plaasgevind en hulle is weer met groot entoesiasme deur die publiek ontvang.

> "The booking for the famous Vienna Boys' Choir has met with great enthusiasm from the public. The seats were sold out in less than an hour's time and others were snapped up just as eagerly."[115]

Geen program of resensie bestaan oor hierdie besoek nie.

Op 5 Junie 1959 het die Weense Seunskoor onder leiding van Helmuth Froschauer vir die derde keer in Kroonstad opgetree, en later in die jaar was daar ook 'n ander groep uit Oostenryk, naamlik 'n volksang- en dansgroep wat op 7 November in die De Wet Erlanksaal 'n konsert gegee het. Albei groepe is op spesiale wyse deur die burgemeester, mnr AJJ Duursema, ontvang en gedenkpennings is aan hulle oorhandig, 'n gebaar wat gedui het op die stadsraad se beleid om musiek in die dorp te bevorder.

2.2.5 Die Bethlehemse Mannekoor

Op 14 Maart 1959 het die Bethlehemse Mannekoor 'n konsert onder leiding van Andries Wasserman in die stadsaal gegee. Saam met hulle was daar ook Bethlehemse soliste, Nonna Kol (sopraan), Attie Badenhorst (klavier) en Rien Schimmel (viool). Geen program of resensie bestaan oor die konsert nie.

2.2.6 Die Stellenbosse Universiteitskoor

Die Stellenbosse Koor het op 11 Julie 1961 in die stadsaal opgetree. Hulle het onder leiding van Phillip McLachlan gestaan en was op 'n konserttoer om hul vyf-en-twintigste bestaansjaar te vier. Die eerste deel van hul program het uit gewyde musiek bestaan waaronder Afrikaanse Psalm- en liederwysies sowel as Benjamin Britten se Kerskantate, **A Ceremony of Carols.** Geen resensie is oor die uitvoering geskryf nie.

2.2.7 Die Bethlehemse Dogterskoor

Op 19 September 1961 het Andries Wasserman se dogterskoor van Bethlehem 'n konsert in die stadsaal gegee, met die bekende Bethlehemse pianis Attie Badenhorst as solis. Die program het gewyde en klassieke werke ingesluit, asook Afrikaanse liedjies en volksliedere uit verskeie lande. Die Kroonstadse sangeres Martie Wege het as soliste opgetree.

Henk van Eck het 'n resensie oor hierdie konsert geskryf en het die dirigent geprys vir die wyse waarop hy 'n volledige program kon aanpak met slegs 'n dogterskoor:

> "Andries Wasserman slaag daarin om 'n soliede koorklank op te bou en om die galm-effek, wat by hoërskooldogters soms hinderlik kan wees, tot 'n minimum te beperk. Daar is ook goeie stemmemateriaal in sy koor waarvan hy 'n ekonomiese gebruik maak...Die Koor het soos 'n wafferse universiteits-ensemble vertroue en belangstelling gewek en verdien." [116]

Ook Martie Wege, wat met die kooritems afgewissel is, het uitmuntend gevaar:

> "Sowel in haar Negerliedere, waarin diep-ingeleefde sang gelewer is, as in die ander groepe, het Martie Wege haarself dikwels oortref in vertolking, intonasie en diksie. Die Saint-Saëns-groep het 'n ware herskepping ondergaan." [116]

2.2.8 Die Vanderbijlparkse Duitse Mannekoor

Op 18 November 1961 het die Vanderbijlparkse Duitse Mannekoor in die stadsaal opgetree. Hierdie koor wat in 1951 gestig is was reeds landswyd bekend vir hul konserte en radio-uitsendings.

Hulle program het 'n groep Duitse liedere soos Brahms se **Ungarischer Tanz**, Schubert se **Nächtliches Ständchen** en die **Lorelei** ingesluit asook Afrikaanse volksliedere. Nå pouse is die program gewy aan Duitse Kersliedere soos **Heilige Nacht** van Beethoven, **Ehre sei Gott in der Höhe** van Schubert, **Stille Nacht** van Gruber en **O Tannenbaum.** [117]

2.2.9 Die Nederlandse Kamerkoor

Die Nederlandse Kamerkoor onder Felix de Nobel het op 5 Junie 1963 'n konsert in die stadsaal aangebied. Hulle was op hulle eerste besoek aan Suid-Afrika en het opgetree onder beskerming van SUKOVS. Geen verdere besonderhede is oor hulle konsert in Kroonstad gepubliseer nie.

2.3 Opera-aanbiedings deur besoekende kunstenaars

Opera-aanbiedings deur besoekende kunstenaars in Kroonstad was maar dun gesaai. In die tydperk nå 1905 het die inwoners die leemte aan operaaanbiedings gevul deur self produksies aan te pak. Tussen 1949 en 1958 is

slegs vyf volledige operas aangebied deur besoekende geselskappe. Die Kroonstadse Musiekvereniging was verantwoordelik vir die onderhandelings om drie operas in Kroonstad op te voer naamlik **Cavalleria Rusticana** en **The Impresario*** in 1953 en **Madame Butterfly** in 1958. In 1956, 1961 en 1964 is drie konserte aangebied wat bestaan het uit opera-uittreksels.

Die bogenoemde aanbiedings het saamgeval met die oplewing van opera en die stigting van verskillende operaverenigings in Johannesburg en Pretoria gedurende die vyftigerjare. Twee van die aanbiedings in Kroonstad is dan ook gedoen deur die National Opera Association of South Africa en die Operavereniging van Suid-Afrika wat onderskeidelik in 1955 en 1956 in Johannesburg gestig is. 'n Spesiale skakel het ook tussen die verenigings en Kroonstad bestaan deur Nohline Mitchell, plaaslike sopraan wat hoofrolle vir hulle gesing het in verskeie produksies.

Eers nadat die Streekrade vir die Uitvoerende Kunste in 1963 gestig is, het SUKOVS gereeld opera in Kroonstad opgevoer, aanvanklik in die ou stadsaal en vanaf 1976 in die Burgersentrum.

2.3.1 Die Potchefstroomse Onderwyskollege - The Gondoliers

Op 13 September 1949 het die Potchefstroomse Onderwyskollege **The Gondoliers** van Gilbert en Sullivan in die stadsaal opgevoer. Die operette is deur 'n orkes begelei en mejj M du Toit en V Hattingh en mnre Silvanus, A de Kock en Dawid J Haasbroeck het die hoofrolle gesing.

Die opvoering het groot sukses geniet:

> "The Town Hall was packed and every one enjoyed the delightful singing and playing of the players".

Die resensie het die verhaal van die operette kortliks weergegee en die volgende oor die sangers gesê:

> "Silvanus A. de Kock and Dawid J. Haasbroeck portrayed admirably the roles of the two gondoliers Marco and Guiseppe, while Ria Rousseau, as Casilda the beautiful daughter of the Duke and Duchess of Plaza-Toro and the fiancé of the gondolier-prince stole the heart of the audience. On the whole the singing was quite good and, although it was clear that the players were all amateurs, they made up for this with their enthusiasm." [118]

---

* **Der Schauspieldirektor**

2.3.2 Volksteater - Cavalleria Rusticana en Impresario

Op 24 Julie 1953 is aangekondig dat die Kroonstadse Musiekvereniging onder die voorsitterskap van mnr I van Rooyen besig was om met die Volksteater in Pretoria te onderhandel met die doel om twee operas naamlik **Cavalleria Rusticana** (Mascagni) en **The Impresario** (Mozart) op 17 Oktober in die stadsaal aan te bied.

Alhoewel daar van die begin af groot twyfel bestaan het oor die finansiële sowel as die musikale sukses van so 'n aanbieding, het die goeie voornemens van die Musiekvereniging se komitee die vlam van hoop brandend gehou, en nadat hulle met mnr Van Rensburg, bestuurder van Volksteater, onderhandel het was hulle van nuuts af begeesterd aangesien mnr Van Rensburg hulle die versekering gegee het dat sy personeel die saak deeglik sal aanpak.

Die komitee was aanvanklik bekommerd oor die finansiering van die aanbieding en het 'n spesiale beroep op die Kroonstadse publiek gedoen om die saak te ondersteun. Hulle het dit as 'n noodsaaklike kultuurdiens beskou:

> "...The expense involved in such an undertaking is tremendous, and it is why the Music Society calls for support from the general public. After all, why should Kroonstad not present to its townfolk, and for all interested in the Northern Free State at least one opera in English and one in Afrikaans once a year?...Support this excellent venture, and thus help to make Kroonstad the 'Music centre' of the Northern Free State." [119]

Teen 7 Augustus was die onderhandelings tussen Kroonstad en Pretoria gefinaliseer en is plekbespreking vir die twee operas oopgestel. Die toegangsgeld vir die middagvertoning was 80 sent en een Rand en vir die aandvertoning een Rand en een Rand twintig sent. Die Musiekvereniging moes 'n waarborg van ses-honderd Rand gee, en indien daar nie genoegsame plekbespreking voor 31 Augustus plaasvind nie, moes die plan skipbreuk lei.

Die aanbieding van hierdie twee operas, wat ook op ander plattelandse dorpe deur Volksteater aangebied sou word, was ongetywfeld hul mees ambisieuse onderneming. Volksteater het sedert sy ontstaan reeds met lofwaardige pogings na vore gekom maar hul groot doel was om die volk te vermaak en op te hef:

> "...Die vernaamste doeleindes van die vereniging was om die alomvattende lewe, soos dit in die groot dramas weerspieël word, op die bes moontlike wyse aan 'n jong volkie te bring; om die toneelskrywers en vertolkende kunstenaars 'n geleentheid te gee om hulle talente te ont-

> wikkel en uit te leef; om verdieping in 'n volk se ontspanningstyd te bring en om die volk te besiel, maar ook tot nadenke te stem." [120]

Om die kostes van die produksie so laag as moontlik te hou, het Kroonstadse families aangebied om die sowat twintig orkeslede en vyftig koorlede en soliste op 17 Oktober as gaste aan huis te neem. Die twee nagte wat die geselskap op Kroonstad sou wees, het hulle in die spesiale trein waarin hulle gereis het geslaap. [121]

Die vrees wat die Musiekvereniging gekoester het dat hul dapper poging sou faal, was gelukkig ongegrond. Nà die opvoering van die twee operas kon daar in 'n hoofopskrif geroem word oor die sukses van die aanbieding:

> "For the first time in its history Kroonstad's Town Hall echoed to the stirring strains of grand opera, and those who were responsible for organising the event, namely the Kroonstad Music Society, can be justly proud of the success of their venture." [122]

In 'n resensie oor die opera wat onder die produksie van Isobel MacLarren gestaan het en deur haar eggenoot, Arnold Fulton, gedirigeer is, is lofbetuigings uitgespreek oor die besonder treffende dêcor, die goeie gehalte van die soliste en koor asook die deelname van 'n orkes:

> "...The curtain rose on 'Impresario' showing a modern decor in black and white, striking in its simplicity. The three stars of this opera, Johanna Uys, Charlotte Albertyn, and Mellet in the afternoon and Roberts in the evening as the impresario were all outstanding in their humorous interpretation of the comic situation. The quality of the voices was excellent and the interplay between the two spirited 'prima donnas' and the 'impresario' caused many a chortle. Special mention must be made of the excellent trios sung by these artists.
>
> After the black and white decor of the former opera, the colourful setting of Cavalleria Rusticana was most delightful to the eye. The gaiety of the chorus was catching, and yet the impending tragedy caused by Santuza's jealousy formed an undercurrent all the while. There too the principals are to be congratulated for a truly excellent performance. Santuza, Turido and Alfio, each in his or her own way, portrayed a living character to perfection. The agony of mind experienced by Santuza (Myra Hutchisson) in the evening performance of Cavallieria when she realised what calamitous results her jealous words to Alfio would produce, was wonderfully mimed by this polished artist, in fact, her whole performance was of the highest quality, although there were one or two occasions when one wished for just a little more volume to overcome the orchestra...The chorus work throughout was very good, and each and every one who took part in the two operas is to be congratulated on a splendid performance." [122]

Die enigste swakheid in die opera was die rol van **Lola** wat ter nouernood deur 'n tweede persoon gevul moes word nadat die oorspronklike sangeres siek

geword het.

Die orkes wat uit om en by twintig lede bestaan het, is saamgestel uit lede van die Johannesburgse Stadsorkes.

Aan die einde van sy resensie het die kritikus sy gelukwense uitgespreek teenoor die Volksteater se bestuurder asook die verhoogbestuur en sy spanlede wat so 'n groot sukses behaal het met amateurmateriaal.

Na afloop van die opvoering is die operageselskap, lede van die musiekdepartement van die Tegniese Kollege en die Musiekvereniging deur die burgemeester, mnr Symons, onthaal. Die burgemeester het die operageselskap gelukgewens en bedankings is uitgeruil. Mnr Symons kon ook op mededingende en trotse wyse aan die dirigent, mnr Fulton, meedeel dat indien hulle Kroonstad weer sou besoek, die orkes aangevul kon word, uit die geledere van Kroonstad se eie Tegniese Kollege-orkes wat onder leiding van dr Teasdale Griffiths gestaan het. Aan mev Nohline Mitchell is ook 'n spesiale geskenk oorhandig vir haar onvermoeide ywer en die werk wat sy gedoen het om die operas in Kroonstad te kon aanbied.

Die sukses van die aand kan eers ten volle begryp word wanneer in ag geneem word dat so 'n groot poging deur 'n klein groepie entoesiastiese persone aangepak is:

> "...The Kroonstad Music Society have proved that the seemingly impossible can be tackled, and with hard work, can be successfully acquitted." [122]

2.3.3. Die Welkom Amateur Dramatic and Musical Society - The Quaker Girl

Op 23 Januarie 1954 het die Welkom Amateur Dramatic and Musical Society die musiekkomedie **The Quaker Girl** in die stadsaal opgevoer.

Welkom was teen 1954 nog 'n onontwikkelde myndorp maar die jeugdige lewenskragtigheid van die gemeenskap het ook in die kulturele lewe uiting gevind:

> "The rugged life out at the Goldfields has brought about a banding together of those who care for musical entertainment and these good souls are determined to use all the talent at their disposal to make their own entertainment. Sensibly they tackle the light musical form of entertainment, popular with the general public."[123]

Resensies oor die produksie van **The Quaker Girl** in Welkom het die vereniging geprys vir hul goeie aanbieding:

"...The cast was evidently more than adequate and the humor of the plot, the costumes and the singing were greatly appreciated." [124]

Oor die aanbieding in Kroonstad bestaan geen resensie nie.

2.3.4 African Consolidated Theatres - opera-uittreksels

Op 8 Maart 1956 het African Consolidated Theatres 'n konsert van uittreksels uit bekende Italiaanse operas in die stadsaal aangebied, gesing deur vier deelnemers.

Nà die besoeke in 1951, 1953 en 1955 van drie operageselskappe van Italië aan Suid-Afrika, het dit duidelik geword dat hierdie genre al hoe meer populêr geword het. African Theatres het ook by twee geleenthede die Weense Seunskoor op toer deur die land geneem en daarna het daar 'n groot behoefte by plattelandse dorpe ontstaan om meer buitelandse kunstenaars te hoor. Dit was om hierdie rede dat African Theatres besluit het om in 1956 'n geselskap deur die platteland te laat toer met gewilde opera-arias.[125] 'n Program bestaande uit uittreksels uit **La Traviata, Madame Butterfly, La Boheme, Rigoletto, Pagliacci, Faust, Carmen** en **Barbier van Seville** is deur vier sangers, naamlik Rita Roseman (sopraan), Ingeborg Mensch (sopraan), Victor Ivanoff (bariton), Sergio Galli (tenoor) en die pianiste Kathleen St Clair Wilson, aangebied.

Victor Ivanoff is in Rusland gebore en sy vader was 'n Don Cossack-generaal. Victor het Rusland verlaat gedurende die Rewolusie van 1917 en in Zagreb, Joegoeslawië gaan studeer. Hier het hy by die beroemde Don Cossack-koor aangesluit en saam met hulle oral in Europa opgetree. Gedurende die koor se besoek aan Suid-Afrika in 1936 het hy besluit om hier agter te bly en het werk gekry by die Johannesburgse koerant **Die Vaderland**, as spotprenttekenaar en illustreerder. Intussen het hy sy sangloopbaan ook volgehou deur uitsendings vir die SAUK te doen en saans met die Johannesburgse Munisipale Operageselskap op te tree in produksies van operas soos **Snow Maiden** van Rimsky-Korsakov, **Carmen, Die Towerfluit** en **Tannhäuser.** Ivanoff het in agt tale gesing en het ook as kunsskilder dwarsoor die land uitstallings gehou.[125]

Sergio Galli is in Cremona, Italië gebore waar hy van jongs af gesing het. Na die Tweede Wêreldoorlog is hy tot die Conservatorio Giuseppe Verdi in Milaan toegelaat waar hy onder twee van Italië se bekendste meesters, Lombardo en Pertile, studeer het. In 1950 het Galli hom in Suid-Afrika gevestig waar hy ook bekendheid as gewilde operasanger verwerf het in Johannes-

burgse produksies soos **Aïda** en **Carmen.**[126]

Ingeborg Mensch is in Bromberg, Posen, Duitsland gebore en om haarself te onderhou as sangstudent in Berlyn het sy 'n tekenaar geword. In 1949 het sy gegradueer aan die Hamburgse Opera-akademie en het vir 'n jaar in Europa gereis. Sy het na Suid-Afrika gekom om by 'n broer van haar te kom woon. Hier is sy deur die **Footlights Club** in Johannesburg ontdek en het haar sangloopbaan voortgesit saam met die Nasionale Operageselskap van Suid-Afrika. In hulle aanbiedings het sy die guns van 'n waarderende gehoor geniet.[127]

Die sangers is in Kroonstad baie gunstig ontvang maar die kritikus was nie beïndruk met die dramatiese wyse waarop twee Afrikaanse werke geïnterpreteer is nie:

> "...One cannot conclude this account without mentioning the strange interpretation given to the Afrikaans songs 'Heimwee' by S le Roux Marais and 'Invocatio' by Richfield, which were given by two of the artists as encores. These two simple Afrikaans Ballads lost their entire meaning because of their dramatic rendering."[128]

Afgesien hiervan het die kunstenaars 'n goeie indruk gemaak. Ingeborg Mensch se aantreklike persoonlikheid het bygedra tot haar sukses en haar stem is beskryf as

> "...a beautiful and powerful soprano voice of a clear and brilliant quality."[128]

Sergio Galli het beïndruk met sy mooi tenoorstem en die gemak waarmee hy gesing het.

Victor Ivanoff is geloof vir sy musikale insig en vermoë tot interpretasie wat veral gehoor is in sy weergawe van **Largo Al Factorum** uit Rossini se **Barbier van Seville.** As toegif het ook hy 'n Afrikaanse komposisie gesing, naamlik **Dis Al** van Joubert.[128]

2.3.5 Die National Opera Association of South Africa - Madame Butterfly

In Januarie 1958 is die Kroonstadse mezzosopraan Nohline Mitchell deur mnr Rota van die **National Opera Association of South Africa** genooi om die rol van **Suzuki** in Puccini se **Madame Butterfly** te sing in 'n aanbieding van die opera in Kroonstad.

Die Nasionale Opera het die produksie in 1958 na Kroonstad gebring onder

beskerming van die Kroonstadse Musiekvereniging. Dit was die eerste produksie van hierdie liggaam in Kroonstad en dit is beskou as

> "...a single honour to both Nohline Mitchell and to Kroonstad that she should have been invited to portray the rôle in this popular opera." [129]

Nohline Mitchell se sangloopbaan is met trots deur die dorp dopgehou:

> "Nohline Mitchell's rise to popularity has been watched by all interested in vocal art and she has proved herself a versatile and talented singer as well as showing decided histrionic ability in her recent fine portrayal of the rôle of 'Katisha' in 'The Mikado'.
>
> She has often been heard in recitals both in the Concert Hall and on the radio, where her choice of lesser-known artsongs and operatic arias have been appreciated by discerning listeners and concert goers." [129]

2.3.6 Die Operavereniging van Suid-Afrika - opera-uittreksels

Op 16 September 1961 het die Musiekvereniging 'n operafees deur die Operavereniging van Suid-Afrika (OPSA) in die stadsaal aangebied.

Hierdie vereniging is deur 'n groep beskermhere van die kuns gestig wat as erebestuurslede opgetree het en erkenning is ook van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap deur 'n geldelike toelaag verkry.

Die doelstelling van OPSA was om die operakuns te bevorder in al sy vertakkings veral ook deur medium van Afrikaans.

Van Suid-Afrika se bekendste en belowendste kunstenaars het aan die aand deelgeneem, oa Sarie Lamprecht, Victor Ivanoff, Denise Allen, Jeanette Bezuidenhout, Hans van Heerden, Rudi Neitz, Martin Coetzee en Llewellyn Hansen. Die program het bestaan uit duo's, trio's, kwartette, sekstette en solo-arias uit **La Boheme, Rigoletto, Martha, Faust, Madame Butterfly** en **Lucia di Lammermoor**, en die begeleiding is deur die Johannesburgse pianis Lourens Faul waargeneem wat vir twee en 'n half jaar begeleidingsklasse van Julius Patzag in Wenen ontvang het.[130]

2.3.7 Italo-South African Club - opera-uittreksels

Op 11 Junie 1964 is 'n konsert van ballet en sang in die stadsaal gegee. Dit is deur die **Italo-South African Club** aangebied onder beskerming van mnr G Bona, vise-president van die Italiaanse Klub en verteenwoordiger in Kroon-

stad van die Italiaanse Konsul.

Vyf Italiaanse kunstenaars wat internasionale beroemdheid verwerf het, het onder leiding van die Italiaanse impresario Alessandro Rota opgetree.

Die twee balletdansers was Vjera Marcovic en Alfredo Köllner, wat dele uit die **Neutkraker** van Tchaikovski, **Die Oosterse Liefdesverhaal** van Rimsky-Korsakov en 'n dans op musiek van Gershwin uitgevoer het met choreografie deur die dansers self.

Die vokale deel van die program is gelewer deur Anna Maria Antollini (sopraan) en Alexandro Galuzzi (tenoor) en hulle is begelei deur Augusto Parodi, 'n pianis en dirigent. Hulle aandeel het uit opera-arias bestaan.

3 GEMENGDE GROEPE

Onder hierdie afdeling sorteer konserte wat aangebied is deur meer as een solis wat elkeen sy eie program gelewer het of saam opgetree het, asook kleiner musiekgeselskappe en ensembles waarin verskillende instrumente bespeel is.

3.1 Isobel McLaren

Op 16 Oktober 1915 het die Kroonstad Caledonian Society 'n groep van vier kunstenaars van Johannesburg genooi om in Kroonstad op te tree en hulle het onder die leiding van die kontralto, Isobel McLaren, gestaan. Ander lede van die groep was die pianiste mej A McLaren, Jack Jones (tenoor) en R Bothwell (bas).

Hierdie groep was een van die vroeë geselskappe wat deur 'n Kroonstadse vereniging genooi is, en die praktyk om meer as een kunstenaar op dieselfde konsert te laat optree, het met die verloop van dekades populêr gebly aangesien die betrokke vereniging daardeur geld bespaar het en minder korrespondensiepligte gehad het.

Isobel McLaren se tweede besoek aan Kroonstad het op 26 Mei 1923 in die stadsaal plaasgevind toe sy saam met Kroonstadse kunstenaars opgetree het.

Isobel McLaren is in 1896 in Skotland gebore en het in 1902 saam met haar

ouers na Johannesburg verhuis waar sy sang, elokusie en drama studeer het. In 1917 het sy 'n beurs vir sang van UNISA gewen waarmee sy in Londen gaan studeer het tussen 1919 en 1922. Sy was vir sewentien jaar verbonde aan die Royal Academy of Music se afdeling Spraakkunde en het Suid-Afrika in 1923, 1926 en 1929 besoek. Vanaf 1940 het sy haar permanent in Johannesburg gevestig waar sy in 1979 oorlede is.[131]

Ten tye van haar eerste konserttoer in Suid-Afrika is sy in Kroonstad bekendgestel deur 'n artikel wat hoofsaaklik gebaseer is op uittreksels uit resensies van konserte wat sy in Engeland gegee het:

> "Those who are unacquainted with this charming vocalist will be interested in reading the Following Press notices, which are a few taken at random from many as such:-
>
> The Contralto part was taken by Miss Isobel McLaren, whose voice is of great purity and charm, and her singing of 'He was despised' was especially notable. ('The Messiah') - 'Manchester Evenings News'-
>
> At the Orchestral Concert, Queen's Hall - Of the several vocalists, the most distinctive was Miss Isobel McLaren - 'Referee' (London).
>
> In tone of voice, purity of diction and grace of action, Miss Isobel McLaren is an accomplished actress, and her Portia was a reality, for with these qualities so well developed she was able to infuse into the character that dignity and brilliance, allied to a certain amount of sarcasm, which one looks for in the celebrated Shakespearean creation - ('The Merchant of Venice') - 'Musical News and Herald' - (London)." [132]

Die Konsert van mej McLaren is deur die **Kroonstad Caledonian Society** aangebied en is ook aangevul met items deur Kroonstadse musici:

> "There was a large and appreciative audience at the Town Hall on Saturday evening at the concert arranged by the Kroonstad Caledonian Society. Miss Isobel McLaren was in splendid voice, and a marked improvement was noticed in her singing since her last visit to Kroonstad some years ago. She is the possessor of a contralto voice of remarkable purity and power, a winsome personality and a truly artistic temperament. Miss McLaren who was responsible for quite half of the programme was vociferously applauded and conceded encores and repeated encores.
>
> Miss McLaren was assisted by Mr. R.C. Bothwell, who was almost as great a success as Miss McLaren herself. He has a bass voice of wonderful resonance and power, and with his songs and recitations both grave and gay, captivated the audience. The two vocalists made a great hit with their duets, the last items on the programme.
>
> The instrumental items were provided by the Kroonstad School of Music, piano solos being played by Miss Una Etheridge, a member of the teaching Staff and Miss Judith Wessels, a pupil. Their playing was vociferously received, and the institution which they represented much enhanced in reputation.

> The audience took Miss Wessels to their heart at once, as it was the first occasion many had heard her play, and her undoubted ability as a performer was simultaneously acclaimed.
>
> Those who attended the concert are indebted to the Kroonstad Caledonian Society for providing such a delightful and truly artistic evening." [133]

3.2 Die Steele-Payne Bellringers

Die Steele-Payne Bellringers het vier keer in Kroonstad opgetree naamlik in 1918, 1919, 1922 en 1928. Hierdie groep is in 1883 gestig en het wêreldwyd bekendheid verwerf deur hul konsertreise. Aan die spits van die geselskap was Lizzie Payne en Alys Steele en 'n groep kunstenaars soos vaudevillesangers, dansers, komediante en instrumentaliste.

Die eerste konserte het op 10, 11 en 12 Januarie 1918 in die stadsaal plaasgevind en die kunstenaars was mejj Lizzie Payne, Dorothy Grace (kontralto), Alys Steele ALCM (pianiste) en mnr Frank Wignall (bariton).

In 'n advertensie oor die konsert word die aard van die geselskap se uitvoerings bespreek asook die verskillende instrumente wat hulle bespeel het:

> "The programme to be presented is one of the most striking variety and unusual charm, comprising a long series of excellently rendered instrumental and vocal items. The instruments in addition to possessing the charm of novelty, provide music of exceptionally good quality and the melody produced by the skilful operators is as attractive, even to the cultured musical ear, as that obtained by accomplished performers on more orthodox instruments. The instruments include handbells, organ chimes, marimbaphone, Russian sleigh-bells, flautephone, saxophone and violin. Each of these instruments has its own distinct individuality of tone, and all are operated in a manner which indicates the performers to be possessed of highly trained manual dexterity. Several well-known Afrikander Liedjies will be played on the handbells. Miss Alys Steele will show her dexterity on numerous instruments and as soloist on the saxophone and piano. The solo vocalists are Miss D. Grace and Mr. Frank Wignall. The concerted items are bright and elegantly costumed and comprise a grand spectacular scena, 'Rendezvoux' and a grand military finale, breathing an atmosphere of patriotism." [134]

'n Interessante verskynsel is die toevoeging van Afrikaanse wysies tot die program wat deur internasionale kunstenaars aangebied is. Vandaar seker die verkeerde spelling van "Afrikander".

Op 30 en 31 Januarie en 1 Februarie 1919 het 'n groep met dieselfde naam weer drie konserte in die stadsaal gegee. Dit is merkwaardig dat geselskappe in daardie tyd meer as een uitvoering in 'n klein dorpie kon gee en dat

almal goed ondersteun is. Die groepe het gewoonlik hul programme elke aand gewissel en dit het ook getoon hoe groot die behoefte aan vermaak op die platteland was.

In 1919 het die Steele-Payne-geselskap uit 'n nuwe groep kunstenaars bestaan en hierdie veelsydige vermaaklikheidsterre het 'n program van musikale pot-pourri en vol variëteit, getooi in kleurvolle kostuums, op die planke gebring:

> "Though the bells form the foundation of the entertainment, the company boasts of numbers of vaudeville performers of the first order. It has truly been said that the homely note that characterises the whole entertainment enhances its attractiveness; but there are certain features which would win unstinted praise on any stage.
>
> Miss Lizzie Payne is the inspiring genius, and her appearance at the head of the company is always a safe indication that the standard of the show will not fall short of the high level it has invariably maintained.
>
> Miss Alys Steele is a brilliant pianist and instrumentalist, and promises to become a chic and dainty artiste. Claude Steele is in his element with the concerted numbers. Tilly Steele will make her first appearance as a vocalist and instrumentalist. Then there are the two Dorothys - Gardner and Grace. The former has made a name for herself as a comedienne who not only sings humorous songs in a style all her own, but recites with fine dramatic art and rare elocution and skill, and is aptly described as the 'Queen of Humor and Pathos' - Miss Grace has made a name for herself as a charming contralto, and will in conjunction with Miss Gardner, introduce new and novel comedy duets and dances. Cuthbert Rose is a comedian of much talent, and his work is marked with refinement and good taste. Mr. Percy Rees will make his first appearance as a cello performer of great skill." [135]

In 1922 het die geselskap ook in Kroonstad opgetree maar geen verdere besonderhede kon opgespoor word nie. Ses jaar later het hul laaste optrede plaasgevind naamlik op 5 en 6 November 1928.

Mev E Steele wat die klokke bespeel het, het die volgende items aangebied: **To-night You Belong To Me, The Holy City, Les Cloches de Corneville** en **The Bells of St Mary's.** Ander lede van die geselskap was mej José Dickson (mezzosopraan); mnr Mervyn Johns wat **I shall not go there anymore, Pals** en **A Soldier's Reminiscences** gesing het, mnr Ben Barnett (tenoor); mej Violet Victoria wat **Irish Jig** gesing het en mnr JH Brady wat 'n uitstaande banjospeler was.

3.3 Die Lynch Bellringers

Soortgelyk aan die Steele-Payne Bellringers was die Lynch Bellringers wat

uit Australië gekom het. Die konsert deur die Lynch-familie in 1920 het bestaan uit sang, dans en komiese items en 'n uitvoering op instrumente soos die "glassophone" (glasharmonika) en "melodious aluminium organ". Geen resensie is oor die konsert gepubliseer nie.

3.4 Die Stellenbosch Universiteitsstudente Muziek Gezelschap

Die Stellenbosch Universiteitsstudente Muziek Gezelschap het op 17 Julie 1920 'n konsert in die stadsaal gegee. Die program het bestaan uit 'n Afrikaanse musiek- en sangprogram wat koorwerke, solo's, duette, trio's, kwartette asook vioolsolo's bevat het. Daar is berig dat dit 'n genoeglike aand was en die bywoning was bevredigend. Aangesien 'n paar lede van die geselskap siek was het mej Madge Allan van Kroonstad ingewillig om die program aan te vul met 'n paar sangsolo's. Hierdie studentegeselskap het onder leiding van mnr SH Eyssen gestaan en hy het na afloop van die aand die dorp en sy mense bedank vir hulle gulhartige ontvangs. Daar bestaan geen program of resensie van die konsert nie.

3.5 Die Arnold Harmonic Quartette

Op 18 September 1920 het die **Arnold Harmonic Quartette** 'n konsert in die stadsaal gegee en op Sondag 19 September het hulle 'n gewyde program aangebied. Aangesien die kaartjies vir die eerste konsert baie duur was, naamlik 55c en 32c, was daar nie 'n groot gehoor nie, maar vir die gewyde konsert is die pryse verlaag en dit is deur meer mense bygewoon. Op 17 September het die volgende berig oor hierdie kwartet in **The Kroonstad Times** verskyn:

> "Kroonstad cannot boast of an excess of instrumental music, so that our local music lovers will no doubt welcome the visit on Saturday of the well known Arnold Harmonic Quartette. Miss Doris Arnold LRAM will be at the piano, and will play amongst other items Liszt's Rhapsodie and Chopin's Polonaise in A flat. Miss Muriel Percy will give violin solos and some classical dances. Madame Russell will provide unusual and especially attractive items in harp solos. Mr. R.P. Arnold will render his popular clarionette solos and some fine quartettes will be rendered by the four members of the company. Miss Madge Allan LRAM, our local popular soprano, will assist the company with vocal items."[136]

'n Interessante eienskap van konserte gedurende die twintigerjare is die element van vermaaklikheid wat altyd teenwoordig was, byvoorbeeld kunstenaars wat met kleurvolle kostuums opgetree het, en soos in die geval van die Arnold-kwartet, waar mej Percy 'n paar danse uitgevoer het afgesien van

haar vioolspel. Dit is ook merkwaardig dat die Kroonstadse sangeres, Madge Allan, gedurende 1920 saam met twee besoekende geselskappe opgetree het.

3.6 William Heughan, Cecil Alexander en Gladys Sayer

Op 27 September 1923 het die beroemde bas, William Heughan, saam met die violis Cecil Alexander en die pianiste Gladys Sayer in die stadsaal opgetree. Om die Kroonstadse publiek bewus te maak van die belangrikheid van 'n konsert deur so 'n vermaarde Europese sanger is daar voor die konsert twee artikels oor Heughan gepubliseer waarin meer oor hom vertel is:

> "Since leaving Opera, in which his position was established in Italy, at Covent Garden, and with the O'Mara Company, Mr. Heughan has devoted his genius to the interpretation of the gems of Scottish song. When off the stage, he works almost ceaselessly searching for and arranging lost treasures of the folk song of his native land, and his achievements in this respect have been openly commended by the great Doric authority, Dr. J.M. Bulloch, by the Vernacular Society of London, and by the Burns Federation.
>
> Mr. Heughan has not only a bass voice of unusual quality; he has a fine physical presence, which is admirably set off by the full Highland costume in which he chooses to appear on the concert platform. His repertory is an extensive one, and in the course of one programme he ranges over a long list embracing not only well established favourites but also lesser known ballads.
>
> His voice is full and round, and of a wide range and power and its tonal quality is extremely beautiful. His articulation and pronunciation are so good that every word can be heard. This picturesque Scot is not only a magnificent singer, but a versatile and conscientious musician." [137]
>
> "His recitals are from a repertoire programme of about one hundred songs. He sings old favourites from Burns, Lady Nairne, Scott, Hogg, the Rev. John Skinner and Campbell, etc., with sympathy and fervour, and devotes the second part of his performances to complying with the requests of the audience for pieces they desire specially to be sung." [138]

Die uitvoering van William Heughan het plaasgevind voor 'n groot gehoor en in die resensie oor die konsert het die verslaggewer Heughan as die beste bas beskou wat nog in die dorp opgetree het:

> "There was a fair attendance at the Town Hall last evening to hear William Heughan, the celebrated Scotch vocalist, but the hall was far from being full. Those who did attend had their reward in hearing the finest bass who has ever sung in Kroonstad, and probably in South Africa, for that matter. Mr. Heughan has an immense repertoire of songs.
>
> Although the tour is under the immediate auspices of the Burns' Federation, and the singer is perhaps the greatest living exponent of Scotch

folk songs, his programme is by no means confined to the music of Scotland. He was heard to greatest advantage in Pagacci's Prologue, (sic) an Italian operatic aria of distinction. His rendering of 'Two Grenadiers' (Schumann), and 'Drinking' were also outstanding efforts.

He sang twenty songs during the evening to an unsatisfied audience who still clamoured for more. Among his Scotch songs, his rendering of 'Scots wha ha'e' was a triumph.

Mr. Heughan was ably assisted in his programme by Mr. Cecil Alexander (violinist) and Miss Gladys Sayer at the piano.

Mr. Alexander is a violinist, the like of whom is seldom heard in Kroonstad. He played from a lengthy repertoire to a delighted audience. His items included: 'Four African Dances' (S. Coleridge-Taylor), 'Romance' (Svendson), 'Lieberseied' (sic) (Kreisler) and 'Intermezzo' (Mascagni)."[139]

3.7 Winifred du Toit en Percy Sayce

Op 21 Maart 1925 het die Suid-Afrikaanse sopraan Winifred du Toit en die gevierde Londense tenoor en violis, Percy Sayce, 'n Konsert in die stadsaal gegee. Mej du Toit was veral bekend as sangeres van jazzmusiek en het saam met verskeie revue-geselskappe deur die land getoer:

"...Miss du Toit obtained musical successes very early in life, and at the age of seventeen years won the Gold Medal at the Johannesburg Eisteddfod in 1918. Her ability was soon recognised by Mr. Claude Dampier, with whom she toured during the greater part of that well-known gentleman's career in this country. Since then she has been closely associated with several of the most successful companies in the Union, including the Musical Madcaps and the 1923 Follies. For unaffected artistry Miss du Toit probably has no superior in the Union, whilst she plays 'Rag-Time' in such a manner as to make one's feet tingle.

Mr. Sayce is a Londoner, and was thus able to secure a first-class training. Like Miss du Toit, he showed musical ability at an early age, and gained many successes at the London Musical Festivals, ultimately making his debut at the Steinway Hall, London, after which he performed both as vocalist and violinist in most of the leading London and provincial halls. Since coming to the Union, he has also been associated with the Musical Madcaps and the 1923 Follies."[140]

Die Konsert is nie goed ondersteun nie, en die sangeres is belemmer in haar uitvoering deur die klavier wat te hoog gestem was:

"...Both artistes are extremely clever in songs, duets, violin solos and piano playing of a high order. Miss du Toit was handicapped by the pitch of the Town Hall piano, which is a tone above the normal. Possessing a soprano voice of great range, she quickly gained recognition from the sparse audience who encored each and everyone of her items.

Mr Percy Sayce also possesses a pleasing voice, and his violin playing was a treat to listen to."[141]

3.8 Helen Jaffary en Elsie Hall

Op 1 Mei 1928 het Helen Jaffary (sopraan) en Elsie Hall (klavier) as gaste van die **Kroonstad Music Club** in die stadsaal opgetree. Mej Jaffary het in Parys sang studeer voordat sy aangestel is as sopraan by Covent Garden in Londen. Sy het haar debuut na die Eerste Wêreldoorlog gemaak in **Das Rheingold**, en het daarna op die Kontinent in Brittanje en Suid-Afrika konsertreise onderneem.

Die Kroonstadse gehoor het die twee kunstenaars hartlike applous gegee vir hul uitstaande voordrag en die kritikus was beïndruk deur mej Jaffary se soet stem en mej Hall se verbasende klaviertegniek:

"The Kroonstad Music Club staged its first concert for 1928 on Tuesday evening in the Town Hall.

The standard of the music, as was assured by a glance at the names of the performers, was easily up to anything ever before staged by the Music Club, and those who attended were afforded a real musical treat. The house was more than three parts empty - the usual thing in Kroonstad.

Elsie Hall opened the performance with 'Prelude and Fugue in E Minor' by Mendelssohn, the small but very appreciative audience enthusiastically insisting on an encore when she had finished.

Helen Jaffary was accorded a warm reception when she took the stage, her powerful yet wonderfully sweet voice captivating her audience with the exceedingly pathetic 'L'altra notte infonda marev' (Mefistofele) by Arrigo Boito. Her encore 'Dawn', a simple and very short song sent her hearers in transports of delight.

Miss Jaffary's rendering of the two Scotch songs which were included in the programme was a perfect treat, while her last encore, 'Annie Laurie', was sheer delight. When miss Elsie Hall played the first few bars introducing 'Annie Laurie', the audience, recognising it immediately, gave vent to a spontaneous burst of appreciative applause, and then settled down to enjoy thoroughly the fine old song. Among the best of Miss Jaffary's other songs were 'Autumn' (C. Alison Crompton), 'Turn ye to me', and 'The Auld Scotch Songs'.

Elsie Hall chose exceedingly difficult compositions, but played these with an ease and polish that made her appear almost nonchalant. Debussy's 'Prelude' afforded her an opportunity of displaying her wonderful technique, while she executed fairylike runs in the treble and resonant chords in the bass with equal ability.

One of her finest pieces was Beethoven's 'Moonlight' Sonata, which she played immediately before a Chopin group. The Sonata was perfectly rendered. 'Study' and 'Ballade', both by Chopin, completed her share of the programme.

> In conclusion Miss Hall congratulated the public of Kroonstad on the splendid piano, which was a treat to play on."[142]

Mej Hall het na die pouse 'n praatjie gelewer oor die musiekklubs van Suid-Afrika en het gevra dat elke lid nog 'n persoon behoort te werf.

3.9 Harold Ketelby, Eric Leftwich, Eileen Borwell en Esther Wolfowitz

Op 21 Junie 1928 het Harold Ketelby (viool), Eric Leftwich (tjello), Eileen Borwell (sopraan) en Esther Wolfowitz (klavier) 'n konsert in die stadsaal gegee. Hierdie vier kunstenaars van Johannesburg het almal merkwaardige musikale loopbane gehad.

Harold Ketelby is in Birmingham gebore waar hy onder Max Mossel met vioolles begin het en reeds op negentienjarige ouderdom aangestel is as dosent by die Birmingham and Midland Institute. Hier het hy sy professionele loopbaan as konsertviolis begin deur Bach se ses solosonates van buite te speel. Later het hy sy studies onder professor Sevcik in Praag en dr Joseph Joachim in Berlyn voortgesit en uitvoerings in die Bechsteinsaal in Berlyn, Londen en ander sentra gegee. Ketelby was ook soloviolis van die Hertog van Devonshire se orkes en soloviolis en dirigent van die Brighton Municipal Orchestra voordat hy na Suid-Afrika gekom het as leier van die Durbanse munisipale orkes en later leier van die Johannesburgse simfonie-orkes.

Mej Esther Wolfowitz wat as pianiste vir die trio opgetree het, het op sestienjarige ouderdom reeds die ULM-diploma behaal as voordraer, later ook die ULM-onderwysdiploma en die Fellowship van Trinity College of Music. Eileen Borwell en Eric Leftwich was albei bekende kunstenaars in Johannesburgse musikale kringe.

Die konsert is nie goed bygewoon nie, alhoewel die program van hoogstaande gehalte was:

> "The concert opened with a trio by Arensky, the performers being Messrs Ketelby, Leftwich and Miss Wolfowitz. The three combined splendidly in this, a difficult item, playing their encore equally well.
>
> Miss Eileen Borwell chose Wagner's 'Elizabeth's Greeting' (Tannhäuser) for her opening song, which was well received. She was best in Shaw's 'Song of the Palanquin Bearers' and 'Doo-doo, Kindje' an encore in high Dutch.
>
> Mr. Leftwich charmed the audience with a fine alto solo in 'Londonderry Air', and followed this with an even finer rendering of a Scherzo by Van Genns. His control of his instrument was remarkable, and his

playing especially fine. He also gave a splendid exhibition of playing on the muted instrument.

In view of his project of opening a school of music in Kroonstad, Mr. Harold Ketelby's appearance as a soloist was watched with interest. From the commencement the performer held the audience entranced, displaying a wonderful technique and mastery of his instrument.

Mr. Eric Leftwich gave a splendid rendering of Poppers 'Tarantella' while Mr. Ketelby was splendid in his playing of 'Melodie Plaintive' and Wieniawski's 'Capriccio - Valse'.

A trio with violin, alto and piano concluded the programme.

The accompanist, Miss Esther Wolfowitz, must be specially mentioned, and in this role she was of great value to the various performers."[143]

3.10 Arthur Jordan, André Theunissen en Beatrice Marx

Op 19 Julie 1928 het die beroemde Engelse tenoor, Arthur Jordan, in die stadsaal opgetree saam met André Theunissen (viool) en Beatrice Marx (klavier). Mnr Jordan wat veral bekend was as 'n vertolker van Wagner-arias, het suksesvolle konsertreise deur Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika onderneem. Die konsert in die stadsaal is swak ondersteun en omtrent net sestig persone het dit bygewoon:

"The programme opened with a violin concerto by Miss André Theunissen, the item chosen being the well-known First Movement of the Mendelssohn concerto for the violin. This was executed with consummate skill. In response to a recall Miss Theunisen delighted her audience with one of Bach's compositions, in which technique was not lacking and the intonation was all that could be desired.

Mr. Arthur Jordan, the eminent English tenor, then made his appearance but was unfortunately suffering from a cold. Nevertheless, he gave a fine rendering of the operatic area 'O, Vision Entrancing', (Goring Thomas).

As an encore, Mr. Jordan gave 'Linden Lea' (Vaughan Williams), this being a pretty country song of Dorsetshire.

Miss Theunissen again displayed her manipulative skill as a violinist in Tjaikowsky's 'Melodie' and 'Orientale' (Caesar Cui) (sic). Both these intricate numbers were exquisitely rendered.

Mr. Jordan was again heard in a trio of German songs 'Secrecy' (Hugo Wolf), 'Dream in the Twilight' (R. Strauss) and Herschel's 'Morning Hymn'. The last named afforded fine scope for Mr. Jordan's robust vocalism in forte and fortissimo passages, and the singer showed that he could command a fine compass and true intonation. Mr. Jordan's rendering of Boughton's 'Immortal Hour', was another masterly effort.

Miss Beatrice Marx proved at once a very clever and sympathetic accompanist, and was never at a loss." [144]

Na pouse het mnr Jordan die gehoor om verskoning gevra omdat hy weens sy

ongesteldheid nie verder kon optree nie. Mej Theunissen en mej Marx het die program voltooi.

3.11 Isa Stalis, Anita Colman, mev WJM Visser en Louis Posnak

Op 27 September 1928 het 'n konsert onder beskerming van die burgemeester, mnr WA Botha, deur Isa Stalis (mev L Natkin, sopraan), Anita Colman (voordraer), mev WJM Visser (kontralto) en mnr Louis Posniak (klavier) in die stadsaal plaasgevind.

> "The feature of the programme will be several beautiful arias from famous operas by Miss Isa Stalis. Mr. Louis Posniak is a brilliant pianist, and all music students should make a point of hearing this artist play Chopin, Glinka, Balakiref, etc. Mde. WJM Visser has a contralto voice of much beauty and will include the beautiful numbers of Brahms, Saint-Saëns amongst her items." [145]

Daar bestaan geen resensie nie.

3.12 Peter Dawson, Stanislas Niedzielski en Hubert Greenslade

Op 28 Maart 1935 het Peter Dawson (bariton), Stanislas Niedzielski ('n Poolse pianis), en Hubert Greenslade (begeleier) 'n konsert in die stadsaal gegee.

Peter Dawson was 'n wêreldberoemde Engelse bariton wat deur sy vele plaatopnames bekendheid verwerf het. Sy bewonderaars kon hul gunsteling-liedere per brief aanvra en hierdie versoeke moes nie later nie as die middag voor die konsert by die kaartjieskantoor ingehandig word. Peter Dawson is deur die Suid-Afrikaanse pianis Hubert Greenslade begelei.

Die konsert is deur 'n klein maar baie entoesiastiese gehoor bygewoon:

> "...The audience gave him the warmest of welcomes and the heartiest of receptions, and he in turn roused them to a rare pitch of enthusiasm by the delightful and varied programme of songs he sang. He could not have failed to thrill even the least susceptible person in the hall. The bursts of spontaneous applause and the repeated encores were proof - if proof were needed - that he had his audience at his feet. His responses were generous and gracious, and it seemed that the audience was loath that he should ever reach the end of his programme.
>
> In addition to Peter Dawson's magnificent singing, last night's concert was notable for the performance of Stanislas de Niedzielski, one of the finest pianists South Africa has had the privilege to hear. The reception of this talented artist, too, was extraordinarily enthusiastic. It has been truly said of him that his interpretations invariably have a grace, a delicacy and an elegance which make them exquisitely

charming. He relies on music - without the frills - for his appeal, and quietly and unostentatiously he draws out the very essence of music for the delectation of his audience. Niedzielski, like Peter Dawson, gave generously last night when he was recalled to his listeners.

Both covered a wide field in their interpretations. Among the numerous songs sung by Peter Dawson were:

'Ah, shall not this Great Day of Wrath' and 'Thou most blest, all-quickening Day' (Bach); 'Oh could I but express in Song' (Malashki); 'The Clock' (Loewe); 'Sherwood' (Dear), various songs from Shakespeare, selections from Rozycki and Liszt, and as encores a number of his old favourites." [146]

3.13 Alex Cherniavsky, Maurice Lipa, Edythe Hyland en Yvette Brown

Op 9 Mei 1935 het Alex Cherniavsky (klavier), Maurice Lipa ('n vyftienjarige viool-virtuoos), Edythe Hyland (sopraan) en Yvette Brown 'n konsert in die stadsaal gegee. "Baby" Yvette Brown, wat 'n sesjarige dogtertjie was, het deur sang en dansitems beroemde kunstenaars soos Mae West, Greta Garbo en Maurice Chevalier nageboots. Edythe Hyland was 'n Engelse sopraan wat in teaters soos die Colloseum en die Palladium in Londen gesing het.

Hulle program het uit 'n wye verskeidenheid items bestaan en die kunstenaars het 'n hele paar toegifte gespeel. 'n Interessante kenmerk van die konsert was die insluiting van klopdanse in 'n andersins ernstige program:

"...The programme furnished catered for the tastes of all lovers of music. A varied selection was presented by Alex Cherniavsky, who was kept at the piano by the applause and earnest entreaties for more.

Maurice Lipa, likewise, did not fail to thrill the audience, who burst into applause after every piece rendered. He also proved himself an excellent accompanist, together with Alex Cherniavsky, of Miss Edythe Hyland, who entrenched herself more firmly in the regard of her admirers. She had to oblige with repeated encores.

Little Yvette Brown was perhaps one of the most pleasant surprises of the evening. Her clever impersonations of Mae West and Maurice Chevalier set the audience cheering and enthusiastically clamouring for encores. A special feature of her turn was the tap-dancing, which in a child so young was amazing."[147]

3.14 Lily Lapin en Benjamin Brodie

Op 12 Oktober 1935 het Lily Lapin (komponis-pianis) en Benjamin Brodie (bas) 'n konsert in die stadsaal gegee. Dit is nie goed ondersteun nie en die kritikus was van mening dat die Kroonstadse publiek voorkeur gegee het aan plaaslike kunstenaars.

> "Kroonstad has shown over and over again that it will not support a concert at which outside artists appear for their own benefit, and Saturday night's concert given by two Pretoria Artists, Miss Lily Lapin and Mr. Benjamin Brodie, was no exception. There were exactly twenty people in the Hall when the curtain was drawn for the first item." 148

Die program was voortreflik maar is beskryf as

> "...a trifle on the heavy side and mainly of a modern character..."

Dit is egter goed ontvang deur die klein gehoor.

Mej Lapin is beskryf as 'n uitstekende pianis met geen lastige verhoogmaniere nie. Sy het ook 'n groep van haar eie komposisies gespeel wat goeie kritiek ontvang het:

> "Miss Lapin proved herself to be an exceedingly capable performer at the piano, and all of her items were rendered with a finish and interpretation that stamped her as an artist of outstanding ability. She is a player of a quiet and restrained type, with a refreshing abscence of any of the absurd and often annoying mannerisms affected by so many modern pianists. She rendered her items with a straightforward simplity that was very pleasing.
>
> Perhaps the group of pieces played by Miss Lapin which gave most pleasure was that made up of 'Spanish Dance' (Granados), 'Legende' (Rozycki), and the third of Peterkin's 'Dreamer's Tales'.
>
> A Chopin group was performed with polish, and the outstanding item of the three was the Polonaise. Among the well-known compositions played by Miss Lapin was Beethoven's Moonlight Sonata, the artist's interpretation being conventional and very straightforward, but none the less attractive on that account.
>
> Miss Lapin has added composing to her other accomplishments, and judging by the items written and played by herself and sung by Mr Brodie, her work is of a really high standard. She played a group of three of her own pieces, two preludes and an item named 'Capriccio' and all three were excellent. None of them were of the sugar-and-water type so often produced by amateur composers, and all were full of substance, with splended harmonies. The Preludes were very good, both being of a dramatic character and modern in style." 148

Mnr Brodie se program was ook gewild en hy is aangeprys vir sy mooi stemkwaliteit en wye spektrum:

> "Mr Brodie is the possessor of a pleasing bass voice of good range, and he sang with a breeziness and charm that greatly pleased the audience. His dramatic singing was particularly good, and a wide range enabled him to render items of considerable variety. Mozart, Brahms and Grieg all figured on the programme. He was at his best in 'Myself when Young', and his rendering of 'The Blind Ploughman' was also very

good.

One of his most attractive items was a composition of Miss Lapin's entitled 'Sleep Now', which he sang with fine effect. His interpretation of two negro Spirituals was not of the same standard." [148]

3.15 Albert Lubliner en Kroonstadse Kunstenaars

Op 21 Oktober 1937 het die beroemde Londense kantor Albert Lubliner 'n uitvoering in die Talmud Torahsaal gegee. Hy is bygestaan deur drie Kroonstadse musici, mev Cyril Schmiedt (sopraan), mej N Lyle (viool) en mev E Baker (klavier).

Lubliner is in 1906 in Antwerpen gebore en het sang studeer by die Konservatorium in Brussel en by Signor Maggi in Milaan. In Londen het hy in groot konsertsale soos die Queens Hall en die Aeolian Hall opgetree en het ook uitsendings vir die British Broadcasting Corporation gedoen. Hy het ook voorheen 'n toer deur Rhodesië onderneem. Op twintigjarige ouderdom het hy in die groot Sinagoge van Antwerpen as solis saam met 'n koor by Joodse feeste opgetree. In Londen, waar hy hom gevestig het, was hy kantor en kapelmeester van die sinagoge, **Lodge of Israel.**

"The concert held last night at the Communal Hall, at which the renowned young Cantor, Albert Lubliner, gave a varied programme of operatic arias, Chazonuth, Jewish and English items, proved to be a musical feast.

It was something new for Kroonstad music-lovers to hear such an extensive selection so admirably brought out by one singer, which was so greatly enjoyed. His songs were roundly applauded; his rendering of Jewish and sacred melodies seemed to find particular favour.

Cantor Lubliner has a splendid trained tenor voice of very fine tonal quality, which is extremely flexible, of wide range, expressive and full.

The Cantor displayed a fondness for the minor keys, and succeeded magnificently in bringing out the appeal inherent in Jewish and sacred melodies.

He opened his programme with several Hebrew compositions by modern composers followed by several Jewish airs, and then a number of English songs and operatics. Although his rendering of 'Les Pecheurs de Perles' by Bizett (sic), and 'Recondita Armonia' from 'La Tosca', suffered by the absence of an orchestral background, Cantor Lubliner acquitted himself admirably of a difficult selection, and his final items of 'Oh! Maiden, My Maiden' and 'Havdalah' earned well-merited applause.

Further vocal items were supplied by Mrs. Cyril Schmiedt, who was also in scintillating form, her numbers were rendered in her usual fine manner, and the applause signified the audience's appreciation of her merit.

Miss N Lyle, who contributed two violin selections to the programme, is of no mean ability. Her rendering of 'Kol Nidrei' and of the '2nd Movement' by Max Bruch (sic), displayed a technique and tone of admirable adaptability.

Miss R Snell, the well-known pianist, gave of her best in her piano-solo; her tone contrasts were particularly good. Great credit reflects also on Mrs. E Baker for her brilliant accompanying throughout. Her delicacy of touch and consideration for the performers, especially her accompanying for Cantor Lubliner proved her to be an ideal accompanist." [149]

3.16 Miriam Paikin, Leo Cherniavsky en Bruno Raikin

Die eerste konsert wat deur die Kroonstadse Musiekklub aangebied is, het op 17 Junie 1941 in die stadsaal plaasgevind. Die kunstenaars was Miriam Paikin (koloratuursopraan), Leo Cherniavsky (viool) en Bruno Raikin (klavier).

Die drie deelnemers het hul onderskeie programme verdeel in die eerste en tweede helftes van die konsert. Leo Cherniavsky het die program geopen met Mendelssohn se **Vioolkonsert** en later in die program het hy Schubert se **Ave Maria**, 'n **Capriccio** van Elgar en **Carmen Fantasie** van Sarasate gespeel. Mej Paikin het die **Skadulied** uit **Dinorah** van Meyerbeer gesing, asook **Chanson Espagnol** van Delibes, **Swiss Echo Song** van Karl Eckert, **Serenata** van Moszkowski en **Funiculi, Funicula** van Denza. Mnr Raikin wat as begeleier opgetree het, het ook 'n klaviervoordrag gelewer van Handel se **Chaconne**, John Ireland se **Island Spell**, Liszt se **Hongaarse Rapsodie** nr 6, Chopin se **Nocturne in F-kruis majeur**, Moussorgsky se **The Seamstress** en 'n konsertparafrase op temas uit **Die Fledermaus** van Strauss.[150]

3.17 Suzanne Margolis, Mollie Lurie, Greta Sharp en Hedy Haas

Die tweede konsert wat deur die Kroonstad Music Club aangebied is het op 12 September 1941 in die stadsaal plaasgevind, met Suzanne Margolis en Mollie Lurie (klavier), Greta Sharp (tjello) en Hedy Haas ('n komediante).

Mej Margolis het haarself bewys as 'n talentvolle pianiste wat werke van Mendelssohn, Chopin en Saint-Saëns gespeel het asook klavierduette saam met Mollie Lurie. Mej Sharp het telkens groot applous uitgelok met haar tjellospel terwyl die komediante gewilde afwisseling gebied het.

3.18 Esther Mentz en Blake Toerien

Op 7 Mei 1942 het Esther Mentz (sopraan) en Blake Toerien (klavier) in die

stadsaal opgetree. Esther Mentz is op Edenville gebore en het aan die Stellenbosse Konservatorium studeer waarna sy in 1934 na Berlyn vertrek het om haar sangstudies voort te sit. By haar terugkeer in 1937 het sy 'n belangrike aandeel gehad aan die werk van die Afrikaanse teater, opera en rolprente. Sy het o a in die eerste Afrikaanse opvoering van Carmen die titelrol gesing.

Blake Toerien was 'n Kroonstadse amateurpianis wat klavier in Londen en Parys studeer het.

Albei kunstenaars het 'n besonder geslaagde uitvoering gegee.

> "Mnr. Blake Toerien het die program geopen met die 32 variasies van Beethoven. Dit was gelewer met foutlose vaardigheid, terwyl die eenheid deurgaans gehou is. Die volgende was 'n groep liedere van Schubert en Strauss gesing deur Esther Mentz. Haar voordragte was gekenmerk deur uitstekende beheersing en korrekte produksie. Vervolgens het mnr. Toerien opgetree met die vertolking van twee van Chopin se komposisies nl. Scherzo in B min. en Ballade in G min. Die pianis het hom hier deeglik ingeleef in die verskillende gemoedstemmings en het die moeilikste passasies met die grootste gemak en beheersing vertolk. Na die pouse het Esther Mentz twee sang solo's van Thomas en Tchaikovsky gelewer. Hierin het die sangeres groot hoogtes bereik veral in die laasgenoemde stuk waar die dramatiese karakter baie goed by haar stem aanpas. Hierna het mnr. Toerien 'n groep van vier klaviersolo's uit die moderne skool gelewer. Die **Spieëlbeelde in die Water** van Debussy is impressionisties van geaardheid en moeilik om te waardeer sonder die korrekte insig.
>
> Die **Dans** deur dieselfde komponis was van ligter geaardheid. Die **Beminde en die Nagtegaal** van Granados en **Seguidillas** van Albeniz het gevolg. Eersgenoemde was veral gekenmerk deur die fyn nuansering, terwyl die laaste, wat 'n lewendige Spaanse dans is, deurgaans met uitstekende ritmiese beheersing vertolk is.
>
> Die pianis moes hier 'n bis nommer gee. Ten slotte het Esther Mentz 'n groep van vier liedere gesing wat insluit komposisies van Rachmaninoff, La Forge, Böhm en Le Roux Marais. Hierin het sy uitgeblink in 'Hills' deur La Forge. As begeleidster het opgetree mev. Baker. Alle eer kom haar toe dat sy deurgaans simpatiek opgetree het en sy het bepaald groot aandeel in die sukses van die aand gehad." [151]

3.19 Erwin Broedrich en Babsita Moolman

Op 20 Oktober 1945 het Erwin Broedrich (viool) en Babsita Moolman (sopraan) 'n konsert in die stadsaal gegee ten bate van die Reddingsdaadbond.

Babsita Moolman het vanaf 1936 onder Schon aan die Berlynse konservatorium studeer. Met die uitbreek van die oorlog het sy na Swede gegaan,

en daarna het sy twee jaar lank haar studies voortgesit onder Julia Claussen, beroemde sangeres van die New York Metropolitan Opera. Na Claussen se dood het sy haar studies voorgesit onder Joel Berglind van die Stockholmse opera en die laaste paar jaar het sy haar geheel gewy aan die studie van Wagner se operas.

Die konsert is deur 'n besonder groot gehoor bygewoon en die verslaggewer van **The Northern Times** was veral beïndruk dat die publiek soveel entoesiasme getoon het vir ernstige musiek.

> "Dat die groot gehoor egter so spontaan meegevoer kon word deur hulle sang en musiek was 'n openbaring, en dit het ook duidelik laat blyk hoe groot die behoefte aan werklike hoogstaande sang- en musiekkonserte is." [152]

Babsita Moolman het **Ave Verum** van Mozart, **Über Nacht** en **Verborgenheit** van Wolf, en as toegif **Schmerzen** van Wagner gesing maar haar groot ryk stem het eers tot sy reg gekom in die tweede helfte van die program toe sy opera gesing het. Sy het die volgende uittreksels gesing: **Elsas Traum** uit **Lohengrin** van Wagner, **Vissi d'arte Visse d'amore** uit **Tosca** van Puccini en **Micaele se Aria** uit **Carmen** van Bizet. Sy is deur mev Ethel Baker van Kroonstad begelei.

Erwin Broedrich het uit die staanspoor die gehoor beetgepak en saamgevoer op die pragtigste suiwer klanke. Hy is deur sy eggenote Gudrun begelei en sy program het bestaan uit **Chaconne** van Vitali, **Ave Maria** van Schubert-Wilhelmy, **Lofgesang aan die Son** van Rimsky-Korsakov, **Asturiana** van De Falla en **Schön Rosmarin** van Kreisler.

3.20 Chrystal Blomkamp en Dirk Lourens

Op 7 September 1946 het mev JJ Swart, musiekonderwyseres aan die Hoërskool, 'n konsert georganiseer ten bate van die skoolfonds. Sy het Chrystal Blomkamp (klavier) en Dirk Lourens (tenoor) genooi om in die konsert deel te neem.

Chrystal Blomkamp het reeds in haar vroeë lewensjare besondere talent geopenbaar en haar skitterende musiekloopbaan op sesjarige ouderdom begin. Sy het later uitvoerings oral in Suid-Afrika gegee onder bekende dirigente soos dr Pickerell, Edward Dunn en Theo Wendt. Gedurende 1946 het sy ook 'n geslaagde toer na Rhodesië onderneem. Dirk Lourens het sedert 1942 buitengewone opgang gemaak as opera-tenoor en konsertsanger. [153]

Daar bestaan geen program of resensie van die konsert nie.

3.21 Septimus Smuts, Hester van Wyk en Jeanne van der Merwe

Op 7 Desember 1949 het Septimus Smuts (klavier), Hester van Wyk (mev Visagie, koloratuur-sopraan) en Jeanne van der Merwe (viool) 'n uitvoering in die stadsaal gegee.

Die doel van die Konsert was om geld in te samel om die Viljoenskroonse orrelis Septimus Smuts na Europa te stuur om daar sy musiekstudies voort te sit.

Hy het sy eerste klavierlesse op 'n huisorreltjie ontvang en dit was eers op twaalfjarige leeftyd dat hy formele musiekonderrig begin kry het. Toe hy in matriek was, het hy die finale klavier-eksamen afgelê waarna hy in die Staatsdiens gaan werk het. Hy was egter nie gelukkig nie en wou kerkorrelis word - 'n ideaal wat hy in Pretoria verwesenlik het nadat hy net ses lesse van professor Gerrit Bon ontvang het. Later was hy programopsteller by die SAUK maar het nie genoeg tyd gehad om te oefen nie. Ten einde meer tyd vir homself in te ruim het hy besluit om na 'n klein dorpie te gaan waar hy kon oefen en het sodoende in Viljoenskroon orrelis geword.[154]

Daar bestaan geen program of resensie oor hierdie konsert nie.

3.22 Cecilia Wessels en Ashley Hartley

Op 9 Junie 1950 het Cecilia Wessels (sopraan), begelei deur Ashley Hartley, 'n konsert in die stadsaal gegee. Cecilia Wessels is as "Suid-Afrika se enigste wêreld-beroemde sangeres" beskryf in 'n kort lewensskets wat voor haar konsert gepubliseer is. In die berig word genoem dat Cecilia Wessels soms op die platteland verwar is met Betsie de la Porte, die sangeres wat in die rolprent **Kom Saam Vanaand** opgetree het, maar die verwarring is beslis reggestel:

> "...Cecilia Wessels is iemand heel anders. Sy is die jongste dogter van wyle Sir Cornelius Wessels van Bloemfontein." [155]

Na haar opleiding in Suid-Afrika het Cecilia Wessels aan die Royal Academy of Music die LRAM-diploma verwerf. Daarna het sy saam met die Sadlers-Wells-operageselskap opgetree en as besoekende sangeres in verskillende operas in Londen gesing. Sy het ook vir drie seisoene in die Queen's Hall-

promenadekonserte saam met Sir Henry Wood opgetree. Voor die uitbreek van die Tweede-Wêreldoorlog is sy genooi om saam met die Pasdelouporkes onder leiding van Karl Elmendorff tydens die groot Wagner-fees in Parys te sing. In 1947 het sy weer na Londen vertrek waar sy in konserte in die Royal Albert Hall gesing het asook by ander sentrums.

In 1950 het Cecilia Wessels en die pianis Ashley Hartley 'n konsertreis deur Suid-Afrika onderneem. Na haar optrede in Johannesburg het **Die Transvaler** van haar gesê:

> "...vir krag, volume en omvang het Cecilia Wessels geen weerga in ons land nie." 155

In Kroonstad is daar gehoop dat Cecilia Wessels die groot ontvangs sou geniet wat haar faam waardig was:

> "Kroonstad wat in sulke groot getalle opdaag wanneer sangers van die buiteland die dorp besoek, sal wellig net sulke gulharige ondersteuning gee as ons eie grootste sangeres hier optree." 155

Die teenoorgestelde is egter bewys deur die skraal opkoms by geleentheid van Cecilia Wessels se uitvoering. Die klein gehoor het die sangeres met oorgawe ontvang:

> "...Gelukkig dat die warme geesdrif en spontaan-waarderende toejuigings van 'n handvol kunsliefhebbers wat hulle self die moeite geag het om te gaan luister na die mooiste en beste dramatiese sopraanstem wat Suid-Afrika dusver opgelewer het, vergoed vir die sieklike belangstelling van publieke kant." 156

Barbara Louw het die sangeres in haar resensie groot lof toegeswaai en 'n eerlike bespreking van die sangeres sowel as die begeleier, Ashley Hartley gegee:

> "Cecilia Wessels is 'n reuse sangeres, 'n gerypte kunstenares wat sonder twyfel 'n waardige plek op die konsertverhoog verdien. Telkemale het sy dit met die grootste buigsaamheid en meesterlike beheer aangewend om elke geringste frase as onderdeel van 'n perfek afgeronde geheel op die mees oortuigende wyse weer te gee. Onberispelike asembeheer en diksie was algemene kenmerke. Soms het sy verrassend teer gesing maar dit was veral die klankmassas van haar dawerende klimakse wat met huiweringswekkende golwe die saal letterlik oorstroom het wat 'n mens totaal oorweldig en nietig laat voel het.
>
> Hoewel Cecilia Wessels nie beskou word as 'n eersterangse liederesangeres nie, het sy tog 'n paar geskikte liedere met besondere welslae vertolk. Beethoven se 'Die Ehre Gottes' was 'n uiters gelukkige keuse en beslis een van die allermooiste nommers. 'Der Schmiedt' van Brahms het die sangeres met heerlike ritme en intense genot voorgedra. Diep het sy ook

ontroer met haar vertolking van die sombergetinte 'Black Roses' getoonset deur Sibelius.

Die gewildste nommers was miskien die opera-arias waarvan die weergawe dan ook deurgaans bo kritiek was. Trouens, opera is haar forte. Sonder uitsondering het hierdie nommers haar algehele toegewyde aandag geniet en is met innige oorgawe vertolk." [156]

Barbara Louw was egter nie beïndruk met Ashley Hartley as solis nie, alhoewel sy hom bestempel het as:

"...'n Knap, simpatieke begeleier...As solis was Hartley egter teleurstellend. Hoewel hy netjies en ferm gespeel het, was die tegniek nietemin ontoereikend om reg te laat geskied aan al die tintelende lopies, trillers en veeleisende oktawepassasies sodat die totale indruk een van wasigheid was. Gebrek aan toonverskeidenheid en inspirasie het die twee laaste dele van die Mozart sonate laat skipbreuk ly terwyl die Chopin-groep veels te vierkantig en gevoelloos gespeel is om enigsins romanties te klink." [156]

3.24 Erwin Broedrich en Esther Mentz

Die Kroonstadse Teatergroep het op 24 November 1950 'n konsert deur Erwin Broedrich (viool) en Esther Mentz in die stadsaal aangebied. Esther Mentz wat bekendheid verwerf het as operasangeres het met hierdie konsert getoon dat haar stem in hierdie genre tot sy reg kom:

"Aanvanklik het Esther Mentz minder plesier. Vir die sensitiewe Schubertliedere is die stem eintlik te swaar. Veel beter het haar geskoolde stem tot sy reg gekom in die operagroep waarvan 'Elsa se Droom' uit Lohengrin die glanspunt was." [157]

3.25 Alessandro Zilliani, Shirley Hepburn en Lorenzo Danza

Op 3 Maart 1951 het die **International Concert Bureau** 'n konsert in die stadsaal aangebied met die befaamde Italiaanse tenoor Alessandro Zilliani, Shirley Hepburn (sopraan) en Lorenzo Danza (klavier).

Zilliani is in uiters armoedige omstandighede gebore en het gevolglik deur al die ellendes van 'n arm kunstenaar geworstel, maar deur sy vasberadenheid en buitengewone stem het hy gevorder tot die Dal Verme-teater in Milaan. Sedert sy moeilike studentejare het hy wêreldberoemd geword, en hy het tydens die vyftigste herdenking van Mascagni se **Cavalleria Rusticana** saam met die komponis opgetree in hierdie opera. Mascagni het hom ook gekies om die solorol te sing in die eerste aanbieding van **La Pinotte.** Zilliani se repertoire het uit meer as veertig operas bestaan en hy het ook in talle Duitse en

Italiaanse rolprente opgetree afgesien van al die opnames wat hy vir die **His Master's Voice**-platemaatskappy gemaak het in laasgenoemde se **Celebrity Red Label**-reeks.[158]

Die konsert is deur 'n groot gehoor bygewoon. Die eerste deel van die program het uit Italiaanse opera-arias bestaan maar Zilliani het ook etlike Napolitaanse liedere gesing wat bygedra het tot die Italiaanse atmosfeer van die aand.

Barbara Louw het in haar resensie oor die konsert melding gemaak van Zilliani se mooi stemkwaliteit maar het gevoel dat sy dinamiese klimakse oordadig hard was:

> "Alessandro Zilliani beskik oor 'n robuuste stem van aangename kwaliteite wat hom beslis op enige operaverhoog goed te staan kom. Meer toonwisseling sou egter sy voordrag baie verbeter het. Die geweldige klimakse, wat waarlik 'n openbaring van menslike stemkrag was, het dikwels hinderlik hard geklink (veral in die beperkte ruimte van ons stadsaal) as gevolg van 'n 'oop' toonproduksie."[159]

Die sopraan Shirley Hepburn het ook opera-arias voorgedra en die gehoor het haar selfs om verskeie toegifte gevra:

> "...Aan Shirley Hepburn se talent hoef 'n mens nie te twyfel nie. Hoewel sy aanvanklik 'n bietjie stroef was en die stem nie heeltemal vry wou vloei nie, het sy later met goedbeheersde, suiwer vloeiende sang verras. Veral hoë kopnote was pragtig rond en voor. Met die Puccini-arias (uit Turandot en La Boheme) het sy dan ook die warm applous verdien wat haar genoodsaak het om verskeie toegifnommers te sing."[159]

Alhoewel die pianis Lorenzo Danza 'n netjiese voordrag in sy solostukke gelewer het, het Barbara Louw gevoel dat hy die Italiaanse komposisies beter voorgedra het as die Chopin-werke, omdat hy sy opleiding in Italië ontvang het:

> "...Die pianis Lorenzo Danza het eweas Zilliani, sy opleiding in Italië geniet. Miskien is dit die rede waarom die fyn, ligte 'Tarentella' van die Italiaanse komponis Martucci wat hy as toegif gespeel het, beter aangepas het by die styl as die Chopin-werke wat meer warme romantiek kon weerspieël het. Berceuse was gekenmerk deur baie presiese vingerwerk. Ook die Scherzo het getuig van netheid in die spel hoewel die regterhand in die kragtige dele nie briljant genoeg geskitter het nie. As begeleier het Lorenzo Danza sy taak deurgaans met bekwaamheid verrig en daardeur bygedra tot die geslaagde verloop van 'n heel genoeglike konsert."[159]

3.26 Arend Koole en Gertrude Kautzky

In Julie 1951 het die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se musiekvereniging 'n konsert in die Kroonstadse stadsaal aangebied met dr Arend Koole en Gertrude Kautzky in 'n program van oorspronklike werke vir vier hande op een klavier. Die program het bestaan uit werke van Schubert, Mozart, Brahms, Fauré en Dvorak en is

> "...een en almal volgens die styl en atmosfeer wat elke afsonderlike komposisie vereis knap voorgedra..."

Barbara Louw het in haar resensie gekla oor die swak ondersteuning van die konsert en het gesê:

> "...as die stadsaal kwalik kwartvol (en hiervan was minstens twee-derdes skooldogters) is by geleentheid van 'n puik uitvoering deur twee van die mees vooraanstaande musici in ons land, voel 'n mens diep teleurgestel en skaam." [160]

Oor dr Koole wat homself in Europa as dirigent en solis onderskei het en Gertrude Kautzky, het Barbara Louw as volg berig:

> "Hy is 'n musikus wat beskik oor diepgaande kennis van uitgebreide aard en juis om dié rede is dit bewonderenswaardig dat hy nogtans op 'n bepaalde instrument so uitblink. Sy tegniese vermoë op die klavier is onberispelik en sy vertolkings oortuig van fyn musikale insig en aanvoeling.
>
> Gertrude Kautzky was professor aan die Staats-Musiekkollege in Salzburg waar sy aangestel is nadat sy die beste opleiding geniet het wat die Vasteland kon aanbied. Haar klavierspel kan dan ook waarlik dien as inspirasie vir elke musiekstudent."[160]

3.27 Mimi Coertse en Erwin Broedrich

Op 24 April 1953 het die Kroonstadse Musiekvereniging aangekondig dat hulle 'n konsert op 1 Mei in die stadsaal sou aanbied met Mimi Coertse, "jong Suid-Afrikaanse koloratuur" en die violis Erwin Broedrich en sy gade Gudrun. Die Musiekvereniging het 'n beroep gedoen op die publiek om die konsert by te woon:

> "...thus aiding them in their pleasant task of bringing more and better musical entertainment to Kroonstad."[161]

Die konsert is deur 'n klein maar waarderende gehoor bygewoon,

> "...those who were not there missed an excellent performance." [161]

Mimi Coertse was maar slegs negentien jaar oud toe die konsert plaasgevind het en sy was gedurende die eerste deel van haar program merkbaar senuweeagtig. Sy het egter gou beheer oor haarself herwin en haar program wat uit Duitse Lieder, opera-arias en Suid-Afrikaanse liedere bestaan het, met welslae voltooi:

> "Mimi Coertse, one of South Africa's youngest colorature soprano's (she is only 19) acquitted herself admirably. Accompanied by her fiancé Dawid Engela, she commenced her programme with German Lieder, the first two of which showed signs of nervousness. Having executed the 'Mein glaubliches Herz' by Bach, our young performer seemed visibly to gain more confidence, and from then on sang with an ease and polish usually found among singers of greater experience.
>
> Her 'Du bist die Ruh' and 'Seligkeit' by Schubert showed admirably her technical skill and control.
>
> The trio of opera arias gave her a chance to display her ability to interpret the more florid passages so typical of colorature productions.
>
> The third and last group, 'Lentelied' and 'Gebedjie' by S. le Roux Marais, and 'Kokkewiet' by P.J. Lemmer were the best performances of these three songs the writer had yet heard. Her performance of the well-known 'Nightingale' as an encore, left no doubt whatever of her perfect control and her vocal flexibility." [162]

Die kritikus het 'n profetiese stelling gemaak toe hy vir Mimi Coertse 'n suksesvolle sangloopbaan voorspel het:

> "...Mimi Coertse shows promise of a great future if she continues her intensive training and development..." [162]

Hy het haar stem beskryf as:

> "...beautifully clear, accurately placed, and admirably controlled..." [162]

Erwin Broedrich, wat deur sy bekwame eggenote Gudrun begelei is, het sy deel van die program ingelei met **Arioso** van Handel, **Capriccio** van Haydn en **Hongaarse Dans** Nr 2 van Brahms. Die hoogtepunt van sy uitvoering was sy meesterlike vertolking van Beethoven se **Vioolkonsert**, op 61, in D-majeur. Die kritikus was ook veral beïndruk deur die wyse waarop Gudrun Broedrich hierdie werk begelei het:

> "...It is not often that one finds a really good accompanist to a violin soloist for Concerto work, since such compositions invariably demand orchestral accompaniment, but Mrs. Broedrich proved her ability in ably accompanying her husband in this exacting performance. Erwin Broedrich's dexterity and confident performance together with Gudrun Broedrich's masterful performance at the piano, made, what might have been a tedious listening, a feast

of sound and technical ability."[162]

Erwin Broedrich het die program met twee "Romances" afgesluit en Schubert se **Träumerei** as encore gespeel.

3.28 Alexander Haagen, Blake Toerien en Attie Badenhorst

Op 21 April het die Kroonstadse Musiekvereniging 'n konsert deur die bekende tenoor, Xander Haagen, in die stadsaal aangebied.

Xander Haagen het sy sangloopbaan in ligte opera in Engeland begin en nadat hy heelwat roem verwerf het op hierdie gebied, het hy hom toegelê op die kunslied. As liedersanger het hy in Amsterdam saam met die begeleier Geza Trid opgetree asook saam met die Concertgebouw-orkes. Hy het ook deur Duitsland gereis saam met die pianis Werner Haentjes. Daarna het hy in Londen opgetree in 'n program van Lieder. In 1954 het hy na Suid-Afrika gekom waar hy 'n druk toerprogram nagekom het. In Durban het hy saam met die stadsorkes onder leiding van Edward Dunn gesing, en ook vir die Filharmoniese Vereniging van Pietermaritzburg. Hy is deur die musiekverenigings van die Oostelike Provinsie genooi en het 'n konsert in Bloemfontein gegee.[163]

Saam met Xander Haagen het die plaaslike pianis Blake Toerien in Kroonstad opgetree. Mnr Toerien was pas terug van 'n twee-jaar lange studietoer in Parys.[164]

Xander Haagen het die program geopen met 'n groep Schubert-liedere gevolg deur 'n groep Engelse liedere en het daarna sy eerste bydrae afgesluit met twee Nederlandse liedere waarvan een, **Liefdeslied**, 'n komposisie van die begeleier mnr Attie Badenhorst van Bethlehem, was.

Die tweede deel van mnr Haagen se program het met 'n groep Noorweegse Kunsliedere begin, wat onbekend was vir die Kroonstadse gehoor, gevolg deur liedere van Wolf en Brahms, asook drie Engelse volksliedjies.[165]

Die kritiek wat mnr Haagen in Kroonstad ontvang het, was dat hy aan die begin onseker van homself gevoel het en dat sy intonasie by tye swak was:

> "One could not help feeling during the first half of the programme that Mr. Haagen was not yet 'warmed up' to his audience. Alghough his control and diction were good, there were times when his intonation was poor. This was expecially evident in the songs which were of slower tempo.

> His second half of the programme was undoubtedly better than the first, because he settled down to his audience, and his personality had made itself felt amongst them. His two unaccompanied folk songs were very well presented. Mr. Haagen undoubtedly has the advantage of years on his side and being a young man, time and intensive study will yet bring out far more in his voice." [165]

Mnr Attie Badenhorst is ook gelukgewens met sy simpatieke begeleiding.

Die tweede helfte van die program is in beslag geneem deur die uitvoering van Blake Toerien. Aanvanklik was mnr Toerien senuweeagtig, aangesien dit die eerste keer was dat hy weer voor sy tuisdorp se mense opgetree het na sy oorsese studie. Die gehoor, wat egter baie trots was op die prestasie van hierdie belowende Kroonstadter, het hul waardering luidrugtig laat hoor, en hierna het die pianis met meer selfvertroue opgetree:

> "The same evening was auspicious in that it marked the debut of Blake Toerien, who recently returned from two years study in Paris. Mr. Toerien played Beethoven's Sonata in E flat, Op 31 no 3 and it was most unfortunate, but evident, that he was nervous during this performance. It was therefore, only natural that the piece was not presented to its best advantage. The audience nevertheless showed its appreciation of the work in its applause at the end and showed its confidence in Mr. Toerien. This confidence was amply rewarded by his rendering of the three modern compositions, 'The West Wind', by Debussy; Barcarolle No 2 in G by Faurê, and 'Toccata' by Ravel.
>
> Here Mr. Toerien came on to the stage with greater confidence and right from the first notes of 'The West Wind' it was apparent that the audience was in for a treat of finely executed and sincerely interpreted music. The audience witnessed the polished technique of this performer, and the supple dexterity of his fingers.
>
> All too soon the items were completed, and the audience applauded heartily. Mr. Toerien came back for a curtain call, and he had to perform an encore. And the music again rippled from the piano, and the depth of feeling and flawless execution made veryone applaud loudly when the piece ended." [165]

Ten slotte is opgemerk dat dit 'n gelukkige aand was om mnr Toerien weer terug te hê in die dorp se geledere en dat almal uitsien na verdere optredes deur hom.

Die konsert is gevolg deur 'n onthaal aan huis van mej Sarah Wessels, beskermheer van die kunste in Kroonstad, saam met die kunstenaars en die Musiekvereniging se komitee. Mnr I van Rooyen, voorsitter van die vereniging het mej Wessels bedank

> "...for her unfailing support of music and said her generosity was always evident at such functions as she had arranged that evening." [165]

3.29 Gerrit Bon, Peter Rorke, Richard van Bergen, Gerta Breyne-Dicken en Jack de Wet

In April 1955 het Kroonstad sy Eeufees gevier met 'n reeks konserte. Op 21 April is die tweede Eeufeeskonsert deur besoekende kunstenaars in die stadsaal aangebied. Die kunstenaars wat opgetree het was professor Gerrit Bon en Peter Rorke (twee klaviere), Richard van Bergen (bas), Gerta Breyne-Dicken (sopraan) en Jack de Wet (viool).

Die program is geopen met drie werke vir twee klaviere naamlik **Sonate in D** van Mozart, **Andante en Variasies** van Schumann en **Variasies op 'n Tema van Beethoven** van Saint-Saëns. In die resensie is die volgende kommentaar oor die duospel gelewer:

> "Van hierdie paar is professor Bon die meer geskoolde musikus maar Peter Rorke die fynere pianis. (Sy simpatieke begeleiding vir mnr. Van Bergen het ook hiervan getuig). Hulle speel goed saam. Die komposisies van Mozart en Saint-Saëns was stilisties egter meer bevredigend as die pragtige Schumann-variasies wat ontbreek het aan vurige opregtheid en glans."[166]

Richard van Bergen het drie arias uit **Die Towerfluit** en **Ontvoering uit die Harem** gesing asook **Die beide Grenadieren** van Schumann en **Der Lindenbaum** van Schubert. Die kritikus het gevind dat die sanger oor 'n mooi stem en dramatiese aanleg beskik maar dat hy te ingetoë en skugter voorgekom het:

> "Die arias van Mozart sowel as die liedere pas sy stem baie goed maar vra meer vryheid en spontaneïteit."[166]

Gerta Breyne-Dicken, begelei deur Ethel Baker het vyf liedere gesing naamlik **Gottes ist der Orient** van Schumann, **Ich trage meine Minne** van Strauss, **Du bist Orphid** van Wolf, **Es blaut die Nacht** van Handel en **Ach mein Sohn** van Meyerbeer. Die kritikus het haar 'n 'fyne kunstenares' genoem en het haar voordrag as volg beskryf:

> "Sy beskik oor skoonheid van stem en 'n aangename, gemaklike, natuurlike optrede. Daarby kan sy interpreteer. Sy is 'n gerypte sangeres en professioneel in alle opsigte."[166]

Jack de Wet, begelei deur Barbara Louw, se program het bestaan uit Eccles se **A Stormy Morning, Adagio en Rondo** van Mozart, **Intrada** van Moffat en **Tambourin Chinois** van Kreisler. Sy voordrag is beskryf as 'musikale genot' en het die kritikus volkome tevrede gestel:

> "Sy tegniek is briljant en daar is diepte en deurskynendheid in sy

spel. Hy verstaan die musiek wat hy vertolk en lewer alom bewys van goeie vakmanskap. Jack is 'n behoorlike jong violis wat genoeg talent het om dit nog veel verder as Suid-Afrika te bring."[166]

3.30 Jean Gluckman en Stephan Deak

Op 11 Mei 1957 het die Kroonstadse Musiekvereniging 'n konsert in die stadsaal aangebied met Jean Gluckman (mezzosopraan) en Stephan Deak (viool). Hulle is deur Olga Rademan begelei.

Jean Gluckman was oral in Suid-Afrika bekend as soliste en haar talle radio-uitsendings het haar besonder gewild gemaak by die publiek.[167]

Stephan Deak was 'n Hongaarse viool- en altvioolspeler wat in Boedapest gebore is en waar hy 'n leerling van die beroemde meester, Jenö Hubay* was. Onder Hubay het hy in 1939 sy diploma as virtuoosviolis behaal. Hierna het hy in Brussel en Marseille sy musiekstudies voortgesit en na die oorlog het hy musieknavorsing aan die Sorbonne in Parys gedoen.[168]

Die konsert deur hierdie twee kunstenaars was die glanspunt van die musiekvereniging se bedrywighede gedurende 1957. Elkeen het in hul eie sfeer so volkome bevredig dat Barbara Louw in haar resensie die wens uitgespreek het om na 'n volle program van elkeen te kon luister.

Jean Gluckman se items was in drie groepe verdeel wat bestaan het uit werke van Respighi, Grieg, Brahms, Rachmaninoff en Eva Noël-Harvey.

Stephan Deak se program het bestaan uit werke van Bach, die **Praeludium en Allegro** van Pugnani-Kreisler, **Hebreeuse Melodie** van Joseph Achron, die Russies-Joodse komponis en student van tradisionele Joodse musiek, en **Czardas** van Hubay.

Barbara Louw het in haar resensie opgemerk dat Jean Gluckman se vriendelike persoonlikheid vanuit die staanspoor 'n aangename atmosfeer tussen gehoor en kunstenares geskep het. Een van haar vernaamste kenmerke was die buigbaarheid van haar stem:

> "Jean Gluckman het 'n fraai stem wat sy met gemak gebruik. Deurgaans was 'n mens onder die indruk van haar gevoeligheid vir en intimiteit met die betekenis van die musiek wat sy vertolk. Sy spreek 'n duidelike taal en kan haar stem beheer in alle grade van intensiteit."[169]

---

* Eugen Huber - Magjaarse en Duitse vorm van dieselfde naam.

Die twee liedere wat spesiaal vir Jean Gluckman geskryf is deur Eva Noël-Harvey naamlik **Krulkoppie** en **Bokmakierie** het die meeste applous uitgelok.

Stephan Deak is beskryf as

> "...'n geniale violis, geryp in elke styl."

Hy het die program geopen met 'n puik voordrag van Bach se onbegeleide **Sonate in G-mineur**. Die romantiese en moderne werke is "...gepassioneerd en vol temperament" voorgedra.

Barbara Louw het Stephan Deak se spel as volg beskryf:

> "...Deak speel met 'n warme, deurdringende, diep toon. Hoewel hy nooit probeer het om sy tegniek te vertoon nie, kon 'n mens tog nie anders as om sy voortreflike strykwerk en vingerartikulasie en sy bykans perfekte intonasie in die moeilike dubbelgrepe en flageoletpassasies te bewonder nie."[169]

Laastens is Olga Rademan aangeprys vir haar bydrae as begeleidster. Sy het op kort kennisgewing die hele program ingestudeer en het daarin geslaag

> "...om die twee kunstenaars so getrou, musikaal en intelligent te kon bystaan."[169]

3.31 Die Musiekvereniging van die Potchefstroomse Universiteit

Op 14 September 1957 het die musiekvereniging van die Potchefstroomse Universiteit onder leiding van professor MC Roode 'n konsert in die De Wet Erlanksaal gegee, onder beskerming van die Kroonstadse Musiekvereniging. Die program het 'n verskeidenheid instrumentale en vokale items bevat.

Arthur Wegelin het die program ingelei met 'n Vivaldi-vioolsonate, waarna Pieter de Villiers 'n "stemmingsvolle vertolking" gegee het van **Weerkaatsings in die Water** van Debussy en **Rondo Capriccioso** van Mendelssohn. Retha Oosthuizen het Chopin se **Fantaisie Impromptu** voorgedra, en Karinie van der Merwe en Hildegard Endeman het as sangsoliste opgetree. Mej Van der Merwe het Mozart se arie **L'amero** saam met viool-obligato gesing.

'n Koor van dertig lede het onder professor Roode opgetree:

> "...Dit was 'n groot genot om te luister na die goed gebalanseerde koor wat grotendeels daartoe bygedra het om 'n sukses van die aand te maak. Hierdie koor het deurgaans a cappella opgetree en verdien lof vir die

mate van suiwerheid waarmee die intonasie bewaar is. Die Engelekoor uit Elijah van Mendelssohn soos gelewer deur die dameskoor is gekenmerk deur fyn nuansering, mooi toongehalte en netjiese samesang. 'n Verskeidenheid humoristiese Volks- en gewyde liedere het die res van die koor se program uitgemaak."[170]

3.32 Emmerentia Scheepers, Eve Gettlesohn, Hennie Joubert en mej. Yutar

Op 11 April 1958 het Emmerentia Scheepers (sopraan) en Eve Gettlesohn (viool) 'n konsert in die stadsaal gegee onder beskerming van die Musiekvereniging. Hulle is deur Hennie Joubert en mej Yutar begelei.

Die konsert is bestempel as die beste wat die Musiekvereniging gedurende die jaar aangebied het en slegs 'n kort berig het die inhoud van die uitvoering saamgevat:

> "Emmerentia Scheepers het 'n program van hoogstaande gehalte voorgedra. Sy het ou en moderne Italiaanse liedere, Franse en Duitse liedere gesing.
>
> Hennie Joubert het deurgaans goeie en ondersteunende begeleiding gelewer.
>
> Eve Gettlesohn het bewys gelewer van briljante tegniek. Die eerste groep stukke was van die klassieke periode en die tweede groep modern. Veral in die tweede groep het haar tegniese vaardigheid sterk op die voorgrond getree. Haar spel was van uitstaande gehalte."[171]

3.33 'n Verskeidenheidskonsert deur Johannesburgse en Kroonstadse kunstenaars

Op 19 Junie 1959 is 'n konsert onder beskerming van die burgemeestersvrou, mev. AJJ Duursema, gegee met Johannesburgse en Kroonstadse kunstenaars, naamlik Hermien Conradie (sopraan), Jimmy Reynders (klarinet), Phyllis Elzas (klavier), Jos de Groen (fagot), Gerrit Bon (hobo), Charlotte Moyses (viool) en haar begeleidster Anna Grobler, en die tienjarige Augustus de Villiers (klavier) en sy begeleidster Barbara Louw.

Die verslag wat oor hierdie konsert geskryf is, is een van die min resensies wat dr Griffiths ooit in Kroonstad gepubliseer het. Hy het gesê dat die program 'n goedgekose een was en dat die konsert 'n gedenkwaardige geleentheid was aangesien daar so 'n groot en entoesiastiese gehoor teenwoordig was by 'n kamermusiekkonsert:

> "...Had the concert been titled as it really was, a 'Chamber Concert', one wonders how it would have affected the attendance - but 'ignorance

is bliss', so they came, they saw and they were conquered!"[172]

Die eerste item was 'n houtblaas-suite van Huguenin wat deur Gerrit Bon, Jimmy Reynders en Jos de Groen gespeel is. Die laasgenoemde twee spelers was hoofspelers van die SAUK-orkes. Dr Griffiths het die vriendelike verhoogpersoonlikheid van Jos de Groen as volg beskryf:

> "Jos de Groen, while no longer a 'youth' is certainly 'young at heart' and came to fill the place of Mario Rossingano, who was unable to come, which was very sporting of him and added lustre to the already brilliant ensemble for Jos de Groen is in the international class of bassoonists."[172]

Jos de Groen het al dikwels tevore in Kroonstad opgetree saam met die Filharmoniese-orkes.

Die Huguenin-trio was uit die luisteraar se oogpunt die suksesvolste:

> "...especially the final movement which almost brought the house down. The other movements showed evidence of perfect synchronisation, blend and balance, with musicianly phrasing throughout - all of which attributes were also present in their performance of the Mozart Divertimento."[172]

Charlotte Moyses het 'n gedeelte van Tchaikovsky se **Vioolkonsert** saam met haar begeleidster Anna Grobler gespeel en volgens dr Griffiths het hierdie violiste groot moontlikhede getoon en 'n netjiese voordrag gegee,

> "...which will be enhanced with greater flexibility and a more relaxed bowing arm. Her memory was infallible, her double stopping and harmonies good, though at times her intonation was a little uncertain. The movement from Tchaikovsky's Violin Concerto showed undoubted technical ability, which will develop with greater maturity, but one must give her credit for a commendable effort."[172]

Hermien Conradie het saam met Jimmy Reynders (klarinet) en Phyllis Elzas (klavier) Schubert se **Der Hirt auf dem Felsen** uitgevoer. Dr Griffiths was van mening dat haar stem aangenaam dog onvolwasse was. Haar hoë note was kleurloos en sy het probleme met intonasie en produksie gehad. Die tienjarige Augustus de Villiers wat die Allegro Vivace-gedeelte van Haydn se **Klavierkonsert in D** gespeel het, het die grootste toejuiging ontvang:

> "...This boy has undoubted talent and should go far, always provided his general musicianship is not allowed to lag behind his technical brilliance..."[172]

3.34 Nellie du Toit en Hennie Joubert

Op 4 November 1959 het Nellie du Toit (sopraan) en Hennie Joubert (klavier) 'n konsert in die stadsaal gegee onder beskerming van die Kroonstadse Musiekvereniging.

Nellie du Toit het haar sangopleiding in Kaapstad ontvang en is in 1952 gekies om as soliste aan die Van Riebeeckfees deel te neem. Na 'n eerste tydperk van oorsese studie het sy die Universiteit van Suid-Afrika se musiekbeurs gewen en weer eens na Londen vertrek vir verdere studie.

Hennie Joubert het ook sy musiekopleiding in Kaapstad ontvang en daarna aan die Universiteit van Stellenbosch, asook in Zürich en Londen studeer. Vanaf 1954 was hy hoof van die Musiekskool op Heidelberg. In 1958 is 'n komposisie van hom vir a cappella-koor deur die SAUK na die Wes-Duitse radio en die BBC gestuur vir uitsending.[173]

Die program het bestaan uit Mozart se **Sonate in E-mol** K. 282, Chopin se **Scherzo in B-mol-mineur** asook liedere van Brahms, Schubert en Suid-Afrikaanse komponiste.

3.35 Sarie Lamprecht, Walter Mony en Sini van den Brom

In Maart 1961 het Sarie Lamprecht (alt), Walter Mony (viool) en Sini van den Brom (klavier) 'n konsert in die stadsaal gegee as gaste van die Kroonstadse Musiekvereniging. Sarie Lamprecht, "...met haar bekoorlike verhoogpersoonlikheid...",[174] het artistieke vertolkings van Duitse liedere gelewer terwyl almal beïndruk was deur Walter Mony se vaardige en gevoelvolle vertolking op die viool. Sini van den Brom het op bekwame wyse die begeleidings waargeneem. Ongelukkig bevat die resensie nie 'n lys van werke wat voorgespeel is nie.

3.36 'n Jeugkonsert deur Johannesburgse en Kroonstadse kunstenaars

Op 16 Junie 1962 het die Suid-Afrikaanse Musiekonderwysersvereniging en die Kroonstadse Musiekvereniging 'n jeugkonsert in die stadsaal aangebied. Dit was die tweede keer dat so 'n jeugkonsert plaasgevind het.

Die kunstenaars was jong Johannesburgse musici wat alreeds aan talle konserte, kunswedstryde en radio-uitsendings deelgeneem het. Ook twee Kroonstadse leerlinge het opgetree naamlik Gus de Villiers (klavier) en An-

toinette Oosthuizen (sopraan). Ander lede van die groep was Arlene Gallser en Nicolas Magni (klavier), Gloria Beckett (sopraan) en Jenny Lee (viool). Gaskunstenaars het Marian Pack-Lewin, Sara Pack en Allan Solomon ingesluit.

Nicolas Magni het die program begin met 'n werk van Chopin en Liszt se **Rapsodie** nr 6. Sy spel het 'n gemak en selfvertroue openbaar en in die Liszt het sy onteenseglike virtuositeit na vore gekom.

Gloria Beckett was egter teleurstellend:

> "...Her vocal line was unstable and the lack of resonance in certain registers could not be compensated for by her varied repertoire."[175]

Sy is deur dr Griffiths begelei.

Jenny Lee het Kreisler se **Praeludium und Allegro** met

> "...assurity, ease and quality of tone..."[175]

gespeel.

Antoinette Oosthuizen, wat deur Henk van Eck begelei is, het 'n volwasse stem getoon vir haar ouderdom maar toonproduksie en projeksie het ontbreek.

Gus de Villiers het 'n briljante uitvoering gegee van Debussy se **Tuine in die Reën.**

Die konsert is afgesluit met die **Scherzo** uit Shostakovitch se **Klavierkwintet** en die **Allegro Ma non Troppo** uit Brahms se **Klavierkwintet.**

3.37 Die Boekkooi Trio

Op 22 September 1962 het die Musiekvereniging 'n konsert in die Tegniese Kollegesaal aangebied met die Boekkooi-trio. Hierdie trio het uit drie Boekkooi-broers bestaan wat 'n hele paar instrumente kon bespeel: klavier, luit, altviool, fluit, blokfluit en klarinet. Hulle program het uit middeleeuse danse bestaan wat hulle in Duitsland opgespoor het en self verwerk het. Daar bestaan geen resensie oor die konsert nie.

3.38 'n Jeugmusiekfees

Reeds in 1962 het die burgemeester van Kroonstad, mnr JC Fowler, na die

behoefte vir 'n kleinteater op Kroonstad verwys. In 1963 het die Kroonstadse Musiekvereniging met daadwerklike stappe na vore gekom om so 'n teater op te rig aangesien kultuurorganisasies soos die Theatre Circle wat vir jare reeds toneel van hoogstaande gehalte op die planke gebring het sowel as die Musiekvereniging wat van die beste uitvoerende kunstenaars op gereelde basis na die dorp genooi het, die verouderde stadsaal nie meer kon gebruik nie.

> "Kroonstad is par excellence the town in the Northern Free State which does all in its power to promote music, elocution, drama and art. At this stage of our cultural development there is a pressing need for a hall, modern, well-equipped and suitable for orchestral performances, recitals, plays and other undertakings of cultural nature." [176]

Om geld in te samel vir die projek het die Musiekvereniging 'n jeugmusiekfees op 15 Maart in die stadsaal gehou onder beskerming van die burgemeester. 'n Keur uit die land se jeugtalent het opgetree: Niel Immelman (klavier) van Bloemfontein, 'n stryktrio van Betty Pack, die twaalfjarige pianis Peter Maesroch van Johannesburg, en Johan en Bernard Fourie, 'n sangduo van Bethlehem. Daar was ook verskeie kore op die program, nl die Bethlehemse Meisieskoor van Andries Wasserman, die Christian Brothers College-seunskoor van Welkom, en plaaslike kore van Hannah Wessels en Rina Swart en die Notre Dame-koor van dr Teasdale Griffiths. Die program is verder aangevul deur 'n sangtrio, afgerig deur Trudy van Niekerk en sangsolo's deur F Visser en Melisande Wheeler.

4 Die aanbiedings van vaudeville, revue, musiekkomedie en jazz deur besoekende kunstenaars

Vaudeville, revue, musiekkomedie en jazz het in Kroonstad 'n bloeitydperk beleef van omstreeks 1918 tot aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog. Teen 1918 was daar alreeds 'n gevestigde tradisie vir hierdie soort aanbiedings asook 'n ontvanklike gehoor, maar geen bronne voor 1918 kon gevind word nie.

In die negentiende eeu is die naam "vaudeville" (wat reeds in die sestiende eeu gebruik is vir 'n kort liriese of liefdeslied), aangewend om kort komedies, bestaande uit populêre liedjies wat in kafees en varietê-teaters

aangebied is, te beskryf.

Die vaudeville- en revue-geselskappe wat in Kroonstad aangedoen het was van Amerikaanse en Engelse oorsprong en hulle het dikwels onder leiding van hul eie impresario's gestaan waarvan die bekendstes Leonard Rayne, WH Charteris, Sam Stern, Jock Duff, S Plomaratis en Arthur S Helliar, was. Sommige geselskappe is deur **African Theatres** en **Citizen's Amusement Limited** aangebied.

Hierdie geselskappe was geweldig populêr en gedurende die twintigerjare is konserte vir weke lank geadverteer en het groot opgewondenheid geheers wanneer die reisende groepe by die hotels in Kroonstad opgedaag het. Hierdie vermaak, wat gepaard gegaan het met lewendige musiek, komiese items, pragtige en kleurvolle kostuums en dêcor sowel as elektriese verhoogbeligting, het die Kroonstadse teatergangers nie slegs in kontak met die buitelandse teater gebring nie, maar was sekerlik 'n heerlike ontvlugting van die saaie lewe in 'n klein plattelandse dorpie.

4.1 Die aanbiedings van 1918 en 1919

4.1.1 1918

In 1918 het slegs een vaudevillegeselskap Kroonstad besoek, 'n groep wat as **The Musical Stiffs** bekend gestaan het. Hulle het in die plaaslike bioskoopsaal, die Empire-teater, opgetree en die aand se filmvertoning in die teater is verkort om genoeg tyd te laat vir die konsert. Harry Geale (tenoor) en Beatrice Mercer (kontralto) was die sangers.

4.1.2 1919

Vanaf 1919 het meer geselskappe in Kroonstad opgetree. Gedurende die jaar het nie minder nie as sewe groepe die dorp besoek:
Op 1 April was **The Merry Jesters** in die stadsaal met 'n program van ligte vermaak. Die kunstenaars in hierdie geselskap was George Nash ,Abel Graham, Billy Milton, Harvey Brandon en die pianiste Joyce Elliot.

Op 6 en 7 Mei het Claude Dampier en Irene Vere met hulle geselskap in die stadsaal opgetree. Die advertensie van hul vertoning was 'n aanduiding van die aard daarvan:

> "The whole performance is a wonderful combination of delightful music and spontaneous hilarity."

'n Vaudeville-groep genaamd **The Globetrotters** het onder beskerming van African Theatres Trust twee programme aangebied in die stadsaal op 12 en 13 Junie. Die geselskap het bestaan uit 'n Japanese riksja, balanseerkunstenaars, jongleurs, komediante en beiaardiers. Die pianis was Jack Bertrand.

Op 14 Junie was 'n revue-geselskap bekend as **The Rolling Stones** in die stadsaal. Hulle was 'n onafhanklike groep kunstenaars wat dwarsdeur Suid-Afrika en Rhodesië getoer het onder leiding van mnr WH Charteris, 'n bekende liriese tenoor. Die ander lede was Olive en Seme, 'n jeugdige duo wat komiese arias gesing het; Billy Melton, 'n komediant en danser; en Denise Fields, die pianiste en begeleidster. Hulle het 'n program aangebied met kleurvolle kostuums en het ballades, uittreksels uit operas, revues en musiekkomedies gesing.

Jennie MacRae, die Skotse sangeres, het vir 'n tweede keer na Kroonstad gekom maar hierdie keer as leidster van 'n vaudeville-geselskap, **Jennie MacRae Gay and Giddy Gadabouts**, wat op 1 en 2 Augustus in die stadsaal opgetree het in "a feast of fun, frolic and laughter".

Op 11 en 12 November het 'n Engelse vaudevillegeselskap onder leiding van die komediant Sam Stern en tien ander kunstenaars in die stadsaal opgetree.

Op 24 November is 'n revue deur 'n aantal welbekende kunstenaars opgevoer. Hulle het almal in groot teaters soos die Tivoli in Kaapstad en die Empire Teater in Johannesburg bekendheid verwerf. Die kunstenaars was Gladys St Vincent, Peggy Fay, Kenneth Gwynne (vanaf Londen), Cosmo Parke en Eric Vernon. Die revue is genoem **Whoops Dearie** en het 'n maand lank groot skares in Kaapstad getrek.

Kroonstad was bevoorreg om belangrike en bekende kunstenaars te kon hoor en om produksies van 'n goeie gehalte, wat ook in die stede aangebied is, te kon bywoon.

4.2 Die aanbiedings van die twintigerjare

4.2.1 1920

Gedurende 1920 het elf geselskappe in die dorp opgetree:

Die eerste geselskap wat Kroonstad aangedoen het was **The Ernestos.** Op 15 en 16 April het hulle 'n verskeidenheidskonsert aangebied van Hawaïse musiek waarin inheemse instrumente soos die ukelele en die Hawaïse staalkitaar gehoor is. Die program is verder aangevul deur akrobate en fietsryers.

Op 10 en 11 Mei het **Leonard Rayne's Musical Comedy Company** in die stadsaal opgetree. Die geselskap het uit vyf-en-dertig kunstenaars bestaan waaronder soliste, koor en orkes getel het. Op 10 Mei is **The Belle of New York** opgevoer en op 11 Mei die komiese opera **La Poupee.** Die publiek is deur die Kroonstad Times ingelig oor die aard en kwaliteit van die twee musiek-komedies:

> "The haunting melodies, delightful music, side-splitting humour, dainty dancing, pretty stage effects, will all combine in making this visit a most memorable one. No expense has been spared either for scenery or for costumes and a gorgeous spectacle is promised. A good chorus and orchestra and a complete cast of principals will make this visit one of the most enterprising that has yet been seen here. Audran's La Poupee now is known as a classic in as far as comic opera is concerned. It is certainly a perfect example of genuine comic opera, and it is safe to affirm that it will be as popular a hundred years hence. An enchanting story, full of the most laughable situations and set to the most delightful music whilst the costumes, scenery and whole ensemble will not fail to please, amuse and entertain."[177]

Die sangers was Marjorie Clifton, Douglas Drew, Bertha Ricardo, Derrick Neville, Delphine Dalyrample, Gladys Briese, Kiki Lowle, Claire Hutchinson, Bertha Herbert, Lawrence Lensters, Samuel Turtis, Eugene Hatton, James Vincent, Phil May en Eric Ardenna.

Op 2 Julie is 'n revue deur die **Scarlet Runners** onder leiding van mnr Stanford in die stadsaal aangebied, waaroor verdere gegewens nie beskikbaar is nie.

Op 21 en 22 Julie het African Theatres Trust **Follies of 1920** in die stadsaal aangebied. Hierdie produksie het gespog met hulle eie jazz-orkes en die advertensie vir die konsert het as volg gelui:

> "The newest production may be said to sample every sort of modern stage entertainment, for there are tabloid portions of musical comedy, grand opera, farcical comedy, vaudeville, and pasquinades. The newest form of Jazz Band will be one of the features of this show."[178]

Die geselskap het onder leiding van Dan Thomas gestaan en ander lede was Olive Weir, Edith Hyland, Ada Edney, Fred Knight, Alec Kellaway, Harry Merrylees en Jack Sprightly.

Op 9 Augustus het African Theatres Trust **The New Musical Comedy Company** in 'n produksie van die musiekkomedie **Katinka** in die stadsaal gehad. 'n Baie gunstige resensie het in die plaaslike koerant verskyn:

> "...for a musical comedy the plot was not too thin and the music throughout was very attractive and tuneful. A great improvement to the music was the orchestra, which though small, played with great strength and sympathy throughout the play. The leading lady, Miss Zoe Corner looked beautiful and sang very well in the part of 'Katinka'. Her opening song, **Racketty Coo**, which is repeated several times during the play, soon captured the audience, and will no doubt become a favourite in local drawing rooms. Mr. George Burdett made a striking Captain Ivan, and his magnificent baritone voice won its way to all hearts. This song and the duet with Katinka deservedly brought down the house, being the gem of the evening. The costumes were gorgeous and the scenery and lighting effects were up to the best standard. Although the prices were by no means low the splendid attendance demonstrated the fact that Kroonstad will always support a first class show." [179]

Op 10 Augustus het dieselfde geselskap die musiekkomedie **Yes, Uncle** opgevoer. Op 8 September het African Theatres Trust weer 'n musiekaanbieding na Kroonstad gebring en hierdie keer was dit die **Musical Madcaps** wat in die Empire-teater opgetree het. Daar is berig dat hierdie geselskap nege jaar tevore (dit wil sê 1911) ook in Kroonstad opgetree het. Die groep, wat onder leiding van Edwin Adeler gestaan het, het ook die Skotse komediant Donald Macdougal, Idlian Gascoigne (mezzosopraan), Cissie Prentice (pianiste) en Monica Sandham (sopraan) ingesluit.

Die **Citizen's Amusement Ltd** het op 2 en 4 Oktober 'n vaudevilleprogram deur Sam Stern in die stadsaal aangebied. Die program het bestaan uit 'n verskeidenheid van

> "...new Yiddisher songs and studies and a few old favourites by special request."

Ander kunstenaars in die geselskap was Alex Kellaway, musiekkomediant; Maurice Sterndale, ragtime violis; Alma en Alde, "comedienne and soubrette"; Lew Levy, komediant; Stella Cooper, karaktervertolker; Clark en Walace, komediante, sangers en dansers. Die resensie oor hierdie twee konserte was baie ongunstig. Albei uitvoerings het gepaard gegaan met leë sale, wat toegeskryf kan word aan die feit dat die Kroonstadse publiek nie van hierdie soort musiek gehou het nie. Dit spreek duidelik uit die berig in die koerant van 5 Oktober:

> "The variety entertainment given in the Town Hall on Saturday and

> Monday evenings under the management of the Citizen's Amusements Ltd., was poorly patronised, last night even worse than Saturday Night. Sam Stern, the Jewish comedian, headed the bill, and his songs were almost a repetition of those sung by him on his last visit to Kroonstad. On Saturday evening Mr. Stern, in a speech to the audience, excused the poor support to inefficient advertising. The same excuse could not be given for last night's sparse attendance, amounting to about 50 persons, as natives were parading the town the whole day through with long calico streamers, stretching from one side of the street to the other, announcing the entertainment which had delighted Saturday's audience. This further effort to draw patronage would have been unnecessary, as the show itself would have been sufficient advertisement. The only conclusion to come to is that the entertainment given did not appeal to Kroonstad audiences. It was of the song and dance variety, a species of entertainment that lost its vogue a generation ago. Kroonstad audiences look for something more entertaining, and when it is not offered, they simply keep their money in their pockets and remain away."

Op 8 November het African Theatres 'n revue **Look Who's Here** in die stadsaal op die planke gebring. Dit is deur Jimmy Taylor geskryf en het vir ses weke groot skares in die Empireteater in Johannesburg gelok. Die produksie het die nuut-gestigte **Empire Chorus** ingesluit en verder het die geselskap uit die volgende kunstenaars bestaan: Dolly Summers, Adele Stellar, Ruby Wentworth, Freda Johnson, Eve Dickson, TM Oliff, Jack Strightly, George Welford en Tommy Hamilton.

Op 30 November het Sam Stern en sy geselskap in die stadsaal opgetree. Lede van die geselskap was Leonard Lorimer, Maurice Grey (klavier), Nellie Webber (sopraan) en Maurice Sterndale (viool).

4.2.2 1922

Op 24 Junie het Arthur S Helliar 'n

> "revusical musical comedy show comprised of songs, quartettes and concerted numbers"

in die stadsaal aangebied. Die geselskap het bekend gestaan as **The Flashlights**, en die lede was Edwin Adeler, Elsa Partiss ("a well trained soprano"), Douglas Drew (bariton), Kitty Welch, May Kenneth, Josie Mayo (pianiste) en Pat Mahoney.

Op 16 Desember het 'n Bloemfonteinse jazz-groep, **Kahn's Melody Mixers** 'n konsert in die Kroonstadse stadsaal gegee:

> "This Bloemfontein company of amateurs gave a successful entertain-

ment in the Town Hall on Dingaan's night in aid of local charities under die management of Mr. J.P.A. Bischoff. The programme comprising solo and concerted numbers, burlesques, sketches and the like was ably carried out under the direction of Mr. David Kahn and the performers displayed a degree of artistry which sustained appreciative interest throughout.

The Melody Mixers include Mesdames D. Bloch, L. Bloch, C. Brown, D. Moses and R. Solomon, Messrs. N. Brayton, F. Ginsberg, D.L. Kahn, M. Kiber, A.K. Nyman and N. Simons. Following two concerted numbers by the company a miscellany of items was presented. An outstanding number was the song 'Marjorie Deane' sung by Miss Dolly Bloch; Song Scene 'Arabian Love' by D. Bloch and company; Mr. A.K. Nyman also contributed to the success of the programme in his rendering of the song 'The Vamp' and a potpouri entitled 'Football'."[180]

4.2.3 1923

Op 13 en 14 April 1923 het die **Kennedy Entertainers** in die Empire-teater opgetree. In 'n koerantberig is hierdie geselskap aan die publiek voorgestel:

"The Kennedy Entertainers open their two-night season at the Empire to-night. This clever combination of musical entertainers has just concluded a successful season at Cape Town, and all lovers of a clean musical and variety entertainment should make a point of attending.

Their programme is a pot-pourri, embracing everything from grand opera to operatic burlesque. The company consists of six players, who are successful in providing three hours of excellent amusement and entertainment.

Perhaps the most delightful of the artistes is Keith Kennedy, a violinist, who makes his instrument speak. He is heard at his best in the weird sonata of Tartini, 'The Devil's Trill'. This was composed about 200 years ago when Tartini dreamt that Mephistopheles came to him and played upon his violin. When he woke, he noted down as much of the music as he could remember, resulting in this peculiar piece. All those who are charmed by a good violinist should make a point of hearing Kennedy.

Then there are the ladies, Constance Bowthron and Kitty Adams, both of whom possess powerful and well-trained voices. They sing many numbers charmingly and with great expression. Miss Bowthron has a song well suited to her metier in 'On the March', while her companion undertakes more sentimental numbers. Madam B. Kennedy is the pianist.

The operatic item brings the whole company on to the stage in excerpts from 'Cavalleria Rusticana'. The beautiful intermezzo is not forgotten and the hearing of it on the violin, accompanied by flute and piano will prove an experience that will not readily be forgotten.

Other items in this enjoyable programme are Hawaiian songs with steel guitar and ukulele, while the greater portion of the humorous side falls to Stan Cartnell, who in his comic make-ups and songs, combined

with clever step-dancings, never fails to raise a laugh." [181]

Op 28 en 29 Mei het Leonard Rayne se Revue-geselskap twee revue's naamlik **Follow the Girls** en **Girls 'n Everything** in die stadsaal opgevoer. Albei produksies is gekenmerk deur besonder mooi verhoogeffekte, kostuums en dekor. Die geselskap het uit vyf-en-dertig lede bestaan waaronder hoofsangers, 'n koor, orkes en dansers was.

> "Both revues are splendedly mounted. Beautiful scenic effects, modish gowns and elaborate ballets, smart teamwork from the principals, an excellent, youthful and pretty chorus, and a company thirty-five strong, combine to supply an important event in the annals of South African entertainment. Little Iris Whyte is a discovery. She is without doubt the best juvenile artist who has ever appeared before a South African audience, and she received shouts of applause for both her singing and dancing. She is ably seconded by Stella Shantrelle, an accomplished though youthful ballerina." [182]

Albei die aanbiedings is goed ondersteun en Kroonstadters was sekerlik beïndruk met hierdie produksies wat van hoë gehalte was:

> "There was a large and enthusiastic audience at the Town Hall last evening to see Mr. Leonard Rayne's Company in the topical revue, 'Follow the Girls'. The show was quite original in setting and went with a go throughout.
>
> As is usual in revues, the plot was of the flimsiest character, and scarcely any connection could be seen between one scene and another. This, however, is a mere detail, and did not detract one iota from the undoubted merit of the performance. There were twelve scenes, and in each the setting, scenery and lighting were superb. A taking innovation was a gangway run from the stage up the centre of the hall. In the second scene, 'The Tale of a Powder Puff', the gangway was brilliantly illuminated and pretty girls popped up through trap-doors. In several of the other scenes the principals and chorus promenaded up the centre of the hall. The scenery was new and quite original, and in several scenes quite gorgeous, particularly so in 'At the Maison Jollite' 'In Sunny Naples' and the 'Interior of the Cave of Tutan' Khamen'. The management have been reticent about certain novel features never before seen in Africa, thus adding the elements of surprise and curiosity to the general scheme of things."[183]

4.2.4 1925

Op 2 Mei het Marjorie Clifton 'n revue, **The Musical Box**, deur haar geselskap die **Cabaret Follies** in die stadsaal aangebied.

Op 15 en 16 September is twee musiekkomedies **The Rajah's Treasure** en **Topsy**

Turvy in die stadsaal aangebied deur die bekende impresario van African Theatres Ltd., Fred Coyne. Die Musiekkomedies is deur sy eie geselskap **The Joy Belles**, bestaande uit agt kunstenaars opgevoer. Uit 'n berig oor mnr Fred Coyne en sy geselskap blyk dit dat hulle bekende vermaaklikheidskunstenaars was waarvan 'n paar ook oorsese ondervinding gehad het:

> "...Mr. Reginald Moore, (is) the principal tenor of Mr. Fred Coyne's 'Joy Belles' Company which is appearing at the Town Hall, Kroonstad, on Tuesday and Wednesday nights, September 15th and 16th. In addition to being a singer of great quality Mr. Moore has a distinct gift for comedy, and on Tuesday appears as the Maharajah of Chota Peggi in the Musical Comedy 'The Rajah's Treasure'.[184]
>
> Mr. Moore will be remembered as having visited Kroonstad with the Steele-Payne Bellringers, where he left a host of admirers who will be glad to welcome him again."

> "Kroonstad is promised something particularly bright and cheery in the promised two nights visit by Mr. Fred Coyne's Company, 'The Joy Belles'. Mr. Coyne's name is a household word throughout the Union, his productions whilst with S.A. Theatres, Ltd., are the standard achievements in their line for South Africa. It may therefore safely be assumed that, having left the African Theatres Ltd., and gone into management on his own account, he will see to it that his own presentations are up to the high standard he is noted for. The fact that his first venture, 'The Joy Belles' Broke all records by running fourteen consecutive weeks in Durban would seem to indicate that presumption is a true one. He has gathered around him a company every member of which has been carefully selected for some particular quality, and with a programme worked somewhat on the lines of the London Co-optimists, but not in imitation of them. Full of bright songs and dances, new and funny ideas, handsomely dressed, 'The Joy Belles', with their pretty faces and bright show have been taking South Africa by storm. It is Mr. Coyne's assured intention to establish himself as the touring manager par excellence, and to do it by the simple method of giving the public only of the very best.
>
> The 'Joy Belles' number eight artists, including Mr. Coyne; Miss Olive (late of the Gilbert and Sullivan Opera Co.) a clever light soubrette and the possessor of a pretty voice; Mr. Reginald Moore, one of the finest tenors in South Africa; Miss Stella Dawn, Soprano; Miss Shelagh Hornby, mezzo soprano, violinist and dancer; Mr. Louis Williams, a great exponent of the jazzy type of song and dance; Mr. Syd Burl, a comedian and eccentric dancer from the Coliseum Theatre (sic), London; and Miss Joyce Mason, an extraordinarily talented young South African comedienne and dancer, who has come to the front in the Joy Belles Company and is making a great name for herself. The performances are given in two parts, the first half being a bright and breezy comedy act. In the second we are to be given something very like revue produced acts and, on the first night a beautifully dressed oriental musical comedy 'The Rajah's Treasure', on the second night 'Topsy Turvy'." [185]

Op 3 Oktober het Jack York **Puzzles of 1925** in die stadsaal aangebied. As

gaskunstenaar het die Sangeres Florence Smithson, "England's Premier Prima Donna and Musical Comedy Star from Drury Lane Theatre", opgetree. Twee berigte in **The Kroonstad Times** het mej Smithson aan die publiek bekend gestel:

> "We have pleasure to announce that Miss Florence Smithson the popular London Musical Comedy Star will open at the Town Hall for one night, viz., Saturday, October 3rd. Miss Smithson has recently arrived in this country with her own company, and intends to tour South Africa. As a musical comedy artiste, none will deny her the title of England's greatest star. In opera she is equally at home and is styled the 'English nightingale'. The musical theatregoers will be greatly interested to know that Miss Smithson reaches top A with greatest ease. Charming and coquettish, she can cause sobs and laughter in one verse. The company is particularly powerful and includes the well known London comedian, Dan Agar. Miss Florence Smithson will sing the prison scene from 'Il Trovatore' in which she proves her grand opera talent. She will also render many musical comedy numbers for which she is famous, including 'The Sheik'." [186]

> "There is little doubt that the whole town will flock to the Town Hall on Saturday, for rarely, if ever, do we have the pleasure of hearing a real, 'live' Star such as Miss Florence Smithson in these parts...May we impress upon our readers that this is not a scratch combination, but a real star from England with a strong supporting company full of life." [187]

Na die konsert is berig dat 'n groot gehoor dit ondersteun het. Dit is merkwaardig dat Florence Smithson in 'n program van musiekkomedie 'n dramatiese aria uit **Il Trovatore** ingesluit het. Nogtans het die resensieskrywer opgemerk dat sy in hierdie aria uitgeblink het en dat sy luidkeels toegejuig is deur die gehoor. Sy het op aandrang van die gehoor 'n hele paar toegifte gesing en het talent vir musiekkomedie en opera openbaar.

4.2.5 1928

Op 22 Junie 1928 is 'n aankondiging gedoen wat Kroonstad 'n sentrum vir vaudeville-aanbiedings gemaak het. **African Theatres Limited** wat gereeld buitelandse vaudeville-kunstenaars ingevoer het en konsertreise deur die land aangebied het, het besluit om die kunstenaars ook in Kroonstad by die Empireteater te laat optree, wanneer hulle per trein op pad was na Johannesburg. Filmvertonings in die teater is voorafgegaan deur vaudeville wat deur 'n wye verskeidenheid kunstenaars, soos sangers, dansers, instrumentaliste, towenaars, komediante en akteurs aangebied is:

> "Kroonstad is once again having the actuality of its existence 'on

> the map' defined - this time by African Theatres Limited, at the Empire. Not only is an absolute plethora of all-round entertainment of the very highest class scheduled for to-night, to-morrow, and Monday, but a novelty of the first importance has been introduced. Kroonstad is at last to have vaudeville. To-night there is appearing at the Empire the world-renowned vocalist, Monsignor Marini, fresh from his late triumphant tour and more recently from his tremendously successful appearance in Johannesburg. Signor Marini, familiar as the 'silvervoiced tenor', has a truly extensive repertoire and it is particularly interesting that in Kroonstad he is to render the great Jewish song 'Eli Eli'." [188]

Die aanbiedings van **African Theatres** in die Empire-teater is goed ontvang en verdere geleenthede is vir die res van die jaar goed ondersteun.

> "The introduction of Vaudeville at the Empire was well received and the theatre is likely to enhance its popularity to a considerable extent by this new departure." [189]

Gedurende Augustus het vier groepe opgetree naamlik Briar en Hedge, Haig en Escoe ('n Engelse komediantpaar), Signor Fern en Gwilym Evans.

Op 7 September het die jazz-violis Mareski opgetree. Hy het 'n buitengewone vertoning gegee van tradisionele musiek en jazz terwyl hy bypassende dans-passies uitgevoer het:

> "Mareski the artist who arrived this morning in Kroonstad, is a really fine performer. Appearing in the garb of a Latin student, he plays on his wonderful violin snatches of well-known melodies and jazz tunes, using the violin in strumming on it in the manner of a banjoist. Jazz music is accompanied by jazz steps, and when the bow draws out a ballad from the strings, the feet sympathetically turn to a slower step and trip out a little waltz." [190]

Op 15 September het die sopraan Freda Gross die gehoor vermaak:

> "Patrons of the Empire Theatre were delighted with the singing of Miss Freda Gross, the talented dramatic soprano, who occupied the stage last Friday and Saturday. Miss Gross sang the popular 'Waltz Song' from 'Tom Jones' and the pretty song 'Homing'. Her enunciation was perfect, and her top notes were rendered with remarkable ease and clarity, typical of the great artist." [191]

Op 21 September het Pippa die "musikale nar" opgetree en die sangpaar Lucille en Trevor op 28 en 29 September. Lucille het in Engeland die titelrol in **The Merry Widow** in die Duke of York-teater in Londen gesing.

In Oktober het optredes deur Jean Kennedy, Syd Coppin, Signor en Madame Vella ('n Italiaanse opera-duo) plaasgevind. Op 30 November het die sopraan

Beatrice Alexander opgetree en op 21 Desember May McAvoy en Conrad Nagel.

Dit is nie bekend hoe lank hierdie druk program van ligte vermaak by die Empire-teater voortgeduur het nie, maar teen 1932 het die aantal opvoerings in hierdie genre reeds begin afneem.

4.3 Die aanbiedings van die dertigerjare

4.3.1 1932

Gedurende die dertigerjare het daar nooit meer as twee vaudeville aanbiedings per jaar plaasgevind nie.

Op 6 April 1932 het **The Merry Jesters** in die stadsaal opgetree onder die leiding van mnr S Plomaratis. Die geselskap het bestaan uit George Nash (danser en komediant); Mavis Warren (danser en sangeres); Mabel Ward (begeleidster); May Cossey (sang en klavier); Gladys Haig (danseres); die Dingwall broers (Amerikaanse instrumentaliste); en Signor Kitili Giovanni (tenoor).

Op 30 Oktober het Madame en Signor Canale 'n internasionale danspaar, 'n kabaret in die Dormy Hall aangebied saam met die Bloemfonteinse komediant AK Nyman.

4.3.2 1933

Slegs een musiekgeselskap het Kroonstad gedurende 1933 besoek. Mnr WH Charteris se revue-geselskap **Samples** wat uit ses lede bestaan het, het op 5 Oktober 'n "revuette" in die stadsaal aangebied. Hierdie Suid-Afrikaanse geselskap het reeds twaalf-duisend myl in Afrika afgelê tydens hulle konsertreise. Die prima donna van die geselskap was Vergo Meiring, "the nightingale of the Orange Free State."

> "The leading lady, Miss Vergo Meiring, is a Harrismith girl who sings in both official languages, as well as in Italian and German. She was a great success singing with the Durban Orchestra for five weeks under the baton of Mr. Dan Godfrey, whose testimony in regards to 'Samples' is summed up in the words: 'Without doubt the cleverest and cleanest show in South Africa'." [192]

Samples is goed ondersteun en 'n gunstige verslag oor die konsert is gepubliseer. Mnr Charteris wat 'n uitstekende komediant en karaktervertolker was, was die hart en siel van die geselskap. Die geselskap het verder bestaan uit Vergo Meiring:

> "...a young performer with a magnificent soprano and a distinct flair for comedy acting. She delighted with some fine singing in English, Italian and Afrikaans. Then there were the Misses Belle and Pamela Harding, the former the soubrette of the company, and the latter a solo dancer. Mr. Harold Stannard, who was formerly connected to African Theatres, was a solo pianist of outstanding ability, and also the possessor of a pleasing voice. Mr. Max Johnson, a bass with a useful ability to act his songs as well as sing them scored a big success with two of his numbers, namely 'Brother, can you spare a dime?' and 'Old Man River'." [193]

Op 28 Desember het mnr Charteris se geselskap weer in Kroonstad opgetree in 'n soortgelyke program, maar hierdie keer is dit "kabaret" genoem. Saam met die geselskap het Joy Lucas, Joyce Mason en Phyllis Lehman opgetree.

4.3.3 1936

Op 18 Julie het die **Vaudevillians**, wat beskou is as een van die suksesvolste geselskappe wat in Suid-Afrika verskyn het en oral goeie persverslae ontvang het, in die stadsaal opgetree. Lede van hierdie groep was: Scratcher Ross (George Ross Gilfillan), wêreldberoemde komediant en radiopersoon; Jack Radford, akkordeonspeler; Winifred Ridger, sopraan en musiekkomediant: Sheila Slamon, akrobatiese danseres: Sam Wallace, danser; Jock Duff, compêre; asook 'n akkordeonorkes onder leiding van Jack Radford naamlik die **Accordion Serenaders.** Die resensie oor hierdie vaudeville-aanbieding in Kroonstad was vol lof vir die geselskap. Die stadsaal was stampvol:

> "This little travelling company has everything it needs to provide rattling good entertainment, as it demonstrated very effectively to an enthusiastic audience, which, in the end, refused to allow the final curtain to descend...when in addition to all this material, the show is staged with all the slickness that long experience can produce, and it is beautifully dressed, a firstclass entertainment results. Kroonstad recognised this and was not slow to record their appreciation." [194]

Afgesien van die goeie komiese items is die musiekitems ook ten beste gewaardeer:

> "Winifred Ridger charmed her hearers with her delightful soprano voice. Her choice of items was excellent, these always being sufficiently light to tickle the plebeian palate.

> Jack Radford's playing of the accordion secured him an ovation and he was called back again and again..."[194]

4.3.4 1937

Op 30 Januarie het Jock Duff se geselskap, die **Vaudevillians**, met die komediant Scratcher Ross 'n konsert in die stadsaal gegee wat besonder goed ondersteun is. "The little company gave as good a show as their first had been, which is saying quite a good deal."[195] Afgesien van die komiese rolle wat Scratcher Ross vertolk het as 'n virtuose pianis en dronk tromboonspeler het die program ook musiek- en dansitems ingesluit. Die Kroonstadse gehore was blykbaar nie baie meelewend nie maar hierdie komedie het die gehoor laat skaterlag en hulle het selfs bekende wysies saamgesing:

> "Jack Radford's brilliant accordion playing shared the honours with Scratcher's fooling, for the performer gave a rendering of popular tunes which sent the audience into a frenzy of applause. They encored him time and again, and when he and his accordion serenaders gave the final item, the versatile Scratcher being one of them, the audience became loath to let the final curtain ring down.
>
> Stiff necked as Kroonstad audiences invariably are, they let themselves go and joined in with a will, singing well known airs with gusto, until, in 'Pop-eye the Sailor', they fairly yelled out the song.
>
> Jock Duff's pleasing personality, Sheila Salmon's clever acrobatic dancing, and delightful singing and dancing by other members of the troupe completed as entertaining a programme as one could wish for."[196]

Op 21 April het die Amerikaanse vaudevillesangeres, Molly Picon, in die Empire-teater opgetree:

> "She is one of the greatest artists ever to visit South Africa, and is certainly the most accomplished vaudeville star ever to come to Kroonstad."[197]

Die goeie berig wat haar konsert voorafgegaan het is bewaarheid deur haar boeiende vertoning:

> "Molly Picon gave Kroonstad a real treat at the Empire Theatre on Wednesday night. She proved herself to be an artist of genius. To hold the interest of a big house for an hour and a half, and then to leave them clamouring for more at the final curtain, is a feat which few can achieve. Miss Picon was not long in winning her audience. Her first song had them applauding warmly, but they found that she had reserved the best for later.
>
> At the piano, Mr. Elstein was a tower of strength. He composed the entire range of songs sung by Miss Picon, and therefore was directly responsible for half the success of her performance. His playing was delightful."[198]

Op 4 September het die **Bijou Company**, wat mnr Scrather Ross sedert sy vorige besoek met die **Vaudevillians** aan Kroonstad gestig het, 'n konsert van musiek, sang, dans, toorkuns en buikspraak in die stadsaal gegee. Op 30 Oktober het die **Vaudevillians** weer 'n konsert in die stadsaal gegee met die volgende kunstenaars: Jackson Earle ('n Ierse Komediant), Nita Valeria (soubrette), Jack Radford (akkordeonspeler), Frank Butler (tenoor) en Marie Burke (sopraan). Die vertoning is **Laughter on Parade** genoem.

Op 27 Oktober het Fred Roper se **Wonder Midgets**, 'n geselskap van vyf-en-twintig dwerge, 'n verskeidenheidskonsert in die stadsaal aangebied. Hierdie groep het wêreldwyd opgetree en hul program het uit musiek-, sang- en dansitems bestaan asook akrobate, komediante en fietsryers.

4.3.5 1938

Op 30 April het Jock Duff se geselskap, die **Vaudevillians**, 'n afskeidskonsert in die stadsaal gegee, aangesien lede van die groep na Engeland sou vertrek. Die Vaudevillians het bestaan uit: Jackson Earle, Jack Radford, Sheila Salmon, Nita Valerie en Frank Butler. Die konsert het voldoen aan die hoë reputasie wat hulle reeds in Kroonstad opgebou het:

> "Jock Duff and his company of Vaudevillians who appeared in a farewell entertainment in the Town Hall on Saturday evening, fully lived up to the high reputation they have established among Kroonstad audiences. The company is shortly to be broken up, since Jackson Earle and his wife Nita Valerie are leaving soon to fulfil a London engagement.
>
> ...Jack Radford played a number of the latest hits on the accordion while Jack Butler sang a number of the latest songs. Sheila Salmon, a versatile and pleasing young artist, contributed some excellent songs and dances.
>
> The programme followed the usual lines of burlesque and fastmoving variety entertainment. There was a continually moving background of all the most extravagant complications that could be conceived. For light comedy and genuine laughter the show was a tremendous success."[199]

Die ontbinding van hierdie geselskap was moontlik 'n aanduiding van die dreigende oorlogswolke wat oor Europa saamgepak het. Slegs 'n jaar langer sou die tradisionele vaudevillegroepe Kroonstad besoek voordat hierdie kunstenaars gedurende die Tweede Wêreldoorlog deur omstandighede ontwrig is of andersins gelukkig genoeg was om in die vermaaklikheidseenhede van die leërs opgeneem te word.

4.3.6 1939

Deur die bemiddeling van mnr I Goldsmith het 'n vaudeville-aanbieding op

9 September in die stadsaal plaasgevind. Mnr Goldsmith het met groot musiekgeselskappe onderhandel om van hulle kunstenaars te gebruik en het sodoende 'n suksesvolle vertoning saamgestel. Die inkomste uit die konsert is aan plaaslike liefdadigheidsorganisasies geskenk. Die volgende internasionale kunstenaars het opgetree: Tommy Crawford, leier van die **Teddy Garratt Piano Accordion Band** van tien lede, wat 'n kunstenaar van internasionale faam en ook leier van die **Billy Reid's London Stage Band** was vir 'n aantal jare; die **Gallanza Twins** (mej Molly Shortridge en mnr Frank Steers), 'n sangpaar; twee sangeresse, bekend vir hul verhoog- en radio-optredes, naamlik May Cooper, sopraan van die **Johannesburg Operatic Society**, en Ruth Mulcahay; Ronny Stoll en die **Kentucky Minstrels.** Mnr Stoll het saam met die **White Horse Inn Company** na Suid-Afrika gekom en het ook vir African Theatres gewerk. Sy repertoire het sang, dans en humoristiese items ingesluit. Olive Yazbek, 'n Kroonstadse sangeres, het ook opgetree, asook mev **MC Kaige's Accordion Band** van Kroonstad wat mnr HW Jennings begelei het in sy Afrikaanse liedere:

> "Accordion playing was the keynote of the concert and quite the outstanding item was the Teddy Garratt Gallanza Accordion Band. The Gallanza Twins, Tommy Crawford, a solo accordionist, and Mrs. McKaige's accordion band all drew well deserved applause from the audience. Miss Ruth Mulcahay was amusing in her impersonations of various film stars, and her songs were well received. Two other vocalists, Miss May Cooper and Mr. H.W. Jennings added to the pleasure of the evening. The Kentucky Minstrels featured a score of grotesque looking American negroes. They sang, tap-danced and cracked jokes, and were well supported by little Olive Yazbek." [200]

Hierdie konsert was die laaste vaudeville-aanbieding wat Kroonstad kon geniet voordat die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 uitgebreek het, en daarmee het die einde van veertig goue jare vir hierdie kleurvolle bedryf aangebreek.

4.4 Ligte musiekvermaak tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945)

'n Tydelike, dog kunsmatige opflikkering van ligte vermaak sou egter gedurende die oorlog aan die gang gehou word deur die talle vermaaklikheidseenhede van die Britse en Suid-Afrikaanse leërs wat soldate in Kroonstad kom vermaak het. Gedurende die verloop van die oorlog het al hoe meer uitvoerings van militêre musiek deur militêre orkeste asook konserte deur die Weermag se vermaaklikheidseenhede in Kroonstad plaasgevind. Aangesien hierdie groepe soms kunstenaars van wêreldformaat ingesluit het en die Kroonstadse publiek

ook toegelaat is om die konserte by te woon is dit gepas om veral die konserte wat gedurende 1942 ('n bedrywige jaar op die gebied) aangebied is, te bespreek.

'n Lugmagopleidingsentrum, die nr 7 Lugskool, is op Kroonstad gevestig en hier is duisende personeellede van die Lugmag opgelei. Om die soldate wat hier teenwoordig was te vermaak het daar gereeld konserte in die stadsaal plaasgevind.

Op 9 Februarie het nr 7 Lugskool **The Troopadours**, 'n groep van sestien lede van die Vermaaklikheidseenheid nr 5 van die Weermag, in die stadsaal aangebied. Die konsert is spesiaal vir lede van die Lugskool aangebied maar aangesien die stadsaal groot genoeg was kon lede van die publiek dit ook bywoon.

Die lede van die Vermaaklikheidseenheid was voor die oorlog almal professionele vermaaklikheidskunstenaars. Dansitems het 'n belangrike deel van die program gevorm en die dansers het ingesluit korporaal Joan Keena, voorheen prima ballerina van die Paryse Opera Comique en Brusselse Opera; korporaal Pieter Geldenhuys van die Sadlers Wells Ballet, Londen; en korporaal Steve Kempen, 'n Suid-Afrikaanse geselskapsdanser. Die geselskap se orkes het ook internasionale lede gehad naamlik korporaal Erwin Blumenreich, sersant Thilo Runge en sersant Erwin Lehrer. Die bekende Johannesburgse klarinetspeler, luitenant Frank Daly, was ook deel van die orkes. Afgesien van komediante het die volgende sangers deel gevorm van die geselskap: Harold Lake, Konni Hirsch, Cynthia Klette, Neville Phillip en Muff Evans.

Die konsert was 'n groot sukses en die saal was so vol dat daar nie eens staanplek was nie. Die vertoning is as "...the best variety show seen for many a day..." beskryf. Die program is deurlopend aangebied en die kostuums was besonder mooi. Myfanwy Evans, "...a delightful soprano with a clear voice of excellent quality", het 'n duet, **Only a Rose**, saam met Harold Lake gesing terwyl Joan Kempen uitgeblink het in verskeie danse en sangitems. Die geselskap het verder bestaan uit Cynthia Klette (wat 'n burlesk aangebied het), die ballerina Joan Keena (wat **Rhapsody in Blue** gedans het) en die sangers Maurice Millard (sopraan), Alf Marock en Harold Lake. Laastens is opgemerk:

> "The programme was all of two hours. There wasn't a dull moment, there wasn't a customer with a grouse. Isn't that something?"[201]

Op 5 Maart het 15 lede van die vermaaklikheidseenheid nr 2 'n konsert in die stadsaal aangebied. Hulle het as **The Bandoliers** bekend gestaan. Die Kroonstadse publiek het die verskeidenheidskonsert ook baie geniet:

> "Kroonstad cannot have too much of these shows . For example, there was Gloria Alford who sang some sophisticated numbers. 'You'd be surprised', was one. And she did it with never a rehearsal. The thing that carried the party was their spirit. Lieut. Wilfred Budd, who was in charge, alternating between stage and orchestra, in costumes that varied between dignified black and extremely undignified WAAF (Womens Auxiliary Air Force) Khaki, led the way and his company followed nobly." 202

Die buitengewone belangstelling wat die Kroonstadse publiek getoon het vir die twee opvoerings van die Vermaaklikheidseenhede, en die feit dat baie mense nie sitplekke kon kry nie omdat lede van die Lugskool voorrang geniet het, het daartoe gelei dat meer vertonings sou plaasvind.

Op 23 Maart het die Vermaaklikheidseenheid nr 6, die **Wotnots**, 'n konsert in die stadsaal gegee en die Weermag het goedgunstiglik ingewillig dat daar 'n vertoning vir die Lugskool sowel as een vir die publiek gegee sou word.

> "This is directly due to the excellent report sent in to Pretoria by the last two concert parties of the reception accorded them by Kroonstad. So far, only Johannesburg and Pretoria have been the scenes of these all public performances..." 203

Die **Wotnots** het 'n baie goeie jazz-orkes gehad en die klem van hul konserte het op jazz geval. Die musikante was almal bekende jazzspelers en het 'n verskeidenheid lede ingesluit: - Sersant Arthur Vara het sy opleiding aan die Konservatorium van Lissabon gehad en het later in Lourenco Marques Simfonie-orkes gespeel. In Suid-Afrika was hy bekend as 'n jazz-speler in Johannesburg en ook saam met Edgar Adeler in Durban se Cosmo Club. Hy het saam met die Vermaaklikheidseenheid getoer gedurende die Abessinië-veldtog. Sersant Leo Berman, slagwerkspeler, was ook saam met die Eerste Divisie in Abessinië. Korporaals Vic Ray (klavier) en Geof Gibson (saksofoon) was bekend in Londen voordat hulle by die Vermaaklikheidseenheid aangesluit het. Hulle het in bekende jazzorkeste soos dié van die Piccadilly Hotel, Kit-Cat, Guaglino, Debroy Somers, Savoy Hotel, Cirot's Club en die Hungaria Restaurant gespeel. Korporaal Ernest Matthews (bariton) was voorheen verbonde aan die Covent Garden Opera en die Glyndebourne Opera. Peggie Goodland was 'n bekende **music hall**-kunstenares in Engeland en was ook later in Suid-Afrika lid van die SAWAS* Entertainment Section. Mary Haverfield en

---

*SOUTH AFRICAN WOMENS' AUXILIARY SERVICE

Doris White was twee sangeresse wat deel was van die geselskap wat ook klopdanseresse, komediante, 'n buikspreker en 'n towenaar ingesluit het.

> "...to Kroonstad in wartime, they are a welcome opportunity to renew our acquaintance with the regular music hall and musical comedy stage - and there is nothing about the costumes and decor to suggest that the 'Wotnots' are anything but the firstrate professional show they seem to be." 204

Die skitterende vertoning van die Wotnots is in die resensie beskryf as

> "...a miniature revue, for the individual turns were interspersed with several quick, snappy sketches of the true revue order - short, sharp and very much to the point."

Afgesien van die goeie kritiek wat die dansers en sangers gekry het is die orkes ook uitgesonder as uitstekend. Veral die saksofoon-spelers Geoff Gibson en Charles Hook se spel is as "Note-perfect" beskryf.

> "Vic Ray, at the piano, was excellent all through - a sympathetic accompanist and an excellent rhythm player. His solo, a swing medley aptly called 'Blue Merger', got big applause. The drummer, whose unspectacular but very important part did a tremendous amount towards keeping up the fast tempo of the whole evening, was Leo Verman." 205

Op 25 April het 'n vermaaklikheidseenheid van die Koninklike Lugmag, die RAFWAAFS, 'n konsert in die stadsaal aangebied. Alhoewel hierdie geselskap uit Engeland gekom het, het hulle ook in Afrikaans gesing.

> "The Rafwaafs programme includes a very pleasing Afrikaans song scene. The 'Rafs' have been taught their songs by the famous South African singer, Jan van Zyl (who is now a lieutenant, and himself with the U.D.F. Entertainment Unit in Pretoria). He reports that they have been very apt pupils, and the scene is a most popular one. The girl's costumes, modelled on Voortrekker lines, are particularly attractive." 206

Korporaal Vera Tredinnick was nog 'n Suid-Afrikaanse lid van die groep en was die wenner van 'n goue medalje op die Kaapstadse Eisteddfod vir sang. Die produksie het ook 'n verhoogvoorstelling ingesluit van 'n lugaanval op Londen, met skreeuende sirenes, die gedreun van bomme en die flitse van ontploffings. Hierdie toneel is beskryf as 'n uitstekende en realistiese voorbeeld van verhoogtegniek:

> "'The raid' takes place as back-ground to a special descriptive violin solo by the wellknown violinist, Tom Harvey." 207

Tom Harvey het ook saksofoon gespeel. Die volgende kunstenaars was lede

van die geselskap: vliegoffisier Harris (leier van die groep), korporaal Arthur Gravett (komediant), korporaal Frank Rennison (akkordeonspeler uit Yorkshire), Stan Williamson ('n tenoor van Birmingham), Pat Barritt ('n danseres van Johannesburg), Zelda Lipschitz (komediant), Jean Delport (danseres), Gordon Beasley ('n professionele pianis wat **Rhapsody in Blue** van Gershwin saam met die Kaapstadse Stadsorkes gespeel het), Jock Murphy (sanger, pianis, klarinet - en saksofoonspeler en ook komponis van vele items wat vir hierdie vertoning gebruik is).

Op 24 Junie het **The Rocketeers**,'n groep van die Weermag, die troepe in die stadsaal vermaak. Die konsert is in minstreel-styl aangebied en die verhoogdekor, beligting en mooi kostuums het alles bygedra tot die sukses van die aanbieding:

> "The Rocketeers had something new to offer in troop entertainment at the Town Hall. The nigger minstrel show 'Hi-de-Ho' with a twang of banjo and guitar, the rattle of trombones, heralded dusty southern belles; as well as the blackfaced men with their white painted mouths, which are traditional to this type of entertainment.
>
> Following an attractive opening chorus with the colourful costumes George Frost was popular with his banjo, trombones and infectious songs." [208]

Die leier van die geselskap was luitenant Billy Jubb en hy is deur die volgende persone bygestaan; korporaal Jules Goldberg (slagwerkspeler en beskryf as "the perfect minstrel"), korporaal B Stayre en sersant Jack Morris (klavierduet), sersante Drury Smith en Bertha Strauss (sangeresse).

> "Another high spot of musical entertainment was supplied by the Peterson brothers - Corporals Mervyn and Wally - in their swinging harmonised singing accompanied with their guitars, and their Afrikaans numbers, 'Banana Boy', etc., were immensely popular and received wholehearted applause. One of the highlights of the show was the sketch 'Frankie and Johnny' done in true minstrel style and the negro scene brought back old favourites such as 'Oh Suzannah' 'Dem Gold Slippers', 'Poor Old Joe', etc." [208]

Op 14 September het **The Bandoliers** weer in die stadsaal opgetree:

> "This talented U.D.F. concert party under the management of Lieutenant Brendan Toombs was even better than the first, and the clever programme of music, songs and sketches was enjoyed by the large audience. The company opened their programme with their signature chorus 'Hey Presto', sung by the whole company. Then onward for two and a half hours there was not a dull moment. The band was excellent and each member a performer of outstanding merit." [209]

Die nr 7 Lugskool wat te Kroonstad gestasioneer was, se eie orkes die **Raf-a-Muffins Band**, het ook soms in medewerking met die dorp se kunstenaars opgetree met die doel om geld in te samel vir verskeie fondse. Op 24 en 25 April het hulle saam met die leerlinge van die Margaret Frazer-dansskool in die Empire-teater opgetree. Op 25 September het hierdie orkes onder leiding van sersant Thornton weer in die Empire-teater opgetree in 'n vaudeville-aanbieding met die hulp van 'n paar Kroonstadse sangers en dansers. Hierdie opvoerings het gewoonlik gepaard gegaan met 'n filmvertoning, vandaar die benaming "bio-vaudeville".

> "...the Raf-a-Muffins Dance Band presented a programme of music assisted by local artists, which was greatly appreciated by the large audience. Songs were rendered by Miss Febe Coomans and the Misses Kaplan. Miss Jeanette Kleinschmidt danced a solo ballet dance very gracefully. Sergeants Thornton and Gittens contributed a piano duet and Sergeant Mitchell an accordion solo. A rousing chorus, 'Smiling Along', was sung by the whole company."[210]

Op 28 Oktober het **The Boomerangs** 'n revue in die stadsaal aangebied:

> "The most outstanding numbers were the concerted musical scenes depicting 'Hawai', 'Russia' and 'I Get a Kick'. All of these items were particularly well constructed and executed, the singing of Miss Wheeler being very popular. This talented lady also sang Schubert's 'Ave Maria' with great feeling and was heartily applauded."[211]

Die einde van die oorlog in 1945 was ook die einde van vaudeville, revue, musiekkomedie en jazz in Kroonstad. Hierdie vorm van vermaaklikheidsmusiek het in die daaropvolgende jare heeltemal verdwyn. Die rede hiervoor moet gevind word in die veranderde toestande na die oorlog wat nuwe idees, waardes, voorkeure en ander vorms van vermaak meegebring het. In Kroonstad het 'n ommeswaai na die klassieke kuns plaasgevind. Waar die Kroonstadse konsertkalender voor die Tweede Wêreldoorlog uit sowel ernstige as ligte musiekprogramme bestaan het en waar die twee rigtings soms ook vermeng is soos byvoorbeeld die konsert van Florence Smithson in 1925, het die Kroonstadse publiek nâ 1945 konserte deur die wêreld se groot kunstenaars in die klassieke idioom ondersteun. Nâ die oorlog is wel ligte vermaak aangebied maar toe het die klem verskuif na Afrikaanse Volksmusiek wat aangewakker is deur die opkoms van 'n sterk Afrikanernasionalisme.

VOETNOTE

1 **The Kroonstad Times**, 19 Oktober 1928
2 **Ibid, 19 Oktober 1928**
3 **Ibid, 16 Junie 1936**
4 **Ibid, 19 Junie 1936**
5 **Die Noordelike Stem**, 24 September 1948
6 Ibid, 12 Mei 1950
7 Ibid, 27 Julie 1950
8 Ibid, 7 September 1951
9 Ibid, 16 Mei 1952
10 Ibid, 30 April 1954
11 Ibid, 7 Mei 1954
12 Ibid, 4 September 1953
13 Ibid, 19 November 1954
14 Ibid, 26 November 1954
15 Ibid, 30 November 1954
16 Ibid
17 Ibid
18 Ibid, 9 September 1955
19 Ibid, 27 September1957
20 Ibid, 5 Mei 1961
21 Ibid, 26 Mei 1961
22 Ibid, 27 April 1962
23 Ibid, 26 Julie 1963
24 Ibid, 9 Augustus 1963
25 Ibid, 20 Maart 1964
26 Ibid, 6 Maart 1964
27 Ibid, 4 Junie 1965
28 **The Kroonstad Times**, 11 September 1928
29 Ibid, 11 September 1928
30 **Die Noordelike Stem**, 19 Oktober 1945
31 Ibid, 17 Februarie 1950
32 Ibid, 10 November 1950
33 Ibid 1 Desember 1950
34 Ibid
35 Ibid, 3 September 1954
36 Ibid, 14 September 1954
37 Ibid
38 Ibid 22 Augustus 1958
39 Ibid 11 September 1925
40 Ibid, 18 September 1925
41 Ibid, 26 Desember 1947
42 Ibid, 17 Junie 1955
43 Ibid 18 September 1964
44 **The Kroonstad Times**, 8 Januarie 1918
45 **Die Noordelike Stem**, 20 April 1948
46 Ibid, 12 Mei 1950
47 Ibid, 26 Mei 1950
48 **The Friend**, 28 November 1904
49 **The Kroonstad Times**, 22 Mei 1922
50 Ibid, 22 Mei 1923
51 Ibid, 14 Februarie 1922
52 Ibid, 28 Junie 1932
53 Brief van Reverend Father CB Hemsley, Society of the Sacred Mission, Modderpoort, 20 Mei 1985
54 **The Kroonstad Times**, 3 November 1936

55 Ibid, 29 Augustus 1941
56 **Die Noordelike Steo**, 10 Februarie 1956
57 Ibid, 21 Februarie 1956
58 **The Northern Times**, 21 Februarie 1956
59 Ibid, 29 Mei 1957
60 Ibid, 16 Oktober 1959
61 Ibid, 6 November 1959
62 Ibid
63 Ibid, 21 April 1961
64 **The Kroonstad Times**, 7 November 1920
65 Human, JLK. **Die Musiekleve van Bloemfontein 1900-1939** - ongepubliseerde D Mus.-Proefskrif, UOVS, Bloemfontein, 1976 pp 348-349
66 **Die Volksblad**, 19 Maart 1918
67 **The Kroonstad Times**, 29 Oktober 1920
68 **Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie**, hoofredakteur Dr JP Malan, 1982, p 243
69 **The Kroonstad Times** 19 Oktober 1928
70 Ibid, 6 Mei 1932
71 **SA Musiekensiklopedie**, deel I, p 216
72 Ibid, p 220
73 **The Kroonstad Times**, 13 Mei 1938
74 Ibid, 5 Mei 1939
75 Ibid, 9 Mei 1939
76 **Programnota**. Program in besit van dr ZJ Pretorius, Bloemfontein
77 **Die Noordelike Steo**, 5 Augustus 1949
78 Ibid, 19 Augustus 1949
79 **Programo**, in besit van dr ZJ Pretorius, Bloemfontein
80 **Die Noordelike Steo**, 16 September 1949
81 Ibid, 11 Januarie 1952
82 Ibid, 18 April 1952
83 **Programnota**, Program in besig van dr ZJ Pretorius, Bloemfontein
84 **Die Noordelike Steo**, 22 September 1950
85 **Programnota**, program in besit van dr ZJ Pretorius, Bloemfontein
86 **Die Noordelike Steo**, 16 Maart 1951
87 Ibid, 13 April 1951
88 Ibid, 20 April 1956
89 Ibid, 4 Mei 1956
90 Ibid, 30 Oktober 1956
91 Ibid, 9 November 1956
92 **Programo** in besit van mej B Spies, Kroonstad
93 **Die Noordelike Steo**, 27 Mei 1960
94 Ibid, 26 Junie 1959
95 Ibid, 19 Augustus 1960
96 Ibid, 2 September 1960
97 Ibid, 16 Februarie 1962
98 **Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie**, Deel I, 1980, p 235
99 **Die Noordelike Steo**, 26 Oktober 1962
100 Ibid, 11 April 1963
101 Ibid, 31 Januraie 1964
102 Ibid, 14 Februarie 1964
103 Ibid, 1 Mei 1964
104 Ibid, 9 Oktober 1964
105 Ibid, 2 Oktober 1964
106 Ibid, 19 Februarie 1965
107 Ibid, 26 Februarie 1965
108 **The Kroonstad Times**, 22 Januarie 1928
109 Ibid , 1 Mei 1942
110 Ibid, 5 Junie 1942

111 **Die Noordelike Stem**, 29 November 1946
112 Ibid, 14 Julie 1950
113 Ibid, 10 April 1952
114 Ibid, 18 April 1952
115 Ibid, 20 Mei 1959
116 Ibid, 22 September 1961
117 Ibid, 17 November 1961
118 Ibid, 16 September 1949
119 Ibid, 24 Julie 1953
120 Ibid, 7 Augustus 1953
121 Ibid, 13 Oktober 1953
122 Ibid, 20 Oktober 1953
123 Ibid, 12 Januarie 1954
124 Ibid, 22 Januarie 1954
125 Ibid, 24 Februarie 1956
126 Ibid, 2 Maart 1956
127 Ibid
128 Ibid, 13 Maart 1956
129 Ibid, 24 Januarie 1958
130 Ibid, 15 September 1961
131 **Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie** deel III, p 250
132 **The Kroonstad Times**, 15 Mei 1923
133 Ibid, 29 Mei 1923
134 Ibid, 5 Januarie 1918
135 Ibid, 21 Januarie 1919
136 Ibid, 10 Augustus 1920
137 Ibid, 14 September 1923
138 Ibid, 18 September 1923
139 Ibid, 28 September 1923
140 Ibid, 17 Maart 1925
141 Ibid, 24 Maart 1925
142 Ibid, 4 Mei 1928
143 Ibid, 22 Junie 1928
144 Ibid, 20 Julie 1928
145 Ibid, 27 September 1928
146 Ibid, 29 Maart 1935
147 Ibid, 12 April 1935
148 Ibid, 15 Oktober 1935
149 Ibid, 22 Oktober 1937
150 Ibid, 20 Junie 1941
151 Ibid, 8 Mei 1942
152 **Die Noordelike Stem**, 21 Oktober 1945
153 Ibid, 30 Augustus 1946
154 Ibid, 2 November 1949
155 Ibid, 2 Junie 1950
156 Ibid, 16 Junie 1950
157 Ibid, 1 Desember 1950
158 Ibid, 23 Februarie 1951
159 Ibid, 9 Maart 1951
160 Ibid, 3 Augustus 1951
161 Ibid, 28 April 1953
162 Ibid, 5 Mei 1953
163 Ibid, 20 April 1954
164 Ibid, 13 April 1954
165 Ibid, 27 April 1954
166 Ibid, 22 April 1955
167 Ibid, 3 Mei 1957

168 Ibid, 10 Mei 1957
169 Ibid, 17 Mei 1957
170 Ibid, 20 September 1957
171 Ibid, 8 April 1958
172 Ibid, 26 Junie 1959
173 Ibid, 16 Oktober 1959
174 Ibid, 10 Maart 1961
175 Ibid, 29 Junie 1962
176 Ibid, 8 Maart 1963
177 **The Kroonstad Times**, 3 Mei 1920
178 Ibid, 10 Julie 1920
179 Ibid, 10 Augustus 1920
180 Ibid, 13 Desember 1922
181 Ibid, 13 April 1923
182 Ibid, 18 Mei 1923
183 Ibid, 29 Mei 1923
184 Ibid, 8 September 1925
185 Ibid, 11 September 1925
186 Ibid, 25 September 1925
187 Ibid, 29 September 1925
188 Ibid, 22 Junie 1928
189 Ibid 26 Junie 1928
190 Ibid, 7 September 1928
191 Ibid, 21 September 1928
192 Ibid, 29 September 1933
193 Ibid, 6 Oktober 1933
194 Ibid, 21 Julir 1936
195 Ibid, 2 Februarie 1937
196 Ibid, 22 Februarie 1937
197 Ibid, 16 April 1937
198 Ibid, 23 April 1937
199 Ibid, 3 Mei 1938
200 Ibid, 12 September 1939
201 Ibid, 13 Februarie 1942
202 Ibid, 6 Maart 1942
203 Ibid, 20 Maart 1942
204 Ibid, 20 Maart 1942
205 Ibid, 27 Maart 1942
206 Ibid, 17 April 1942
207 Ibid, 10 April 1942
208 Ibid, 26 Junie 1942
209 Ibid, 18 September 1942
210 Ibid, 2 Oktober 1942
211 Ibid, 30 Oktober 1942

HOOFSTUK II

PLAASLIKE KUNSTENAARS

1 DIE KONSERTE AANGEBIED DEUR PLAASLIKE KUNSTENAARS IN DIE PERIODE VOOR 1914

Afgesien van die bydraes deur die **Caledonian Society**, die **Kroonstad Amateur Operatic Society** en die **Kroonstad Town Band**, wat konserte op 'n gereelde en georganiseerde basis aangebied het, was daar in die periode voor 1914 ook konserte wat nie deur 'n vereniging gereël is nie. 'n Groot persentasie van die dorp se inwoners kon 'n instrument bespeel of sing en dit was nie moeilik om entoesiaste te kry wat gewillig was om by haas elke funksie musiek te maak nie. 'n Populêre vorm van vermaak was die sogenaamde "smoking concerts" wat baie informeel en gesellig was en waar die here toegelaat is om te rook terwyl die program aan die gang was. Op 10 Oktober 1909 is so 'n "smoking concert" in die Victoriasaal gehou wat geopen is deur 'n "overture" wat mnr Glieman (viool) en mnr Neser (klavier) gespeel het. Hierna het verskillende sangers baie gewilde "comic songs" gesing, en sommiges is herhaaldelik teruggeroep vir toegifte.

Op 9 November 1910 is nog 'n interessante konsert in die stadsaal aangebied, wat getoon het dat konserte in daardie jare nie slegs tot die aanhoor van musiek beperk was nie, maar dat dit 'n sosiale vorm van vermaak was wat ook die geleentheid gebied het vir die gehoor om gesellig saam te verkeer. Mev T Goldsmith het 'n program, **The Musical Wedding**, saamgestel uit plaaslike sangers soos mevv Davies, Fraser, Tross en mev Goldsmith self, mnre Frank Brown, Alex Strachan en die begeleidsters mev Lawson Allen en mej Finlayson. Die konsert het die vorm van 'n soort musiekvasvra aangeneem. Elke persoon in die gehoor het 'n bladsy gekry met 'n liefdesverhaal daarop. Die teks is onderbreek deur talle leë spasies wat deur die musiekprogram ingevul is. Die gehoor moes die titels van die sangstukke raai en in die spasies invul en die persoon met die meeste korrekte antwoorde, asook die persoon met die meeste foute, het 'n prys ontvang. Voordat die wenners se name aangekondig

is, het almal verversings geniet.

2 MUSIEKKONSERTE TYDENS DIE EERSTE WêRELDOORLOG(1914-1918)

In 1914 het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek, en vir die duurte van die oorlog was die meeste sosiale en kulturele aktiwiteite beplan as fondsinsamelings vir soldate, gewondes en geteisterde volke. Kroonstadters het in groot getalle na die oorlogsfront vertrek terwyl ander weer teruggekeer het en vir sulke geleenthede is spesiale funksies aangebied. Die hele dorp het betrokke gevoel by die oorlog en tydens 'n vergadering wat in Kroonstad gehou is, het die burgemeester, mnr ML Bukes, sy steun asook dié van die inwoners aan die saak gegee:

> "...this public meeting of the citizens of Kroonstad cordially support General Botha in his action in loyally standing in line with the rest of the Empire." [1]

Verskeie instansies het konserte gegee om geld in te samel. Reeds in 1914 het die **Ladies Red Cross Society** en die klooster van Notre Dame konserte gereël ten bate van fondse vir die geteisterde België.

In 1915 is verskeie sulke konserte georganiseer ten bate van die **South African Overseas Scottish Contingent.** Op 2 Oktober 1915 het die **Jewish Ladies' Relief Fund Society** 'n konsert en filmvertoning aangebied waar mnr Dan Kannemeyer se orkes populêre keurspele gelewer het en persone soos mnr Jack Burke, mevv Sangster en Oliver en mejj Zangwill, Den Dauw en Kelly tot die musiekprogram bygedra het.

Veral die Rooikruis was aktief. Op 1 Februarie 1918 het hulle 'n filmvertoning en konsert in die Empire-teater aangebied waar die Kroonstadse orkes drie keurspele gelewer het, en ook 'n "concerted humorous song" is deur mej Bishop en mnre Yates, Boswell, Adler en Burr uitgevoer.

Op 30 April 1918 het mevv Harwood-Nash en Edward Coulson 'n konsert vir die Rookruis in die stadsaal aangebied. Die Kroonstadse orkes en verskeie ander plaaslike kunstenaars het opgetree en die hartlikheid waarmee elke item begroet is, was 'n aanduiding van die hoë aansien wat hulle in die dorp geniet het:

> "Miss Jennie Smith delighted her hearers with four songs, two given in response to enthusiastic encores. Mrs. Blignaut gave a splended rendering of **Sing, Red Sun**, her highly trained voice enabling her to give an interpretation of the song that few singers other than those in the highest flight among professional vocalists could give. A vociferous encore rewarded the singer. Mrs. Lawson Allan gave a pianoforte solo, her clever playing winning the plaudits of all. Her genius as a musician makes people look for something out of the common, when her name appears on the programme, and if it chanced that they did not get it they would be much disappointed. When the rendering is exceptional it is only what is expected of her."[2]

Die program is aangevul met 'n tablo, 'n dans en 'n resitasie. Ná pouse het 'n strykorkes die program geopen met **Valse de la Reine.** Hierna is die konsert afgesluit met 'n toneelstuk **The Matrimonial Agency.**

Op 22 Junie 1918 is 'n soortgelyke konsert deur die Rooikruis aangebied en mej Hattingh en mnr A Hill, broer van die bekende mej Winnie Hill,* se klavierspel het die kritikus beïndruk, maar hy het hom sterk uitgelaat teen die geraas in die saal onderwyl die klaviersolo's aan die gang was:

> "Miss Botha contributed two songs, one as an encore. Her well-trained voice was heard to advantage and the vociferous encore showed the appreciation of her listeners. Miss Jennie Smith received a similar reception. She sang as well as ever. Two piano solos were given by Miss Hattingh and Mr. A. Hill. Miss Hattingh is an executant well known to Kroonstad audiences, and her accomplished playing of Chopin's Polonaise in A was only what the public has grown to expect of her. Mr. A. Hill is new to Kroonstad audiences as a platform performer, although as the son of Mr. and Mrs. Hugh H. Hill and a Kroonstad lad he is well known to all of us. His debut did him infinite credit, and proved him to be a pianist of much above average skill. On Saturday evening the two pianists succeeded in delighting the friendly and appeasing the hostile. There was a certain amount of small talk carried on, but not to such marked degree as we have noticed on other occasions and in other places. Such is inseparable from a piano solo. With some persons a pianoforte solo is the equivalent of a five minutes' respite for releasing the stored-up thought of an evening. The hum and the buzz of a hundred chattering tongues rises and falls in unison with the volume of sound emitted by the piano - now a hush and then a roar."[3]

Die tweede deel van die konsert het begin met 'n ouverture deur die Kroonstadse orkes waarna 'n operette **The Butterfly Queen** gevolg het:

> "Kroonstad is fortunate in having a hall where such a play can be staged with the effects of an up-to-date theatre. The piece was finely staged and the children who took part acted well. The action songs of the fairies and roses were artistic in effect and pleasing to the ear."[3]

Sien HOOFSTUK X, Winnie Kleinschmidt

Op 24 Julie is 'n konsert ten bate van die **Railway Institute War Fund** in die stadsaal aangebied:

> "The programme opened with a well played piano solo by Miss G. van Viegen, who also ably officiated throughout the evening as accompanist. Mr. G. Ross was in good voice his singing of **Land of Long Ago** being such enjoyed. Mr. C. Shaples sang **My Dreams** very tunefully."[4]

Op 3 Augustus het 'n konsert in die stadsaal plaasgevind wat deur die **Comrades of the Great War** aangebied is. 'n Kinderoperette **The Butterfly Queen**, 'n toneelstuk, 'n orkesuitvoering en sangitems is gunstig deur die publiek ontvang:

> "Last Saturday evening the Town Hall was packed to the doors by an enthusiastic and appreciative audience at the concert held in aid of the funds of the Comrades. The various items were vociferously applauded. The Kroonstad Orchestra ably conducted by Mr. Dan Kannemeyer, reminded one of the many well spent evenings when the orchestra delighted its hearers with excellent music. A word of praise is due to Miss V. King and Mr. G.D. Ross for their excellent singing, the latter receiving an encore, but owing to a bad cold,was unable to respond."[5]

Die **Comrades of the Great War** was 'n groep wat na die belange van oud-soldate omgesien het en na afloop van die oorlog het hulle die soldate terug verwelkom met verskeie funksies en het ook reünies gehou. In 1919 is 'n paar konserte en danse deur die groep aangebied en die blydskap oor die beëindiging van die oorlog het uiting gevind in uitbundige konserte waar die gehoor soms hartlik saamgesing het. Die dansorkes van Frank Jubber was baie gewild en plaaslike kunstenaars soos mejj Hill en C Daly, mnre Bob Foster, C Campbell, D Kannemeyer, Chris Nezar, W Oldham, PJ Lemmer, mevv S Fawcett--Peck, Van Rijneveld en Jordaan het in sulke konserte opgetree.

3 DIE MUSIEKLEWE VAN 1919

3.1 Musiek tydens sosiale byeenkomste

Die jaar 1919 was 'n besonder bedrywige een wat die kulturele lewe betref. Die spanning van die oorlog was verby en 'n gees van lewenslus het sosiale byeenkomste gekenmerk. Hierdie byeenkomste, soos pieknieks, etes, danse, verwelkomings, afskeidsgesellighede en basaars het altyd gepaard gegaan met 'n paar sang- of instrumentale items. Tydens die nuwejaarsfees wat by die

sameloop van die Renosterrivier en Heuningspruit gehou is, het die mense vir tien dae lank uitgekamp. Persone wat 'n instrument kon bespeel of wat kon sing moes hul deel bydra tot die vermaak. Wanneer die banjospeler te moeg was om verder te speel het die grammofoon die begeleiding vir die danse verskaf. Saans is die tyd verwyl deur konsertprogramme:

> "One evening an impromptu concert was arranged by Mrs. Dick Campbell in which all members were obliged under compulsion, to render individual items, many of which evinced good talent and elicited spontaneous applause." [6]

Filmvertonings wat in die Empire-teater plaasgevind het, is by geleenthede aangevul deur musiekuitvoerings. Wanneer iemand die dorp verlaat het, is afskeidsgesellighede gegee wat, na gelang van die belangrikheid van die persoon, gewissel het van eenvoudige huispartytjies tot groot bankette, en sulke geleenthede is altyd verryk met musiek.

3.2 Musiek tydens danse

Danse, balle en bankette was 'n gereelde vorm van vermaak en was geleenthede waar die inwoners na dansmusiek kon luister wat verskaf is deur klein dorpsorkeste. Hierdie orkeste was nie noodwendig formeel saamgestel nie maar dikwels is 'n paar persone gevra om te speel by 'n dans. Organisasies soos die Spoorweginstituut, die Munisipaliteit, die Kroonstad Overseas Club, die Rooikruis, en die Hospitaal het jaarliks balle aangebied om fondse bymekaar te maak of om belangrike persone te verwelkom. Danse is gehou by die Institute Hall, Victoria Hall, Grand Hotel en Stadsaal. Daar is goed geadverteer, en dit is as vanselfsprekend aanvaar dat almal van aansien hierdie danse sou bywoon. Daar is dikwels 'n volledige beskrywing van elke dame se rok en bykomstighede gepubliseer nà so 'n bal. Dikwels is 'n spesifieke tema met so 'n geleentheid geassosieer en dan moes almal dienooreenkomstig aantrek. Dit was ook mode dat daar by elke dans vroeër die middag of selfs die volgende aand 'n spesiale dans vir die kinders gereël is. Op 30 Mei 1919 het die **Grand Inaugural Fancy Dress Ball** in die Stadsaal plaasgevind en op 31 Mei 'n **Juvenile Fancy Dress Dance.**

Die musikante wat op 25 Julie vir die Rooikruisbal in die Stadsaal gespeel het, was twee plaaslike dames naamlik mevv Edward Coulson (klavier) en H Lawson Allan (viool). Hulle poging is ten seerste waardeer en daar is berig:

"The appreciation of those who danced to it was reflected in the three cheers given for the musicians at the termination of the dance."

Mnr Kannemeyer, wat later 'n dorpsorkes * sou stig, het gedurende 1919 ook dikwels saam met 'n paar musikante by danse, basaars, kermisse ens. opgetree. Tydens die **Kroonstad Overseas Club Ball** wat op 19 Junie plaasgevind het, het mnr Kannemeyer se orkes applous na elke dans ontvang.

Op 12 Augustus het daar weer drie dames by 'n damesklub se dans in die stadsaal gespeel, naamlik mevv Van der Watt (klavier), Glieman en Potgieter (viool). By 'n dans wat in September plaasgevind het, het dieselfde dames opgetree maar wanneer hulle 'n ruskansie geneem het, het mev Kannemeyer vriendelik ingewillig om te speel.

3.3. Konserte

Konserte wat deur plaaslike kunstenaars aangebied is, was gewoonlik spanpogings. Dit was veral die musiekonderwysers wat die leiding geneem het; hulle het dikwels self opgetree, en ook van hul leerlinge laat speel. Teen 1919 was daar egter 'n georganiseerde konsertgroep wat bekend gestaan het as **The Flappers**. Hulle het konserte van ambisieuse omvang aangebied en ook by kleiner funksies opgetree. Hierdie groep het slegs uit dames bestaan.

3.3.1 'n Konsert deur The Flappers

Op 1/ Maart 1919 het **The Flappers**, in medewerking met die Kroonstadse orkes onder leiding van mnr Kannemeyer, 'n konsert in die stadsaal aangebied. Die advertensie vir die konsert het 'n aanduiding gegee van die aard daarvan:

"Ragtime dances, topical songs - you will go away red with laughter and not a bit cross - closing with a pierrot and pierette finale."

Die program het 'n tablo ingesluit, getitel **Victory**, in herinnering aan die dapper soldate van die Eerste Wêreldoorlog. Die deelnemers aan die tablo het nasionale kostuums van verskillende lande gedra. 'n Ierse jig is deur mejj De Villiers, Daly, Hill en Bishop gedans waarna mev Blignaut **A Little Bit of Heaven** gesing het. In die program is die orkesitems op humoristiese wyse aangekondig:

"The orchestra will render a selection of sweet music with the idea of soothing any breast that may have become savage as a result of the previous numbers."

Sien HOOFSTUK V

Die tweede helfte van die konsert is ingelei deur 'n ouverture gespeel deur die orkes, waarna die geselskap voortgegaan het met sang en 'n "sunshade dance". Uit die resensie kan afgelei word dat die invloed van jazz ook in Kroonstad inslag gevind het:

> "Pretty dresses were seen in these two numbers, pretty girls with pretty voices and manners. Flapper Meyers played the piano with special effect and then four of the Flappers danced a Cake Walk. Flappers Daly and W. Hill sang 'The Hoodoo' tunefully. Flapper Bishop sang 'Where the Blackeyed Susans Grow'. Another dance followed then a song 'Some day' by Miss King, with a finale by the whole band of Flappers." [7]

Die danse is afgerig deur mej G de Villiers, 'n balletonderwyseres, en die klavierbegeleiding is deur mej. Meyers gespeel.

3.3.2 'n Sang- en klavieruitvoering deur Madge Allan en Dolly Heitmann

Onder beskerming van die burgemeester, mnr TW Hoseason, het Madge Allan en Dolly Heitmann op 17 Julie 1919 'n liefdadigheidskonsert in die stadsaal gegee. Mejj Allan (ARCM) en Heitmann (LCU) is albei in Kroonstad gebore en het hul opleiding by bekende inrigtings elders ontvang. Mej Heitmann was die kleindogter van 'n bekende inwoner naamlik mnr John Dreyer van Valschrivierdrift en sy het 'n hoë aansien as pianis geniet. Mej Allan, wat baie bekend in die dorp was, was die dogter van mnr en mev H Lawson Allan. Soos haar moeder, was Madge Allan 'n gebore musikant en het sy oor 'n natuurlike talent beskik wat sy na drie jaar studie aan die Royal Academy of Music in Londen ten volle ontwikkel het. Mej Allan het na haar terugkeer uit Engeland dikwels as tjellis opgetree maar die konsert wat op 17 Julie plaasgevind het sou haar eerste openbare optrede as sangeres in Kroonstad wees.

Dit was een van die eerste konserte waar 'n volledige program van klassieke werke deur Kroonstadse kunstenaars aangebied is. Om aan te toon waartoe die twee dames in staat was, word hul program weergegee:

Vyf sang-items was eerste aan die beurt, naamlik **Mimi se Lied** uit **La Boheme** van Puccini, **Leaves and the Wind** van Franco Leoni, **Solvejg se Lied** van Grieg, **Where the Bee sucks** van Arne en **Songs My Mother Taught Me** van Dvorak. Hierna het mej Heitmann Liszt se **Rapsodie** nr 5 gespeel asook 'n **Nocturne**, 'n **Wals** en 'n **Mazurka** van Chopin. Mej Allan het vervolg met **Le Baiser** van Goring Thomas en **Villanelle** van Dell'Acqua waarin mnr D Kannemeyer die vioolobligaat gespeel het, **Down in the Forest** uit **A Cycle for Life**

van Landon Ronald, **There are Fairies at the Bottom of my Garden** van Liza Lehman, **On the Banks of Allan Water** (anoniem), **Annie Laurie**, en **Eileen Alannah** van Thomas. Mej Heitmann het ook **Die huweliksdag by Troldhaugen** van Grieg en **'n Tarantelle** van Longo gespeel.[8]

Madge Allan se oorwegend Engelse programkeuse dui duidelik daarop dat sy in Engeland studeer het.

'n Kritikus was van mening dat mej Allan se stem te lig was vir opera-arias maar dat sy baie oortuigend was in haar ander liedere. Mej Heitmann se klavierprogram is ook goed ontvang:

> "There was a large and representative audience in the Town Hall last night to encourage Miss Madge Allan in her debut on the concert platform since her return from England. Miss Allan has made great progress with her singing since she went to Europe, and can be well satisfied with the result of her training. Unfortunately her voice lacks the power and robustness necessary for the successful concert artiste. Miss Allan is perfectly at home in ballad singing. Amongst a large and varied assortment, we liked best: 'Songs my Mother taught me', and 'There are fairies at the bottom of my Garden', and these types of song suit Miss Allan's voice perfectly. The singer was deservedly encored for a fine rendering of 'Villanelle', although the average person prefers to hear songs in his own language. We suppose it is the correct thing to sing in Italian and French at a chamber concert.
>
> Miss Allan's enunciation was good throughout, and her stage presence charming, but we would suggest that a little less vibrato in her singing would be an advantage: possibly some of this was due to nervousness. Miss Allan was assisted at the piano by Miss Dolly Heitmann, who played the accompaniments with great sympathy and showed herself at all times to be in rapport with the singing.
>
> Miss Heitmann has developed into a fine pianiste since she left Kroonstad and the items given by her were well received. With the exception of too much prominence in the bass at times, she played Liszt's 'Rhapsodie' delightfully, and she showed plenty of spirit in her rendering of Longo's 'Tarantelle', receiving a well merited encore. Chopin's Mazurka was well rendered; but the Nocturne and Valse were inclined to be on the slow side at times.
>
> It was an ambitious undertaking for two young ladies to give a concert on their own but the cordial reception which both artistes received fully justified the venture."[9]

Madge Allan het op 25 November 1919 in 'n konsert in die Kaapstadse stadsaal opgetree en daarmee een van die eerste Kroonstadse kunstenaars geword wat in groter sentra opgetree het. Oor haar uitvoering saam met die Kaapstadse Munisipale-orkes het die **Cape Times** as volg berig:

"At the Matinee Concert given by the Municipal Orchestra in the City Hall, Miss Madge Allan made her Cape Town debut. Miss Allan who possesses a light and admirably trained soprano voice of charming flexibility and sweetness, was heard to great advantage in Dell'Aqua's 'Vilanelle' with violin obligato by Mr. Ellie Marx; Ronald's 'Down in the Forest'; and Liza Lehmann's delightful song 'There are fairies in the bottom of our garden'." [10]

3.3.3 'n Balletkonsert deur mej G de Villiers

Op 16 September 1919 het mej De Villiers en haar balletleerlinge 'n konsert in die stadsaal gegee in samewerking met die Kroonstadse orkes, **The Flappers** en ander kunstenaars. Die orkes het die program ingelei met 'n paar keurspele waarna die dansers 'n Hollandse dans, 'n Walliese dans, 'n tango, en 'n horrelpyp uitgevoer het. Hierna het 'n paar sangsolo's gevolg: Madge Allan het **Parted** van Tosti gesing, en mnr P Hollern het een van sy eie komposisies asook **Annie Laurie** gesing. Die beste item van die aand en die een wat die luidrugtigste toejuiging ontvang het, was 'n **Trio** deur mnr Colwyn Duthie (viool), mev Lawson Allan (klavier) en Madge Allan (tjello). **The Flappers** het 'n ragtime-item gelewer.

Teen 1919 was daar in Kroonstad alreeds soveel klaviere, huisorrels en ander musiekinstrumente in gebruik dat 'n klavierstemmer, mnr AW Nimkey, 'n bestaan op die dorp kon maak. Vir die inwoners wat geglo het aan slegs die beste onderhoud vir hul instrumente het die deskundige mnr Leo Sykes spesiaal van Johannesburg af gereis en dan 'n maand of meer in die dorp vertoef om klaviere te stem. In Crossstraat het 'n musiekwinkel Mackay Bros 'n florerende besigheid bedryf. Hulle was agente vir **His Masters Voice**-grammofone, het klaviere en orrels en ander musiekinstrumente verkoop, en het in hul advertensies aangekondig dat nuwe plate met elke posbesending in die dorp aankom.

4. KONSERTE GEDURENDE DIE TWINTIGERJARE

Gedurende die twintigerjare het daar 'n jazz-ontwaking in Kroonstad plaasgevind. Die inwoners is deur plate en besoekende geselskappe aan hierdie genre bekend gestel en spoedig was daar persone en groepe wat self jazz kon speel.

4.1 Die konsert van die Oranje Vrouwe Vereniging

Die eerste konsert deur plaaslike kunstenaars in 1920 was egter ver verwyderd van jazz en die rede hiervoor was dat dit een van die min geleenthede was wat deur die Afrikaanssprekende gemeenskap aangebied is. Die Afrikaners het aanvanklik die nuwe soort musiek as volksvreemd beskou en het hulle gehou by tradisionele musiek. Op 4 September 1920 het die Oranje Vrouwe Vereniging 'n musiekkonsert aangebied en die kunstenaars was ook almal Afrikaanssprekend. Die program het bestaan uit klaviersolo's soos Liszt se tweede **Hongaarse Rapsodie** deur mnr Toerien, Liszt se **Gnomenreigen** deur mej Toerien, 'n **Prelude** van Swinstead deur mev Lombard, twee vokale kwartette in Nederlands naamlik **Neig Uw Oor** en **Broederschap**, en 'n sangsolo in Afrikaans naamlik **Slaaplied**. Die sangers wat opgetree het was mev Steytler, mejj Louw en Hattingh, en mnre Rademeyer en Ferreira.

Hierdie konsert was 'n belangrike mylpaal in die musiekgeskiedenis van Kroonstad omdat dit aangetoon het dat die lang afwesigheid van die Afrikaner op die konsertverhoog verby was en dat sy agterstand op die gebied van musiek besig was om ingehaal te word. Dit was ook die begin van die opkoms van Afrikanernasionalisme. Onder die sing van **Afrikaners Landgenoten** het die konsertgangers uitmekaar gegaan, ontroer deur die inspirerende toespraak wat Ds Klomp aan die begin van die aand gelewer het oor Afrikanerskap en sy blydskap oor die kultuurroeringe wat hy onder die Afrikanervolk gewaar het. In 1920 het Emiel Hullebroeck, voorstander van die Afrikaanse lied en die Stellenbosche Universiteitstudente Muziekgezelschap ook in Kroonstad opgetree.

Die Engelse gemeenskap daarenteen het die musiekkomedie **The Arcadians** opgevoer en besoekende kunstenaars het verhoogwerke in die jazzidioom aangebied soos **Follies of 1920** en **Musical Madcaps**.

4.2 Die jazzkonserte van 1922

Teen 1922 was daar reeds drie plaaslike groepe wat jazz bevorder het naamlik **The Flappers**, wat reeds vanaf 1919 ragtime in hul programme ingesluit het, die **Kroonstad Riverside Minstrels** en die **Jazz Devils**. Verder het die **Clark and Adelers Jazz Band** van Johannesburg ook gereeld in Kroonstad opgetree.

Die **Riverside Minstrels** is in 1921 gestig en gedurende 1922 was hulle gereed om eersterangse en baie geslaagde konserte aan te bied:

> "The Kroonstad Riverside Minstrels are to give two entertainments in the Empire Theatre on May 31 and June 1. Their programme will be brought distinctly up to date with the latest ragtime songs, jokes, patter and choruses. The last occasion they appeared before Kroonstad audiences they relied a great deal on old time ballads, forgetting, perhaps, that such are only acceptable when sung by the very finest voices. An old song wants a lot more singing than a new one. Her audiences never tired of listening to the late Adelina Patti singing **Home, Sweet, Home**, but she was an exception.
>
> The Riverside Minstrels we are told, are now about to present a really first class entertainment, and we can rely well on the public to support them in their laudable object of helping along charity while finding a little pleasure in the effort themselves." [11]

Die konsert is deur professor Voigt gedirigeer en mej Dolly Glasser* het die klavierbegeleiding gespeel. 'n Gunstige resensie spreek van die sukses van die konsert:

> "It was an infinitely better performance than that given last year, and deserved better support. At any rate those who did attend were well recompensed. The songs were good and the same can be said of the choruses. Mr. Lamb, Bischoff and Susskind must be mentioned especially for their excellent participation. Professor Voigt wielded the baton with his usual skill, while Miss Dolly Glasser at the piano was all that could be desired." [12]

Die program is saamgestel uit koordele waaraan die hele geselskap deelgeneem het en solo's soos **Down the Trail to Home, Sweet Home** deur mnr Rademeyer, **Ching Chong** deur mnr JPA Bischoff, **I'm the Guy that Guards the Harem** deur mnr AEB Lamb, en ander liedere soos **Bells of St. Mary's, De Ole Banjo** en **Hawaiin Blue Bird.**

In verskeie resensies is daar verwys na die **Jazz Band** en dit is nie duidelik of dit 'n verwysing na die **Riverside Minstrels** of die **Jazz Devils** was nie. Dat die orkes wel in 'n behoefte voorsien het is duidelik uit die talle konserte waarin hulle opgetree het. Na 'n konsert deur die balletskool van mej Gregg op 4 Mei 1922 is daar berig:

> "The Jazz Band items were a great success, and we hope to hear more of the band as they fill a great local need." [13]

'n Interessante verskynsel in hierdie tydperk is dat daar nie 'n groot onderskeid getref is tussen verskillende musiekstyle nie en klassieke werke is sonder meer tussen jazz-items geplaas. Die **Grand Variety Concert** wat Dolly Glasser ten behoewe van liefdadigheid op 10 Junie 1922 in die stadsaal gegee het was een so 'n geleentheid. Die konsert was 'n belangrike gebeurlikheidheid

---

* Sien HOOFSTUK X, Dolly Neiman

en soos dit die gebruik destyds was het elke konsert deur plaaslike kunstenaars 'n beskermheer gehad ; in hierdie geval was dit twee gesiene pare, mnr en mev Charles R Stainer en mnr en mev Cole Bowen. Die Jazz-orkes het ook op die konsert gespeel en is gekritiseer omdat hulle te veel in eenklank gespeel het. 'n Hele paar sangers was gewillig om solo's te sing maar almal was nie goed genoeg opgelei nie. Ann Kannemeyer het in 'n interessante resensie haar eerlike mening van die sangers, dansers en pianiste gegee en het soms onomwonde aanbeveel dat party sangers maar nog langer moes les neem. Laastens het sy op lojale wyse verklaar dat Kroonstad se amateurs gunstig vergelyk met professionele geselskappe en het hierdie stelling met 'n klein gediggie onderstreep:

> "Miss Esther Meyer's rendering of Chopin's Scherzo was undoubtedly the musical feature of the evening with excellent technique, light but firm touch, soulful expression and accuracy, her playing runs close to one of our South African celebrities, Mr. Roger Ascham of Port Elizabeth. Miss Lorna Gregg danced divinely. In Miss Salkinder we have entertained an angel voice unawares. Her most surprisingly powerful voice is sweet, true and full, a combination very seldom found in strong voices, and she is strongly advised to study under one of the great masters in order to come out in opera. Her phrasing is faulty, of course, but for an untrained voice it is astonishingly beautiful. Mrs. Abrahams sang beautifully, she chose a song very appropriate to the occasion. We were pleased to welcome Mrs. Dickson back to the stage. She sang very sweetly and although the song she chose was a bit ambitious (Sing Red Sun) for her voice, she nevertheless deserved her encore. Miss Dolly Glasser was at the piano. She is a clever performer, sang charmingly and was quite at home in her difficult role. I do not pretend to be pythonis, but I see it sticking out a mile that our amateurs are going to beat the majority of professionals who treat us to slovenly clothes, bad make-up and indifferent acting (on the principle that 'any thing is good enough for a little dorp').
>
> 'The Girls of Kroonstad are sweet,
> From their dainty heads, down to their feet;
> And our boys always know
> the place where they all go
> when they are placarded up in the street.'"[14]

'n Ander eienskap van die konserte in die twintigerjare was die verskeidenheid van vermaak wat aangebied is. Op 9 November 1922 het Lorna Gregg en haar balletskool plaaslike kunstenaars genooi om saam met hulle op te tree. Verskillende danse is afgewissel met items deur die **Jazz Devils**, klaviersolo's deur Winnie Hill, 'n "humorous duet" deur mnre Coxen en Rademeyer en 'n uitvoering met handklokke deur mev en mej Mason,

> "...an innovation to the amateur musical talent of Kroonstad which was vociferously received." [15]

4. Die konserte van 1923

Die Kroonstad Jewish Dramatic Society

Hierdie vereniging het op 12 Mei 1923 'n konsert in die stadsaal aangebied om geld in te samel vir die Joodse skool. Weer eens is klassieke werke saam met ragtime aangebied. Mej Steyn het 'n **Liebestraum** van Liszt gespeel terwyl die Jacobs-susters, Bella* en Fanny, 'n ragtime gedans het. 'n Merkwaardige item was 'n vioolsolo wat deur mnr D Schlossberg gespeel is op 'n Amati-viool wat in 1580 in Cremona gemaak is en aan 'n sekere mnr Hearn behoort het. Die waardevolle instrument het egter niks bygedra daartoe om mnr Schlossberg se uitvoering te laat slaag nie alhoewel hy die gehoor op dramatiese gebare vergas het:

> "Mr D Schlossberg created quite a furore with his violin playing and condescended to give several encores. It was easy to see that he is a disciple of the long-haired fraternity, and if he is not altogether endowed with all the gifts of the great he certainly has acquired the deportment side of that art."[16]

Die tweede deel van die program was 'n tipiese Joodse klugspel **A Husband for Rachel.** Die opvoering van toneelstukke by musiekkonserte was ook 'n algemene gebruik.

4.4 Die konserte van 1925

Die veelsydigheid en vindingrykheid wat in amateurkonserte aan die dag gelê is, is in 1925 getoon deur twee konserte waarvan die eerste deur mev Mason saamgestel en die tweede deur die **Amateur Musical and Dramatic Society** aangebied is.

Op 4 November het mev AC Mason 'n verskeidenheidskonsert in die stadsaal aangebied onder die titel **Mrs. Jarley's Waxworks.** Sowat vyf-en-twintig persone het aan die konsert deelgeneem. Elke kunstenaar het 'n kostuum gedra en het wasbeelde voorgestel wat opgewen moes word voordat dit kon beweeg; soms het die "meganisme" afgeloop voordat die wasbeeld sy vertoning kon voltooi. Mej Winnie Mason was "Johnny", 'n kneg wat die wasbeelde moes opwen. Mej Gretchen Krebser het 'n klaviersolo gelewer, maar iemand het per ongeluk die gordyn laat sak nog voordat sy haar solo kon voltooi. Mnr Butt het die rol van "mev. Jarley" gespeel wat die wasbeelde aan die gehoor voorgestel het en hulle goeie hoedanighede bekendgemaak het.

---

* Sien HOOFSTUK X, Bella de Villiers

Die volgende karakters is voorgestel: mev JN Blignaut as **Tetrazini**, het 'n paar sangsolo's gelewer; mej Malherbe as **Quaker Girl** het waarskynlik liedere uit hierdie operette gesing; mej R Snyman as **Pavlova** het gedans en mej R Slabbert het **Terpsichore**, die dansgodin voorgestel; mnr Michael het as **Caruso** gesing. In 'n resensie is opgemerk dat die tablo sowat twee uur lank geduur het sonder een vervelige oomblik.[17]

Die konsert deur die **Amateur Musical and Dramatic Society**, het op 12 Desember in die stadsaal plaasgevind. Hierin het die **Pierrot Troupe**, waarskynlik 'n sanggroep, 'n paar moderne sangitems gelewer. Lede van die groep was mev Lionel O'Donovan, mejj Nel, Mason en Jacobs en mnre Max Beiles en LK Hartley wat almal prominente figure in Kroonstad se musieklewe was. Die tweede deel van die konsert was 'n kort komedie, **Bubbles**.

In 1925 het 'n amateur jazz-orkes, **The Merry Jazzers**, in Kroonstad bestaan en ook konserte gegee.

4.5 Die Kafeemusiek van 1928

Gedurende 1928 is talle advertensies in **The Kroonstad Times** gepubliseer vir kafeemusiek by verskeie kafees in die dorp. Dit was 'n gewilde vorm van vermaak en boonop gratis. Plaaslike persone soos mev M Neiman (klavier) en mnr Adrian Blau*(viool) het veral op Sondagaande in die Grand Café musiek gemaak. Nâ 1928 het hierdie gebruik verval.

5 Die musiek van die dertigerjare

Gedurende die dertigerjare het die invloed van die Engelssprekende gemeenskap op die musieklewe van die dorp begin kwyn en reeds teen die helfte van die dekade is bykans alle plaaslike konserte deur Afrikaanssprekendes aangebied. Die dertigerjare het ook 'n sterk toename in die nasionale gevoel onder die Afrikaners gesien, wat gelei het tot die stigting van 'n kultuurvereniging en baie aandag aan volkspele en boeremusiek, wat tot die konsertverhoog verhef is. Teen die einde van die dekade is konserte gekenmerk deur die insluiting van Afrikaanse volkswysies en liedere in die programme.

---

*Sien HOOFSTUK X

By die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog in 1902 was die Afrikaners 'n onderhorige groep, en dit was die taak van die opvoeders om 'n gees van eiewaarde, selfrespek en trots te kweek. In die proses van nasionalistiese bewusmaking het kultuur en die kunste 'n betekenisvolle rol gespeel. In 1902 het die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging ontstaan en in 1929 is die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings in Bloemfontein gestig wat baie gedoen het vir die bevordering van musiek. Die FAK het bewerkstellig dat Afrikaners as musiekeksaminatore aangestel word, dat die radio ook Afrikaanse programme uitsaai, en 'n sangbundel is uitgegee. Hierdie invloede het Kroonstad ook bereik en die uitwerking daarvan kan in die konserte van die dekade bespeur word. By verskeie konserte is **Die Stem** spontaan as toegif gesing.

5.1 Die konserte van 1933

Die ekonomiese depressie waaronder die wêreld, en ook Suid-Afrika in die vroeë dertigerjare gely het, het 'n nadelige invloed op die land se musiekbedrywighede gehad. Veel minder oorsese kunstenaars het na Suid-Afrika gekom en die toestand was ook aan die Kroonstadse konsertrooster voelbaar deurdat slegs twee reisende musiekgeselskappe die dorp besoek het. Hierdeur is die plaaslike kunstenaars egter nie van stryk gebring nie en hulle het in 1933 nie minder nie as vier konserte aangebied.

Op 17 Maart 1933 het plaaslike kunstenaars 'n konsert in die saal van die kloosterskool gegee om St Patrick-dag te vier. Die program wat uit sang-, viool- en klaviermusiek bestaan het, is saamgestel uit Ierse musiek soos **The Dear Little Shamrock, Mother Machree, Little Irish Girl, Barney O' Shea** en **When Irish Eyes are Smiling.** Die sangers was mev G Holmes, mej M Adami en mnre A Edwards, B Bootherston en Joe Smith.

Op 20 Junie het plaaslike kunstenaars in medewerking met die Heilsleërorkes 'n konsert in die stadsaal gegee ten bate van die burgemeester se fonds. Twee jong pianiste Cecily Goldblatt en Olda Mehr het opgetree en mev JW Mostert se sangsolo is so goed ontvang dat sy 'n toegif moes sing.

Die konsert wat op 27 September deur musici en amateurtoneelspelers aangebied is, was die eerste geleentheid waar die program uit 'n mengsel van Afrikaanse en Engelse afdelings bestaan het. Mev Max Neiman was verantwoordelik vir die musikale versorging van die program terwyl die Hoërskoolkoor en **The Melodians**, 'n konsertgroep van mev Neiman, opgetree het. Die

gehalte van sommige van die Afrikaanse musiek staan onder verdenking maar musiek van bekende komponiste soos Johannes Joubert is ook uitgevoer:

> "The opening item was a song by the High School Choir under the baton of Miss R. Wessels. They gave the show a good send-off, singing with an ability befitting the runners-up at the recent school's singing competition.
>
> Little Marie Borstlap pleased immensely with a short song in which she impersonated a Frenchman. Her costume was excellent. Mrs. J.R. Brent rendered a classical piano solo in her usual accomplished style.
>
> Mrs. J.W. Mostert was accorded an excellent reception for her rendering of selected songs with violin obligato by Mr. Max Herman, who later on appeared with four of his pupils, Ria Booysen, Verdun Potgieter, Ralph Boswell and Olda Mehr. They gave excellent performances on the violin.
>
> Martie Rautenbach and Helena Booysen pleased the audience greatly in a song and dance, entitled "My Hartbees Huisie.[18]

Hierna het 'n Afrikaanse toneelstuk gevolg. Na pouse het die Engelse deel van die program begin met 'n konsertgroep wat onder leiding van Mev. Max Neiman gestaan het.

> "...their first item, composed of popular airs opened with a swing as the chorus 'rang up' the curtain and then sang song after song in rapid succession. With no pause at all, the items followed each other, and it was not until the final number 'Marry Me', that there was a break. A song that delighted the audience was 'Where the blue of the night', in which Mrs. Neiman, Mrs. E.G.H. Dickson and Miss E. Yazbek sang a trio with telling effect. 'Slipping Round the Corner', a song based on the composition which plays so important a part in J.B. Priestley's 'The Good Companions', was another very effective number, as also were 'The Gag Song', 'Serenade' from 'The Student Prince', 'You Used to Sign Your Letters', and 'Marry Me'. The soloists in these numbers were Mrs. Neiman, Mrs. Dickson, Messrs. Joe Smith and J.C. Fowler. All were accorded rousing receptions, the 'Serenade' by Mrs. Neiman and Mr. Smith being outstanding. The members of the chorus were the Misses I. Wobbe, L. Prince, K. Goodwin, P. Rabinowitz, Messrs. P. Baillie, L. Hartley, L. Glasser and I. Glasser.
>
> A group of Afrikaans items followed, opening with a piano solo by Mr. L. Hartley, this consisting of a syncopated version of well-known Afrikaans tunes. Johannes Joubert's fine song, 'O Boereplaas', was rendered by Mr. J.C. Fowler. Mrs. Neiman and Mr. Fowler were given a rousing reception for their rendering of 'Maanskyn en Rose'.
>
> What was probably the most popular item of the evening was a humorous song, 'Four Jolly Sailormen', sung by Messrs. Fowler, Smith, Baillie and I. Glasser.
>
> Miss Z. Rabinowitz followed with two jazz numbers entitled 'I'm telling you' and 'Bend down sister', two catchy songs which were well rendered..." [18]

Die konsert is afgesluit met 'n toneelstuk in Engels.

Op 7 Oktober het plaaslike kunstenaars weer hulle dienste beskikbaar gestel om fondse in te samel vir die **British Empire League** deur 'n konsert in die Railway Institute Hall aan te bied. Die konsert is goed ondersteun en 'n uitstekende program is aangebied:

> "The larger portion was rendered by 'The Melodians', a concert party trained by Mrs. Max Neiman, who scored another big personal success in the reception which her artists received." [19]

Hulle het **Come to the Fair, Just a Cottage Small** en **Song of the British Isles** gesing. Mnr A Edwards het **Meningate** gesing en mnr Jim Fowler **The Sergeant Major on Parade.** Hierna het **Roses of Picardy** deur mev Dickson gevolg, **The Hero and the Villain** as duet deur mnre Joe Smith en Fowler, **Little Grey Home in the West** deur mev Neiman, **Come Sing to Me** as duet deur mevv Dickson en Neiman en **Loch Lomond** deur mnr Smith.

Vier van die sangers wat aan hierdie konsert deelgeneem het, het in September 1933 by die Afrikaanse Eisteddfod in Johannesburg uitstekend gevaar: Mev Neiman is gekies om in die finale-afdeling te sing en het drie-en-negentig persent ontvang vir haar voordrag. Mevv Dickson en Neiman het ook deelgeneem aan die Afrikaanse damesduet-afdeling, en mev Dickson en mnr Smith het die gemengde duetafdeling gewen. Mnre Smith en Fowler het 'n silwer medalje vir hul duet **Corunna** gewen. Hierdie lied is gebaseer op die gedig **The Burial of Sir John Moore** en is in Afrikaans vertaal deur mnr Fowler.

5.2 Die konserte van 1935

Op 15 Maart 1935 het sowat veertig skooldogters wat bekend gestaan het as die **Kroonstad Lilliputions** 'n "Japanese phantasy in three acts" in die stadsaal opgevoer. Die konsert, wat deur mev AC Mason aangebied is, is gekenmerk deur pragtige kostuums, danse en "unusual tuneful music". Die begeleiding is deur mev G Drake (klavier) en mnr Max Herman (viool) gespeel terwyl die koor, as howelinge, feëtjies en lakeie, deur mnr Chas Hartley afgerig is. In die resensie word daar breedvoerig berig oor die verskillende karakters, hul toneelspel en die liedere wat hulle gesing het:

> "The production was an excellent one from start to finish. Some forty artists took part, and it is said that Mrs. Mason performed the gigantic task of making every single one of the costumes herself. Her training of the children was splendid. Bertha Smith made an appealing

little Princess Ju-Ju, and sang sweetly the songs that were allotted to her. Rena de Villiers achieved a really sinister atmosphere in her portrayal of the bloodthirsty Emperor, and her singing also was outstanding. Madge van Wyk carried off well the part of the Prince, and as her attendants, Fu-Shu and Go-Bang, Doreen Smith and Enid Hall were good. Much of the comedy element lay in the hands of the former and she made the most of it, sending the house into roars of laughter.

Doreen Parker was an excellent sort of Grand Vizier to the Emperor, and her moustache dominated the production. Alvina Howell was another sinister character as the Lord High Executioner. Joey Coomans was the magician, and she was another who revealed marked vocal talent for one so young.

Viljee van der Merwe had the part of Luna, a fairy, and she both sang and danced charmingly, accompanied by her fellow-fairies, and sometimes alone. Freule van der Merwe and Jean Armstrong were charming little maidens, and Cookie Olivier and Audrey Drake, as Fly-Fly and La-La, were sweet little attendants to the Princess. One of the features of the show was the singing of Cookie Olivier, who, in an exceptionally tuneful waltz number, entitled 'Shine, Gentle Moonbeam', had the audience vociferously demanding encores. This song was repeated at the end of the show by special request."[20]

Teen 1935 het die ontwaking van die Afrikaanse kultuurgevoel so ver gevorder dat die Kroonstadse Taal- en Kultuurvereniging reeds 'n gevestigde organisasie was wat gereeld kultuuraande en volksfeeste beplan en aangebied het. Die nuutgestigte Voortrekkerbeweging het ook hulle deel bygedra om die Afrikaanse kultuurerfenis te bevorder. Op 7 September het die Voortrekkers Boonzaaier se **Sarie Marais** in die stadsaal opgevoer. Dit was die eerste poging van die Voortrekkers om iets op die planke te bring. Deurgaans is Afrikaanse liedjies gesing, wat opwekkend was en baie bygedra het tot die sukses van die aand. Daar is uitgesien na meer pogings deur die beweging. Die Kroonstadse Taal- en Kultuurvereniging het dit ook hul plig geag om deur middel van kunswedstryde en koorkompetisies die Afrikaanssprekende jeug op te voed.

Op 31 Augustus 1935 is 'n verskeidenheidskonsert onder beskerming van die burgemeestersvrou, mev A Krebser, aangebied. Drie gaskunstenaars uit Johannesburg, naamlik twee siterspelers en 'n violis, het saam met die Kroonstadse kunstenaars opgetree. Dit was die eerste keer dat 'n siteruitvoering in Kroonstad gehoor is en dit was so gewild dat die trio 'n toegif moes speel. Twee Kroonstadse kunstenaars het hul debuut tydens die konsert gemaak. Eerwaarde AM Kaplan (bariton) en Norah Lyle (viool) het vir hul optrede gunstige kritiek ontvang:

"He proved himself to be the possessor of a baritone voice of outstanding quality, and its rich timbre was well-suited to the well-known

piece, 'Somewhere a voice is calling'. He sang the song superbly, and in doing so, revealed that he has a wide range which enables him to maintain a high standard of quality in both lower and upper registers. He was accorded an ovation which drew forth an encore equally well performed.

Another newcomer to Kroonstad who made her debut on Saturday night was Miss Norah Lyle. The first few notes of her violin solo 'Ave Maria', explained why she is able to write a dozen letters after her name, and she went on to enthral the audience with a perfect rendering. Her performance was one of the outstanding items on the programme, and it called forth enthusiastic applause which persisted until the desired encore was given." [21]

Die program het verder danse deur die leerlinge van mej M Fraser se balletskool ingesluit, Cecily Goldblatt het die **Naila Wals** op die klavier uitgevoer, en leerlinge van die Notre Dame-klooster het die operette **Hearts are Trumps** opgevoer. Die begeleiding is deur mevv. Baker, Kleinschmidt en Brent gespeel.

5.3 'n Kultuuraand in 1936

'n Belangrike mylpaal in die bevordering van Afrikaanse musiek is op 15 Mei 1936 bereik toe die Kroonstadse Taal- en Kultuurvereniging 'n kultuuraand in die stadsaal gehou het.

Mnr SH Eyssen van Heidelberg is genooi om as gasspreker by die sangaand op te tree en hy is bygestaan deur sangitems wat gelewer is deur mej A Wessels en mnre Van Rooyen en Jennings. Op die verhoog was 'n uitstalling van sangstukke en sangbundels wat in Afrikaans gepubliseer is, asook manuskripte wat nie gepubliseer is nie as gevolg van 'n tekort aan fondse.

Mnr PJ Loubser, voorsitter van die vereniging het mnr Eyssen verwelkom, wie se toespraak gehandel het oor die plek van musiek en sang in die Afrikanervolk se lewenswyse. Hy het dit betreur dat daar meer tyd aan poësie, drama en toneel bestee is as aan musiek. Hy het 'n oorsig gegee van wat in die afgelope sestig jaar bereik is op die gebied van musiek, en het verwys na die baanbrekerswerk wat die Algemene Nederlandse Verbond gedoen het asook bydraes deur latere en teenswoordige komponiste tot die Afrikaanse liedereskat. Mnr Eyssen het die stelling gemaak dat die Afrikaners nie 'n sangvolk was nie, en was dit nie vir die kerklied nie, sou die Afrikaner nooit gesing het nie. Hy het gesê dat daar 'n gees van laksheid onder die volk was en dat vertalings van liedere nie op vooruitgang gedui het nie. Mnr Eyssen het verskeie liedere gesing en is hartlik toegejuig. Hy het

ten slotte 'n beroep gedoen op binnelandse musici om self Afrikaanse liedere te komponeer, en op gehore om Afrikaanse komposisies te koop om sodoende die saak te bevorder.[22]

5.4 'n Konsert van Boeremusiek in 1937

Alhoewel plaaslike kunstenaars in 1937 geen konserte gegee het nie was die besoek van die Stellenbosch Boerorkes op 2 Februarie belangrik aangesien dit 'n aanduiding was van die gees van die tyd. Daar was 'n sterk bewuswording van die volkserfenis soos taal, volksmusiek, sang en volkspele wat aangewakker is deur die voorbereidings vir die Voortrekker Eeufees in 1938. Boeremusiek is verhef tot die konsertverhoog en die Afrikaners het konserte waar uitvoerings van Boeremusiek en Afrikaanse sang botoon gevoer het, entoesiasties ondersteun. Die konsert deur die Boerorkes is dan ook goed bygewoon sodat daar selfs nie eens staanplek in die saal was nie:

> "The 'Boerorkes' itself, consisting of some 20 instruments, rendered Afrikaans folk songs in lively fashion, and these were particularly enjoyed by the big audience, which filled every seat and also every available standing room. The band consisted of several fiddles, banjos, guitars, accordions and so on, and played with a pleasing verve.
>
> The programme was a rather lengthy one and provided a certain amount of variety, but while the orchestral and combined instrumental items were good the solos fell below standard. A bright, happy show, abounding in fun, humour and witty sallies, is generally looked for from a party of students from one of South Africa's best known universities. There is no doubt that the students could have given plenty of this kind of fare, but they chose somewhat doleful and depressing music instead, and their solo performers therefore did not please as well as they might have. The majority of the members of the audience, however, enjoyed the whole programme thoroughly, judging by the volumes of applause."[23]

5.5 Die konserte van 1938

Die Kroonstadse Kultuurvereniging het hom jaarliks beywer om, afgesien van volksfeeste, ook musiek te bevorder. Op 20 Mei 1938 is 'n musiekkonsert in die stadsaal aangebied deur skoliere, mnr CK Kruger se skoolorkes en mev Baker se dogterskoor. Klavier-, viool- en sangsolo's van 'n goeie gehalte is deur die leerlinge uitgevoer en tussenin het die gehoor Afrikaanse liedere gesing. Mev Baker se dogterskoor het ook Afrikaanse liedere gesing soos **Aandklokke lui in die Verte** en **Die Afrikaanse Pop**, en op aandrang van die gehoor is twee verse van **Die Stem** ook gesing. Die gewildste item van die aand was ongetwyfeld die orkes van mnr Kruger. Hy was voorheen lid

van die Stellenbosse Boerorkes:

> "Daar was 'n stuk of twaalf skoolseuns wat meestal mondfluitjies geblaas het. Een het 'n viool gespeel en 'n dogter die piano-akkordeon. Mnr Kruger was self voor die klavier. Hulle het verskeie Afrikaanse liedjies gespeel, en het telkens dawerende applous ontlok. As daaraan gedink word dat mnr. Kruger moes raap en skraap om die 'orkes' bymekaar te kry en op te lei - alles in die kort tydjie van sowat tien dae - en dit nog met soveel sukses kon voorstel, verdien hy die grootste lof." [24]

Die orkes het ook die dogterskoor begelei by die sing van **Daar ver oor die diep blou see.**

Op 1 Desember is 'n verskeidenheidskonsert in die stadsaal gegee waar ook Afrikaanse liedere uitgevoer is. Mev McKaige se akkordeonorkes het die program geopen waarna Kroonstad se kinderster, Olive Yazbek,* die gehoor vergas het op 'n "Lambeth Walk" en ander sang- en dansitems soos **Suikerbossie.** Die program is verder aangevul deur toneelstukke, 'n klavierduet en toorkunsies.

Op 2 Desember is 'n konsert wat geadverteer is as 'n "Afrikaans Concert" in die Dormy-saal deur musiekleerlinge van die dorp, asook Bella Boje, mej Klomp en Freule van der Merwe gegee. 'n Afrikaanse toneelstuk, **Eerste April** is ook opgevoer.

5.6 Die konserte van 1939

Op 22 April 1939 is 'n Boereaand in die stadsaal deur die Kroonstadse Kultuurvereniging gehou. Dit is deur Pieter de Waal van die SAUK uitgesaai. Drie Kroonstadse orkeste het opgetree naamlik 'n boereorkes, 'n skoolorkes en die "Vastrappers", en verder het die program bestaan uit sangduo's, kwartette, gesamentlike sang en 'n kooruitvoering deur die koor van mnr MC Roode.

Op 4 November het die Oranje-Vroueverenigingen 'n konsert in die stadsaal aangebied waarvan die eerste helfte van die program uit musiekitems bestaan het:

> "All the items were drawn from the store of local talent. The School Orchestra under Mr. Uys set the ball rolling with a rendering of popular Afrikaans songs, and there followed a piano solo by Miss Bella Bojê, songs by Mr. J.C. Fowler and a duet by Miss Zena van Eyssen and Miss Coomans. The music and songs which followed included a piano duet by Miss Gera Klomp and Mr. Martin Ferreira, piano solos by Miss Snel and Miss Klomp, and songs by Mr. Jennings, Martie Mostert, Jacoba

---

* Sien HOOFSTUK X, Olive Antonie.

Boje, Mrs. Swart and Miss Hester van Wyk. Miss Van Wyk, who ranks among Kroonstad's best singers, was aptly described by Mr. J.F. van Eyssen as having a 'million dollar voice'." [25]

6 Die musiek van die veertigerjare

In 1939 het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek. Vir die duurte van die oorlog het talle konserte plaasgevind deur vermaaklikheidsgroepe van die Weermag, en dit het soms ook gebeur dat plaaslike kunstenaars saam met die besoekende militêre orkeste opgetree het. Die veertigerjare het ook 'n paar uitstekende kunstenaars opgelewer en hulle het die hoeksteen gevorm van alle amateurkonserte in Kroonstad. Die mees prominente figure was mnr MC Roode, Adrian Blau, Blake Toerien, Fêbê Williamson, Jim Fowler, Tersteegen van Huyssteen, Tromp Terreblanche, Nancy Relling en Ethel Baker. In 1947 het die Kroonstadse Teatergroep die inisiatief oorgeneem om amateurkonserte aan te moedig en in 1948 is 'n paar opelugkonserte by die rivier aangebied wat skares van duisende mense gelok het.

6.1 Die konserte van 1941

Op 14 Maart 1941 het mev. Jurie Swart ten bate van die CSV 'n konsert in die stadsaal aangebied waartydens 'n groot groep plaaslike kunstenaars opgetree het. Mnr MC Roode se Amphionkoor, die pianis Blake Toerien, die violis Adrian Blau en die sopraan Magda Wessels het die meeste byval by die groot en belangstellende gehoor gevind. Die **Kroonstad Times** het van die konsert gesê:

"Dit het andermaal die bewys gelewer dat Kroonstad oor uitstaande musiektalent beskik en by name die plaaslike musiekonderwyseresse." [26]

Op 26 April is 'n musiek- en danskonsert deur leerlinge van mej Frazer se balletskool en plaaslike musici in die stadsaal gegee. Hierdie konsert waarin mnre Toerien en Blau weer opgetree het is as een van die beste konserte vir 'n lang tyd beskryf:

"The dancing display given by Miss Margaret Frazer's pupils on Saturday at the Town Hall, augmented by musical items by local artistes, was one of the best entertainments presented to the local public for some time.

The grace and precision of the dancers in their lovely costumes,

accompanied by the beautiful music provided by Miss R. Snel and Mr. Adrian Blau, all contributed to the atmosphere of sparkling freshness...

Mr. Adrian Blau contributed three violin solo's. He is an old favourite with the public and is always certain of a rousing reception.

Mr. Blake Toerien has taken Kroonstad by storm with his performance at the piano. His rendering of Chopin's 'Scherzo in C-Sharp Minor' was loudly applauded.

The Rev. Cantor A. Rudy's magnificent and well-trained tenor voice added still more to the quality of the entertainment.

Miss Antonie and Mrs. Van Coppenhagen sang a duet in good style...

Little Olive Yazbek again captivated the audience with her vivacious songs and snappy tap dancing." [27]

6.2 Die konserte van 1943

Plaaslike kunstenaars het in 1943 drie konserte gegee en die kultuurvereniging het een musiekaand gereël. Op 7 en 9 April 1943 het plaaslike kunstenaars en die Koninklike Lugmagorkes in 'n konsert in die stadsaal opgetree. Dit was 'n besonder geslaagde kombinasie. Die militêre orkes het twee keurspele gelewer en danse deur die Margaret Frazer-balletskool is afgewissel deur vokale en instrumentale items deur mnr Blau en mej Rosalie van Eyssen (viool), mnr Toerien (klavier) en sang deur die studente van mev Baker. Mej J Bojê het uittreksels uit **The Gondoliers** gesing.

In die konserte wat op 8 Oktober en 4 Desember in die stadsaal aangebied is, het die volgende Kroonstadse sangers opgetree: mnr J Fowler, Zena van Eyssen, mev Van der Walt, Viljee van der Merwe, Fêbê Williamson, Hester van Wyk, mev Van der Watt en mej Bojê. Klaviersolo's is gespeel deur Martie Malan, Iza van Eyssen, Cathie Serfontein, mnr MC Roode en Barbara Louw. Hierdie lys is 'n aanduiding van die groot hoeveelheid musici wat in Kroonstad gewoon het in die vroeë veertigerjare.

Op 14 Mei is 'n kultuuraand deur die Kultuurvereniging gehou waarby dr DF Malherbe die gasspreker was. 'n Musiekprogram is gelewer deur die Hoërskool-orkes onder leiding van mnr P Uys, die Hoërskoolkoor onder leiding van mej B van Heyningen, mnr MC Roode se Amphionkoor, en die sopraan Fêbê Williamson en pianiste Martie Malan.

6.3 Die konserte van 1945

Op 12 Oktober 1945 het mev L Mundell 'n musiekkonsert georganiseer ten bate van die Rooikruis. Bekende Kroonstadse kunstenaars soos mev Fêbê Williamson,

mej Viljee van der Merwe, mej Hermoine Melamed en mnre Blake Toerien en C Yazbek het aan die program deelgeneem. In 'n koerantberig is daar die volgende opmerking oor nuwe kunstenaars van Kroonstad gemaak:

> "Onder die deelnemers is daar 'n paar name wat reeds bekend is aan die meeste van ons, maar wat nog feitlik as nuwelinge in die Kroonstadse musiekwêreld beskou kan word. Daar is byvoorbeeld mevv. Theron en Compton, mnre. D. Sadie en Baine wat vir die eerste keer hul buiging sal maak voor die Kroonstadse publiek. Hul besef dat hul met gerekende kunstenaars sal moet kompeteer en dat hul voor 'n kritiese gehoor sal optree en gevolglik sal ons van hul beste kan verwag." [28]

In 'n resensie oor die konsert het die nuwelinge goeie kritiek ontvang terwyl drie kunstenaars besondere vermelding verdien het:

> "I feel that a word of special appreciation is due to Blake Toerien for his masterful rendering of Brahms' Scherzo in E Flat Minor. I felt fascinated by his excellent performance, for his technique is not only superb, but he puts his whole soul into his music. It was sheer delight to listen to him.
>
> Fêbê Williamson sang in her usual charming manner and I thought her rendering of the 'Allelujah' was magnificent. Viljee van der Merwe was in good voice and both her songs were well received.
>
> Mrs. E. Baker whose ever willing and highly appreciated assistance in accompanying at the piano is something for which she deserves the grateful thanks of the community." [29]

6.4 'n Gewyde konsert in 1946

In 1946 het plaaslike kunstenaars by slegs een geleentheid opgetree naamlik 'n gewyde konsert wat op 23 November in die stadsaal plaasgevind het. Mev Iris du Randt het dit ten bate van die Verpleegstersfonds gereël. Nâ die konsert het 'n verslaggewer berig oor die groot behoefte aan goeie musiekkonserte in die dorp:

> "In die eerste instansie het hulle getoon hoe 'n geweldige behoefte daar vir populêre musiek en sangkonserte in Kroonstad is, hoe besonder gretig die deursnee Kroonstadter is om na goeie musiek en sang te luister en hoe betreklik maklik dit is indien die gewillige geeste maar net tot aksie wil oorgaan, om kunsopvoeding vir sover dit musiek betref, op hierdie wyse te doen...Dat die program in die smaak van die publiek geval het, ly geen twyfel nie, en ek verstout my om te verklaar dat Kroonstad se musiekbewustheid vandag tot so 'n mate ontwikkel is dat konserte van hierdie aard 'n gereëlde instelling in ons samelewing behoort te word." [30]

Wat betref die gehalte van die musiek wat deur die plaaslike kunstenaars aangebied is het hy verklaar:

> "Deurgaans was die gehalte van hulle musiek en sang besonder hoog, verrassend hoog as mens in aanmerking neem dat Kroonstad nog maar 'n plattelandse dorp met 'n klein bevolking is."[30]

Die kunstenaars wat opgetree het was Hester Visagie (voorheen van Wyk) wat van Johannesburg af gekom het en 'n oudinwoner was, Viljee van der Merwe, I Herholdt, JC Fowler, Carl Reynolds, Pietra Uys, T van Huyssteen, Sylvia Keevey, J van Zyl, Elsa Bredell, D Aucamp, Z Pretorius en Ula van Wyk en die Kroonstad-Noord-Kerkkoor.

6.5 Die konserte van 1947

In 1947 is die **Kroonstad Theatre Group** gestig in 'n tydperk toe daar op die terrein van plaaslike ondernemings 'n laagtepunt bereik is. 'n Organisasie was nodig om die inisiatief van Kroonstad se musici en toneelliefhebbers te prikkel om tot daadwerklike stappe oor te gaan en hierin het die Teatergroep geslaag. Hul eerste aanbieding op 11 Desember 1947 was 'n gekombineerde konsert van twee toneelstukke, een in Afrikaans en een in Engels, en 'n musiekprogram. Die Teatergroep het daarin geslaag om van Kroonstad se beste musici te werf vir die konsert:

> "Name soos Fêbê Williamson, Lona Klomp, J.C. Fowler, Carl Reynolds, Nancy Relling, Syd Goldstein, Thea Uys, Vic Yazbek, Joe Yaman, Sylvia Keevey, Viljee van der Merwe, Tromp Terreblanche is so bekend onder diegene wat goeie musiek en sang op prys stel dat dit oorbodig is om reklame vir hulle te maak."[31]

Die opvoering van **Die Ligblou Vaas** (Beukes) en **The Monkey's Paw** (Jacobs) het voor 'n stampvol saal plaasgevind. Dr ZJ Pretorius, onderwyser aan die Hoërskool en musiekkenner, het in sy resensie oor die toneelstukke en musiekprogram hoë lof vir die kunstenaars gehad:

> "Die musiekprogram wat deur mev. E. Baker en mnr. J.C. Fowler gereël is, het geesdriftige toejuiging uitgelok. Jeugdige talent het hier op die voorgrond getree: ek dink byvoorbeeld aan die belowende stem van Tromp Terreblanche wat op hierdie stadium reeds mooi soepele aanvoeling openbaar. Thea Uys het 'n uitmuntend, ietwat speelse vertolking van Rachmaninoff gelewer ('n hoogs individuele vertolking van die Rus wat my 'n nuwigheid was). Sylvia Keevey se Liszt en J.C. Fowler se 'Song of the Volga Boatmen' het groot toejuiging uitgelok terwyl Jimmy Brown se populêre klaviervertolkings in ligte toonaard die mure van Jericho, die nuwe wit behangsel van die verhoog laat neertuimel het! Fêbê Williamson (sopraan) se vertolking van die uiters moeilike 'Villanelle' het sterk bewys gelewer van die hoë verantwoordelikheid wat die gelukkige besitster teenoor so 'n ontroerend-skone stem te vervul het. Die duet 'Stars of the Summer Night' deur Fowler en Tromp het hierdie twee sangers in gelukkige ensemble

gevind. 'n Klein afwyking in toon teen die end (beide sangers ondervind soms moeilikheid by die hoë note) kan gevolglik vergewe word. Die hoogtepunt van die aand was die duet vir viole onder leiding van Nancy Relling aan die vleuel wat Pleyel se Sonatine Nr. 1 uitgevoer het. Hierdie juweeltjie - 'n fyn stukkie kamermusiek met tipies 18e eeuse rokoko-swier - het as 'n welkome teëhanger gekom van die eensydige, sterk romantiese inslag van die musiekprogram. Wanneer hoor ons weer Bach in Kroonstad?" [52]

Op Kersdag, 25 Desember, het die Musiekafdeling van die Teatergroep onder leiding van mnre JC Fowler, V Yazbek en mevv Nancy Relling en Yazbek 'n Kersliedprogram by die rivier aangebied in medewerking met die Heilsleër se blaasorkes:

"Kroonstad se Kersdag (het) gisteraand op treffende wyse ten einde geloop toe bykans 'n duisend vakansiegangers en dorpenaars die Kersliedprogram by die boothuis bygewoon het. Die drywende verhoog met liggies versier, die pragtige sang van die kore en soliste, die honderde stemme in die koel aandlug met die gesamentlike sang en die diep vol klanke van die Heilsleër se Blaasorkes: alles het bygedra om 'n gewyde en sonderlinge stemming te skep wat nie lig vergeet sal word nie...

Die kinders was eerste aan die beurt, onder leiding van mevv. Relling en Yazbek. Suiwer en soet het die jeugdige stemmetjies opgeklink in weergawes van bekende Kersliedere, sowel in Engels as in Afrikaans en tientalle persone wat nog op 'n afstand rondgedwaal het, het met belangstelling nadergestaan en die reeds aansienlike skare nog meer laat aangroei.

Nadat die Heilsleër se orkes 'n aantal liedere-wysies vertolk het, het die gesamentlike sang 'n aanvang geneem. Eers het die goed-afgerigte koor, onder leiding van mnr. Fowler en met mev. Relling aan die klavier, die liedere voorgedra, en na elke lied het die orkes ingeval terwyl die toeskouers spontaan en hartlik saamgesing het.

Hoogtepunte van die aand was die solo-sang, eers, op spesiale versoek, van mev. Fébé Williamson, wat 'Ave Maria' van Gounod op gevoelvolle wyse vertolk het en daarna mnre. Fowler en Liebhertz en Mev. Williamson, saam met die koor in 'n vertolking van 'Hark, hark my Soul'.

Eindelik het weer 'n Engelse Kerslied gevolg en daarna die altyd-strelende en gewyde 'Stille Nag'. Sterker as ooit tevore het die honderde stemme opgeklink nadat 'n koor eers 'n pragtige weergawe gegee het, en toe die laaste note wegsterf, was dit duidelik dat die skare traag is om reeds huiswaarts te keer. Besonder dank vir die sukses is aan die orkes van die Heilsleër verskuldig: sonder die leiding wat die blaasinstrumente met die gesamentlike sang gegee het, kon hierdie deel van die program taamlik maklik in 'n fiasko ontwikkel het." [53]

Vir 29 Desember het die Musiekafdeling van die Teatergroep 'n talent-aand georganiseer om die publiek gedurende die feesseisoen te vermaak. Die talentaand wat by die drywende verhoog by die rivier plaasgevind het, het voor 'n gehoor van 1,200 mense afgespeel en 'n besondere item was 'n klokkespel-uitvoering deur die kinders van die Pretoriase Kinderhawe. Die program

het voordragte, klaviersolo's en -duo's, instrumentale groepe en dansitems ingesluit.

6.6 Die konserte van 1948

Op 1 Januarie 1948 is die derde opelugkonsert van die Teatergroep voor 'n gehoor van twee-duisend mense by die rivier aangebied. Hierdie konserte was unieke geleenthede en die skilderagtige omgewing en weerkaatsing van honderde gekleurde liggies in die water het 'n betowerende effek gehad. Hierdie aangrypende onderneming is nâ 1948 nooit weer aangepak nie. Die volgende resensie is oor die konsert geskryf:

> "Die drywende verhoog het onder ideale weersomstandighede, weer 'n pragtige vertoning teen die agtergrond van veelkleurige liggies gebied en te oordeel na die applous en die vriendelik gemoedelike stemming onder die aanwesiges het hulle die wye verskeidenheid nommers ten seerste geniet. Hierdie keer het die klavier op die verhoog gestaan en die effek van die sang- en klaviersolo's en duo's was baie meer geslaagd as met die ander geleenthede toe die klavier op die trappe was...
>
> Die sang van mev. Fêbê Williamson en J.C. Fowler, veral in die tweesang was uitstaande. J. Rautenbach en J. Liebherz het ook van gevoelvolle vertolking gebruik gemaak en mev. Herholdt en mej. Erica Uys het hul goed van hul taak gekwyt.
>
> Mev. Keevey se fyn gevoelige dog beheersde spel het weer aandag getrek. Josias van der Merwe - sy talent val mens elke dag meer op - was miskien te beheersd, en Thea en Pietra Uys het hul goed van hul taak gekwyt, lg. veral in die klavierduo. En dan Jimmy Campbell, werklik 'n jazzvirtuoos, wat sy pad goed oor die klawers ken.
>
> Die vioolnommers - daar was twee daarvan - het pragtig in die aandlug gedra en in die duo het Pietra Uys en Elsa Bredell pragtig saamgespeel. Mnr. Massey het met gevoel gespeel en daarin geslaag om die gehoor dwarsdeur gevange te hou met sy spel, iets wat vir enige kunstenaar in die opelug 'n prestasie is." [34]

In Desember 1948 is drie konserte by die Amfiteater langs die rivier gehou, waarvan een deur plaaslike kunstenaars aangebied is. Hulle program het bestaan uit sang deur die koor van mev. Nancy Relling, en viool- en sangitems deur professor Otto Menge en sy gesin:

> "The Christmas carols, sung by the sweet voices of the youngsters and very ably conducted by Mrs. Relling, better than anything else conveyed a Christmas atmosphere. Very pleasing were the duets sung by Olive and Dessy Yazbek, whilst the vocal rendering of Gounod's 'Ave Maria' by Mrs. Fêbê Williamson, with violin obligato by Prof. Menge He further delighted the crowd by two violin solos (one accompanied) and the Menge children gave of their best in a potpourri of folk songs sung in harmony. The willingness of this gifted family to assist at the first free concert at the amphitheatre greatly contributed to its success." [35]

In 1949 is daar, afgesien van 'n orreluitvoering deur Fanie van Zyl, geen konsert deur plaaslike musici aangebied nie.

7 Die musiek van die vyftigerjare

Die vyftigerjare kan as die Goue Dekade in Kroonstad se musieklewe bestempel word. Daar is veel minder konserte deur plaaslike kunstenaars aangebied maar die standaard van die uitvoerings was besonder hoog en die keuse van werke was ambisieus. Deur die gelukkige kombinasie van talentvolle leiers en uitstekende kunstenaars is 'n musiekkultuur gevestig wat nouliks weer oortref kan word. Die stigting van die Kroonstadse Musiekvereniging* in 1951 en die Kroonstad Philharmonic Society in 1954 het tot die ryk musieklewe van die vyftigerjare bygedra. Talentvolle persone soos Tersteegen van Huyssteen, dr Teasdale Griffiths, Olga Rademan, Josias van der Merwe, Nohline Mitchell, Olive Antonie, Martie Wege, Blake Toerien, Fêbê Williamson, Barbara Louw, Ethel Baker en Hannah Wessels het grootliks bygedra tot die prestasies wat behaal is. Nie alleen was hulle uitstekende soliste nie maar deur onderlinge samewerking is oratorium, opera en orkeswerke van groot omvang met welslae uitgevoer.

Alhoewel daar in 1950, 1952 en 1959 nie verskeidenheidskonserte aangebied is nie het plaaslike kunstenaars in daardie jare meegewerk aan ander ondernemings soos kerkmusiekuitvoerings en operettes.

7.1 Die konserte van 1951

Gedurende Mei 1951 het die bekende Kroonstadse sopraan. Fêbê Williamson,+ 'n reeks konserte in Kroonstad, Parys, Welkom, Senekal, Bothaville, Ventersburg, Hennenman, Viljoenskroon en Edenville gegee. Gedurende hierdie konserte is sy begelei deur twee Kroonstadse pianiste naamlik Ethel Baker en Martie Wege.+

Fêbê Williamson was 'n geliefde kunstenares van die dorp en het haar talent aangewend vir talle liefdadigheidskonserte en ander kultuurgeleenthede in Kroonstad. Die musieklkefhebbers was verheug oor die konserte wat sy sou gee:

> "Dit is in baie opsigte die groot dag waarna soveel Kroonstadse kunsliefhebbers vir jare reeds uitsien. By verskeie geleenthede het

---

* Sien HOOFSTUK VII

\+ Sien HOOFSTUK X

> hierdie sangeres se suiwerste note haar gehore met bewondering en selfs verbasing vervul. Nie alleen by Kunswedstryde en koor-uitvoerings is Fébé Williamson se naam bekend nie, maar verskeie kere is haar stem al oor die draadloos gehoor. Met onselfsugtige ywer het sy nog altyd in die verlede haar talent aangewend in belang van Kroonstad. Verlede jaar het sy deelgeneem aan die luisterryke program tydens die Sarel Cilliersfeesvieringe. Dit is nou weer Kroonstad se beurt om te toon hoe hy sy kunstenaars waardeer..." [36]

Die Noordelike Stem het die Kroonstadse publiek aangemoedig om die konsert van Fébé Williamson by te woon:

> "...Mrs. Williamson has, often in very adverse circumstances, sacrificed precious hours to steady practice rehearsals, often travelling to other towns. Her outstanding ability and charming personality have been a source of inspiration to all who have worked with her. When Mrs. Williamson visits the surrounding towns for further recitals, she will by her excellent performances bring much credit and honour to our town. Let us publicly acknowledge our debt of gratitude to this fine young singer by supporting her effort and thus urging her on to still further efforts. We assure her that we are proudly following her career with keen interest, warm pride and affection." [36]

Op 20 Oktober het die Kroonstadse Teatergroep 'n verskeidenheidskonsert in die stadsaal aangebied. Die doel van die konsert was om die vereniging se fondse aan te vul nadat hulle vele onkostes gehad het met oorsese kunstenaars wat hulle na Kroonstad gebring het:

> "Die Teatergroep was verantwoordelik vir 'n hele aantal beroemde kunstenaars wat in die afgelope maande na Kroonstad gekom het. Hoewel sekere van die besoekers nie groot skares getrek het nie en hul besoeke op 'n verlies uitgeloop het, het die Teatergroep dit tog gerade geag om die mense hierheen te nooi." [37]

Die program het bestaan uit die eenbedryf **Abu Hassan Pays His Debts** wat onder die regie van mev Sara Louw gestaan het. Die kostuums is deur mnr Ivan Goldschmidt verskaf. Volksdanse is deur die leerlinge van mej Pat Hughes uitgevoer; die Hoërskoolkoor onder leiding van mnr Johl en die dames- en gemengde kore van mnr Van Huyssteen het ook opgetree.

Hierdie konsert was die eerste aanbieding wat die Teatergroep geloods het deur plaaslike kunstenaars. Wat mev Louw betref was dit:

> "...'n geslaagde poging wat deur die publiek waardeer is en algemene gunstige kritiek uitgelok het." [38]

Volgens Barbara Louw was die eenbedryf nie geslaagd nie alhoewel die spelers goeie talent openbaar het:

> "...Hoewel die eenbedryf nie van besondere gehalte was nie, het die

> fris, beweeglike spel waarmee die spelers voor die dag gekom het tog 'n mens oortuig dat hier werklik goeie talent in ons midde is. Mev. Sara Louw het haar taak as regisseuse met insig en deeglikheid aangepak. Op die gebied van toneel is sy waarlik 'n staatmaker vir ons dorp." [38]

Oor die musiekprogram het Barbara Louw met lof gepraat. Sy was veral beïndruk met die verskeidenheid van items en die koorwerke het sy genotvol gevind:

> "...'n Mooi verskeidenheid dansnommers insluitende ballet, akrobatiese en volksdanse is aangebied deur leerlinge van mej. P. Hughes. Baie genotvol was dit om te luister na die bekoorlike Duitse volkswysies wat so smaaklik voorgedra is deur die goedgebalanseerde Hoërskoolkoor onder leiding van mnr. Johl. 'n Gesellige tweespraak deur mevv. M. Joubert en H. de Beer, sang- en klaviersolo's deur mevv. Williamson en Keevey respektiewelik en drie puik koorstukke deur die gemengde en dameskore van mnr. T. van Huyssteen, het die program afgerond." [38]

Op 28 November het vier Kroonstadse musici 'n konsert in die stadsaal gegee. Hulle was Martie Wege (mezzo-sopraan), Barbara Louw* (klavier), Pietra Uys* (viool) en Ethel Baker (begeleidster).

Tersteegen van Huyssteen het 'n resensie oor die konsert geskryf waarin hy op insiggewende wyse elke kunstenaar se voordrag bespreek het. Oor Martie Wege se stem was hy vol lof, en hy was veral beïndruk met die gevoelvolle wyse waarop sy haar liedere voorgedra het:

> "Mev. Wege beskik oor 'n pragtige resonante stem. Sy het op gevoelvolle wyse haar nommers vertolk, veral die Duitse kunsliedere 'Widmung' en 'Die Lotusblume' deur Schumann, waarvan sy 'n besondere diepsinnige voordrag gelewer het. In die aria 'Star Vicino' het mev. Wege getoon dat sy 'n meesterlike begrip van die Bel Canto-styl het. 'Sylvia' en 'Morning' van Oley Speaks het veral byval by die publiek gevind." [39]

Mnr Van Huyssteen het Barbara Louw "...die leidende pianiste van Kroonstad" genoem en het sy spyt uitgespreek dat sy aan die einde van 1951 die dorp sou verlaat om na Bloemfontein te vertrek. Hy het voorts genoem dat sy 'n bekwame soliste was wat oor 'n goed-ontwikkelde tegniek beskik het asook 'n suiwer aanvoeling vir styl:

> "Sy het veral uitgeblink in Debussy se 'Doctor Gradus ad Parnassum', waar sy 'n besondere insig getoon het van die impressionistiese styl. In 'Autumn' van Moszkowski was haar toonkwaliteit en suiwer pedaalwerk uiters treffend.

---

*Sien HOOFSTUK X

> Haar briljante aanslag en tegniese vaardigheid in die 'Valse' in E mineur, het getoon dat sy volkome beheer oor die instrument het. In die 'Impromptu' in F kruis deur Chopin verdien gemeld te word van die mooi sangerige kwaliteit van hierdie stuk, wat so gevoelvol na vore getree het."[39]

Die ontluikende viooltegniek van Pietra Uys het sy nie slegs in kleinere werke ten toon gestel nie maar ook in grotere werke het haar vertolkingsvermoë die kritikus opgeval:

> "Pietra Uys, hoewel sy nog jonk is vertoon alreeds 'n warme toonkwaliteit in haar vertolkings. Die ritmiese 'Tempo di Menuetto' van Pugnani-Kreisler is knap voorgedra en het veral in die smaak van die publiek geval, asook die Granados. Dit was 'n gelukkige besluit om die Max Bruch 'n prominente plek in die program te gee, aangesien dit besonder boeiend was en mej. Uys in staat gestel het om bewys te lewer van haar insig in die vertolking van die grotere werke." [39]

7.2 Die konserte van 1953

7.2.1 Konserte van die Kroonstadse Musiekvereniging

Op 13 Februarie het die Kroonstadse Musiekvereniging 'n konsert in die stadsaal aangebied waartydens plaaslike kunstenaars opgetree het.

Die volgende groepe en individue het aan die konsert deelgeneem: 'n meisieskoor onder leiding van mnr P Johl; die sangpaar Dalena Wessels en Marthina van Rooyen; Eronel van Rooyen (klavier); Sandra Bloch en Antoinette Fouché (klavierduo); Dawid Japp (viool); die koor van mnr T van Huyssteen; Anna Jackson (sopraan); Barrie Verster (bas); Martie Wege (alt); Olga Rademan (klavier); 'n sangtrio deur Angus MacLennan, Marie Joubert en Olive Yazbek; 'n kwartet deur mevv Hofmeyr en Joubert en mnre Day and Lebherz; Josias van der Merwe (klavier) en Ethel Baker (begeleidster).

In die resensie oor die konsert het die kritikus "Decor", geesdriftig verslag gelewer. Volgens hom was dit 'n aand van hoogtepunte waar al die deelnemers hul beste gelewer het en waarna hy kon uitroep:

> "Saam met sowat 350 ander Kroonstadters het ek die musiekkonsert van die Musiekvereniging bygewoon - en watter genot was dit nie! Hierdie konsert het weer eens bewys dat Kroonstad oor talent beskik wat vir geen ander in die land hoef agteruit te staan nie."[40]

Die eerste deel van die program is gewy aan die jonger lede van die vereniging:

"Mnr Johl se meisieskoor het 'Morning Leaves' van Johann Strauss op gevoelvolle wyse vertolk: Sy Duitse meisieskoor het hulle steeds stygende gewildheid nog verder verhoog met vier bekende Duitse volksliedjies. Die sangpaar Dalena Wessels en Marthina van Rooyen se vertolking van Clutsam se gewilde Neger-wiegeliedjie 'Ma Curly-headed Babby' sal nog lank onthou word, en hierdie twee dogters behoort dit nog ver te bring. Besonder strelend was die pikante klein Eronel van Rooyen se voordrag van Tchaikovsky se 'Sweet Dreams', terwyl Sandra Bloch en Antoinette Fouche verantwoordelik was vir 'n baie mooi vertolking van 'n wals van Coleridge-Taylor. Kreisler se 'Rondino' is op waardige en gepoleerde wyse deur Dawid Japp uitgevoer op die viool.

Vir die tweede gedeelte van die program het 'n mens niks anders as lof nie. Die onnabootsbare Ters van Huyssteen met sy bekwame koor, het weereens 'n alledaagse balladetjie soos 'I'll walk beside you' in 'n stukkie louter genot omgetower, terwyl die triomfantlike jubeltone van hulle voordrag van 'Jubilate' met Anna Jackson se glasheldere solo-werk tussenin, nog lank in die geheue sal bly. Hierdie koor is werklik een van ons trotsste besittinge.

In Anna Jackson het Kroonstad ook 'n ware kunstenares ryker geword. Haar uiters vaardige gevoelvolle en tog beheersde vertolking van Donizetti se aria 'O Mio Fernando' gepaard met haar ryke en suiwere sopraanstem was een van die hoogtepunte van die aand. Die betrokke aria is ongelukkig taamlik onbekend en was daarom miskien 'n minder populêre keuse, maar nogtans het dit niks afgedoen aan 'n baie genotvolle uitvoering nie.

Nog 'n besondere hoogtepunt van die aand was die suiwer natuurlike en vloeiende sang van Barry Verster wat 'Nur wer die Sehnsucht kennt', van Tchaikovsky, en 'n Duitse drinkliedjie op meesterlike wyse vertolk het. Hierdie jong sanger het werklik die mooiste en suiwerste basbaritonstem wat ek in jare gehoor het.

Martie Wege, van wie ons al gewoond is om mooi sang te hoor, het haarself oortref deur 'n simpatieke, afgeronde en gevoelvolle vertolking van Saint-Saëns se groot alt-aria 'Saggies ontwaak my hart' uit 'Simson en Delila'. Sy het die aria met mooi aanvoeling en rustige beheersing gesing, en haar ryk altstem het plek-plek sterk herinner aan die van die gevierde Marion Anderson.

Dit was werklik 'n aand van hoogtepunte, nog een waarvan Olga Rademan se vertolking van Dohnânyi se Rapsodie was. Dit is 'n minder bekende en tegniese baie moeilike stuk klaviermusiek, en tog het die kunstenares haar gehoor spoedig in geboeide oorgawe gehad en gehou. Die kunstenares het diep getref deur haar suiwer aanvoeling en groot tegniese vaardigheid, en veral die pragtige werk van die linkerhand in die middel-gedeelte het 'n mens byna asemloos gelaat. Ook in Olga Rademan het ons 'n begaafde kunstenares tot die toevoeging van Kroonstad se kring.

Baie aangenaam was ook die uitvoering deur Angus MacLennan, Marie Joubert en Olive Yazbek van 'The Shepherd' deur W. Davies. Hierdie trio het mekaar ongetwyfeld verstaan en het ten gevolge 'n baie mooi afgeronde stukkie werk gelewer.

Pragtige samesang en perfekte harmonisering was die kenmerk van die uitvoering deur mevv. Hofmeyr en Joubert, en mnre. Day en Liebherz van Sullivan se 'When the long day closes'.

Ook hier is bewys gelewer van deeglike afronding en simpatieke aanvoeling en die samesang was in een woord genoeglik.

> Talentvolle jong mnr. J. van der Merwe het 'n mooi verdienstelike vertolking van 'n besonder stormagtige Chopin-etude (die in C Mineur) gelewer. Dit het goeie byval by die gehoor gevind.
>
> En dan, die begeleiding by die sangnommers! Die reeds jarelank onmisbare Ethel Baker het weereens bewys dat sy 'n begeleidster van die hoogste gehalte is. Dwarsdeur die konsert, maar veral by die nommers van Anna Jackson, Martie Wege en Barry Verster, het haar beheerde en gevoelvolle begeleiding onberekenbaar veel bygedra tot die sukses wat die sangers behaal." [41]

Op 14 November het die Musiekvereniging 'n Lemmer-aand in die stadsaal gehou en daarmee

> "...'n langgekoesterde ideaal verwesenlik om een van ons eie Vrystaatse kunstenaars te vereer."

Mnr Petrus Lemmer, wat die Vrystaatse organiseerder van sang was, was nie onbekend in Kroonstad nie:

> "...Trouens ons Kroonstadters ken hom om sy diepe menslikheid, sy humorsin en fyn kunssin op ons kunswedstryde." [42]

Mnr Lemmer was tydens die geleentheid die Musiekvereniging se gas en het nie self aan die program deelgeneem nie. Mev Olga Rademan het 'n kort lewensskets van hom gegee en 'n paar van sy werke bespreek. Komposisies van mnr.Lemmer is deur verskeie groepe uitgevoer:

> "Kinderliedere en kinderkoorstukke is deur skoolkore gesing en mnr. Van Huyssteen se volwasse koor het ander werke gesing; verder is ook klaviersolo's en individuele sangitems uitgevoer. Die Musiekvereniging het ook die voorreg gehad om van mnr. Lemmer se ongepubliseerde werke uit te voer."[42]

7.2.2 'n Konsert deur Fêbê Williamson, Barrie Verster en Pietra Uys

Op 16 Oktober 1953 is 'n musiekkonsert deur gewilde Kroonstadse Kunstenaars naamlik Fêbê Williamson (sopraan), Barrie Verster (bas), Ethel Baker (begeleidster) en Pietra Uys (viool) in die stadsaal gegee. Mej Uys was in daardie stadium lektrise aan die Onderwyskollege van Potchefstroom. Die konsert is deur mev Jurie Swart gereël en die gewildheid van die sangers is in die goeie plekbespreking weerspieël.

> "Al drie kunstenaars het reeds tydens verskeie musiekkonserte, kunswedstryde en onder andere in koffiehuisprogramme van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie deelgeneem.
>
> Hulle gewildheid by die publiek van Kroonstad en omgewing is nou weer eens bewys toe die 500 beskikbare kaartjies etlike dae na beskikbaarstelling uitverkoop is." [43]

Daar bestaan egter geen resensie oor hierdie konsert nie.

Fêbê Williamson, Tromp Terreblanche en Ethel Baker het ook dikwels in omliggende dorpe opgetree en het in 1953 by twee geleenthede deelgeneem aan Pieter de Waal se **Koffiehuiskonserte** wat hy vir die SAUK opgeneem en uitgesaai het. Die eerste konsert het op 18 April plaasgevind in Welkom. By diê geleentheid is 'n opname gemaak en die program is op 21 April oor die B-sender van die SAUK uitgesaai.[44]

7.2.3 'n Kersprogram

In November 1953 het die Kroonstadse Rotariërs 'n **Carols by Candlelight**-funksie georganiseer in die Kroonstadse amfiteater op 23 Desember. Hierdie soort funksie in die Kersgety het gedurende die vyftigerjare oral in die land baie populêr geword:

> " 'Carols by Candlelight' has captured the imagination of South Africa, and has become a National Festival. Last year the function was held in no less than 26 South African towns, and the National Organisation has been approached by several other towns who are interested in having the functions in future...In the cities, these functions have become popular and last year there were over 50,000 people who attended the Johannesburg function. This increasing popularity of 'Carols by Candlelight' is no doubt due to its being completely non-denominational, and to the interest displayed by every section of the community." [45]

Die president van die Kroonstadse Rotariërs, mnr M Segal, het 'n aktiewe komitee onder die voorsitterskap van mnr Ken Enslin op die been gebring om die voorbereiding vir 'n kerssangaand te tref en dr Griffiths het die musiekprogram beplan. Myrrha Bantock, kunslektrise aan die Tegniese Kollege, het mimiekkunstenaars afgerig vir 'n voorstelling van die Kersgeskiedenis.

Die musiekprogram het die kersverhaal logies en chronologies uitgebeeld. Die verskillende kersliedere waarin die geboorte van Christus besing word is so gerangskik dat dit 'n natuurlike sekwens gevorm het. Daar is ook dele van die **Messias** van Handel tussen die kersliedere geplaas.

Die program is as volg saamgestel:

> "The festival opens with 'O come, all ye faithful' and the ceremonial entry of choir and mimers in costume and by candlelight. The story then begins with the solos, 'Behold, a Virgin shall conceive and bear a Son' and 'O Thou that tellest good tidings to Zion'. Then follows the Christmas Hymn 'Once in Royal David's City' after which the candles are extinguished and the solos 'For behold, darkness shall cover the earth' and 'The people that walked in darkness have seen a great light' will be sung.

> After this Bach's 'Air on a G-string' will be played by solo violin with string accompaniment and the solos 'There were Shepherds abiding in the field' and 'And lo! the Angel of the Lord came upon them' follow - leading into the Hymn 'While Shepherds watched their flocks by night', arranged for Solo, Chorus and Orchestra. Then the solos 'He shall feed His flock' and 'Come unto Him' are sung. During the whole of the Shepherd scene the story will be mimed.
>
> Candles will be relighted when the carol 'The First Noel' follows, after which is sung and mimed the Hymn 'Away in a Manger' (by the juniors), the Carols 'Silent Night' and 'We Three Kings of the Orient'. Then follows the solo 'How beautiful are the feet of them who preach the Gospel of Peace'. After this the audience sings 'Christians awake!' the Choir and Mimers present 'Good King Wenceslas' and the Festival ends with the combined singing of 'Hark! the herald angels sing'." [46]

Die kersprogram is deur meer as tweeduisend mense bygewoon en die amfiteater was in 'n feestelike stemming getooi deur duisende brandende kerse. Die Heilsleërorkes het die samesang begelei en die Tegniese Kollege-orkes het die kooritems begelei.

Die koorlede in hul pragtige wit togas, as engele wat brandende kerse gedra het, en kinders in kleurvolle Oosterse kostuums het in 'n skouspelagtige toneel op die verhoog ontvou:

> "The programme consisted of Carols sung by a small choir with miming of the themes carried out by children, who looked delightful in colourful gay eastern costumes, contrasting strongly with the choir who were dressed in classical togas of white, as Angels complete with haloes.
>
> The entry of the choir and attendant angels, all bearing lighted candles, from both sides of the Amphitheatre, singing 'O come all ye Faithful', was most effective, as the procession moved in front of the stage and then on to it. Several solos added to the variety and the story of the Nativity, as it was unfolded, was a delight to watch. The sight of the amphitheatre filled to capacity with over 2,000 flickering candles, was indeed heart-warming and the audience made almost as pretty a picture as did those on the stage." [47]

7.3 Die Vrystaatse Eeufees in 1954

In Februarie 1954 het Kroonstad die Vrystaatse Eeufees gevier. Op 13 Februarie het 'n straatoptog, gelei deur die Regiment De Wet se orkes, deur Crossstraat beweeg. Afgesien van die gimnastiek- en vliegvertoning deur die Suid-Afrikaanse Lugmag het die dorp ook sy plaaslike kragte saamgespan om op kulturele gebied fees te vier. Op 12 Februarie is 'n program in die amfiteater aangebied deur die plaaslike skole, 'n groot saamgestelde koor, die Tegniese Kollege se strykorkes en gemengde koor,

die ATKV en die Kroonstadse tak van die OVV. Dr ZJ Pretorius* het as volg berig oor die musiekprogram, wat deur duisende Kroonstadters bygewoon is:

> "...Van die begin af aan is deur die gewyde koorsang van gesamentlike kerkkore 'n stemming van toewyding en erns geskep wat die verrigtinge deurgaans gekenmerk het. 'n Groot gesamentlike koor van leerlinge onder die stok van mnr. Johl, indrukwekkend in hul eenderse wit en blou, het geesdriftige sang gelewer. Veral die bruisende begeleiding van dr. Griffiths vir 'Kent gij dat Volk' het veel beter die idealisme van die jong staat vertolk as die ou enigsins nostalgiese, F.A.K.-verwerking. Ook die snaarorkes onder leiding van dr. Griffiths met drie agtiende-eeuse minuette het 'n gees van stille toewyding geskep en mens vervul met bewondering vir wat die dirigent met die materiaal tot sy beskikking reeds kon bereik." [48]

Die res van die program het uit 'n historiese voorstelling van die Vrystaatse geskiedenis bestaan.

7.4 Die Kroonstadse Eeufees in 1955

Gedurende 1955 het Kroonstad sy eie honderdjarige bestaan gevier. In April is verskeie feesverrigtinge afgehandel soos 'n vliegvertoning, 'n rugbywedstryd, 'n bokstoernooi, 'n vuurwerkvertoning en 'n groot parade en optog deur vlotte, 'n berede Kommando, en kadette en skoolkinders gelei deur die Suid-Afrikaanse Polisie-orkes. Vier groot musiekkonserte het ook deel van die verrigtinge gevorm naamlik 'n opelugkonsert op 15 April, 'n konsert deur besoekende kunstenaars op 21 April, 'n uitvoering van Handel se **Messias** op 23 April en 'n gewyde konsert op 24 April.

Die opelugkonsert by die amfiteater op 15 April is deur plaaslike kunstenaars van verskillende inrigtings aangebied: die Tegniese Kollege se dramadepartement, die Volkskool, Hoërskool en Engelse Primêre Skool, 'n massakoor en die Tegniese Kollege-koor.

In 'n resensie is hierdie uitvoering van musiek, dans en toneel as uiters bevredigend bestempel:

> "Die reeks aantreklike musiekkonserte wat tydens die Eeufeesverrigtinge aangebied word, het Vrydagaand luisterryk 'n aanvang geneem toe 'n kleurvolle variasieprogram afgespeel is in die amfiteater, wat deur 'n belangstellende publiek van hoek tot kant gevul was.
>
> Op die besonder doeltreffende verhoog wat deur die stadsraad aangebring is, is eerstens aangebied deur die Tegniese Kollege 'n dramatisering van 'Die Lied van Ali' (I.D. du Plessis) onder leiding van Alexandra Buckle, Rhona Naude en Thelma Levy.
>
> Die effektiewe dêcor was in die hande van Myrrha Bantock. Tromp Terreblanche en Mia Lombaard het die skitterende voordrag behartig

---

* Sien HOOFSTUK X

en bygestaan deur die Tegniese Kollegestudente, almal in tipiese Oosterse Kostuums, is die dramatiese inhoud van die gedig oortuigend en in die regte atmosfeer uitgebeeld. Megan de Beyer het met haar lenige, grasieuse vertolking van Oosterse danse warm applous uitgelok. Die beligting was hier, en trouens in verskeie ander items uitstekend. Verskeie volksdanse is ten beste uitgevoer t.w. Funiculi deur die Volkskool (Hannah Wessels), Hollandse, Duitse en Skotse danse deur Hoërskoolleerlinge (mev. J. Swart), 'n serpdans deur die Engelse Primêre skool (mev. M. Lombaard) asook drie danse deur leerlinge van mej. De Beyer. Kleurryke kostuums en aangename begeleidende sang en musiek het die aantreklikheid van hierdie aanbiedinge verhoog.

'n Massakoor onder die stok van mev. Olga Rademan het vyf indrukwekkende liedere smaakvol en met entoesiasme voorgedra. Fris en gevoelvol was ook die tweestemmige Volkskoolkoor afgerig deur Hannah Wessels en begelei deur Tina Waldeck. Die vierstemmige Hoërskoolkoor onder die stok van dr. Z. Pretorius het 'n baie verdienstelike weergawe van 'Oeslied' (Schultz) gelewer. Mnr. T. van Huyssteen was verantoordelik vir die Tegniese Kollegekoor wat Pinsuti se 'I sing because I love to sing' so vloeiend en buigsaam gesing het sowel as vir die Eeufeeskoor wat die konsert met 'n treffende vertolking van 'Ave Verum' (Mozart) afgesluit het." [49]

Op 24 April is 'n gewyde konsert in die Moederkerk aangebied wat die hoogtepunt van die Eeufees gevorm het. Die orrelis Stephanus Zondagh, Afrikaanse en Engelse Kerkkore en die Kroonstadse Eeufeeskoor het aan die program deelgeneem. Dr TET Griffiths het 'n geleentheidswerk spesiaal vir die Eeufees gekomponeer en dit is by hierdie geleentheid vir die eerste keer uitgevoer. Mnr Tersteegen van Huyssteen het ook 'n spesiale koor gestig, naamlik die Eeufeeskoor wat reeds vanaf 7 Februarie 1955 begin het met repetisies.

Die program vir die gewyde konsert is as volg saamgestel: die gesamentlike koor onder leiding van Olga Rademan het **Die Heemle Verkondig** van Haydn uitgevoer; Stephanus Zondagh (orrel) het **Adagio** van JS Bach gespeel; gesamentlike kerkkore onder leiding van Fanie van Zyl het **Die Lam van God** van Robertson gesing; Stephanus Zondagh het drie koraalvoorspele gebaseer op die koraal **Herzlich thut mich Verlangen** van Buxtehude, Brahms en Jean Anglais op die orrel uitgevoer; die gesamentlike kerkkore onder leiding van Josias van der Merwe het **Stuur Heer U Lig** van Gounod gesing; Stephanus Zondagh het **Impromptu** van Louis Vierne gespeel; die Eeufeeskoor onder leiding van Tersteegen van Huyssteen het **Ave Verum** en **Alleluja Amen** van Mozart gesing; Stephanus Zondagh het JS Bach se **Toccata en Fuga in D-mineur** gespeel en dr Teasdale Griffiths het die Engelse kerkkore gedirigeer in sy eie komposisie **Let us now praise famous men.**

7.5 Die konsert van die Kroonstadse Filharmoniese Vereniging in 1956

Op 10 Maart het die Kroonstadse Filharmoniese Vereniging onder leiding van

dr Griffiths* hul jaarlikse konsert in die stadsaal aangebied. Waar hulle in die vorige jare een volledige werk soos die **Messias** en **Carmen** aangebied het, het die klem in 1956 geval op solo's. As soliste het vyf persone opgetree naamlik Blake Toerien (klavier), Joseph Spira (viool), Gert Potgieter (tenoor), Nohline Mitchell* (mezzo-sopraan) en Thelma Elkin (klavier). Die Filharmoniese orkes van vyf-en-dertig lede is in die houtblaasafdeling versterk deur lede van die SAUK-orkes. Pierre de Groot het as konsertmeester opgetree.[50]

Die orkes het die program ingelei met die Prelude tot die derde bedryf van **Lohengrin** van Wagner, en die koor het die **Troumars** saam met die orkes uitgevoer:

> "...Die ryk kwaliteit van die blaasinstrumente was veral uitstaande in die prelude en die koor van honderd-en-twintig lede het die welbekende Bridal Scene (Troumars) pragtig uitgevoer. Die finale pianissimo was besonder effektief en die hoë standaard van hierdie uitvoering is terdeë geniet deur die gehoor."[51]

Blake Toerien het die eerste deel van Schumann se **Klavierkonsert in A-mineur** gespeel wat beskryf is as 'n "eersteklas vertolking":

> "...Dit was sy eerste optrede saam met 'n volle orkes, en sy tegniek was volkome opgewasse tot die hoë vereistes wat hierdie moeilike dog genotvolle werk van Schumann verg. Die solis is uitmuntend begelei deur die orkes wat dan ook bygedra het tot die algehele genieting."[51]

Nohline Mitchell het vier werke saam met die orkes gesing. Die eerste was **Jubilate Deo**, 'n komposisie van dr Griffiths wat hy spesiaal gekomponeer het vir mezzosopraan en orkes en die werk is aan Nohline Mitchell opgedra. Dit is gebaseer op Psalm 100 en is hier vir die eerste keer uitgevoer. Die amusante resensie wat deur "M.G.", 'n persoon met 'n ooglopende gebrek aan musikale insig geskryf is, kan sekerlik nie as 'n getroue verslag van die uitvoering gereken word nie. Volgens "M.G." was Nohline Mitchell onseker van haar intrede en hy voer die volgende rede aan:

> "...Dit het geklink of die sangeres onseker is, maar as in aanmerking geneem word dat die sangstuk 'n aanvang neem terwyl die volle orkes op dreef is, het sy haar besonder goed van haar taak gekwyt."[51]

Jubilate Deo is gevolg deur twee Griekse volksliedere met strykorkes, en **The Swimmer**, die laaste deel van Edward Elgar se sangsiklus **Sea Pictures** vir mezzosopraan en orkes. "M.G." het die laaste werk beskryf as

---

*Sien HOOFSTUK X

> "...'n geweldige groot werk waarvan die orkesdeel baie swaar is. Nohline Mitchell het egter daarin geslaag om haar stem bokant die orkes te bring en die klimaks was besonder effektief." [51]

Joseph Spira, wat voor die Tweede Wêreldoorlog leier van die orkes van die Brusselse Staatsopera was en beskryf is as

> "...one of the finest continental performers to immigrate to South Africa..." [52]

het Beethoven se **Romanse in F** opus 50 saam met die orkes uitgevoer.

Die Filharmoniese Orkes het gevolg met Tchaikovski se **Capriccio Italien** en die orkes "...is op bekwame wyse deur dr. Griffiths gedirigeer." [51]

Joseph Spira het die **Vioolkonsert** van Mendelssohn gespeel en sy briljante spel het 'n geweldige toejuiging van die gehoor ontlok.

Gert Potgieter het **Turidu's Farewell** uit **Cavalleria Rusticana** van Mascagni en die aria, **Il Mio Tesoro** uit **Don Giovanni** saam met die orkes gesing.

Thelma Elkin het die eerste deel van Grieg se **Klavierkonsert**

> "...'op bewonderenswaardige wyse' gespeel. Dit was die eerste keer dat Thelma Elkin saam met 'n volle orkes optree en sy het getoon dat sy oor genoegsame tegniek beskik en behoort tot 'n puik konsertpianiste te ontwikkel." [51]

Die volgende werk was ook 'n komposisie van dr Griffiths, **Let Us Now Praise Famous Men**, wat hy in 1955 geskryf het vir Kroonstad se eeufeesviering. Die teks is geneem uit die apokriewe boeke van die Bybel.[53] Tydens hierdie konsert is die werk ook vir die eerste keer uitgevoer deur koor en 'n volle orkes. Die werk is beskryf as ryk en klankvol en bevat 'n kontrasterende middeldeel vir vokale kwartet, wat deur Angus McLennan, Nohline Mitchell, Mervyn McLuhan en Robert Day gesing is. Die kritikus het ook genoem dat die orkes en koor daarin geslaag het om die besondere mooi klimaks tot sy reg te laat kom.

Die konsert is afgesluit met 'n verwerking deur dr Griffiths van die vier verse van **Die Stem van Suid-Afrika**, waarin elke vers sy eie harmonisering en orkestrasie gehad het. Die verwerking was vir gemengde koor, mannekoor en dameskoor.

7.6 Die konserte van 1957

7.6.1 'n Verskeidenheidskonsert van die Musiekvereniging

Op 13 April 1957 het die Kroonstadse Musiekvereniging hul jaarlikse konsert in die stadsaal aangebied. Die program is saamgestel uit ligte en gewilde items en die bekendste figure onder die plaaslike musici het deelgeneem. Daar was 'n groot verskeidenheid solo- en koorwerke en samesang, terwyl 'n strykorkes, vioolsolo's en twee klavieritems die instrumentale sy van die aand voorsien het. Olga Rademan se resensie gee 'n aanduiding van die werke wat voorgedra is en in 'n paar kernsinne het sy ook haar kritiek uitgespreek:

> "...Olive Antonie het 'n geslaagde vertolking gelewer van 'Softly Awakes My Heart', die aria uit Samson and Delilah (Saint-Saëns).
>
> Die veeleisende en asemrowende aria van die Koningin van die Nag uit die Towerfluit (Mozart) is gelewer deur Angus MacLennan.
>
> Martie Wege se gevoelvolle vertolking van Che Faro uit Orpheus (Gluck) sal nog lank in die geheue bly voortleef, terwyl Pat Marock weer opnuut bekoor het met haar natuurlike en gemaklike voordrag in die walslied uit Romeo en Juliet (Gounod).
>
> Beauteous Morn (Edward German) 'n trio aangebied deur Pat Marock, Marie Joubert en Olive Antonie was gekenmerk deur 'n mooi samesmelting van stemme en goed beheersde samesang.
>
> Verder het drie kore, bestaande uitsluitlik uit vroulike lede, voortreflike sang gelwer. Hannah Wessels se Volkskoolkoor het weer die onverbeterlike sang gelewer wat by hulle al tradisie geword het.
>
> Die Tegniese Kollegekoor het die bekende Liebestraum (Liszt) sowel as 'On Wings of Song' (Mendelssohn) gelewer.
>
> Die Dameskoor van die Filharmoniese Vereniging onder leiding van dr. T. Griffiths se bydrae was Invitation to the Dance (Weber)."[54]

Dr. Griffiths het vir die geleentheid 'n strykorkes van sestien lede saamgestel uit dogters van die Notre Dame-klooster. Hulle het twee werke van Woodhouse gelewer, en hulle vermoëns was nog in wording, want Olga Rademan het opgemerk:

> "...Dit is jammer dat hulle nie altyd goed hoorbaar was bo die klavierpart nie." [54]

Die program het verder Dawid Japp se viooluitvoering van 'n Handel-sonate en Bach se **Aria op die G-snaar** ingesluit, asook Yetta Chin se vertolking van **Clair de Lune** van Debussy en 'n klavierduo deur Dalene du Toit en Anna Wessels.

Die begeleidings is waargeneem deur Ethel Baker, Olga Rademan, Martie Wege, dr Griffiths en mev Shapter.

7.6.2 'n Konsert deur Martie Wege en Barbara Louw

Op 3 November 1957 het Martie Wege en Barbara Louw 'n sang- en klavieruitvoering in die stadsaal gegee ten bate van kreupelsorg. Die program is met oorleg deur die kunstenaresse gekies om aan te pas by hul onderskeie vermoëns en hul artistieke voordrag het waarderende applous van die gehoor ontlok.

Martie Wege (mezzosopraan) het die program geopen met 'n groep oratoriumarias waarin sy op bekwame en simpatieke wyse deur Ethel Baker begelei is. Elza van der Linde, dosente aan die Tegniese Kollege, wat die resensie geskryf het, het gevoel dat die aria **He Was Despised** uit die **Messias** van Handel te laag was vir die sangeres se stem. Die musikale voordrag van **O, rest in the Lord** uit die **Elija**

> "...is in 'n mate bederf deurdat die intonasie nie altyd suiwer was nie." [55]

Martie Wege se vertolking van 'n groep Negerliedere het die hoogtepunt van haar program gevorm.

Barbara Louw het die Beethoven-sonate op 2 nr 3 in C gespeel "wat nie altyd met die nodige vitaliteit vertolk is nie". Die Chopin **Fantaisie Impromptu** is met meer oortuiging en gevoel voorgedra. Haar vertolking van **Spieëlbeelde in die Water** en **Goudvissies** van Debussy het aangepas by haar speeltegniek, maar warmte van gevoel en atmosfeer het volgens die kritikus ontbreek. Die Toccata van Kachaturian waarmee die konsert afgesluit is,

> "...is baie netjies en met tegniese vaardigheid voorgedra, maar ook hierdie werk kon sterker ritmies en met meer verskeidenheid van kontrasterende toonklank en toonkleur, veral in die middeldeel, vertolk word." [55]

7.7 Die konserte van 1958

In 1958 het daar afgesien van die **Messias**, wat deur die Filharmoniese Vereniging uitgevoer is, en die Tegniese Kollege se aanbieding van **Hansie en Grietjie**, geen konserte deur plaaslike kunstenaars plaasgevind nie.

Die hoë standaard van teateraanbiedings wat Kroonstad gedurende die

vyftigerjare bereik het, het nie ongesiens verbygegaan nie. Die publiek het aanbiedings gesteun en verskillende persone en instansies het die nodige aanmoediging gegee:

> "...an exceptionally high standard of theatre-work and its presentation has been reached in Kroonstad in the last few years, and we are already seeing our local talent performing in Johannesburg - which is most encouraging."[56]

Die redaksie van die **Noordelike Stem** het 'n artikel gepubliseer oor die teenwoordigheid van 'n sterk ontwikkelde teaterkultuur in Kroonstad en het verwys na die verskillende groepe wat verhoogaanbiedings daargestel het: die Tegniese Kollege wat as beskermheer van die kunste opgetree het, en wat in 1958 'n opera aangebied het; en die **Theatre Circle**, ook onder beskerming van die Kollege, wat Oscar Wilde se **The Importance of Being Ernest** in September opgevoer het; dr Teasdale Griffiths en die Filharmoniese Vereniging wat gereeld oratorium en opera aangebied het; en Louise Lombard se balletateljee en die **Kroonstad Drama Group**:

> "...All these activities are excellent and deserve warm support from the public. It is in such amateur performances that local talent is given an opportunity to develop. New young talent is discovered and given a chance. And from these beginnings new South African stars can arise.
>
> We should also be grateful for the fact that these performances of good music and theatre are of great educational and artistic value to the young people and those who cannot go often to the larger centres for cultural entertainment.
>
> Without resources to fall back upon these enterprising groups forge ahead, incurring heavy expenses which must often be recovered by a single performance. Materials for scenery and costumes must be purchased. Perhaps a pianist must be paid for many months of rehearsals or a conductor or orchestra at professional rates. Apart from these aspects, many hours of hard rehearsals, building and painting scenery, making costumes and organising behind the scenes, are put into top gear to bring the show to the local audience."[56]

7.8 Die konserte van 1960

Die Uniefees

Gedurende Maart 1960 is die vyftigjarige bestaan van die Unie gevier. Op Kroonstad is 'n uitgebreide feesprogram aangebied waartoe die Musiekvereniging bygedra het.

Op 30 Maart het die Vereniging 'n konsert in die stadsaal deur plaaslike

kunstenaars aangebied. Die eerste helfte van die program het uit solo-items bestaan: Pat Marock en Marie Joubert het die duet **Sing Joyous Birds** gesing; Sylvia Keevey het 'n **Impromptu** van Chopin gespeel en Dawid Japp Beethoven se **Vioolsonate in D**; Martie Wege het drie solo's gesing naamlik **Sylvia, The Cloths of Heaven** en **Funny Fellow**; en Chris Uys het **Vittoria, Vittoria,** gesing.

Daar was ook 'n balletuitvoering deur Tertia Slabbert en Carol Ann Moll, wat gevolg is deur 'n eenbedryf, **Water Party.** Verder het Dolly Neiman die **Middletown Concert Party** aangebied, 'n musiekkomedie met Rina de Hart, sopraan (die eggenote), Eunice Yazbek*, soubret (die verpleegster), JC Fowler, bariton (die eggenoot), Dougy Yazbek*, tenoor (die tuinier), Albert Foster (eerste komediant) en C Yazbek (tweede komediant).

Op Sondagaand, 3 April, is die Uniefeesvierings op gepaste wyse afgesluit met 'n gewyde musiekuitvoering in die NG Moederkerk onder leiding van mnr Van Huyssteen. Afgesien van twee Kroonstadse kore het ook kore van Winburg en Welkom opgetree. Die program is deur Olga Rademan ingelei wat twee orrelwerke gespeel het. As vokale soliste het Martie Wege, Pat Marock, Nohline Mitchell en T Guest opgetree. Die Winburgse koor van mev A Botha het vier koorstukke gesing terwyl die Welkomse koor dele uit **Dawid die Herderseun** van PJ Lemmer gesing het. Dr T Griffiths se Ateljeekoor het **Hear My Prayer** gesing terwyl 'n saamgestelde koor van sewentig stemme **Jubilate** onder leiding van mnr Van Huyssteen aangebied het.

Op 17 September 1960 het die Kroonstadse Musiekvereniging en die Theatre Circle 'n verskeidenheidskonsert in die stadsaal aangebied. Pat Marock en Louise Lombard het balletitems deur hulle leerlinge aangebied, en die Theatre Circle het die eenbedrywe **The Locked Door** en **Tony** opgevoer. Musiekitems is deur Olive Antonie, Pat Marock, Dawid Japp, Chris Uys, Lorraine Combrinck en Bettie de Villiers gelewer.

8 Die konserte van die sestiger- en sewentigerjare

Teen die sestigerjare het die tradisionele musiekkonserte deur amateurs wat gewoonlik bestaan het uit 'n verskeidenheid vokale- en instrumentale items, en dikwels ook toneel en ballet, verdwyn. In 1960 het die laaste van hier-

*Sien HOOFSTUK X

die konserte tydens die Uniefees plaasgevind. Gedurende die sestiger- en sewentigerjare is daar wel uitstekende kerkmusiek-uitvoerings gegee; die Tegniese Kollege se musiekafdeling het jaarliks 'n leerlingkonsert aangebied asook verskeie operas; en konserte is ook gegee deur die Kroonstadse Mannekoor, die Gevangenisdiensorkes, die Kroonstadse Musiekvereniging, die Filharmoniese Vereniging; en deur die inspekteurs van sang en musiek, naamlik eers Tersteegen van Huyssteen en later Danie Hyman wat gereeld koorfeeste vir skool- sowel as volwasse kore aangebied het. Hierdie dekades is dus gekenmerk deur die bydraes van gespesialiseerde liggame, met 'n mindere mate van wisselwerking tussen individue.

Die stigting van SUKOVS in 1963 het 'n nadelige uitwerking gehad op plaaslike inisiatief. Kroonstadse musiekkringe is daardeur die voorreg ontneem om self konserte aan te bied wat in die inwoners se behoeftes sou voorsien. Die Musiekvereniging het tot in 1966 hul samewerking aan SUKOVS gegee deur te help met plekbespreking en die verkoop van kaartjies, maar dit het uiteindelik ook doodgeloop. Amateurs het hul stadigaan onttrek aan die konsertverhoog en die Kroonstadse gehore het voortaan die professionele uitvoerings ondersteun.

VOETNOTE

1 **The Friend**, 22 September 1914
2 **The Kroonstad Times**, 7 Mei 1918
3 Ibid, 24 Junie 1918
4 Ibid, 28 Julie 1918
5 Ibid, 9 Augustus 1918
6 Ibid, 7 Januarie 1919
7 Ibid, 18 Maart 1919
8 Ibid, 18 Julie 1919
9 Ibid, 18 Julie 1919
10 Soos aangehaal in **The Kroonstad Times**, 2 Desember 1919
11 Ibid, 23 Mei 1922
12 Ibid, 2 Junie 1922
13 Ibid, 6 Mei 1922
14 Ibid, 13 Junie 1922
15 Ibid, 14 November 1922
16 Ibid, 15 Mei 1923
17 Ibid, 6 November 1925
18 Ibid, 29 September 1933
19 Ibid, 10 Oktober 1933
20 Ibid, 19 Maart 1935
21 Ibid, 3 September 1935
22 Ibid, 19 Mei 1936
23 Ibid, 5 Februarie 1937
24 Ibid, 23 Mei 1938
25 Ibid, 7 November 1939
26 Ibid, 21 Maart 1941
27 Ibid, 2 Mei 1941
28 **Die Noordelike Stem**, 9 Oktober 1945
29 Ibid, 19 Oktober 1945
30 Ibid, 29 November 1946
31 Ibid, 9 Desember 1947
32 Ibid, 12 Desember 1947
33 Ibid, 26 Desember 1947
34 Ibid, 2 Januarie 1948
35 Ibid, 31 Desember 1948
36 Ibid, 27 April 1951
37 Ibid, 19 Oktober 1951
38 Ibid, 26 Oktober 1951
39 Ibid, 30 November 1951
40 Ibid, 4 September 1953
41 Ibid, 17 Februarie 1953
42 Ibid, 27 Oktober 1953
43 Ibid, 13 Oktober 1953
44 Ibid, 17 April 1953
45 Ibid, 6 November 1953
46 Ibid, 18 Desember 1953
47 Ibid, 24 Desember 1953
48 Ibid, 16 Februarie 1954
49 Ibid, 19 April 1955
50 Ibid, 24 Februarie 1956
51 Ibid, 13 Maart 1956
52 Ibid, 17 Februarie 1956
53 Ibid, 9 November 1956
54 Ibid, 18 April 1957
55 Ibid, 15 November 1957
56 Ibid, 19 September 1958

HOOFSTUK III

KROONSTADSE KORE

1 DIE EERSTE DORPSKORE VAN 1904 EN 1907

In 1904 het twee kerkkore hul kragte saamgespan om Kroonstad te verteenwoordig by 'n belangrike geleentheid. **The Friend** het op 10 Desember 1904 berig dat

> "De koren van de Hollandse en Presbijteriaanse Kerk hebben zich Donderdag avond geoefend in de Stadsaal daar ze van plan sijn om op de stasion gesamentlik te zingen als de trein met President Krugers lijk daar aankomt."

Die koor is afgerig deur mevv AL Thring en JP Mumford en vier liedere is uitgevoer naamlik: **Jesus Uw Verzoenend Sterven, When Our Heads are Bowed with Woe, Forever with the Lord** en **Sleep on Beloved.**

Hierdie saamgestelde koor was waarskynlik een van die vroegste gevalle waar 'n koor die dorp verteenwoordig het, 'n voorbeeld wat mettertyd nagevolg is deur die stigting van georganiseerde kore. Reeds in 1905 is die **Kroonstad Amateur Operatic Society** gestig en in 1907 het die koor van die vereniging opgetree by die hoeksteenlegging van die Klooster van Notre Dame op 16 Oktober. Aangesien Sy Eksellensie Sir Hamilton Goold-Adams, die Goewerneur van die Oranjerivierkolonie, self teenwoordig was, en dit dus 'n plegtige geleentheid was, het die koor deeglik gerepeteer:

> "...The great majority of the members of the choir did not belong to the Roman Catholic Church, and they had spent a great deal of time in practise for the occasion." [1]

Hulle het twee gewyde liedere gesing naamlik **Come Holy Ghost** en **Praise We Our God**, en ook die **Hallelujakoor** uit die **Messias.**

2 DIE EERSTE KOORVERENIGING ONDER LEIDING VAN MNR PJ LEMMER, 1919

Op 31 Julie 1919 is 'n vergadering in die Wesleysaal gehou met die doel om die **Kroonstad Choral Society** te stig. Verteenwoordigende musici het die vergadering onder die voorsitterskap van mnr HL Holland bygewoon en die volgende komitee is gekies: president - mnr TW Hoseason; vise-president - mev JN Blignaut; tesourier - mnr PJ Lemmer en begeleidster - mej Esther Meyers.

Die eerste optrede van die koor waarvan daar in die **Kroonstad Times** berig is, was 'n afskeidkonsert wat vir mnr Lemmer gegee is voor sy studiereis na Engeland. Hierdie konsert het op 26 Maart 1920 in die Victoriasaal plaasgevind en afgesien van twee koorstukke, **Bells of St. Michaels' Tower** en **Good Night Beloved**, het mnr Lemmer 'n sangduet saam met Madge Allan gesing en ander lede van die vereniging het ook klavier- en sangsolo's gelewer.

Dit is nie bekend of mnr Holland nâ mnr Lemmer se vertrek die leisels oorgeneem het en hoe lank die vereniging nog voortbestaan het nie. Mnr Holland het wel operettes soos **The Mikado** in 1922 met amateurs opgevoer en dit is moontlik dat die koorvereniging verdwyn het as gevolg van die stigting van die **Kroonstad Philharmonic Society** in 1920 en die **Kroonstad Amateur and Dramatic Society** in 1925, wat hulle hoofsaaklik toegespits het op operettes.

Omstreeks 1930 het die teenoorgestelde weer gebeur: die operaverenigings het stelselmatig begin kwyn en in 1932 is die tweede koorvereniging onder leiding van mev Ethel Baker gestig.

3 DIE TWEEDE KOORVERENIGING, 1932

In 1932 het die **Kroonstad Choral Society**, waarvan mev Baker die leidster was, gepoog om Handel se **Messias** uit te voer. Op 2 September is berig dat die koorvereniging reeds vier maande lank besig was om die oratorium in te studeer, maar dat die afwesigheid van koorlede by repetisies besig was om die poging te laat misluk. Drie komiteelede, naamlik mnre SK Brunette, C Hartley en WJ Turner, is versoek om die afvallige koorlede weer aan te spoor sodat die uitvoering van die **Messias** in Oktober 1932 kon plaasvind. Geen verdere beriggewing oor hierdie uitvoering het egter in die **Kroonstad Times** verskyn nie.

4 DIE EEUFEESKOOR

In 1938 het die Eeufeeskomitee van Kroonstad besluit om 'n koor na die Eeufeesviering in Pretoria te stuur. Mnr MC Roode het ingewillig om die koor af te rig:

> "Mnr M.C. Roode, orrelis van die Kroonstad-Noord Kerk, met wie onderhandel is in verband met die saak, het besluit om sy gewig by hierdie volksaak in te werp en om 'n uithalerkoor - soos hy bykans alleen kan lei - te oefen en alle pogings aan te wend om ook by geleentheid van die Volksfees die naam van Kroonstad hoog te hou." [2]

'n Koor van honderd lede is op die been gebring en het aan die fees deelgeneem.

5 MNR TERSTEEGEN VAN HUYSSTEEN SE DAMES- EN MANNEKOOR

Mnr Tersteegen van Huyssteen* het in 1946 na Kroonstad gekom as dosent by die Tegniese Kollege. Hy het groot planne gehad om 'n lewendige musiekkultuur in Kroonstad te vestig:

> "Grootse planne om Kroonstad werklik musiekbewus te maak, word tans opgestel deur vroliklaggende Tersteegen van Huyssteen wat aan die begin van die week sy dienste as musiekdosent aan die plaaslike Tegniese Kollege aanvaar het. Ondermeer beoog hy die stigting van 'n lewendige musiek-vereniging in die dorp wat met lesings en musiekbyeenkomste daarna sal streef om die bevolking se liefde vir goeie musiek aan te wakker en op 'n hoë peil te bring. Dat hierdie planne van hom nie blote grootdoenery is nie, het Mnr. van Huyssteen op Lichtenburg bewys waar hy vir etlike jare werksaam was en waar hy kore van besonder hoë gehalte opgelei het en groot musiekfeeste georganiseer het." [3]

Mnr van Huyssteen het egter nie 'n musiekvereniging gestig nie maar wel twee kore. Op 23 Augustus 1946 het hy die Tegniese Kollege-Mannekoor gestig en die eerste kooroefening het aan huis van mej Sarah Wessels plaasgevind. Groot entoesiasme is geopenbaar en genoegsame koorlede is gevind. Die eerste konsert van die mannekoor het op 5 Desember in die stadsaal plaasgevind met gaskunstenaars soos Blake Toerien (klavier), Anna Jackson (mezzosopraan), Van Wyk de Vries (basbariton) en Viljee van der Merwe (sopraan).

Die kritikus wat 'n resensie oor die konsert geskryf het, het met entoesiasme verwys na die koor as "'n Kroonstadse stigting waarop die hele gemeenskap trots is". Die gehoor was die "mees waarderende gehoor wat ek nog teegekom het en het nooit gewyfel om die koor toe te juig nie. Daar is met

---

* Sien HOOFSTUK 10

groot lofuitings verwys na die afgerondheid en puik afrigting van die koor. Prof. PJ Lemmer het na afloop van die konsert ook sy waardering vir die koor uitgespreek:

> "Die werk van die soliste was ewe geslaagd as dié van die koor en Blake Toerien se vertolking van 'Capriccio' en 'Prelude in D-mineur' was so na aan volmaak as wat mens kan begeer. Anna Jackson (mezzo-sopraan) van Bloemfontein het 'n klokheldere stem wat sy nie ten beste kon benut in die stukke wat sy gekies het nie. Van Wyk de Vries, 'n dramatiese bas-bariton, se kuns is vir die gewone leek ietwat vreemd en dit was tog jammer dat hy nie ook, soos die koor, die smaak van die publiek 'n bietjie meer in ag geneem het nie.
>
> Soos gewoonlik het Viljee van der Merwe getoon dat sy volle beheer oor haar sang het en haar bydrae het gewis geweldig daartoe bygedra om die laaste item op die program, waarna reeds verwys is, (**Hark, Hark my Soul** - Shelly) so 'n reusesukses te maak. In hierdie nommer het JC Fowler en D. Muller ook verdienstelike werk gelewer. Sarel du Toit, 'n jong Bloemfonteinse seun met 'n pragtige sopraanstem, het die louere van die aand weggedra."[4]

In 1948 het mnr van Huyssteen ook 'n dameskoor gestig en op 22 en 23 Oktober 1948 het sy twee kore 'n konsert in die stadsaal gegee saam met professor D Roode en sy vrou Frieda (twee klaviere), mnr C van Schalkwyk (viool) en Barbara Louw (klavier). Fêbê Williamson, Jim Fowler en Willie Lebherz het as vokale soliste saam met die koor opgetree. Die ywer waarmee mnr van Huyssteen die kore afgerig het en die goeie resultate wat hy daarmee verkry het, het die Kroonstadse publiek in ekstase gebring en hiermee is 'n tradisie van koormusiek in Kroonstad begin. Na die eerste items van die kore was die applous so groot dat werke herhaal moes word. Die insluiting van instrumentale items deur bekende kunstenaars het 'n aangename afwisseling in die program gebring:

> "Die kore het gesing onder die stok van die bekwame en entoesiastiese mnr. Tersteegen van Huyssteen, wat die twee kore in die lewe geroep het en wat geen steen onaangeroer laat om die allerbeste uit kore te kry nie. Wanneer hy dirigeer, ken hy nie so iets as vermoeidheid nie. Sy toewyding aan koorwerk is werklik verbasend.
>
> Die mannekoor, wat verlede jaar vir die eerste keer opgetree het, het hulle vanjaar oortref. Hulle het vyf komposisies voorgedra, almal uitstekende voordragte. Hulle hoogtepunt het hulle egter bereik in 'Hark, Hark, My Soul' (Shelley). In hierdie voordrag het mev. Fêbê Williamson, wat die sopraan solo-dele gesing het, heerlike suiwer sang gelewer. Mnre. Fowler en Lebherz het die ander solo-gedeeltes ten beste behartig. Die koorgedeeltes is pragtig afgewissel met bekoorlike lig- en skadu-toon effekte. Die dameskoor het Saterdagaand hulle buiging gemaak. Voortdurend het hulle die gehoor meegevoer deur die verskillende gemoedstemminge wat hulle geskep het. Nou die vrolike

'Just a little Ring', uit 'Lilac Time' van Schubert, dan die plegtige statige 'O, Lovely Night'; nou die sprankelende guitige 'Motte' van Lemmer dan weer die aangrypende wiegelied van Mendelssohn. In die laaste nommer ' U Sy Die Dank' (Mozart) het die twee kore saam opgetree. Roerend was die gewyde stilte gedurende die uitvoering en die byna pleitende applous om 'n herhaling. Die hele voordrag is herhaal en hartlik geapploudiseer deur 'n uiters waarderende gehoor.

Die kore is afgewissel deur klavier- en vioolnommers.

Mev. Barbara Louw wat 'Tuine in die Reën' (Debussy) voorgedra het, is 'n knap klavierspeelster. 'n Mens word veral getref deur haar suiwere spel. Sy skep deurgaans die indruk dat sy die komposisie fyn aanvoel en oortuigend voordra. Ons hoop ons sien haar nog dikwels voor die vleuel.

Dit was 'n eer en 'n genot om prof. Dawid Roode, hoof van die fakulteit Musiek van U.K.O.V.S., en Frieda Roode verskeie werke op twee klaviere te hoor uitvoer. Uit die staanspoor het hulle die gehoor beetgepak deur hul suiwer, nette spel en perfekte ko-ordinasie. Hoewel die werke van meer suggestiewe aard miskien groter byval geniet het, was dit tog bemoedigend om te merk dat die gehoor selfs die streng klassieke nommers van Bach en Händel goed ontvang het. Die rustige skoonheid van 'Waar Skape Rustig Wei' (Bach) het 'n mens diep getref.

Al ons lof en waardering aan hierdie twee bekwane pianiste.

Mnr. C. van Schalkwyk het 'n mooi verskeidenheid vioolmusiek met teer gevoel en innige toon aangebied. Dit was veral die vertolking van die uiters moeilike eerste deel van Mendelssohn se E mineur konsert wat bewys het hoe uitstekend hy reeds sy instrument kan beheer. Die wisselende stemminge van die stuk het hy spontaan aangevoel en daarin geslaag om die gehoor van die begin af tot die einde te boei." 5

Uit hierdie twee kore is daar in 1952 die Kroonstadse Koorvereniging gestig. 'n Jaar later het dr T Griffiths ook 'n koor gestig wat later ontwikkel het in die Philharmonic Society en vir 'n aantal jare het daar twee koorverenigings in die dorp bestaan wat heeltemal onafhanklik van mekaar gefunksioneer het. Die Koorvereniging het hom toegespits op tradisionele koormusiek terwyl die Philharmonic Society hoofsaaklik oratoriums uitgevoer het en later ook operas.

6 DIE DERDE KOORVERENIGING, 1952

6.1 Die stigtingsvergadering

Op 20 Mei 1952 is 'n vergadering in die Tegniese Kollegesaal gehou deur mnr Tersteegen van Huyssteen en sy koor, en is die **Kroonstadse Koorvereniging** (Kroonstad Choral Society) gestig.

> "...The need for such an organised albeit recognised body in this town has long been envisioned by those truly interested in this form of musical expression, and it is hoped that this stabilising of the matter will lead the Choir from strength to strength." [6]

Die koor se hoë standaard het oral waar hulle opgetree het hoë lof ingeoes - 'n standaard wat moontlik gemaak is deur die onvermoeide energie en toewyding waarmee mnr Van Huyssteen hulle afgerig het:

> "...He has been the mainstay of this body since his arrival in Kroonstad..." [7]

Mev Ethel Baker, die begeleidster, het ook grootliks bygedra tot die sukses van die koor.

Tydens die vergadering is daar eenstemmig besluit dat die Koorvereniging onder beskerming van die Tegniese Kollege sou val en mnr JC van Niekerk, Hoof van die Kollege, is as voorsitter verkies. Lede van die komitee was mev N Mitchell (sekretaresse), mev M Wege, mev I Swanepoel, mnr J Fowler, mnr T van Huyssteen (dirigent) en mev Ethel Baker (begeleidster). Die Koorvereniging se konstitusie is ook tydens die vergadering opgestel en lede van mnr Van Huyssteen se koor het outomaties lede van die Vereniging geword.

6.2 Optredes gereël deur die vereniging

In Mei 1953 is 'n musiekfees deur die Kroonstadse Koorvereniging onder leiding van mnr Tersteegen van Huyssteen in die stadsaal aangebied en die vereniging was reeds lank besig om te oefen vir 'n konserttoer na omliggende dorpe:

> "Hulle gewone foutlose gehalte van aanbiedinge word tans feitlik oortref, na maande van gewyde oefening..." [8]

Die Koorfees het op 19 Mei begin met 'n konsert vir kinders in die Kroonstadse stadsaal en 'n konserttoer het vanaf 23 Mei op omliggende dorpe soos Bothaville, Parys, Bethlehem en Winburg plaasgevind. Die konsert vir 'n kindergehoor het gedien as 'n finale kleedrepetisie:

> "...it gave ample opportunity for those concerned with stage direction and lighting to correct a few flaws, so as to make this evening's performance 'par excellence'." [9]

Die jeugdige gehoor het die konsert baie geniet en het al die items met

dawerende applous begroet:

> "The heartfelt and spontaneous applause of the young people reflected that they were thrilled with the programme and the performance throughout." 9

Die uitvoering wat op 22 Mei plaasgevind het, was 'n skitterende sukses en die kritikus "Decor" het gespog deur te sê dat die konsert

> "...nouliks in enige ander sentrum oortref kon word." 10

Die Koorvereniging het die leidende rol in die konsert geneem en hulle items was almal van so 'n hoogstaande gehalte dat die kritikus dit moeilik gevind het om een werk uit te sonder:

> "Of dit noual die statige grootsheid van Bach se korale uit die Mattheuspassie was of die dartele vrolikheid van 'Vat jou goed en Trek', die koor het mens altyd laat voel dat hulle 'n by uitnemendheid goed afgerigte eenheid vorm en dat hulle sing omdat hulle lus is om te sing. Wat veral getref het, was die meesterlike vertolking van Bach se koraal 'Lam van God', die skertsende dartelheid van 'Come, Dorothy, Come', die altyd bekoorlike 'Italiaanse Slaai', die kleurvolle stemvervlegting en kunstige klankspeling in 'Philosophy' en 'Tiritomba' en die verrassende wendinge in die besonder kunstige verwerking van 'Vat jou goed en Trek'." 10

Die vier vokale soliste, Olive Yazbek, Fêbê Williamson, Jim Fowler en Barry Verster het saam met die kore opgetree en het luister aan die koorwerke verleen:

> "Ook die solowerk was 'n lus om aan te hoor. Ek dink veral aan Olive Yazbek, se donker altstem by 'I'll Walk Beside You', Fêbê Williamson se klokheldere sopraan saam met 'Jubilate', Jim Fowler se bariton by 'Italiaanse Slaai' en die besonder bekoorlike bas van Barry Verster in die grootse aria uit Mozart se 'Zauberflöte'." 9

Die kritikus het sy resensie oor die koorafdeling afgesluit met die oortuiging dat die Koorvereniging, wat onder Tersteegen van Huyssteen besondere hoogtepunte bereik het, as 'n dorpskoor uniek was:

> "Hierdie koor met sy geniale leier is werklik een van ons mees waardevolle besittings."

Die tweede afdeling van die konsert het bestaan uit werke vir klavierduet en twee klaviere en die pianiste was Martie Wege, Pat Marock, Olive Yazbek, Elsa Bredell en Trudy van Niekerk. Die eerste duet was Bach se **Schäfe können sicher weiden** en Benjamin se **Jamaican Rumba** wat deur Martie Wege en

Pat Marock gespeel is. Hierdie klavierpaar is afgewissel deur Olive Yazbek en Elsa Bredell in

> "...'n knappe en genotvolle uitvoering..."[10]

van Decevée se **Polonaise Brilliante** vir twee klaviere. Strauss se **Pizzicato Polka** en Ewing se **Dutch Marionettes** is met pragtige samespel deur Olive Yazbek en Trudy van Niekerk gespeel. Volgens die kritikus was die hoogtepunt van die aand Weber se **Uitnodiging tot die Wals**, 'n verwerking vir klavierduet wat deur Pat Marock en Elsa Bredell gespeel is:

> "Nog selde het ek hierdie pragwerk so knap, so strelend en so gevoelvol hoor uitvoer. Voorwaar 'n pragtige prestasie!"[10]

As besoekende kunstenares het die tjelliste Betty Pack opgetree met dr Teasdale Griffiths as haar begeleier. Mej Pack se briljante uitvoering het dawerende applous uitgelok:

> "Knap begelei deur die begaafde Dr. Griffiths, het sy 'n genotvolle vertolking gelewer van die Sonate van Caporale, waarin veral die rustigheid van die Adagio-gedeelte en die groot tegniese vaardigheid van die Allegro en Allegro Spiritoso-gedeeltes 'n mens getref het. Later het sy op ewe kunstige wyse die Gebed uit 'Jewish Life' van Bloch, Moskowski (sic) se lewendige 'Guitarre' met sy mooi pizzicato-effekte en 'n verwerking van Rimsky-Korsakov se lied 'Aimant la Rose, le Rossignol' met sy mooi melodie voorgedra."[10]

As toegif het sy **Orientale** van Cui gespeel.

Ten slotte is genoem dat 'n groot deel van die sukses afgehang het van die onvermoeide ywer waarmee Ethel Baker die kore begelei het.

Op 2 Oktober 1954 het die Kroonstadse Koorvereniging onder leiding van Ethel Baker as begeleidster, 'n uitvoering in die Bloemfonteinse stadsaal gegee as deel van die Vrystaatse Tegniese Kollege se jubileum. Hierdie konsert het terselfdertyd die feesprogram ingewy vir die onthulling van die De Wet-standbeeld.

Die koor het besonder byval gevind en die eerste deel van die program gevul met

> "verheffende en ontroerende sang, met kuns wat deurvoel en met tye werklik edel was" -[11]

aldus 'n Bloemfonteinse kritikus.

Die **Noordelike Stem** het ook verder aangehaal uit die Bloemfonteinse resensie:

> "Die koor sing met 'n lus, 'n gedissiplineerdheid en 'n artistieke aanvoeling wat van elke nommer 'n voortreflike en afgeronde eenheid maak. Duidelike diksie, suiwere intonasie en gevoelige fraseringe is kenmerkend van die sang van hierdie goed-gebalanseerde koor wat altyd met insig en verfynde gevoel vertolk. Daar was ruisende en gedrae sang, strelende stemmingsliedere, aangrypende lofliedere en 'n tintelende verwerking van 'n bekende pieknieliedjie."[11]

Deur dekades het Kroonstadse kritici altyd met groot trots oor die dorp se plaaslike kunstenaars se konserte geskryf en uit lojaliteit gewoonlik vleiende kritiek gegee. Die bogenoemde aanhaling is een van die min resensies wat buite Kroonstad oor 'n Kroonstadse groep geskryf is, dus het die positiewe aard daarvan des te meer waarde.

Op dieselfde dag het die koor 'n plaatopname in die Clarendonsaal gemaak vir die SAUK. Hierdie program is op 19 Oktober oor alle B-senders van die SAUK uitgesaai. As solis het die bariton, Barry Verster, 'n sangstudent van mnr Van Huyssteen, saam met die koor opgetree. Barry Verster het ook op 14 Oktober as solis opgetree in 'n halfuur-program oor die Bloemfonteinse sender van die SAUK.

Op 5 November het die koor op uitnodiging van mnr Wessel Maree, skoolhoof van die Odendaalsrus Hoërskool, 'n konsert in die nuwe skoolsaal gegee. Afgesien van die program deur die koor het verskeie Kroonstadse kunstenaars wat lede van die Koorvereniging was as soliste opgetree in vokale kwartette en duo's, naamlik mevv F Williamson, M Joubert, M Hofmeyr, Martie Wege en mnre W Lebherz, J Fowler en B Day. Klavierduo's is deur Martie Wege en Elsa Bredell gespeel.

Op 12 November 1954 het die Koorvereniging hul jaarlikse afsluitingskonsert in die stadsaal gegee waaraan, afgesien van die koor, 'n groot groep Kroonstadse kunstenaars deelgeneem het, naamlik mnr Paul Johl se Hoërskoolkoor, mej Hannah Wessels se Volkskoolkoor, vokale kwartette, klavierduo's en -solos, asook 'n vioolsolo. As gaskunstenares het die sopraan Gerde Breyne-Dicken opgetree.

Mev Gerda Breyne was in Suid-Afrika bekend veral vir haar radio-uitsendings en optredes met orkeste. Sy het ook op die Vasteland in die vernaamste stede van Europa in oratoria gesing en talle radio-opnames gedoen. Gedurende

1954 het sy opgetree in die SAUK-program **Midweek Concert** waarin sy 'n nuwe reeks Vlaamse liedere en ballades gesing het. Sy was ook tydens die Van Riebeeckfees in Kaapstad in 1952 een van die soliste in 'n uitvoering van Beethoven se negende simfonie.[12] Op 12 Oktober het sy haar debuut in Kroonstad gemaak en

> "...het met haar voortreflike sang veel waardering verdien..."[13]

Die volgende Kroonstadse sangers was op die program: 'n trio deur Olga Rademan, Nohline Mitchell en Alison Stevens; 'n kwartet deur W Wessels, M van Rooyen, P Howard en D Japp; solosang deur Martie Wege, Nohline Mitchell, Robert Day en Thelma Myburg. Hierdie sangers is deur Ethel Baker, dr T Griffiths, C Waldeck, A Wessels en S Keevey begelei.

Oor die instrumentale deel van die program is daar berig dat "hoogstaande werk" gelewer is. Die kritikus het opgemerk dat dit 'n era was wat al hoe meer goeie instrumentale soliste opgelewer het, en omdat

> "...kunstenaars om dié rede daarop aangewys word om meer dikwels gesamentlik op te tree, was dit veral verblydend om op te merk dat ook hier nou meer gewerk word in die rigting van ensemble-spel."[13]

Die instrumentale afdeling het bestaan uit 'n werk vir twee klaviere deur Olga Rademan en dr T Griffiths; 'n vioolsonate deur David Japp, begelei deur dr Griffiths; 'n klaviersolo naamlik Chopin se eerste **Scherzo** deur Josias van der Merwe; en 'n paar items deur die Tegniese Kollege-orkes.

Die Kroonstadse Koorvereniging onder leiding van mnr T van Huyssteen het op 2 Desember 1955 die gewyde spel **Die Geboorte van Christus** met koor en orkes in die amfiteater opgevoer. Dit is verwerk en saamgestel deur mnre Van Huyssteen en WD Jonker. Ongeveer honderd en twintig persone het deelgeneem en die rolverdeling was as volg:

Herders: Efraim - Johan Neethling, **Daniël** - Antonie Lombard, **Isak** - Tromp Terreblanche; ander herders - Albert Bakker en Ockert van den Berg; **Wyse Manne**: Natie Ferreira, At Lombard en Allan Rautenbach; **Josef** - Jim Fowler, **Maria** - Fébé Williamson, **Engel** - Hugo Lambrechts, **Jesaja** - ds D Snyman.

Die opvoering het groot belangstelling geniet. Die Tegniese Kollege-orkes het die begeleiding gespeel en verskeie Kroonstadters was verantwoordelik vir dekor, kostuums en beligting. As spanpoging was dit uiters bevredigend

en suksesvol:

> "Dit was 'n waardevolle aanbieding, beide uit die musikale sowel as uit die oogpunt van die toneelspel, beskou. Die koor bestaande uit sowat tagtig stemme, was goed gebalanseerd en die weergawe van al die koorstukke was genuanseerd en afgerond. Vir die deeglike afrigting was Tersteegen van Huyssteen, wat ook as algemene dirigent opgetree het, verantwoordelik. Die Tegniese Kollege-Orkes (afgerig deur Jack de Wet) en 'n elektriese 'Acme'-orrel wat op bekwame wyse deur Martie Wege bespeel is, het afwisselend en gemeenskaplik die koor en soliste begelei. As soliste het opgetree Martie Wege, Fêbê Williamson, Jim Fowler en Tromp Terreblanche. Hoogstaande sang is gelewer. Hierdie soliste beskik waarlik oor aangename stemkwaliteite.
>
> Om 'n opvoering wat moes afspeel op so 'n ruim speelvlak as die waarvan Vrydagaand gebruik gemaak is, te laat slaag, het bepaald vernuf van die onderskeie verantwoordelike persone geverg. Alexandra Buckle verdien lof vir haar bekwame spelleiding en John Joubert vir sy effektiewe beligting. Kostumering (deur Mabel Swanepoel) was puik en die decôr (deur Myrrha Bantock) onberispelik. Die kersspel was 'n groot onderneming waarvoor beide die deelnemers en die wakker komitee onder voorsitterskap van Johan van Niekerk 'n pluimpie verdien." [14]

7 DR TEASDALE GRIFFITHS SE KOOR - DIE ONTSTAAN VAN 'N ORATORIUMKOOR, DIE KROONSTADSE FEESKOOR EN DIE FILHARMONIESE VERENIGING

7.1 Die Oratoriumkoor

Tydens 'n vergadering van predikante en orreliste van die onderskeie Afrikaanse en Engelse Kerke in November 1953, het dr T Griffiths voorgestel dat daar jaarliks 'n oratorium uitgevoer moes word. Dr Griffiths het gemerk dat daar

> "...'n ruim mate van werk en geesdrif onder die onderskeie kore in ons dorp in Kerke, skole en die Tegniese Kollege te bespeur is en daar is sulke waardevolle materiaal..." [15]

dat hy hierdie kragte wou saamsnoer tot 'n geheel. Die idee was dat die samesnoering van die onderskeie kore net sou duur totdat die oratorium uitgevoer is:

> "Dit is geensins die veronderstelling dat die saamgestelde koor in die minste die goeie werk deur individuele kore onderneem moet belemmer nie. Hulle sal soos gewoonlik aangaan, maar daar word gehoop dat soveel as wat dit moontlik vind en die tyd het, die gereelde weeklikse oefeninge van die gekombineerde kore sal bywoon..." [15]

Op 18 November is 'n vergadering in die Tegniese Kollegesaal gehou wat deur die burgemeester mnr AJJ Duursema geopen is. 'n Groot aantal geesdriftiges wat kore in die dorp verteenwoordig het, het die vergadering bygewoon. Dr Griffiths het hulle toegespreek en besonderhede oor die beplande koorfees gegee. Die eerste werk wat aangepak sou word was Handel se **Messias** en partiture is onder die koorlede uitgedeel. Die pasgestigte Kollege-orkes sou die begeleiding waarneem. Daar is ook 'n koor van belangstellendes in die Goudveld begin wat in hul eie sentra sou oefen en eers teen die einde in Kroonstad ingeskakel word. Vokale soliste sou uit plaaslike talent gekies word. Dr Griffiths het ook 'n beroep gedoen op persone wat nie kon sing nie om hul dienste aan te bied vir die ander vertakkinge van die organisasie.

Die saak van oefendae is volledig bespreek en daar is eenparig besluit om op Vrydae te oefen vanaf 20h00. Die aanwesiges het versoek dat oefeninge onmiddellik 'n aanvang moes neem en die eerste oefening is reeds vir 20 November beplan.

Die eerste deel van die **Messias** is in Engels uitgevoer, en die tweede en derde dele in Afrikaans. Dr ZJ Pretorius het die Afrikaanse vertaling gedoen en dr Griffiths het hom hartlik daarvoor bedank. 'n Uitvoerende komitee is gekies wat bestaan het uit dr Griffiths (sameroeper), mev N Mitchell (sekretaresse), en mev J Swart, dr Z Pretorius, mej H Wessels, mnr F van Zyl en mev O Rademan (begeleidster).[16]

7.2 Die Kroonstadse Feeskoor

In 1953 het dr Griffiths uit sy aanvanklike oratoriumkoor die Kroonstadse Feeskoor gestig wat bedoel was om by die Vrystaatse Eeufees op te tree in Bloemfontein gedurende 1954.

Dr JM Dönges het hierdie uitvoering bygewoon en het as "leek" sy waardering oor die hoë gehalte van die Kroonstadse koor in 'n brief aan die **Noordelike Stem**, uitgespreek:

> "...Kore van Wepener, Senekal, Virginia, Bethlehem en Kroonstad het die groot gehoor, wat die stadsaal, Caledonsaal en grasperke vol gesit het, vergas op seker die beste koorsang nog ooit gehoor in die Hoofstad.
>
> Elke koor het getuig van deeglike voorbereiding en dit was 'n genot om

na hulle te luister, en die stilte wat daar geheers het, was bewys dat die gehoor geboei was.

Ons Kroonstadse koor, met mnr. Tersteegen van Huyssteen as dirigent, het roem verwerf met die drie stukke 'U sy die Dank' (Mozart), 'O Divine Redeemer' (Gounod) en 'Jubilate', en die applous wat gevolg het was voldoende bewys dat ons koor as uitstaande beskou was.

In besonder het 'O Divine Redeemer' die hartsnare geraak en die pleitende melodie het 'n diep indruk op die gehoor gemaak, en getuig van perfekte beheer en afronding deur die dirigent. Ons kan trots voel op die prestasie van ons koor.

Ek skryf maar as leek op musiekgebied, en vertrou dat iemand beter bevoegd die tegniese ontleding sal doen, sodat ons publiek 'n beter idee kan kry van die uitstaande bydrae van die Kroonstadse Koor tot die Vrystaatse Eeufeesviering." 17

'n Tweede persoon (onder die skuilnaam WFK) wat sy trotse gevoel oor Kroonstad se puik koor uitgespreek het, was veral beïndruk met Fêbê Williamson se bydrae as solis en mnr Van Huyssteen se goeie afrigting:

"...the lovely strains of the 'Jubilate', with Phoebe (sic) Williamson as soloist, must have been a soul-stirring inspiration to the thousands of listeners inside and outside the Town Hall. We are extremely grateful for the untiring efforts of Tersteegen van Huyssteen who, at all times, gives of his best for the music of our town." 18

Die laaste brief, waarin die skrywer hom uitgelaat het oor Kroonstad se aandeel aan Bloemfontein se feesviering, was van mnr PJ Lemmer. Mnr Lemmer, wat in daardie stadium seker die mees gesaghebbende resensie oor koormusiek in die Vrystaat kon skryf, was veral ook getref deur die goeie afronding van die Kroonstadse koor. Mnr Lemmer het gesê

"Kroonstad verdien eer en dank vir sy reuse aandeel..."

aan die Bloemfonteinse fees en dat die koor

"...baie groot belangstelling gewek (het), omdat dit koorsang was van die hoogste gehalte; sang wat versadigend was."19

Oor die vertolking van 'O Divine Redeemer van Gounod, wat hy as "heerlik" bestempel het, het mnr Lemmer hom as volg uitgespreek:

"...Hierin het die dirigent getoon hoe elke frase mooi uitgebeitel kan word en hoe maklik hy stemmingsverskeidenheid met so 'n groot groep kan kry. Die balans was net reg en die toon vol en sonoor. Tot hierdie klankmassa het die sterkbesette mansgroep aansienlik bygedra."19

Mnr Lemmer het Fêbê Williamson hoë lof toegeswaai en gesê dat sy 'n "gelukki-

ge keuse as soliste" was. Ethel Baker se begeleiding is as simpatiek en ondersteunend beskryf;

> "Haar begeleiding is dié van 'n ervare musikus."

Na die Eeufees in Bloemfontein, het die Feeskoor nie ontbind nie maar het weer die **Messias** van Handel uitgevoer op 15 Oktober 1954. Dit was die eerste keer in veertig jaar dat hierdie werk volledig in Kroonstad aangebied is. Die vorige sodanige uitvoering het op 29 en 30 Augustus 1914 onder leiding van mnr J Speight plaasgevind:

> "According to a copy of the programme for the performance in 1914, which has been found by Dr. Griffiths, the stars of the performance then were Mesdames Milne and Goldsmith, Archdeacon Weekes and Mr. Crossman. The performance, according to the programme, was held in aid of the 'Mayor's Fund for Widows and Orphans of the European War'." [20]

Die Koor en orkes vir die 1954-aanbieding was sedert April besig met afsonderlike repetisies en het hard gewerk. In Oktober het 'n verslaggewer van die **Noordelike Stem** berig dat hy 'n repetisie bygewoon het:

> "It was found that both the choir and orchestra are prepared to work hard...some hard work was put into the rehearsal on Wednesday night, and chorus items only were practised for about two hours." [21]

Die Kroonstadse Feeskoor van honderd stemme is bygestaan deur die Notre Dame-dogterskoor en die Tegniese Kollege-orkes wat aangevul is deur musikante vanaf Johannesburg. Dr T Griffiths het opgetree as dirigent. Dr Griffiths is deur dr ZJ Pretorius geloof vir sy bydrae in die aanpak van so 'n omvangryke werk:

> "Baie dankie, dr. Griffiths, vir u grootmoedige versiendheid om soveel van plaaslike talent gebruik te maak. U werk nie vir selfsugtige professionele eer nie, maar skep 'n aanvraag na groot werke." [22]

Dr Pretorius het ook gesê dat die uitvoering van kleiner werke met min inherente musiekwaarde in Kroonstad vir goed verby was. Barbara Louw het in haar resensie ook na die besondere waarde van hierdie uitvoering verwys:

> "Dr. Griffiths verdien alle lof vir die wyse waarop hy so 'n omvangryke onderneming aangepak en deurvoer het. Die waarde van hierdie kaliber aanbieding kan uit 'n kulturele oogpunt beskou, kwalik oorskat word. Die stampvol saal en hartlike applous het ook bewys dat die publiek werklik behoefte het aan goeie musiek en met waardering daarna luister." [22]

Die koor het vir maande lank probleme ondervind om genoeg mansstemme te werf, en hierdie tekort het noodwendig die uitvoering gestrem:

> "...waar die meerderheid koorlede met hierdie stylrigting (kontrapuntale styl) nog onervare was en die proporsionele geringe aantal mansstemme nie altyd die vereiste klankvolume kon teweegbring nie kon 'n mens geen perfekte weergawe van die koorstukke verwag nie. Ondanks onvolmaakthede in die partsang was daar egter veel momente van louter skoonheid en is 'n mens in die geheel meegesleur deur die pakkende dramatiese krag en grootse opset van die komposisie."[22]

Die solosang is behartig deur Olga Rademan, Fêbê Williamson, Maxie Herholdt (sopraan), Nohline Mitchell, Alison Stevens, Martie Wege (kontralte), Lionel Ryder (tenoor), en Jaco van der Merwe en Robert Day (baritons).

> "Dat Kroonstad oor begaafde soliste beskik, is bewys deur die verdienstelike sang wat in hierdie afdeling gelewer is. Van die Randse sangers het Lionel Ryder besonderlik bekoor deur sy inspanninglose voordrag en helder oortuigende oordrag van die musikale boodskap. Jaco van der Merwe se stem, hoewel aangenaam was nie vas genoeg om die suiwer melodiese lyne van die Barokmusiek klaar daar te stel nie." [22]

Ook die jong orkes het vir hul aandeel aan die uitvoering gunstige kritiek ontvang:

> "Dat hierdie onderneming kon geskied met behulp van 'n orkes wat hoofsaaklik uit lokale instrumentaliste bestaan, was 'n verrassing. Hoewel daar leemtes was, het hulle deurgaans 'n veilige ondersteuning aan die vokaliste gebied en die nodige atmosfeer geskep." [22]

Kroonstad het gedurende 1955 sy eeufees gevier en nadat die uitvoering in 1954 van die **Messias** met soveel sukses bekroon is, het die Eeufeeskomitee in Oktober besluit om 'n uitvoering daarvan deel te laat vorm van die feesverrigtinge.[23] Die gedagte het byval gevind en dr ZJ Pretorius het namens ander Kroonstadters gepraat toe hy die Eeufeeskomitee bedank het vir hulle versoek:

> "Deur hul bedagsaamheid om die versoek nóú tot die dirigent te rig, stel hul hom in staat om die swakker plekkies uit te stryk sodat die uitvoering in alle opsigte kan wees wat dit beoog."[24]

Dr Pretorius was ook oortuig dat die **Messias**

> "...nie toevallig tussenin deel vorm van die ander musiekbedrywighede nie..."

maar dat dit om verskeie redes die hoogtepunt van die fees moet vorm. Hy het die volgende belangrike redes aangevoer: dit was in opset die grootste werk wat die afgelope dertig jaar in die dorp uitgevoer is; die werk het 'n boodskap van dank en verlossing verkondig; en die geleentheid wat Kroonstad wou vier was iets besonders. Hy het verder genoem dat

> "...Geen ander dorp of stad (nie eens Kaapstad met die Van Riebeeckfees nie) het so 'n groot voorreg gehad as wat nou feitlik verniet aangebied word nie. Daarom mag 'Messias' nie slegs 'n interlude wees nie, maar die uitdruklike hoogtepunt en doel van al ons feesvieringe. Om dit ondergeskik te gaan stel aan 'n blote verskeidenheidkonsert van watter aard ook al, sou 'n ernstige versuim van ons kant beteken." [24]

Die beplande uitvoering van die **Messias** het 'n hele vlaag geskrifte in die **Noordelike Stem** ontketen en die briefskrywers het verskillende aspekte rondom die **Messias** aangeroer. AM King het aangevoer dat Kroonstad te klein was vir 'n verskeidenheid kore en het aanbeveel dat slegs een koor (soos die Feeskoor) moet bestaan onder die leiding van mnr Van Huyssteen met dr Griffiths as orkesdirigent. Terselfdertyd is klagtes geopper oor die swak toestand van die stadsaal se verhoog, dat klankborde wat gemaak was van ou dékor aangebring is, en dat die koor nie 'n eenvormige drag gehad het nie.[25]

7.3 Die Kroonstadse Filharmoniese Vereniging

Die Kroonstadse Feeskoor het binne 'n jaar so 'n standvastige posisie bereik dat daar op 12 November 1954 'n verdere vierjarige program in die vooruitsig gestel is. Die koor het gou nie meer op 'n geleentheidsbasis gefunksioneer nie maar het onder dr Griffiths se leiding ontwikkel in 'n permanente formele koororganisasie. Hierdie ontwikkeling het begin op 23 November 1954 tydens die algemene jaarlikse vergadering van die Tegniese Kollege-orkes toe daar besluit is om die Feeskoor te vra om saam met die orkes die **Kroonstad Philharmonic Society** te vorm, onder die leierskap van dr Griffiths.

Op 24 Oktober het die koor hiertoe ingestem:

> "This proposal was agreed to by the choir, at its annual general meeting on Wednesday night." [26]

Die Philharmonic Society het toe uit twee komitees bestaan: die orkeskomitee met mnr Mike Antonie (voorsitter), mnr C Reynolds (ondervoorsitter), mev N Mitchell (sekretaresse) en komiteelede mev R Traill, mnr L Brown en mnr S Mitchell. Die koorkomitee is saamgestel uit dr Z Pretorius (voorsitter) en

mev N Mitchell (sekretaresse) en lede mejj C Swart, H Wessels en mnre S van Zyl en R Day. Mev S Keevey was die pianiste vir die orkes en mev O Rademan die begeleidster vir die koor. Mev Pat Marock is aangewys as balletonderwyseres vir die vereniging

> "...and was asked to investigate the possibilities of producing the ballet scenes in the orchestra's performance of the Prince Igor dances by Borodin."[26]

Die Filharmoniese Vereniging, onder die bekwame leiding van dr Teasdale Griffiths, het gedurende 1955 werk van hoogstaande gehalte gelewer. Die eerste groot werk wat hulle aangepak het was die **Messias** van Handel, wat hulle op 26 Maart in die Germistonse stadsaal uitgevoer het. Die volgende berig gee mens 'n oorsig oor die vereniging se werksaamhede, en hul voorbereiding van **Messias**:

> "Die Filharmoniese Koor en Orkes onder leiding van Dr. Teasdale Griffiths oefen elke Woensdagaand ter voorbereiding van hul besoek aan Germiston op 26 Maart, waar hul op uitnodiging van die burgemeester 'n uitvoering van Handel se 'Messias' ten behoewe van die Kankerfonds lewer. Veral die besetting mansstemme is op volle sterkte gebring, sodat die tenore nou byvoorbeeld meer tel as al die mansstemme oorspronklik saam. Dit stel die dirigent in staat om die inherente massiwiteit van die Händel-korale meer tot hul reg te laat kom. Op 23 April sal Kroonstad ook op uitnodiging van die Eeufeeskomitee die voorreg hê om na 'n vergrote koor van ongeveer 120 stemme en 'n orkes, vir die geleentheid in die blaasafdeling vanuit Johannesburg versterk tot 30 lede, te luister. Bewyse van groot belangstelling in die Goudveld en omstreke vir hierdie uitvoering stroom daagliks in. Later in die jaar, na afloop van die eeufees word 'n aanvang gemaak met Carmen en die Polovtiaanse danse uit Prins Igor van Borodin. Die Filharmoniese vereniging het die plaaslike stadsraad van raad bedien i.v.m. die verbetering van die stadsaal se verhoog- en akoestiekgeriewe, en die aanvaarding van hierdie wenke deur die Raad word deur almal wat in musiek belangstel, met groot dankbaarheid begroet. Alles dui onmiskenbaar daarop dat die beleid van die Vereniging om jaarliks een groot werk uit te voer oordeelkundig en gesond was en deur die publiek as geheel ondersteun en waardeer word."[27]

Die uitvoering van die **Messias** in die Germistonse stadsaal, met instrumentale versterking in die orkes deur lede van die SAUK-simfonie-orkes is goed ontvang deur die publiek:

> "Julle het luister verleen aan Kroonstad met hierdie pragtige uitvoering van die Messias, het burgemeester Wannenburg verlede Saterdagaand gesê tydens sy dankwoord in die Germistonse stadsaal...Reeds die middag was die ruim saal gevul en die hoofopvoering die aand het 'n aandagtige gehoor geniet in 'n stampvol saal wat weke vantevore al vol bespreek was. Beide die koor en orkes het 'n goeie ontvangs geniet en daar is met

waardering gepraat van die groot opoffering en geen moeite is ontsien om die uitvoering op 'n hoë peil te bring nie. Die vergrote orkes se vaste en welluidende begeleiding was vir die koorlede 'n groot genot en stukrag." [28]

Op 23 April is **Messias** as deel van die Eeufeesprogram in Kroonstad in die stadsaal uitgevoer. Die Filharmoniese orkes is weer deur lede van die SAUK-orkes* aangevul en het uit die volgende persone bestaan.

EERSTE VIOOL: *J Spira (leier), C Reynolds, J Yaman, E van Dyk, W Brown, D Japp, R Terblance, G de Villiers.

TWEEDE VIOOL: O Dreyer, C van Tonder, J van Straaten, C Wilding, R Oosthuizen, P Symons, T Strauss, J Payne, A Klomp, S Brothers, J Goldberg. **ALTVIOOL:** S Goldstein; **TJELLO:** R Traill; **KONTRABAS:** *J Cook; **FLUIT:** *A Jacobson; **HOBO:** *F Coetzee; **KLARINET:** *H Hewartson; S Mitchell; **FAGOT:** *W Croft; **TROMPET:** *R Goode; A van Nasveld; **TROMBOON:** *H Fourie; **TIMPANI:** *J Buys; **KLAVIER:** S Keevey.

As soliste het opgetree: Olga Rademan (sopraan), Nohline Mitchell en Alison Stevens (kontralto), Lionel Ryder (tenoor) en Robert Day (bariton). Die Filharmoniese koor van vyf-en-sewentig lede asook die dogterskoor van die Notre Dameklooster van drie-en-vyftig lede het opgetree. Barbara Louw het die volgende resensie oor die uitvoering geskryf:

"Die uitvoering van 'Messias' Saterdagaand in die stadsaal was, in geheel genome, 'n uitstaande sukses. Indien daar in detail soms minder geslaagde momente voorgekom het, was daar terselfdertyd talle hoogtepunte wat ruimskoots vergoed het vir kleinere gebreke. Slegs die feit dat die bas- en veral die tenoorstemme nog nie oor voldoende toonkrag beskik nie, voorkom dat hierdie koor werklik eerste klas is. Behalwe weinige ongelykhede in die partsang hier en daar skyn dit asof die kontrapuntale ingewikkeldhede vir hulle nie meer moeilikhede oplewer nie. Die gehele indruk was een van ritmiese vitaliteit en punt. Hoewel daar verskeie geslaagde koorstukke was, kan 'n mens nie nalaat om melding te maak van die Hallelujakoor en 'Waardig is die Lam' as monumentale hoogtepunte nie. Die arias is gesing deur Lionel Ryder (tenoor) wat met sy genotvolle stem en suiwer, vaste toon weer 'n diep indruk gemaak het; Robert Day wat veral presteer het met 'Die trompet sal klink'; Nohline Mitchell wat met oortuiging gesing het; Alison Stevens wie se skone timbre weldadig aangedoen het en Olga Rademan. Olga se stem is klein in tonale omvang maar aangenaam om na te luister en sy sing baie musikaal. Die stempel van haar grondige musikale skoling is onmiskenbaar in haar voordrag te bespeur. Die orkes het bestaan uit lokale musici, studente van die Tegniese kollege en leerlinge van dr. Griffiths sowel as elf lede van die S.A.U.K.-orkes.

Joseph Spira was die leier en Sylvia Keevey het die klavierpart behartig. Adriaan van Nasveld, pas van Holland, het sy debuut as trompetspeler gemaak met die grootse trompetsolo in die aria 'Die Trompet sal

> Klink' wat werklik indrukwekkend opgeklink het. As gevolg van die doeltreffende veranderings wat op die verhoog aangebring is, het die hele ensemble hierdie keer 'n baie gunstige indruk gemaak. Die uitvoering het deurgaans bewys gelewer van die stewige werkmanskap van dr. Griffiths. Die Filharmoniese Vereniging verdien om gelukgewens te word met so 'n waardige aanbieding." [29]

Op 10 November 1956 het die Kroonstadse Filharmoniese Vereniging Mendelssohn se oratorium **Elijah** in die stadsaal uitgevoer. Die rol van Elia is deur die bekende Johannesburgse bariton Wilfred Hutchings gevul. **Koning Agab** en **Obadja** is deur die tenoor Lionel Ryder ook van Johannesburg, gesing. Twee Kroonstadse sangeresse, Nohline Mitchell en Olga Rademan, het die rolle van die **Koningin** en die **Engel** gedoen.[30] Die Filharmoniese Orkes is deur lede van die SAUK-orkes aangevul en Joseph Spira was die Konsertmeester.[31] Kroonstadse lede van die orkes was: 1e viool: C Reynolds, L Brown, J Yaman, G de Villiers en D Japp; 2e viool: J Payne, O Dreyer, P Symons; altviool: S Goldstein; tjello: R Traill; klarinet: S Mitchell, J Yaman; trompet: H Kunnen; tuba: J Kunnen. Die Filharmoniese koor van vyf-en-veertig lede is aangevul deur die Notre Dame-Kloosterkoor. Dr T Griffiths was die dirigent.

Die musiekkritikus, Barbara Louw, was van mening dat hierdie veeleisende werk geslaagd aangebied is. Afgesien van onsuiwerhede in die altpartye het die koor oortuigend gesing:

> "...Hoewel daar geesdriftige sang gehoor is in die eerste gedeelte is die glans van die monumentale koorstukke enigsins versomber deur onklaar partsang, veral deur die altparty. Die hoogtepunt in hierdie afdeling was myns insiens die dubbelkwartet 'Want Hy sal Sy Engele aangaande jou gebied' wat sonder letsel verloop en met 'n lieflike harmonie laat reg geskied het." [32]

In die tweede gedeelte het die koor voortreflike sang gelewer:

> "Die kontrapuntale begrip was veel juister en dit het gelyk of die sangers die werk verstaan en ook belewe." [32]

Die tenoor Wilfred Hutchings se bekoorlike basstem is as 'n aanwins beskou:

> "Kragtig was hy in die dramatiese episodes en eg in die meer besonke liriese gedeeltes. Hy was in elke opsig die waardige profeet." [32]

Ook die optrede van Lionel Ryder, Nohline Mitchell en Olga Rademan het veel genot verskaf en hulle aandeel aan die duet-, kwartet-, en solosang het

bygedra tot die sukses van die uitvoering.[32]

In Julie 1958 het die Filharmoniese Vereniging weer met repetisies van die **Messias** begin. Kroonstadse soliste is vir die vokale solo's gebruik en net een gaskunstenaar het opgetree naamlik Lionel Ryder (tenoor). Die plaaslike soliste was Pat Marock en Angus MacLennan (sopraan), Martie Wege (mezzo), Nohline Mitchell en Olive Antonie (alt) en Robert Day (bas). Die Filharmoniese Orkes het gedurende 1958 probleme begin ondervind as gevolg van 'n tekort aan strykers. In die hout- en koperblaasafdeling was daar weer genoeg lede aangesien lede van die Kroonstadse Harmonie-orkes aanvullings gedoen het. Maar op 8 November het die Filharmoniese Vereniging die **Messias** in die stadsaal uitgevoer, en die orkes is deur lede van die SAUK aangevul. Dr Griffiths het opgetree as dirigent. Die trompet-obligaat, **The Trumpet Shall Sound**, is deur die trompetvirtuoos Signor Vitali gespeel.

Op 6 Desember 1959 het die Filharmoniese Koor onder leiding van dr Griffiths weer die eerste deel van die **Messias** uitgevoer nâ die aanddiens in die St. Andrews Kerk.

Op 25 November 1961 het die Filharmoniese Vereniging Gounod se populêre opera, **Faust** in die stadsaal opgevoer. Dit was 'n buitengewone aanbieding deurdat dit 'n konsertvoorstelling was waarin die hoofspelers hulle rolle in kostuums vertolk het terwyl die koor rondom opgestel is. Die klein verhogie van die stadsaal is vir die doel spesiaal vergroot. Die koor is saamgestel uit drie kore naamlik die Filharmoniese koor en Hennenman se Dames- en Mannekoor. Al drie is deur dr Griffiths afgerig.

Die hoofrolle is vertolk deur Angus MacLennan as **Marguerite**, Muriel Dittberner as **Siebel**, Dougy Yazbek as **Faust** en Robert Day as **Mephistopheles**. Die begeleiding is waargeneem deur dr Griffiths en Rina de Hart. In die eerste helfte van die program was daar 'n aantal uittreksels uit operas, ook in kostuum, insluitende 'n toneel uit **Tosca** deur Dildah Pretorius. Angus MacLennan en Dougy Yazbek het uittreksels uit die liefdestoneel van **La Boheme** gesing naamlik die arias **Your Tiny Hand is Frozen, They call me Mimi** en die **Liefdesduet**. Die Hennenmanse Mannekoor in kostuum het die openingskoor uit Gilbert en Sullivan se opera **The Mikado** gesing. Dr Griffiths het 'n spesiale verwerking gemaak van bekende Afrikaanse liedere vir damesstemme en dit is deur 'n gekombineerde koor van die Filharmoniese Vereniging sowel as die Hennenmanse Dameskoor uitgevoer.

Op 15 Februarie 1963 is aangekondig dat die Filharmoniese Vereniging Mascagni se opera **Cavalleria Rusticana** op 24 Mei sou opvoer om die eeufees te herdenk van hierdie opera, wat op 17 Mei 1863 in Rome vir die eerste keer opgevoer is. Repetisies het in Februarie begin maar geen aanduiding uit koerantverslae kon gekry word dat die uitvoering wel plaasgevind het nie.

8 KOORFEESTE

8.1 Die Koorfees van professor Lemmer

Op 27, 28 en 29 Oktober 1949 is "the biggest festival of song ever held here..." in Kroonstad aangebied. Die sangfees is deur 'n plaaslike komitee met professor PJ Lemmer aan die spits georganiseer:

> "The Kroonstad festival, in which all the local schools and many grown-ups will participate, will be one in the series of song festivals organised by Prof. Lemmer with the object of 'making a singing people of South Africans'." [33]

Groot belangstelling in die sangfees het oral geheers en belangstellendes het vanaf omliggende dorpe gekom om dit by te woon:

> "Kroonstad's Festival of Song, ...has created considerable interest in many parts of the Northwestern Free State and it is likely that hundreds of persons from nearby towns will come to the town to listen to the singing and music. During the week enquiries were received from places like Hoopstad and Winburg, Parys and Viljoenskroon." [33]

'n Week voordat die fees begin het is daar nog met groot ywer geoefen. Deelnemers aan die Kersspel(wat ook soms "Passiespel" genoem is) het selfs een aand by die amfiteater met behulp van lanterns 'n volle repetisie gehou omdat die elektrisiteit afgeskakel was. Mev Sara Louw se toneelspelers het by 'n ander geleentheid weer voor 'n "verfrissende bui" gevlug.

Die pers, wat die sangfees ten beste gepropageer het, het die deelnemers geprys vir hul harde werk:

> "'n Poging soos hierdie verdien die steun van almal. Daar word geweldig hard gewerk om die onderneming 'n sukses te maak. Die koorlede, afrigters van skoolkore, toneelspelers, regisseuse en dirigent offer dae en aande op om vir Kroonstad die beste te lewer wat in hulle steek...Laat

ons in ons duisende na Kroonstad se eerste sangfees gaan en op die manier verseker dat dit nie die laaste sal wees nie." [34]

Die driedaagse fees het op Donderdag 27 Oktober om 14h00 begin met 'n finale kleedrepetisie. Die kore en die dansers het saam met die Staandemagorkes, wat die hele fees sou begelei, gerepeteer.

Dieselfde aand is die Kersspel in die amfiteater opgevoer. Die rolverdeling was as volg: **Skaapherders**: Efraim: eerwaarde Lovemore; Isak (bariton): E van der Hoven; **Daniël**: JM Wolvaardt; die **Hoofengel**: Mnr Hartman; **Josef**: Mnr JC Fowler; **Maria**: Fêbê Williamson; **Wyse Manne**: Mnre Karremaker, P Booysen en PPJ Conradie; **Verteller**: Mnr J du Randt. Aan hierdie opvoering het ook mnr van Huyssteen se gemengdekoor van 100 stemme en die Staandemagorkes deelgeneem.

Barbara Louw het in haar resensie oor die Kersspel 'n volledige verslag gegee van die aanbieding. Sy het die atmosfeer van die aand baie raak beskryf, 'n oorsig oor die sang, musiek en toneelspel gegee en ook die dekor, beligting en tonele waar lewendige skape op die verhoog gebruik is, bespreek:

> "Die reuse-sangfees, 'n mylpaal in die geskiedenis van Kroonstad, het gisteraand op luisterryke wyse 'n aanvang geneem op die skilderagtige walle van die Valsrivier toe duisende toeskouers op die ruim amfiteater saamgedrom het om 'n uitvoering van die Kersspel 'Onder die Ster se Glans' te geniet.
>
> Die aand was onbeskryflik fraai. Maansilwer het oor die toppe van die bome gedrup en die lug was stil-gewyd; strelende orkesklanke het in die fris aandlug begin opstyg - Largo - en opeens was ons op die velde van Bethlehem by waardige skaapherders tussen die skape.
>
> Van die begin tot die einde het die spel 'n mens geboei. Mev. Sara Louw onder wie se regie dit plaasgevind het, verdien waarlik lof vir haar skitterende werk. Die besonder geslaagde dekor en kleurvolle kostuums waarvoor sy ook in samewerking met Mnr. van Huyssteen en Mev. Isabel Swanepoel verantwoordelik was, het in 'n groot mate bygedra om die juiste atmosfeer te verseker.
>
> Heel effektief was ook die beligting deur Ken Canny en Theuns Botha. Insidente soos die verskyning en verdwyning van die Hoofengel was hoogtepunte in hierdie afdeling.
>
> Hoewel die spelers sonder uitsondering hoogstaande spel gelewer het, was daar tog 'n paar hoogtepunte wat vermelding verdien. Efraim (Eerwaarde H.N. Lovemore) as die bevreesde angsbevange herder, het goed presteer; Daniël (Mnr. J. Wolvaardt) het 'n mens getref met sy oortuigende handelinge, duidelike diksie en mooi stem; Isak (Mnr. E. van der Hoven) se treffende weergawe van 'Kom na Hom vermoeides' sal nie lig vergeet word nie en Josef (Mnr. J.C. Fowler) se 'Nazareth' is duidelik

vertolk. Die hemelse sang van Maria (Fêbê Williamson) was die ene soetheid en silwer. Al die spelers het louter genot verskaf.

Gewis die aangrypendste deel van die aand was die deel waar die herders in aanbidding rondom die krip opgestel was terwyl die ontroerende 'Wiegelied' van agter die skerms opgeklink het.

Die pragtige koorsang op die agtergrond onder die stok van Mnr. van Huyssteen het diep ingeslaan en weer eens het sy werk getuig van goeie afrigting. Talle gewyde kersliedere benewens werke soos 'Maria Wiegelied', 'Die Heilige Stad' en 'Vir ons 'n Kind gebore' is ingesluit. Mev. E Baker die begeleidster het haar knap van haar taak gekwyt.

Die Staandemag orkes het ook bygedra om die stemming te verdiep met die simpatieke voor- en naspel terwyl die vertelling van die verhaal op gevoelvolle wyse waargeneem is deur Mnr. J. du Randt.

Dit was 'n grootse onderneming en in die geheel het dit loflik van stapel geloop. Bravo Kroonstad." [35]

Op 28 Oktober het die Staandemagorkes 'n optog van skoolkinders deur die dorp gelei na die amfiteater waar die verrigtinge om 10h30 begin het met samesang en volksdanse. Die namiddag se verrigtinge het om 15h00 begin met 'n voorspel deur die militêre orkes, gevolg deur gesamentlike sang, 'n gimnastiekvertoning deur die Spoorwegpolisie-kollege en 'n konsert deur die Staandemagorkes. Mnr PJ Lemmer het al die koorwerke gelei asook die massakoor van elfhonderd stemme. 'n Volkspele-vertoning is ook gelewer.

Die aand se verrigtinge het bestaan uit 'n konsert deur die kore van die Engels Primêre Skool, die Hoërskool, Volkskool, Klooster, Mannekoor en gemengdekoor van mnr van Huyssteen. Die militêre orkes het ook deel gevorm van die program.

In die resensie oor die sangfees is met waardering verwys veral na die baanbrekerswerk wat professor Lemmer gedoen het vir die opheffing van sang:

"Nie alleen kon die kinders leer om intelligent te luister nie, maar hul kon ook die genot smaak van aktiewe deelname aan musikale voordrag." [36]

Oor die uitvoering van die orkes en massakoor was die verslaggewer net so entoesiasties:

"Dit was 'n inspirasie om Vrydagoggend die groot aantal lustige skoolkinders op die amfiteater te midde van vars lug en sonskyn bymekaar te sien. Begelei deur die uitstekende blaasorkes van die Staandemag het 'n elfhonderdtal jeugdige stemme omhoog gestyg. Mnr. Lemmer het die massakoor meesterlik gelei en perfekte beheer uitgeoefen met sy stok. Vloeiende ritme, netjiese geboë frases, die opbou van skitterende klimakse en algemene entoesiasme in die voordrag was kenmerkend van al

die sang. Dit was duidelik dat die verantwoordelike leerkragte die akkers deeglik voorberei het.

Volksdanse in kleurige kostuums is by wyse van afwisseling aangebied."[36]

Die verrigtinge van 28 Oktober is gedurende die namiddag deur reën onderbreek en dit moes na Saterdagoggend verskuif word.

Die Staandemag-orkes onder sersant-majoor Gerzernick het, benewens samesang, ook deel gehad aan die program en opgewekte musiek gespeel:

"Hierdie dirigent het 'n besondere innemende persoonlikheid en hy het telkemale daarin geslaag om die publiek oor te haal om welbekende volksliedjies saam met die orkes te sing. Die orkes wat goedgunstiglik ingewillig het om vir slegs die vergoeding van hul onkoste oor te kom was tot 'n baie groot mate verantwoordelik vir die suksesvolle verloop van die verrigtinge." [36]

Die konsert wat op Vrydagaand 28 Oktober in die stadsaal plaasgevind het is besonder goed bygewoon:

"Vrydagaand se konsert het geesdriftige ondersteuning van publieke kant geniet sodat die stadsaal te klein was en 'n skaar teleurgesteldes moes omdraai.

Hoewel die program daarop toegespits was om in die buitelug af te speel, het die meeste nommers ewe suksesvol op die stadsaal se verhoog van stapel geloop. Heelwat verdienstelike werk is gelewer. Mnr. Gerzernick en sy orkes was verantwoordelik vir 'n hele paar lewendige, ligte stukke wat musikaal voorgedra is. 'Thy Gypsy's life is free' uit die **Boheemse Meisie** met meegaande sigeunerdans was 'n besonder goeie keuse vir 'n opelug konsert.. Die Kloosterdogters het die lied mooi vertolk en die dans effektief uitgevoer." [36]

Volksdanse, uitgevoer deur leerlinge van mej P Hughes, is besonder geniet en die Portugese **Fardo** het die hoogtepunt van die uitvoering gevorm. Mej Hughes het self ook hierin opgetree.

Die kooritems het ook groot byval gevind:

"Die soet stemme en mooi pianissimo-sang van die Volkskoolkoor onder leiding van Mej. H. Wessels het 'n mens verras toe hul 'Funicula' gesing het terwyl 'n bekoorlike dansie uitgevoer is - 'n ware juweel item.

Die gemengde, en mannekore van Mnr. van Huyssteen met Fébé Williamson as soliste het hoogstaande sang gelewer terwyl die dubbel kwartet afgerig deur Mev. Baker 'n baie gevoelvolle vertolking van 'The Three Fishermen' gegee het." [36]

Op 29 Oktober het die program om 09h00 begin met uitvoerings deur die Staandemagorkes en die Bloemfonteinse Junior-simfonie-orkes. Eersgenoemde orkes

se program het uit vyftien items bestaan wat ook solo's, duette en trio's ingesluit het. Die spel van die simfonie-orkes onder leiding van mnr LT Shepstone het mank gegaan onder swak intonasie en die weer was ook sleg, maar hulle het nogtans die gehoor beïndruk:

> "Graag sou ons na hierdie geesdriftige spannetjie wou geluister het in 'n saal met hulle instrumente reg ingestem by die klavier. Hulle het 'n prysenswaardige gees openbaar deur in die stormagtige buitelug en voor 'n onstigtelike gehoor nog deur te druk en 'n gedeelte van die program voor te dra.
>
> Daar is wonderlike talent te bespeur tussen hierdie groep jong instrumentaliste. As 'n mens dink dat hulle pas ses maande aan die gang is en sommige soos die twee tjelliste nog maar twee maande saam geoefen het, moet 'n mens hulle gelukwens met wat hul reeds bereik het op die gebied van frasering, artikulasie, netjiese samespel en musikale uitbeelding. Die waarde van Mnr. Shepstone se werk kan kwalik oorskat word."[36]

So groot was die sukses van die kersspel **Onder die Ster se Glans**, dat daar versoeke opgegaan het dat dit weer uitgevoer moet word:

> "...Persone in omliggende dorpe het belowe om 'n tweede en derde opvoering hul heelhartige steun te gee, en so baie mense wat nie die opvoering bygewoon het nie, het hul spyt te kenne gegee, dat die komitee feitlik verplig was om op 'n herhaling te besluit." [36]

Die tweede aanbieding van die Kersspel het op 11 en 12 Oktober plaasgevind voor 'n gehoor van vier-duisend mense en die kritikus het gesê:

> "...die koor het miskien nog ietwat beter gesing as by die vorige geleentheid. In alle opsigte was die heropvoering van nog 'n hoër gehalte as die oorspronklike opvoering." [37]

8.2 Koorfees van die Sentrale Volkskool

Op 21 Maart 1956 het die Sentrale Volkskool 'n sangfees by die Amfiteater beplan, wat egter weens weersomstandighede verskuif moes word na 11 April. Die program het sewe kore uit die Goudveld en Kroonstad betrek sowel as ander solo- en ensemble-groepe. Olga Rademan het op entoesiastiese wyse die saamtrek van musiekliefhebbers beskryf:

> "'n Mooier geleë of geskikter plek as die Amfiteater is sekerlik nie in die Vrystaat, of selfs in die Unie te vinde nie; aan talent, bekwaamheid en ondernemingsgees ontbreek dit musiekliefhebbers van Kroonstad en omliggende dorpe nie..." [38]

Drie werke van Suid-Afrikaanse komponiste is uitgevoer naamlik **Sneeu** van

MC Roode deur die Kroonstadse Hoërskoolkoor onder leiding van Rina Swart, **Die Motte** van Lemmer deur die Tegniese-Kollegemeisieskoor onder leiding van Tersteegen van Huyssteen en **Die Nag** van Lemmer deur die Virginia-koor onder leiding van Victor Mentz. Die Volkskoolkoor was een van die glanspunte met hul "soet en suiwer toongehalte" en hulle is deur Hannah Wessels afgerig.

Die Filharmoniese Koorvereniging onder dr Griffiths het die Troumars uit **Lohengrin** van Wagner gesing asook die **Spinning Chorus** van Wagner. **Begroeting** van Mendelssohn en **Swerwer se Naglied** van Rubinstein is deur die Odendaalsrus Hoërskool onder leiding van Wessel Maree met "groot entoesiasme en nog groter spoed" gesing.

'n Klein koor van die Berea-Bybelseminarie het gewyde liedere bygedra, en hul koorleier, mnr M McLuhan, het self ook twee solo's gespeel.

Ten slotte het Martie Wege **Ich Liebe Dich** van Beethoven en **Voëltjies Sing Hul Awendsang** van Coates gesing.

8.3 Koorfees van die Musiekvereniging

Op 7 Junie 1963 het die Kroonstadse Musiekvereniging 'n koorfees in die CR Swartsaal aangebied onder leiding van T van Huyssteen. Hulle werk is as volg saamgevat:

> "Die energieke poging van die Kroonstadse Musiekvereniging om goeie musiek te bevorder, vind weerklank by 'n stewige en steeds groeiende kern van musiekliefhebbers, wat die konserte ondersteun." 39

Altesaam nege kore het aan die fees deelgeneem, naamlik 'n manne- en seunskoor onder leiding van Tersteegen van Huyssteen met Martie Wege as begeleidster; die Goudveld-Hoërskoolkoor onder leiding van Paul Johl; die Hoërskool Parys onder leiding van Jannie Badenhorst; die Hoërskool Willem Pretorius van Heilbron onder leiding van Ria Steyn; die Welkom Gimnasium onder leiding van Louis Fourie; die Afrikaanse Hoërskool Kroonstad onder leiding van Trudy van Niekerk; die Kroonstad Hoërskool onder leiding van Rina Swart en die Gevangenisdiensopleidingskollege se koor onder leiding van Tersteegen van Huyssteen en Martie Wege.

Die verslaggewer het gesê dat die konsert 'n ware fees was:

> "...Opvallend was die mooi verwerking van sekere Afrikaanse en ander

volkswysies. Dit laat mens voel dat daar 'n groter wêreld in hulle opgesluit lê as wat mens soms miskien allereers sou vermoed het. In plaas van om net 'n paar ou bekende liedjies te hoor het mens onverwags nuwe rykdom ontdek, waarvoor die oor voorheen doof was."[40]

9 DIE KROONSTADSE MANNEKOOR

Die Kroonstadse Mannekoor het in 1983 hul een-en-twintigste bestaansjaar gevier en het daarmee die oudste koor in Kroonstad geword wat steeds stigterslede ingesluit het.

Die koor is vroeg in 1962 deur Henk van Eck gestig nadat een van die dorp se sangers, Willie Lebherz, by hom aangedring het om tot so 'n stap oor te gaan. Toe mnr Van Eck aan die einde van dieselfde jaar die dorp verlaat het, was hulle al taamlik op dreef en kon hulle nie aanvaar dat alles moes doodloop nie. Drie koorlede, Willie Lebherz, Dougy Yazbek en Wim Peters is toe afgevaardig om 'n nuwe koorleier te vind en hulle het mev Olga Rademan genader wat ingestem het om die leisels oor te neem. Mev Rademan het reeds goeie ondervinding opgedoen van die mannekore van PJ Lemmer en Dawid Roode wat sy in Bloemfontein begelei het. Mev Rademan was in 1985 alreeds twee-en-twintig jaar lank die geliefde leidster van die koor wat sy met haar besondere vaardigheid ontwikkel het in een van die Vrystaat se gewilde kore.

Deur mev Rademan se vasberadenheid om die koor aan die publiek bekend te stel, het hulle oral in die Vrystaat bekendheid verwerf met die konserte wat hulle reeds in sowat twintig dorpe in die provinsie aangebied het. Hulle het dikwels gewyde programme gelewer by orrelinwydings en orreluitvoerings, afgesien van talle sekulêre konserte. Onder leiding van Eberhard Künkel het hulle ook tydens die inwyding van die Ernest Oppenheimer-teater in Welkom in 1968 opgetree. Die meeste van hul konserte is ten bate van liefdadigheid aangebied en volgens mev Rademan het hulle reeds tussen veertig- en vyftig-duisend rand ingesamel.[41]

Verhoogaanbiedings van die Mannekoor

Die Mannekoor was van die min plaaslike groepe wat gereeld gebruik gemaak het van die Kroonstadse Skouburg. Nadat die kompleks in 1976 voltooi is het hulle die moontlikhede ingesien om meer ambisieuse konserte aan te pak.

Vanaf 1977 het hulle vier verhoogaanbiedings in die skouburg gehad waarin hulle afgewyk het van die konvensionele koorprogram daarin dat gebruik gemaak is van kostuums, dekor en danse en dat die programme telkens 'n sekere tema uitgebeeld het.

In 1977 is 'n program in ligte luim, **Die Vrolike Musikante**, aangebied waar gebruik gemaak is van kostuums en dekor asook danse. Die program het bestaan uit sewe afdelings. Die eerste was negerliedere gevolg deur twee gewyde werke van JS Bach, **Jesus, Joy of Man's Desire** en **Sheep May Safely Graze.** Hierna is 'n aantal liedere uit eie bodem gesing. Na pouse het 'n verskeidenheid volksmusiek gevolg uit lande soos Rusland, Frankryk, Nederland, Italië en Duitsland. Die program is afgesluit met uittreksels uit **White Horse Inn** van Benatsky en Stolz, **Der Fliegende Holländer** van Wagner en **My Fair Lady** van Loewe.

As soliste het opgetree Dougy Yazbek, Johan Laas, Olive Antonie en Charlie Yazbek. Olga Rademan was die dirigent terwyl Marcha Geyer die begeleiding gespeel het.

Sigmund Romberg se operette **The Student Prince** is vanaf 11 tot 16 September 1978 opgevoer. Saam met die Mannekoor het 'n paar amateursoliste opgetree terwyl die orkesbegeleiding deur die Gevangenisdiensorkes gespeel is; Olga Rademan was die dirigente; Dorothy Shaw, bygestaan deur Marjorie Nortje, het die regie waargeneem; balletdansers van drie ateljees in Kroonstad het opgetree, met choreografie deur Hazel Dell, Dawn de Witt en Peggy Lowry.

'n Span van vyf-en-twintig Kroonstadters was verantwoordelik vir die bou van dekor, kostumering, beligting, grimering en verhoogbestuur.

Die hoofrolle is gesing deur Dougy Yazbek as **Prince Karl Franz** en Eunice Smith as **Kathie** terwyl ander rolle gevul is deur Julius du Toit as **Lutz**, Marjorie Nortje as **Grand Duchess Anastasia**, Dianne Schonborn as **Princess Margaret** en Kobus Liebenberg as **Captain Tarnitz.**

Die program **Tulpe uit Amsterdam** is vanaf 26 tot 30 Mei 1980 aangebied. Die eerste helfte van die program is saamgestel uit musiek wat drie Europese stede besing naamlik Amsterdam, Parys en Wenen. Nâ pouse is musiek uit Italië en Spanje aangebied. Die koor is bygestaan deur die Gevangenisdiensorkes en die vokale soliste was Olga Rademan, Dougy Yazbek, Olive Antonie en Cor Uys. Die aanbieding is afgerond deur kleurvolle kostuums, dekor en dansitems.

In 1983 is die koor se een-en-twintigste bestaansjaar gevier met die program **Dit Is Weer Lente.** Die eerste helfte van die program het bestaan uit liedere wat handel oor die lente soos **Jy's Rein Soos Lenteblomme**, verwerk deur Septimus Smuts, **Geboorte van die Lente** van S le Roux Marais, **Oktobermaand** van Pescod, en **Spring's Return** van Johann Strauss. Die tema van die tweede helfte was die roos, met liedere soos **Roses of Picardy** van Haydn Wood, **Schenkt man sich Rosen** van Carl Zeller, en **Thanks be to God for roses rare** van Stanley Dickson. Ses lede van die gevangenisdiensorkes het die begeleiding waargeneem, danseresse onder leiding van Dawn de Witt was verantwoordelik vir die balletitems, en as vokale soliste het opgetree Dougy Yazbek, Wim Peters, Jan Jacobs, Olive Antonie en Beth Lordan.

Hierdie aanbiedings was nie slegs musikaal goed afgerond nie maar het ook visueel bevredig deur die pragtige kostuums en dekor. 'n Besondere kenmerk van die programme was die mate van beweging wat op die verhoog plaasgevind het - die koor het nooit staties stelling ingeneem nie maar het rondbeweeg, soos ook die soliste en dansers. Olga Rademan se verbeeldingryke programsamestelling het verder bygedra tot die populariteit wat die aanbiedings geniet het.

10 Kroonstad Cantamus

Die Kroonstad Cantamus-koor is die jongste Kroonstadse koor en is in Februarie 1984 gestig. Die inisiatief vir die stigting van die koor het uitgegaan van 'n groepie jong dames wat gevoel het dat hulle iets wou doen om die eentonigheid van 'n huisvrou se daaglikse lewe kleur te gee. Sowat sewe vriendinne, wat almal kon sing of voorheen musiek geneem het, het onder leiding van Zandra den Hartog 'n kamerkoor gevorm en spoedig is hulle genooi om by vergaderings in die dorp op te tree. Omdat lede van die koor besige huisvroue en moeders is repeteer hulle soggens. Hulle koorklank is skoon en ongekultiveerd, sonder vibrato. Die rede hiervoor is dat die lede nie opgeleide sangeresse is nie, met die uitsondering van die leidster.

Hul eerste openbare optrede het op 24 Mei 1984 tydens die Kroonstadse Kunsfees in die Skouburg plaasgevind. Hulle het **Come Again, Sweet Days** gesing en 'n baie bemoedigende resensie van die beoordelaars ontvang. In 1984 het hulle ook in Roodepoort opgetree en in Kersprogramme in Kroonstad.

In 1985 het die koor uitgebrei en ook 'n voller program gehad. Op 13 en 14 Mei 1985 het hulle in die Oppenheimerteater in Welkom en op 29 Mei in Kroonstad opgetree as gaste van mnr Danie Hyman se koorfeeste. Hulle het gebruik gemaak van lede van die Gevangenisdiensorkes vir instrumentale begeleiding. Hul repertoire is verskeidenheidsryk en sluit liedere van Brahms, volkswysies, madrigale en musiek van die **Beatles** in. Zandra den Hartog verwerk meeste van die musiek spesiaal vir die koor en die skryfster, Antjie Krog, wat ook self lid is van die koor, skryf Afrikaanse tekste vir sommige musiek soos **Proe die Wind**, met musiek deur Woods.

Die leidster van die groep is Zandra den Hartog wat haar musiek- en sangopleiding in Odendaalsrus begin het en verder aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in musiek gaan studeer het. Sy was ook lid van die Vrystaatse Jeugkoor.

VOETNOTE

1 **The Friend**, 18 Oktober 1907
2 **The Kroonstad Times**, 2 September 1938
3 **Die Noordelike Ster**, 2 Augustus 1946
4 Ibid, 13 Desember 1946
5 Ibid, 26 Oktober 1948
6 Ibid, 16 Mei 1952
7 Ibid, 23 Mei 1952
8 Ibid, 15 Mei 1953
9 Ibid, 22 Mei 1953
10 Ibid, 26 Mei 1953
11 Ibid, 8 Oktober 1954
12 Ibid, 9 November 1954
13 Ibid, 16 November 1954
14 Ibid, 5 Desember 1955
15 Ibid, 13 November 1953
16 Ibid, 20 November 1953
17 Ibid, 26 Februarie 1954
18 Ibid, 2 Maart 1954
19 Ibid, 5 Maart 1954
20 Ibid, 1 Oktober 1954
21 Ibid, 8 Oktober 1954
22 Ibid, 19 Oktober 1954
23 Ibid, 19 Oktober 1954
24 Ibid, 26 Oktober 1954
25 Ibid, 22 Oktober 1954
26 Ibid, 26 November 1954
27 Ibid, 18 Maart 1955
28 Ibid, 1 April 1955
29 Ibid, 26 April 1955
30 Ibid, 9 November 1956
31 **Program**, in besit van mej B Spies, Kroonstad
32 **Die Noordelike Ster**, 14 November 1956
33 Ibid, 26 Augustus 1949
34 Ibid, 21 Oktober 1949
35 Ibid, 28 Oktober 1949
36 Ibid, 4 November 1949
37 Ibid, 25 November 1949
38 Ibid, 17 April 1956
39 Ibid, 30 Mei 1963
40 Ibid, 14 Junie 1963
41 Persoonlike onderhoud met mev Rademan, 5 September 1985
42 Persoonlike onderhoud met mev Z den Hartog, 27 Junie 1985

HOOFSTUK IV

OPERA EN OPERETTE DEUR PLAASLIKE KUNSTENAARS

Drie duidelik afgebakende periodes word aangetref in die opvoering van opera en operettes in Kroonstad deur plaaslike kunstenaars.

1 DIE EERSTE PERIODE (circa 1905 tot 1928)

Gedurende hierdie periode is omtrent nege verhoogwerke aangebied, hoofsaaklik musiekkomedies. Die gewilde musiekkomedies wat veral in Londen en Parys gedurende die laat-negentiende eeu en gedurende die Edwardiaanse era hoogty gevier het, het ook in Kroonstad weerklink.

Die Kroonstadse impresario's het gekies uit die gewildste operettes wat in Europa en Amerika opgevoer is en deur die bekendste komponiste geskryf is, wat daarop gedui het dat hulle vertroud was met die werke wat in oorsese teaters aan die gang was. Hierin lê waarskynlik ook die rede waarom mnr Pickett in 1905 besluit het om **Les Cloches de Corneville** op te voer. Hierdie operette deur Robert Planquette (1848-1903) is vir die eerste keer op 17 April 1877 in Parys opgevoer en was sedertdien oor die wêreld by talle geselskappe gewild weens die onbeskaamde sentiment en romantiek daarvan. [1]

Drie operettes van die Engelse meesters William Gilbert (1836-1911) en Arthur Sullivan (1842-1900) is ook in Kroonstad opgevoer. Eerstens **Iolanthe**, wat vir die eerste keer in 1882 in Londen gehoor is en bekend is vir die uitstekende libretto van Gilbert. Dit is beskryf as

> "...probably the cleverest and most refined lyrics in English",

terwyl die musiek beskou word as kenmerkend van Sullivan se styl: dit het sterk Engelse volksinslag asook 'n tipies Victoriaanse melodieusheid.[2] Hierna het **The Mikado** en **H.M.S. Pinafore** gevolg. Hulle is in 1885 en 1878 vir die eerste kere in Londen opgevoer en **The Mikado** was so populêr dat dit in talle

ander tale vertaal is.

Die Edwardiaanse era in Londen het 'n hele paar komponiste gelewer wat gewilde musiekkomedies geskryf het en waarvan Lionel Monckton (1861-1924) en Sidney Jones (1869-1946) die bekendste was. Drie van Monckton se werke is sowat 'n dekade na hul Londense premières in Kroonstad opgevoer. **The Arcadians** (1909) is beskryf as een van sy beste werke en is veral bekend vir sy toneel by die perderesies waar 'n lewendige perd op die verhoog moet verskyn.[3] Dit is nie bekend of die Kroonstadters 'n perd in hul geselskap ingesluit het nie. **Our Miss Gibbs** (1909), is deur die **Daily Express** bestempel as die ideale musiekkomedie maar is beskou as te tipies Brits en was dus nie lewensvatbaar buite Brittanje nie.[4] Dit is egter wel in 1922 in Kroonstad opgevoer.
The Quaker Girl (1910) het ook 'n gewilde herlewing in Kroonstad beleef, en **The Geisha** (1896) van Sidney Jones is in 1925 in Kroonstad opgevoer.

Een gemene eienskap van al die operettes wat hulle geskik gemaak het om deur amateurs opgevoer te word, was die lang dialoë deur sommige karakters wat nooit nodig gehad het om te sing nie. 'n Voorbeeld hiervan is die rol van die **Markies van Imari** in **The Geisha**, wat oorspronklik vir 'n akteur bedoel was. Die orkestrasie van die werke was oorspronklik ook vir klein teaterorkeste, sodat daar met hierdie aspek ook min probleme in Kroonstad ondervind is.

Vir die Engelse gemeenskap in Kroonstad, vir wie hierdie operettes spesiale betekenis gehad het, was die romantiese inslag daarvan hoogs bevredigend, asook die patetiese karakters, die kwistige gebruik van komiese liedjies met gevatte sêgoed, die feit dat die komedie soms verhaal is uit vreemde situasies en die effek daarvan op Briste karakters, en laastens die pragtige dekor en kostuums.

Hierdie vroeë operettes is opgevoer deur die **Kroonstad Amateur Operatic Society**, die **Kroonstad Philharmonic Society**, die **Kroonstad Amateur Musical and Dramatic Society** en ander onafhanklike groepe. Die persone onder wie se produksieleiding dit plaasgevind het, het waarskynlik almal professionele teaterondervinding elders gehad, maar nadere inligting oor hulle kon nie uit koerantverslae verkry word nie. Leidende figure in hierdie periode was mnr EG Pickett, mnr en mev H Lawson Allan, mnr HL Holland, mnr DJ Kannemeyer, mnr en mev Robert Gregg, mnr JPA Bischoff, professor Voigt en mev AC Mason. Die sangers wat hoofrolle gesing het en wie se name telkens

voorgekom het, was mnre James Strang , Campbell Johnson, D Ross, Max Beilles, mev Blignaut en mejj Madge Allan, Winnie Hill en Thelma Meyer.

1.1 Les Cloches de Corneville

Die **Kroonstad Amateur Operatic Society** se eerste aanbieding was Planquette se operette **Les Cloches de Corneville** wat op 20 September 1905 in Harman's Hall opgevoer is en waarmee 'n tradisie van musikale verhoogaanbiedings deur plaaslike kunstenaars begin het. Die opvoering was 'n groot sukses en dit is merkwaardig dat die musieklewe in Kroonstad reeds in 1905 al so ver ontwikkeld en georganiseerd was dat so 'n opvoering deur 'n koor, soliste en orkes moontlik was:

> "The Amateur Operatic Society scored a huge success with their production of Les Cloches de Corneville. The opera was staged last Wednesday night and was most cordially received by a large and appreciative audience."[5]

Twee verdere opvoerings is aangevra.

Veral die hoofspelers het oortuigend opgetree. Die rol van **Serpolette** is deur mev Ernest Birrell gesing; mev T Goldsmith was **Germaine**; mnr C Bristow as die **Markies van Corneville**

> "made up for dramatic weakness by his picturesque dress and good baritone voice;"

James Strang was **Gaspard** en Campbell Johnson was **The Bailie.** Die orkes het onder leiding van mnr EG Pickett gestaan en die koor, as een van die glanspunte van die produksie, is geprys vir hul goeie samesang, danse en kostuums. Hulle is afgerig deur mev Lawson Allan.

1.2 Iolanthe

Op 11 en 12 Desember 1917 is die komiese opera, **Iolanthe** van Gilbert en Sullivan opgevoer. Die stuk het onder leiding van mnr HL Holland gestaan en sowat veertig persone het deelgeneem. Die rolverdeling was as volg: mev Blignaut was **Phyllis**; mev Holland **Queen of the Fairies**; mej Jessie Smith **Iolanthe**; mejj B Wege, L Bishop en L Grossmark die **Feë**; mnr D Ross **Strephon**; mnr L Cavers **Lord Chancellor** en die koor was **Feetjies** en **Adel.**[6] Die koor is afgerig deur mevv HL Allen en EB Coulson; mej Annie Hattingh

het die klavierbegeleiding gespeel en die Kroonstad Orchestra het ook deelgeneem aan die produksie.

Die staat van inkomste en uitgawes van die aanbieding verskaf interessante detail oor die produksie en veral die moeite wat gedoen is met die rekwisiete. 'n Spesiale skrynwerker en elektrisiën is gehuur asook helpers om die ambagsmanne by te staan in die oprigting van die stel. Die nodige dekor, kostuums en bladmusiek vir die orkes is van die **King Williamstown Amateur and Music Society** gehuur teen vyftien pond. By J Wulff van King Williamstown is pruike gehuur en die koste verbonde aan die Feetjies se kostuums het meer as dertien pond beloop.

Die opbrengs van sestig pond is aan die Rookruis geskenk. Die **Kroonstad Times** het berig:

> "...it was one of the best entertainments ever enjoyed by Kroonstad audiences..." 7

1.3 The Arcadians

Op 16 Oktober 1920 het die **Kroonstad Philharmonic Society** 'n musiekkomedie in drie bedrywe, **The Arcadians**, in die stadsaal opgevoer. In 'n breedvoerige resensie oor die aanbieding het die verslaggewer met trots uitgewy oor die goeie plaaslike talent van Kroonstad. Hy het ook 'n opsomming van die verhaal en die spelers se vermoëns as karakters in die musiekkomedie gegee:

> "Amateur talent of Kroonstad was at its best on Saturday night in the Town Hall. Like most other towns 'on the line', Kroonstad gets its fair share of mediocre, and worse, professional shows, and public opinion invariably gives each show its quota of support with prophetic accuracy. Thus a good show acclaims Kroonstad as a good show town, and the others anything but that. It can be truthfully said that when Kroonstad, at all too long intervals, stages amateur theatricals, a good evening's pleasure is assured. The proof of this is to be found in the attendance. A poor show is usually forecasted, and when given by local amateurs, those who refuse to buy a ticket are few, but personal interest is of as much account to those taking part as the mere price of the ticket. On Saturday evening the Town Hall was packed, and the attendance was yet again a tribute to public opinion. There was not a dull moment throughout the presentation of this remarkably pretty and tuneful musical comedy.
>
> The first scene opened upon a glen in Arcadia with the Arcadians basking in the sunshine of eternal youth. The opening chorus **Arcadians are we**, was tunefully sung and was a good augury of what was to follow. The next was a nymph's dance, very prettily rendered.
>
> Astrophel (sung by Mr. Rademeyer) draws the attention of his beloved

Sombra (Madge Allan) to the arrival of a stranger, Father Time (Mr. H. Blair). He has forgotten them, hence their simplicity and youth. The Arcadians ask Time to bring them a mortal from the outer world; he thereupon wrecks the airships of a certain Smith (Mr. Cavers) a caterer from London. His arrival causes much consternation among the Arcadians who cannot understand lying and jealousy. Their consternation is given voice to in the **Chorus of Fear.** Smith is dipped in the well of Truth where he leaves his age and ugliness and emerges rejuvinated. He is renamed Simplicitas. The other numbers in this scene were a quartette **The Joy of Life,** by Astrophel, Sombra, Chrysea and Strephon; **All a Lie Chorus; They call me Sweet Simplicitas,** by Mr. Cavers; **The Pipes of Pan** by Sombra and the **Farewell Chorus.**

The second scene opens upon a fashionable race-course where Smith, Sombra, and Chrysea arrive during a thunderstorm on their way to London to reform it. The scene opened with a chorus **That's all over,** followed by a song and dance, **Back your Fancy** by Bobby (Mr. J. Ras); **The Girl with a bit of a Brogue** by Eileen Cavanagh (Miss L.Z. Gregg); **The Shower Chorus; Arcadians Ever Young,** by Sombra; duet and dance: **Lovely Weather,** by Jack Meadows (Mr. C Campbell) and Eileen Cavanagh; duet and comedy dance: **Come, Come, Come** by Simplicitas and Mrs. Smith (Miss B. Hawkins); final chorus: **The horses are off.**

The next scene opens in London at the Arcadian Restaurant, which has been started by Mrs. Smith, the caterers' wife, the opening number of which is a chorus and dance by the waitresses and men about town; song: **I like London** by Chrysea (Miss D. Glasser); duet and dance: **I'll meet you at half past two** by Eileen Cavanagh and Jack Meadows; trio: **Truth is so beautiful,** Simplicitas, Jack Meadows and Bobby; song: **I've got a motto,** by Doody (Mr. S. Northfield).

As James Smith and later as Simplicitas, an Arcadian, Mr. Cavers was splendid, and the life and soul of the comedy. Mr. C. Campbell made an ideal Jack Meadows, a young man about town, and the owner of **The Dence** on whose winning the race he staked his all.

Mr. Northfield, as Peter Doody, a jockey who has never won a race, and a person of a funereal disposition, was casted in a difficult part, which he portrayed with wonderful accuracy. Mr. H. Blair, as Time and later as Sir George Paddock, played both parts well. Miss Hawkins was splended as Mrs. Smith; Miss M. Allan always a favourite with Kroonstad audiences surpassed herself as Sombra. Her songs were sweetly rendered, while her perfect elocution gave distinct tone to the whole piece. She was well supported by her three fellow Arcadians Miss Glasser, Mr. Rademeyer and Mr. W. Gibbon (as Strephon). Miss L.Z. Gregg was delightful as Eileen Cavanagh, a charming Irish girl. Her acting, songs and dances were splendid while her association with Mr. C. Campbell in the two duets and her song **The Girl with a bit of a Brogue,** were among the gems of the evening.

The orchestra under the direction of Mr. D.J. Kannemeyer was of great assistance, and the music and accompaniments were of the best. Miss E. Meyers L.C.U., was the pianist. Mrs. H. Lawson Allan, the conductor and all concerned are congratulated on their success of the play." [8]

1.4 Our Miss Gibbs

Op 24 en 25 Maart 1922 het die Philharmonic Society die operette **Our Miss**

Gibbs in die stadsaal opgevoer. Die orkes is deur professor Voigt gedirigeer en die regie is waargeneem deur mej Gregg en mnr Bischoff. Volgens die kritikus kon die stuk gunstig vergelyk word met aanbiedings deur professionele geselskappe:

> "The performance given on Friday and Saturday evenings by the Kroonstad Philharmonic Society were distinctly good, for with the exception of Miss Gregg and Mr. Bischoff the whole company consisted of amateurs. The costumes were beautiful and very attractively worn, and the scenery a pleasant surprise. The ordinary citizen is generally satisfied with two good performers on the stage, but I've heard several grumblers discuss the "stiffness" of some characters. Well, Kroonstad wants a lot and gets a lot, and generally manages to get it, but the public must remember that every one who takes part in an amateur performance is not necessarily a born actor. I maintain however that Our Miss Gibbs as performed by our amateurs knocks many professional companies into a particular cocked hat, and I must really congratulate Mr. Bischoff on his very able management and Miss Gregg on the management of the dancers and the whole company for having given us a really enjoyable evening's entertainment. The music played by the orchestra under the conductorship of Professor H. Voigt added greatly to the enjoyment of the evening, while the accompaniments were well played and gave emphasis and zest to the songs and choruses. With such an orchestra sitting in front of the footlights one might have easily imagined oneself in some big theatre. The orchestra under the conductorship of Professor Voigt was very ably represented by Mr. Kannemeyer and Master Jotila Voigt (violin), Mrs. Coulson (piano) and Mr. W. Gibbon (organ) and did excellent work in conjunction with principals and chorus."[9]

1.5 Little Red Riding Hood

Op 18 November 1922 is die pantomime **Little Red Riding Hood** deur sowat drie-en-veertig deelnemers in die stadsaal opgevoer onder die direksie van mev AC Mason. Die hoofrolle is gesing deur mej W Mason as **Little Red Riding Hood**, mej D Kidd as **Country Girl**, mej D Peck as **Woodman**, mej G Robb as **Fairy Queen** en mnre Rademeyer en Cozen wat 'n humoristiese duet **The Twins** gesing het. Die koor het opgetree as **Houtkappers** en **Plaasmeisies** en het ook danse uitgevoer. Laastens het die kritikus opgemerk:

> "The play was splendidly acted, the singing and dancing creditable, while the general staging and lighting effects were superb."[10]

1.6 The Mikado

Op 5, 6 en 9 Desember 1922 is die Gilbert en Sullivan operette **The Mikado** in die stadsaal opgevoer ter stywing van die St. Georges-Kerkboufonds. Die

geselskap wat almal amateurs was en bestaan het uit soliste, 'n koor en 'n orkes, het sowat vyftig lede getel. In die resensie is die aanbieding asook die rolvertolking bespreek:

> "On Tuesday and Wednesday evenings local amateurs staged Gilbert and Sullivan's comic opera, **The Mikado**, and on both evenings fairly fascinated the large audiences attending, and Mr. H.L. Holland director and conductor is to be heartily congratulated upon the great success of his efforts to cater for the Kroonstad public. Practices and rehearsals have been in progress for the past few months and have been well attended and much hard work put in to give the best possible results. The excellent orchestra numbering twelve, all good amateurs under the leadership of Mr. D.G. Kannemeyer did excellent service and are congratulated upon the result of their efforts. What a difference an orchestra makes. The last comic opera produced in this town by amateurs was **Iolanthe** under the same direction, but it can safely be affirmed the production of **The Mikado** goes even one better, which is saying a lot and should certainly result in the formation of a permanent theatrical society for this town, as it is quite evident we need not depend upon Johannesburg companies to the extent we have done in the past with so much excellent local talent available.
>
> The scenery was gorgeous and costumes were varied and picturesque, the effects of the various stage lights showing them up to the fullest advantage. At times when the fifty performers were all on the stage together the accommodation of the stage was fully taxed and should theatrical matters progress, as we anticipate they will, more space will be necessary. This is a tip to our municipal fathers notwithstanding that the stage of the Kroonstad Town Hall is far in advance of those of other town halls.
>
> Dealing with the dramatis personae of the opera, special mention should certainly be made of Nanki-Poo, Mr. D. Ross who rose to the occasion in splendid style and was in perfect voice, as well as being the amorous lover of Yum-Yum (Miss Lorna Gregg) who received several encores for her singing and acting at each performance.
>
> Miss Gregg and Mr. Ross's duets right through were splendidly rendered and the love scenes seemed almost real. The part of Ko-Ko was in the capable hands of Mr. L.J. Cavers, who has already established a high reputation for acting in Kroonstad. His humour and facial expressions and finally his love scene with Katisha were alone well worth the price of the admission. In Mr. Cavers the amateurs possess one whom it would be difficult to equal; he just lived his difficult and humorous part.
>
> Pooh-Bah, a difficult role to play, was in the hands of Mr. J.S. Rademeyer, who maintained his role in a most dignified manner throughout and rendered his songs with much credit. He expressed himself in no uncertain way of his dislike of girls and it appeared he was rapidly establishing himself as a pronounced woman-hater.
>
> Pish-Tush was represented by Mr. C. Campbell who had not a great deal to do, but what he did he did well and his songs were extremely well rendered and his help was appreciated in the several quartettes. The part songs were one of the most pleasing features.
>
> Pitti-Sing and Peep-Bo, wards of Ko-Ko, were impersonated by

Mrs. E. Dickson and Miss V. King, who looked very charming in their attendance upon Yum-Yum. Mrs. Dickson's singing was much admired throughout the piece; she possesses a sweet voice and knows how to use it to advantage. We should hear much more of this lady on the local stage.

The role of the Mikado was truly represented by Mr. A.E.B. Lamb with much pomp and dignity and his face during the recital of the execution of the 'Second trombone' was a study by his seeming enjoyment of the details of that ghastly tragedy. The selection of Mr. Lamb for this difficult part was fully justified.

Katisha was a most difficult role to sustain, but Mrs. J.N. Blignaut rose to the occasion every time and although spurned and repelled by the great company around her she marches off Mikado-wards to lay her case of rejection before the great Mikado. Mrs. Blignaut proved herself worthy of the call made upon her, much to the delight and satisfaction of the large audience.

The choruses call for exceptional praise. Each member appeared soulful and there was no sign of hesitation, but rather a sign of confidence throughout. To gain such a state of efficiency much patient labour must have been entailed but the result was worth it all. Mr. Holland had the material, and he has moulded it, much as the skilful artist moulds his clay.

Miss E. Armstrong has presided at the piano throughout the rehearsals and also during the performances, and a special expression of thanks is due to her for her unfailing devotion to this important portion of the production. The stage manager was Mr. Coxen." [11]

Die sluitingsaand van die produksie wat op 9 Desember plaasgevind het was die hoogtepunt van die aanbieding. Na afloop van die konsert is 'n geselligheid op die verhoog vir die deelnemers aangebied waartydens geskenke aan die dirigent, mnr Holland en mej Armstrong oorhandig is:

"The third and last performance of the Gilbert and Sullivan comic opera, The Mikado, took place on Saturday evening when the Company and local amateurs played to a crowded house. The presentation was even better than those of the previous Tuesday and Wednesday, and the company did itself the utmost credit and provided a very merry evening to the large audience. The way the various items were enjoyed was demonstrated by the acclamation in which they were received, practically every item being encored. The principals were all in fine voice while the chorus excelled itself." [12]

1.7 The Quaker Girl

Op 12 en 13 Oktober 1923 is die musiekkomedie **The Quaker Girl** deur die **Kroonstad Amateur Musical and Dramatic Society** in die stadsaal opgevoer. Die produksie het onder die bekwame leiding van mnr JPA Bischoff plaasgevind wat ook **The Orchid** (vermoedelik 1921) en **Our Miss Gibbs** (1922) met die Vereniging opgevoer het. Vir die produksie van **The Quaker Girl** is van African Theatres

gehuur

> "...a magnificent wardrobe and a complete new set of scenery for all three acts, so that patrons will not have to gaze at stock scenery with which they are familiar." [13]

Die geselskap is saamgestel uit die beste beskikbare plaaslike talent:

> "It speaks well for those responsible that such an ambitious musical comedy with an enormous cast such as 'The Quaker Girl' can be brought to a successful issue."

Die orkes en koor is afgerig deur professor Voigt en mej Armstrong het die klavierbegeleiding gedoen. Die orkeslede was mnr O Dreyer, T Brunning-Voigt, Potgieter en mejj Malherbe en A Meyer (viool), mnr A Miller (kornet) en mnr TH Blewett (slagwerk). Mev Lionel O'Donovan het die dansers afgerig. 'n Volledige resensie oor die werk word weergegee aangesien dit 'n lewendige bespreking is van elke speler en die gees waarin dit gedoen is:

> "The Kroonstad Amateur Musical and Dramatic Society are to be complimented on what was quite a successful two nights' musical comedy season. During the past few months Professor Voigt has vigorously wielded the baton and worked hard in getting the chorus and orchestra into shape, and so well did the various members respond that last Friday and Saturdays' performances were a triumph for the Society and a step forward in the right direction. 'The Quaker Girl' teems with good, likeable music and mirth, and those who took part in the success may feel confident that the next production will be looked forward to with pleasurable anticipation.
>
> Being a lengthy script, the performance did not terminate until midnight, but the crowded houses and the lateness of the hour did not deter from the merit of the work. Kroonstad audiences love to receive plenty for their money and they got it with a vengeance, and judging by the applause and hilarious laughter of the bumper Saturday house they enjoyed every moment of the four hours.
>
> Mr. J.P.A. Bischoff, the producer and stage manager, is to be commended on a fine company of amateurs, well drilled, and smart in their work, proving that he is a producer of merit and understanding, outclassing past performances which were as successfully produced as 'The Quaker Girl' but with additional success in the latter.
>
> The pretty original dances were arranged by Mrs. Lionel O'Donovan who has been associated with Kroonstad amateur work during the past few years, and it speaks well for her ingenuity that the public appreciate her inventive genius. Besides arranging the dances she played with great success the part of Prudence the Quaker Girl. Always graceful in her stage deportment, she soon captivated her audiences who showed recognition of her clever acting, dancing and singing.
>
> Mr. Max Beiles, as Tony, was good in parts and rather overacted at times, but with a little experience should be an acquisition to the

Society. Mrs. L.K. Hartley, who played Phoebe, was at her best, and we shall look forward to seeing her again. Easy of manner, she played with precision and never faltered. Her association with Mr. Feeney as 'Jerry' will long be remembered. As the Princess, Miss Dolly Glasser played and sang like a professional. We all know Miss Glasser's musical gifts which enabled her to stand out in bold relief in anything she undertakes. Her appearance was quite that of a 'princess', and she dressed the part to perfection. Mrs. Meyer, new to Kroonstad audiences, made a fussy Madame Blum, but she gamely studied the part to a nicety, joyful one moment, and anxious the next; quite a good representation of the original. Miss Wande as Diane, the actress, played with grace and charm while Miss Winnie Mason made an excellent Toinette. The Misses Daly, Edwards and Mullins were sweet as the mannequins of the Maison Blum.

Another find for the Society is Mr. L.K. Hartley, who played Captain Charteris with understanding. As a singer he combined well in all the ensemble work of the principals. Prince Carlo (Mr. Kinsman) looked and played his part to perfection and should become a favourite with local playgoers. Mr. Sam Smith who scored such a success in 'Our Miss Gibbs', again demonstrated that he is an actor of no mean ability and Mr. Rademeyer as the Minister of State, was dignified to a degree. The 'make-up' of Mr. A.E.B. Lamb as Jarge was quite the best of the cast.

Mr. Hiscock also acted well the part of William the waiter. Mrs. Mason, of the 'Chequers', was the ideal landlady; her pretty curls were the envy of all who saw them; she was delightful; and as Jeremiah, the Quaker manservant, Mr. Feeney was a surprise packet. He entered into the game with plenty of go, and considering this was his initial great part, showed promise of becoming a useful comedian. He literally brought the house down with his antics and combined well with his partner for the evening. Mr. Coxen made an excellent Nathaniel and was ably backed up by Mrs. Koller as Rachael. The Quakers looked and did their part to perfection, as also the villagers and the ladies who danced so gracefully. The little dancers associated with Mrs. O'Donovan in the 'Bonnet' song deserved the double encore accorded them.

The gems of the evening for real effect were 'Colleur de Rose', and 'Tony from America', while 'Barbizon', 'A Runaway Match', 'Mr. Jeremiah esquire', 'Just as Father used to do', 'A Dancing Lesson', and last but not least, the 'Quaker Girl's Song', were all well received.

Professor Voigt can be congratulated on training both chorus and orchestra, the singing was excellent and the orchestra did yeomen service.

The following constituted the orchestra:

Miss Armstrong (piano), Mr. O. Dreyer, Master T. Brunning-Voigt, Mr. Potgieter, Miss Malherbe and Miss A. Meyer (violins), Mr. A. Miller (cornet) and Mr. T.H. Blewett (drums).

Everyone who witnessed 'The Quaker Girl' performances were highly delighted with the talent musically, and from a scenic point of view."[14]

1.8 The Geisha

In Januarie 1925 het die Kroonstad Operatic and Dramatic Society besluit om

later in die jaar die Gilbert en Sullivan-operette **The Gondoliers** op te voer. Van hierdie planne het egter niks gekom nie. Op 23 Junie 1925 het lede van die Vereniging in die Caledonian Hall vergader waar ampsdraers vir die volgende jaar gekies is en daar besluit is om van mnr en mev RV Gregg se hulp gebruik te maak by die opvoering van 'n nuwe verhoogstuk. Eers in Julie 1925 is daar ooreengekom om die musiekkomedie **The Geisha** op te voer en daar is onmiddellik met repetisies op Maandagaande in die Parish Hall begin.

Gedurende November en Desember het daar gereeld berigte verskyn oor die vordering van die produksie.

> "'The Geisha' ranks high among musical plays, being brimful of catchy melodies, and sparkling comedy, and though the scene is laid in Japan a pleasant variation is given to the act by introducing European naval officers, a Chinese tea house proprietor, a French soubrette, and some society ladies on a yachting cruise.
>
> The scenery is of typical 'flowery bowery' order; and the picturesque costumes, handsome uniforms, and lovely lighting effects all combine in a feast of colour which delights the eye, while the tuneful music charms the ear.
>
> A production of this sort is the output of many busy brains, and hard-working hands (author, composer, scenic artists, costumes etc.) and when one adds to this the months of strenuous rehearsals on the part of the company to master the songs, dances, dialogue and music, it should certainly culminate in a delightful evening's entertainment for the public."[15]

Aan die einde van November het die dekor en kostuums, wat saam sowat twee ton geweeg het en van African Theatres gehuur is, in Kroonstad aangekom. Die stel is in die Standard-teater in Johannesburg gebruik vir dieselfde operette, en het uit meer as drie-honderd items bestaan. Die Kroonstadse Vereniging het vier maande lank gewerk om die stuk in te studeer en op 3 Desember tydens 'n kleedrepetisie is finale afrondingswerk aan kostuums en beligting gedoen deur die produksieleiers, mnr en mev Gregg. Mev Ann Kannemeyer het in 'n resensie oor **The Geisha** verwys na mnr en mev Gregg, wat skynbaar vroeër professionele operasangers was:

> "...he reminded me vividly of William Thorne, the 'comique' of the Opera Co. in which both Bob Gregg and his wife, Miss Trixie Gilfillan, played in the early days. I'd like the Kroonstad public to know - since he is living here now - that Bob Gregg was the star tenor of South Africa for years, and many of us have happy memories of his rendering of 'Faust' and other star parts in different operas."[16]

Die rolverdeling was as volg: **Mimosa San** - mej Thelma Meyer; **Juliette Dia-**

mond - mej Ada Jacobs; **Nami** - mej Winnie Hill; **Chrysanthemum** - mej L King; **Blossom** - mev AC Mason; **Golden Harp** - mej G Moll; **Little Violet** - mev M Schmetzer; **Butterfly** - mej J Hicks; **Rose** - mej A Malherbe; **Lady Constance Wynn** - mev FH Meyer; **Midshipman** - mej May Border; **Captain Katana** - mnr C Campbell; **Sergeant** - mnr C Yazbek; **Wun-Hi** - mnr Sam Smith; **The Marquis Imari** - mnr FT Coxen; **English Ladies** - mevv H Johnson, O Uckermann, F Gowlett, M Neiman en mej L de Klerk; **Officers** - mnre Max Beiles, C Vaughan, JC Fowler en Eric Nash. Sowat ses dames het as danseresse opgetree.

In 'n resensie is die Vereniging geprys vir hul lofwaardige poging en elke karakter vir sy besondere bydrae:

> "On Saturday evening in the Town Hall the Kroonstad Amateur Musical and Dramatic Society presented the famous musical comedy: 'The Geisha', Mrs. R.V. Gregg assisted by Mr. Gregg, excelled herself as producer and musical conductor. The stage manager was Mr. P.A. Butt; Mrs. Hooper played the accompaniments; the dances were arranged by Miss Ada Jacobs; Mr. F.T. Coxen acted as Hon. Secretary in addition to taking one of the chief parts.
>
> Opening with a chorus and closing with a dance and chorus, the whole performance was bright and breezy. The story is set on Japanese soil with a Chinaman as central figure, and Mr. Sam Smith, who played this part kept everybody in a state of merriment with his varied antics and oriental eccentricities. His Tea House relied on the chief Geisha-Mimosa San, - a rôle filled exceptionally well by Miss Thelma Meyer, and the other Geishas who had to sing to the foreign officers and empty their pockets at the same time. Miss Meyer's songs, especially 'A Geisha's Life' and the 'Jewell of Asia', were beautifully rendered.
>
> Mr. Max Beiles, as the chief officer of H.M.S. Turtle, was very witty in his remarks, several of which were improvised. His singing at the start was not quite up to form, but as the evening wore on he reached his usual standard and his acting generally was splendid.
>
> If anything Mr. F.T. Coxen had a somewhat thankless part to play. He was not exactly a villain, but his duty was to repel, rather than to attract. His wanton arrogance as chief of the police and Governor of the province was forcibly presented. Mrs. F.A. Meyer, as Lady Constance travelling in her yacht, acted her part with befitting dignity. Miss Molly Seamore taken by Mrs. Max Neiman, was a sprightly figure full of devilment and camouflage. Her singing and dancing too, were very much enjoyed. Miss Ada Jacobs, as the little French girl, left nothing to be desired. She was thoroughly at home on the stage, and her dance with Wun-Hi (Mr. Smith) was one of the features of the evening. Others who deserve special mention were Miss May Border, as the midshipman, Messrs. C. Campbell, G. Yazbeek (sic) and C. Vaughan, as Captain Katana, Takamine and an English officer respectively. The scenic effects and kaleidoscopic costumes set off the players to perfection."[17]

1.9 H.M.S. Pinafore

Op 22 Junie 1928 het Kroonstadse amateurs en operaliefhebbers 'n vergadering in die Caledonian Hall bygewoon wat gelei is deur mev AC Mason. Op die vergadering is besluit om die Gilbert en Sullivan-opera **H.M.S. Pinafore** op te voer. Daar is berig dat die persone wat die opera sou opvoer, nie behoort het aan enige plaaslike amateurorganisasie nie, maar almal vrywilligers was. Mevrou Mason se groep het nie 'n vereniging gestig nie maar wel 'n komitee gekies met mnr WA Rowan as voorsitter en verder mejj FA Meyer, TH de Beer, mev Johnston en mnre AC Mason, D Stoker, D Kannemeyer en A Schaffner (sekretaris en tesourier). Dit is nie bekend of hierdie groep ooit die genoemde opera opgevoer het nie aangesien geen verdere berigte, advertensies of resensies gepubliseer is nie.

Die einde van die Eerste Periode

Na 1928 is geen verdere operettes deur amateurs aangepak nie. 'n Rede hiervoor is waarskynlik dat daar nie meer leidende figure op die gebied in die dorp woonagtig was nie en dat die karakter van die dorp gedurende die dertigerjare al hoe meer Afrikaans geword het. 'n Ander rede is dat die Afrikaanssprekendes meer tuis gevoel het in die wêreld van koormusiek (deur kerkkore) as in die wêreld van opera en musiekkomedie wat taamlik vreemd aan hul agtergrond was. Die gevolg is dat daar vanaf die vroeë dertigerjare 'n sterk bewuswording van koormusiek in Kroonstad was wat gelei het tot die stigting van 'n paar uitstekende kore en koorverenigings. Eers sewe-en-twintig jaar later, in 1955, was die klimaat weer reg vir amateurs om self opera aan te pak, aangesien daar ook op nasionale vlak 'n oplewing in opera plaasgevind het, en daar in Kroonstad die regte figure teenwoordig was soos dr T Griffiths, Nohline Mitchell, Myrrha Bantock, Tersteegen van Huyssteen, Olga Rademan en andere.

2 DIE TWEEDE PERIODE (1955-1959)

Gedurende hierdie periode het die klem verskuif vanaf musiekkomedie na opera terwyl operettes ook nog opgevoer is. Die Kroonstadse Filharmoniese Vereniging was verantwoordelik vir die opvoering van **Carmen, Madame Butterfly, The**

Mikado en **The Gondoliers** terwyl die Tegniese Kollege se musiekdepartement **Hänsel und Gretel** aangebied het. 'n Kenmerk van die Tweede Periode is dat daar gereeld gebruik gemaak is van gaskunstenaars asook versterking in die orkesgeledere deur lede van die SAUK-orkes, terwyl daar gedurende die Eerste Periode slegs van Kroonstadse musici gebruik gemaak is.

2.1 Carmen

Op 29 Oktober 1955 het die Kroonstadse Filharmoniese Vereniging die konsertweergawe van **Carmen** van Bizet uitgevoer asook **The Spinning Chorus** uit **Der Fliegende Holländer** van Wagner en **Choral Dance nr 17** van die **Polovtiaanse Danse** uit **Prins Igor** van Borodin.

Die onvermoeide dirigent van die Filharmoniese Vereniging, dr Teasdale Griffiths het alles in sy vermoë gedoen om van die opvoering 'n sukses te maak. Die koor en orkes het twee keer per week geoefen en die orkes het ook in Johannesburg saam met lede van die SAUK-orkes gaan oefen, om 'n goeie ensemble op te bou aangesien daar van SAUK-spelers gebruik gemaak is om die Filharmoniese Orkes te versterk. Die koor het uit honderd lede bestaan.

Die rolverdeling vir **Carmen** was as volg: **Micaela** - Olga Rademan (sopraan), **Carmen** - Nohline Mitchell (mezzosopraan), **Don José** - Gert Potgieter (tenoor) en **Escamillo** - Robert Day (bariton). Die Filharmoniese koor van vier-en-vyftig lede en die Notre Dame-kloosterkoor van drie-en-vyftig lede het saam met lede van die Filharmoniese Orkes opgetree. Lede van die SAUK-orkes het ook opgetree, en het uit die volgende persone bestaan: eerste viool - J Spira (leier); C Reynolds, J Yaman, G de Villiers, L Brown, D Japp; tweede viool - O Dreyer, P Symons, R Oosthuizen, L de Roo, T Strauss, P Payne; altviool - L Lange, S Goldstein; tjello - R Traill; kontrabas - W van der Klaauw; fluit - H Gardner en P Marsicano; klarinet - M Muskett en S Mitchell; hobo - E Casonie; fagot - J de Groen; horing - P Brassens en A Herla; trompet - A van Nasveld; tromboon - R Eschner en J Smith; timpani - D Gregg; slagwerk - J Walker.

In die resensie is die Vereniging en dr Griffiths gelukgewens met die uitvoering. Die Kroonstadse sangers het 'n gunstige indruk gemaak, asook die koor wat sterk ondersteunende sang gelewer het. As gevolg van te min mansstemme was daar soms balansprobleme by die koor wat by wyle skel geklink

het. In die uittreksel uit **Der Fliegende Holländer**, het die koor egter hul goeie reputasie herstel:

"The Kroonstad Philharmonic Society successfully presented Novello's concert version of the always popular Opera 'Carmen' by Bizet to a large and appreciative audience in the Town Hall at Kroonstad on Saturday night. It was a brave attempt for which Dr. Teasdale Griffiths, the producer-conductor, and the local orchestra augmented by a number of instrumentalists from the S.A.B.C. orchestra must get full credit. The programme provided a pleasing variety in which a full chorus of about 90 male and female voices were magnificently supported by a full orchestra to which a great deal of the success of the concert must be attributed. The soloists, three of whom are local artists, acquitted themselves very creditably of their roles, but a word of special appreciation must go to Nohline Mitchell (Carmen) who gave a fine and convincing rendering of her part. Her resonant lower register and rich quality pleased particularly in the Habenera portion where she sang the delightful solo - 'Love's a mischievous, wilful bird', and in the duets with Gert Potgieter who has a glorious, polished tenor voice, which blended pleasingly with Nohline Mitchell's rich mezzo-soprano and with Olga Rademan's light soprano, sang his parts with ease and distinction. Both Olga Rademan (Micaela) and the baritone, Robert Day (Escamillo) pleased the audience. Olga Rademan's plaintive, almost pathetic appeal to her faithless lover, Don José, in the aria 'This must be the place' was well rendered. Potgieter's interpretation and singing of the 'Flower Song' was one of the highlights of the evening which captivated the audience completely. The robust, haunting melody of the Toreador's song, sung by Robert Day, was placed at the end for the purpose of creating an effective ending, according to the arrangement of Dr. W. Mc Naught, editor of the Novello version. The strong supporting chorus performed a splendid job and produced a vivacious atmosphere with their spritely gestures in the opening scene, and with the effectiveness of their brilliantly coloured costumes. It was a pity that the balance was disturbed at times by the preponderance of the female voices (especially the soprano's) which almost drowned the other parts. Being greatly outnumbered, the male voices had to battle it out against overwhelming odds, although wedging them in the centre with the other voices ranged round contributed to good blending. The effectiveness of some of the climaxes was spoilt through obviously forcing the voices on the top notes thus producing a harsh, strident result. 'Generally speaking it was a very fine performance, admirably conducted, but the fine supporting chorus was inclined too much to go all out in their efforts to be heard when actually a little light and shade would have been more desirable', said Mrs. Dolly Neiman, an experienced composer, coach and producer for S.A. Eisteddfodou and African Theatres in Cape Town.

...Mrs. S. Keevey whose excellent accompanying at the piano called for a deserved round of applause. In the second half of the programme a chorus of female voices supported by the full orchestra sang 'The Spinning Chorus' from the opera 'The Flying Dutchman' with pleasing effect. A very disturbing factor, however was the fact that nearly everyone kept her eyes glued to the score and caused some interference with the smooth flowing rhythm by turning the pages with such gusto. Nohline Mitchell sang the solo parts. The effective orchestral opening to the choral dance from 'Prince Igor' by Borodin produced the correct mystic Oriental air. The strange jangling almost discordant harmonies produced

> by a strange combination of instruments was fascinating and the massed choir sang the piece with vigour. At times the brass instruments were almost overpowering, even though they were supposed to create an atmosphere of barbaric splendour, such as this composer is capable of. One can only hope that the success of this new venture will be an impetus to yet greater efforts, and the Philharmonic Society is to be congratulated on a meritorious achievement." [18]

Die opera is ook op 5 November tydens 'n middagvertoning spesiaal vir skoolkinders opgevoer.

2.2 Madame Butterfly

Aan die einde van Oktober 1957 het mnr A Rota, direkteur van die National Operatic Association of South Africa, met dr T Griffiths in Kroonstad samesprekings gevoer met die doel om 'n tak van sy vereniging op Kroonstad te stig. Hierdie verwikkeling kon voortspruit uit die jarelange vrugbare werk wat dr Griffiths op Kroonstad gedoen het.

Mnr Rota, wat voorheen aan La Scala in Milaan verbonde was, is deur kunskritici as die dryfkrag agter opera-produksie in Suid-Afrika beskou. Hy het hom ook toegespits daarop om oor die hele land takke te stig waar kore en moontlike soliste vir opera opgelei kon word. Mnr Rota se plan in Kroonstad was om 'n tak te stig waarvan dr Griffiths die dirigent was, met die taak om koorlede af te rig wat bykomend gereeld deur mnr Rota self afgerond sou word. Die dorp sou baat deur jaarliks sy eie opera te kan opvoer deurdat soliste vanaf Johannesburg gestuur sou word om die opera op die planke te bring. Mnr Rota se vereniging sou ook kostuums en dekor verskaf.[19] Die eerste opera wat beplan is, was Puccini se **Madame Butterfly**, wat in 1958 in Kroonstad opgevoer is.

Op 13 November is 'n vergadering in die Caledonian Hall gehou om die tak te stig. Tydens die vergadering wat onder beskerming van die Kroonstadse Musiekvereniging plaasgevind het is planne gefinaliseer om **Madame Butterfly** in 1958 op te voer met lede van die SAUK-orkes.[20] Geen resensies is oor hierdie produksie gepubliseer nie.

2.3 The Mikado

Op 25 en 26 Oktober 1957 is Gilbert en Sullivan se komiese opera **The Mikado** vir 'n tweede keer in Kroonstad opgevoer, hierdie keer deur die Filharmoniese

Vereniging. Die rolverdeling is beset deur slegs Kroonstadse kunstenaars:

> "There has been a real pooling of resources and talent to bring to the public of Kroonstad this delightful comic opera with its popular melodies and humorous libretto."[21]

Myrrha Bantock, kunsdosente aan die Tegniese Kollege, was die produksieleidster en was ook verantwoordelik vir die dekor en ontwerp van die kostuums.

Pat Marock het die choreografie gedoen en het die koor en soliste in hul bewegings en danse afgerig. Dr Griffiths was die musiekdirekteur en dirigent.

Die aanbieding van **The Mikado** was die musikale hoogtepunt van die jaar:

> "...the cast of fifty repeatedly drew thundering applause by their animated and spontaneous performance. It is a fact worthy of mention that only local players took part and the respective parts of Nankiepoo (Dougy Yazbek), Mikado (Bob Day) and Pish-tush (Marius Louw) were interpreted with conviction.
>
> Angus MacLennan made a very attractive and pleasing Yum-Yum, ably supported by Winifred van der Vyver (Pitti-Sing) and Joan Johnson (Peep-bo). Both Peter Munns (Pooh-Bah) and Albert Foster (Ko-ko) deserve special credit for their superb acting as does Nohline Mitchell for her brilliant singing and dramatic interpretation as Katisha.
>
> A good balance was maintained throughout, and some chorus- and ensemble-numbers were rendered most effectively. Unfortunately the encores of solos during the second act, unnecessarily prolonged the performance.
>
> With the exception of some dance movements which were not typically Japanese, the Japanese background was on the whole maintained.
>
> The orchestra, ably led by Olga Rademan, was responsible for a sympathetic accompaniment, although the intonation of the strings wavered considerably at times."[22]

2.4 Hänsel und Gretel

Op 14 Februarie 1958 is aangekondig dat

> "For the first time in its musical history Kroonstad will be privileged to see, later this year, Grand Opera performed by purely local talent."[23]

Humperdinck se opera **Hänsel und Gretel** is deur die Musiekdepartement van die Tegniese Kollege aangepak. Tersteegen van Huyssteen was die musiekleier, Myrrha Bantock die produksieleier en Johan van Niekerk die bestuurder. Anton Hartman het die SAUK-orkes gedirigeer en Susie Fourie, dosente by die Kollege, het die klavierbegeleiding waargeneem. Myrrha Bantock was ook

verantwoordelik vir die beligting, dekor en kostuums. Die choreografie is deur Pat Marock en Louise Lombard gedoen en hulle dansleerlinge het die ballet uitgevoer. Die koor is deur die Kroonstadse Koorvereniging gevorm en die rolverdeling was as volg: Pat Marock as **Gretel**; Martie Wege as **Hänsel**; Olive Antonie as **Die Heks**; Nohline Mitchell en Bob day as **Moeder** en **Vader**; Trudy van Niekerk as **Sandmannetjie** en Desirée Haddad as **Doumannetjie.**

Die opera wat op 24 en 25 Oktober in die stadsaal plaasgevind het is in hoofopskrifte as 'n "triumph", "brilliant success" en "magnificent achievement", beskryf:

> "...The charm of Humperdinck's fairy-tale opera lost nothing in being presented by younger artists, and indeed, the performance could have put many a professional company to shame. This is the first time that an opera has been performed in its entirety by teachers and students of a Technical College, and it has set a standard which will be hard to equal." [24]

Die verslaggewer van die **Noordelike Stem** het verder gesê dat die dekor, kostuums en beligting wat deur Myrrha Bantock en lede van haar Teatergroep verskaf is, baie kunstig was terwyl mnr Van Huyssteen se deeglike afrigting van die soliste en koor die musikale sukses van die aanbieding verseker het.

Die optrede van die soliste was ook baie oortuigend:

> "...Heading the cast, Patricia Marock's 'Gretel' left nothing to be desired, and Martie Wege's 'Hänsel' had a 'gamin' quality which charmed everyone. Nohline Mitchell and Robert Day (mother and father) gave dramatic support to the children and the fine acting of Olive Yazbek as the witch, with Trudy van Niekerk as an appealing 'sandman' and Desiree Haddad a dainty dew fairy, completed the picture.
>
> Highlights of the performance were the exquisite mezzo-voice singing of the children in the wood, the fine Angels' ballet (produced by Louise Lombard), the portrayal of the wicked witch by Olive Yazbek, and the rousing finale. The accompaniment was in the capable hands of Anton Hartman, with members of the S.A.B.C. orchestra and Miss Susie Fourie (pianist). The young dancing pupils of Pat Marock gave an excellent account of themselves in the Will **o**'the Wisp."[24]

Anton Hartman het die gehoor toegespreek nadat die finale gordyn gesak het en het gesê dat dit "a magnificent achievement" was.

2.5 The Gondoliers

Op 8, 9 en 16 Mei 1959 het die Filharmoniese Vereniging met dr Griffiths as

dirigent en Myrrha Bantock as produksieleidster, die Gilbert en Sullivanopera **The Gondoliers** in die stadsaal opgevoer. Die Filharmoniese Orkes en -Koor het opgetree en Dolly Neiman was die pianiste. Kostuums is verskaf deur die Johannesburgse Opera- en Dramavereniging. Pat Marock was verantwoordelik vir die Spaanse Dans.

Die Filharmoniese Orkes is aangevul met spelers van die SAUK-orkes en het uit die volgende lede bestaan: eerste viole: D Japp, L Brown en J Yaman; tweede viole: L Joubert, P Symons, K van Tonder en J Louw; tjello: J Payne; fluit: H Gardner; hobo: S Mitchell; klarinet: J Reynders en H Harrison; fagot: J de Groen; trompet: H Kunnen, J MacLennan; tromboon: J Kunnen.

Kroonstadse sangers het die volgende rolle gesing: Robert Day was **Don Alhambra Del Bolero**, Dougy Yazbek was **Marco Palmieri**, Nohline Mitchell was die **Hertogin van Plaza-Toro**; Peter Howard was **Francesco**, Buddy Castleman was **Giorgio**, Angus MacLennan was **Casilda**, Winnie van der Vyver was **Tessa**, Eunice Yazbek was **Fiametta**, Kathleen Dittberner was **Vittoria** en Rina de Hart was **Giulia.** [25]

Vier van die soliste het van buite Kroonstad gekom naamlik dr Ronald Frost van Welkom in die rol van **Giuseppe Palmieri**, Temmy Yazbek van Virginia as **Luiz**, Francis Berg van Virginia as **Antonio**

Die opvoering van **The Gondoliers** voor vol sale was 'n groot sukses. Die sewe Kroonstadse soliste wat die hoofrolle gesing het, het gunstige kritiek ontvang:

> "Mr. Douglas Yazbek really excelled himself and had no option but to oblige with an encore after rendering 'Take a Pair of Sparkling Eyes'. Perhaps this unexpected call unnerved him thus depriving him of the zest of his former interpretation.
>
> Mr. Albert Foster as the Duke of Plaza-Toro, deserves special mention. He both played and sang his way to popularity with the audience.
>
> Nohline Mitchell played the part of the Duchess, tolerant of her husband because of his descent and standing and most keen for her daughter (Mrs. Angus McLennan) to marry the successor to the throne.
>
> Mesdames Winnie van der Vyver and Rhona Cranko thoroughly enjoyed their parts which they played convincingly. The Spanish dancers, Carol-Anne Moll and Tertia Slabbert added to the attraction of the performance.
>
> Robert Day personified the pompous Grand Inquisitor, wearing his costume with grace and ease and totally ignoring the republican trend of the subjects." [26]

3 DIE DERDE PERIODE

Die derde periode het in 1962 'n aanvang geneem toe die musiekafdeling van die Tegniese Kollege begin het om operas (in verkorte weergawe) en operettes op te voer as deel van hul jaarlikse konserte.

3.1 Bastien und Bastienne

Op 2 Oktober 1962 is Mozart se jeugopera **Bastien und Bastienne** opgevoer. Die pragtige dekor en kostuums is deur Majak Bredell, 'n senior kunsstudent van die Kollege ontwerp, die beligting is deur Myrrha Bantock gedoen en Alexandra Buckle, dosente in drama, het die regie waargeneem. 'n Orkes het onder die vaardige hand van mnr Van Eck gesorg vir die begeleiding en het bestaan uit drie lede van die Vrystaatse Strykkwartet naamlik Jack de Wet (viool), Harry Cremers (tjello), Francois Bouguenon (altviool) en Kroonstadse kunstenaars Dawid Japp en Enike van Dyk (viool), Cor Schriek (fluit), Mick Mitchell (hobo), Jacques Yaman (klarinet) en Trudy van Niekerk (klavier).

Pat Marock as **Bastienne**, Olive Antonie as **Bastien** en Martie Wege as **dr Fels** was 'n gelukkige keuse vir die rolverdeling. Die drie sangeresse het nie net pragtig gesing nie maar hulle ook met die grootste gemak in hul rolle ingeleef:

> "...die lieflike sang van die drie karakters en die deurgaans uitstekende groepering het van die uitvoering 'n ware juweeltjie gemaak."[27]

Laastens het die kritikus opgemerk:

> "...Die hele opset van die konsert was kunsvol en waardig en 'n deeglike bewys dat daar werk van hoogstaande gehalte gedoen word aan die Kroonstadse Tegniese Kollege."[27]

Toe Nohline Mitchell in 1964 aangestel is as sangdosente het sy die inisiatief geneem om 'n aantal operas en operettes op te voer waarin sy haar senior-sangstudente gebruik het. Sedert 1968 het sy reeds sewe operas opgevoer.

3.2 Die Kadi Uitoorlê

Op 6 November 1968 het hulle tydens 'n musiekkonsert in die CR Swart-saal

CW Gluck se opera in een bedryf, **Die Kadi Uitoorlê**, opgevoer. Die konsert is ten bate van die terroristefonds gehou en mnr en mev CR Swart was die eregaste. **Die Kadi Uitoorlê** is deur Hannah Wessels in Afrikaans vertaal, deur Nohline Mitchell afgerig en Dorothy Shaw het die regie waargeneem. Die rolverdeling was as volg: Pieter Ferreira was **Kadi**, Olga Rademan het die rol van **Zelmira** gesing en Dougy Yazbek was **Nuradin**. Ander karakters in die opera is vertolk deur Dina Pretorius (**Fatima**), Jan Swart (**Omar**), Deborah Venter (**Omega**), Gerrit Bekker (**Aga**) en die klavierbegeleiding is deur Doreen Kraut gespeel.

Die tweede deel van die program het bestaan uit opera-uittreksels. Nohline Mitchell is deur Bettie Erwee begelei in 'n vertolking van die **Openingskoor** en **Paaskoor** uit **Cavalleria Rusticana** van Mascagni. Olive Antonie het **O Love From Thy Power** en **Softly Awakes My Heart** uit **Samson and Dililah** van Saint-Saëns gesing en sy is deur Attie Badenhorst begelei. 'n Kwintet bestaande uit Olga Rademan, Martie Wege, Dougy Yazbek, Jan Swart en Pieter Ferreira het **Bella figlia dell' Amore** uit **Rigoletto** van Verdi gesing, waarna Nohline Mitchell vervolg het met **O Don Fatale** uit **Don Carlos** van Verdi. Die Kroonstadse Manne- en Dameskoor het die aand afgesluit met die **Miserere** uit **Il Trovatore van Verdi**, die **Habanera** uit Carmen en **Lied van die Toreador** van Bizet.

3.3 Brigadoon

Op 12 September 1970 het die Tegniese Kollege Lerner en Loewe se operette **Brigadoon** opgevoer. Nohline Mitchell het die musikale versorging gedoen en Dorothy Shaw die regie. Olga Rademan het die rol van **Fiona** gesing en Dougy Yazbek was **Tommy Albright**, Tim Kelly was **Jeff Douglas**, Dawid Leibowitch was **Harry Ritchie**, Fanie Nel was **Charlie Cameron** en Leslie Yorke was **Jean**. Die koor, orkes en soliste het gunstige kritiek ontvang:

> "Nohline met haar kennis en ondervinding van die opera het haar goed van haar taak gekwyt. Die orkes het die spel goed gedra. Doreen Kraut voor die klavier was puik soos altyd. Die goedafgerigte koor het mooi spontaan gesing en die neuriekoor in die agtergrond was baie effektief. Olga het haar rol met oorgawe en duidelike genot vertolk. Dougy Yazbek het ewe-eens goed gespeel en mooi gesing - 'n populêre operettepaar met hul musikale en artistieke aanvoeling."[28]

3.4 Papageno

Op 7 Oktober 1972 het die Kollege-konsert uit 'n tweeledige program bestaan. Die eerste helfte van die program is gewy aan die klavier en solo's is gespeel deur Frikkie Strydom, Yetta Chin, Hester Beyers, Thea Immelman en Mercedes Pavlicevic. Na pouse is **Papageno**, 'n verkorte weergawe van Mozart se **Towerfluit**,deur Nohline Mitchell en haar sangstudente opgevoer. Dorothy Shaw was die regisseuse. Die rol van **Papageno** is gevul deur Pieter Ferreira terwyl Zillah Weavers **Papagena** was. Die **Drie Dames** was Debbie Venter, Sarie Theron en Molene Richards. Henk Langenhoven was **Monostatos** en sy **Vier Slawe** was Lida Bezuidenhout, Miriam Koch, Johanna Roux en Elise van Staden. Doreen Kraut het die klavierbegeleiding gespeel en Frikkie Strydom die Glockenspiel-solo's.

3.5 Madame Butterfly en Die Huwelik van Figaro

In 1974 het Nohline die tenoor Sjoerd Beute genooi om saam met haar en haar studente op te tree by die Kollege-konsert:

> "Nohline is of the opinion that her more advanced pupils are now singing so well that performing with an artist as experienced as Sjoerd Beute can only benefit and encourage them, to a stage where they will give of their very best." [29]

Op 6 en 7 September 1974 is verkorte weergawes van **Madame Butterfly** (met Sjoerd Beute in die rol van **Luitenant Pinkerton**) en **Die Huwelik van Figaro** in die stadsaal aangebied.

Die rolverdeling in **Madame Butterfly** was as volg: Pieter Ferreira was **Sharpless**, Jacques Hattingh was **Goro**, Elise van Staden was **Suzuki** en Zillah Weavers was **Madame Butterfly**.

Hierna het Sjoerd Beute, begelei deur Doreen Kraut uittreksels uit operas soos **Don Giovanni**, **Carmen**, **Un Ballo in Maschera** en **La Traviata** gesing.

Na pouse het **Die Huwelik van Figaro** gevolg met Pieter Ferreira in die titelrol, Eunice Smith as **Susanna**, Molene Richards as **Marcellina**, Sarie Theron as **Cherubino**, Jacques Hattingh en Deborah Venter as die **Graaf en Gravin Almaviva**. Die geselskap het verder bestaan uit M Geyer, M Rule, E Wessels,

M Strydom, M Koch, J Roux en D Venter.

Hierdie operas is deur Nohline Mitchell gedirigeer en Doreen Kraut het die klavierbegeleiding gespeel. Die dekor is ontwerp en geskilder deur Dorothy Shaw en Dianne Schonborn terwyl TRUK en SUKOVS die kostuums en pruike verskaf het.

In 'n resensie is mev Mitchell geprys vir haar verdienstelike taak en het Sjoerd Beute asook die Kroonstadse sangers gunstige kritiek ontvang:

> "In 'Madam Butterfly' is die titelrol met oortuiging gesing en met net die nodige onskuld en naïwiteit 'n waardige Butterfly teenoor die enigste professionele sanger in die aanbieding, Sjoerd Beute. Wat 'n voorreg om hierdie begaafde sanger in ons midde te gehad het. Beute beskik oor 'n besonderse stem wat hy met groot gemak maar ook beheersdheid gebruik.
>
> Sy asembeheer is puik en sy rol as Pinkerton is goed vertolk. Met sy aangename persoonlikheid was hy dan ook 'n uitstekende metgesel vir Butterfly, alhoewel sy vertolking soms onoortuigend was.
>
> Suzuki het ook 'n goeie vertoning gelewer en die duowerk tussen haar en Butterfly was uitstekend. Die kleiner rolle het goeie ondersteuning gebied maar het soms styf en afsydig voorgekom, wat die vloei van die werk effens gestrem het. Die ensemble-sang was uitmuntend en veral die slottoneel was baie effektief." [30]

Die kritikus was van mening dat **Die Huwelik van Figaro** meer suksesvol was omdat daar meer handeling en intrige was. **Figaro** het daarin geslaag om die gehoor te boei met sy goeie stem en oortuigende spel. Die ander karakters se vertolkings is as volg beskryf:

> "Susanna is 'n ware fonds en 'n gebore toneelspeelster. Sy het sprankeling en sjarme aan die rol gegee en mens kan slegs vertrou dat meer van hierdie begaafde sangeres gesien en gehoor gaan word. Marcellina se kort verskyning het geskitter met sarkasme, lis en beheerste venyn.
>
> Pragtige sang is gelewer deur Cherubino wat soos 'n juweel geblink en gedartel het. Bietjie meer vertroue in toneelwerk kan hierdie sangeres baie baat. Die Graaf het hom goed van sy taak gekwyt en toon 'n goeie kennis van die verhoog. Hierdie stem moet nog tot ontwikkeling kom maar wys reeds goeie moontlikhede.
>
> Die Grafin (sic) het 'n moeilike rol goed gedoen maar was nie konsekwent in haar vertolking nie. Sy het egter die waardigheid en patos by tye baie goed vertolk. Koorwerk was weereens van besondere gehalte.
>
> Die kostuums en dekor was besonder goed en smaakvol en die begeleiding deur Doreen Kraut was deurgaans simpatiek, ondersteunend en van die hoogste gehalte." [30]

3.6 Oklahoma

In 1979 het Nohline Mitchell Rodgers en Hammerstein se operette **Oklahoma** in die Skouburg opgevoer. Hierdie produksie het nie soos die vorige aanbiedings onder beskerming van die Tegniese Kollege gestaan nie, maar is deur die Gevangenisdiens aangebied.

Die rolverdeling was as volg: Olive Antonie was **Aunt Eller**, Pierre Joubert was **Curly**, Elise van Staden was **Laurey**, Jan Jacobs was **Slim**, Eunice Smith was **Ado Annie** en Ken Myer was **Will Parker**. Mev Mitchell was die dirigente en die begeleiding is gespeel deur 'n orkes wat saamgestel is uit sewe lede van die Gevangenisdiensorkes met Doreen Kraut as pianiste. Majoor Fritz Kraut het die orkesverwerkings gedoen. Die choreografie is waargeneem deur drie balletonderwyseresse van Kroonstad naamlik Hazel Dell, Dawn de Witt en Peggy Lowry.

VOETNOTE

1 Traubner, Richard, **Operetta A Theatrical History**, New York, Doubleday and Company Inc, 1983, p 87
2 Ibid, p 165
3 Ibid, p 209
4 Ibid, p 208
5 **The Friend**, 28 September 1905
6 Ibid, 24 November 1917
7 **The Kroonstad Times**, 26 Februarie 1918
8 Ibid, 19 Oktober 1920
9 Ibid, 28 Maart 1922
10 Ibid, 20 November 1922
11 Ibid, 8 Desember 1922
12 Ibid, 12 Desember 1922
13 Ibid, 5 Oktober 1923
14 Ibid, 19 Oktober 1923
15 Ibid, 17 November 1925
16 Ibid, 8 Desember 1925
17 Ibid, 8 Desember 1925
18 **Die Noordelike Stem**, 4 November 1955
19 Ibid, 8 November 1957
20 Ibid 15 November 1957
21 Ibid, 11 Oktober 1957
22 Ibid, 8 November 1957
23 Ibid, 14 Februarie 1958
24 Ibid, 31 Oktober 1958
25 Program vir **The Gondoliers** - program in besit van mnr Robert Day, Kroonstad
26 **Die Noordelike Stem**, 15 Mei 1959
27 Ibid, 26 Oktober 1962
28 Ibid, 18 September 1970
29 Ibid, 2 Augustus 1974
30 Ibid, 20 September 1974

HOOFSTUK V

KROONSTADSE ORKESTE

Kroonstad het 'n lang geskiedenis van orkeste wat begin in 1897 met die stigting van die Heilsleërorkes. Later is verskeie pogings aangewend om 'n dorpsorkes op die been te bring, maar sulke orkeste het nooit lank bestaan nie. Hulle was gedurig onderworpe aan 'n proses van verandering; byvoorbeeld 'n orkes wat ontwikkel in 'n orkesvereniging en dan later in 'n musiekvereniging - wat dan nie meer suiwer 'n orkes was nie. Deur hierdie veranderings is die oorspronklike konsep dikwels gesmoor.

In 1963 is die Gevangenisdiensorkes gestig en aangesien dit gebruiklik is om 'n militêre orkes by die betrokke eenheid se opleidingskollege te plaas, is die orkes op Kroonstad gestasioneer. Hierdie orkes was sedert sy stigting die enigste militêre orkes in die Vrystaat en ook die eerste orkes in Kroonstad wat professionele musikante aangestel het.

1 DIE HEILSLEËRORKES

Toe die Heilsleër in 1865 in Londen deur William Booth gestig is, was een van die doelstellings van die beweging om nuwe lede aan te moedig om persoonlik betrokke te raak by die werk van die organisasie. Lede kon nie passief agteroor sit nie maar moes aktief deelneem en wanneer iemand 'n instrument kon speel, of sing of 'n toespraak maak, is daar van hom verwag om sy talent in diens van God te plaas.

Terselfdertyd was daar 'n groeiende belangstelling in die blaasorkes, veral miskien as gevolg van die Britse militêre-orkeste wat oor die hele wêreld die glans en mag van die Britse Ryk vertoon het, en dit het die ontstaan van orkeste binne die Heilsleër aangemoedig. Eric Ball het daarop gewys dat dit veral die arm Engelse werkersklas was wat gretig was om in blaasorkeste van die Heilsleër te speel:

> "The Working Class - most of whom were very poor and underprivileged less than a hundred years ago - could find a comparatively easy way of making music together. These were the people the Army attracted, and anyone who played instruments of any kind - brass, woodwind, concertinas, banjos, accordions, aeolian harps, anything - were encouraged to bring them to the indoor and open-air meetings in order to 'make a joyful noise unto the Lord' and attract the attention of the public - which certainly they did..."[1]

Die stigter van die Heilsleër, generaal Booth, het die orkes as 'n "peripatetic organ"[2] beskryf, dus 'n "orrel" wat nie in die Kerk bly nie maar uitgaan om die mense te ontmoet.

Die Heilsleër het Kroonstad in 1891 bereik toe 'n paar lede hulle in Kroonstad gevestig het: die Korps is in Desember 1891 deur Kaptein Stone (mev kolonel Bradley) gestig. Vroeër het 'n paar lede van die Heilsleër hulle op Kroonstad gevestig en die behoefte na 'n Korps en offisiere ingesien en die organisasie se hoofkwartier hieroor ingelig.

Kaptein Stone is dan ook gekies om na Kroonstad te gaan. Die lang reis na Kroonstad was vermoeiend en omstandighede is vererger deur swaar reën en die ongemak van 'n muilwa en perdekar. Die aankoms in Kroonstad is as volg beskryf:

> "I well remember the dark wet night we reached the Town. Being strangers we did not know where to locate the comrades, but to let the people know that the Pioneers had come a voice was raised from the wagonett stating that the Salvation Army had arrived. This was at a late hour, about 9.30 p.m., and wonderful to say this aroused a little band of Salvationists who had gathered together in prayer, asking God to bless and send along officers."[3]

Hierdie pioniers is deur Jack Rowe en sy vrou ontvang en hy sou later een van die stigterslede van die Kroonstadse Heilsleërorkes wees. Teen 1897 was daar alreeds soveel lede van die Heilsleër in Kroonstad dat 'n orkes gestig is. Die stigterslede was Charlie Medlin (orkesleier of "Bandmaster"), JD Rowe (Jack) (sersant-majoor), Peter Lehman sr (kornet), Harry Rowe (bombardon), Andrew Richards (kornet), mnr Tippett (kornet), JD Rowe sr (tenoor), George Dilley (snaartrom), Dick White (bastrom) en JH Hartley.

Vanaf die vroegste dae het die orkes ingeskakel by sosiale geleenthede van die dorp soos militêre parades en kransleggings, 'n tradisie wat volgehou is tot die orkes se ontbinding in 1977:

> "In the days when the band was formed there were not so many attrac-

> tions as there are today and the band caused quite a stir. They made good progress; so much so that their services were not only used in the Salvation Army meetings, but they headed the march of the old Free State Burgers to their 'Wapenskou'. Veldkornet Thring (now Colonel) with his assistant (the late W.B. Walker) in their gorgeous uniforms were much in evidence in those days. Colonel Thring's love for the Army Band still survives, and he never forgets to thank the band whenever he gets in contact with them, notably on the annual Armistice Day, when they head the march down the main street and play at the united service in the Town Hall." [4]

Mev Lehman, weduwee van die laaste orkesleier, beskik tans oor 'n waardevolle versameling ou foto's wat die geskiedenis van die orkes uitbeeld. Een van die oudste foto's van die orkes toon instrumente soos 'n viool, tafelharp, bastrom, snaartrom, tuba, kornet en tamboeryn. Hieruit kan afgelei word dat die orkes ontstaan het uit mense wat reeds verskillende instrumente kon bespeel en dat opleiding in koperblaasinstrumente eers later begin het.

Die eerste orkesleier, Charles Medlin, het begin orkeslede oplei en in 1905 het mnr JH Hartley oorgeneem en die orkes vir een-en-twintig jaar gelei totdat hy in 1926 tydelik oorgeplaas is na Oos-Londen en later na Springs. In 1926 het AJ Brothers orkesleier geword en hy is weer opgevolg deur James DA Rowe. Die laaste orkesleier was Peter Lehman sr wat in 1919 'n lid van die orkes geword het. Sy ouers was stigterslede van die Heilsleër in Kroonstad. In 1926 het hy **Band Secretary** geword en in 1930 **Deputy Bandmaster.** In 1934 is hy na Graaff-Reinet oorgeplaas waar hy 'n orkes gestig het en tot in 1937 gelei het. In dieselfde jaar het hy na Kroonstad teruggekeer as orkesleier.

Volgens sy weduwee was hy baie musikaal en het sy liefde vir die orkes nooit getaan nie.[5] Hy het dwarsdeur sy loopbaan as orkesleier gereeld aan jong lede en belangstellendes tuis les gegee en op Donderdagaande het die orkes onder sy leiding gerepeteer. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het hy in die **Cairo Red Shield Band** in Egipte gespeel, saam met 'n ander Kroonstadter Maurice Trollip.

Die orkes het slegs uit amateurs bestaan en hul toegewyde oefening en optredes het na-uurs plaasgevind. Baie lede van die orkes was in die boubedryf:

> "The movement has also played its part in Kroonstad for the past 74 years...Most of these people were associated with the building trade. They contributed in no mean way to the progress and development of the town." [6]

Een van die bekendste bouers was die kornetspeler Peter Lehman sr wat die

Vrouemonument in Bloemfontein gebou het.

Die orkeslede was nie net bouers van die dorp nie maar het op kulturele gebied ook bouwerk gedoen:

> "For many years the band has been the recognised Town Band. The Town Council has called upon them to provide the music on many special occasions..." [7]

Sulke geleenthede was byvoorbeeld die besoek van hoëlui soos Lord Gladstone, Generaal Botha, Graaf Haig, Prins Arthur van Connaught en die Prins van Wallis. Laasgenoemde het Kroonstad op 27 Mei 1925 aangedoen op sy toer deur die Unie. Die dorp het feestelike voorbereidings getref en een van die geleenthede was 'n musiekkonsert deur die Heilsleërorkes wat in die Salvation Army Hall op 27 Mei plaasgevind het. Die orkes is ook gebruik by die ontvangs van die prins waar hulle 'n koor wat bestaan het uit twee-duisend-vyfhonderd skoliere begelei het, en het ook die musiek by 'n tuinparty verskaf:

> "The Salvation Army Band was in attendance and as the Prince mounted the little square platform the band played: 'South Africa Dear Land' which was beautifully rendered by the Primary School children. The Mayor's little daughter Maud (councillor J.G. Vorster) had just previously presented the Prince with a copy of the song. As the singing stopped the children gave three very hearty cheers and the Prince thanked the children. The local Salvation Army Band was strengthened, during the visit of H.R.H. the Prince of Wales, by seven players from other parts, including in this number Bandmaster Dalziel of Johannesburg, Bandmaster Lacey of Fordsburg, Deputy Bandmaster Stephenson of Port Elizabeth, Band Instructor Ingold of Germiston, and Bandsmen Posthumus, Cloete and Lacey of Fordsburg. They were a great help to the Kroonstad Band in providing music at the reception and garden party arranged in hounour of H.R.H.
>
> A musical programme was given in the Salvation Army Hall in the evening when there was a large and appreciative audience. The visitors contributed a number of items to the varied programme of vocal and instrumental music." [8]

Die mense van Kroonstad het die aktiwiteite van die orkes geniet. Dit het welkome afleiding op Sondagmiddae langs die rivieroewer verskaf in 'n tydperk toe vermaak maar skaars was. Gevolglik het die publiek mildelik bygedra tot die aankoop van instrumente - nog 'n bewys daarvan dat die orkes as 'n dorpsorkes beskou is:

> "The public of Kroonstad have always been kindly disposed towards the band, towards the funds of which they have liberally contributed. The first set of instruments were of brass. When Bandmaster Hartley took

> charge in 1905 he appealed to the people of the town to contribute funds for a silver-plated set. A 'Band League' was formed, by which friends agreed to give a monthly contribution to the band fund, while a number gave a liberal donation. Before long a beautiful set of silver-plated instruments arrived from the Salvation Army factory in London, and the funds were raised to cover the cost. It speaks well for the quality of those instruments that some of them are still in use after 32 years' service.
>
> When Bandmaster Brothers took over the band in 1926 he conceived a novel scheme to procure a new set of 'Triomphonic' instruments. First he asked the Administrator of the O.F.S. to give an instrument. This was graciously done. He then got the doctors of Kroonstad to give one, the Hebrew community another, and in the same way he got one from the municipal Staff and other friends each gave one, with the result that he had a magnificent set of instruments and no debt." [9]

Afgesien van die orkes se gereelde opelugkonserte op Sondae by die orkesverhoog langs die rivier het hulle gereeld by die Kroonstadse skou en ook op skoue in ander dorpe opgetree. Hulle het ook jaarliks die parade en kranslegging by die senotaaf gelei. 'n Tipiese opelugkonsert by die orkesverhoog het uit geestelike musiek bestaan en het marse soos **Entreaty, Denmark, Reliance, On Joyful Wing,** en keurspele van gewyde gesange ingesluit soos **Grateful Praise, Jesus Our King** en **Call to Serve.**[10]

In 1928 was 'n opelugkonsert nie slegs 'n godsdiensoefening nie maar is beskou as 'n belangrike musikale gebeurtenis in die dorp waarvoor selfs 'n resensie geskryf is:

> "The Band then commenced with a march entitled 'Entreaty' which was much enjoyed. The programme was excellent, an outstanding number by the Band being 'Denmark', while 'Home, Sweet Home' a cornet solo by Major Stobart, was one of the best items of the evening." [11]

Die orkes se kragte is ook soms verenig met die talente van ander musikale groepe soos kore en soliste om koorfeeste en verskeidenheidskonserte aan te bied. Een so 'n geleentheid was 'n verskeidenheidskonsert saam met plaaslike kunstenaars wat op 20 Junie 1933 in die stadsaal plaasgevind het. In die resensie is 'n keurspel deur die orkes, as die hoogtepunt van die aand beskou:

> "The Band performed splendidly, and every item rendered was enthusiastically applauded. They chose, for the most part, rousing compositions that made the hall resound, and under the capable baton of Bandmaster A.J. Brothers gave of their very best. While all their items were very good, the one which perhaps made the greatest appeal was a selection of American Melodies, including several well-known and popular tunes. These they rendered with a polish and verve that delighted the audience."[12]

Die orkes is sedert sy ontstaan slegs deur die Anglo-Boereoorlog onderbreek en het in sy tagtigjarige bestaan 'n aantal hoogtepunte beleef. Die eerste daarvan was sekerlik die besoek in 1908 van die stigter van die Heilsleër, generaal Booth, aan Suid-Afrika. Die Kroonstadse orkes het hom op sy reis vergesel en die enigste foto van hom saam met 'n orkes is toe geneem. Hierdie foto is opgeneem in Band 5 van die amptelike geskiedenis van die Heilsleër wat deur luitenant-kommissaris Wiggens opgestel is. 'n Boodskap, wat generaal Booth op 'n foto van homself geskryf het en aan die orkes gerig het, het die orkes se motto geword: "Play your music for the Glory of God."

Op 1 Oktober 1937 het die orkes sy veertigjarige bestaan gevier. Dit het intussen aangegroei tot dertig lede toe dames ook sedert 1932 toegelaat is tot die geledere. Die feesviering het begin met 'n "bandmen's tea" waar ou en nuwe lede van die orkes gesellig verkeer het en oor die ou dae gesels het. Teenwoordig by die geleentheid was sersant-majoor George Dilley, wat 'n stigterslid was en steeds onafgebroke diens gelewer het. Die program is die volgende dag voortgesit met 'n musiekprogram by die hospitaal en 'n optog vanaf die Salvation Army Hall tot by die rivier waar 'n opelugdiens gehou is. 'n Item op die program was sang deur 'n orkeslid, mnr Charlie Wood, en sy agt seuns.

Op 3 en 4 Desember 1966 is die Heilsleër se vyf-en-sewentigste bestaansjaar in Kroonstad gevier met 'n reeks dankseggingsdienste. In die herdenkingsprogram is melding gemaak van die feit dat dit eintlik die Heilsleër se orkes was wat die meeste aandag van die Kroonstadse publiek geniet het:

> "It has never ceased being a pleasure and source of inspiration to thousands of people."

Met die afsterwe in 1977 van die orkesleier, mnr Peter Lehman, het die orkes ontbind en sedertdien het die Heilsleër uit Kroonstad verdwyn.

2 DIE EERSTE DORPSORKES 1905

Die eerste verwysing in die pers na 'n amateurorkes word in 1905 gevind. Op 7 Januarie 1905 het die **Kroonstad Town Band** op die Markplein 'n uitvoering gegee. Hierdie dorpsorkes is waarskynlik aan die einde van 1904 gestig aangesien die burgemeester ná die uitvoering die orkes geprys het vir die

goeie vordering wat hulle binne 'n kort tydsbestek gemaak het. Die leier en dirigent van die orkes was mnr TW Gliemann, en mnre F Dutton en James Lambon het opgetree as orkessekretarisse. Hulle was uit die staanspoor gewild by die publiek, en het later ontwikkel in die **Kroonstad Orchestral Society.** Hulle het genoeg geleentheid gekry om in die openbaar op te tree en is deur verskeie persone en instansies genooi om uitvoerings te gee.

Op 4 Februarie 1905 het mnr S Harman 'n opelugkonsert deur die orkes aangebied ten bate van die Hospitaalfonds, maar dit moes weens gure weer verskuif na die stadsaal. Hulle het ook 'n uitvoering op die balkon van die Grand Hotel gegee:

> "A good programme was well rendered to the enjoyment of the townspeople." [13]

Op 17 Julie het die orkes 'n konsert gegee in die stadsaal tydens die verwelkoming van eerwaarde Ward van die Wesleyaanse gemeente:

> "...a capital musical programme was rendered by the orchestra..." [14]

Op 18 Julie het hulle opgetree by 'n sosiale geleentheid in die Grand Hotel. Mnr James Strang het hulle geluk gewens met hul vordering en die hoop uitgespreek dat die munisipaliteit 'n orkesverhoog in die dorp sou oprig. Die orkes het by sulke geleenthede "selections" gespeel en hulle items is gewoonlik afgewissel deur klavier- en sangsolo's deur amateurs soos mnre Fröhling, Thwaites, Newell en Williams.

Dit is nie bekend of hierdie orkes 'n blaasorkes was en of daar ook strykers ingesluit was nie. In dieselfde jaar was daar 'n verwysing na 'n orkes wat die begeleiding gespeel het vir 'n opvoering van **Les Cloches de Corneville** en gedirigeer is deur mnr EG Pickett. Dit was moontlik dieselfde groep, want teen 1907 het die Orkesvereniging nog bestaan en is by 'n konsert in die Notre Dame-klooster gedirigeer deur ene mnr "Pigott". Hierdie orkes het tussen 1907 en 1910 ontbind.

3 DIE TWEEDE DORPSORKES 1910

In Oktober 1910 het twee afgevaardigdes van die **Kroonstad Town Band** 'n vergadering van die stadsraad bygewoon en die aanwesiges meegedeel dat die nuut-

gestigte orkes gereed was vir publieke optrede. Dit is moontlik dat hulle deur die stadsraad gesubsidieer is. Hulle eerste openbare optrede was 'n baie suksesvolle promenadekonsert wat op 21 Desember 1910 in die park langs die rivier plaasgevind het voor 'n groot gehoor. Die park is vir die geleentheid versier met gekleurde liggies.

Die program het uit orkesmusiek bestaan asook sangstukke soos die "comic songs" wat baie gewild was en gewoonlik deur mans gesing is. Die orkes se program het bestaan uit 'n mars - **Wake Up**; 'n keurspel - **The Stranger**; 'n wals - **Lake and Stream**; 'n fantasie - **Martha**; 'n keurspel - **Marecca**; 'n wals - **Happy Dreamland**; 'n romanse - **Alice where art Thou** en 'n lansier - **The Royal Irish.** Mnr TW Glieman het as dirigent opgetree en mej Finlayson was die pianiste.

Die orkes het ook op 13 Desember 1910 opgetree in die skoolkonsert van die Notre Dame-klooster.

4 DIE KROONSTAD STRING ORCHESTRA

Reeds in 1915 is daar in **The Friend** verwys na die orkes van mnr DJ Kannemeyer wat op 2 Oktober 1915 tydens die **Jewish Ladies' Relief Fund Society** se konsert gespeel het. In 1918 het mnr Kannemeyer, 'n plaaslike vioolonderwyser, se orkes bekend gestaan as die **Kroonstad String orchestra.** Hulle het op 1 Februarie 1918 opgetree in 'n konsert van die Rooikruis in die Empire-teater, en drie werke gespeel, nl **Pompadour, Valse de la Reine** en **Passepied.** Later in die jaar is hulle naam verander na die **Kroonstad Philharmonic Orchestra.**

Op 30 April 1918 het die orkes weer opgetree in 'n konsert van die Rooikruis wat deur twee musiekliefhebbers, mevv FG Harwood-Nash en Edward Coulson gereël is. Mev Coulson was begeleidster en het ook in die orkes gespeel. Die verslaggewer van die plaaslike koerant het in sy berig oor die konsert 'n goeie aanduiding gegee van die standaard van optrede:

> "There was a large audience at the concert arranged by the Red Cross Society. Some time has elapsed since a concert was held, and this form of entertainment made pleasant change. A very fine programme was presented. The Kroonstad String Orchestra played several selections which were appreciated. The melody, however, was on the weak side and in the piano passages too much of

> the filling was heard, while at times one had to strain one's ear to catch anything of the melody. A first cornet would help the three first violins and give the necessary balance to the combination. It is asking rather too much of the three first fiddles to carry three second, two violas, a cello, a bass and a piano. All recognise the many hours which must be spent by the orchestra in practising, and the efforts of the members are appreciated by all lovers of music. Seeing the orchestra spend the time they do with the object of providing their audiences with good music, a hint as to how that enjoyment can be added to may well be taken in the helpful spirit it is tendered." [15]

Uit hierdie resensie is dit duidelik dat die orkes uit sowel strykers as blasers bestaan het. In Junie het hulle 'n beter indruk op die kritikus gemaak met twee ouvertures wat hulle by 'n Rooikruiskonsert gespeel het:

> "The two overtures contributed by the Kroonstad String Orchestra under the conductorship of Mr. H. Lawson Allan, were finely rendered. The concert began with a selection by the orchestra, which was a hors d' oevre which gave all an appetite and a relish for what was to follow. The overture which opened the second part was equally tuneful, the harmony, unison and execution being as near perfection as could be expected." [16]

Hierdie orkes het nâ 1918 opgehou om te funksioneer en in 1919 het mnr Kannemeyer 'n nuwe orkes gestig. Dit is nie duidelik waarom dit nodig was dat soveel nuwe orkeste gestig word nie maar dit is moontlik dat daar miskien professionele jaloesie onder die verskillende leiers in die musieklewe was en dat hulle mekaar se werk in die wiele wou ry. Hierdie stelling word geformuleer uit die feit dat meer as een dirigent dieselfde orkes gedirigeer het soos in bogenoemde konserte deur mnre Kannemeyer en Lawson Allen.

5 DIE DERDE DORPSORKES

Op 7 Februarie 1919 is 'n vergadering in die stadsaal gehou om lede te werf vir die **Kroonstad Town Band**, wat mnr DJ Kannemeyer gestig het. Hierdie orkes, wat waardevolle werk in die gemeenskap gelewer het, was baie aktief en het tydens haas alle gepaste geleenthede opgetree. Op 4 Maart 1919 het Lt Genl Sir Jacob van Deventer K.C.B, Inspekteur-Generaal van die Siviele Magte, Kroonstad besoek en was hy 'n gas van die dorp op 'n banket wat in die Grand Hotel gehou is. Tydens die geselligheid was dit die Kroonstad Town Band se eerste geleentheid om in die openbaar op te tree.

Op 21 Maart 1919 het die Munisipaliteit en die Landbouvereniging die Administrateur van die Oranje-Vrystaat, Sir CH Wessels, ontvang met 'n onthaal in die Central Hotel. Die dorpsorkes het hier ook opgetree maar is deur mnr Jubber gedirigeer:

> "The loyal toast was honoured, led by the band, under the conductorship of Mr. J.E. Jubber which also played selections throughout the evening." [17]

Die aand is afgesluit met die sing van die volkslied.

Hierdie orkes het vinnig uitgebrei en later bekend gestaan as die **Kroonstad Orchestral Society.** Op 20 Junie 1919 het mnr Kannemeyer 'n brief in die koerant gepubliseer waarin hy geldelike hulp van die dorpsmense vra. Volgens hom het die orkes vir die duur van die oorlog hul dienste by elke funksie en onthaal verleen waar fondse vir soldate ingesamel is. Hulle het egter geen vergoeding daarvoor ontvang nie en het 'n behoefte ondervind om musiek en staanders aan te koop waarvoor hulle nie geld gehad het nie:

> "The number of performers in the orchestra has recently been considerably augmented, and with the necessary funds in hand our numbers can still further increase." [18]

Op 19 Mei 1920 is Sir Wessels weer op Kroonstad onthaal en hierdie keer het hy persoonlik die orkes geluk gewens met hulle goeie voordrag:

> "During the evening the Kroonstad Orchestra played selections of music, which added greatly to the success of the evening, as well as adding to the fame of the orchestra. The administrator later in the evening congratulated the orchestra on their playing, even saying that it was too good a band for Kroonstad, but that if Kroonstad was to be the capital of the universe it was another matter." [19]

6 DIE KROONSTAD ORCHESTRA

Teen 1925 het die Orchestral Society verdwyn en die dorpsorkes onder leiding van ene professor H Voigt het toe as die **Kroonstad Orchestra** bekend gestaan. Hulle het dieselfde funksies vervul as die vorige orkeste en het waarskynlik uit dieselfde spelers bestaan. Een van die ongewoonste geleenthede waarby die orkes in 1925 opgetree het was 'n bokstoernooi:

> "An open air concert and boxing tournament will be given on the river

> banks this evening. To judge from the items printed in the programme a very fine entertainment is promised. The orchestra will be under the baton of Professor Voigt, and vocal items will also be rendered." [20]

Op 8 Junie is 'n sang- en orkesuitvoering deur die Kroonstad Orchestra onder leiding van professor H Voigt in die Empire-teater aangebied.

Die volgende lede van die orkes het opgetree: viool: mej Malherbe, mev Mason en mnre TB Voigt, Dreyer, D Kannemeyer Yazbek en Oosthuizen; tjello: mev Heckroodt; klarinet: mnr Cliffe Miller; Kornet: mnre J Rowe, Bob Rowe en Greeff; slagwerk: mnr Blewitt.

Die tweede helfte van die konsert is in beslag geneem deur 'n filmvertoning.

In die resensie het die verslaggewer gesê dat die gehoor getrakteer is op 'n uitstekende orkesprogram en dat konserte voor 'n filmvertoning 'n gewilde vorm van vermaak was. Die program het bestaan uit **Festival March**, gekomponeer deur professor Voigt; **Ligte Ruitery-ouverture** van Suppé en uittreksels uit **Die Vrolike Weduwee** van Lehar; **Die Fledermaus** van Strauss en **Die Boheemse Meisie** van Balfe.

> "Every item was greeted by spontaneous applause and apparently enjoyed by all present. There is no doubt that this orchestra promises to become a valuable asset to the town, and we feel that if Professor Voigt could be replaced at the piano so as to leave him entirely free to conduct, a further improvement would be made." [21]

Die Empire-teater is in 1911 opgerig en hier is oor die jare talle konserte deur dorpsorkeste gegee, wat ook by filmvertonings gespeel het in 'n tydperk toe films nog nie klank gehad het nie. Die teater is dan ook spesiaal gebou sodat dit kon dien as konsertsaal en filmteater en het oor 'n orkesput beskik.

Nâ 1925 is daar geen verwysings meer na die tradisionele dorpsorkes wat voorheen by so baie funksies die musiek moes verskaf nie, aangesien daar nie meer 'n behoefte daaraan bestaan het nie: films is mettertyd van klankbane voorsien en grammofone en radio's het meer algemeen geword.

Dit was egter nie die einde van amateurorkeste nie aangesien daar in die vyftigerjare deur die oplewing van musikale verhoogaanbiedings weer 'n behoefte aan 'n orkes ontstaan het.

7 VROEË KADETORKESTE

Op 13 Desember 1918 het 'n berig in die **Kroonstad Times** verskyn oor die stigting van 'n kadetorkes. Die stigtingsvergadering is op 10 Desember gehou onder leiding van die burgemeester. Ander persone wat die vergadering bygewoon het was militêre amptenare en senior stadsraadslede:luitenant-kolonel Grothans, luitenant-kolonel Thring, kaptein Oberholzer, mnre Burke, Holland, Layton, Prosch, Bloom en Morrison. Die burgemeester het gesê dat Kroonstad die hoofkwartier van die nr 10 Militêre Distrik in die land is en 'n belangrike rol in toekomstige militêre opleiding sou speel. Die kadetorganisasie was 'n belangrike deel van die Suid-Afrikaanse Burgermag. Hy het verder verklaar:

> "Gentlemen, our school cadets require a brass band, and a brass band they shall have, though I sell the Town Hall to provide funds for the instruments and though I have to transform one of my worthy councillors into a band major."

Kolonel Grothans het gesê dat elke groot sentrum in die Unie 'n kadetorkes deur private onderneming en entoesiasme op die been gebring het, en aangesien die **Kroonstad Cadet Detachment** een van die sterkste in die land was behoort dit jare gelede reeds 'n orkes te gehad het. Hy het ook daarop gewys dat dit noodsaaklik was om 'n orkes te hê by die kamp wat in April 1919 vir sowat eenduisend-tweehonderd kadette in Kroonstad gehou sou word. Die vergadering het bepaal dat hulle een bastamboer, vier sytromme, ses militêre dwarsfluite, twaalf beuels en vier kornette nodig sou hê. Hierdie instrumente sou sowat honderd pond kos. Daar is ook besluit om 'n omsendbrief deur die dorp en distrik te laat sirkuleer om sodoende fondse vir 'n orkes in te samel.

Die Kroonstadse Kadetorkes was in 1920 baie aktief en het later in die jaar 'n konsert aangebied. Hulle het saans gerepeteer, soms terwyl hulle in die strate gemarsjeer het. Die inwoners was nie almal gediend met hierdie toedrag van sake nie, en op 23 April het 'n inwoner in die koerant gekla oor die lawaai wat die orkes gemaak het:

> "...but surely it is not necessary to parade the streets night after night making hideous noises with a 'Tin-kettle' band."

Die orkes het na hul konsert in die stadsaal egter gunstiger kritiek ontvang:

"A variety entertainment was given in the Town Hall last night by the band of the Kroonstad cadets. The entertainment was fairly well patronised although it could have been better. Unfortunately, owing to the late arrival of the 11-down train, several of the items to be given according to the programm, had to be omitted. The cadets were thus left to provide with the assistance of Mr. Steve almost the whole entertainment. Considering that they have been so recently re-organised their efforts did them and their Bandmaster Lieut. A.V. Wilson-Taylor, the utmost credit. As usual at local entertainments, the Kroonstad Orchestra filled in what might have proved disconcerting gaps in the programme by playing very tuneful selections." [22]

Die konsert het verder bestaan uit items deur 'n hipnotiseur, hansworse, 'n toneelstuk en 'n voordrag. Aan die einde van die aand is pryse uitgedeel aan die beste orkeslede en sersant-majoor Johnson is as die beste beuelblaser aangewys. Die konsert het vyftien pond opgelewer en die geld is aangewend om orkesinstrumente aan te koop. Op 2 Junie is dieselfde program in die Railway Institute Hall aangebied.

8 DIE ORKES VAN DIE BOY SCOUTS

Afgesien van die kadetorkes wat so ewe bespreek is, het die Boy Scouts ook 'n orkes gehad. Die Kroonstad Division of Boy Scouts se orkes het in 1919 twee openbare uitvoerings gegee waarvan melding gemaak is. Die eerste was op 'n parade tydens die ontvangs van Sir Jacob van Deventer op 4 Maart; die tweede op 'n konsert wat deur die kadette in die stadsaal gegee is op 15 Desember. Tydens die program het die Orchestral Society twee ouvertures gespeel en die Kadetorkes het die Generale Saluut en 'n Mars gespeel.

Teen 1922 het hierdie orkes 'n belangrike plek ingeneem in die opleiding en aktiwiteite van die padvinders. Hulle het daagliks geoefen en aan parades deelgeneem wat goed georden en streng volgens militêre voorskrifte nagekom is:

"Parades: Full dress parade on Wednesday at Scout Hall at 4 pm. Drummers to wear gloves. Thursday Parade at Scout Hall at 8 am., full dress and gloves. No parade on Thursday evening," [23]

het een van die orkes se kennisgewings gelui.

9 DIE NATIVE BRASS BAND

In die twintigerjare is 'n Native Brass Band op die been gebring onder beskerming van die Notre Dame-klooster. Hulle is waarskynlik afgerig deur Rooms Katolieke priesters. 'n Lid van die orkes, John Chakane, het in 1922 berig oor die orkes se optrede in Lindley:

> "After the introduction by Mr. Thale the band played a few selections which were heartily applauded by the listeners at the residency and the band concluded by playing God Save the King."[24]

10 MNR ADRIAN BLAU SE ORKES

In 1928 het mnr Adrian Blau*, wat 'n vioolonderwyser in Kroonstad was, 'n orkes uit sy leerlinge saamgestel. Die orkes het uit sowat dertig spelers bestaan en op 29 Maart het hulle 'n konsert in die stadsaal gegee. Dit is aangebied om die jong talent in Kroonstad aan te moedig en om die spelers die nodige ondervinding te gee om voor 'n gehoor op te tree. Die konsert het uit orkesitems bestaan, asook solo's, en dan ander items deur mnr Paul Armand, 'n gaskunstenaar wat in Londen bekendheid verwerf het as nabootser:

> "A monster programme, an excellent 'house', and splendid fare were the features of the concert given last night by pupils of Mr. Adrian Blau assisted by other artists.
>
> The concert itself represented a tremendous amount of work, and the fact that every item was first class, while everything went off without a hitch, reflects great credit on Mr. Blau.
>
> The best features of the programme were undoubtedly the full orchestral numbers, and the ease and finish with which the children played difficult compositions such as 'Andante Pastorale' and 'Despedida', was a revelation. Never before has such a children's orchestra been heard in Kroonstad. Mr. Blau, as conductor, was of course a tower of strength, and was backed up magnificently by Mrs. Max Neiman at the piano, and also by his more accomplished pupils such as Mr. Vernon Crone. Every one of the full orchestral items was splendidly rendered, and the audience was not slow to show its appreciation of Mr. Blau's ability as instructor. The children showed a high state of efficiency, right down to the smallest and youngest pupils.
>
> Variety there was in plenty, what with vocal and instrumental solos, fancy dancing and other items. If anything, the programme was too lengthy.
>
> Miss Sarah Hearn, a young artist who is likely to go far with her musical studies, gave a charming rendering of Drdla's well known composition 'Souvenir' and was enthusiastically encored.

---

*Sien HOOFSTUK X

Miss Thelma Meyer, who is now a well known figure on local stage, captivated the audience with two charming solos, after which the Bohemian Orchestra, also under the able directorship of Mr. Blau, gave a spirited rendering of the 'Gladiator's Farewell', and followed this with Brown's 'Doll Dance', whose piquant melody left the audience clamouring for more.

The violin duet by Messrs. Blau and Crone was another fine feature of the programme.

As usual, Mrs. Neiman made a big hit with her catchy songs at the piano, and was vociferously encored, after which a cello solo was excellently rendered by Miss Ivy Brothers. Mr. Vernon Crone's violin solo 'Herji Kati' was splendid.

The post-interval section of the programme provided fare that was as excellent as that of the first half, the outstanding items being a violin duet by the Misses Malan, a vocal solo, twice vociferously encored, by Mrs. Blau, three fancy dances by Miss Mona Brown, and a sketch entitled 'The Midnight Visitor' by Mrs. Blau and Mr. Armand."[25]

11 DIE TEGNIESE KOLLEGE- EN FILHARMONIESE ORKES

Op 30 Julie 1953 is die Tegniese Kollege-orkes in die Kollege se biblioteek gestig. Mnr J van Niekerk,die hoof, het die sowat twintig belangstellendes verwelkom en daarna die verrigtinge oorgelaat aan dr Teasdale Griffiths wat 'n breedvoerige verslag gegee,het van die doel en funksie van 'n orkes en die stigting daarvan.

Oor die funksie van sodanige orkes het dr Griffiths geglo dat dit 'n nuttige hulpmiddel kan wees vir die verskillende kultuurorganisasies:

"...Dr Griffiths suggested that besides rehearsing regularly for eventual performances in its own right, this orchestra could also make itself available to such organisations as the Kroonstad Theatre Group and the Drama Section of the Technical College to furnish incidental music for plays; the Kroonstad Choral society, to supply the orchestral background to its concerts; the Kroonstad Music Society, should this body require its services at any time; and also to accompany any advanced students of the Technical College Music Section who desire the experience and interest of performing with an orchestra."[26]

Na bespreking is die volgende besluite aanvaar: die orkes sal bekend staan as die **Technical College Orchestra**, omdat daar geglo is dat affiliasie met hierdie inrigting van groot waarde kan wees vir die orkes; 'n aansluitingsfooi van R1-00 en 'n kwartaallikse bedrag van 50c sou deur volwasse lede betaal word en studente 25c. Om studente aan te moedig sou hulle nie 'n

aansluitingsfooi betaal nie; repetisies sou op Maandagaande om 20h00 in dr Griffiths se ateljee in die Tegniese Kollege plaasvind. Die eerste repetisie was dan ook op 3 Augustus.

'n Komitee is gekies en hulle eerste taak was om 'n konstitusie op te stel. Hulle het uit die volgende persone bestaan: mnr J van Niekerk (voorsitter), mev N Mitchell (sekretaresse en tesourier), dr T Griffiths (dirigent), mnr Carl Reynolds (verteenwoordiger van orkeslede), Dawid Japp (verteenwoordiger van studente asook die bibliotekaris) en mev O Rademan (pianiste).

Aanvanklik was daar slegs strykers, 'n klarinet, 'n trompet en slagwerk beskikbaar en voorsiening is gemaak om deur donasies meer instrumente aan te koop.

Die orkes wat uit sowat twintig lede bestaan het, het gedurende sy stigtingsjaar reeds twee openbare optredes behartig naamlik die sluitingsfunksie van die Kroonstadse Volkskool in Desember en 'n kerssanguitvoering op 23 Desember, albei kere in die amfiteater.

Hierdie orkes het vir sowat tien jaar bestaan en het die nukleus gevorm waaruit die Kroonstadse Filharmoniese Orkes saamgestel is. Sodoende het die orkes 'n tweeledige doel gedien: om jong instrumentaliste aan die Tegniese Kollege op te lei as orkesmusici en tweedens om die begeleiding waar te neem van die verskeie verhoogwerke wat deur dr Griffiths aangebied is soos **Carmen, The Mikado, The Gondoliers, The Messiah** en **Elijah.**

Die laaste dirigent van die Kollege-orkes was mnr Henk van Eck gedurende 1961 en 1962, maar toe het die orkes alreeds gekwyn tot sowat tien lede, en sou spoedig na mnr Van Eck se vertrek uit Kroonstad ontbind.

12 DIE KROONSTADSE HARMONIE-ORKES

Na die Tweede Wêreldoorlog het duisende Hollandse immigrante in Suid-Afrika 'n nuwe heenkome gevind. Hulle was almal goed opgeleide ambagsmanne en in Kroonstad het 'n taamlike groot Hollandse gemeenskap ontstaan. Baie van hulle was ook knap musikante wat onmiddellik by Kroonstad se Musiekorganisasies, soos die Filharmoniese Orkes, ingeskakel het. Teen 1955 het 'n groep van die Hollanders besluit om 'n blaasorkes te stig soos wat die gebruik in Holland was, waar elke dorp sy eie harmonie-orkes gehad het.[27]

Op 29 April is die Kroonstadse Harmonie-orkes op 'n vergadering aan huis van mnr B Visser deur 'n groep geesdriftiges op die been gebring:

> "Dit word verwag dat tussen 30 en 40 spelers gevind sal word, indien daar net genoeg fondse ingesamel kan word vir die aankoop van instrumente. 'n Komitee is soos volg saamgestel: Voorsitter, mnr. B Visser; sekretaris, mnr. S.J. Mitchell; tesourier, mnr. J. Kunnen, en dr. Teasdale Griffiths het ingestem om as dirigent op te tree." [28]

Die orkes het onmiddellik 'n slagwerkspeler, trompet- en klarinetspelers benodig. Hulle het aanvanklik nie oor genoeg instrumente of fondse beskik nie, maar Kroonstadse besighede het gou gereageer en teen September is reeds 'n aansienlike hoeveelheid instrumente aangekoop uit donasies wat geskenk is:

kornet: £25 - Modern Glass (Pty) Ltd; kornet: £25 - Syd Goldstein (Pty) Ltd; trompet: £25 - B Visser (Pty) Ltd; trompet: £25 - Schwim's Rubber Works (Pty) Ltd; trompet: - £25 - J van Meersbergen (Pty) Ltd; alton: £28 - Jan Fokkens (Pty) Ltd; alton: £28 - JP Hulshof; tromboon: £39 - H Verhoef; tromboon: £39 10 - Brown en Van Wyk; bariton: - £39 10 - Adami's Wholesale (Pty) Ltd; euphonium: £44 - Mike Antonie's Garage; alt-saksofoon: £58 10 - The Kelt Engineering Comp (Pty) Ltd; bas-saksofoon: £95 - JB Dalleu; E-mol klarinet: £32 10 - Dunell Ebden en Co Ltd; piccolo: £19 10 - T Deenik; konserttrom: £26 10 - Crown Joinery Works (Pty) Ltd; mars-trom: £10 10 - Charles R Stainer (Pty) Ltd; mars-trom: R10 - Deane en Thresher; bas-trom: R22 10 - Nic van Weesel (Pty) Ltd; simbale: £9 10 - A Stonehouse (Pty) Ltd.

In 'n berig het die komitee van die orkes hul dank uitgespreek teenoor die skenkers en die publiek:

> "Soos u sal opmerk is daar nog 'n aantal instrumente wat ons kort kom. Dit is onmoontlik vir die lede van die orkes om die instrumente self te kan aanskaf. Ons vertrou derhalwe dat 'n aansoek vir 'n bydrae aan die Kroonstad Harmonie-orkes nie tevergeefs sal wees nie. Graag wil ons bekend maak dat geen lid van die orkes enige finansiële voordeel daaruit kan trek nie; inteendeel, dit kos die lid elke maand sy ledegeld. Ons wil net Kroonstad sy eie blaasorkes gee. Dit sal die eerste amateur musiekkorps in die Unie van Suid-Afrika wees. Ons sal die werk doen, ons vra net u hulp om op die been te kom. Ons dank u vir u goedwillendheid - die werkende komitee van die Kroonstadse Harmonie-orkes." [29]

Oor die aankoop en invoer van die instrumente en die verkryging van 'n geskikte oefensaal is as volg berig:

"An import permit was granted by the Director of Import Control for the importation of instruments from an overseas manufacturer.

On the arrival of the instruments it was difficult to find a hall suitable for rehearsals, for, in a built-up area like Kroonstad, the neighbourhood would most probably object to the voluminous sounds produced by a brass band. However, through the kindness of the High School principal, Mr. A. Kriek the use of the school hall was granted."[30]

Alhoewel die orkes in 1955 gestig is, is eers in Maart 1956 met repetisies onder leiding van dr Griffiths begin. Hulle het gedurende die jaar vinnige vooruitgang getoon, en teen November was daar reeds vyf-en-twintig spelers. Bykomende instrumente is van Holland af bestel. Hul eerste openbare optrede het op Sondag 11 November 1956 plaasgevind toe hulle 'n parade, bestaande uit oudsoldate, die Spoorwegpolisie en die Regiment De Wet gelei het tot by die Oorlogsgedenkteken waar die jaarlikse kranslegging plaasgevind het.

Op 27 November 1956 het hulle weer deur Kroonstad se strate marsjeer om 'n optog van skoliere te lei vanaf die stasie tot by die stadsaal ten tye van die amptelike besoek van Sy Eksellensie, die Goewerneur-Generaal, dr EG Jansen. [31]

Op 30 November het hulle in medewerking met die Filharmoniese Koor 'n kersfeeskonsert in die Amfiteater gegee. Die orkes se aandeel aan die verrigtinge was gering, maar van groot belang vir hulle ontwikkeling. Hulle het twee marse gespeel en die **Largo** van Handel, en ook die begeleiding vir die kersliedere wat die koor gesing het. Nohline Mitchell was die soliste in twee gewyde liedere vir koor en orkes.[32]

Die orkes het nooit hoër gestreef as om ouvertures, Sousa-marse en vrolike Hollandse volksmusiek te speel nie. Hulle het gereeld in Kroonstad opgetree by die jaarlikse kranslegging by die Oorlogsgedenkteken, by prysuitdelings, by die landbouskou en soms ook in naburige dorpe.

Die orkes het teen 1975 ontbind nadat dit 'n sukkelende bestaan begin voer het deurdat sommige van die stigterslede mettertyd oorlede is, ander weggetrek het en die belangstelling gekwyn het.[33]

13 DIE SUID-AFRIKAANSE GEVANGENISDIENSORKES

Die Gevangenisdiensorkes was by sy stigting in 1963 die jongste toevoeging

tot die geledere van militêre orkeste in Suid-Afrika. Alhoewel die orkes se werksaamhede uiteenlopend van aard is en hy landswyd optree, word vir die doel van hierdie verhandeling slegs die bydrae bespreek wat hulle gelewer het tot die musieklewe in Kroonstad.

13.1 Die stigting van die orkes

Aangesien daar omtrent geen inligtingstukke soos werkstudie-ondersoeke, tesouriemagtigings of opdragte in verband met die totstandkoming van die orkes in argiewe van die Gevangenisdiens bestaan nie, bly die gebeure rondom die ontstaan van die groep vaag.

Kaptein JE Koops van't Jagt, voorheen verbonde aan die Lugmagorkes, is gevra om 'n orkes aan die Gevangenisdiensopleidingskollege te Kroonstad te stig. In Maart 1963 het sowat ses-en-dertig jong manne wat besig was met hul basiese opleiding aan die kollege, vrywillig aangemeld hiervoor. Die aanvanklike doel met die orkes was om luister te verleen aan die uitpasseringsparades wat jaarliks plaasgevind het. Sommiges van die jong orkeslede het op skool in kadetorkeste gespeel terwyl ander geen musiekopleiding gehad het nie. Koops van't Jagt het dus 'n reuse-taak gehad om hulle binne 'n paar maande gereed te hê om 'n parade te lei.

In Junie 1963 het hulle vir die eerste keer in die openbaar opgetree tydens 'n Republiekdagparade op Kroonstad. 'n Verslaggewer van die plaaslike koerant het die atmosfeer van die vlagstrykingseremonie beskrywend opgesom:

> "Toe die wintersonnetjie verdwyn agter die karmosyn-getinte westerkim, het die orkes van die Gevangenisdiens-opleidingskollege 'Die Stem van Suid-Afrika' gespeel en het 'n belangstellende massa toegekyk hoe die vlag van die Republiek gestryk word. Die studente, netjies in hul uniforms het flink op parade gekom en om die terrein marsjeer gelei deur die orkes wat afgerig is deur kaptein Koops van't Jagt."[34]

Koops van't Jagt as Direkteur van Musiek is bygestaan in die opleiding van spelers deur 'n paar bekwame musikante wat hy saam met hom van die Lugmagorkes gebring het: majoor Fritz Kraut het houtblaasinstrumente onderrig, kaptein D Wells koperblasers, adjudant-offisier MC van der Westhuizen slagwerk en Noel Stockton* was die verwerker. Aan die einde van die jaar was agtien lede bereid om permanente lede van die orkes te word en het hulle intensiewe opleiding as orkesmusikante begin.

Op 18 September 1964 is die eerste konsert in die CR Swart-saal gegee, en

*Sien HOOFSTUK X

het die groep sodoende die eerste professionele orkes in Kroonstad se geskiedenis geword wat deelgeneem het aan die dorp se musieklewe:

> "...it has already proved itself to be an important factor in the music life of Kroonstad." [35]

Die konsert is aangebied met die doel om fondse in te samel om instrumente aan te koop sodat die orkes verder kon uitbrei. Saam met die orkes het die Gevangenisdienskollegekoor opgetree wat deur Tersteegen van Huyssteen tot stand gebring is, asook die dogterskoor van die Tegniese Kollege onder die stok van dieselfde dirigent, en vier Kroonstadse kunstenaars naamlik Pat Marock, Olive Antonie, Nohline Mitchell en hul begeleidster Martie Wege. Lede van die orkes (in daardie stadium nog net uit die geledere van die hoofspelers) het ook solo's gelewer.

Die program is geopen met 'n verwerking vir koor en orkes van Sibelius se **Finlandia**, naamlik **Rus My Siel**, wat 'n aangrypende werk was. Nohline Mitchell het twee Walliese volkswysies gesing, naamlik **O Land van ons Vaders** en **So Stil deur die Nag.** Pat Marock het Schubert se **Herder op die Rots** saam met Koops van't Jagt (klarinet) en Martie Wege (klavier) uitgevoer. Olive Antonie het **The Ash Grove, My Siel is Siek van Heimwee** (Lemmer) en **Heimwee** (Marais) gesing, en Pat Marock het Bellini- en Donizetti-arias gelewer. Die kore het **Dominique** en **Skip to my Lou** aangebied. CM van der Westhuizen het die xilofoonsolo **On the Track** saam met die orkes uitgevoer.

Hierdie konsert was 'n geskiedkundige geleentheid deurdat die orkes toe vir die eerste keer kore begelei het - 'n tradisie wat vir baie jare, veral in die Vrystaat, voortgesit is. Tydens die konsert is drie Afrikaanse volkswysies vir koor en orkes uitgevoer naamlik **My hart verlang na die Boland, Laat my dit uitbasuin** en **Ontroue Sannie.** Die afsluitingsitem was 'n indrukwekkende verwerking van **Nader My God by U** vir koor en orkes waarin die militêre aandsinjaal vervleg is met die melodie. Hierdie verwerking is deur Koops van't Jagt gedoen.

Op aanmoediging van Koops van't Jagt het orkeslede ingeskakel by Kroonstadse kerkmusiekuitvoerings, skooloperettes en die jaarlikse kooruitvoerings deur saamgestelde skoolkore wat onder leiding van Tersteegen van Huyssteen plaasgevind het. Nâ die afsterwe van Koops van't Jagt in 1973, het sy opvolger,

Noel Stockton, hierdie tradisie voortgesit.

In 1974 het JIN Steenkamp hoof van die orkes geword en onder sy leiding is die groep grootliks uitgebrei. In 1974 was hulle die eerste militêre orkes in die land om dames in hul geledere op te neem, en hierdeur is die veelsydigheid van die orkes vergroot. Die dames het mettertyd 'n prominente plek in die musieklewe van die dorp begin inneem deur by veral funksies van ouetehuise, damesklubs, skoolkonserte, operettes en kooruitvoerings op te tree.

Luitenant-kolonel Steenkamp het vanaf 1974 die orkes beskikbaar gestel vir vele musiekgebeure in die dorp en vandag is die orkes se teenwoordigheid onmisbaar. Op 24 Augustus 1983 is hy op 'n besondere wyse vereer toe 'n oorkonde deur die Kroonstadse Kultuurraad aan hom toegeken is vir die groot bydrae wat hulle gelewer het tot die musieklewe in Kroonstad:

> "...Daar is met groot waardering kennis geneem van u onbaatsugtige opoffering vir musiek. Deur talle verwerkinge van die Afrikaanse liedere en die insluting daarvan in die programme van die Gevangenisdiens se orkes, het u veel gedoen om die Afrikaanse Kultuur uit te bou..." [36]

13.2 Optredes in die Kroonstadse Skouburg

In 1976 het die groep 'n ruim bydrae gelewer tot die luisterryke inwyding van die Kroonstadse Skouburg en het sedertdien vyftien keer daar opgetree.

13.2.1 Aanbiedings van die Kultuurraad

Op 18 Augustus 1977 het die orkes deelgeneem aan Kroonstad se Totiusfees wat aangebied is deur die Kultuurraad, en afgesien van die samesang ook 'n massakoor begelei.

Op 15 Augustus 1979 is verwerkings van Afrikaanse volksliedere gespeel by die FAK-sangfees ter viering van die liggaam se vyftigjarige bestaan. Die orkes het ook die begeleiding waargeneem van primêre- en sekondêre skole se massakoor onder leiding van Danie Hyman.

Op 24 Augustus 1983 is verskeie dorpskore begelei tydens die Bybelfees.

13.2.2 Musiekkonserte aangebied vir die Afrikaanse Hoërskool

Die Gevangenisdiensorkes het 'n besondere band met bogenoemde skool gehad

deurdat orkeslede die skool se dogtersorkes afgerig het. Drie musiekkonserte is reeds aangebied ten bate van die skoolfonds, en tydens een daarvan op 25 April 1978, het die dogtersorkes ook saam met die militêre orkes opgetree. Op 29 Augustus 1979 het die tweede konsert plaasgevind waar die skool se koor opgetree het en die dogtersorkes deelgeneem het aan 'n uitvoering van Haydn se **Kindersimfonie** en **In a Clock Store** van C Orth. Tydens die konsert wat op 21 Augustus 1981 plaasgevind het, het die orkes, afgesien van hul individuele program ook die skoolkoor begelei in **This land is Your Land, Island in the Sun** en **Roll out the Barrel**, verwerk deur Danie Hyman.

13.2.3 Begeleiding van die Kroonstadse Manne- en Dameskoor

In September 1978 was die orkes vir die eerste keer in die orkesput om 'n volwaardige operette te begelei, toe **The Student Prince** aangebied is deur die Mannekoor. Op 30 Mei 1980 het hulle die koor in hul program **Tulpe uit Amsterdam** begelei en in 1983 dieselfde gedoen in **Dit is weer Lente.**

In 1979 het agt lede van die orkes **Oklahoma** begelei, wat deur die Kroonstadse Dameskoor onder leiding van Nohline Mitchell aangebied is.

13.2.4 Koorfeeste

Vanaf 1979 het die orkes gereeld opgetree by mnr Danie Hyman, Inspekteur van sang en musiek, se kooruitvoerings. Die eerste keer was tydens die FAK-fees in 1979, en daarna die Republiekfees op 13 Mei 1981, en verder ook op 3 Mei 1983 en in Mei 1985. Vir hierdie feeste het mnr Hyman verwerkings gedoen van sowel Afrikaanse volksliedere as meer populêre musiek vir koor en orkes. Massakore is saamgestel uit primêre- en sekondêre skole en volwasse kore.

13.2.5 Musiekkonserte

Afgesien van twee musiekkonserte wat in 1980 en 1981 in die Skouburg gegee is, vorm die twee Feeskonserte, wat tydens die orkes se vyftiende- en een-en-twintigste verjaarsdae aangebied is, die hoogtepunt van die Skouburgkonserte.

Op 31 Maart 1978 is 'n feeskonsert vir die vyftiende bestaansjaar van die orkes aangebied. Die program is geopen met Rossini se **Thievish Magpie**-ouverture, gevolg deur **Spiritual Rhapsody** vir klavier en orkes deur Harold

Walters. Donald van den Heever het die **Concertino** vir klarinet van Weber gespeel en hierna het gevolg **Fascinating Drums** van Ted Huggens, die andante maestoso-deel uit die **Digter en Boer** van Von Suppé, **Mein Heimatland** van Thaler, **Concerto** vir tromboon en orkes van Rimski-Korsakov (solis, Jan Louw), **Three Trumpeters** van Agastini, **The Merry Middies** (xilofoonduet) van Byron Broake en Tjaikovski se **1812-ouverture.**

Op 25 April 1984 is die orkes se een-en-twintigste verjaarsdag gevier met 'n Feeskonsert waartydens hulle getoon het waartoe hulle in staat was. Die program is ingelei met Vincent Wallace se **Maritana**-ouverture gevolg deur die mars **Entry of the Gladiators** van Fucik, **Buglar's Holiday** van Leroy Anderson, uittreksels uit **South Pacific** van Richard Rodgers, **Duel for Drummers** van Sidney Torch, **Helter Skelter** (xilofoonduet) van Lemon, **Rapsodie oor Afrikaanse volkswysies** van Noel Stockton, **Three Jolly Tromboners** van Leo Stanley, **Hootenanny** van Walters, **Fanfare en Soliloque** van Sharpe en laastens, die adagio-deel uit Haydn se **Simfonie** nr 45.

13.3 Gewyde optredes

Die orkes tree jaarliks by twee gewyde funksies in Kroonstad op naamlik die kranslegging in die Kampkerkhof wat gewoonlik in Oktober plaasvind, en die Herdenkingsparade by die Oorlogsgedenkteken wat deur die Suid-Afrikaanse Legioen in November gehou word.

13.4 Optredes in Kerke

Verskeie gemeentes in Kroonstad het reeds by vele geleenthede die orkes genooi om in hul kerke deel te neem aan kooruitvoerings en kerssangdienste. Die grootse klankeffek van so 'n groep saam met orrel en koor omskep hierdie uitvoerings tot feestelike geleenthede. Twee van die mees besondere uitvoerings was die inwyding van die herboude orrel in die Kroonstad-Noord Kerk op 29 Julie 1979 toe mev Elza Cilliers 'n **Orrelkonsert** van Handel uitgevoer het en op 26 Augustus 1984 toe die nuwe Jeugsangbundel van die NG Kerk, tydens 'n plegtigheid in die Moederkerk, in gebruik geneem is.

VOETNOTE

1 Ball, Eric., Hoofstuk 12, in Brand, Violet en Geoffrey, **ed, Brass Bands in the Twentieth Century**, p 186
2 Ibid
3 **Herdenkingsblad** van die 75ste bestaansjaar in Kroonstad, 1966, p 2
4 **The Kroonstad Times**, 1 Oktober 1937
5 Persoonlike onderhoud met mev Lehman, 22 Februarie 1985
6 Herdenkingsblad, **op cit**, p 8
7 **The Kroonstad Times**, 1 Oktober 1937
8 Ibid, 29 Mei 1925
9 Ibid, 1 Oktober 1937
10 Konsertprogram van 24 Februarie 1928
11 **The Kroonstad Times** 28 Februarie 1928
12 Ibid, 23 Junie 1933
13 **The Friend**, 12 Februarie 1905
14 Ibid, 20 Julie 1905
15 **The Kroonstad Times**, 7 Mei 1918
16 Ibid, 24 Junie 1918
17 Ibid, 22 Maart 1918
18 Ibid, 20 Junie 1918
19 Ibid, 21 Mei 1920
20 Ibid, 24 Maart 1925
21 Ibid, 9 Junie 1925
22 Ibid, 25 Mei 1920
23 Ibid, 9 Oktober 1922
24 Ibid, 6 Januarie 1922
25 Ibid, 1 April 1928
26 **The Northern Times**, 31 Julie 1953
27 Persoonlike onderhoud met mnr SJ Mitchell, 19 Oktober 1984
28 **The Northern Times**, 6 Mei 1955
29 Ibid, 2 September 1955
30 Ibid, 20 April 1956
31 Ibid, 30 November 1956
32 Ibid, 23 November 1956
33 Persoonlike onderhoud met mnr Mitchell, 19 Oktober 1984
34 **Die Noordelike Stem**, 7 Junie 1963
35 Ibid, 25 September 1964
36 Oorkonde van die Kultuurraad, 24 Augustus 1983

HOOFSTUK VI

DIE KROONSTADSE SKOUBURG

Die beplanning en oprigting van die Kroonstadse Skouburg het ses-en-twintig jaar geduur. Hierdie tydperk beslaan 'n belangrike periode in die musieklewe van die dorp wat begin het met die bloeitydperk van die uitvoerende kunste aan die begin van die vyftigerjare tot die laat sewentigerjare, toe die behoefte aan 'n geskikte teater nog meer dringend geword het deur SUKOVS se gereelde aanbiedings van hoogstaande gehalte.

1 Die beplanning en oprigting van die Skouburg

1.1 Die behoefte aan 'n nuwe teater

Teen die jaar 1950 het die stadsraad van Kroonstad besef dat die bestaande stadsaal, wat in 1905 opgerig is, nie meer aan die eise voldoen het wat die inwoners gestel het nie. Daar het van tyd tot tyd beroepe van instansies gekom waarin hulle die stadsraad versoek het om sekere verbeterings aan die stadsaal aan te bring aangesien die toerusting van die saal se verhoog óf te oud óf nie meer in werkende toestand was nie. Die aard van plaaslike aanbiedings het al hoe meer ambisieus geword en die dorp se musici en toneelverenigings het besef dat hul produksies nie tot hulle volle reg sou kom in die ontoereikende saal nie.

1.2 Die stadsraad neem die eerste stappe; die vinding van 'n geskikte terrein

Op 6 Desember 1950 het die stadsraad op 'n vergadering van die Geldelike Sakekomitee opdrag gegee om ondersoek in te stel na die oprigting van 'n nuwe stadsaal:

"Na deeglike ondersoek voel ons dat die tyd nou ryp is vir die oprigting

van 'n moderne gebou wat die nodige saal-akkomodasie sal bevat."[1]

Tydens 'n vergadering wat op 20 April gehou is en wat bygewoon is deur mnre AJJ Duursema, HG Schonborn, JM Dönges, FJ Theron en professor J Fassler, is daar besprekings gehou oor die geskikte terrein vir die oprigting van 'n nuwe stadsaal. Professor Fassler het vier terreine ondersoek en het besluit dat die beste plek vir die gebou die bestaande sportterrein Loubserpark sou wees. Hy het verklaar:

> "The advantages of this site are that it is attractively situated in a park setting, is level ground and would lend itself to the development of a good group of buildings over a period of time."

Die terrein waarna professor Fassler hier verwys het sou uiteindelik die plek wees waar die Kroonstadse Skouburg later opgerig sou word. Op 16 Julie 1953 het mnr JJS van der Spuy (stadsklerk) in 'n brief gemeld hoe 'belangrik en dringend noodsaaklik dit geword het dat voorsiening gemaak word vir 'n geskikte terrein.'[2] Op 3 Oktober 1953 het die waarnemende stadsklerk, mnr MJ Smith, 'n brief gerig aan die Provinsiale Sekretaris in Bloemfontein en hom ingelig oor die stadsraad se planne om 'n burgersentrum op te rig:

> "...Vir die doel sal dit nodig wees om 'n lening van sowat een-honderd-en-vyftig-duisend pond aan te gaan, waarvoor die goedkeuring van Sy Edele, die Administrateur nodig sal wees. Aangesien die huidige stadsaal sowat vyftig jaar gelede opgerig is en heeltemal ontoereikend is, vind die Raad dit noodsaaklik om daadwerklik op te tree, en sodoende is die deskundige advies van professor J. Fassler, Dekaan van die Fakulteit van Argitektuur van die Universiteit van die Witwatersrand, ingewin. Hy het plaaslik ondersoek ingestel en beveel aan dat 'n terrein wat sowat sewentien erwe bestaan vir die doel aangekoop word."[3]

Teen 1954 is daar nog nie op 'n geskikte terrein besluit nie en het die stadsraad ook die plan om sewentien erwe waarop ou woonhuise gestaan het, aan te koop, laat vaar aangesien die inwoners nie wou afsien van hul eiendom nie. Die beplanning van die nuwe saal sou egter nog langer as 'n dekade duur voor daar daadwerklike planne opgestel is en intussen moes die ou stadsaal gebruik word vir die besoekende groepe en aanbiedings deur die ontevrede plaaslike kunstenaars.

1.3 Pleidooie gerig aan die stadsraad deur Kroonstadse kunstenaars

Vir baie jare het Kroonstad se kunstenaars gekla oor die swak akoestiek van

die stadsaal maar gedurende die vyftigerjare, toe verskeie plaaslike produksies van groot omvang op die planke gebring is, is daar gereeld pleidooie aan die stadsraad gerig om die leemtes te probeer oorbrug. Hierdie versoeke het nie net die bouplanne bespoedig nie maar het ook die stadsraad oorreed om 'n saal op te rig wat sou kon voorsien in die behoeftes van die dorp se kunstenaars.

Op 3 November 1957 het Myrrha Bantock* in 'n brief aan die stadsklerk daarop gewys dat daar genoeg kulturele aktiwiteite in die dorp aan die gang was om 'n teater te regverdig:

> "The Kroonstad Philharmonic is planning at present at least one stage presentation each year, and the Theatre Circle (which I have just formed) is putting on a special Christmas attraction - a colourful Chinese play which has already been staged in Johannesburg. We plan to give Kroonstad **regular theatrical performances** to meet the growing interest in theatre which has come into being in this town. We are working for the love of it and because we feel that, being so far from Johannesburg, there is little opportunity for the younger members of the community to see good plays and little opportunities for the town to develop.
>
> I feel personally that there is so much talent here and so much mounting enthusiasm for artistic entertainment that we have before us the opportunity of making Kroonstad the leading theatre and music centre in the Free State."

Mev Nohline Mitchell, ere-sekretaresse van die Kroonstadse Kunsraad het 'n deputasie afgevaardig na die stadsraad en op 11 Julie 1959 'n vergadering gehou met die Stadsaal-Subkomitee waarin hulle gepleit het dat verbeterings aangebring moes word aan die ou stadsaal. Die memorandum wat hulle voorgelê het, is deur veertien instansies gesteun:

> "The Kroonstad Arts Council which is motivated by ideals of service to the community through the arts, is composed of representatives of fourteen local cultural and public bodies, among which are the Philharmonic Choir and Orchestra, the Technical College, Theatre Circle, Music Society, Kroonstad Harmony Band and all the dancing studios. Its members are among the most frequent users of the local Town Hall, and they as well as visiting companies find themselves working under almost insurmountable difficulties." [4]

Die Kunsraad het geargumenteer dat hulle beoogde verbeterings aan die saal 'n groot stap vorentoe sou wees:

> "This will stimulate and encourage local companies, lead to a better class stage productions and attract many more outside companies to the town."[4]

Sien HOOFSTUK X

Uit die bogenoemde briewe spreek dit duidelik dat daar in hierdie stadium belowende aktiwiteite aan die gang was. Die stadsraad was bewus van hierdie kulturele impulse en stimulus en het simpatiek teenoor die inwoners gestaan. Die stadsraad se hele omvang van die beplanningsaksie het gegroei en al hoe meer ambisieus geword.

1.4 Die finale fase in die oprigting van die Skouburg

Op 19 Mei 1969 is daar op 'n vergadering besluit om die bestaande sportkompleks Loubserpark, te gebruik vir die oprigting van 'n burgersentrum. Aanvanklik is 'n minimum-periode van een-en-vyftig maande vasgestel vir die oprigting maar hierdie periode is met sowat drie jaar verleng. Op 28 Julie 1969 het die stadsklerk, mnr Allen Rautenbach, die argitekte EJ Bloem en ID Bosman versoek om die ontwerp van die gebou te onderneem. 'n Ad-hoc komitee is saamgestel wat sou toesig hou oor die beplanning, bestaande uit raadslede CE Fairweather, BFH Keevey, en CL de J Borchardt. Die boukommissie het bestaan uit raadslede AJJ Duursema (voorsitter), WN Breytenbach, CF Preller en CE Fairweather.

Mnr Allen Rautenbach het in Julie 1969 die Sekretaris van die Departement van Kultuursake in Pretoria versoek om 'n subsidie toe te staan aan die dorp. Hy het sy aansoek as volg gemotiveer:

> "Benewens gereelde aanbiedinge deur die Streekraad vir Uitvoerende Kunste van die Oranje-Vrystaat is daar etlike kultuurorganisasies in Kroonstad wie se werk gekortwiek word deur die gebrek aan behoorlike teaterfasiliteite." [5]

Op 26 Januarie 1974 het mnr Rautenbach ook by die Sekretaris van Nasionale Opvoeding om finansiële bystand aangeklop. In sy brief het dit weer eens duidelik geword hoe swaar die verantwoordelikheid op die stadsraad gerus het vir die bevordering van kultuursake in die dorp, en is die besluit om so 'n groot projek aan te pak oortuigend verduidelik:

> "Die teater is ontwerp en word toegerus vir alle aanbiedinge van drama, toneel, musiek, opera en ballet deur plaaslike sowel as reisende groepe. Daar kan verwag word dat dit in besondere mate deur die Streekraad vir Uitvoerende Kunste van die O.V.S. benut sal word, by wie daar 'n besondere behoefte aan doelmatige teaterfasiliteite in Kroonstad is, en met wie die Raad graag mettertyd oorleg sal wil pleeg in verband met die gebruik van die teater.
>
> Verder is dit ook die bedoeling van die Raad dat die teater op streeksgrondslag beskikbaar sal wees en dat omliggende gemeenskappe soos

Steynsrus, Ventersburg, Edenville, Viljoenskroon, Heilbron en ander by die benutting daarvan betrek en bevoordeel sal word." [6]

In Februarie 1972 is daar begin met die grawe van die fondamente en teen die middel van 1976 was die bouwerk voltooi.

1.5 Die fasiliteite van die Skouburg

Die teater het 685 sitplekke, 'n verhoog van 23 by 15 meter, 'n sy-verhoog van 11 by 12 meter en die nodige kleedkamers. Die verhoog is toegerus met twintig dekorrame wat vertikaal met 'n teëgewigsisteem verstelbaar is. 'n Doeltreffende beligtingstelsel is oor die verhoog aangebring wat vanaf die beheerpaneel in die beligtingskamer gekontroleer word. Bykomstige beligting vir die verhoog is ook vanaf die ligbrug bokant die plafon geïnstalleer. Die voorverhoog word vir orkes- en solo-uitvoerings op dieselfde vlak as die verhoog opgestel. Vir opera- en ballet-uitvoerings word die los panele van hierdie gedeelte op die laer vlak verstel om 'n orkesput te vorm. Die sy-verhoog word gebruik vir die aflaai, opbou en stoor van dekor.

Op dieselfde vlak as die verhoog is daar drie kleedkamers vir die hoofkunstenaars, terwyl daar op die eerstevloervlak nog vier kleiner kleedkamers is. In die kelder is daar twee groot kleedkamers ingerig. Hierbenewens is daar ook op die keldervlak voorsiening gemaak vir die orkeskamer, 'n afsonderlike kleedkamer vir die dirigent, en 'n oefenkamer vir die soliste. Laasgenoemde kamers is redelik klankdig. Alle kleedkamers en ruimtes word deur 'n interkomstelsel met die verhoog en bestuuder se kantoor verbind.

Die Skouburg bestaan verder ook uit 'n repetisiesaal vir ballet, ruim foyers, 'n banketsaal, onthaalkamers, kombuise en 'n parkeerkelder.

2 Die amptelike opening van die Skouburg

Die amptelike opening van die Skouburg het plaasgevind op 12 Junie 1976 en is waargeneem deur die Administrateur van die Oranje-Vrystaat, Sy Edele AC van Wyk. In sy boodskap by hierdie geleentheid het hy gesê dat 'n lewenskragtige musiek en dramakultuur nie net deur begaafde kunstenaars bevorder word nie maar ook deur die opvoeding van toekomstige gehore wat 'aktief kan meedoen en verstaan en waardeer'. Hy het gesê toe SUKOVS tot stand gekom het, is verseker dat die kulturele belange van die inwoners van die provinsie

gedien word en die gedagte was nooit om plaaslike inisiatief te demp nie maar om standaarde te stel wat die hoogste ontwikkeling van talente sou meebring. Hy het die dorp geluk gewens deur die mylpaal wat behaal is met die oprigting van die teaterkompleks:

> "This impressive structure will enable you to attend performances by artists not only of national and international standard but also of Kroonstad and its environs both on school and post-school levels. I feel sure that the theatre will stimulate local talented citizens to participate and excel in their respective fields of art. In this way the community of Kroonstad and adjacent regions will create a force to combat the ever increasing flood of pernicious and demoralising cultural experiences that threaten our national existence." 7

As deel van die inwydingsprogram is 'n groot kultuurfees beplan. Op die aand van 6 Junie 1976 het daar nà die amptelike opening 'n uitvoering deur die SAUK Junior Simfonie-orkes plaasgevind. Op Sondag 13 Junie het die dorp se musici hul kragte saamgespan en hul vreugde oor die nuwe teater gevier deur 'n gewyde konsert aan te bied. 'n Massakoor bestaande uit honderd-en-dertien stemme is begelei deur die Gevangenisdiensorkes onder die stok van kaptein JIN Steenkamp. Die koor is afgerig deur Nohline Mitchell, Olga Rademan en Julius du Toit en die begeleidsters was Babs du Toit, Marcha Geyer en Doreen Kraut. Die program het as volg daar uitgesien: **Fanfare vir Koperblasers en Slagwerk** spesiaal vir die geleentheid gekomponeer deur Julius du Toit; **Psalm 100** deur die koor en orkes; **Non Nobis Domine** van Roger Quilter, georkestreer vir koor en orkes deur Marcha Geyer; **Jesus Bron van al my Vreugde** van Bach, vir koor en orkes; **Amazing Grace** (tradisioneel) verwerk deur Noel Stockton vir koor en orkes; **Rocked in the Cradle of the Deep** van E de Lameter, uitgevoer deur die orkes; **Laudate Dominum** van Mozart, gesing deur die dameskoor met Lena van Wyk as soliste; **Die Hemele Roem** van Beethoven, uitgevoer deur die orkes; **Return, Oh God of Hosts** van Handel en gesing deur Olive Antonie (kontralto); **St Anne** van Elizabeth Poston, gesing deur die gehoor; **Onse Vader,** gesing deur die mannekoor met Jan Swart as solis; **Dank, Here, Dank** van Handel, gesing deur die mannekoor met Dougy Yazbek as solis; die **Hallelujakoor** van Handel, uitgevoer deur die koor en orkes.

Op 15 Junie was dit weer die beurt van die skoolgaande jeug van die dorp om in die Skouburg op te tree in 'n konsert van massakore begelei deur die Gevangenisdiensorkes. Op 19 Junie het die Kroonstad Amateur Teater die

toneelstuk **Ou Bokke en Groen Blaartjies** in die skouburg opgevoer.

3 Die benutting en bestuur van die Skouburg

Nog voordat die Skouburg voltooi is, het die stadsraad al die eerste aansoek ontvang van 'n instansie wat gretig was om 'n opvoering aan te bied: op 31 Maart 1976 het die Onderwyskollege van Potchefstroom aansoek gedoen om die toneelstuk **Die Voëlhandelaar** in die skouburg op te voer. Verdere aanbiedinge het mekaar snel opgevolg. Op 5 Mei 1976 het TRUK aangedui dat hulle 'n ballet na Kroonstad wou bring, en op 21 Mei 1976 het TRUK reeds 'n tweede aanbod vir nog 'n ballet gemaak. Op 4 Junie 1976 het mnr Adri Erasmus, Hoof van Opera by SUKOVS, onderhandel om 'n opera in 1977 na die Skouburg te bring.

Die Skouburg is dus nie tevergeefs opgerig nie. Ook het die spektrum van verhoogaanbiedings in die dorp onmiddellik verbreed. Drama-, musiek-, ballet- en opera-aanbiedings van 'n hoë standaard kon onder gunstige omstandighede aangebied word en sodoende het Kroonstad 'n gereelde besoekpunt vir die Streekrade vir Uitvoerende Kunste geword. Dit was een van slegs drie dorpe in die Vrystaat wat kon spog met so 'n teaterkompleks. Voortaan sou dit nie meer nodig wees vir die teaterentoesiaste van die dorp om skaam te wees oor die fasiliteite nie. 'n Droom wat langer as 'n halfeeu gekoester is, is nou verwesenlik. Die stadsraad, in hul rol as beskermhere van die kuns, het besef dat dit nie slegs hulle plig was om 'n behoorlike teater op te rig nie, maar dat dit voortaan ook hul taak sou wees om die teater te bestuur, aanbiedinge te beheer en 'n opgevoede teaterpubliek te probeer bevorder.

Alle moontlike stappe is geneem om die teater so aanneemlik en doeltreffend as moontlik te maak. Onmiddellik na die inwyding is aandag geskenk aan verbeterings van die saal se akoestiek. Walter Mony, dirigent van die SAUK Junior Simfonie-orkes het na die konsert in die skouburg voorgestel dat die bestaande verskuifbare panele in die dak van die teater meer effektief sou wees indien dit verhoog kon word. Daar is ook gevind dat die lugreëlingstelsel 'n nadelige effek op die akoestiek gehad het. Die hulp van die WNNR is ingeroep en elektroniese toetse is gedoen. Nadat al die nodige veranderings aangebring is, is geen akoestiese probleme meer ondervind nie.[8]

Die behoefte aan 'n adviserende liggaam is reeds vroeg aangevoel, en op 13 Januarie 1977 het die stadsraad tien Kroonstadters, wat aktief meegewerk het op musiekgebied, genader om in 'n komitee te dien wat bekend sou wees as die Adviserende Skouburgkomitee. Hul funksie sou wees om die stadsraad te adviseer in verband met die beheer en gebruik van die Skouburg en meer bepaald die verkryging en promosie van produksies en die werwing van publieke steun en belangstelling.

Tydens die stigtingsvergadering van die Adviserende Skouburgkomitee op 28 Julie 1977, was die volgende persone teenwoordig: raadslid JA Naude (voorsitter), mnr A Rautenbach (stadsklerk), dr PH Menge, majoor JIN Steenkamp, mnre J Geldenhuys, J du Toit, P Fouche, AB du Plessis, C Esterhuyse, E Erasmus (direkteur van die Burgersentrum) en mev N Mitchell. Die volgende reglemente is opgestel:

"1 Adviserende Skouburgkomitee.

1.1 Die Adviserende skouburgkomitee bestaan uit nie minder as sewe en nie meer as twaalf lede nie van wie minstens twee lede van die Stadsraad of hulle verteenwoordigers moet wees.

1.2 Alle lede word deur die Stadsraad aangestel vir 'n tydperk van twee jaar. 'n Lid wie se dienstyd verstryk het kan weer aangestel word.

1.3 Die Stadsklerk en Direkteur van die Skouburg is ex officio lede van die Komitee sonder enige reg van stemming.

1.4 Wanneer die setel van 'n lid voor die tydperk waarvoor hy aangestel is vakant word, kan die Stadsraad iemand anders aanstel om die vakature te vul vir die oorblywende gedeelte van sodanige tydperk.

1.5 'n Lid kan uit die komitee bedank by wyse van skriftelike kennisgewing.

1.6 Wanneer 'n lid sonder verlof van die Komitee van drie of meer vergaderings afwesig is, verbeur hy sy setel.

2 Verrigtinge

2.1 Die komitee vergader so dikwels as wat nodig is maar minstens een keer elke kwartaal.

2.2 Op sy eerste vergadering kies die komitee een van sy lede as voorsitter. Die voorsitter beklee sy amp vir twee jaar.

2.3 Wanneer die voorsitter afwesig is, kies die teenwoordige lede 'n lid uit hul midde om by daardie vergadering as voorsitter op te tree.

2.4 Minstens die helfte van die aangestelde lede is 'n kworum vir enige vergadering.

2.5 Die Direkteur van die Skouburg tree as sekretaris op van die komitee.

2.6 Die komitee laat behoorlike notule van sy vergaderings hou en besorg gereeld afskrifte daarvan aan die Stadsraad.

3 Magte en pligte van die komitee

3.1 Die Komitee -

3.1.1 bedien die Stadsraad van advies in sake rakende die Skouburg;

3.1.2 is behulpsaam met die seleksie, verkryging en promosie van produksies en aanbiedings in die Skouburg;

3.1.3 bevorder die opvoedkundige en kulturele funksies van die Skouburg deur advertensies, lesings, inligtingstukke en ander maatreëls.

3.2 Die komitee kan tydelike sub-komitees aanstel vir die bereiking van 'n bepaalde doel en persone buite die komitee daarin koöpteer; met dien verstande dat so 'n subkomitee slegs onder voorsitterskap van 'n lid van die komitee funksioneer.

3.3 Die komitee kan 'n eie bankrekening open en finansiële verpligtinge aangaan wat uit eie fondse bestry word. Alle tjeks word deur die dienende voorsitter en sekretaris onderteken.

3.4 Die komitee se finansiële state is jaarliks aan oudit deur die Stadsraad se stadstesourier onderworpe.

3.5 Vir die uitvoering van sy funksies kan die Stadsraad van tyd tot tyd fondse aan die komitee bewillig; met dien verstande dat die komitee nie die stadsraad tot enige finansiële uitgawe kan verbind sonder die vooraf verkreë toestemming van die Stadsraad nie." 9

Op die stigtingsvergadering is besluit dat die komitee verantwoordelikheid sou neem vir die organisasie van slegs produksies wat deur hulle self geïnisieer is. Byvoorbeeld fondsinsamelingsprojekte deur ander instansies sou nie in samewerking met die komitee beplan word nie. Die komitee het verder ook aandag geskenk aan die voorwaardes verbonde aan aanbiedings van SUKOVS, en die direkteur van die Skouburg het die nodige skrywe aan SUKOVS gerig met die doel om produksies te lok. Verskeie publisiteitsvorme is ondersoek en in werking gestel. Daar is besluit om van 'n eenvormige ontwerp vir plakkate, programme en ander publisiteitsmateriaal gebruik te maak. Sodoende kon die publiek kennis neem van produksies wat onder beskerming van die komitee aangebied sou word, en seker wees dat sulke aanbiedings wel aan die nodige standaarde sou voldoen. Seisoenkaartjies is by die teater beskikbaar gestel om verwarring ten opsigte van oorbespreking uit te skakel asook om kontrole deur die personeel te vergemaklik.

Die komitee het skakeling met omliggende dorpe opgebou om die reklame van aanbiedinge te bevorder. Die Direkteur het met ander munisipaliteite geskakel en sekere individue om publisiteitsmateriaal te versprei.

'n Teaterdagboek en poslys is in werking gestel om sodoende inligting oor aanbiedinge gereeld aan die publiek te versprei.

Die skouburgkomitee se eerste eie aanbieding was 'n konsert deur die Nasionale Simfonie-orkes van die SAUK wat op 25 Augustus 1977 in die Skouburg plaasgevind het. Die finansiële resultaat van hierdie onderneming was ongelukkig nie rooskleurig nie: die voorsitter van die skouburgkomitee moes op 30 Augustus aan die stadsraad rapporteer dat 'n verlies van R900 gely is sonder inagneming van die koste van die onthaal en tee wat aangebied is. Die burgemeester het hierop sy diepe teleurstelling uitgespreek oor die swak ondersteuning deur die publiek van aanbiedinge wat van hoogstaande gehalte is en 'n beroep gedoen op die inwoners van Kroonstad om aanbiedinge wat van 'n groot opvoedkundige en kulturele waarde is beter te ondersteun.

Raadslid Naude was van mening dat die inwoners van die dorp afgeleer het om goeie aanbiedings by te woon omdat daar die vorige tien tot vyftien jaar nie uit- en opvoerings van hoogstaande gehalte in die Stadsaal aangebied kon word nie. Daar dus opvoedingswerk gedoen word.

In Oktober 1978 is Die Kroonstadse Komitee vir Uitvoerende Kunste gestig. Dit was heeltemal onafhanklik en het glad nie onder beheer van die stadsraad gestaan of uit die geledere van die skouburgkomitee gekom nie. Die Inisiatief vir die stigting het uitgegaan van mnr Fred Sharp, Hoof van Openbare Betrekkinge en Reklame van SUKOVS, in medewerking met 'n paar Kroonstadse teaterliefhebbers. Die doel was om aanbiedinge van SUKOVS te organiseer, kaartjies te verkoop en die saak te propageer. Die komitee het ook hul eie bydrae tot die teater gelewer deur bekende musici na die dorp te nooi vir lesings, en op 22 September 1980 het Hans van Heerden 'n operawerkswinkel aangebied terwyl Edgar Cree op 27 April 1981 'n lesing gegee het oor dirigering en orkesspel.

4 SUKOVS se aanbiedings in Kroonstad en in die Kroonstadse Skouburg

4.1 Aanbiedings in die stadsaal

Sedert 1963 het SUKOVS gereeld musiekaanbiedings na Kroonstad gebring wat tot in 1976 meesal in die ontoereikende stadsaal plaasgevind het. In 1963 het hulle slegs die Nederlandse Kamerkoor aangebied, en in 1964 die Orpheus

Mannekwartet. In 1965 is uitvoerings gegee deur Joyce Barker, die Weense Stryktrio, Emma Renzi en Hanlie van Niekerk. In 1966 is twee buitelandse kore naamlik die Münchense Kamerkoor en die Weense Seunskoor aangebied en een opera **Don Carlos**. In 1967 het Hanlie van Niekerk en die Orpheus Mannekwartet weer opgetree asook die Kaapstadse Stadsorkes.

In 1968 het die Weense Seunskoor en die Nasionale Jeugorkes van die SAUK opgetree. In 1969 is Bach se **Johannespassie** uitgevoer en die SAUK-orkes onder leiding van Francesco Mander het opgetree. In 1970 en 1972 het die Jeugorkes opgetree en in 1973 het Werner Nel 'n sanguitvoering gegee.

4.2 Aanbiedings in die Skouburg

Nadat die Skouburg in 1976 in gebruik geneem is het SUKOVS se aanbiedings daar plaasgevind. Op 28 Februarie 1977 het hul eerste aanbieding in die nuwe kompleks plaasgevind naamlik **Die Huwelik van Figaro**. Op 18 Maart 1977 het hulle die Tchaika Kosakke aangebied. In 1978 het die Latyns-Amerikaanse groep **Los Paraguayos** opgetree en die opera **Hansie en Grietjie** is opgevoer. Werner Nel het 'n sanguitvoering gegee en Pieter Daniel 'n viooluitvoering. In 1979 is die **Barbier van Seville** opgevoer. In 1980 het die Spaanse egpaar Uliano Marchio (ghitaar) en Marisa Marchio (sopraan) 'n uitvoering gegee; Franz Lehár se operette **Land of Smiles**, die musiekblyspel **The Sound of Music** en **Rigoletto** is opgevoer. In 1981 is **Tosca** en **The Student Prince** opgevoer. In 1982 is **La Bohême**, **Die Walskonings** en **Die Fledermaus** aangebied In 1983 is **The Bartered Bride** en **Annie get your Gun** opgevoer en die OVS-Jeug-simfonieorkes het opgetree onder leiding van Gerhard Geist.

5 Aanbiedings van TRUK

In 1976 het TRUK die ballet **Swanemeer** in die Skouburg aangebied en in 1977 die ballette **Triple Bill** en **La Fille Mal Gardée**. Op 14 Oktober 1977 het TRUK 'n **Aand by die Opera, van Mozart tot Bernstein** aangebied en in 1979 die ballet **Papillon**.

6 Aanbiedings deur ander instansies

In 1976 het die Pretoriase Tegniese Kollege 'n viool- en klavieruitvoering

aangebied deur Zanta Hofmeyr en Anneke van Heerden. Die SAUK-orkes het in 1977 in die Skouburg opgetree onder leiding van Maurice Handford en in 1981 onder Janos Fürst. Die Vrystaatse Universiteitskoor het in 1977 en 1982 in die Skouburg opgetree. Die Drakensbergse Seunskoor het reeds vier keer in die Skouburg opgetree naamlik in 1978, 1979, 1981 en 1985.

Die Universiteitskoor van Stellenbosch het in 1978 'n uitvoering gegee en die Vrystaatse Jeugkoor het vanaf 1979 jaarliks opgetree. Die Natalse Jeugorkes en die OVS-Jeugsimfonieorkes het onderskeidelik in 1981 en 1983 die dorp besoek.

VOETNOTE

1 Notule 91/8, 1951-1953, van die Stadsraad
2 Ibid
3 Notule 91/5 van die jaar 1952-1964
4 Ibid
5 Notule 91/5 van die jaar 1969-1972
6 Notule 91/8 van 1974
7 Toespraak van mnr AC van Wyk, opgeneem in die amptelike inwydingsprogram
8 Notule 91/8, 5 Julie 1976
9 Notule 91/8, 1977
10 Argief van die Kroonstadse Skouburg

HOOFSTUK VII

MUSIEKVERENIGINGS

KROONSTADSE MUSIEKVERENIGINGS

Musiekverenigings het sedert 1905 'n groot rol gespeel om Kroonstad se musieklewe te bevorder. Hulle was verantwoordelik vir die algemene musikale opvoeding van die dorp se inwoners deur die aanbieding van konserte deur besoekende en plaaslike kunstenaars, musieklesings en kunswedstryde.

Die vroeë musiekverenigings soos die **Kroonstad Amateur Operatic Society**, die **Philharmonic Society** en die **Amateur Musical and Dramatic Society** wat hierná genoem word, se werksaamhede word in Hoofstuk III en IV meer breedvoerig bespreek. Verenigings wat nie suiwer musiekverenigings was nie, maar ook musiekkonserte aangebied het, was die Rookruis, die **Kroonstad Railway Institute**, die **Comrades of the Great War**, die Oranje-Vrouevereniging en die **Kroonstad Jewish Dramatic Society**. Oor hulle kon daar egter min inligting opgespoor word.

Die **Caledonian Society**, die **Kroonstad Music Club**, die **Kroonstad Theatre Group**, die Kroonstadse Musiekvereniging, die Kroonstadse Platevereniging, die Kroonstad-tak van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers, die Kroonstadse Kultuurvereniging en die Kultuurraad se bydraes tot die musieklewe word in hierdie hoofstuk bespreek.

1 THE KROONSTAD AMATEUR OPERATIC SOCIETY

In Julie 1905 is die **Kroonstad Amateur Operatic Society** met mnr EG Pickett as dirigent gestig. Die vereniging se komitee het verder bestaan uit James Strang (president), mev H Lawson Allen (begeleidster), mnr A McDonald (sekretaris) en mnr J Campbell Johnston (tesourier). Manlike lede het 'n jaarlikse fooi van een pond betaal en dames tien sjielings en repetisies het op Saterdagaande plaasgevind. Hierdie vereniging het uit 'n koor en

orkes bestaan en het hul beywer om operettes op te voer.

2 DIE KROONSTAD PHILHARMONIC SOCIETY EN DIE AMATEUR MUSICAL AND DRAMATIC SOCIETY

Die Kroonstadse Dorpsorkes wat reeds in 1905 gestig is en deur 'n lang ontwikkelingsproses gegaan het, is in 1922 die **Philharmonic Society** genoem en het uit orkeslede, amateur sangers en 'n koor bestaan het.

Op 10 April 1923 is 'n advertensie in **The Kroonstad Times** gepubliseer waarin mnr RH Nevin, ere-sekretaris van die **Kroonstad Philharmonic Society** 'n beroep doen op belangstellendes om 'n algemene vergadering van hierdie vereniging in die Caledonian Hall op 12 April by te woon. Dit is nie bekend of die vereniging in daardie stadium besig was om dood te loop nie maar uit die agenda vir hierdie vergadering kan 'n mens aflei dat dit wel die geval was, aangesien die doel van die vergadering die reorganisasie van die vereniging was. Mnr Nevin het ook in sy berig gemeld dat 'n nuwe voorsitter en komitee gekies moes word en dat 'n nuwe opera aangepak sou word. Daar word egter nie weer in die uitgawes van **The Kroonstad Times** van 1923 melding gemaak van die **Kroonstad Philharmonic Society** nie, maar wel van aktiwiteite van die **Kroonstad Amateur Musical and Dramatic Society.** Dit kon dus moontlik gewees het dat die dorp se drama-vereniging en die ou Philharmonic Society saamgesmelt het.

3 DIE KROONSTAD CALEDONIAN SOCIETY

Die Skotse inwoners van Kroonstad het, soos alle bevolkingsgroepe wat buite hul vaderland gewoon het, 'n vereniging gestig, die **Caledonian Society**, om kulturele bande met hul lande van herkoms lewend te hou. Hierdie vereniging het talle musiekkonserte, danse en kultuuraande gehou, soms met lesings oor Skotse geskiedenis en skrywers soos Robert Burns afgewissel deur musiekitems. By 'n banket in 1904 het 'n groep sangers, onder andere mnre A Strachan, W Carswell, Duncan Stewart, Frank Browny en A Grant sangsolo's gelewer met klavierbegeleiding deur Denzil Brock en mnr Newell.

Baie van die Skotte was verbonde aan die spoorweë en was waarskynlik immigrante of soldate wat ná die Anglo-Boere oorlog in Suid-Afrika agtergebly het. Hulle het met hulle saamgebring die Skotse liefde vir sang en musiek, 'n tradisie wat toe nog nie eie was aan die Afrikaanssprekende inwoners nie. Die Skotte was saam met ander Engelssprekende inwoners verantwoordelik vir die vroeë musiekverenigings soos die **Kroonstad Amateur Operatic Society**, en vir dorpsorkeste.

Alhoewel die **Caledonian Society** baie lank bestaan het (circa 1904-1922), en sekerlik baie bedrywig was, is slegs 'n paar geïsoleerde funksies van hulle opgeteken, soos op 9 Desember 1911 toe het hulle 'n St Andrews-aand in die Union-klub gegee het waar mej Martin en mnr Alex Strachan (sang), mnr Gillespie (viool) en mej Finlayson (klavier) bygedra het tot die musiekprogram. In 1915 het hulle die bekende Suid-Afrikaanse kontralto Isobel McLaren en ander kunstenaars van Johannesburg genooi om in Kroonstad op te tree.

Op 20 April 1918 het die Caledonian Society by hul maandelikse byeenkoms 'n Burns-aand gehou waartydens 'n lesing en 'n sangprogram van Robert Burns se liedere aangebied is. Jennie Smith het **Of a' the airts the wind can blow** en **Star of Robbie Burns** gesing; mnr Ross **Her Love is like the Red, Red Rose**, en mnr Eksteen **Ye Banks and Braes** en **Annie Laurie.** Mej Van Viegen wat die begeleidings gespeel het, het ook 'n klaviersolo gelewer, **Blue Bells of Scotland.**

In 1922 het die vereniging in hul eie saal, die Caledonian Hall, 'n konsert en 'n dans aangebied, 'n sosiale gebruik wat in daardie jare baie gewild was. Persone soos mejj E Cronin, Tuohy en Van Viegen (klavier), Marjory Mills (viool), Rosie Smith (tjello), mnre J Smith, W Owen en mej Victoria King (sang), het 'n musiekprogram aangebied, terwyl mej Van Viegen die musiek vir die dans gespeel het.

Die **Caledonian Society** was dus een van die eerste verenigings wat musiekkonserte op 'n georganiseerde wyse aangebied het. Deur hul kennis van musiek het hulle 'n musiektradisie in Kroonstad gevestig op 'n tydstip toe daar nog 'n gebrek aan musiekonderwys by die Afrikaanssprekende inwoners bestaan het.

4 THE KROONSTAD MUSIC CLUB (1928)

Dit is nie bekend wanneer **The Kroonstad Music Club** gestig is nie maar hulle

het skynbaar vroeëre musiekorganisasies in Kroonstad vervang. Hierdie klub was nie ingestel daarop om plaaslike talent te bevorder nie maar het hoofsaaklik gepoog om beroemde kunstenaars te nooi. Uit die volgende verslag oor 'n vergadering wat op 28 Februarie 1928 in die Caledonian Hall gehou is, word dit duidelik wat die doelstellings en werksaamhede van die klub was:

> "Tributes to the good work that has already been accomplished by the Kroonstad Music Club in securing the services of world-famous artists from overseas for concerts held here, and optimistic remarks as to the future of the Club, were made by His Worship the Mayor (Councillor W.A. Botha), and by Mr. J.G. Vorster (President of the Club), at the first annual general meeting of the M.C. in the Caledonian Hall on Tuesday evening.
>
> Mr. Vorster referred to the great success of the Club, both in bringing important talent to Kroonstad and from the social and financial point of view. He hoped the club would continue to flourish, and that it would be strengthened by the addition of new members. They had had overseas talent in Kroonstad, which, in the ordinary way, without the assistance of the club, they would probably never have had. The portents were that the Club would prove an even greater success in the future than had been the case in the past. He paid a tribute to the Honorary Secretary and Treasurer (Mr. A. Hearn) who had devoted a great deal of his time to the interests of the club. Indeed, Mr. Hearn had so far extended his services as to visit Johannesburg to interview people on behalf of the club.
>
> After a vote of thanks had been passed to the Secretary, Mr. Hearn replied by saying that he considered the success of the club was due to the Chairman of the club Mr. E. Bernard Etheridge, without whose help he would have been lost.
>
> Mr. Etheridge in turn, proposed a hearty vote of thanks to the President (Mr. J.G. Vorster), as a result of whose fatherly guidance the success of the club was assured. Mr. Vorster had the interests of music at heart, and his influence was a valuable asset.
>
> His Worship the Mayor said he had greatly enjoyed every-one of the concerts given by the club which he had attended, and he certainly thought the organisation had an auspicious future. He hoped the club would prove a lasting success, as the talented people of the town appreciated such concerts, which had an educational value to the young, as well as to their elders. He hoped, the time would come when the club would have more than four concerts a year. It all lay in the hands of the public of Kroonstad.
>
> The Mayor went on to say that the club should have far more members than was the case at present, the membership to-day being approximately, 53 persons." [1]

In 1928 het die Klub se komitee uit die volgende lede bestaan: mnr JG Vorster (president), mej Pritchard (vise-president), mnr E Bernard

Etheridge (voorsitter), mnr A Hearn (tesourier) en elf addisionele lede.

Hierdie klub was geaffilieer met die **Federated Music Club of South Africa** in Kaapstad waarvan die bekende Suid-Afrikaanse violiste, Beatrice Marx, die sekretaresse was. In 1928 het die klub Helen Jaffary (sopraan), Elsie Hall (klavier), Harold Ketelby en Arthur Jordan (viool) na Kroonstad gebring.

Die Tweede Musiekklub (1941)

Op 30 Mei 1941 is die Kroonstadse Musiekklub gestig met dr Derksen as voorsitter en mnr Blake Toerien as sekretaris. Hierdie klub is gestig deur bemiddeling van Alex Cherniavsky, wat as konsertimpresario oral in die land takke gestig het om konserte te reël vir oorsese kunstenaars wat hy na Suid-Afrika gebring het. Alex Cherniavsky is in 1896 in Rusland gebore en het in 1912 na Suid-Afrika gekom as lid van die Tweede Imperiale Russiese Trio en vanaf 1930 het hy as impresario opgetree. Die volgende berig het ten tye van die stigting van die klub verskyn:

> "For a long time the public has been conscious of the need for some society whose aim will be the promotion of musical life in Kroonstad. As there is no dearth of lovers of music locally, many will embrace this opportunity of enjoying the performances of first-rate artists.
>
> On Friday, Leo and Alex Cherniavsky gave a recital in the Town Hall before an excellent and appreciative audience. At the conclusion a committee was formed, under the able chairmanship of Dr. Derksen, with Mr. Blake Toerien as secretary, whose responsibility will be the enrolling of members. A series of recitals, at which artists of outstanding merit will appear, will be arranged by the Cherniavsky Bureau." [2]

So ver bekend is slegs een bekende kunstenaar deur die klub na Kroonstad gebring naamlik die sangeres Miriam Paikin in 1941.

5 DIE KROONSTADSE KULTUURVERENIGING EN DIE AANBIEDING VAN DIE KUNSWEDSTRYD

In 1935 is die eerste kunswedstryd van die Kroonstadse Kultuurvereniging gehou. Dit het tweejaarliks plaasgevind maar vroeër (reeds vanaf 1905) is daar dikwels kleiner kunswedstryde gehou sodat talentvolle persone van die dorp 'n geleentheid gehad het om op te tree en om 'n prys mee te ding. Die eerste geleentheid waar so 'n "musiekfees" georganiseer is,

het in Maart 1905 plaasgevind. Deelnemers kon inskryf vir afdelings soos kore, orkeste, klavier en sang. Vir kore is **Worthy is the Lamb** uit die **Messias** van Handel voorgeskryf en die eerste prys was tien ghienies en 'n medalje vir die dirigent. Kerkkore moes twee stukke sing naamlik **Arise and Shine** en **When our Heads are Bowed in Woe.** Orkeste is beperk tot twintig lede en moes **Ora Pro Nobis** en **I Heard the Voice of Jesus Say** speel. Hier was die eerste prys aansienlik minder as dié van die kore en het slegs een ghienie beloop terwyl die orkesdirigent 'n silwer medalje kon verower.

Reeds in die twintigerjare was kunswedstryde meer algemeen en gedurende die dertigerjare was dit 'n medium waarmee 'n nasionale gevoel onder die Afrikaners aangewakker is. GD Scholtz het die volgende gesê oor die invloed wat die vroeë kunswedstryde uitgestraal het:

> "Hierdie kunswedstryde het op die duur een van die mooiste uitings van die Afrikaanse Kultuur geword. Dit het by oud en jonk 'n gevoel van skoonheid gewek wat bevrugtend op die volkslewe ingewerk het." 3

In Oktober 1932 is 'n koorkompetisie gereël vir agt skole van Kroonstad en omliggende dorpe en die beoordelaar was Wansbrough Poles, 'n bekende koormeester van Bloemfontein. Slegs een trofee is oorhandig en dit is geskenk deur mev JT Slabbert van Kroonstad.

Teen 1935 was daar reeds soveel musiek- en sangleerlinge in Kroonstad dat die behoefte aan 'n kunswedstryd in die afdelings klavierspel en sang geweldig groot was. Op 18 en 19 Oktober 1935 het die eerste kunswedstryd van die Kroonstadse Kultuurvereniging plaasgevind en seshonderd inskrywings is ontvang. Dit is gereël onder leiding van mnr J du Randt en hy het die hoop uitgespreek dat so 'n kunswedstryd gereeld aangebied sou word. Reeds vanaf die eerste kunswedstryd is 'n pryswennerskonsert aangebied, 'n tradisie wat sou voortleef vir baie jare. Mnr PJ Lemmer, die beoordelaar, het Kroonstad geluk gewens met die goeie prestasies wat behaal is en hy was oortuig dat Kroonstad nie vir Bloemfontein hoef agteruit te staan nie. Veral die sangitems was uitstaande en mnr Lemmer het die wens uitgespreek dat van die sangduo's en -kwartette die geleentheid kon hê om in groter sentra op te tree.

Dat die standaard van sangopleiding in Kroonstad hoog was is verder in 1935 bewys toe Kroonstadters aan die Bethlehemse kunswedstryd gaan deelneem het en tien eerste pryse en vier tweede pryse verower het.

Mejj A en R Wessels, mev Ethel Baker, mnr S Jennings en twintig skooldogters van die Hoërskool was van die gelukkige deelnemers.

Die kunswedstryde het 'n groot bydrae gelewer tot die kultuurontwikkeling van die Afrikaanssprekende inwoners. Tot die jare dertig is die musieklewe in Kroonstad hoofsaaklik deur die Engelssprekende gemeenskap aan die gang gehou maar gedurende die dertigerjare het die Afrikaanssprekende al hoe meer begin belang stel in ernstige musiek en die kunswedstryd was die medium waardeur hy op kulturele vlak kon kommunikeer.

Alhoewel die kunswedstryd deur Afrikaanssprekendes aangebied is, is daar ook voorsiening gemaak vir items in Engels:

> "The Kroonstad Kultuur Vereniging are holding an Eisteddfod in the Town Hall, which is the biggest function of its kind to be held in the Northern Free State. So popular has this become among music lovers that over 600 entries have been received from all parts of the Northern Free State. Many people are under the impression that because it is being held under the auspices of an Afrikaans society all items will be in Afrikaans. This is not the case, as there is a special English section, and also sections where artists can sing in either language." [4]

In Februarie 1937 het die voorsitter van die Kultuurvereniging, mnr PH Loubser gesê:

> "Omdat hierdie vereniging alreeds veel gedoen het in die verlede om die bevordering van 'n goeie Afrikaanse Kuns onder die aandag van die publiek te probeer bring, is die verwagting dat elke belangstellende teenwoordig sal wees." 5

'n Vergadering is op 12 Februarie 1937 belê en is deur 'n groot groep belangstellendes bygewoon waaruit 'n Kunswedstrydkomitee saamgestel is. Sommige van die lede wat tot hierdie komitee gekies is, het vir 'n paar dekades hul dienste beskikbaar gestel soos mevv Iris du Randt, Rina Swart, AFS Kriek, E Baker en mnr JC O'Kennedy.

Tydens die kunswedstryd van 1937 was mnr D Roode en mev Daisy Bosman beoordelaars. Gedurende die verrigtinge het dit duidelik geword dat Kroonstad se kore uitstaande was en die junior-afdeling is deur die Kroonstadse Volkskool en die Klooster Notre Dame gewen, terwyl mnr MC Roode se kerkkoor die beste gevaar het.

Die sterk volksbewussyn wat in 1938 met die Voortrekker Eeufees 'n hoogtepunt bereik het, het ook 'n invloed op Kroonstad se kunswedstryd gehad, 'n instelling wat gesien is as volksopvoeding. Hierdie stelling kom duidelik na

vore in 'n nabetragting oor die kunswedstryd van 1937:

> "...Hoofsaak is egter dat die Kroonstadse Kultuurvereniging oortuig voel dat waardevolle opvoedingwerk gedoen word deur hierdie onderneming, dat die volk geleer en opgevoed word tot waardering en beoefening van die hoëre en fynere kunste, wat beteken 'n algemene verryking en verdieping van die geestelike lewe van die volk." [6]

Die Kroonstadse Kunswedstryd was ook die verhoog waar omliggende dorpe en plaasskole se kore en instrumentaliste hul buiging kon maak. Dorpe soos Lindley, Steynsrust, Bethlehem, Heuningspruit, Viljoenskroon, Ventersburg, Reitz, Ficksburg, Kestell, die Goudveld, Hennenman, Parys, Vredefort, Sasolburg, Heilbron, Koppies, Bothaville en ook Bloemfontein het vir jare lank groot getalle deelnemers na die Kroonstadse Kunswedstryd gestuur.

In 1939 was die stadsaal te klein vir die groot gehoor wat opgedaag het om na die kunswedstrydkonsert te luister. By die geleentheid het professor CAO Duggan van die Witwatersrandse Universiteit beoordeel. Nege kore het opgetree naamlik die laerskole en hoërskole van Bethlehem en Kroonstad, volwasse kore van Viljoenskroon en Kroonstad en kerkkore van Steynsrust en Kroonstad. 'n Resensie oor die kunswedstrydkonsert gee 'n indruk van die werk wat gelewer is:

> "The first item on the programme was provided by two talented young ladies, Miss Martie Malan and Miss Iza van Eyssen, who tied with the Misses J. Pyper and B. Bekker, of Lindley, in the piano duet section for girls 18 years and under. They gave a fine rendering of Brahms' 'Hungarian Dance'.
>
> Perhaps the most attractive item on the whole programme was the singing of Miss Hester van Wyk the winner of the girls' under 18 section for soloists. She sang Doris Beyers' 'Serenade' and her intimate treatment of the piece, heightened by the singular purity and eloquence of her voice, left her stand head and shoulders above other competiters in the junior section. Marietjie Mostert (Kroonstad) and Joyce Randall (Bethlehem) tied for the first place in the soloist section for girls under 12 years. Miss Mostert, in particular, commanded a pitch and beauty of tone that is unusual in one so young. Mr. Fowler gave an appreciative rendering of 'The Lute Player', while Mr. Jennings chose for his piece the original Latin version of Ave Maria." [7]

Binne die volgende dekade het die Kroonstadse Kunswedstryd geweldig uitgebrei sodat daar teen 1948 ook afdelings bestaan het vir voordrag, volkspele, toneel, fotografie, beeldende kunste en naaldwerk. In 1948 het agtien kore, ses toneelgroepe en tien spreekkore deelgeneem. Die musiekitems is deur mnr PJ Lemmer beoordeel en ten spyte van die feit dat die kunswedstryd

met vyf maande vertraag is weens 'n dreigende polio-epidemie, is besondere prestasies behaal. Mnr Lemmer was van mening dat die afdeling bladlees die beste resultate opgelewer het wat hy nog ooit op 'n kunswedstryd raakgeloop het.[8]

Op 7, 8 en 9 Oktober 1948 is pryswennerskonserte gehou en ook gedurende die veertigerjare het Kroonstad bewys gelewer van sy goeie sangtalent. Daar is met lof gepraat van mnr Van Huyssteen se kore en kwartetsang deur Kroonstad se bekende sangers, Martie Wege, Marie Joubert, Willie Lebherz en Jim Fowler.

Na aanleiding van die uitvoering van Kroonstadse pianiste by die kunswedstryd, het Barbara Louw, dosente aan die Tegniese Kollege, haar as volg uitgelaat oor die klavierspel:

> "As klavierliefhebber het ek met besondere aandag na die klaviernommers geluister en was keer-op-keer verras deur die merkwaardige bekwaamheid wat die jong voordraertjies aan die dag gelê het. Die werk het getuig van deeglike tegniese onderleg en fyn musikale smaak.
>
> Die kunstenaarsprogram - 'n klas wat vanjaar vir die eerste keer op die proef gestel is - het met een woord skitterend verloop. Dat seuns en dogters op so 'n jeugdige ouderdom 'n hele program stukke van daardie moeilike gehalte met soveel tegniese behendigheid en diepte van aanvoeling kan vertolk, is voorwaar geen geringe prestasie nie." [9]

In 1950 het die agtste kunswedstryd wye belangstelling uitgelok en talle inskrywings is van naburige dorpe ontvang. Ten einde huisvesting te verskaf aan die groot hoeveelheid besoekers het die Kultuurvereniging ses rondawels van die stadsraad gehuur. Wat die toekenning van pryse betref is daar ook van 'n nuwe metode gebruik gemaak. In plaas van eerste of tweede pryse toe te ken is A- en B-diplomas toegeken. In die afdelings musiek, voordrag, toneel, beeldende kuns en fotografie is A-diplomas toegeken aan deelnemers wat 85 persent en meer punte behaal het, terwyl B-diplomas toegeken is aan deelnemers wat tussen 75 en 85 persent behaal het.

Die beheerliggaam van die kunswestryd was gelukkig genoeg om die dienste van die Nederlandse musiekwetenskaplike, dr Arend Koole, te verkry as beoordelaar vir musiek en sang. Dr Koole het in 1949 na Suid-Afrika verhuis waar hy 'n betrekking as lektor in musiekwetenskap aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aanvaar het.

Die voortreflike werk wat die Kunswedstrydkomitee gedoen het, blyk uit die

groot belangstelling wat geheers het in die Kunswedstryd. Dit het van Kroonstad 'n musiek- en kunssentrum gemaak deurdat daar van al die omliggende dorpe honderde deelnemers gekom het - soveel dat daar soms te veel inskrywings vir 'n item was:

> "Kroonstad se agtste kunswedstryd, in sy geheel beskou, was 'n skitterende sukses en aan die organisasie daarvan het mnr. J.C. O'Kennedy en sy gewillige komitee alle eer. Deelnemers het van heinde en verre gekom om mee te ding en in die afdelings musiek en voordrag was daar bykans te veel deelnemers in sommige items en deurgaans was die organisasie pragtig, soos dr. Arend Koole en Mev. Renée Conradie wat vir die beoordeling in die musiek- en voordragafdelings verantwoordelik was ook in die openbaar getuig het. Albei het die standaard van die Kunswedstryd hoog geroem." [10]

Vanaf die vyftigerjare het instrumentale afdelings meer inskrywings ontvang en het die standaard ook hier verbeter. Die kunswedstryd wat in 1952 op 30 April tot 2 Mei plaasgevind het, het in sommige instrumentale afdelings meer as vyf-en-twintig inskrywings ontvang. Tydens die drie pryswennerskonserte is uitstaande instrumentale voordragte gelewer deur Nell Roos, Felicity Frost, Jannie Swart (klavier) en Dawid Japp (viool). Pietra Uys se vertolking van 'n **Prelude** van Debussy is met "...meesterlike klimakse en lieflike impressionistiese effekte..." gespeel. Kate Erasmus het 'n klavierprogram van Beethoven, Schumann en Rachmaninov met bewonderenswaardige tegniek voorgedra terwyl Josias van der Merwe 'n vurige vertolking van 'n **Prelude** van Chopin gelewer het.

Die laaste konsert op 3 Mei het die hoogtepunt gevorm van die kunswedstryd en daar is 'n gees van "intieme kontak" en "kameraderie" tussen die gehoor en deelnemers ervaar. Mnr Van Huyssteen se koor het oudergewoonte byval gevind en

> "...die hartlike musikale verskeidenheid, die ruisende klimakse en duidelike gedefinieerde staccato's..." [11]

was van die eienskappe wat deur sy kore oorgedra is.

Die stelselmatige groei van die Kroonstadse Kunswedstryd is gedurende die vyftigerjare volgehou: in 1954 is oor die duisend inskrywings ontvang en in 1956 meer as twee-duisend.

In 1956 is die elfde kunswedstryd deur Mary Rousseau beoordeel en sy het verklaar dat Kroonstad ongetwyfeld die grootste musieksentrum in die provinsie was.[12] In Kroonstad "met sy imponerende talent" was die afwesigheid van mededinging in professionele afdelings teleurstellend en die gehalte in

ope-afdelings was nie ryp genoeg nie. Mev Rousseau het aangeraai dat daar ook meer afdelings geskep moet word vir ensemble-spel.

Volgens mnr Lewald, musiekeksaminator en sangonderwyser van Pretoria, het die gehalte van sang veral in solo- en koorafdelings uitstekend vergelyk met dié van groter sentra. Hy het ook gesê dat Kroonstad vinnig tot 'n belangrike musieksentrum ontwikkel het. Wat betref die hoë gehalte van kore is die inspirasie en invloed van mnr PJ Lemmer, organiseerder van koorsang in die Vrystaat, duidelik te bespeur. Mnr Lewald het drie kore uitgesonder wat uitstaande werk gelewer het naamlik die Tegniese Kollegekoor van mnr Van Huyssteen, die Kloosterkoor van dr Griffiths en die kerkkoor van Kroonstad-Suid onder leiding van Martie Wege. Volgens die materiaal wat in Kroonstad beskikbaar was, het mnr Lewald aanbeveel dat die sillabus uitgebrei moes word om 'n ope kunstenaarsprogram in te sluit vir sangers, asook 'n oratoriumklas en 'n repertoire-klas. Laastens het mnr Lewald aanbeveel dat die organisasie van die kunswedstryd nie voldoen het aan die eise nie. Die rede hiervoor is te vinde in die feit dat die kunswedstryd so geweldig gegroei het.

Tydens die Kunswedstrydkonsert is ook belowende werk gelewer en twee Kroonstadse sangers naamlik Tromp Terreblanche en mev Angus MacLennan is uitgesonder vir hul talent.

Vanaf 10 tot 14 Mei 1960 is 'n luisterryke kunsfees in die stadsaal gehou. Hierdie kunswedstryd was die Kultuurvereniging se bydrae tot die Uniefeesviering. Van die stigterslede wat ses-en-twintig jaar tevore hierdie grootse taak op hul geneem het was net twee nog op die bestuur. Hulle was mevv Rina Swart en Iris du Randt. In 1960 het die bestuur uit die volgende persone bestaan: Allen Rautenbach (voorsitter), CJ Ferreira (sekretaris), Rina Swart (sekretaresse vir die vokale afdeling), Olga Rademan (instrumentaal), HSCA Vorster (voordrag), NC Kruger (voordrag vir laerskole) en mev I du Randt (toneel).

'n Rekord aantal inskrywings is ontvang van Kroonstad, Bothaville, Steynsrus, Ventersburg, Virginia, Winburg, Viljoenskroon, Sasolburg, Heilbron, Koppies en die Goudveld. In die afdeling toneel het slegs 'n amateurgeselskap van Welkom ingeskryf maar 'n groot aantal monoloë, duoloë en gebarespel is ingeskryf uit werke soos **Vroue van Troje, Koopman van Venesië** ens. Ongeveer vyfhonderd inskrywings is slegs vir voordrag ontvang.

Mnr GW Koornhof van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het die beoordeling van honderd-en-tagtig instrumentale inskrywings waargeneem. Professor MC Roode van die Universiteit van Potchefstroom het die sang- en kooraf-deling beoordeel. Hier is tweehonderd-en-vyftig inskrywings ontvang; en vyftig alleen vir die ope-afdeling. Die volgende kore het ingeskryf: die kerkkoor van Kroonstad-Noord van mev O Rademan; kerkkoor van Viljoenskroon van mev Rhys Evans; skoolkore van Kroonstad Hoër, Kroonheuwel Volkskool, Sasolburg, Rheederpark en die Bethlehemse Handelskool.

Deur die welwillendheid van 'n goedgesinde persoon is die bestuur van die Kroonstadse Kunswedstryd in staat gestel om 'n landswye wedstryd uit te skryf met honderd pond in geldpryse. Dit was vir Afrikaanse komposisies van enige keuse. Mev Olga Rademan het haarself persoonlik beywer om hierdie wedstryd te reël.

Die kunswedstryd het met twee geslaagde pryswennerskonserte ten einde geloop en 'n aantal uitstaande musiekleerlinge is uitgewys. Hulle was Gussie de Villiers, die elfjarige pianis aan wie 'n buitengewone onderskeiding toegeken is; Rosina Stevens, dogter van die sangeres Alison Stevens*, wat vier goue diplomas vir klavier ontvang het; Bettie de Villiers en Jannie Swart.

Gussie de Villiers het ook tydens die Bloemfonteinse Kunswedstryd die hoogste lof gekry vir sy uitvoering van Beethoven se **Klavierkonsert Nr. 1 in C majeur** en **Toccata** van Khachaturian. Bettie de Villiers, sy suster, en Jannie Swart het ook op hierdie kunswedstryd goue diplomas ontvang. Hulle was leerlinge van mev Barbara Louw.

Professor MC Roode het die tweestemmige meisieskoor van die Sentrale Volkskool aangewys as die beste koor. Rina Swart se Hoërskoolkoor was die beste driestemmige koor. Martie Wege het die eerste prys ontvang in die afdeling professionele sang.[13]

Die kunswedstryd van 1964 het die snelle uitbreiding wat in Kroonstad plaasgevind het weerspieël want twee jong skole en 'n mannekoor het deelgeneem. Die Voorwaarts Volkskoolkoor het vir die eerste keer deelgeneem en het 'n A-simbool gekry. Die Afrikaanse Hoërskool wat al hoe sterker op die musiekgebied gestaan het, het agt-en-dertig goue diplomas vir sang en klavier verower. Die Kroonstadse Mannekoor het ook bemoedigende kommentaar van die beoordelaar, professor MC Roode ontvang.

---

*Sien HOOFSTUK X

Sedert 1961 het die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers ook twee-jaarliks kunswedstryde aangebied en hierdeur het 'n mate van friksie ontstaan wat daartoe gelei het dat die Kultuurraad vanaf 1970 slegs vier-jaarliks kunswedstryde aanbied. Hierdeur het die gewildheid van die kunswedstryd nie afgeneem nie en in 1972 is eenduisend-tweehonderd inskrywings ontvang en in 1976, tydens die twintigste kunswedstryd, tweeduisend-vyfhonderd.

6 DIE KROONSTAD THEATRE GROUP (1947-1951)

Gedurende die tweede helfte van 1947 het die **Kroonstad Theatre Group** tot stand gekom. Aanvanklik het hulle hul beywer om toneel in Kroonstad te bevorder maar op 7 November 1947 is daar 'n beroep gedoen op musici, sangers en musiekliefhebbers om 'n vergadering by te woon met die doel om 'n musiekafdeling onder die groep se beskerming te stig. Hierdie vergadering het op 10 November 1947 in die Caledonian Hall plaasgevind en die eerste aanbieding wat beplan is was 'n verskeidenheidskonsert op 11 Desember 1947. Op 1 Maart 1948 het die groep hul konstitusie finaal bekragtig:

> "The constitution adopted at the meeting makes provision for three subsections of the Group; one for music and one each for Afrikaans and English drama. All three sections will be controlled by a central committee elected at the annual general meetings of the group." [14]

Die Teatergroep het vir vier jaar lank waardevolle bydraes gelewer om Kroonstad se amateurtalent te organiseer en konserte op te voer. Vanaf 1949 het hulle ook as impresario opgetree en verskeie bekende kunstenaars na Kroonstad genooi soos Erna Sack en Heinrich Schlusnus in 1949, Esther Mentz, Erwin Broedrich en Marcel Wittrisch in 1950 en Elizabeth Schumann en Louis Kentner in 1951. Nà die stigting van die Kroonstadse Musiekvereniging in 1951 het die Teatergroep hul nie verder vir musiek beywer nie.

7 DIE KROONSTADSE MUSIEKVERENIGING (1951-1966)

7.1 Die Stigting van die Vereniging

Nadat 'n kennisgewing op 19 Oktober 1951 in die plaaslike koerant die **Noorde-**

like Stem verskyn het, het omtrent veertig belangstellendes op 22 Oktober 1951 in die saal van die Kroonstadse Tegniese Kollege vergader met die doel om 'n musiekvereniging te stig.

Mnr F Louw het as voorsitter opgetree en mnr Petrus Lemmer van Bloemfontein het die vergadering toegespreek en sy steun aan die stigting van 'n musiekvereniging gbetuig. Mnr Lemmer het gesê dat die belangrikste doelstelling van die vereniging moet wees om 'n verhoog vir plaaslike talent te verskaf:

> "Ons is alte geneig om ons eie te minag. Ons eie mense met talent moenie gering geskat word nie. Musiekverenigings mag hulle nie ten doel stel om groot kunstenaars uit die buiteland en elders te trek ten koste van plaaslike inisiatief nie." 15

Na 'n lang bespreking oor die wenslikheid daarvan om 'n selfstandige musiekvereniging te stig, en oor die alternatief dat die bestaande musiekafdeling van die Teatergroep in 'n uitgebreide vorm behou kon word, is op voorstel van mnr Piet Uys besluit om oor te gaan tot die herstigting van 'n selfstandige musiekvereniging in die plek van die vereniging wat jare gelede doodgeloop het.

'n Voorlopige komitee is gekies en daar is ook besluit om 'n vergadering met die Kroonstadse Teatergroep te belê sodat daar oor moontlike samewerking tussen die twee groepe besluit kon word.

Tydens 'n vergadering wat op 27 Oktober 1951 plaasgevind het is die konstitusie opgestel. Die bestuur sou bestaan uit 'n voorsitter, sekretaris, tesourier en drie addisionele lede. 'n Lid van die musiekafdeling van die Teatergroep se komitee is aangewys as 'n addisionele lid op die bestuur van die musiekvereniging. Die ledetal is aanvanklik op vyftig persone vasgestel alhoewel dit met die jare verander is sodat die lidmaatskap later verdubbel het. Daar is ook besluit om eenkeer per jaar 'n konsert te hou met die doel om fondse in te samel. Tydens sodanige konserte is van plaaslike talent gebruik gemaak en jong kunstenaars is ook altyd die kans gegun om op te tree.

Tydens hierdie vergadering is mnr en mev F Louw benoem as ere-presidente. Op dieselfde dag tydens 'n vergadering het die Teatergroep hul samewerking aan die Musiekvereniging beloof. Daar is ook besluit dat lede van die Teatergroep lidmaatskap van die Musiekvereniging mag aanvaar en dieselfde voorregte mag geniet.

Nadat daar nog twee bestuursvergaderings op 1 en 15 November gehou is, is

die konstitusie finaal bekragtig en is die eerste komitee vir die jaar 1952 gekies naamlik mnr Isak van Rooyen (voorsitter), mej Pietra Uys (sekretaresse en tesouriere), mnr Paul Johl, mej Hannah Wessels en mev Nohline Mitchell (addisionele lede).

7.2 Die eerste byeenkoms

Teen Desember 1951 was die Vereniging reeds tot so 'n mate georganiseerd dat die eerste byeenkoms op 3 Desember 1951 aan huis van mnr Van Rooyen plaasgevind het. Tydens hierdie huiskonsert was veertig gaste teenwoordig en het daar 'n gesellige, informele atmosfeer geheers. Hiermee is bereik wat reeds tydens die stigtingsvergadering voorgestel is, naamlik dat daar 'n intieme musiekgees onder lede gekweek moet word. 'n Musiekprogram deur lede is aangebied en het bestaan uit 'n sangsolo deur Helena Fourie, 'n klaviersolo en praatjie oor Debussy deur Barbara Louw, 'n lesing oor die ontstaan en ontwikkeling van musiek deur Winnie Kleinschmidt, 'n sangsolo deur Bob Day, 'n vioolduo deur mnre De Munnik en Kleynhans, en Leclair se **Sarabande** vir strykers. Laasgenoemde werk is deur Tersteegen van Huyssteen gedirigeer en die orkeslede was Pietra Uys en mnr De Munnik (eerste viool), mnre Dreyer en Kleynhans (tweede viool), mnre Japp en Yaman (derde viool), mev Traill (tjello) en mnr Van Rensen (kontrabas).

7.3 Verdere aktiwiteite van die Vereniging

7.3.1 1952

Dit was die doelstelling van die Vereniging om indien moontlik, elke maand 'n byeenkoms of konsert aan te bied. Gedurende die eerste helfte van 1952 is slegs drie byeenkomste gereël aangesien baie tyd in beslag geneem is deur die organisering van konserte deur genooide kunstenaars.

Die eerste byeenkoms van die jaar het op 15 Februarie op die plaas Dalmanatha van mnr en mev P Swart plaasgevind. Sowat vyftig persone het na 'n lesing oor moderne musiek geluister wat deur professor B Kok van Bloemfontein gelewer is. Die lesing is toegelig deur items wat Kroonstadse kunstenaars gelewer het. Op 26 Maart is 'n opera-aand aan huis van mev Kleinschmidt gehou en in Junie het mnr Roode van Potchefstroom 'n lesing oor opera gegee terwyl vyf plaaslike lede arias gesing het.

Die Musiekvereniging het in 1952 ook aansoek gedoen om finansiële steun te

verkry van die Departement van Volwasse Opvoeding. Organisatoriese veranderings in die struktuur en konstitusie is aangebring en nouer samewerking met die Teatergroep is bewerkstellig. Die Vereniging het ook plekbesprekings gedoen vir hulle lede om konserte in ander sentra by te woon. Om plaaslike byeenkomste by die publiek bekend te stel is drie lede benoem om gereelde koerantberigte te plaas.

Gedurende die tweede helfte van 1952 is 'n verdere twee byeenkomste gereël: 'n lesing deur dr T Griffiths oor die onderwerp "Voice, nature's instrument" op 15 Augustus, en 'n plate-aand deur dr ZJ Pretorius op 24 September.

7.3.2 1953

Op 13 Februarie 1953 is 'n verskeidenheidskonsert deur plaaslike kunstenaars aangebied. Die Musiekvereniging het met hierdie konsert daarin geslaag om 'n groot groep van die dorp se musici te betrek en te verenig in 'n program wat bestaan het uit kooritems, sang- en klaviersolo's, 'n sangtrio en -kwartet, en 'n dogterskoor. 'n Druk voorbereidingsprogram het die konsert voorafgegaan en die komiteelede het vernuf en vaardigheid aan die dag gelê in die maande van voorbereiding waartydens programme, plakkate en kaartjies gedruk en versprei is, verversings en ruikers beplan is en uitnodigings gestuur is. Die konsert was die moeite werd en het 'n wins van vyf-en-sewentig pond opgelewer. Hieruit is 'n donasie aan die Tegniese Kollege gemaak vir die aankoop van 'n Bechstein-klavier.

In April 1953 het dr Brümmer die komitee genader en hulle versoek om 'n konsert te reël waarvan winste aan die Kreupelsorg geskenk kon word. As uitvloeisel hiervan het dr Koole en professor Kautsky 'n uitvoering van klavierduette gelewer en die opbrengs van die konsert is aan die Kreupelsorg oorhandig.

Nâ die liefdadigheidskonsert het die komitee gevoel dat die vereniging se lede 'n uitvoering van hoogstaande gehalte verdien en is die koloratuursopraan Mimi Coertse en die violis Erwin Broedrich genooi. Die konsert het op 1 Mei 1953 in die stadsaal plaasgevind en die kunstenaars is een-en-dertig pond betaal.

Op 19 Junie het die Vereniging 'n orreluitvoering deur Tersteegen van Huyssteen in die NG Moederkerk aangebied en op 29 Junie het dr Griffiths 'n lesing oor musiekwaardering voor die Musiekvereniging gelewer. Alhoewel

die voorsitter gekla het oor die swak bywoning wat sommige van die aanbiedings geniet het, het die Vereniging tog daarin geslaag om by 'n groot getal van die dorp se inwoners aan te klop vir die verkoop van konsertkaartjies, en is die aktiwiteite op hierdie wyse effektief bekend gestel. Instansies wat genader is, was die verskillende opvoedkundige inrigtings, die Kroonstadse Rotariërs en die Lions-vereniging.

Op 25 Mei 1953 het die komitee 'n brief aan die Volksteater in Pretoria gerig waarin die geselskap gevra is om 'n opera in Kroonstad op te voer. Op 3 Augustus het mnr Van Rensburg, sekretaris van die Volksteater, hierdie aansoek goedgekeur en die komitee ingelig dat **Cavalleria Rusticana** van Mascagni en **Die Impresario** van Mozart aangebied sou word.

Die onkoste verbonde aan hierdie aanbieding het driehonderd pond beloop en die komitee het onmiddellik aan die werk gespring met 'n advertensieveldtog om die geweldige hoë uitgawe te kon waarborg. Omliggende dorpe is ook betrek en ondersteuners is in Bothaville, Viljoenskroon, Edenville, Steynrus en Ventersburg gevind. Die Klooster Notre Dame het tagtig sitplekke gekoop.

Op 27 September het mnr Van Rensburg Kroonstad besoek om die finale reëlings in verband met verblyf vir die geselskap met die komitee te bekragtig.

Die voorsitter van die Musiekvereniging kon uiteindelik verklaar:

> "Op 17 Oktober het die Volksteater Kroonstad kom besoek met sy twee operas en wat dan ook 'n mylpaal in die geskiedenis van die Vereniging en Kroonstad skyn te wees. Die Vereniging kan trots wees dat so 'n groot saak aangepak is en dat dit 'n reuse sukses was ly geen twyfel nie, veral as gedink word aan die reaksie wat dit van vele oorde uitgelok het." 16

Gedurende 1953 is korrespondensie met verskeie kunstenaars soos Isabelle Baillie, Victoria de los Angeles, Adolph Hallis en Cecilia Wessels gevoer in 'n poging om hulle na Kroonstad te bring maar die konserte kon nie realiseer nie as gevolg van hoë fooie of volbespreekte programme.

Teen die einde van 1953 het die Musiekvereniging se ledetal tot honderd-vier-en-tagtig aangegroei.

7.3.3 1954

Gedurende 1954 kon die Musiekvereniging nie daarin slaag om enige noemens-

waardige talent na Kroonstad te bring nie. Onderhandelings met die Engelse pianis Dennis Matthews en met Cecilia Wessels, die SAUK-simfonie-orkes en ander kunstenaars was onsuksesvol.

Op 5 Maart het die Kroonstadse Musiekvereniging 'n Lemmer-aand in die stadsaal gegee om daarmee hulde te bring aan die Vrystaatse komponis, PJ Lemmer. 'n Kort lesing oor die ontstaan en wese van enkele komposisies is voorgelees en die Koorvereniging en soliste asook Hannah Wessels se Volkskoolkoor het van mnr Lemmer se werke uitgevoer. Die Lemmer-gesin was ook teenwoordig en het ook 'n uitvoering gegee:

> "...Die genotvolle aand is pragtig afgerond met 'n uitvoering deur die Lemmergesin self - mnr. Lemmer voor die klavier, Leonard met die fluit en Richard met die klarinet. Verheffend was die samespel van aldrie in 'Die Kunstenaar kan vergaan, maar sy werk sal bly voortbestaan'." [17]

Op 5 Mei het die violis Arthur Wegelin en die pianis Lionel Bowman 'n uitvoering onder beskerming van die Musiekvereniging gegee.

Op 13 Augustus het die Kroonstadse Musiekvereniging 'n plate-aand gehou. Dr Z Pretorius het 'n lesing gegee oor 'n deel van Bach se Mattheüspassie en het verwys na 'n nuwe studie oor die Passie van Van der Leeuw, benewens die werk van Albert Schweizer.

In November 1954 het die Vereniging se jaarlikse konsert deur plaaslike kunstenaars plaasgevind. Wanneer plaaslike kunstenaars opgetree het, is 'n groot gehoor getrek en vir hierdie konsert is ses-honderd programme gedruk. Die konsert het uit veertien items bestaan en die kore van die Sentrale Volkskool onder leiding van Hannah Wessels, die Hoërskoolkoor van mnr Paul Johl en die Kroonstadse Koorvereniging het opgetree; verder ook die Kroonstadse Filharmoniese orkes onder leiding van dr Griffiths; 'n vokale kwartet van mej Wessels; 'n damestrio van mnr Van Huyssteen; individuele items deur Dawid Japp (viool), Josias van der Merwe (klavier), Olga Rademan (klavier), en sangsolo's deur Nohline Mitchell, Bob Day, mev Breyne en Martie Wege.

In 1954 is ook aandag geskenk aan die opvoedkundige doelstellings van die Vereniging. Op 16 Maart het die sekretaresse, mev Nohline Mitchell, die toestemming van die komitee gevra om 'n stel kort programme aan te bied wat groter variasie in die Vereniging se bedrywighede sou inlei asook die lede musikaal sou opvoed. Die Vereniging het hom ook ten doel gestel om geleenthede te skep vir skoliere om konserte teen laer tariewe te kon bywoon. In

1954 is aangekondig dat daar gepoog sou word om musiekkompetisies vir leerlinge te reël sodat kinders tot musiekwaardering aangewakker kan word.

7.3.4 1955

Teen April 1955 het die Musiekvereniging ernstige finansiële probleme ondervind. Konserte en ledegeld het nie genoeg fondse opgelewer om onkostes te dek nie.

Daar is besluit om 'n versoek aan die stadsraad van Kroonstad te rig om geldelike steun, en 'n brief is geskryf aan die Sekretaris vir Volwasse Opvoeding om uit te vind of daar nie fondse beskikbaar was vir die Vereniging nie. Die stadsraad het aanvanklik sy steun geweier en weldra was daar 'n oortrokke bankrekening as gevolg van swak konsertondersteuning. Op 20 Augustus 1955 tydens 'n komiteevergadering het die voorsitter, mnr FW Louw, aangekondig na aanleiding van 'n konsert:

> "Die middaguitvoering is bygewoon deur ongeveer 300 kinders wat die konsert terdeë geniet het. Die profyt was slegs een pond, en die aandkonsert wat nie goed ondersteun is nie, het agtien pond ingebring, veel minder as wat die onkoste beloop het."

Dr Brümmer, wat op die komitee as penningmeester gedien het, het in Augustus 1955 verslag gedoen oor die finansies. Hy het gemeld dat die Vereniging oor slegs sewe-en-twintig pond beskik het. Mev FW Louw het egter persoonlik by die burgemeester, mnr Duursema, om hulp gaan pleit, en hierna het die stadsraad besluit om 'n skenking van vyf-en-twintig pond te maak. Ander konserte wat gedurende die jaar aangebied is, het ook op 'n verlies van soms tot tien pond uitgeloop. Een van die lede, mej Sarah Wessels, het by twee geleenthede die verlies aangesuiwer. Die eggenote van die voorsitter, mev Louw, het die vermoë gehad om die Vereniging se saak goed te stel en sy het in September 1955 aangebied om die tekorte van konserte te probeer dek deur 'n donasie van 'n ryk inwoner, ene mnr D Botha, te vra. Haar pleidooi het geslaag en mnr Botha het vyf ghienies geskenk.

Wat die musikale jaarprogram betref was 1955 nie so heeltemal onvrugbaar as wat die finansiële staat vir dieselfde jaar was nie. Op voorstel van die Suid-Afrikaanse Raad vir die Bevordering van Musiek het die Musiekvereniging die reëlings getref om 'n besoekende professor te nooi om 'n lesing oor musiek te gee. Dit was naamlik professor E Reeser, Hoogleraar aan die Utrechtse Vrye Universiteit, wat op besoek aan Suid-Afrika was en hy het op

25 April 1955 'n lesing in die Tegniese Kollege oor "Hedendaagse Nederlandse Komponiste" gegee.

Op 26 Mei het die Musiekvereniging 'n konsert aangebied met die Weense Seunskoor. Op 15 Junie het 'n stryktrio, bestaande uit Leo de Roo (viool), Aubrey Rainier (tjello) en Chrystal Blomkamp (klavier), in die stadsaal opgetree. Aangesien dit die beleid van die Musiekvereniging was om die jeug musikaal op te voed het die komitee reeds vroeër in die jaar besluit om ook middagkonserte vir skoliere aan te bied. Die De Roo-trio het op 15 Junie ook 'n konsert vir driehonderd skoliere gegee wat van so ver as Viljoenskroon, Hennenman en Edenville gekom het.

In die verloop van die jaar het professor DJ Roode van die Universiteit van die Oranje Vrystaat die voorsitter versoek om 'n konsert vir die Universiteitskoor in Kroonstad te reël. Die Musiekvereniging het hierdie konsert van stapel gestuur deur die nodige publisiteit te verleen, kaartjies te verkoop en die sowat veertig koorlede te huisves. Die uitvoering het op 1 Julie in die De Wet Erlanksaal plaasgevind.

Op 6 September het die pianis Dennis Murdock in die Tegniese Kollegesaal opgetree. Hy was 'n musiekeksaminator wat deur die land op toer was.

Op 16 September het dr Arend Koole van Bloemfontein 'n lesinguitvoering gegee. Die middag het dr Koole ook 'n gehoor van kinders toegespreek.

Gedurende 1955 het die Vereniging ook gepoog om beroemde kunstenaars na Kroonstad te nooi, soos Flor Peeters en die Duitse pianis Hans Klasen, maar was onsuksesvol.

7.3.5 1956

In November 1955 het mnr Van Niekerk, hoof van die Tegniese Kollege, die Musiekvereniging gevra om die groot taak op hulle te neem om die simfonieorkes van die SAUK na Kroonstad te nooi. Die musiekafdeling van die Kollege het reeds 'n jaar lank gepoog om so 'n konsert gereël te kry en mnr Van Niekerk het geglo dat die Musiekvereniging beter toegerus was om die reuse organisasie aan te pak. Samewerking tussen die twee liggame sou sake vergemaklik en 'n groter waarborg wees vir die finansiële verpligtinge.

Sowat dertig lede van die SAUK-orkes is gekies om in die Kroonstadse konsert

op te tree en die koste het twee-honderd-vyf-en-sewentig pond beloop. 'n Gedeelte van die bedrag is deur die dorp se munisipaliteit geskenk. Organisatories is die konsert deur 'n gekombineerde komitee van die Tegniese Kollege en Musiekvereniging behartig en die voorsitter, mnr FW Louw, het verklaar dat hulle deur die konsert 'n groot diens aan die publiek bewys het.

Die SAUK-orkes het op 18 Februarie onder leiding van Anton Hartman opgetree. Die Musiekvereniging het die konsert as 'n hoogtepunt in die dorp se musieklewe beskryf. Die middagkonsert is deur sowat drie-honderd skoliere bygewoon. Die konsert was uit die finansiële sowel as die kulturele oogpunt 'n groot sukses, en die publiek het geesdriftige waardering uitgespreek.

Tydens 'n vergadering van die komitee op 12 April 1956 het mev F Louw voorgestel dat in die lig van die groot sukses wat behaal is, die Musiekvereniging hom in die toekoms moes toespits op die aanbieding van konserte deur professionele kunstenaars. Sy het ook voorgestel dat 'n onafhanklike musiekvereniging by die Tegniese Kollege gestig word, sodat ledegeld van die sowat vierhonderd studente gebruik kon word om goeie soliste uit te nooi. Op die wyse kon die Musiekvereniging minder afhanklik wees van die publiek se ondersteuning. Tydens die Vereniging se jaarvergadering wat op 25 Mei 1956 plaasgevind het in die Tegniese Kollege se saal is 'n aantreklike musiekprogram aangebied waar jong lede hul debuut gemaak het. Paul Erasmus het die **Prelude** uit JS Bach se **Engelse Suite** nr 2 gespeel asook Beethoven se **Klaviersonate** op 2 nr 3. Olive Antonie, begelei deur Ethel Baker, het sangsolo's voorgedra.

Tydens hierdie vergadering het Nohline Mitchell voorgestel dat die Vereniging meer aandag moes skenk aan lesings. Mev Rademan het ook gesê dat die bedrywighede van die Vereniging meer sistematies ingedeel moes word soos byvoorbeeld in opera-aande, oratorio en Lieder, sodat 'n luister-repertoire opgebou kon word. Sy het ook voorgestel dat die Vereniging sy werksaamhede moes uitbrei na omliggende dorpe om sodoende meer geld te kon insamel om bekende musici na Kroonstad te bring.

Die komitee vir 1956 het bestaan uit Dr A Brümmer (voorsitter), mev I du Randt (sekretaresse) asook 'n verteenwoordigers van die Tegniese Kollege (mev E van Rensburg) en verskillende musiekateljees (mnr Blake Toerien en Nohline Mitchell). Die komitee is vergroot tot agt lede. Hierdie uitbreiding het gedui op die gesonde samewerking tussen alle musiekkringe in die dorp.

Die nuwe komitee het op die daaropvolgende vergaderings klem gelê op die feit dat komiteelede dit hul plig moes ag om persoonlike kontak met lede in stand te hou sodat belangstelling wakker gehou kon word. Aandag moes ook geskenk word aan die sowat vyftig lede wat buite Kroonstad woonagtig was. Wat betref die lesings oor musiek het die nuwe komitee voorgestel dat byeenkomste meer blywende waarde sou hê as kopieë van lesings aan lede verskaf sou word.

Op 25 Junie 1956 is 'n musiekaand aan die huis van Winnie Kleinschmidt gehou. Olga Rademan het 'n boeiende lesing gelewer oor die Duitse kunslied en voorbeelde daarvan is deur Nohline Mitchell, Olga Rademan, Olive Antonie, Angus McLennan, mev M Joubert, Bob Day en Eddie Bloem gesing.

In Augustus het dr Kok van Bloemfontein 'n lesing gegee oor opera. By die geleentheid het ses Kroonstadse sangers arias uit verskillende operas gesing in aansluiting by dr Kok se lesing.

Op 7 September het die pianis Angus Morrison 'n uitvoering in die saal van die Tegniese Kollege gegee. Hierdie konsert was 'n finansiële sukses en die voorsitter van die Vereniging kon met trots aankondig dat daar vir die eerste keer wins gemaak is op 'n konsert. Die Vereniging se bankbalans het gegroei tot sewentig pond en die ledetal tot twee-en-negentig.

Teen die tweede helfte van 1956 het die Musiekvereniging soveel sukses behaal met die onderneming om gereeld kunstenaars na Kroonstad te bring, dat hulle oral bekendheid verwerf het. Talle instansies en persone het bewus geword van die goeie werk wat in Kroonstad gedoen is en daar het stelselmatig aanbiedinge vanaf kunstenaars gekom, soos die pianiste Mignonne van der Post wat die Vereniging genader het om vir haar 'n konsert te beplan. Die Rota Operagroep van Johannesburg het 'n soortgelyke versoek gerig en skoolhoofde van Viljoenskroon, Vredefort, Edenville, Koppies en Hennenman het ook briewe aan die Vereniging gerig met versoeke om vir hulle konserte aan te bied.

Die Musiekvereniging het in 1956 ook lid geword van die Suid-Afrikaanse Raad vir die Bevordering van Musiek en daar is gereeld verslag gedoen oor aktiwiteite.

Op 11 Oktober het dr T Griffiths 'n lesing gegee oor Mendelssohn se **Elijah**, wat hy met plaatopnames toegelig het en sy koor het ook dele uit die werk

gesing.

Gedurende Oktober en November is 'n reeks konserte deur plaaslike kunstenaars in naburige dorpe aangebied. 'n Groep van sowat twintig kunstenaars insluitend 'n groep balletdansers van Louise Lombaard het mekaar afgewissel in die reeks konserte. Koppies is op 13 Oktober besoek; Welkom: 20 Oktober; Hennenman: 26 Oktober; Steynsrus: 27 Oktober; Edenville: 16 November en Viljoenskroon: 17 November.

Deelnemers aan die konserte was die pianiste mej Katz en Paul Erasmus, en die sangers Eddie Bloem, Tromp Terreblanche, Angus McLennan, Olive Yazbek, Olga Rademan, Joy Payne, Nohline Mitchell en Pat Marock.

Blake Toerien het as begeleier opgetree.

Hierdie konserte het 'n geweldige hoeveelheid organisasie van die Musiekvereniging geverg, deurdat hulle self die druk en verspreiding van plakkate en programme, asook die plekbespreking en vervoerreëlings behartig het. Dit was egter die moeite werd aangesien die konserte 'n groot sukses was en dorpe soos Parys en Vredefort het ook onmiddellik gevra om gedurende 1957 besoek te word.

Op 2 November het die Musiekvereniging 'n konsert aangebied met Cecilia Wessels as gaskunstenares.

7.3.6 1957

Die eerste onderneming van 1957 was 'n konsert deur plaaslike kunstenaars wat op 13 April in die stadsaal gehou is. 'n Groot aantal deelnemers is betrek en die volgende groepe en persone het deelgeneem: 'n sangtrio bestaande uit Pat Marock, Marie Joubert en Olive Yazbek; mej H Wessels se kinderkoor; mev O Rademan se Tegniese Kollege-koor; die dameskoor van die Filharmoniese Vereniging; die Notre Dame-dogtersorkes; sangsolo's deur Angus McLennan, Martie Wege en Tromp Terreblanche; 'n vioolsolo deur Dawid Japp; klaviersolo's deur Yetta Chin, Daleen du Toit en A Wessels; ballet deur die Lombaard-ateljee en 'n toneelstuk deur die Tegniese Kollege.

Op 11 Mei het die Musiekvereniging 'n konsert deur die violis Stephan Deak aangebied. Hierdie konsert was 'n finansiële mislukking maar uit 'n kulturele oogpunt is dit as 'n hoogtepunt beskou.

Op 20 September is 'n konsert deur die Oostenrykse pianis Walther Klien

aangebied.

Gedurende die jaar is 'n paar lesings en plate-aande deur lede van die Vereniging aangebied. Fanie van Zyl het 'n lesing gegee oor Mozart; dr T Griffiths oor die samestelling van die simfonie-orkes; Pat Marock het die balletmusiek van **Les Sylphides** en **Swan Lake** bespreek; mnr T van Huysteen het 'n lesing oor volksmusiek gegee; mej E van der Linde oor die concerto; en Martie Wege het 'n plate-aand oor die sangeres Kathleen Ferrier gegee.

Die Musiekvereniging is ook deur 'n paar bekende kunstenaars genader om vir hulle konserte in Kroonstad aan te bied soos Walther Klien, Elsie Hall, die Arte Viva-trio, Cecilia Wessels en Lionel Bowman. Weens die Vereniging se druk werksprogram is slegs Klien genooi. Gedurende 1957 is ook begin met die reëlings vir die aanbieding van **Madame Butterfly** in 1958.

7.3.7 1958

In Januarie en Februarie is die finale reëlings getref vir die opvoering van **Madame Butterfly**. Talle organisasies se hulp is gevra soos byvoorbeeld die verskaffing van musiekstaanders vir die orkes, kolligte, veranderings aan die stadsaal se verhoog, en spesiale reëlings is selfs getref om te verhoed dat enige steurende alarms sou afgaan gedurende die opvoering.

Emmerentia Scheepers het op 11 April 'n uitvoering gegee.

Op 16 Augustus het Vincent Frittelli en Pierre de Groote in Kroonstad opgetree.

Alain Naudé (pianis) en Betsy de la Porte (sopraan) het op 12 September 'n konsert gegee en Adolph Hallis (pianis) het in Oktober opgetree. Gedurende die jaar het dr T Griffiths ook 'n lesing oor **Madame Butterfly** gegee en die Vereniging het gereeld op Sondagaande plate-aande gehou.

7.3.8 1959

Op 20 Februarie het die Vereniging hul jaarlikse talentkonsert deur plaaslike kunstenaars aangebied. Die konsert is saamgestel uit items deur Sylvia Keevey en Danita Nel (klavier), Olive Yazbek (sang), 'n mannekwartet onder leiding van Dolly Neiman, die Kroonstadse Harmonie-orkes, mej H Wessels se kinderkoor, Dawid Japp (viool) en ballet deur Louise Lombaard se ateljee.

Die jaar het ook twee konserte en 'n lesing deur bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars ingesluit. Op 21 Augustus het Philip Markgraaf 'n sanguitvoering gegee in die Tegniese Kollege se saal. Op 9 November het Nellie du Toit en Hennie Joubert opgetree en op 16 November het Dirkie de Villiers 'n lesing gegee oor huismusiek, musiekwaardering op skool, die FAK-Sangbundel van 1960 en Psalms en Gesange.

7.3.9 1960

Gedurende 1960 het die Vereniging daarin geslaag om die pianis Lionel Bowman na Kroonstad te nooi (18 Februarie) en ook die sopraan Mimi Coertse. 'n Uniefeeskonsert is ook aangebied deur plaaslike kunstenaars.

Kunstenaars soos die violis Schenker van die SAUK-orkes, die tenoor Antonio Richa en die pianis Desmond Wright het ook die musiekvereniging genader en gevra om in Kroonstad op te tree. Hulle fooie was egter te hoog.

7.3.10 1961

Afgesien van die konserte wat die Musiekvereniging in 1961 aangebied het, het hulle ook 'n lesing oor musiek aangebied. Op 29 Augustus het die Musiekvereniging 'n lesing aangebied deur Edward Dunn van Johannesburg wat toe die enigste geregistreerde professionele musiekterapeut in Suid-Afrika was. Op die gebied van die musiekterapie was in daardie stadium nog niks in Suid-Afrika gedoen nie maar deur mnr Dunn se lesings is belangstelling aangewakker. Hy het 'n lesing by Tara-hospitaal gegee wat psigiaters bygewoon het en hy het ook lesings vir sakemanne en nyweraars gegee.

7.3.11 1962

In Junie 1962 het die Kroonstadse Musiekvereniging 'n lesing deur mnr Hugh V Tracey aangebied, wat 'n kundige op die gebied van Bantoemusiek was. Die gehoor was beïndruk met die wyse waarop mnr Tracey aspekte van nie-Westerse musiek aangebied het en dit was ook vir hulle 'n openbaring om in hierdie onbekende veld ingelei te word. Mnr Tracey wat reeds vanaf 1930 klankopnames van Bantoemusiek gemaak het het van die opnames voorgespeel. Hy het ook klem gelê op die belangrikheid om die Swart kulture te bestudeer. Mnr Tracey het ook op een van die Bantoe-instrumente die Kalimba gespeel:

> "...This simple instrument creates an atmosphere of a dream world. It

should be an ideal instrument to be used in the musical education of our own children. It gives an outlet for a delicate world of phantasy." [19]

7.3.12 1964

Tydens die Musiekvereniging se jaarvergadering in 1964 het die voorsitter, mnr J van der Merwe, melding gemaak van die indrukwekkende lys van konserte en lesingaande wat hulle aangebied het. Afgesien van die konserte het hulle ook bustoere na Johannesburg onderneem om opvoerings van **Tosca**, **Huwelik van Figaro** die ballet **Giselle** en 'n uitvoering van Beethoven se negende simfonie te gaan luister. Die Musiekvereniging was gedurende hierdie tydperk ook begeesterd met die idee om 'n kleinteater in Kroonstad op te rig waar musiekkonserte kon plaasvind asook toneel deur die Kroonstadse Teatergroep wat in daardie stadium baie aktief was. In 1964 het die Musiekvereniging ook hulle bydrae tot die fonds vir 'n kleinteater aan raadslid JC Fowler oorhandig wat self ook gemoeid was met die saak. Van die oprigting van 'n sodanige teater het egter niks gekom nie maar die entoesiasme van die dorp se inwoners vir 'n toereikende konsertsaal in Kroonstad het die stadsraad des te meer vasberade gemaak om hul langtermynplanne vir die oprigting van 'n skouburg deur te voer.

Die nuwe bestuur vir 1964 het uit die volgende lede bestaan:

Josias van der Merwe (voorsitter); Elza Cilliers (sekretaresse); J Fowler (ondervoorsitter); Iris du Randt (hulp-sekretaresse); mev Z Baer (tesouriere) en lede mevv Winter, Klaassen, M Steyn en mejj Van Heyningen en R Wessels.

7.4 Die laaste jare van die Musiekvereniging en die reses

Die notules van die Musiekvereniging tussen die jare 1960 tot April 1966 kon nie opgespoor word nie. Vir 'n verslag van hulle aktiwiteite in hierdie jare moes daar op berigte in die **Noordelike Stem** gesteun word.

Gedurende die sestigerjare het die Musiekvereniging in medewerking met SUKOVS se verteenwoordiger in Kroonstad gehelp met die reëlings van konserte wat SUKOVS na Kroonstad gebring het, om sodoende goeie opkomste te verseker. In 1966 het 'n twispunt ontstaan tussen die Musiekvereniging en die kantoor van die plaaslike stadsklerk oor die verkoop van kaartjies. 'n Ultimatum is

gestel deur die stadsraad dat SUKOVS in gevaar sou staan om sy subsidie te verloor indien die Musiekvereniging nie uittree nie. Mnr Fritz Relling en mej S Pienaar het hierop 'n vergadering gehou met mnr Rex Hugo, Direkteur van SUKOVS om die Musiekvereniging se saak te stel, terwyl 'n afvaardiging bestaande uit mevv Rademan, Iris du Randt, Nessie Winter en mnr Relling, lede van die stadsraad genader het. Nadat die besprekings tot in Junie 1967 gesloer het, het die Musiekvereniging besluit om die saak gewonne te gee en vir die stadsraad terug te staan.

In hierdie stadium het die aktiwiteite van die Musiekvereniging reeds simptome van lewensmoegheid getoon. Vergaderings het nie meer gereeld plaasgevind nie en die lede se ondernemingsgees was gebreek. Die laaste inskrywing in die notuleboek is op 7 November 1967 deur die laaste sekretaresse, Martie Wege, gedoen. 'n Voorstel is deur die voorsitter, mnr I van Rooyen gemaak dat die Musiekvereniging vir 'n jaar in reses gaan. Die voorstel is deur die komitee goedgekeur en hulle het ook besluit dat die bestaande fondse deur mev Winter en mnr Relling vas belê moet word. Daar die reses nooit beëindig is nie het die Musiekvereniging ontbind. Mev Winter en mnr Relling kon teen 1985 nog nie besluit wat om met die oorblywende fondse te maak nie.

Die Kroonstadse Musiekvereniging het vir sestien jaar 'n betekenisvolle bestaan gevoer en 'n waardevolle diens aan die publiek van Kroonstad gelewer deur hulle musikaal op te voed en hulle die genot te verskaf van gereeld te kan luister na goeie musiekkonserte. Hulle het nie slegs konserte na Kroonstad gebring nie maar ook dikwels toere na groter sentra gereël om daar na uitvoerings te luister. Intern het die Musiekvereniging tydens sy bestaan aan sy lede 'n aangename medewerking aan 'n gemeenskaplike saak gebied waardeur hulle 'n vriendskaplike gees onder musici gekweek het en waar hulle ook van mekaar meer oor musiek kon leer.

8 DIE KROONSTADSE PLATEVERENIGING

Op 11 November 1954 is die **Kroonstad Gramophone Society** deur mnr Lionel Goldsmith en 'n aantal belangstellendes gestig. Mnr Goldsmith is verkies tot voorsitter en dr Scholtz as sekretaris. Die doelstellings van die

vereniging is as volg opgesom:

> "Gramophone recitals will be held, and the merits of various recordings and music will be discussed at meetings of the society."

Tydens hul eerste byeenkoms aan huis van mev Pat Marock, het dr Griffiths 'n lesing gegee oor die instrumente van die orkes en op 9 Desember is daar geluister na 'n plaatopname van die **Vyfde Simfonie** van Beethoven. Hulle het ook 'n onthaal gegee vir die besoekende Amerikaanse pianis, Julius Katchen, toe hy op 29 November 1954 in Kroonstad opgetree het.

Die Goldsmith-familie het sedert 1928 'n musiekwinkel, die **Kroonstad Music Saloon**, gehad waar bladmusiek, plate en instrumente verkoop is. Tydens een van die Platevereniging se vergaderings het mnr Ivan Goldsmith 'n lesing gegee oor die geskiedenis van die platebedryf in Kroonstad. Volgens hom het die opkoms van die hill billy-liedjies in 1929 die platebedryf in Kroonstad gevestig, en eers ná die Tweede Wêreldoorlog het plaatopnames van klassieke musiek gewild geraak:

> "In 1929 came the advent of the 'hill-billy' type of records, which soon established the gramophone and record industries in this country.
>
> Sad ballads of the American West such as 'Weeping Willow Tree' and 'Red River Valley', were soon at the peak of their popularity, which lasted a few years until Al Johnson with his 'Mammy' songs and 'Sonny Boy' arrived on the scene. The advent of 'talkies' established Bing Crosby's popularity after the screening of Paul Whiteman's 'King of Jazz'.
>
> The Second World War did a considerable amount of good as far as appreciation of music is concerned. The war brought the sales of records down to virtually a standstill, because practically no new records reached the Union from overseas. The few records that did arrive here were only of the better type of classical music.
>
> This developed a better taste for music, and I noticed a growing demand for operas, symphonies, orchestral music and pieces by world-famous artists such as Caruso, Gigli, Gali-Curci, which there had previously been little demand for."[19]

Die Platevereniging het vermoedelik nie lank bestaan nie want gedurende 1955 is geen verdere berigte oor hulle in die **Noordelike Stem** gepubliseer nie. Die rede hiervoor kan moontlik gevind word in die feit dat die Kroonstadse Musiekvereniging gedurende die vyftigerjare ook gereeld platè-aande gehou het en dat daar nie 'n behoefte was om lid van twee soortgelyke verenigings te wees nie.

9 DIE KROONSTAD-TAK VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VAN MUSIEKONDERWYSERS (SAVMO)

Op 7 November 1959 het 'n aantal Kroonstadse musiekonderwysers en belangstellendes in die Emilio Hotel vergader waar hulle toegespreek is deur die president van SAVMO, mej Aida Lovell, en vise-president, mnr Basil Taylor. Nadat hulle die vergadering oortuig het van die voordele wat die Vereniging inhou is 'n tak gestig met nege lede. Mev Martie Wege was die eerste voorsitster. Dr T Griffiths was onder-voorsitter, mev Olga Rademan sekretaresse, en daar was drie addisionele lede naamlik mevv Dina van der Merwe, J Scott en H Louw. Hierdie tak was tot in 1974 die enigste in die Vrystaat en sou mettertyd die inisiatief neem om die Vereniging uit te brei na ander sentra in die provinsie.

9.1 Werksaamhede van die Kroonstad-tak

Afgesien daarvan dat die Kroonstad-tak relatief klein was in vergelyking met takke elders, het hulle 'n besondere lewenskragtigheid uitgestraal en jaarliks 'n vol program gehad. Lesings en kursusse is aangebied, kunstenaars, kore en musiekdepartemente van kolleges en universiteite is genooi om in Kroonstad op te tree, afvaardigings is na die SAVMO se konferensies gestuur met waardevolle resolusies, en plaaslike konvensies is aangebied. Hul belangrikste bydrae tot die musieklewe in Kroonstad was hul organisasie van die Kroonstadse Kunsfees.

9.2 Lesings

Die Kroonstad-tak het die volgende lesings deur bekende sprekers aangebied:

23 November 1960 - Dr J Kruger van Kroonstad het gepraat oor "die benadering van die musiekonderwyser tot die onderrig van musiek";

30 April 1961 - professor Gerrit Bon het 'n oorsig gegee van musiekgeskiedenis met verwysings na Guido D'Arezzo, Buxtehude, Tartini, WF Bach, CPE Bach en Wagner.

15 Februarie 1961 - mnr A Wegelin het musiek en musiekonderrig in Swede, Engeland en Holland bespreek. Die lesing is geïllustreer deur bandopnames wat in dié lande gemaak is.

5 Mei 1961 - Dr B Kok het 'n praatjie gelewer oor sy studietoer na Europa.

6 Junie 1961 - mnr H van Eck in "Mense van Adel", 'n praatjie oor die kunstenaarstemperament.

11 September 1961 - 'n lesing-uitvoering deur Bernard Stevens van die Royal Schools of Music.

16 April 1962 - Mary Rousseau in 'n lesing oor die geskiedenis van SAVMO en die toekoms van die Vereniging.

21 Augustus 1962 - Andrew Byrnes van die Royal Schools of Music oor "Bartok and his Mikrokosmos".

6 Oktober 1963 - Lamar Crowson oor "Elementary teaching methods".

Oktober 1972 - Leonard Lemmer in 'n lesing oor en demonstrasie op die fluit.

Februarie 1973 - Hugh Tracey in 'n lesing oor die inheemse musiek van Suid-Afrika.

23 April 1976 - Jeanette Oosthuizen oor musiekopleiding by die voorskoolse kind

April 1980 - Lionel Bowman gee 'n meesterklas.

9.3 Konserte

Om fondse in te samel het die Vereniging van tyd tot tyd kunstenaars genooi om in Kroonstad op te tree. Hierdie konserte het gewissel van uitvoerings voor groot gehore tot intieme huiskonserte en die organisasie vir so 'n uitvoering het gewoonlik baie tyd en inisiatief vereis. Lede moes kaartjies verkoop, programme en plakkate laat druk en versprei en huisvesting en etes vir kunstenaars verskaf. Die volgende konserte is aangebied:

In 1972 is twee klavieruitvoerings deur George Themeli en Victor Yates gereël, en op 10 Augustus 1973 is 'n konsert aangebied met musiek van Granville Bantock. Laasgenoemde konsert is gehou ter ere van die komponis se dogter, Myrrha Bantock, wat haar vader se biografie op Kroonstad geskryf het. Kunstenaars wat deelgeneem het was die pianiste Peggy Haddon, die sangeresse Nohline Mitchell en Olive Antonie, die Tegniese Kollege Dameskoor en die kore van die Sentrale Volkskool en Kroonheuwel. Op 6 Desember 1973 het studente van die Pretoriase Technikon onder leiding van Josias van der Merwe 'n konsert gegee. In Oktober 1974 het musiekstudente van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat opgetree, en in Desember 1974 studente van die Pretoriase Technikon. Op 4 Junie 1975 is 'n konsert gehou om fondse

in te samel vir die SAUK-jeugorkes, en Piet Koornhof (viool), Human Coetzee (tjello) en die Kroonstadse Kamerkoor van mnr Frikkie Strydom het opgetree. Op 3 September 1975 is 'n konsert deur die pianis Neville Dove aangebied. In 1976 het die SAVMO 'n groot aandeel gehad in die feestelike ingebruikneming van die Kroonstadse Skouburg deur die organisasie te behartig om die SAUK-jeugorkes na Kroonstad te bring asook 'n konsert van plaaslike orkes- en koormusiek aan te bied. In 1976 het die Potchefstroomse Onderwyskollege onder beskerming van die Vereniging die operette **Die Voëlhandelaar** in die skouburg opgevoer. In 1977 is drie orreluitvoerings aangebied: in Maart 'n uitvoering deur mnr Julius du Toit in die Môrewag-Kerk, in Junie Eddie Davey en in Oktober Elza Cilliers, beide in die Kroonstad-Noord-Kerk. In 1981 het die Engelse orrelis dr Kenneth Abbot 'n uitvoering in die Noord-Kerk gegee. In November 1982 het 'n Kroonstadse oud-leerling, Sonja van Straten, 'n klavieruitvoering gegee. Op 2 Mei 1984 het 'n huiskonsert plaasgevind deur Derek Ochse (viool) en Erika Bothma (klavier) en in Augustus 'n klavier-uitvoering deur die Duitse pianis Thomas Dius, terwyl die Rhodes Kamerkoor in September 'n uitvoering in die Rooms Katolieke Katedraal gegee het. In September 1985 is 'n Barokkonsert in die Koops van't Jagt Konservatorium aangebied deur plaaslike kunstenaars en blaasensembles van die Gevangenis-diensorkes ter viering van die geboortejaar van Bach, Handel en Scarlatti.

9.4 Konvensies

Nadat Kroonstad die leiding geneem het en verantwoordelik was vir die uitbreiding van die SAVMO in die Vrystaat, en nâ die verkiesing van mnr Julius du Toit tot Vise-President vir die Vrystaat, was daar 'n begeerte om 'n konvensie in die provinsie aan te bied. Die eerste pogings het misluk maar in Oktober 1976 het Kroonstad 'n beurt gekry om in medewerking met die Klerksdorp-tak 'n konvensie in Klerksdorp aan te bied. In Oktober 1978 het Kroonstad sy eie konvensie ter plaatse gehou. Die tema was **Die Kind en sy Kultuur** en mnre Dirkie de Villiers en Fred Sharp het as sprekers opgetree.

9.5 Die bywoning van Nasionale Konferensies

Die Kroonstad-tak het hom beywer om so ver moontlik afgevaardigdes na die SAVMO se konferensies te stuur om hulle daar te verteenwoordig, in voeling te bly met beleidsrigtings, deel te neem aan nominasies en verkiesings van die algemene bestuur en voorstelle in te dien. Die eerste persoon wat

Kroonstad verteenwoordig het was mev Elza Cilliers wat in 1963 die konferensie bygewoon het en in 1965 is Josias van der Merwe afgevaardig na Oos-Londen. Nå 'n afwesigheid van nege jaar is Kroonstad weer in Kaapstad in 1974 deur mev Cilliers verteenwoordig. Mnr Du Toit het vanaf 1975 alle konferensies bygewoon en hy is soms ook deur mevv Rademan en Cilliers vergesel. In 1976 het mnr Du Toit, as Vise-President, die SAVMO in die Verenigde State verteenwoordig by die Interlochen National Music Camp in Michigan.

9.6 Seminare

In Maart 1981 is 'n tweedaagse seminaar in Kroonstad aangebied deur Bertha Spies van die Universiteit van Pretoria. Dit het oor harmonie-onderwys gehandel en is deur sewe-en-vyftig lede van die SAVMO uit Kroonstad en omliggende dorpe bygewoon. In Maart 1982 het Josias van der Merwe 'n seminaar gelewer oor die eksamenvereistes wat UNISA stel en die voorbereiding van klavierstudente vir hierdie eksamens.

In September 1983 het 'n Amerikaanse egpaar, James en Jane Bastien, kenners van klaviertegniek en onderwysmetodes, 'n werkswinkel aangebied wat deur 'n groot aantal musiekonderwysers uit omliggende dorpe asook uit die Transvaal bygewoon is. In Maart 1984 is daar in medewerking met Charles Manning Piano Saloon 'n geslaagde uitstalling van musiekboeke gehou.

Hierdie geleenthede het nie slegs 'n goeie beeld van die Kroonstad-Tak uitgedra nie maar het ook gelei tot die werwing van nuwe lede.

9.7 Die Kroonstadse Kunsfees

Vanaf 1961 was die SAVMO verantwoordelik vir die aanbieding van die Kroonstadse Kunsfees, wat aanvanklik 'n twee-jaarlikse instelling was. Hierdie fees is afgewissel met die twee-jaarlikse Kroonstadse Kunswedstryd wat deur die Kultuurraad aangebied is en wat toegespits was op die bevordering van spesifiek Afrikaanse kultuur. Die Kunsfees daarenteen was tweetalig.

Die eerste Kunsfees het baie organisasiewerk geverg aangesien die aanbieders van meet af aan sillabusse moes opstel vir die afdelings in ballet, spraak, kuns en musiek. Die werk is onder subkomitees versprei en mejj Buckle, Cranko en Foster was verantwoordelik vir spraak; Doris Fischer, Louise Lombaard en Pat Marock het die ballet behartig; terwyl Myrrha Bantock verantwoordelik was vir kuns. Verder was die beheerliggaam verantwoordelik

vir die verspreiding van inligting en inskrywingsvorms, die ontwerp en druk van sertifikate en toekennings, die opstel van tydroosters en die uitnodiging van geskikte beoordelaars. Die sukses wat behaal is met die eerste Kunsfees en die nodige ondervinding wat opgedoen is daarmee het daartoe gelei dat die fees bestaansreg gehad het en weer plaasgevind het in 1963, 1965, 1967, 1969, 1971 en 1973. In 1971 is die musiekafdeling vergroot deur die byvoeging van orrel-, blokfluit- en koperblaasafdelings.

In 1974 het die onderskeie skoolhoofde van Kroonstad besluit om nie meer die jaarlikse kunswedstryde te ondersteun nie aangesien dit te veel tyd geverg en die skoolprogram te veel ontwrig het. Die Kultuurraad se konstitusie het bepaal dat hulle elke twee jaar 'n kunswedstryd moes hou en hierdeur is die SAVMO se Kunsfees ernstig geraak aangesien daarvoor dus nie meer tyd ingeruim kon word nie.

Mev Mitchell het tydens 'n vergadering met musiekonderwysers vasgestel dat dit hul oorwoë mening was dat 'n jaarlikse kunswedstryd te veel tyd verg en dat skoolkonserte en operettes daardeur gesmoor word. Hierteenoor het klavieronderwysers stelling ingeneem en verklaar dat klavierstudente daarby baat om jaarliks aan kunswedstryde deel te neem. Engelssprekende verteenwoordigers van spraak en drama het genoem dat as die SAVMO en die Kultuurraad beurte neem om kunswedstryde aan te bied, hulle leerlinge slegs elke vier jaar kans sal kry om in hul eie taal deel te neem.

Hierdie kwessie het lang besprekings uitgelok en nadat mev Mitchell en mnr Du Toit verskeie vergaderings belê het met die Kultuurraad en skoolhoofde, het laasgenoemde 'n ultimatum gestel dat hulle slegs 'n tweejaarlikse kunswedstryd sou ondersteun. Daar is toe met die Kultuurraad ooreengekom om so af te wissel dat elke instansie slegs elke vier jaar aan die beurt sou kom.

In 1975 het die SAVMO 'n balletfees in Kroonstad aangebied. In 1976 het die Kultuurraad 'n kunswedstryd aangebied en in 1977 het die Kunsfees weer plaasgevind wat toe vierjaarliks voortgesit is in 1980* en 1984.

9.8 Die bestuur en ontwikkeling van die Kroonstad-tak

Die Kroonstad-tak van die SAVMO was gelukkig om deur die jare 'n uiters bekwame bestuur te hê wat tot groot hoogtes gevoer is deur vasberade voorsitters en komiteelede met ondernemingsgees.

* Die Kunsfees het vanaf 1980 heeltemal tweetalig geword sodat kinders die geleentheid gekry het om elke twee jaar in die spraak- en drama-afdelings wel in Afrikaans te kan deelneem.

Die eerste voorsitster van die Vereniging was mev Martie Wege en sy is opgevolg deur Josias van der Merwe, Jean Greybe, Frikkie Strydom en Olga Rademan, terwyl Nohline Mitchell en Julius du Toit reeds vir verskeie termyne herkies is.

Twee lede van die Kroonstad-tak wat werklik 'n reusè bydrae gelewer het tot die ontwikkeling en uitbreiding van die SAVMO in die Vrystaat is mnr Julius du Toit en mev Elza Cilliers. Mnr Du Toit is in 1975 verkies tot Vise-President van die Oranje-Vrystaat en Noord-Kaap. In 1983 is Noord-Kaap by die Westelike Provinsie ingedeel en het hy aangebly as Vise-President van die OVS. In hierdie amp het mnr Du Toit die afgelope dekade reeds uitstekende diens verrig. Vanaf 1976 het hy hom beywer om die Vereniging by meer musiekonderwysers bekend te stel en om meer lede te werf. Hy het kursusgangers in Kroonstad en Bethlehem hieroor toegespreek en naamlyste opgestel om moontlik takke in Bethlehem, die Welkom-Odendaalsrus-gebied en die Parys-Sasolburg-gebied te stig. Deur sy bemiddeling is daar in September 1976 geslaag om 'n tak in Welkom te stig.

Mev Elza Cilliers is ook 'n toegewyde lid van die SAVMO wat gereeld konferensies bywoon en resolusies voorlê. Nadat sy in 1974 'n konferensie in Kaapstad bygewoon het, het die Presidente van die SAVMO, mev Liebman, 'n versoek aan mev Cilliers gerig waarin sy haar gevra het om die Bloemfonteinse musiekonderwysers aan te spoor om daar ook 'n tak te stig. Mev Cilliers het op 8 Mei 1974 'n vergadering in Bloemfontein gehou en die gevolg hiervan is dat die Musiekdepartement van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat ook toegetree het tot die Vereniging.[20]

10 DIE KROONSTADSE KULTUURRAAD

Op 29 Oktober 1963 het 'n groep leidende figure van Kroonstad byeengekom en die Kroonstadse Kultuurraad gestig. Verteenwoordigers van die verskillende skole en kerke, die ATKV, die Rapportryers, die Volksfeestekomitee, die Kunswedstrydbestuur en die Kroonstadse Kultuurvereniging het hul steun aan die liggaam gegee. Mnr Allen Rautenbach is as voorsitter verkies en ander lede was ds HL Burger (ondervoorsitter), mnr JH Vlok (sekretaris=, mnr H Vorster (hulpsekretaris) en mnr AB Kotzé (penningmeester).

10.1 Die doelstellings van die Kultuurraad

Die Kultuurraad het die verskillende kultuurorganisasies uitgenooi om te affilieer. Teen 1964 het die Tegniese Kollege, Hoër Landbouskool, Hoër Tegniese Skool De Wet Nel, Kroonstadse Hoërskool, Afrikaanse Hoërskool, Kroonheuwel Volkskool, Sentrale Volkskool, Suidrand Volkskool, die NG gemeentes van Kroonheuwel-Noord, Kroonheuwel, Kroonstad-Suid, die Moedergemeente, die Gereformeerde Kerk, die Kroonstadse Kultuurvereniging, die Volkspelekomitee, die Rapportryers, die Vroue Landbou-Unie, ATKV, Voortrekkers, ATKB, Gevangenisdiens Opleidingskollege en Boeredistriksunie reeds geaffilieer.

Die gedagte agter hierdie affiliasie was dat die Kultuurraad as koördinerende liggaam van alle kultuuraksies op die dorp sou optree. Hulle het beoog om kragte saam te snoer ter wille van eendragtelike optrede, maar om nie in te meng in die huishoudelike sake van geaffilieerde liggame nie. Self het die Raad dus nie funksies aangebied nie maar wel die aktiwiteite van ander liggame gekoördineer, gepropageer en ondersteun. Verdere verklaarde doëlstellings was dat die Raad sou optree as mondstuk van die Afrikaner in sy gemeenskap, dat Afrikaans korrek gebruik sou word, en dat kunswedstryde en sangfeeste gereël sou word. Komitees is benoem om al hierdie aksies uit te voer. Nuwe intrekkers is so ver moontlik deur middel van verwelkomingsfunksies bekend gestel aan die verskillende organisasies.

10.2 Werksaamhede van die Kultuurraad

10.2.1 Kunswedstryde

Die Kultuurraad was vanaf 1964 verantwoordelik vir die tweejaarlikse Afrikaanse kunswedstryd wat deur 'n aangewese Kunswedstrydkomitee behartig is. Leidende musiekfigure van die dorp is genooi om op die komitee te dien en persone soos Tersteegen van Huyssteen en Olga Rademan het in hierdie verband werk van onskatbare waarde gelewer. Kunswedstryde is tot dusver gereël in 1964, 1966, 1970, 1972, 1974, 1976 en 1984. In 1976 is daar besluit om die Kunswedstryd vierjaarliks aan te bied en omdat die organisasie in verband met 'n kunswedstryd so swaar op die skouers van die Kultuurraad gerus het, moes belanghebbende persone 'n aktiewe aandeel neem aan die organisasie. Musiek- en sangonderwysers het hierna hul eie subkomitees gevorm om die verskillende afdelings te organiseer.

10.2.2 Die aanbieding van musiekuitvoerings

By verskeie geleenthede is die aanbieding van musiekuitvoerings bevorder. In 1971 is 'n kooruitvoering deur laerskoolkore tydens 'n kultuurweek aangebied en op 4 April 1974 het hulle 'n konsert aangebied deur die Goudstadkoor.

10.2.3 Die aanbieding van nasionale feeste

Verskeie nasionale feeste is aangebied wat gepaard gegaan het met musiekuitvoerings. Vir die doel is daar in 1976 'n spesiale subkomitee benoem, naamlik die Musiekkomitee, wat behulpsaam is tydens feesgeleenthede met die aanbieding van sang en musiek. Die eerste Musiekkomitee het bestaan uit mevv Yvonne Rossouw, Erna Hartman en kaptein JIN Steenkamp.

Die eerste fees van hierdie aard wat aangebied is was die Totiusfees wat op 18 Augustus 1977 in die Skouburg plaasgevind het. Die musiekprogram is uitgevoer deur 'n massa-skolekoor begelei deur die Gevangenisdiensorkes, en Psalms 25 en 150 is aangebied. Die skoolkore was ook verantwoordelik vir die uitvoering van toonsettings van Totius-gedigte. Die laerskole het Hennie Coetzee se toonsetting van **Skendertaal** gesing asook Pieter de Villiers se **Vergewe en Vergeet**, terwyl die hoërskole Yvonne Rossouw se toonsetting van **'n Sprokie** en Hennie Coëtzee se **Hoeveel Sange is my Verlore** gesing het.

Op 15 Augustus 1979 het die Kultuurraad die vyftigste bestaansjaar van die FAK in die Skouburg gevier met 'n koor- en orkesuitvoering. Mnr Dirkie de Villiers, ondervoorsitter van die FAK se Musiekkomitee, het 'n kort toespraak gelewer voor die musiekprogram. Die Laerskole Voorwaarts, Kroonheuwel, Suidrand, Sentraal en Engels Primêr het individuele programme aangebied wat gehandel het oor die volgende onderwerpe: Volk en Vaderland, Natuurskoon, Liefde, Gesellige Samesyn en Die Jeug. Ook die Gevangenisdiensorkes se bydrae na pouse is saamgestel uit verwerkings van Afrikaanse liedere uit die FAK-sangbundel. Die konsert is afgesluit deur die gesamentlike skoolkore en orkes se weergawe van 'n samestelling van Afrikaanse liedere deur Danie Hyman.

Op 24 Augustus 1983 het 'n Bybelfees onder beskerming van die Kultuurraad in die Skouburg plaasgevind ter herdenking van die Jubileumfees van die Bybel

in Afrikaans. Die drama-afdeling van die Tegniese Kollege, die Gevangenisdiensorkes, die Kroonstadse Mannekoor en die koor van die Hoër Tegniese Skool was verantwoordelik vir die aanbieding van **Die Woord van God** - 'n voordrag van die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling deur 'n spreekkoor, afgewissel met gepaste musiek. Die Afrikaanse Hoërskoolkoor van Rina Smith het Blanche Gerstman se **Bethlehemster** en Gerrit Olivier se **Aandgebed** gesing; die Kroonstadse Hoërskoolkoor van Yvonne Rossouw het Gesang 95 gesing en Chris Lamprecht se toonsetting van die **Onse Vader.** 'n Massakoor bestaande uit die laerskole van Kroonstad asook die Suidrand Kerkkoor begelei deur die Gevangenisdiensorkes het die konsert afgesluit met **Feeslied.** Hierdie geleentheidswerk is spesiaal vir die Bybelfees deur Dirkie de Villiers gekomponeer op woorde van Gerhard Beukes.[21]

VOETNOTE

1 **The Kroonstad Times**, 23 Maart 1928
2 Ibid, 6 Junie 1941
3 **Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner** Deel VII, Perskor, 1979, p 67
4 **The Kroonstad Times**, 15 Oktober 1937
5 Ibid, 9 Februarie 1937
6 Ibid, 2 November 1937
7 Ibid, 14 Junie 1939
8 **Die Noordelike Ster**, 8 Oktober 1948
9 Ibid, 19 Oktober 1948
10 Ibid, 5 Mei 1950
11 Ibid, 9 Mei 1952
12 Ibid, 1 Mei 1956
13 Ibid, 20 Mei 1960
14 Ibid, 2 Maart 1948
15 Ibid, Oktober 1951
16 **Notules** van die Musiekvereniging, 1951
17 **Die Noordelike Ster**, 19 Maart 1954
18 Ibid, 29 Junie 1962
19 Ibid, 17 Desember 1954
20 **Notules** van die Kroonstad-tak 1959-1985
21 **Notules** van die Kroonstadse Kultuurraad, 1963-1983

HOOFSTUK VIII

KERKMUSIEK

1 DIE NG KERKE

1.1 Die Moedergemeente

1.1.1 Die Pioniersjare

Die behoefte aan 'n kerk in die Valsriviergebied in die vyftigerjare van die vorige eeu het aanleiding gegee tot die stigting van Kroonstad. Die geskiedenis van die NG Kerk en dié van die dorp is in die pioniersjare dus baie nou vervleg.

Aan die begin van die agtiende eeu het veeboere oor die Grootrivier getrek om hulle in die suidelike streke van die teenswoordige Vrystaat te vestig maar net jagters het so ver as die Valsriviergebied deurgedring. In 1837 het die Potgieter- en Cilliers-trek hulle in die gebied tussen die Vet- en Vaalrivier gevestig en vanaf 1843 het ook trekkers uit Natal opgedaag om hier die Christelike godsdiens te vestig. Die nuwe intrekkers het bande met die Kaapse Kerk behou maar hul versoeke om 'n predikant is deur die Britse owerheid afgekeur omdat hulle die uitwyking van die Blankes teengestaan het.

Die eerste predikant wat wel die Valsriviergebied besoek het was ds Daniël Lindley wat in 1841 deur die Natalse Volksraad aangestel is in Pietermaritzburg. Die eerste kerkmusiek wat in die omgewing opgeklink het was dus tydens die dienste wat ds Lindley, en vanaf 1849 ds Andrew Murray, gehou het.

Die leemtes en gebreke in die notules van die gemeente Kroonstad en die Ring van die Transgariep maak dit feitlik onmoontlik om 'n definitiewe

stigtingsdatum van die gemeente tussen die jare 1855 en 1860 vas te stel. Na die aanstelling van Landdros Orpen op Winburg, het hy in 1854 opdrag gekry om 'n geskikte plek te soek vir die oprigting van 'n kerk. Hy het die plaas Klipplaatdrif aan die Valsrivier uitgesoek en op 5 September 1854 het die Volksraad die grond gekoop, erwe is uitgemeet en 'n vrederegter is aangestel. Op 17 Maart 1855 het **The Friend** berig dat 'n veiling van erwe te "Cronstadt" sou plaasvind.

1.1.2 Die eerste kerkgeboue en orreliste

Die kerkalmanak van 1862 gee die stigtingsdatum van die gemeente Kroonstad aan as 1860. Die eerste kerkgebou is in 1863 ingewy en was 'n primitiewe saaltjie met 'n rietdak en 'n grondvloer, en gemeentelede het hul eie sitplekke saamgebring. Die eerste predikant was ds PAC van Heyningen wat uit Holland gekom het en in 1866 diens aanvaar het. Twee van sy dogters het later musiekonderwyseresse op Kroonstad geword.*

Die tweede kerkgebou is in November 1877 ingewy. In daardie jare was die amp van koster meerdoelig. Gewoonlik was hy die goewermentsonderwyser, voorsinger en bespeler van die harmonium of serafyn. Oor 'n lang tydperk is van 'n harmonium gebruik gemaak en mej Sarah Wessels het in 1886 vir die eerste keer die gemeentesang op hierdie instrument begelei. In April 1899 is 'n volwaardige orrel ingewy en AF de Villiers is as orrelis aangestel terwyl die persoon wat die blaasbalk getrek het vyf-en-sewentig sent per maand verdien het. In 1895 het 'n aantal susters van die gemeente vergunning by die Kerkraad gekry om 'n koor te stig om daarmee die gemeentesang te verbeter.

1.1.3 Die huidige kerkgebou en orreliste sedert 1912

Op 24 Desember 1912 is die huidige sierlike kerkgebou se hoeksteen gelê. Dit is in die daaropvolgende jaar in gebruik geneem, terwyl die orrel van die vorige kerkgebou oorgeneem is en weer in gebruik was in die nuwe gebou.

In 1943 is daarop gewys dat die orrel nie meer voldoende was nie en is stappe geneem om 'n nuwe orrel te installeer. Eers in 1950 is die orrel aangekoop ter waarde van sesduisend pond.

Mej. Sarah Wessels het as orreliste opgetree tot in 1918 en in 1919

---

*Sien HOOFSTUK X

was PJ Lemmer orrelis. Hierna het verskeie persone orrel gespeel totdat Judith Brent° in 1927 aangestel is. Sy het die amp vir tien jaar beklee. Rina Snel was orreliste vanaf 1937 tot 1942. In 1946 is Tersteegen van Huyssteen aangestel as orrelis en onder sy bekwame leiding het die Moederkerk die middelpunt van kerkmusiekuitvoerings geword. Hy het die pos beklee tot in 1977 waarna mnr Julius du Toit oorgeneem het en sodoende was die laaste twee orreliste van die gemeente ook hoofde van die musiekdepartement van die Tegniese Kollege. Hierdie dubbele posisie het in sowel mnre Van Huyssteen en Du Toit se tydperk as orreliste goeie vrugte afgewerp omdat hulle daardeur as die middelpunt en sameroeper van baie musiekgebeure in die dorp kon optree.

Afgesien van die kerkmusiekuitvoerings wat so dikwels in die kerk plaasgevind het, het die Moedergemeente deur die jare ook die leiding tydens vele volksfeeste geneem. Die gemeente en sy kerkkoor het deelgeneem aan die ontvangs van die simboliese ossewatrek in 1938, die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949, die Van Riebeeckfees in 1952, die Vrystaatse Eeufees in 1954, die Kroonstadse Eeufees in 1955, asook tydens die ontvangs van die Afrikaanse Bybel in 1933 en die Psalm en Gesangeboek in 1944. In 1950 het die koor ook opgetree by die onthulling van die Sarel Cilliers-standbeeld op die kerkplein.

1.1.4 Kerkmusiekuitvoerings in die Moederkerk sedert 1919

In Januarie 1919 is mnr PJ Lemmer aangestel as orrelis van die NG Moedergemeente. Op 1 Februarie 1919 het hy 'n orreluitvoering in die Moederkerk gegee om hom sodoende aan die gemeenskap bekend te stel. Die uitvoering is goed ondersteun, en positiewe kritiek is in die koerant gegee:

> "The capabilities of the beautiful church organ were drawn upon to the full by the organist, who proved himself to be a musician of no mean talent. The singing by the choir was also much enjoyed and for Kroonstad was quite a new departure. Music lovers, and their name is legion, will look forward to further such musical treats."

Die program het een werk van die orrelis self ingesluit. Dit verder bestaan uit die **Groot Koor in D** van Guilmant, **Canzona** van Wheeldon, **Intermezzo in D mol majeur** van Hollins, **Prelude in C kruis majeur** van Rachmaninoff, **Improvisation** van PJ Lemmer en **Hongaarse Mars** van Rákóczy.* Die

---

* **Die Hongaarse Mars** was oorspronklik eintlik 'n werk wat vernoem is na die Hongaarse leier Francis Rákóczy en later het Berlioz 'n verwerking gemaak van die oorspronklike mars deur János Bihari. - Scholes, Percy A, **The Concise Oxford Dictionary of Music**, 1973, p 470.

° Sien HOOFSTUK X

kerkkoor het **Oh How Amiable** van Williams en **Psalm 12** van PK de Villiers gesing.

'n Persoon wat baie gedoen het om die musieklewe van Kroonstad gedurende die twintigerjare te bevorder was professor H Voigt. Hy het die Philharmonic Orchestra gedirigeer asook die jazzorkes van die Kroonstad Riverside Minstrels; hy was komponis; het amateur-operettes opgevoer en was 'n bekwame orrelis wat met sy orreluitvoerings die musiekpubliek wou opvoed. Hy het sy musiekopleiding aan die Koninklike Akademie in Leipzig ontvang maar dit is nie bekend vanwaar hy die titel "professor" verkry het nie.

Op 12 September 1922 het hy 'n orreluitvoering in die Moederkerk gegee ten bate van die Oranje Vroueverenigingen. Professor Voigt is beskryf as

> "...a master of the king of instruments and combines technique with artistic ability in reproducing the works of the great masters."

Die hoop is uitgespreek dat sulke uitvoerings meer gereeld sou plaasvind om die publiek bekend te stel aan die groot komponiste. Die kerkkoor het drie lofsange gesing, en mev CW de Wet as soliste Del Riego se lied **Oh Dry Those Tears.** Die orrelprogram het bestaan uit die ouverture tot die **Huwelik van Figaro** van Mozart, **Gebed** van Nicolai, **Meditation** van H Voigt, uittreksels uit **Der Freischütz** van Weber, **Die Pelgrimskoor** uit **Tannhäuser** en die aria **Winterstorms** uit **Ring des Nibelungen** van Wagner, **Adagio** van J Stainer en **Postludium in G** van JS Bach.

Tydens 'n afskeidsgeselligheid vir ds WJS Klomp op 8 April 1923 het professor Voigt 'n kort orrelprogram gelewer naamlik **Gebed** van Nicolai, **Pastorale** van Rossini en **Afskeidslied** van Mendelssohn. Die kerkkoor het die lied **Wedersien** gesing.

Op 31 April 1923 het professor Voigt, die sopraan Corrie Nel en die kerkkoor 'n uitvoering in die Moederkerk gegee. Mej Nel het **The Holy City** gesing en die koor twee gesange. Professor Voigt se orrelprogram het weer bestaan uit verwerkings van opera-arias en ouvertures terwyl hy een van sy eie komposisies ook ingesluit het: **Italiaanse Overture** van Donizetti, **The Angels' Serenade** van Braga, **Prayer** van H Voigt, **Meditation** van Bach-Gounod, uittreksels uit **Faust,** 'n **Fantasie** op **Lohengrin** van Wagner en **Andante en Minuet** van Beethoven.

Op 1 September 1950 is die Moedergemeente se nuwe kerkorrel ingewy deur die

orrelis Eitel Maasch wat verbonde was aan die orrelbouers wat die instrument verskaf het, naamlik **Cooper, Gill en Tomkins.** Die kerkkoor onder leiding van mnr T van Huyssteen het ook opgetree. In die resensie oor die uitvoering het die kritikus, afgesien van 'n musiekwaardering, ook verwys na die strewe van die gemeente na 'n nuwe orrel, en 'n bespreking van die samestelling van die orrel gegee:

> "Met die inwydingsplegtigheid van 'n doeltreffende nuwe twee-manuaal-pyporrel het 'n ideaal waarna die Orrelkommissie en Kerkraad van die Ned. Geref. Gemeente Kroonstad vir etlike jare ywerig gestrewe het, in vervulling getree.
>
> Die instrument is saamgestel uit sewe geslote en vier oop eenhede wat altesaam sowat 850 pype bevat. 'n Lieflike eienskap van die onderskeie klankgroepe is die aangename soetheid van toon. Die pedaal-afdeling bied 'n ruim verskeidenheid en vorm 'n besonder ryk onderstem.

Die kritikus, Barbara Louw, het die orrelis se registrasie bespreek maar was teleurgestel in sy tegniek en spel:

> "In sy uitvoering het die orrelis Eitel Maasch, probeer om die verskillende toongroepe te illustreer. Prestanttoon was oorheersend in die Rheinberger-sonate terwyl die snaargroep op die agtergrond getree het in 'Idylle' van dieselfde komponis. Tongstemme en fluite het mekaar afgewissel in die werke van Purcell terwyl die Bach-aria uit 'n orkessuite hoofsaaklik op die klarinet uitgevoer is. Heel aan die einde van die program met die afsluiting van 'Mars' uit 'Die Messias', verwerking deur Guilmant kon 'n mens vir die eerste keer luister na die volle krag van die orrel - 'n oomblik wat elke luisteraar seker met verlange afgewag het!
>
> Dit is jammer dat die firma wat verantwoordelik was vir die oprigting van die orrel nie by so 'n groot geleentheid 'n meer ervare orrelis ter beskikking gestel het nie. Onsekere ritme en troebelheid in die spel van mnr. Maasch het 'n mens dikwels teëgekom terwyl die werke oor die algemeen heelwat bleek geklink het.
>
> Die ligpunte was dan ook eerder die twee koorstukke waarvan die weergawe getuig het van fyn afronding. Mnr. Van Huyssteen het daarin geslaag om die veertigtal stemme met bykans perfekte balans saam te stel. In die vertolking van die twee lofliedere 'O Pryst den Heer' (Birch) en 'Hoe lieflik is Sion' (Gluck) was al die subtiele lig-en-skaduwee-effekte en welkom kontraste wat in die orrelwerke so opvallend afwesig was, te vinde. Fraai kwaliteit stemme is ook gehoor in die gedeeltes vir solo, duo en kwartet."

Op 19 Junie 1953 is 'n konsert deur 'n groot aantal Kroonstadse kunstenaars in die Moederkerk gegee. Die orrelis van die gemeente, mnr Van Huyssteen, het die konsert saamgestel en as solis het dr Teasdale Griffiths opgetree in 'n orrelprogram. Ander deelnemers aan die program was mnr Paul Johl se Hoërskoolkoor en die Kerkkoor van mnr Van Huyssteen; die sangers Fêbê

Williamson, Nohline Mitchell, mev A McLennan en Barry Verster; 'n vokale kwartet bestaande uit mevv M Hofmeyr, M Joubert en mnre W Lebherz en R Day; en die pianiste Martie Wege en Elsa Berdell.

Die konsert is deur 'n groot gehoor bygewoon:

> "...the large and obviously appreciative audience did much to add to the pleasure of the performance."

Dr Griffiths het die program ingelei met vier orrelwerke. Die eerste was JS Bach se **Toccata in C majeur** wat die beroemde pedaalcadenza bevat:

> "...the pedal cadenza sounded most impressive."

Hierna het Wolstenholme se **Bohemesque** en Max Reger se **Inleiding en Passacaglia** gevolg. Hierdie twee werke het dr Griffiths se voorliefde vir ongewone ritmes en moderne harmonie tentoongestel asook sy besonder goeie pedaaltegniek by die variasies van die **Passacglia.** Die laaste werk was 'n komposisie van homself, naamlik **Festal Rhapsodie.** Dit is in 1952 vir die eerste keer in Noord Wallis uitgevoer tydens die inwydingsdiens van die Walliese Presbiteriaanse Kerk in Holyhead, en bestaan uit 'n fantasie en rapsodie op die Lutherse koraal **Eine Feste Burg:**

> "...(it) was truly an imaginative flight of melody and harmony built round the main theme which was clearly discernible in various registers during the performance."

Dr Griffiths se program het aan die Kroonstadse gehoor 'n nuwe wêreld van onbekende orrelmusiek ontsluit:

> "Once again Dr. Griffiths has delighted his listeners with his choice of music and his technical execution. In him we have an adventurer in the musical field, who explores regions unknown, and opens up for us territories of unexplored or lesser known works."

Hierna het die Hoërskoolkoor onder leiding van mnr Paul Johl, Haydn se **Prayer** gesing, gevolg deur vokale solo's gelewer deur Fêbê Williamson en Barry Verster. Die kritikus "NHM", het die feit dat hulle liedere in Afrikaans vertaal is, afgekeur, aangesien die ritmiese vloei versteur is:

> "Vocal solo's were supplied by Mrs. Fêbê Williamson, who sang Handel's 'Largo' and Mr. Barry Verster who sang César Franck's 'Panis Angelicus.' Both soloists sang with feeling, but one couldn't but regret the fact that the translations from Italian and Latin respectively, into

> Afrikaans, somehow detracted from the essential character of both these lovely melodies, especially so in the case of the 'Panis Angelicus' which lost its characteristic rhythmic flow when translated into Afrikaans phrases which disjointed it. The fault lay not with the soloists, but in the translations."

Die volgende twee werke was transkripsies vir 'n ongewone instrumentale ensemble naamlik orrel en klavier. In 'n oorsig oor die konsert is hierdie samestelling dan ook as volg beskryf:

> "...the conversation-piece between organ and piano is something delightfully new to listen to."

Die twee werke wat op orrel en klavier uitgevoer is was JS Bach se **Schäfe können sicher weiden** en die Largo-gedeelte van Beethoven se **Klavierkonsert in C majeur:**

> "The beautiful Bach piece was played by Mr. Van Huyssteen at the organ and Mrs. Martie Wege at the piano, the peacefulness of it entering into one's soul. The Beethoven was done with the same organist and with Miss Elsa Bredell at the piano. This young pianist and Mr. Van Huyssteen combined to render a delightful largo movement."

Hierdie verrassende samestelling in 'n kerkmusiekprogram spreek sekerlik van die musikale inisiatief wat gespruit het uit die vitaliteit wat uitgegaan het van die Kroonstadse musici gedurende die besonder lewenskragtige vyftigerjare.

Die volgende item op die program was 'n vokale kwartet deur mevv M Hofmeyr, M Joubert, mnre W Lebherz, R Day en die soliste Fêbê Williamson en mev A McLennan wat Marks se **The Day is Past and Ended**, gesing het. Mnr Van Huyssteen se kerkkoor het twee liedere gesing naamlik **Send Heer u Lig** van Gounod en **Rus Myn Ziel** (sic) deur S le Roux Marais:

> "The former choir piece was beautifully introduced by a reading of Psalm 43 by Dr. Van der Merwe, the effect of which was most soothing, the reading being accompanied by gentle organ music. The 'Rus Myn Ziel' sung by the choir and Soloists Mrs. F. Williamson, Mrs. N. Mitchell and Mr. Barry Verster, formed a fitting climax to the evening of music dedicated to the Bountiful Donor of all gifts and talents."

Op 19 November 1954 is 'n gewyde program in die Moederkerk aangebied wat deur Tersteegen van Huyssteen saamgestel is. As gaskunstenaar het professor PJ Lemmer 'n orreluitvoering gelewer, waarmee program ingelei is. Hy het die program geopen met die Allegro Vivace-gedeelte uit Widor se **Vyfde Orrelsimfonie.** Barbara Louw het hierdie werk as die heel beste voordrag

beskou:

> "Mnr Lemmer het die fraai tema met boeiende oortuiging dwarsdeur die sterk kontrasterende variasies gedra."

Hierna het **Die Karavaan van die Ooste** van Maunder, **Dodemars** en **Chant Seraphique** van Guilmant en die **Toccata in F** uit Widor se Vyfde Orrelsimfonie gevolg. Barbara Louw het gevoel dat die tegniek van die orrelis in hierdie stukke nie bevredigend was nie:

> "Hoewel 'n mens deurgaans bewus was van die orrelis se besondere musikale insig in die werke en sy uitstaande effektiewe registrasie was dit tog jammer dat die speeltegniek nie altyd toereikend was nie. Om die rede het juis die laaste 'vertoonstuk' nie tot sy reg gekom nie."

Vervolgens het Gerda Breyne-Dicken **Arioso** uit 'n Handel-kantate en **Halleluja** van Hummel gesing. Barbara Louw het haar "innige en stigtelike" sang as 'n hoogtepunt beskou en veral haar weergawe van Hummel se **Halleluja** wat as "edel" bestempel is.

Die program is voortgesit deur drie items vir orrel en klavier naamlik **Jesus Bron van Mensevreugde** van Bach, die Intermezzo-gedeelte uit Schumann se **Klavierkonsert in A mineur** wat deur Martie Wege gespeel is, en die Adagio-deel uit Beethoven se **Klavierkonsert in B mol majeur** met Elsa Bredell as soliste. Mnr Van Huyssteen het die orkespartye op die orrel begelei.

Die kerkkoor, wat versterk is deur die Kroonstadse Koorvereniging,

> "...het 'n baie mooi indruk geskep en verskeie koorstukke meesal met gloed en oortuiging gesing..."

Werke van S le Roux Marais, Dane, Mozart, Jannasch en Wagner is gesing en as soliste het Fêbê Williamson en Rina Swart opgetree. Laastens het Barry Verster **Strophes Saphiques** van Brahms op gevoelvolle wyse gesing.

Op 22 November 1959 is 'n gemeenskaplike Kerssangdiens in die NG Moederkerk gehou. 'n Aantal van die dorp se skool- en kerkkore en soliste het opgetree. Die koor van die Kroonstadse Hoërskool het onder leiding van mev Rina Swart **Dit is die Heer se Dag** gesing en die Volkskoolkoor van mej Hannah Wessels **Die Engelelied** en **Herders van Bethlehem.**

Die seunskoor van die Hoër Tegniese Skool De Wet Nel van mev Andre du Toit

het saam met die dameskoor van die Tegniese Kollege onder mnr Van Huyssteen se leiding twee kersliedere uitgevoer. 'n Gesamentlike gemengde kerkkoor onder die stok van mnr Van Huyssteen het **Stille Nag, Die Heer is my Herder** en **Die Christuskind** aangebied. Die vokale soliste was Martie Wege, mnre I Coetzee, Jim Fowler, C Muller, E Bloem en W Lebherz.

Op 20 November 1960 het die Kerssangdiens wat alreeds 'n jaarlikse instelling geword het, plaasgevind in die NG Moederkerk. Die program is deur Tersteegen van Huyssteen saamgestel. Verskeie skoolkore het opgetree: die dogterskoor van Kroonheuwel Volkskoolkoor van mej Friena Klaassens het **Hoor die Engele Sing** voorgedra; Hannah Wessels se Volkskoolkoor het **Stille Nag, Heilige Nag** en **O God van Jakob** en die Kroonstadse Hoërskoolkoor van Rina Swart het **Die Heer is My Herder** gesing. Die Moedergemeente-kerkkoor van mnr Van Huyssteen het vier liedere uitgevoer waarvan een **Die Christuskind** 'n verwerking van mnr Van Huyssteen was vir koor, orrel en tenoor. Die solo is gedoen deur 'n leerling van die Hoër Tegniese Skool De Wet Nel, naamlik Hennie Nel. Ander soliste was Johanna van Niekerk, Willie Lebherz, Martie Wege, Eddie Bloem en Chris Uys. Olga Rademan het as begeleidster opgetree.

1.1.5 Die Eeufees van die NG Moedergemeente, 1961

Vanaf 6 tot 10 September het die NG Moedergemeente sy honderdjarige bestaan op luisterryke wyse gevier. Die feesviering het op 6 September met 'n dankdiens begin en op 8 September is die verrigtinge op Loubserpark voortgesit. Hier het 'n gehoor van vierduisend mense geluister na 'n uitvoering deur die Suid-Afrikaanse Lugmagorkes en 'n gekombineerde kadetorkes van die Kroonstadse Hoërskool, Afrikaanse Hoërskool en die De Wet Nel Hoër Tegniese Skool. 'n Koor van eenduisend-vierhonderd skoolkinders, afgerig deur mnr Van Huyssteen, orrelis van die gemeente het ook opgetree. Die Staatspresident en mevrou CR Swart het die verrigtinge bygewoon.

Op 10 September is die verrigtinge tydens 'n spesiale aanddiens met 'n gewyde konsert in die kerk afgesluit. Mnr Van Huyssteen het 'n koorprogram saamgestel en Olga Rademan het as orreliste opgetree. Die program het uit die volgende werke bestaan: **Gesang 74** wat deur seuns- en dogterskore van die Hoërskool De Wet Nel en Tegniese Kollege gesing is; **Die Christuskind** deur dames van die Eeufeeskoor en seuns van die Tegniese skool; **Dank God, Dank Hom Alleen** deur sestig seuns van die drie Volkskole en 'n mannekoor; dieselfde koor het ook **Blydskap in God** gesing met Hennie Nel as solis en Hannah

Wessels as orreliste; **Die Heer se Dag** is deur die Eeufeeskoor met Martie Wege as soliste gesing en **O Prys die Heer** deur die Eeufeeskoor met Magriet Strydom, Lucia Derksen, Eddie Bloem, Willie Lebherz, I Coetzee en A Theron as soliste; in **Hoor, Hoor My Siel** het I Coetzee, Hennie Nel, Anna van Dyk en Helena Swart as soliste opgetree met Trudy van Niekerk en Marie Joubert as duetsangeresse; Die **Heer is My Herder** van Schubert is deur die Eeufeeskoor en Martie Wege gelewer en die soliste het ook Schubert se **Avondlied** gesing.

Op 8 Desember 1962 het verskeie kore in die Kroonstad-Noord Kerk 'n uitvoering gegee. Treffende items op die program was PJ Lemmer se verwerking van **Stille Nag** waarin 'n deskant van mnr Van Eck deur die Sentrale Volkskool gesing is. Martie Wege en Izak Coetzee was die soliste.

Die kerkkoor het ook 'n aantal items gelewer waaronder **Gesang 142.** Onder die kersliedere wat aangebied is was **Adeste Fideles** Twee skoolkore het opgetree naamlik die Volkskoolkoor van mej Hannah Wessels en die Kroonheuwel Volkskool.

Op 26 Mei 1963 is 'n sangfees deur mnr T van Huyssteen in die NG Moederkerk aangebied ter viering van Paasfees.

Die program het uit die volgende werke bestaan: **Jesus Het Verrys** - 'n Paaslied deur die Kroonstadse Hoërskoolkoor van Rina Swart; die Engelekoor uit Mendelssohn se **Elia** deur die Afrikaanse Hoërskoolkoor van Trudy van Niekerk; **Heilig, Heilig, Heilig** van Schubert - deur 'n seuns- en mannekoor onder leiding van T van Huyssteen, asook **Dankbaar Word Ons Stem Verhef; Christuslegende** van Tjaikowski - gemengde volwasse koor van mnr Van Huyssteen asook 'n gewyde Negerlied deur dieselfde koor met Eddie Bloem as solis en **O Heilige Verlosser** van Gounod; 'n Sewentiende-eeuse **Paaslied** deur Martie Wege wat deur Andries Wasserman van Bethlehem begelei is; **Ons kom tot U, o troue Hemelvader,** gebaseer op die melodie van Sibelius se toondig **Finlandia** - deur die volwassekoor met eggo-effekte deur die Afrikaanse Hoërskoolkoor.

Die orrelbegeleiding vir die kooritems is deur Martie Wege gespeel.

Op 7 November 1963 het Martie Wege en die Kroonheuwel Volkskoolkoor **Kersfeeskantate** van Andries Wasserman in die NG Moederkerk uitgevoer. Hierdie werk is aan Martie Wege opgedra en die komponis het ook as dirigent opgetree.

Deelnemers aan die uitvoering was die dogterskoor van Kroonheuwel, die Bethlehemse Mannekoor, Pat Marock as **Maria**, Nohline Mitchell as die **Engel**, en as die drie **Wyse Manne** Dougy Yazbek, Nico Verhoef en Bob Day. Dr A van der Merwe was die verteller en Tersteegen van Huyssteen die orrelis; Martie Wege het klavier gespeel en 'n ensemble van die Gevangenisdiensorkes het bestaan uit Koops van't Jagt, George Turner, Fritz Kraut en Peter Crots, klarinette; Noël Stockton, fagot; Pieter Venter, Franse horing; Johan Stolz en Clive Bromfield, saksofoon en Rein Schimmel, viool. Die orkestrasie van die kantate is deur Noël Stockton gedoen.

Andries Wasserman was aan die personeel van die Hoër Handelskool te Bethlehem verbonde en het die Bethlehemse Mannekoor, -Seunskoor en -Dogterskoor afgerig. Hy het later Musiekinspekteur van die Vrystaat geword.

Die eerste uitvoering van hierdie kantate in die stampvol kerk was 'n roerende ervaring. Die liriese inslag van die werk is alreeds in die voorspel **Die Velde van Efrata**, waargeneem. Die drie hoogtepunte in die werk was die **Aria van Maria** saam met dogterskoor en viool-obligaat, die **Lofsang van Maria** en die Finale **Loof die Kind Gebore** wat

> "...'n grootse en gepaste afsluiting"

was.

1.2 Die NG Gemeente Kroonstad-Noord

Op 23 Mei 1927 is die Gemeente Kroonstad-Noord afgestig van die Moedergemeente, maar die kerkgebou is eers tien jaar later in April 1937 ingewy. In 1936 het R Müller van Kaapstad die kerk se orrel uit Duitsland ingevoer en dit is vandag een van die land se sonderlinge orrels. Die rede hiervoor is dat die pype van die derde manuaal (die koor-orrel) in die kerktoring ingebou is en hierdie klank kom van agter die orrelis af. In die koepelvormige gewelf van die gebou skep dit 'n besondere klankeffek. Die orrel is oorspronklik volgens die romantiese klankidioom gebou met baie fluit- en strykregisters vir vier-voet en agt-voet pype. Onder die aanvoering van een van die kerk se orreliste, mev Elza Cilliers, is die orrel in 1979 teen 'n koste van R18 000 deur mnr GH Pekelharing van Potchefstroom herbou. Daar is nou sowat 2 360 pype wat wissel van vyf meter tot pypies so dun as 'n breinaald, waarvan sommige van metaal en ander van hout is. Die oorspronklike drie manuale en pedaalbord asook die outentieke klank is behou maar

met die toevoeging van helder stemme is die klankkleur verryk en die speelmoontlikhede vergroot. Met die nuwe toevoeging is die orrel ook geskik vir Barokmusiek.

1.2.1 Orreliste en Kerkmusiekuitvoerings

Die eerste orrelis van die Kroonstad-Noord Kerk was MC Roode vanaf 1938 tot 1945. Hy het 'n sterk kerkkoor op die been gebring en gedurende sy termyn het kerkmusiek 'n bloeitydperk beleef. Gedurende 1945 het mev Bella de Villiers 'n tydelike aanstelling gehad totdat mnr Fanie van Zyl aangestel is as permanente orrelis. Mnr van Zyl het gereeld orreluitvoerings in die kerk aangebied en ook kore en plaaslike sangers en instrumentaliste genooi om deel te neem aan sy konserte.

1.2.2 Die Kerkmusiekuitvoerings van mnr Van Zyl

Op 4 Desember 1948 het mnr Van Zyl 'n orreluitvoering gelewer waarin hy bygestaan is deur sy kerkkoor en die violis, Carl Reynolds. Die uitvoering is as 'n "seldsame voorreg" beskryf en mnr Van Zyl se orrelspel was van hoogstaande gehalte. 'n Interessante aspek van die orreluitvoering is dat die orrelis verskeie orkeswerke verwerk het vir orrelsolo. Barbara Louw het in haar besondere skryfstyl 'n realistiese weergawe van die verloop van die uitvoering geskets:

> "Deur middel van 'n program insluitende werke van wyd-uiteenlopende aard, het mnr van Zyl met veelsydige bekwaamheid die fraai instrument ten volle tot sy reg laat kom.
>
> 'n Baie geskikte aanvangsnommer was 'Fanfare' van Lemmens, lewendig en rats voorgedra. Die daaropvolgende Serenade no. 1 (Drdla) wat op heel geslaagde wyse deur die orrelis self vir die orrel verwerk is, was vol verrassende kleurwisselinge en lieflike kontraste. Tog is die verandering van registers so onopvallend en netjies aangebring dat dit 'n mens laat dink het aan die ineensmelting van skakering in 'n veelkleurige skildery.
>
> Die weergawe van die Overture tot die 'Digter en Boer' (Von Suppé) was kortom uitstekend. Deurgaans was die voordrag seker, veilig, deurskynend en netjies. Besondere melding behoort egter gemaak te word van 'Dodemars en Engelelied' van Alexandre Guilmant wat in moeilikheid die ander werke seker ver oortref het, aangesien die pedaalwerk van hierdie stuk sulke hoë eise aan die voordraer stel. Vanuit die staanspoor was dit die diepe donkerheid van die pedaaltema wat 'n mens beetgepak het. Steeds meeslepend het dit later uitgeloop op oorweldigende trillers aangevul deur massiewe akkoorde op die manuale. Hierdie magtige klimaks, die oorwinning oor die Dood deur die Opstanding, is opgevolg deur die

allersoetste melodie, die Engelelied, ook op die pedale uitgevoer met 'n veraf-weerklinkende harpbegeleiding. Mnr. van Zyl verdien baie lof vir die skitterende weergawe van hierdie treffende werk.

Sowel die Haydn Minuet (uit die Militêre Simfonie) met sy grasie en statige ritme as die Mozart-aria 'Voi Che Sapete' (uit Le Nozze di Figaro), laasgenoemde ook 'n verwerking deur die orrelis, was strelend en goed beheer. Die opgewekte 'Toccata' van Ward (sic) het die orrelprogram beëindig.

Bykans 'n veertigtal geesdriftige koorlede het mnr. van Zyl bygestaan en met hul vrolike sang die program op passende wyse afgewissel. Fêbé Williamson en Rina Swart het die solo's in 'Juicht den Heer' (P.K. de Villiers) en 'Dis Nag op die Stille Berge' (J. Tenny) onderskeidelik met treffende helder, soet stemme aangebied.

Mnr. C. Reynolds het op baie gevoelvolle wyse Cavatina (Joachim Raf) en Intermezzo uit 'Cavalleria Rusticana' (Mascagni) en 'Träumerei' (Schumann) op die viool voorgedra. Sy innige musikale vertolkings het baie bygedra om die intens-gewyde atmosfeer te verskerp.

Aangenaam en verkwikkend was dit om te luister na die werk van 'n deeglike, konsensieuse en geniale orrelis. Sowel in solonommers as in sy besondere simpatieke begeleidings het hy daarin geslaag om die kuns die vernaamste plek toe te ken terwyl sy eie persoon die beskeie agtergrond betree het."

Op 10 Oktober 1949 is mnr Van Zyl se orreluitvoering aangevul deur die kerkkoor en Jeanne van der Merwe (viool). Soos by vorige uitvoerings, was hierdie program van hoogstaande gehalte:

'n Goeie verskeidenheid orrelmusiek is aangebied. Daar was opgewekte marsmusiek, soet-melodieuse 'Mozart', 'n opera-overture vol kleure en afwisseling en ook Lemmens se suggestiewe 'Storm' vir die liefhebbers van programmusiek. Heel effektiewe registerkombinasies is gebruik en mnr. van Zyl verdien hoë lof vir sy netjiese vertolking en die knap wyse waarop hy sy instrument beheer het.

Die koorsang was deurgaans van puik gehalte. Daar was mooi kontraste en buigings en die fris stemme het altyd goed saamgesmelt. 'n Enkele kort solo is gevoelvol gelewer deur mnr. E. van der Hoven wat oor 'n tenoorstem van besondere fraai kwaliteit beskik.

Inspirerend was ook die suiwer simpatieke vioolspel van mej. van der Merwe. Sy het 'n mens se stemming verdiep deur haar fyn, musikale vertolking van Wieniawski se moeilike 'Legende' en Gluck se 'Melodie'."

Op 9 Oktober 1950 het mnr Van Zyl 'n orreluitvoering in die Kroonstad-Noord kerk gegee ten bate van die Sarel Cilliers-standbeeldfonds. Mnr Van Zyl se kerkkoor asook die sangers Allison Wilson (kontralto) en Izak de Villiers (tenoor) het aan die program deelgeneem. Mnr Van Zyl, wat 'n besondere voorliefde vir die musiek van Mozart gehad het, het gewoonlik 'n Mozart-komposisie in sy program ingesluit. Die orreluitvoering was 'n baie geslaagde

het geleentheid en die orrelis het 'n verdienstelike program voorgedra, wat sowel deur die publiek as deur die kritikus goed ontvang is:

> "...Dit was duidelik dat Mozart se musiek 'n besondere bekoring vir die orrelis inhou, soos bewys deur die innige oorgawe waarmee hy 'Jesus Goeie Herder' van hierdie komponis vertolk het. Sonder twyfel was dit die mees geslaagde nommer op die program. Ook die variasies op 'Adeste Fideles' (Maele) en die verwerking van Sibelius se Finlandia is smaakvol geregistreer en gekenmerk deur die net- en presiesheid wat altyd deurgaans in mnr. van Zyl se spel op te merk is.
>
> By ver die mees hoogstaande en moeilike werk op die program was Widor se Toccate uit die Vyfde Simfonie. Hoewel nie geheel en al so gloedvol weergegee as wat die kragtige styl van die komposisie vereis nie, is dit nietemin verdienstelik voorgedra. Allison Wilson (mev. Stevens) is vir die plaaslike musieklewe 'n groot bate. Karaktervol en diep was haar vertolking van beide die Mendelssohn- en Handel-arias waarin sy met haar suiwer resonante kontralto stem volkome reg laat geskied het.
>
> Bekoorlik was ook die stemkwaliteit van Izak de Villiers se stem. Dit is net jammer dat so baie van sy woorde deur swak uitspraak verlore geraak het."[15]

Die kritikus was veral verheug oor die insluiting van die **Toccata** van Widor in die program aangesien hy gevoel het dat orreliste te veel verwerkings van orkesmusiek in hul programme voorgedra het.

Tydens mnr Van Zyl se uitvoering op 31 Oktober 1951 het die kerkkoor, die Hoërskoolkoor en die violiste Pietra Uys hom bygestaan. In Barbara Louw se resensie oor die orreluitvoering het sy die orrelis geprys vir sy toegewydheid en het ook van die werke wat voorgedra is genoem en kortliks bespreek:

> "Om jaarliks 'n orreluitvoering te lewer van die gehalte wat mnr. S.J.D. van Zyl ons gewoond gemaak het om na te luister is 'n onderneming wat spreek van pligsgetrouheid en opregte toewyding aan 'n taak wat miskien nie altyd alom waardeer word nie.
>
> Mnr. van Zyl is lief vir die orrel en hy bespeel sy instrument met liefde daarom is sy Haydn en Mozart altyd so bekoorlik. So was ook die fris 'Pastorale' (aan 'n Wilde Roos) van Macdonald. Hierdie komponis het werklik onvergeetlike stukkies geskrywe en 'n mens hoor so min daarvan. Die uitstaande werke was seer seker die grootse Overture tot 'Fra Diavolo' en veral Guilmant se indrukwekkende Dodemars en Engelekoor wat eerder 'n triomflied oor die dood is as 'n treurmars. Handel se bekende Halleluja-koor, hierdie keer op die orrel alleen uitgevoer, het 'n mens eerbiedig gestem vir die dinge wat heilig is. Was die komponis se woorde by die voortbrenging van hierdie grootse werk dan nie 'Ek het die Hemele geopen gesien en die Groot Skepper self'. Hoe jammer dat die publiek nog nie daaraan dink om spontaan op te staan wanneer hierdie werk voorgedra word nie.

> Pietra Uys het drie gepaste vioolsolo's heel ekspressief en met mooi toon voorgedra. 'Romanse' van D'Ambrosio het veral getref.
>
> Twee gewyde koorstukke, een deur die volwasse koor van mnr. van Zyl, en 'n tweede deur die Hoërskool onder leiding van Dr. Pretorius, het getuig van deeglike afrigting. Die jeugdige kinderstemme het besonder fris geklink in die kerk." [16]

Op 1 Desember 1957 is 'n orrel- en sanguitvoering in die Kroonstad-Noord Kerk gegee by geleentheid van die gemeente se dertigjarige bestaan. Sowat 'n duisend mense het die uitvoering bygewoon wat deur die orreliste, mev Olga Rademan, saamgestel is.

Fanie van Zyl het as orrelis opgetree en Olga Rademan het saam met hom die Andante-gedeelte uit Mozart se **Kroningskonsert in D majeur**, K.537., op die klavier gespeel. Die Hoërskoolkoor van mev J Swart en Volkskoolkoor van mej H Wessels, 'n vergrote kerkkoor met leenstemme uit ander gemeentes en vioolsolo's deur Dawid Japp het deel gevorm van die program. Dr Isak Bosman (bariton) en Eddie Bloem (tenoor) het as vokale soliste opgetree in Valerins se **Oud-Nederlandse Dankgebed**, saam met 'n mannekoor. Die gesamentlike kore het die konsert afgesluit met Handel se **Hallelujakoor** uit die **Messias.** [17]

In 1959 is 'n spesiale Paaskonsert in die kerk gehou, bestaande uit gewyde koor- en orrelmusiek deur plaaslike kunstenaars. Olga Rademan het "...knap, artistieke en beheersde orrelspel" [18] gelewer, en Martie Wege se gevoelvolle weergawe van die aria **Hy Was Verneder** van Handel was die hoogtepunt van die aand. Gemengde- sowel as dames- en mannekore het opgetree asook die Hoërskool- en Laerskoolkoor.

Op 30 Oktober 1960 is 'n orrel- en sanguitvoering in die Kroonstad-Noord Kerk gehou onder leiding van Olga Rademan. Dennis Reinecke, 'n belowende jong bariton wat as gaskunstenaar sou optree, het enkele dae voor die konsert siek geword maar die program is besonder goed aangevul deur die sopraan Jeanne du Toit in **Bist du bei mir** van Bach, **Angels ever Bright and Fair** van Mendelssohn en **With Verdure Clad** van Haydn, en die bas-bariton Chris Uys in Schubert se **Litany** en Lully se **Bois Epais.** Die Lugmagkoor met orrelbegeleiding deur Kaptein Edward Albertyn het koorwerke gesing waarvan Madame Roux wat die resensie geskryf het, gesê het:

> "...occasionally their tone was a little blatant." [19]

Die kerkkoor wat deur Olga Rademan gelei is met orrelbegeleiding deur Fanie van Zyl het **Jesu Joy of Man's Desire** en **Sheep May Safely Graze** van Bach gesing. Dieselfde koor het saam met die Volkskoolkoor **Heer Leer Ons Hoe Te Bid** van Franck uitgevoer. Die Kroonstadse Hoërskoolkoor van Rina Swart is in **Die Heer is My Herder** van Schubert gehoor. Hulle klank is beskryf as 'particularly sweet and well controlled'. Die alt, Martie Wege, het 'n musikale voordrag gegee van Dvorak se toonsetting van Psalm 23. Hannah Wessels se Volkskoolkoor het **Wees Stil Voor Die Heer** uit die **Elia** van Mendelssohn gesing.

Olga Rademan het drie orrelsolo's gelewer naamlik Bach se **Toccata en Fuga in D mineur**

> "...where the voices never lost their clarity and the fugue had the necessary flight and rhythmic urge",

Faulke se **Festival Overture** en die **Toccata** uit Widor se vyfde orrelsimfonie.

Madame Roux het hoë lof vir hierdie begaafde orreliste se voordrag gehad:

> "Olga Rademan throughout her part of the programme evinced a keen musicianship, musical phrasing and sensitive appreciation of colour-values and registration, polished technique and a sound feeling for rhythm. ...Kroonstad is indeed fortunate in having in its midst a musician of such fine calibre." 19

1.2.3 Mev Cilliers se aanbieding van die Jubileumfees, Kerkmusiekuitvoerings en die Inwyding van die Herboude Orrel

Mnr Van Zyl is deur Olga Rademan opgevolg en in 1971 is die huidige orreliste, Elza Cilliers, aangestel. Mev Cilliers het haar beywer om universiteitskore en orrelstudente na die Noord-Kerk te nooi en het dikwels ook plaaslike kore vir spesiale musiekfeeste verenig om sodoende die lang tradisie van kerkmusiek daar lewendig te hou.

Tydens die gemeente se Jubileumfees het sy op 27 November 1977 'n orreluitvoering in medewerking met die Gevangenisdiens-orkes en die kore van die Hoër Handelskool en Sentrale Volkskool aangebied. Die program is ingelei met **Jesus Bron Van Al My Vreugde** van JS Bach, vir koor, orrel en orkes. Mev Cilliers het hierna Frescobaldi se **Flute Piece** op die orrel uitgevoer gevolg deur Handel se **Orrelkonsert in B-mol** saam met die militêre orkes. Hiermee is geskiedenis gemaak aangesien dit die eerste keer was dat 'n

orrelkonsert saam met orkesbegeleiding in Kroonstad uitgevoer is. Marco D'Angelo het die andante-gedeelte van Haydn se Trompetkonsert gespeel waarna mev Cilliers die orrelprogram afgesluit het met Boëllman se **Toccata.** Die Hoër Handelskool onder leiding van Marcha Geyer en die Sentrale Volkskoolkoor van Hannah Wessels het saam met orrel en orkes Beethoven se **Die Heem'le Roem** uitgevoer waarna die kore 'n reeks kersliedere gesing het.

Op 4 Mei 1978 het mev Cilliers 'n Hemelvaartsangdiens saamgestel uit die skoolkore, die Kroonstadse Dames- en Mannekoor en die Gevangenisdiensorkes. Die program is deur teksvoorlesing en gemeentesang afgewissel. Die program is geopen met Pieter de Villiers se verwerking van **Psalm 150** asook 'n verwerking van Mozart se **Ave Verum** vir orrel en orkes. Hannah Wessels se koor van die Sentrale Volkskool het **Heilig, Heilig, Heilig** van Schubert gesing en Nohline Mitchell se Dameskoor het Martin Shaw se **With a Voice of Singing** uitgevoer. Die himne **Christ the Lord is Risen** is in beurtsang deur die kore en gemeente gesing. Hierna het twee laerskoolkore gevolg naamlik Marcha Geyer se Suidrand Volkskoolkoor met 'n tradisionele Paaslied **Ja Jesus het Verrys** en die seunskoor van Voorwaarts Volkskool onder leiding van Erna Hartman met **Psalm 121.** Die Dameskoor, met Lena van Wyk as soliste, het Mozart se **Laudate Dominum** gesing gevolg deur die dogterskoor van die Sentrale Volkskool se weergawe van **Halleluja, Jesus is Verrese.** Die program is afgesluit met **Heil U o Jesus op U troon** deur kore, orkes en gemeente.

Op 3 Desember 1978 het mev Cilliers 'n kerssangdiens aangebied deur die volgende groepe: die Kroonstadse Dameskoor onder leiding van Nohline Mitchell, Zandra den Hartog se koor van Engels Primêr, Sarie du Toit se koor van Kroonheuwel Volkskool, Hannah Wessels se koor van Sentrale Volkskool, die Suidrand Volkskoolkoor onder leiding van Marcha Geyer en die Gevangenisdiensorkes. Ten aanvang het die massakoor met orkesbegeleiding die tradisionele Kerslied **Ere Aan God** uitgevoer, gevolg deur die volgende werke: **Dogter van Sion** van Handel; die dameskoor met **Nativity Carol** van John Rutter; die massakoor met **Stille Nag;** die dames met DJ Roode se **Hoe Stil is nou die Velde; Herders se Kerslied** (tradisioneel); 'n Franse Kerslied; **Every Star shall sing a Carol** van Sydney Carter; **Star Carol** van John Rutter en **Klokkelied.** Die program is afgesluit met **Gesang 88** deur al die deelnemers en gemeente.

Op 29 Julie 1979 is die herboude orrel ingewy en mev Cilliers en mnr Eddie

Davey het as orreliste opgetree. Die Gevangenisdiensorkes het mev Cilliers bygestaan in haar uitvoering van die **Orrelkonsert in B-mol** van Handel. Mnr Davey se program het bestaan uit die **Toccata in D Mineur** en die Koraalvoorspel **Wachet auf, ruft uns die Stimme** van JS Bach, 'n **Sonate** van Mendelssohn, Schumann se **Orgelstück**, LC Daquin se **Variasies** op 'n **Franse Kerklied** en J Alain se **Litanie**.

1.3 Die NG Kerk Kroonheuwel

Die gemeente Kroonheuwel is op 24 Junie 1950 van Kroonstad-Noord afgestig en onderwyl die nuwe kerk in aanbou was, is eredienste in die Kroonstad-Noord Kerk gehou. Die gemeente het op 30 Januarie 1951 'n orrel ter waarde van R8 000 aangekoop wat voorheen deur die Suid-Afrikaanse Orrelbouers in die YMCA-saal in Pretoria gebou is, en die nuwe kerkgebou is op 1 Maart 1952 ingewy.

Toe die voltooiing van die kerk in sig was het die kerkraad besluit om die orrelpos te adverteer. Die Nederlandse orrelis, Jan Coljee, is in Mei 1951 as die eerste orrelis aangestel en die kerkraad het aan hom 'n bedrag voorgeskiet om ook sy familie uit Holland na Suid-Afrika te laat kom. Jan Coljee was vir vyf-en-twintig jaar 'n bekende orrelis en musiekonderwyser in Utrecht. Hy was ook dirigent van verskillende kore en orkeste waarvoor hy talle eerste pryse op kunswedstryde ontvang het. By geleentheid van Prinses Juliana se huwelik het hy 'n spesiale geleentheidswerk vir orrel gekomponeer.[20]

Toe mnr Coljee in 1954 as orrelis bedank het, is Josias van der Merwe aangestel. Hy het die pos met welslae tot in Oktober 1967 beklee, en is opgevolg deur mej Dorette de Lange. Die huidige orreliste, mev Ferreira, is reeds sedert 1968 verbonde aan die gemeente.[21]

1.3.1 Enkele kerkmusiekuitvoerings in die Kroonheuwel-Kerk

Op 23 Maart 1958 is 'n musiekkonsert in die NG Kerk Kroonheuwel gehou onder leiding van Josias van der Merwe. As soliste het Jacobus Hattingh en Vivia Kruger opgetree, wat albei voorheen reeds verskeie kere oor die radio gehoor is. Vivia Kruger het ook in Covent Garden, Londen, gesing. 'n Instrumentale trio is uitgevoer deur ds SI du Toit (blokfluit), mev Du Toit (orrel) en Dawid Japp (viool). Ds Du Toit was van Rosendal.

Op 9 November 1958 het Hennie Joubert (orrel) en Nellie du Toit (sopraan) 'n

uitvoering in die Kroonheuwel-Kerk gegee. Die program is afgewissel met gesamentlike sang.

Op 2 November 1963 het Martie Wege en vier-en-vyftig lede van die Kroonheuwel-Volkskoolkoor, die Kerskantate **O Stralende Lig** in die kerk uitgevoer. Die kantate is deur Maria van der Mark gekomponeer en sy het self die uitvoering daarvan bygewoon. Al die solodele is deur die twaalfjarige seunsopraan Martin Brits gesing wat van Potchefstroom af gekom het en wat 'n leerling van Anna Papendorff van die Potchefstroomse Universiteit was. Die kantate het uit sestien dele bestaan, onder andere ook solodele vir tenoor wat deur Willie Lebherz en Eddie Bloem gesing is, en 'n Andante Cantabile-tussenspel vir klarinet en orrel wat deur Koops van't Jagt en Olga Rademan gespeel is. Teksgedeeltes is voorgelees deur Bertha Nel en Marinus Coetzee.

J Kruger het 'n lang entoesiastiese berig oor die uitvoering geskryf wat eerder 'n lofdig as 'n resensie was. 'n Voorbeeld van hierdie skryfstyl kan in die volgende twee uittreksels gesien word:

> "Met vrymoedigheid kan gesê word dat die uitvoering uitstaande was. Eintlik was dit meer - dit was aandoenlik",

en

> "...Die Andante Cantabile was diep roerend. Die melodie doen aan as die lofsang van Maria - iets wat diep uit die verwagtende moederhart kom, en wat elke noot die klaend-blye, die gelukkig-treurige boodskap van die engel gedenk - ja, dit is net asof ons daarin reeds die dreigende wolke van smart kan aanvoel..." [22]

Nietemin was die uitvoering van die kantate deur 'n laerskoolkoor klaarblyklik hoogs bevredigend uit die musikale sowel as uit die luisteraarsoogpunt. Dit was verder merkwaardig deurdat afgewyk is van die gewone repertoire wat reeds jarelank stereotiep geword het by Kersfeesuitvoerings in Kroonstad, en die aanbieding van hierdie werk uit eie bodem het gedui op inisiatief en 'n behoefte om nuwe velde te ontdek.

Die komponiste het na die uitvoering gesê dat die vertolking van die kantate presies voldoen het aan die eise wat sy gestel het, en het ook goedgunstiglik haar uitvoeringsregte aan die skool geskenk om instrumente aan te koop.

Die SAUK het die konsert opgeneem en dit is later in die jaar uitgesaai.

1.4 Die NG Kerk Kroonstad-Suid

Die gemeente Kroonstad-Suid is in 1950 van die Moedergemeente afgestig. Die gemeente was bevoorreg om as eerste orreliste die bekwame Olga Rademan aan te stel wat vanaf 1952 tot 1957 kerkmusiek lewendig gehou het deur gereeld orreluitvoerings te gee en 'n uitstekende kerkkoor af te rig.

1.4.1 Kerkmusiekuitvoerings deur Olga Rademan

Op 12 September 1954 het mev Rademan 'n uitvoering in die Suidrandse NG Kerk gereël deur die kontralto Martie Wege, die kerkkoor en 'n mannekoor. Mev Rademan het haar nie net as 'n vaardige orreliste bewys nie maar gedurende die aand het ook haar besondere begaafdheid as koordirigent en begeleidster geblyk. Sy het die program ingelei met

> "...'n meesterlike uitvoering van die beroemde Toccata en Fuga in D mineur van Bach, waarin die uitstekende manuaal en pedaaltegniek van die orreliste effektief getoon is. Die luisteraar was hier deurgaans bewus van die musikale aanvoeling van die voordraagster. Haar frasering, registrasie en geheue was onberispelik."[23]

Die program het verder bestaan uit die koraalvoorspel **As ek die Kruishout gadeslaan** van Parry, **Dank nou die Heer** van Karg-Elert en Widor se **Toccata in F majeur** uit die vyfde orrelsimfonie.

Hierna het die kerkkoor die koraal **Jesus Bron van al ons vreugde** van Bach gesing, gevolg deur **Rus My Siel** van Denholm Walker en 'n vierstemmige verwerking van die lied **Die Heer is my Lig** van Allitsen. Die solo's in **Rus My Siel** is deur mevv M Strydom en R du Plooy gesing. Die mannekoor het twee korale van Hasler en Anton gelewer, waarna Martie Wege twee Negerliedere en **Lied van Rut** van Gounod aangebied het.

Op 24 Augustus 1969 is 'n orrel- en sanguitvoering gehou ten tye van die inwyding van die gerestoureerde kerkgebou. Die orreliste was mev Bogenhover, wat Flor Peeters se **Toccata, Fuga en Himne** gespeel het. Rina Hugo en Elize Crous (sopraan) het duo's uit die **Messias** van Handel gesing en 'n instrumentale ensemble van die Universiteit van Potchefstroom het 'n verwerking van **Psalm 23** deur Pieter de Villiers gespeel. Die fluitspeler Leonard Lemmer het **Sarabande** van Le Clair en **Concertino** op 107 van Chaminade gespeel.[24]

1.4.2 Enkele sangdienste en orreluitvoerings deur Elza Cilliers

Vanaf 1957 tot 1970 was Elza Cilliers orreliste in die Suid-kerk en hier het sy die goeie werk wat deur mev Rademan begin is, voortgesit met groot entoesiasme vir die orrel en kerkmusiek.

Op 21 September 1958 het sy 'n orrel- en kooruitvoering aangebied. Die program is geopen met die kerkkoor se weergawe van Henry Smart se toonsetting van **Psalm 23.** Hierna het mev Cilliers JS Bach se **Toccata en Fuga in C majeur** op die orrel uitgevoer. Die sangduo **O Lieflike Vrede** uit **Judas Maccabaeus** van Handel, **Psalm 42** van Spohr uitgevoer deur die koor, en Kosie Louw se weergawe van die derde deel van Vivaldi se **Vioolkonsert in A mineur,** het die sentrale deel van die program gevorm. Die uitvoering is afgesluit met César Franck se koorstuk **Panis Angelicus,** WG Wood se **Orreltoccata in D mineur** en **Halleluja** - 'n outydse Paaslied wat deur die kerkkoor gesing is.

Op 13 November 1960 het die kerssangdiens van die Kroonstad-Suid-gemeente plaasgevind en mev Cilliers was verantwoordelik vir die spesiale program wat Duitse, Engelse en Franse kersliedere bevat het. Sy het ook die vertaling van die liedere gedoen. Sangsolo's en sangduos van Michael Pretorius, Thoinet, Arbeau, Beethoven, Mendelssohn en Weber is deur Linda Klopper, Susan Bredenkamp (van Bloemfontein), Eddy Bloem en Izak Bosman voorgedra. Die kerkkoor en 'n kinderkoor onder leiding van Elza Cilliers het ook opgetree. Die enigste orrelsolo was die **Sanctissima Fantasie** wat deur Lorette Lötter

> "...op voortreflike wyse uitgevoer is met tegniese vaardigheid en 'n goeie begrip van atmosferiese registrasie."

Die verrigtinge is afgesluit met die **Halleluja** van Van der Rovaert met Susan Bredenkamp as soliste saam met die kerkkoor en orrel.

Olga Rademan wat 'n resensie oor hierdie kerkmusiekaand geskryf het, was besonder beïndruk deur die stemmingsvolheid van die aand asook die aaneenlopende samestelling van die program en die vindingrykheid in die musiekkeuse. Sy het onder andere gesê:

> "Dit was 'n sielsverheffende ondervinding om te luister na die verfrissende sang van die kerkkoor in verskeie minder bekende Kersliedere afkomstig uit lande van ons herkoms." [25]

Op 27 Mei 1962 het mev Cilliers 'n Pinkstersangdiens in die kerk aangebied. Die kerkkoor het werke van Orlandus Lassus, JS Bach, CPE Bach, Beethoven en Spohr gesing. Sangsolo's is deur Anna van Eck gesing, onder andere Mendelssohn se **Jerusalem** en **Gesang 120.** Die duo **Jesus my Bemiddelaar by God** uit Verdi se **Requiem** is deur I Coetzee en Anna van Eck gelewer. Die gemeente het ook deel gehad aan die sangdiens deur die sing van Gesange 80 en 18 met deskante wat deur mnr Henk van Eck gekomponeer is vir die koor.[26]

Mev Cilliers het, buiten die bogenoemde gevalle waaroor daar in die pers berig is, gepoog om jaarliks 'n orreluitvoering te gee en met haar kerkkoor van omtrent dertig tot vyf-en-veertig lede het sy dikwels kantates uitgevoer. Sy het ook 'n kinderkoor uit die gemeente se kinders saamgestel en Universiteitskore van Potchefstroom en die Oranje-Vrystaat genooi om tydens eredienste op te tree.

Vanaf 1970 was mnr Frikkie Strydom orrelis in die Suid-kerk en ook hy het 'n hoë standaard van kerk- en koormusiek gehandhaaf. Een van die hoogtepunte van sy aanbiedings in die kerk, was die uitvoering van Friedrich Jannasch se **Te Deum** op 30 April 1972 deur die kerkkoor, kwartet en orrel. Babs du Toit het as orreliste opgetree en die gemengde kwartet het uit Nohline Mitchell, Martie Wege, Dougy Yazbek en M Rossouw bestaan.

Mnr Strydom is opgevolg deur Babs du Toit en Yvonne Rossouw.

1.5 Die NG Kerk Kroonstad-Wes

Kroonstad-Wes is in 1957 afgestig en op 3 Desember 1960 is die nuwe kerkgebou en orrel ingewy. Tydens die inwydingsprogram van die orrel het Bella de Villiers, Barbara Louw, Olga Rademan en Fanie van Zyl orrelsolo's gelewer. Die program het verder bestaan uit items deur die kerkkoor, die Sentrale Volkskoolkoor, 'n dameskoor, die violiste Emke van Wyk en die vokale soliste Dalene Wessels, Chris Uys, Trudy van Niekerk en Jan Wessels.

1.6 Die NG Gemeente Kroonheuwel-Noord

Die gemeente Kroonheuwel-Noord is op 2 Februarie 1959 afgestig van die gemeente Kroonheuwel en op 30 Junie 1962 is die nuwe kerkgebou ingewy. Professor MC Roode en mnr Dirkie de Villiers is as orreladviseurs aangestel en saam met die kerkgebou is 'n orrel deur die orrelbouers Cooper, Gill en Tomkins teen 'n bedrag van drieduisend agthonderd en vyftig pond geïnstalleer.

Vanaf 1960 het die gemeente 'n koor gehad wat al met klavierbegeleiding by eredienste begin optree toe die gemeente in die saal van Kroonheuwel Volkskool vir kerkdienste byeengekom het. Mej Hannah Wessels het as koorleidster die pionierswerk gedoen. Daarna is mej Roslee Smith aangestel as orreliste en het sy deur besondere ywer en organisasie 'n groot bydrae gelewer om die koor gevestig te kry. By die kerkinwyding het die koor 'n groot aandeel aan die verrigtinge gehad. Mev Connie Schmidt het vir baie jare die organisasiewerk van die koor behartig. 'n Stigterslid van die koor, mnr Org van Rensburg, het hom as volg uitgelaat oor die besondere gees wat onder die koor se lede geheers het:

> "Dit is 'n 'bittereinderkoor', want die volle tydperk het die geesdrif nooit verflou nie en is die kerkkoor met pragtige koorsang gebruik ter aanvulling van ons eredienste. Orreliste en koorlede het gekom en gegaan, maar daar was altyd getroue staatmakers wat die wa deur die drif help trek het." [27]

Vanaf Junie 1960 was die volgende persone orreliste in die gemeente: mejj Roslee Smith, ME Wessels, C Botha, JDE Wessels, mevv A Fouché, EE Mulder, mnr FJ Strydom, mevv WM Gräbe, A den Hartog en SE Hattingh.

1.6.1 Kerkmusiekuitvoerings in die gemeente

Op 2 en 3 Mei 1964 is Maria van der Mark se **Paasfeeskantate** in die kerk uitgevoer deur Martie Wege en die Kroonheuwel Volkskoolkoor, die Kroonstadse Mannekoor, vokale soliste Eddie Bloem (bariton), Pat Marock (sopraan), Olive Antonie (alt) Koops van't Jagt (klarinet), Fritz Kraut (saksofoon), mnr Wells (tromboon) en Olga Rademan (orrel).

Maria van der Mark het twaalf jaar lank musiekopleiding in Holland gehad en het vir vyf jaar komposisie en orkestrasie in Suid-Afrika bestudeer. Sy het reeds vyfhonderd liedere gekomponeer waarvan vyftig in druk was en tweehonderd-en-vyftig alreeds uitgevoer is. Sy het ook twee liedjies tot die Volkspeleskat gevoeg naamlik **Bosveldduifie** en **Maryna.** Maria van der Mark het haar ook later tot groter mediums gewend soos operettes, kantates, balletmusiek en musiek vir die simfonie-orkes.[28]

Dit was die eerste keer wat die kantate **Aan Hom so Hoog Verhewe** volledig uitgevoer is. Die eerste deel is hoofsaaklik vir kinderkore en die laaste gedeelte vir mannekoor en soliste. Die teks is naïef en eenvoudig.

Glanspunte uit die Kantate was die bruilof te Kana en die spysiging van die

vyfduisend; die **Hosanna** (kinder- en mannekoor); die aandoenlike en fyngenuanseerde weergawe van die bespottingstoneel (mannekoor); **Jesus Man van Smarte** en **Gebed van Jesus** (alt en tenoor); **Waarlik die Man was Regverdig** (tenoor); **Maria staan in droef gepeins** (deur die sopraan en alt) en die manjefieke **Amen** wat die klimaks van die werk op beamende wyse bewerkstellig.

Die kore, soliste en orrel het 'n mooi en gebalanseerde geheel gevorm terwyl die instrumente kleurtinte aan die begeleiding gegee het.[29]

Die deelname aan hierdie kantate van majoor Koops van't Jagt en opperbewaarders Fritz Kraut en Wells van die gevangenisdiensorkes was 'n historiese gebeurtenis. Dit was die eerste keer dat lede van die nuutgestigte orkes op Kroonstad ingeskakel het by die musiektradisie van die dorp - 'n tradisie wat in die toekoms op baie vrugbare samewerking sou afstuur.

1.7 Die NG Kerk Kroonstad-Oos

Op 16 Maart 1968 is die kerk van die gemeente Kroonstad-Oos ingewy. 'n Feeskoor is saamgestel uit die kerkkoor en die Kroonstadse Dames- en Mannekoor onder leiding van Eberhard Künkel, met orrelbegeleiding deur die orreliste van die gemeente, Olga Rademan. Die koor het drie werke gesing naamlik **Hoe Lieflik Is U Wonings, Die Heer Is My Herder** en **Laat Ons Heer U Dood Gedenk.**

Die drie-manuaal orrel wat deur Cooper en Gill gebou is, is deur Olga Rademan, in medewerking met professor Schneider van die Keulen Katedraal, beplan. Die inwyding van die orrel het op 17 Maart 1968 plaasgevind toe die feeskoor en die soliste Sue Kruger, Martie Wege, Sakkie Bosman en Dougy Yazbek, Mendelssohn se **Lobgesang** Op 52 onder leiding van Olga Rademan uitgevoer het.

Mev Rademan het ook al die jare 'n sterk kerkkoor in stand gehou wat alreeds kantates soos die **Messias** en GF Ruth se **Dawid die Herderseun** uitgevoer het.

Op 22 September 1968 is 'n gewyde konsert in die kerk aangebied onder leiding van Olga Rademan, Trudy van Niekerk en Hannah Wessels. Die Kroonstadse Dames- en Mannekoor en die koor van die Afrikaanse Hoërskool het gesamentlik opgetree in 'n uitvoering van Mendelssohn se **Ek Wag Op Die Heer** met Martie Wege en Olga Rademan as soliste. Hierna het gevolg 'n saamgestelde kantate

waarin ses koorstukke die tema: Wat vir 'n Mens is Hy dat selfs die See en Wind Hom Gehoorsaam, uitgedruk het.

Op 29 November 1970 het mev Rademan weer haar Dames- en Mannekoor met die kerkkoor verenig in 'n kerkmusiekuitvoering waar ook die Kroonheuwel Dogterskoor van Martie Wege en 'n houtblaasensemble van George Turner opgetree het. In Junie 1971, ten tyde van die herberyming van die Psalm- en Gesangboek het mev Rademan 'n Kerkmusiekseminaar by die Kroonstad-Oos Kerk aangebied. Die volgende seminare is gelewer:

1 **Die letterkundige en eksegetiese waardering van Psalmberyming van Totius en die tekste van Gesange** deur dr WJB Serfontein.

2 **Instrumentale musiek in en om die erediens** deur professor JJK Kloppers.

3 **Illustrasie van geskikte musiek by die erediens, begrafnis en huwelik** deur mej L Kloppers.

'n Program van orrelmusiek is gelewer asook 'n uitvoering deur die Vrystaatse Universiteitskoor.

Op 5 Desember 1971 is Witty se kantate **Van Krip na Kruis** deur Olga Rademan en haar Kerkkoor uitgevoer waarin die vokale solo's deur Rina Swart, Yvonne Rossouw, Eddie Bloem en Jan Swart gesing is.

1.8 Die NG Kerk Môrewag

In 1970 is Kroonstad se jongste NG-gemeente afgestig en op 18 Augustus 1974 het die ingebruikneming van die kerk en orrel plaasgevind. Hierdie orrel is in 1963 in die Tegniese Kollegesaal geïnstalleer en die Môrewaggemeente het dit toe later aangekoop vir hulle nuwe kerkgebou en dit ook vergroot.

Mnr Frikkie Strydom het as orrelis opgetree in 'n program bestaande uit **Wachet auf ruft uns die Stimme** en **Ach bleib bei uns Herr Jesu Christ** van JS Bach en **Koraal Nr.3** in A mineur van Cesar Franck. Mnr Strydom se koor het die kantate van H Söhnge **U was, o Heer, vanaf die vroegste jare**, uitgevoer en as soliste het opgetree Dini Pretorius (sopraan), Fanie Nel (tenoor) en Org van Rensburg.

Die gemeente was nie so bevoorreg gewees as ander in Kroonstad om 'n orrelis te hê wat vir 'n hele paar jaar diens gedoen het en sodoende 'n sterk kerkkoor en kerkmusiekuitvoerings kon vestig nie. Julius du Toit en Gerda Marais was

vir kort periodes daar orreliste en geen noemenswaardige koor is op die been gebring nie.

1.9 Kompilasieverslag oor die stand van die erediens in die gemeentes van die Ring van Kroonstad.

Ds K Lamprecht het in 1984 'n verslag opgestel oor gebruike rondom die erediens in die NG Kerke in Kroonstad. Dit is aan die algemene Sinode se Kommissie vir die Erediens voorgelê, en uit die verslag het 'n paar gegewens gekom wat 'n verteenwoordigende beeld gee van die plek wat sang en musiek gedurende die tagtigerjare in Kroonstadse kerke inneem:

1.9.1 Sang en Musiek

1.9.1.1 Die sang in die eredienste wissel in die gemeentes van goed tot bevredigend en in net een gemeente is dit sukkelend.

1.9.1.2 Skakeling tussen leraar en orrelis geskied by sommige gemeentes gereeld en by die res so gereeld as moontlik.

1.9.1.3 Vier gemeentes beskik nie oor 'n kerkkoor nie en drie gemeentes maak soms gebruik van ander sanggroepe.

1.9.1.4 By al die gemeentes is die orrelis óf volle lid van die kerkraad se eredienskommissie óf adviserende lid.

1.9.1.5 Die oorgrote meerderheid van die gemeentes beskik oor die Liturgiese Orrelmusiekbande I tot V.

1.9.2 Die Oggenddienste

Slegs een gemeente maak by die voorsang gebruik van die Psalm- en Gesangeboek asook van die Hallelujaliedere.

1.9.3 Die Aanddienste

Sanggeleenthede word deur al die gemeentes voor die aanvang van die aanddiens geskep. Ses gemeentes gebruik dan net die Psalm- en Gesangeboek, twee gebruik ook die Jeugsangbundel daarby en een gemeente ook die Hallelujaliedere.

1.9.4 Die Huweliksdiens

In twee gemeentes word die huweliksmarse van Mendelssohn en Wagner nog

gereeld gebruik; in drie gemeentes slegs soms en in vier gemeentes glad nie.

Sololiedere word in sewe gemeentes altyd eers gekeur, en twee gemeentes soms.

2 DIE GEREFORMEERDE KERK KROONSTAD

2.1 Geskiedenis van die gemeente

Toe ds TN Venter in 1907 as predikant van die Gereformeerde Kerk van die kombinasie Ventersburg-Vredefort bevestig is, het op Kroonstad reeds 'n aantal lidmate gewoon wat uit ander gemeentes ingetrek het. Die predikant, en later 'n ouderling en diaken, is toegelaat om die gemeentelede te besoek en weldra is berig dat die gemeente so sterk geword het "...dat er met Avondmaalsgelegenheid, elke drie maanden volle dienste gehouden worden..."[30] Aan die versoek dat Kroonstad 'n wyk van Ventersburg word, is later voldoen.

Aanvanklik is die eredienste in die Kindertuinskool langs die Kerk van Engeland, en later in die kerksaal van die Nederduits Gereformeerde Kerk gehou. 'n Mens kan aanneem dat die gemeentesang in hierdie tyd voorafgegaan is deur die gebruiklike voorsanger.

Op 6 Junie 1925 is die Gereformeerde Kerk van Kroonstad afgestig met negeen-sestig lidmate. Die eredienste is toe in die Hoërskoolsaal gehou en dit is moontlik dat die sang hier op 'n klavier begelei is. Aangesien die gemeente klein was, en geld skaars, het hulle eers in November 1929 hul eerste kerkgeboutjie in gebruik geneem. Hierdie saaltjie het egter geen orrel gehad nie want die gemeente het veral deur die daaropvolgende depressiejare, swaar gebuk gegaan onder 'n tekort aan fondse.

Deur die ontginning van die Vrystaatse goudvelde in die veertigerjare, het Kroonstad ook 'n oplewing beleef en teen 1946 was die gemeente gereed om met die bouplanne van 'n kerk te begin.

2.2 Die nuwe kerkgebou en eerste orrel

Die nuwe kerkgebou op Hospitaalheuwel is in 1949 ingewy. In Augustus 1948 is 'n Amerikaanse orrel gekoop vir vyfduisend rand, maar gedurende die

eerste ses maande voordat die orrel geïnstalleer is, is van 'n klein geleende blaasorrel gebruik gemaak.

Die feestelike ingebruikneming van die kerkorrel het op 7 Oktober 1949 plaasgevind. By die geleentheid het die orrelis Eitel R Maasch opgetree asook twee kore en 'n violis. Die **Noordelike Stem** het as volg berig oor die aand:

> "Nadat Dr. J.M. de Wet, die plaaslike leraar, die verrigtings met gebed geopen het, het die orrelis van die aand, nl. mnr. Eitel R. Maasch van Pretoria, en aanbeveel deur die orrelbouers, mnre. Cooper, Gill en Tomkins, 'n aanvang gemaak met die musiekprogram. Sy uitvoering het o.a. werke van Rheinberger, Hollins en Guilmant, bevat. Twee kore, naamlik die Gereformeerde Kerkkoor onder leiding van die orreliste, mev. Elize van der Walt, en die bekende Kroonstadse Mannekoor onder leiding van mnr. T. van Huyssteen, was verantwoordelik vir geïnspireerde sang. Mej. Jeanne van der Merwe van die Tegniese Kollege het twee fynafgewerkte vioolsolo's gelewer met orrelbegeleiding deur mev. van der Walt. Die genoeglike aand is afgesluit deur mnr. Maasch met 'n feestelike naspel op die Koraal, 'Houdt Christus zijne Kerk in Stand', van Scull." [31]

Dit is merkwaardig dat daar vanaf 1949 tot 1985 slegs drie orrelistes verbonde was aan die Gereformeerde Kerk. Die eerste orreliste was mev Elize van der Walt vanaf Maart 1949 tot Junie 1956. Sy is opgevolg deur ene mej Fourie. Tans (1985) is mev MM Rule die orreliste. Mev Rule het haar orrelstudies onder mnr Fanie van Zyl by die Tegniese Kollege begin en is reeds vanaf September 1960 aangestel in die pos. Oor mev Rule se besondere geëerde posisie as orreliste in die gemeente kan die Feesblad aangehaal word:

> "...As gevolg van haar aangebore begaafdheid en fyn aanvoeling bestaan daar 'n besondere harmonie tussen gemeente en orreliste." [32]

3 ST JOHNS METHODIST CHURCH

3.1 Vroeë geskiedenis van die gemeente

In 1873 is die eerste dienste van die kerk in die ou hofsaal in Kroonstad gehou deur eerwaarde George Blencowe, wat destyds op Potchefstroom gestasioneer was. Ook eerwaarde W Wynne van Harrismith het af en toe in Kroonstad kom preek om sodoende die Metodistekerk in Kroonstad te vestig. Op 27 Maart 1875 is die hoeksteen van die eerste kerkie gelê op die hoek van Murray- en Blignautstraat.

Met die bou van 'n spoorlyn en die uitbreiding van die Transvaalse goudvelde van die Witwatersrand en Klerksdorp, het Kroonstad 'n bloeitydperk binnegegaan. Teen 1893 het die dorp se inwonertal verdubbel en het die gemeente besluit om 'n groter kerk te bou op die erwe wat die munisipaliteit aan die Wesleyaanse gemeenskap in die middel van die dorp geskenk het. 'n Saal van sink, wat bekend gestaan het as die "tin tabernacle", is in 1895 in Crossstraat opgerig. Dit is aanvanklik as kerkgebou gebruik maar sou ook as kerksaal dien tot in 1950 toe dit plek gemaak het vir die huidige Wesleysaal.

Tydens die bediening van eerwaarde Saunders (1896-1899) is voorlopige planne opgestel vir die bou van 'n kerk. Die bouwerk is deur die Anglo-Boereoorlog onderbreek en die kerk is eers op 1 November 1903 ingewy. Die eerste orrel van die gemeente is in 1914 gebou teen 'n koste van R330.[33]

3.2 Orreliste en Kerkmusiekuitvoerings

Die vroegste verwysing na 'n uitvoering van kerkmusiek in die St. Johns Kerk is in 1904 gevind toe daar op 6 November tydens 'n gedenkdiens 'a good program of vocal and instrumental music'[34] aangebied is. In 1904 het die gemeente ook reeds oor 'n koor beskik wat in Desember 'n uitvoering van kersliedere gegee het.

Van die vroeë orreliste wat in die kerk opgetree het was mnr Wills, mej Walker, mev Samuels en mev Kleinschmidt, en vanaf 1955 is mnr Bob Day die orrelis. In 1957 is die kerk se orrel deur die Suid-Afrikaanse Orrelbouers herbou terwyl 'n paar van die ou pype behou is.

In die plaaslike koerant het slegs twee beriggewings verskyn oor kerkmusiekuitvoerings wat in die kerk plaasgevind het en die kerkargief het geen verwysings na musiek opgelewer nie.

Op 2 Desember 1935 is die kantate **The King of Kings** deur 'n koor van dertig lede onder leiding van mnr Charles Hartley in die Metodistekerk uitgevoer. Volgens die resensie oor hierdie uitvoering, het mnr Hartley reeds vir 'n aantal jare jaarliks 'n kantate uitgevoer:

> "Kroonstad residents have shown, on previous occasions, their appreciation of sacred music, and therefore it was no surprise to find that the sacred cantata, "The King of Kings", filled the Methodist Church to capacity at a performance on Monday evening. Those who

attended were given a musical treat by a choir which sang splendidly under the baton of the conductor, Mr. Charles Hartley, who has so ably produced these performances for some years past."[35]

Die resensie het voorts berig oor die musikale voordrag van die koor en die voortreflike sang van verskeie soliste. Mev Winnie Kleinschmidt het as orreliste opgetree en 'n paar vokale kwartette en solo's het die kantate voorafgegaan:

"The choir proved to be splendidly balanced. They had been instilled with a fine feeling for the various moods of the composition, and their rendering was at once a sensitive and convincing one.

Each of the principals acquitted himself or herself admirably. Mrs H.R. Bradfield sang splendidly in making her debut to a Kroonstad audience, and proved herself an acquisition to local musical circles. Mrs. J. Jordaan again gave a capable performance, rendering her solos in a manner that delighted the audience. Mr. J.C. Fowler used his baritone voice to advantage and interpreted his songs very well indeed. Mr. I.M. van Rooyen, a young tenor who has only recently made his appearance in public, sang splendidly in his first essay at this type of music. The tonal qualities of his voice are rich and pleasing, and his future appearances will be looked forward to.

Prior to the cantata itself separate items were rendered. Mrs. W.G. Kleinschmidt played the overture on the organ, and later distinguished herself as accompanist for all the items, showing fine sympathy with the vocalists, and contributing in no small measure to the success of the performance.

Mrs. Jordaan, Miss M. Adami, Mr. G. Michael and Mr. Fowler delighted the audience with a quartette entitled 'Sweet the Moments', and Mrs. Bradfield sang 'He Shall Feed His Flock', in a manner that greatly pleased. Mr. S. Jennings maintained the high standard of performance in his solo, a selected item."[35]

Op 13 November 1965 is 'n gewyde konsert in die kerk aangebied. Die program is geopen deur mev Rhys Evans van Viljoenskroon se Dameskoor wat **The Lord's Prayer** gesing het asook 'n verwerking van Psalm 23 deur Gordon Jacob. Johannes du Plessis, begelei deur Olga Rademan, het 'n **Vioolsonate** van Corelli en **Melodie** van Gluck gespeel. Die vergrote kerkkoor onder leiding van Nohline Mitchell het dele uit Mendelssohn se **Elia** uitgevoer met solo's deur Olive Antonie, Nohline Mitchell, Dougy Yazbek en Robert Day. Elza Cilliers het die orrelbegeleiding gespeel.

4 DIE ANGLIKAANSE KERK VAN ST. GEORGE THE MARTYR

In 1892 is die eerste Anglikaanse kerkgebou in gebruik geneem deur 'n handjievol lidmate. Al die boumateriaal is van Natal af met ossewaens gekarwei

en die regering van die Vrystaatse Republiek het alle invoerregte kwytgeskel om die jong gemeente te help vestig.

Gemeentelede het die altaar, banke en lampe geskenk maar aanvanklik was daar geen orrel nie.

Tydens die Anglo-Boereoorlog was die kerkie te klein om al die kerkgangers te huisves toe Lord Roberts en sy magte op 13 Mei 1900 Kroonstad hul basis gemaak het. Vanaf 1901 is fondse ingesamel om 'n groter kerk te bou en Majoor-Generaal Sir W.G. Knox het in Engeland 'n spesiale beroep gedoen om geld te skenk vir die nuwe kerk wat as 'n monument sou dien vir beide Boer en Brit wat in en om Kroonstad gesneuwel het.

Na die vredesluiting is 'n dankdiens gehou waartydens die Britse troepe, naamlik die 3rd Battalion The Prince of Wales Own Yorkshire Regiment, The Rifle Brigade, The Suffolk Regiment en The 2nd Battalion Cold Stream Guards, 'n substansiële bydrae gelewer het tot die boufonds. Hierdie regimente het ook hul eie orkeste gehad en tydens hul verblyf in Kroonstad het hulle deelgeneem aan kerkmusiekuitvoerings.

In 1904 is die huidige kerkgebou ingewy maar eers in 1914 is die Vowles-orrel, wat uit Bristol ingevoer is, geïnstalleer. Die een-manuaalorrel het driehonderd-en-vyftig pype en is in 1923, 1953 en 1982 skoongemaak maar geen vernuwings is aangebring nie. Met die elektrifisering van die orrel is die handblaasbalk gerestoureer en dit is vandag nog in 'n werkende toestand.

Van die vroeë orreliste wat in die kerk opgetree het was mej Gunn en mev Ethel Baker, en vir die afgelope veertien jaar was mnr Bob Day orrelis van beide die Anglikaanse en die Metodiste Kerke. Vader Cecil B Hemsley van die Society of the Sacred Mission, eertydse predikant van die St. George-Kerk was gedurende die dertigerjare asook tussen 1951 en 1956 in Kroonstad, en deur sy liefde vir die orrel en orrelmusiek het hy baie gedoen om kerkmusiek in Kroonstad te bevorder.

Eerwaarde Hemsley is in Leicester gebore waar hy by die komponis Ben Burrows klavier geneem het en orrel by die groot Bach-orrelis, WH Barrow. In Kroonstad was hy bevriend met die orreliste Sarah Wessels wat die orrel in die Anglikaanse Kerk laat restoureer het en hy het dikwels self tydens dienste gespeel. Hy het 'n orreluitvoering in 1954 gereël vir die beroemde

orrelis van Londen se Temple Church, George Thalban-Ball, asook vir die Engelse orrelis Harold Darke.

Albei het in Suid-Afrika kom eksamineer.

Eerwaarde Hemsley het 'n besondere voorliefde vir die klein orrel in die St. George-Kerk gehad en volgens hom was daar gedurende die vroeë jare geen noemenswaardige orrelis nie:

> "I happen to be an organ enthusiast and thoroughly appreciated that really musical instrument - I say 'musical' for not all organs are that. I don't think we ever had what you would call a real organist in St. George's and I don't suppose anyone has appreciated the marvellously compact instrument more than I myself."[36]

5. ST. ANDREWS PRESBITERIAANSE KERK

Die Presbiteriaanse Kerk bestaan reeds sedert 1897 in Kroonstad en die huidige kerkgebou is in 1904 opgerig. Die eerste orreliste van die kerk was waarskynlik mev Coulson en gedurende die jare tot omstreeks 1920 het daar vermoedelik 'n ryk kerkmusieklewe in die gemeente bestaan aangesien baie van die Engelssprekende inwoners van Kroonstad wat ook ervare musici was, lede van die kerk was.

Op 11 April 1920 het die Kroonstad Orchestral Society die sang in die Presbiteriaanse Kerk tydens 'n spesiale sangdiens gelei. Mnr JS Rademeyer het as solis opgetree en mev Coulson was die orreliste. Die koor het twee werke uitgevoer; **The Lord is My Shepherd** en **Invocation**. Mnr Rademeyer het 'n sangsolo gelewer naamlik **Hold Thou My Hand**, en die Kroonstadse orkes het keurspele aangebied terwyl hul begeleiding van die sang kleur aan die geleentheid gegee het.

Op 20 Oktober 1920 het die gemeente 'n lente-blommeskou in die stadsaal gehou en by die geleentheid is 'n spesiale musiekaand deur gemeentelede en ander kunstenaars aangebied. Mevv Foster, Steytler en Ruhensohn asook mnre Rademeyer en Lawrence het gesing, mnr Moegle het 'n vioolsolo gelewer en die klavierbegeleidings is deur mnr W Gibbon, mev Mason en mejj Toerien en Gretchen Krebser gespeel.

In 1934 is 'n nuwe orrel geïnstalleer.

In die veertigerjare het die gemeente 'n oplewing betreffende kerkmusiek getoon en 'n gemengde koor, 'n kinderkoor en 'n orkes is gestig. Met hierdie middele is gewyde konserte gegee waardeur die gemeentebande verstewig is en ook fondse ingesamel kon word.

Op 9 Maart 1941 is 'n oesfees in die Presbiteriaanse Kerk gehou. Die fees het gepaard gegaan met uitvoerings deur 'n koor en orkes.

> "At the morning service the children's choir sang appropriate harvest music, 'A Seed Song' and 'A Harvest Hymn', and the congregation joined heartily in singing the well-known harvest hymns. At the evening service the choir and orchestra combined in rendering hymns and anthems of praise suitable to the occasion, Mr. W. McCormick being the soloist."[37]

Na die kerkdiens is 'n musiekkonsert in die kerksaal gehou:

> "Vocal items were excellently rendered by the following artists: Miss Retief, Miss Boje, Mrs. Cosnett, Mrs. Bradfield and Mr. Jennings. The Orchestra played 'Andantino', 'Hungarian Dance' and 'Melody in F'. The artistes being Mrs. A.C. Mason, Messrs. J. Yaman, O.T. Dreyer, M. Mostert and Rev. R. Jones."[37]

Op 22 Junie 1941 is 'n gewyde konsert in die Presbiteriaanse Kerksaal aangebied deur die gemeente se kinderkoor en orkes:

> "The orchestra played the military march, 'Manhattan Beach' and later 'The Sea', 'Gentle Dove' and 'Baby Moses', accompanied by Mrs. C.E. Edwards. Mrs. I. Cooper, delighted the audience with three songs accompanied by Miss M. Jordaan.
>
> Mr. J. Yaman gave a delightful rendering of 'Cavalleria Rusticana' on the violin, accompanied by Mrs. A.C. Mason." [38]

Op 5 September 1941 is 'n konsert deur die Presbiteriaanse Koor en orkes in die Caledonian Hall gegee ten bate van 'n kersfonds vir soldate.

> "The orchestra played two pieces, 'Over the Waves' and 'The Manhattan Beach'. The soloists, who were in excellent form and received loud applause, were Mrs. Bradfield, Mrs. Cosnett, Miss P. Coomans and Mr. McCormick. A trio, 'Holy Night' was delightfully rendered by the Misses Coomans.
>
> The mixed choir and ladies' choir sang 'In this hour of softened splendour', 'The Long Day Closes' and 'The Flower and the Stream', conducted by Mr. George Michael."[39]

In 1953 het dr T Griffiths orrelis van die St. Andrews Kerk geword waarna 'n nuwe bloeitydperk aangebreek het. In 1959 is 'n nuwe orrel geïnstalleer wat op 19 Julie 1959 in gebruik geneem is deur dr Griffiths.

Die Presbyterian Women's Association het jaarliks 'n orreluitvoering deur dr Griffiths in die Presbiteriaanse Kerk aangebied. Op 5 Oktober 1962 het dr Griffiths weer 'n program gelewer wat saamgestel is hoofsaaklik uit versoeke, onder meer 'n nuwe verwerking vir orrel van Sibelius se **Finlandia**, Grieg se **Homage March**, Bach se **Toccata en Fuga in D Mineur** en Widor se **Toccata** uit die vyfde orrelsimfonie.

Twee sangers het opgetree naamlik 'n nuweling in Kroonstad, Dildah Pretorius (sopraan) en Robert Day (bariton) wat 'n duet uit die **Elijah** van Mendelssohn gesing het; Dildah Pretorius het ook **Rejoice Greatly** uit die **Messiah** van **Handel**, **Ombra mai fu** uit **Xerxes** van Handel en 'n uittreksel uit **Cavalleria Rusticana** van Mascagni gesing.

Tydens dr Griffiths se kersuitvoering op 8 Desember 1962 het sy kerkkoor Bach se **Kersfeesoratorium** uitgevoer met Nohline Mitchell en Robert Day as soliste:

> "The church choir gave an excellent account of itself, in the difficult but beautiful chorales of this work." [40]

Die koor het ook Bach se koraalprelude **Sheep May Safely Graze** gesing, asook drie koordele uit die **Messias** naamlik **And the Glory, Glory to God in the Highest** en die **Hallelujah**-koor. Die soliste was Muriel Dittberner, Kathleen Dittberner en mev Alexander Fairweather.

Op 26 April 1963 het dr Griffiths uittreksels uit **Die Meistersinger** van Wagner, Koraalpreludes van Bach, Parry en Rowley en die Intermezzo uit **Cavallieria Rusticana** van Mascagni in sy program ingesluit. As soliste het Martie Jonck van Hennenman en vroeër van Kroonstad opgetree en sy het **Alleluia** van Mozart en **Rejoice Greatly** uit die **Messias** van Handel gesing.

Nadat dr Griffiths Kroonstad verlaat het, was daar geen noemenswaardige orrelis of koor in die gemeente nie.

VOETNOTE

1 **The Kroonstad Times**, 4 Februarie 1919
2 **Die Noordelike Stem**, 8 September 1950
3 Ibid, 23 Junie 1953
4 Ibid, 16 Junie 1953
5 Ibid, 23 November 1954
6 Ibid, 20 November 1959
7 Ibid, 25 November 1960
8 Ibid, 15 September 1961
9 Ibid, 8 September 1961
10 Ibid, 9 November 1962
11 Ibid, 30 Mei 1963
12 Ibid, 12 November 1965
13 Ibid, 10 Desember 1948
14 Ibid, 14 Oktober 1949
15 Ibid, 13 Oktober 1950
16 Ibid, 2 November 1951
17 Ibid, 6 Desember 1957
18 Ibid, 26 Maart 1959
19 Ibid, 4 November 1960
20 Ibid, 11 Mei 1951
21 **Feesblad** van die gemeente, 1975
22 **Die Noordelike Stem**, 8 November 1963
23 Ibid, 17 September 1954
24 Ibid, 22 Augustus 1969
25 Ibid, 18 November 1960
26 Ibid, 25 Mei 1962
27 **Gedenkalbum** van die Kwarteeu-Dankfees, 1984, p 17
28 **Die Noordelike Stem**, 1 Mei 1964
29 Ibid, 8 Mei 1964
30 **Feesblad** van die gemeente, 1975, p 5
31 **Die Noordelike Stem**, 14 Oktober 1949
32 Die **Feesblad**, op cit, p 13
33 Bylaag tot **Die Noordelike Stem**, 27 Oktober 1978
34 **The Friend**, 4 November 1904
35 **The Kroonstad Times**, 6 Desember 1935
36 Brief van Vader Hemsley, Modderpoort, 20 Mei 1985
37 **The Kroonstad Times**, 14 Maart 1941
38 Ibid, 27 Junie 1941
39 Ibid, 12 September 1941
40 **The Northern Times**, 9 November 1962

HOOFSTUK IX

MUSIEKONDERWYS

1 PRIVAATONDERWYS

1.1 Die Periode voor 1918

Op die gebied van musiekonderwys was die Kroonstadse jeug nog altyd bevoorreg aangesien daar sedert die vroegste tyd georganiseerde musiekafrigting by musiekskole en ander instansies geniet kon word. Die grootste bydrae in die jare na die Anglo-Boereoorlog is egter gelewer deur musiekonderwyseresse wat privaatonderwys aan hul huise gegee het. Die vroegste verwysing in 'n koerant na privaatonderwys is gevind in 1908,[1] toe leerlinge van mev Murphy en mej D Thring eksamens afgelê het in klavier en harmonie van die Universiteit van Kaapstad. In 1909 is die eksamenuitslae van mev HA Rendall in **The Friend** gepubliseer. Eksamens gedurende hierdie tydperk is aangebied deur die Departement van Opvoeding van die Oranjerivierkolonie onder beskerming van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, die **Royal Academy of Music** en die **Royal College of Music.** Drie eksamens is afgeneem naamlik Preliminêr (geskrewe), harmonie en "grammar of music" (geskrewe), en prakties.

1.2 Die Periode 1918 tot 1928

In die jaar 1918 het mnr TW Glieman les gegee in viool, mandolien, banjo en ander orkesinstrumente. Mnr Glieman was 'n bekwame klavier- en orrelstemmer en het ook instrumente herstel. Hy was veral bekend as 'n goeie vakman in die kuns om strykstokke te herstel.

Gedurende hierdie periode het die volgende persone privaat les gegee: mejj Den Dauw LRAM, WF Hill, mev Dumaresq, Esther Meyers ULM, mev HJ Ma-

ree, mejj Grace van Viegen, E Green, Ada Jacobs, Ursula Venables LTCL, ULM, Una M Etheridge LTCL, C van Heyningen, A Rowe, S Beetge, E Tolpas en F Yaman. Die volgende persone was sangonderwysers: mev JM Blignaut, mejj Madge Allen en Patricia Hannel. Mnr PJ Lemmer en Adrian Blau het onderskeidelik orrel en viool gegee.

Die eksamens van die **Trinity College of Music** was baie populêr en goeie prestasies is behaal. Op 20 Augustus 1919 was mnr Eagerton die eksaminator vir Trinity College en by dié geleentheid het hy 'n lesing gegee waartydens hy die hoë standaard van musiekonderwys in Kroonstad aangeprys het. Hy het gesê dat die aantal leerlinge wat in die land met eervolle vermelding geslaag het van vyftig persent gedaal het tot vyf-en-twintig persent weens die griepepidemie, maar in Kroonstad het die standaard nie verslap nie maar daar het vyf-en-sewentig persent met eervolle vermelding geslaag.

Eksamens van die Universiteit van Kaapstad is ook afgelê.

Wanneer die eksamenuitslae, wat jaarliks in die **Kroonstad Times** gepubliseer is, vergelyk word, word dit duidelik dat daar deur privaatonderrig veel vermag is, aangesien elke onderwyser jaarliks 'n groot getal leerlinge vir eksamens ingeskryf het. Getalle het gewissel van een tot soveel as agtien per onderwyser.

'n Paar onderwysers wat in hierdie periode werksaam was in Kroonstad het self ook goeie prestasies behaal waarvan die volgende genoem kan word:

In Januarie 1919 was die dorp gelukkig genoeg om 'n oudleerling wat oorsee musiek gaan studeer het terug te verwelkom: mej Madge Allen, dogter van mnr en mev H Lawson Allen, was vir drie jaar in Londen waar sy gespesialiseer het in sang, voordragkuns en tjello. Sy het die ARCM-diploma verwerf, asook brons en silwer medaljes vir sang en elokusie en sertifikate as leidster in verskeie vakke en as uitvoerende kunstenares. Sy het uit 'n musikale familie gekom en haar moeder was ook 'n begaafde musikus.

Op 14 Januarie 1919 het daar in die plaaslike koerant 'n berig verskyn oor die aanstelling van mnr Petrus J Lemmer as orrelis van die NG Kerk te Kroonstad. Hy was bereid om ook klavierleerlinge te neem en die berig lui verder:

> "Mr. Lemmer is a talented musician and a successful future is predicted for him. Some years before he was awarded a Trinity College Exhibition and he recently passed the examination of Licentiate of Music of the University of South Africa." [2]

Mnr Lemmer is deur professor PK de Villiers aanbeveel vir die pos en hy het op 1 Februarie 1919 diens aanvaar. Mnr Lemmer se verblyf in Kroonstad sou egter van korte duur wees. Op 26 Maart 1920 het hy na Londen vertrek om daar aan die **Royal Academy of Music** en die **Royal College of Organists** te gaan studeer.

In 1920 het ook mej Winnifred (Winnie) Hill* na Londen vertrek nadat sy 'n beurs van die Metodiste-gemeente van eerwaarde Stanton ontvang het uit erkentlikheid vir haar dienste as orreliste oor 'n tydperk van twee jaar. Op 10 Januarie 1922 het sy die Lisensiaat in klavier aan die Royal Academy of Music verwerf en haar daarna weer op Kroonstad gevestig waar sy vir baie jare as mev Kleinschmidt les gegee het. Mej Thring het in 1920 na Londen vertrek vir verdere studie en later het sy die diplomas LRAM en ARCM verwerf.

Voornemende musiekonderwysers kon ook in Kroonstad hul opleiding ondergaan. In 1919 het mej Esther Meyers (soms ook Myers gespel) die klavierlisensiaat van die Royal Academy of Music geslaag onder die leiding van mej Den Dauw.

Wanneer besoekende eksaminatore vanaf Engeland in Kroonstad geëksamineer het, het die plaaslike onderwysers dikwels 'n lesing of 'n uitvoering aangevra. In 1925 het professor Dunhill 'n lesing oor musiekonderwys gegee:

> "On Saturday evening in the Wesley Hall the visiting Music Examiner, Mr. Thomas F. Dunhill, Professor of the Royal College of Music, London, at the request of the teachers, addressed parents and students of which there was a good number. His subject was 'Children's Music'. He has made a special study of it and also is a composer of it. At various points he illustrated his address with music by Bach, Schumann, Dysson, Colin Taylor (Cape Town College of Music), and some of his own compositions, all of which were excellently rendered." [3]

Op 4 Desember 1925 is aangekondig dat mnr Adrian H Blau*, 'n vioolonderwyser van Bethlehem, hom moontlik op Kroonstad sal vestig:

> "Mr Adrian H. Blau, violin soloist and teacher of the violin, is opening a studio in Kroonstad, with the probability of making this centre his headquarters. In Bethlehem and other towns in his circuit he has met with very encouraging success as a teacher.
>
> Referring in a recent issue to an orchestral concert given at Bethlehem (The Bethlehem Orchestral Society), 'the Express' said: 'Mr. Blau may be proud of the success achieved by his orchestra upon its first appearance, both from the financial and artistic point of view. Assisted by several mature performers, he has collected an orchestra of young people from a very wide district, who in time will do wonders in the

*Sien **HOOFSTUK X**

> world of local music. I was not aware that such talent existed in Bethlehem, and Mr. Blau, whose task must have been exceedingly strenuous, is to be congratulated upon his effort."[4]

Op 10 Februarie 1925 is aangekondig dat twee onderwysers aangestel is om die kadetorkes af te rig:

> "Messrs. J.D.A. Rowe and T.H. Blewett are taking in hand the training of the bugle band for the local troop of Boy Scouts. The band will be something out of the ordinary. The bugles will be one valve and tuned to Soprano, alto, tenor and bass, and of the type as now supplied to the British Army in place of the regulation bugle. The band will thus be able to play simple tunes which will be an advantage, and certainly more musical than the blowing and reblowing of army calls."[5]

Teen die einde van die periode 1918-1928 het die musiekonderwys reeds ver gevorder. Samewerking tussen die verskillende onderwyseresse het 'n hoogtepunt bereik in 1928 toe daar op 27 Januarie aangekondig is dat mev Dumaresq die **Ivah Dumaresq Scholarship** gestig het om belowende musiekstudente van Kroonstad vir een studiejaar na Europa te stuur. Die beurs is in 1928 deur Olda Mehr, 'n leerling van mev Dumarsq gewen:

> "Mrs. Ivah Dumaresq, LRAM, LTCL, recently very generously offered a scholarship of one year's free tuition (to be extended to another year if pupil's progress is satisfactory) to the most promising pupil resident in Kroonstad, irrespective of who her teacher might be. There was keen interest for the scholarship, no less than 56 entries being made. Little Olda Mehr is being congratulated on having been awarded the scholarship. She charmed the judges, who were Mrs. J. Blignaut, Mrs. Kleinschmidt and Mrs. Dumaresq. The successful competitor is fortunate in finding herself in the hands of such a gifted teacher as Mrs. Dumaresq, and under her talented tuition the little girl should make great progress in her studies."[6]

Om leerlinge aan te spoor om te presteer in die **Trinity College of Music** se eksamens wat drie keer per jaar plaasgevind het, het belangstellendes en musiekonderwysers soos mevv Dumaresq en Maree, mnr Blau en mej Van Viegen 'n fonds ingesamel wat meer as drie-en-twintig pond beloop het. Vir die beste kandidaat in 'n praktiese eksamen is 'n prys van vier ghienies beloof en Gertrude Levinson (leerling van mej Tolpas) en Helena Serfontein (leerling van mej Van Heyningen) het van die pryse ontvang. Die prys vir teorie is deur Lucia Marais (leerling van mej E Green) gewen.

Teen 1928 het die getal leerlinge wat lisensiate in Kroonstad verwerf het ook vermeerder. Alice Ruth Rowe, Cara van Heyningen* en drie ander musiekstudente het die lisensiaateksamen in hierdie jaar afgelê. Beurse is deur

---

*Sien **HOOFSTUK X**

die Universiteit van Suid-Afrika toegeken aan uitstaande leerlinge en in 1928 het J Jacobs die beurs vir klavier ontvang, terwyl die suksesvolle kandidate van Trinity College op dieselfde wyse vereer is.

Tydens die eksamens van Trinity College wat in Oktober 1928 afgelê is, was mnr Aubyn Raymar die eksaminator. Op 18 Oktober is 'n prysuitdeling aan huis van mev Jurgen Slabbert, 'n dame wat baie gedoen het vir musiekopleiding in Kroonstad, gehou. Onder die gaste was belangstellendes en musiekonderwysers en van die leerlinge het 'n kort musiekprogram aangebied. Mnr Raymar het self ook 'n solo gespeel en 'n toespraak gelewer oor die musiekonderwys in Kroonstad, en is as volg aangehaal:

> "Kroonstad was a truly wonderful place - both as regards to the kind people and also the musical talent and teaching found here. A very good standard indeed. He advised the students to 'stick to their teachers here'; they were doing their best for them and they could not obtain better tuition anywhere." [7]

1.3 Die periode 1932 tot 1939

Gedurende die dertigerjare het privaatonderwys bestendige groei getoon. Daar was nie slegs méér onderwysers nie maar ook meer musiekleerlinge wat buitengewone prestasies behaal het. Die volgende klavieronderwysers het gedurende hierdie dekade privaat onderwys gegee: mej S Beetge, mev Gus de Villiers LTCL (mej Rowe), mej R Hattingh ULM, mev Maree, Ethel Baker, mej E Tolpas LTCL, UTLM, mej Avis Savage ATCL, LTCL, mej Grace van Viegen, mej E Green, mej Nancy Harwood-Nash, mev Winnie Kleinschmidt, mej Venables, mej Gretchen Krebser, mej Bartmann, mej J Volschenk, mej Elaine Yazbek LTCL, ULM, mev McKaige LRAM, ARCM, mev S Badenhorst, mev Japp, mev Iris Uys, mnr en mev MC Roode en mej R Snel. Mevv Archibald en Baker het sang gegee en mnre Adrian Blau, Max Herman, Professor Israel en mej Norah Lyle LRAM, ARCM, UPLM, vioolles.

Op 13 Desember 1932 is aangekondig dat twaalf Kroonstadse onderwysers 'n tak gestig het van die Suid-Afrikaanse Musiekonderwysers-Vereniging. Mev Ethel Baker was die voorsitster, mej E Tolpas sekretaresse en die komitee het verder bestaan uit mev Kleinschmidt en mejj Krebser en Bartmann.

Afgesien van die Engelse musiekeksamens en dié van die Universiteit van Kaapstad, is daar gedurende die dertigerjare al hoe meer geneig om leerlinge in te skryf vir die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika.

Die hoeveelheid leerlinge per onderwyser het ook vermeerder en daar is gemiddeld veertien leerlinge ingeskryf, maar in 1938 het mej Tolpas sewe-en-twintig suksesvolle leerlinge gehad. Die uitslae het aangetoon dat Kroonstad uitstaande talent opgelewer het. Op 23 September is aangekondig dat drie Kroonstadse leerlinge beurse ontvang het naamlik Olda Mehr en Rona Wallace vir klavier en Verdun Potgieter vir viool. Laasgenoemde kandidaat het van die beste punte in die land vir viool behaal.

Gedurende die depressiejare het die ekonomiese laagtepunt ook sy stempel op die musiekonderwys in Kroonstad afgedruk. Mej Tolpas het in 1933 met 'n nuwe onderwysmetode begin wat die **Melody Way Class Teaching** genoem is. Met hierdie metode kon 'n groep kinders gelyktydig les neem en sodoende is kostes bespaar.

> "A group of children can be taught very successfully at once, and the cost is low. Each child is provided with a cardboard piano key-board. It makes it possible for the poorest child to have piano lessons."[6]

Die dertigerjare het uitstaande musiekleerkragte opgelewer. In Januarie 1937 het mnr MC Roode en mev Roode hulle in Kroonstad gevestig en het vir 'n aantal jare waardevolle opvoedingswerk gedoen. Die egpaar Roode het 'n groot aantal leerlinge in klavier, orrel, sang en teorie gehad. In 1938 het nog 'n uitstaande onderwyser hom op Kroonstad gevestig naamlik Blake Toerien* wat toe net van sy oorsese klavierstudie onder Solomon en Eugenia Galewska in Londen teruggekeer het.

1.4 Die periode 1941 tot 1948

Gedurende hierdie periode het die Tweede Wêreldoorlog gewoed en alhoewel daar geen onderbreking in musiekonderwys was nie en die bevolking nie werklik enige ontwrigting ondervind het nie, blyk dit uit die beriggewing in die plaaslike koerant dat daar tog minder musiekaktiwiteite plaasgevind het. In 1941 is slegs die eksamenuitslae van drie onderwysers gepubliseer. Musiekonderwysers in die periode was mev Ethel Baker, mej Tolpas, mej Snel, mev GH Marais, mej Malan, mnr en mev Roode, mej Van Viegen, mev M Wege*, mev Bella de Villiers*, mnr Fanie van Zyl*, mej B Wessels, mej T Uys, mev Katy van der Merwe*, mnr Blake Toerien en mev I Uys.

Gedurende die tweede helfte van die periode het die Tegniese Kollege se

---

Sien **HOOFSTUK X**

musiekdepartement tot stand gekom en dit het privaatonderrig gedemp. Verskeie onderwysers wat eers privaatles gegee het, het dosente aan die Tegniese Kollege geword en daardeur het die getalle in die privaatonderwys verminder.

Wat musiekeksamens betref is daar wel deur privaatonderrig prestasies behaal soos byvoorbeeld die jong violiste Pietra Uys.* Mnr Roode het verskeie leerlinge deur hul lisensiaateksamens gelei en in 1943 het hy nie minder nie as vier suksesvolle kandidate vir die lisensiaat in orrel en klavier ingeskryf. In dieselfde jaar het hy ook twee-en-twintig leerlinge vir laer grade ingeskryf en mev Roode negentien klavierleerlinge.

Teen 1947 was die dorp se musiekonderrig in so 'n mate georganiseer dat 'n spesiale konsert aangebied is waartydens die hele dorp se leerlinge hul musieksertifikate ontvang het. Die mees uitstaande musiekleerlinge het 'n klavieruitvoering gegee en na pouse het mnr ZJ Pretorius 'n lesing gegee wat hy met enkele plate gedemonstreer het. Mev W van der Merwe het 'n spesiale prys geskenk aan die leerling wat die hoogste punte behaal het, en die prys is deur Antoinette Fouchē gewen.

Gedurende die vyftigerjare asook die daaropvolgende dekades skyn dit asof privaatonderwys nie meer 'n faktor in Kroonstad se musieklewe was nie. Bykans geen berigte het meer verskyn oor die eksamenuitslae van privaatonderwysers nie en dit kan aangeneem word dat die stigting van die musiekdepartement aan die Tegniese Kollege privaat-inisiatief gesmoor het.

1.5 Musiekskole

Afgesien van privaatonderwys is daar ook by musiekskole waardevolle opvoedingswerk gedoen. Mettertyd is musiekonderwys op 'n meer georganiseerde wyse aangebied en het onderwysers met ondernemingsgees verskeie musiekskole gestig waar hulle 'n paar assistente aangestel het om te help met die onderrig van die groot getalle leerlinge wat na die skole gestroom het. Een eienskap wat die skole gemeen gehad het was dat hulle nooit lank bestaan het nie hoewel die standaard van onderrig hoog was. Dat 'n verskeidenheid van vakke geneem kon word lei geen twyfel nie.

In 1917 het ene Madame Bal in Kroonstad vakansie gehou terwyl plaaslike amateurs besig was met repetisies vir die Gilbert en Sullivan-operette, **Iolanthe**, wat hulle vroeg in Desember op die planke gebring het. Madame

Bal was baie beïndruk met die musiektalent van die inwoners en het die moontlikheid ingesien om in Kroonstad 'n opleidingsentrum te begin. Op 9 Februarie 1918 het sy 'n tweede besoek aan Kroonstad gebring om 'n tak van haar musiekskool bekend as **Madame Bal's Conservatoire of Music** te stig. Indien ten minste vyftien leerlinge gewerf kon word, sou sy maandeliks vanaf Johannesburg reis om les te gee. Op Kroonstad sou haar voormalige student mev JN Blignaut haar leerlinge kon oefen, aangesien sy Madame Bal se metode goed geken het en ook by die maandelikse meesterklasse teenwoordig was. Madame Bal se leerlinge het baie goed presteer en het goue medaljes by verskeie kunswedstryde in Pretoria en Johannesburg verwerf.

Mev Blignaut, wat reeds vir 'n paar jaar in Kroonstad les gegee het, het self ook 'n uitstekende reputasie as musiekonderwyseres geniet. Sy het in Engeland verder gaan studeer en sang onder Nellie Melba, Marchiesi en Sir Edward Elgar geneem, en ook by die D'oyle Carte-operageselskap aangesluit. Vir 'n verdere twee-en-'n-halfjaar het sy by die **Guildhall School of Music** spesiale onderrig as onderwyseres ontvang. Terug in Suid-Afrika het sy in Kaapstad en in die Oostelike Provinsie les gegee voordat sy na Kroonstad gekom het.

Dit is nie bekend hoe lank die skool bestaan het nie.

Slegs 'n jaar later het 'n tweede musiekskool op Kroonstad ontstaan. Op 1 Augustus 1919 is bekend gemaak dat die **Kroonstad School of Music** gestig is. Die direktrise was mev Ivah Dumaresq en haar assistente was mej WF Hill ('n leerling van haar) asook mej Madge Allen en mnr PJ Lemmer. Volgens 'n koerantberig het die skool in 'n groot behoefte voorsien:

> "A long felt want in Kroonstad and district is being supplied by the formation of a school of music. For a town of the size and importance of Kroonstad it has always seemed absurd that no such institution existed and we have no doubt Mrs. Dumaresq the principal, will make an immediate success of her school of music. The aim of the school is to provide a complete musical education thereby assuring parents of a thorough musical training for their children. No effort has been spared in obtaining a reliable staff and local talent will be made use of. Mrs. Dumaresq has proved her ability to teach music and the number of pupils who has passed in exams has been phenomenal. The people of Kroonstad are indebted to this lady for her initiative and we feel sure will do all in their power to ensure the success of the school." 9

Daar is so 'n groot aanvraag ondervind by die skool dat daar te min onderwysers was, maar nog drie leerkragte sou op 1 September begin. Die volgende

vakke kon geneem word: klavier, viool, sang, orrel, tjello, harmonie, kontrapunt, vormleer en elokusie en eksamens is aangebied tot by die diplomavlak.

Op 3 September is 'n dans in die stadsaal gegee om die opening van die musiekskool te vier. Die burgemeester, mnr CTW Hoseason, het 'n kort toespraak gelewer waarin hy mev Dumaresq gelukgewens het en waarin hy die hoop uitgespreek het dat Kroonstad 'n sentrum vir musiekopleiding in die land sou word.

Daar is onmiddellik leerlinge ingeskryf vir musiekeksamens en 'n maand later het agt leerlinge geslaag in die harmonie-eksamen van die Universiteit van Kaapstad. 'n Verdere sewe-en-dertig leerlinge het in praktiese eksamens geslaag, wat 'n aanduiding gee van die groot aantal leerlinge wat by die musiekskool les geneem het.

In 1922 is nog 'n derde musiekskool gestig deur professor H Voigt in Hillstraat. Hier kon klavier, orrel, sang, viool, mandolien, harmonie, kontrapunt, komposisie en orkestrasie geneem word. Vir 'n afgeleë dorp soos Kroonstad blyk hierdie skool die ideale sentrum te gewees het vir 'n deeglike musikale opleiding.

In 1922 het mev Johanna Lombard, mej W Hill en mej Una M Etheridge nog weer 'n **Kroonstad School of Music** geopen waar leerlinge klavier en harmonie kon neem.

In 1928 was daar twee musiekskole in Kroonstad. Die **Rosse School of Music** het in Crossstraat bestaan maar dit is nie bekend wie daar les gegee het nie. Op 28 Mei 1928 is aangekondig dat professor Harold Ketelby 'n vioolskool in Kroonstad sou open. Hy was 'n leerling van professor Sevcik in Praag, dr Josef Joachim in Berlyn, was voorheen professor aan die **Trinity College** en die **Guildhall School of Music** in Londen, en was voorheen ook leier en solis van die Hertog van Devonshire se orkes. Geen verdere verwysing kon uit koerantverslae gekry word of professor Ketelby wel 'n vioolskool op Kroonstad gevestig het nie.

Teen 1932 het mev Lombard se skool, die **Kroonstad School of Music**, nog steeds bestaan alhoewel sy nie meer daar les gegee het nie. Mev Baker was toe in haar plek, mej Hill is intussen getroud en was toe mev Kleinschmidt,

en mej Venables ULM, LTCL, was ook op die personeel. Op 17 November 1932 het hierdie skool 'n konsert in die stadsaal gegee en die resensie daarvan gee 'n aanduiding van die werk wat by die musiekskole gedoen is:

> "Such a bevy of musical talent was paraded at the School of Music concert in the Town Hall last night as to surprise and delight those who attended. It was remarkable to see the ability possessed by the children who performed, no matter whether they were very young or approaching the adult stage.
>
> The concert was a demonstration of the useful work that the School of Music is doing, and in preparing the children to perform before the critical public the principals must have had as anxious and difficult a task as they did when getting them ready for the examiner.
>
> The majority of the items were piano solos or duets, these being performed by anything up to four pupils and on two pianos. The standard of piano playing was high, with a quite remarkable development of technique in many cases. Some of the older performers tackled the more difficult works of Liszt, Chopin, Longo, Brahms and Rachmaninoff with an aplomb that would have done credit to a finished concert artist, and they executed them with astonishing ease. What is more important, they had a keen regard for interpretation and feeling. There was nothing mechanical about any performance. Among the soloists, all of whom were given an enthusiastic reception, Olda Mehr and Jean Poynten were outstanding, as also were C. Goldblatt and R. Wallace (who won a bursary at the recent examinations) while fine performances were given by R. Brin, A. Mammes, N. Nash, R. Britz and F. Bergman. Among the younger girls pleasing solo items were rendered by K. Robb, E. Stewart and H. Arenson.
>
> A feature was the ability shown by very small children, who delighted the audience. The only two boys who played were B. Wainer and L. Gillis, both of whom were enthusiastically applauded.
>
> A number of vocal solos were an interesting feature, and here too some excellent performances were given. Miss M. Heath pleased the audience with two Solos 'Alone with Mother' (Coleridge Taylor), and 'The Market' (Carew), as also did Miss R. Hattingh, who gave an excellent rendering of Landon Ronald's 'O, Lovely Night', followed by 'Don't Come in, Sit, Please' (Scott), 'Mary of Allendale' and 'To One Dead' (Michael Head).
>
> H. Ludvin gave a good rendering of 'Myrra', by Clutsam and 'Sincerity' by Clarke. C.J. Fourie was in excellent voice in Lohr's 'Lady Mine' and 'King Charles', by Maud White. Miss Iris Border's rendering of Hamish McCunn's (sic) 'Lie There, My Lute', was well received. Items were also rendered by the Rhythmic Band, who did splendidly." [10]

In 1932 was mev Maree die direktrise van die **Academy of Music** en mej Tolpas was haar assistente terwyl mev Baker ook vir 'n tyd lank aan hierdie instansie verbonde was. In 1933 was mev JR Brent hoof van die **Kroonstad Conservatorium of Music.**

Dit blyk dat die vinnige opeenvolging van musiekskole teen 1933 begin

afneem het en eers tien jaar later, in 1943, het mnr MC Roode die Kroonstadse Musiekskool gestig waar hy en sy vrou en mej M Malan les gegee het. Dit was ook die eerste musiekskool waar die voertaal Afrikaans was en waar dit blyk dat die Engelse invloed op die musiekonderwys in Kroonstad begin afneem het. In 1945 het ook hierdie musiekskool ten einde geloop toe mnr en mev Roode Kroonstad verlaat het.

Dr Teasdale Griffiths* het aan die begin van 1955 sy eie musiekateljee geopen op die hoek van Wilson- en Brandstraat, nadat hy sy pos by die Tegniese Kollege bedank het. Dr Griffiths het hoofsaaklik met gevorderde studente gewerk.

Hier kon studente 'n volledige musiekopleiding deurloop. In 'n advertensie vir sy ateljee het dr Griffiths aangetoon hoe deeglik sy opleidingstelsel was:

> "Modern methods in all branches of practical and theoretical subjects, including the universally used Tobias Matthay system of pianoforte technique on relaxation principles and Italian method of voice production. Students prepared for **all** examinations of the Royal Schools of Music, Trinity College of Music, and University of South-Africa, also complete preparation for degrees of B.Mus., D.Mus., etc. Classes in aural culture and rudiments." [11]

Dr Griffiths het gereeld konserte in die St. Patrickssaal aangebied om sy leerlinge voor 'n gehoor te laat optree.

> "Dr. Teasdale Griffiths who recently opened his own music studio, is bringing an innovation to the music sphere in Kroonstad. Dr. Griffiths will hold on the first Thursday of every month a Student's Concert in the new St. Patricks Social Centre Hall in Brand Street. These 'Concerts' will be presented by junior, senior and advanced students of his, and the items delivered will be whatever pieces they are at the moment working on." [12]

Die eerste van hierdie konserte het op 3 Maart 1955 plaasgevind:

> "The packed hall was evidence that parents and friends deemed this to be a necessary, albeit enjoyable, way of aiding the musical education of those performing. The programme started with a piano duet, a movement from a sonatina by Weber, played with assurance and good phrasing by Mrs. McLuhan and Dr. Griffiths, and this was followed by a duet, Waltz in A minor by Schubert played by Mrs. McLuhan with her daughter Darlia. Darlia rounded off her performance with a sonatina by Clementi." [13]

---

* Sien **HOOFSTUK X**

Verdere konserte het op 30 Maart en 12 Mei plaasgevind.

Op 1 Desember 1955 het sewe seniorstudente van die **Dr Teasdale Griffiths' Music Studio** 'n uitvoering in die stadsaal gegee:

> "This is a new venture in which each student presents a short programme of 15 minutes duration, giving evidence of the nature of their repertoire and the quality of their technique. It is hoped by means of these recitals to give local artists an opportunity of performing in public, thus gaining stage experience as well as allowing the public of Kroonstad to hear them to the best advantage."[14]

Volgens die resensie was die standaard van die uitvoering besonder hoog:

> "The recital, the first of its kind to be given in Kroonstad, was of an exceptionally high standard, and the audience which half filled the hall were treated to classic fare such as they seldom enjoy locally. The programme commenced with Sylvia Keevey playing the 1st movement of Mozart's Pianoforte concerto in A major with Dr. Griffiths playing the orchestral part on a second piano. It has been some time now since Mrs. Keevey performed in public, and her return is gladly hailed, for she played with great confidence and accuracy. Her excellent combination with the orchestral part on the second piano makes one express the hope that one may hear her perform with an orchestra in the not too distant future. Next came a programme of four operatic arias sung by Olga Rademan. Her delightful and colourful interpretation of the varying moods created by 'Lia's Aria' by Debussy, 'Musetta's Song' (La Boheme), 'Vissi D'arte' (La Tosca) both by Puccini and 'The Jewel Song' from Faust by Gounod attuned her audience to the subtleties of the works. David Japp, Kroonstad's most promising violinist then presented a programme, commencing with Viotti's Violin Concerto in A Minor no. 22 (first movement) followed by the 2nd movement of Handel's Sonata in F major, Rowley's 'Legend' and the first movement of Beethoven's Sonata in D Major op. 12 no. 1. This young man has shown great improvement in his technique and general performance during the past year. His confidence and controlled bowing coupled with his matured interpretation made his programme striking. Next Robert Day sang a group of songs varying greatly in period and mood. The forceful 'Calf of Gold' from Gounod's Faust was beautifully contrasted with Parry's 'Hymn for Aviators', 'Eldorado' by Walthew, and 'To the Soul' from Songs of Faith by Stanford demanded a great deal in the interpretation. The whole group gave the impression that this type of song was well suited to the rich, full tone of Mr. Day's voice. The ever popular Grieg A Minor Pianoforte Concerto (first movement) was played by Thelma Elkin who gave a most convincing performance, together with Dr. Griffiths on the second piano playing the orchestra part. This is the first time Kroonstad has heard Mrs. Elkin on the concert platform, and her technique and interpretation are a joy to behold and to hear.
>
> Nohline Mitchell then presented a group of five songs, the first two being art songs (the equivalent of the 'lieder' of old) by the Russian composer Rachmaninoff, 'In the Silent Night' (op. 4 no. 5) and two Greek Folk Songs 'O Your Eyes are Dark and Beautiful' and 'Each Time My Love, You Say Farewell' both arranged by Matyas Seiber. These latter two songs were striking in their unusual idiom. And finally there came 'Song of the Open' by La Forge. This well chosen programme gave the soloist ample opportunity to display her rich tone, dramatic

technique and artistic interpretation, especially of the Greek songs.

The concluding item was presented by Joy Payne, who played Mozart's Pianoforte Sonata in C Minor (K457) with Dr. Griffiths playing the second piano part added by Grieg. Here, as in the other items, the excellent combination and teamwork of pupil and teacher gave to the audience a performance of an exceedingly high standard. The technique of the soloist was a delight to study, and her relaxed confidence was conveyed to the audience.

Indeed Dr. Griffiths can be justly proud of the high standard of performance which he and his students presented to their audience. His accompaniments and second piano parts were at all times so attuned to each individual artist that the soloist drew on this score of confidence and thus performed the better for such musical comprehension and support." [15]

2 MUSIEKONDERWYS AAN HOËRSKOLE

2.1 Die Kroonstadse Hoërskool

2.1.1 Die ontstaan van die skool

Die Anglo-Boereoorlog het die onderwysstelsel in Kroonstad heeltemal vernietig en etlike jare na die oorlog was die onderwys nog steeds ontwrig. Verskeie pogings is aangewend om die skole te herorganiseer en ds Van der Lingen het 'n Christelik Nasionale Onderwysskool gestig in 1904 om onderwys in Afrikaans te bevorder, maar die skool het weer in 1905 gesluit as gevolg van druk van die owerhede. Die **Kroonstad Government School** is in 1904 geopen met oor die twee-honderd kinders en in 1908 is 'n nuwe skoolgebou in Hillstraat betrek (die huidige Volkskool). Die **Kroonstad High School** is in 1904 geopen en in 1912 is die twee skole verenig om die **Government Secondary School** te vorm. Teen 1919 was daar oor die duisend skoliere en vyftig onderwysers, en die klaskamers was versprei oor nege plekke in die dorp. In 1920 het daar 'n verdeling ontstaan sodat die Hoër- en Primêre skole as aparte entiteite verder voortbestaan het. [16]

Die eerste skoolhoof van die Kroonstadse Hoërskool was mnr MF Toerien, broer van Blake Toerien en ook 'n begaafde pianis. Onder die vroeë onderwysers wat musiek aan die skool bevorder het, was mnr Jim Fowler*, OJT Dreyer (matesisonderwyser en violis), PJ Uys (matesisonderwyser wat vanaf 1933 aan

---

*Sien **HOOFSTUK X**

die skool verbonde was en jarelank die skoolorkes afgerig het) en mev Rina Swart, verbonde aan die skool vanaf 1930 en latere koorleidster.

2.1.2 Skoolorkeste

In 1938 is die eerste skoolorkes gestig deur mnr Kruger, wat toe 'n nuwe onderwyser aan die skool was:

> "We formed an orchestra and within ten days made our first appearance in public, when we played at the Kultuuraand in the Town Hall. We were all very excited and nervous, but played well and enjoyed ourselves very much. Then the ice was broken and quite a number of children applied to be members of our orchestra. At present we consist of about twenty players from all three shools in Kroonstad." [17]

Vanaf 1941 het mnr PG Uys die orkes afgerig, wat bestaan het uit mondfluitjies, viole, banjo's, kitare en akkordeons. Die laaste verwysings na die orkes is in 1949 gevind toe mnr CP Venter die leier was. In 1975 is 'n blaasorkes vir dogters deur mnr FJ du Toit gestig.

2.1.3 Kore

Sang is reeds vanaf die eerste jare in die skool aangebied maar geen verwysings kon na die vroegste kore gevind word nie. In 1939 het die skoolkoor onder leiding van mej B van Heyningen en mev R Swart die skoolkoorkompetisie tydens die Kroonstadse Kunswedstryd gewen. Rina Swart het ook later 'n dogterskoor gestig en toe mnr Paul Johl* in 1951 by die skool aangestel is, het hy die dogterskoor gereeld aan kunswedstryde laat deelneem met goeie gevolg. Mnr Johl het ook 'n Duitse koor gestig wat nâ hom deur Rina Swart voortgesit is. In 1952 het die gemengde koor van mnr Johl die Van der Merwe-beker gewen vir die beste koor, 'n prestasie wat drie keer behaal is.

In 1953 het mnr Johl se gemengde koor, begelei deur Rina Swart, die Ferreira-beker gewen. Nâ hierdie prestasies is berig:

> "Die Hoërskoolkoor o.l.v. hul toegewyde dirigent het in Kroonstad min of meer 'n vaste instelling geword. Hul sang is van so 'n gehalte dat daar tydig en ontydig versoeke kom om in die openbaar op te tree. Ook die plaaslike kerke het die voorreg om te luister na die suiwer sang van hierdie koor." [18]

Ook dr ZJ Pretorius* het goeie prestasies met die Hoërskoolkoor behaal en in 1955 het sy Eeufeeskoor by die Amfiteater opgetree as deel van die dorp

---

Sien HOOFSTUK X

se eeufees.

Vanaf 1956 was Rina Swart alleen verantwoordelik vir die koor en in 1960 het sy die Uniefeeskoor afgerig wat by spesiale feesdae opgetree het. Later het ook mnr Fowler handjie bygesit met die afrigting.

Vanaf 1974 is mev Yvonne Rossouw die dirigente. Sy moes weer van nuuts af begin nadat die koor vir 'n tydperk in verwaarlosing was. Reeds in 1974 is hulle egter as die beste hoërskoolkoor op die plaaslike kunswedstryd aangewys. In 1975 het hulle aan die Kroonstadse Taalfees deelgeneem, in 1976 het hulle opgetree tydens die inwyding van die Skouburg, in 1977 tydens die Totiusfees en in 1979 het die koor onder die vyf beste kore gekom in 'n landswye kompetisie van die ATKB. In 1980 het hulle die vierde plek in dieselfde kompetisie ingeneem, en in 1982 is hulle bestempel as die beste hoërskoolkoor in die land.

Aan die einde van 1983 is hulle genooi om aan 'n internasionale koorfees in België te gaan deelneem en daarmee het hulle die eerste Kroonstadse koor geword om in die buiteland op te tree. Op 23 Maart 1984 het hulle 'n afskeidskonsert in die Kroonstadse Skouburg gegee en daarna na België vertrek waar hulle in Erperheide, Antwerpen, Beersel, Tongeren en in die Grimbergen Abdy opgetree het. Hulle het 'n gunstige indruk op hul Belgiese gashere gemaak en een van die organiseerders, Herman de Meutter het as volg berig:

> "Wij zijn zeer gelukkig dat het koor van Uw school naar ons land is geweest. Wij hebben met bewondering gekeken naar die fijne uniform van de school, naar de discipline en vooral naar het groot talent van de jongens en meisjes van Uw koor. Wij houden eraan Uw te feliciteren, zowel voor de houding van de kinderen tijdens hun verblijf, als ter gelegenheid van die optredens, die allen, zonder onderscheid, zijn uitgegroeid tot een triomf voor het koor en haar leiders." [19]

2.1.4 Musiekonderrig

Op 19 Desember 1919 het die skoolhoof van die sekondêre skool in sy jaarverslag gemeld dat daar vyf musiekonderwyseresse op die personeel was vir die honderd-en-tien leerlinge. Die skool het oor sewe klaviere beskik maar almal was in 'n swak toestand. Daar was slegs een musiekkamer en een klavier moes in die hoof se kantoor staan waar daagliks les gegee is! In 1919 het elf leerlinge in teorie geslaag, een in harmonie en vyftien in klavier. In November het een van die onderwyseresse, mej Esther Meyers, die LRAM-diploma verwerf onder leiding van mej Den Dauw.

Op 12 Junie 1920 het musiekleerlinge van die skool 'n konsert in die stadsaal gegee:

> "Considering the tender ages of the kindergarten school children who took part in the Drill, Action Song and 'Oeslied' they could be said to have been perfect."[20]

Die program het verder bestaan uit 'n klaviersolo deur Gretchen Krebser, twee sang- en dansitems genaamd **May Fairies** en **Babes in the Wood**, en 'n klein operette **In Fairyland.** Betreffende die operette het die verslaggewer die volgende berig:

> "The little operetta was distinctly charming and proved to be a worthy finale."[20]

Vir die tydperk 1920 tot omstreeks 1937 kon geen inligting gevind word oor musiekonderrig aan die skool nie.

Alhoewel die Jaarblad van 1937 meld dat musiek as matriekvak aangebied is, kon daar later geen verwysings na sodanige musiekonderrig aan die skool gevind word nie en die eerste onderwyser wat oor musiekkwalifikasies beskik het was mnr SJD van Zyl wat in 1946 aangestel is. Hoërskoolleerlinge het toe reeds al vir jare aan kunswedstryde deelgeneem en daar kan aangeneem word dat hulle privaatonderrig ontvang het. Nå die kunswedstryd van 1946 is berig:

> "Leerlinge van ons Hoërskool het gretiglik deelgeneem aan die verskeie nommers en die skitterende uitslae van hierdie leerlinge bewys dat kunstenaars-talent wag op ontginning."[21]

Gedurende die veertigs was Josias van der Merwe, Rodney Waldeck, Pietra en Thea Uys, Willa Reeder, Jeanette Kleinschmidt en Ula van Wyk onder die leerlinge wat goeie musiekprestasies gelewer het.

Vanaf die sestigerjare kon musiek as skoolvak geneem word en in 1964 is mev FES Eagar LUCT (klavier en tjello) UTLM (klavier, harmonie en kontrapunt) UPLM, LTCL, FTCL as een van die eerste musiekonderwyseresse aangestel. Latere musiekonderwyseresse was mej AM Grobbelaar, BMus, CP Maré, BMus, UOLM (klavier en orrel) PULM, mev E Marais ODMS, mej EJ van Zyl BA(Mus) HOD, mej MM de Witt BMus Ed en mej G Wiechers BMus HOD. Mev Yvonne Rossouw BMus UOLM (sang en orrel) LRSM (sang) is die huidige musiekonderwyseres wat reeds leerlinge gelewer het wat later BMus-studente geword het. Sy is 'n baie

toegewyde musiekonderwyseres wat haar veral toelê om haar leerlinge deeglik te onderrig in harmonie.[22]

Musiek kan vanaf 1976 op hoër graad geneem word as vrystellingsvak vir matriek en vanaf 1985 ook op standaard graad.

2.2 Hoër Tegniese Skool De Wet Nel

Nadat vertoë deur die skoolraad van Kroonstad gerig is, het die Provinsiale Administrasie van die Vrystaat in Oktober 1922 goedkeuring verleen vir die oprigting van 'n ambagskool op Kroonstad. Die Stadsraad het in Symondsstraat grond aan die skool geskenk en hier is in November begin om sinkgeboue op te rig deur agt skoolseuns wat vanaf soortgelyke skole op Ficksburg en Bloemfontein oorgeplaas is. Mnr H Ehlers is as die eerste superintendent aangestel en hy en sy vrou was ook die eerste koshuisouers.

In Januarie 1923 het die skool amptelik begin met vier leerlinge - dit was ook die begin van beroepsonderwys in Kroonstad. Die skool wat onder die Provinsiale Administrasie tot stand gekom het is op 1 Desember 1923 deur die Departement van Unie-Onderwys oorgeneem wat verantwoordelik was vir die oprigting van geboue. Die beheer oor ambagskole is deur die Sentrale Regering uitgeoefen tot 30 Maart 1968. Op 1 April 1968 is die skole toevertrou aan die verskillende provinsiale owerhede.

Die eerste permanente skoolgebou is op 12 November 1931 geopen en die huidige moderne gebouekompleks is in 1968 betrek.[23]

2.2.1 Klassang

Musiek word nie as skoolvak aangebied nie, maar een onderwyseres is verantwoordelik vir klassang en die afrigting van die koor. Mev W Crowther is sedert 1971 aangestel in hierdie hoedanigheid en sy word bygestaan deur mej B van Wyk wat die begeleiding doen.

Mev Crowther bied klassang aan vanaf standerd ses tot tien en volg die sillabus soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys. Sy is baie toegewyd en het deur die jare 'n goed-beplande repertorium vir elke standerd opgestel. Sy het ook 'n uitgebreide plateversameling opgebou om haar musiekbeluisteringsklasse aan te bied. Die skool beskik verder oor 'n reeks films wat verskillende musiekaspekte behandel soos musiekinstrumente van die

Bantoe, middeleeuse musiek, Kleurlingmusiek en operettes soos **The Gondoliers, Mikado** en ander. By klassang maak mev Crowther ook gebruik van plaatopnames van liedere wat sy besig is om vir die klas te leer om sodoende belangstelling aan te wakker.

2.2.2 Die Koor

Alhoewel dit 'n tegniese seunskool is waar die belangstelling in musiek nie so groot is soos by akademiese skole nie, het mev Crowther opgemerk dat 'n buitengewone geesdrif mettertyd ontwikkel het vir sang en veral vir die skoolkoor. Hierdie neiging kan miskien toegeskryf word aan mev Crowther se spesiale verhouding en die goeie kontak wat sy met die seuns handhaaf en haar uitgangspunt dat hulle die sang moet geniet. Verder kan die feit ook genoem word dat die koorprestasies van die afgelope jare 'n gevoel van prestige verleen het, en dat die koor 'n goeie beeld na buite uitdra van die skool. Dit is vir die seuns 'n groot eer om daarin te kan sing en geen probleme word ondervind met dissipline nie. Mev Crowther glo dat dit toegeskryf kan word aan die feit dat dit 'n seunskool is en hulle is nie skaam om voor mekaar te sing nie. Lede word aan die begin van die jaar uit die beste stemme gekies en die vyf-en-veertig stemme oefen twee middae per week tussen 18h00 en 19h00.

Hulle tree op by geleenthede soos kunsfeeste, kerkdienste en debatte. Sowat nege lede van hierdie koor is al gekies vir die Vrystaatse Jeugkoor. By verskillende geleenthede het die koor silwer en goue diplomas op kunswedstryde gekry en in 1984 was die beoordelaars veral beïndruk met hulle optrede by die Kroonstadse Kunsfees waar hulle 'n A-simbool verdien het.[24]

2.3 Die Afrikaanse Hoërskool Kroonstad

Deur die snelle uitbreiding van die noordelike voorstede van Kroonstad in die vyftigerjare het die behoefte aan 'n tweede hoërskool in hierdie gebied noodsaaklik geword. Op 23 Januarie 1957 is die Afrikaanse Hoërskool geopen met honderd-ses-en-vyftig leerlinge en mnr MA Ferreira as eerste hoof. Die skool is aanvanklik in tydelike geboue gehuisves maar in 1962 het die hele skool met die kadetorkes vooraan, gemarsjeer na die nuwe skoolgebou, wat toe in gebruik geneem is. Die amptelike inwyding van die sierlike gebou het op 24 en 25 Augustus 1962 plaasgevind met die aanbieding van die operette **Pêrel die Vissersmeisie** - 'n teken van die vestiging van 'n musiektradisie

binne vyf jaar by hierdie skool.

2.3.1 Die skoolkoor

Soos dit die geval is met alle nuwe instellings, het dit 'n geruime tyd geduur voordat daar daadwerklik met musiekonderrig en 'n koor begin is. Die skool se skoollied, wat deur DF Malherbe gedig is en deur Dirkie de Villiers getoonset is, is in 1959 in gebruik geneem toe die komponis self teenwoordig was om die lied vir die skool te leer. In 1960 het leerlinge van die skool onder leiding van mej B van Heyningen* deelgeneem aan 'n massakooruitvoering tydens die Uniefees te Bloemfontein. In 1961 het die skool se koor vir die eerste keer onafhanklik gefunksioneer en die eerste koorfoto dateer ook uit hierdie jaar.

Trudy van Niekerk*, musiekonderwyseres aan die skool en Susan Pienaar, regisseuse, was gesamentlik verantwoordelik vir die opvoering van die bogenoemde operette, Clementine Ward se **Pêrel die Vissersmeisie.** Mnr T van Huyssteen het as dirigent opgetree en die Vrystaatse Strykkwartet met Jack de Wet, Noel Travers, Harry Cremers en Francois Bouguenon het die begeleiding gespeel.

Die hoofrolle is deur Melisande Wheeler as **Pêrel** en Laurie Smit as **Lorenzo** gesing. Hierdie operette is ook in 1943 in Kroonstad opgevoer en toe het Angus MacLennan en Paul Erasmus die hoofrolle gesing.[25]

Melisande Wheeler was 'n begaafde jong sangeres wat reeds vandat sy drie jaar oud was op kunswedstryde gesing het. Toe sy sewentien was het sy reeds vyftien goue diplomas besit. Sy was 'n sangleerling van Trudy van Niekerk.[26]

Die operette was 'n groot sukses en die soliste en koor is vir hul deelname geprys:

> "Melisande Wheeler was 'n fraai Vissersmeisie wat haar rol met oorgawe gespeel het. Sy het 'n soet sopraanstem wat sy artistiek gebruik het. Lorenzo, rower en prins (Laurie Smit) het sy plek met waardigheid ingeneem teenoor haar...Die koorsang en solosang was deurgaans mooi aangesien hulle heerlike besielende begeleiding van die Vrystaatse Strykkwartet gehad het onder die bekwame stok van mnr. Van Huyssteen."[27]

Hierdie operette het gelei tot die ontstaan van 'n trotse koortradisie wat onder Trudy van Niekerk se besonder bekwame leiding tot verdere hoogtepunte

---

*Sien **HOOFSTUK X**

sou groei. Die operettekoor het die grondslag gevorm van die skool se koor en in 1963 het hierdie jong koor aan die Goudveldse en Kroonstadse Kunswedstryde deelgeneem. Op 26 Oktober 1963 het hulle onder leiding van Trudy van Niekerk en mej R Smith ook aan 'n musiekfees in Bloemfontein deelgeneem.

Gedurende 1964 het die skool deelgeneem aan die kunswedstryde op Odendaalsrus en Kroonstad en agt-en-dertig goue diplomas is vir sang en instrumentale items verwerf. Die koor het sewe A-simbole ontvang. Op 16 en 17 Oktober 1964 is 'n operette, wat deur Trudy van Niekerk saamgestel is, opgevoer naamlik **Die Storie van Galilea.** Hierdie geestelike werk is met begeleiding deur mej S Pienaar uitgevoer terwyl Myrrha Bantock verantwoordelik was vir die kostuums en beligting. Dit was in sewe tonele ingedeel en het bestaan uit koorsang, solo's, duo's, trio's en kwartetsang.

Tydens die kunswedstryd van 1965 is die koor weer as die beste Hoërskoolkoor aangewys en in dieselfde jaar is 'n plaatopname van die koor gemaak. Trudy van Niekerk het die skoolkoor vir die opname afgerig en verskeie verwerkings gedoen. Die volgende werke is opgeneem: **Wiegelied** van Schubert; **Engelekoor** uit Mendelssohn se **Elijah**; **Psalm 23**; **Die Heiland is Gebore** (met 'n diskant deur PJ Lemmer); **Die Christuskind** (verwerk deur T van Huyssteen); **Lofsang van Maria** van S Le Roux Marais; **Die Heer is Groot** (verwerk deur A Wasserman en S Smuts); **The Robe** (Amerikaans); **Al Sou Ek Die Tale Spreek** van Witty (met woorde deur Trudy van Niekerk); **Eriskay Love lilt** van M Kennedy-Fraser; **Vuka-Vuka** van J Bowke en die Skoollied.

In 1966 het die koor weer besonder goed presteer. Dit het vanaf 1962 altesaam twee-en-twintig goue diplomas op kunswedstryde ontvang.

In 1967 het hulle opgetree by die Kunswedstryde in Virginia en Kroonstad en is die Maria Masing-beker drie keer aan hulle toegeken vir die beste hoërskoolkoor. In April 1967 is vyf-en-twintig van hulle lede gekies om in Johannesburg onder Anton Hartman en die SAUK-orkes op te tree tydens 'n koorfees. In dieselfde jaar is 'n kantate, **Ses Uitbeeldings van Jesus Christus, Ons Verlosser en Saligmaker,** wat deur Trudy van Niekerk saamgestel is, in 'n kerk uitgevoer.

In 1968 het hulle op die Heilbronse Kunswedstryd met die louere weggestap en is 'n kantate op 15 September in medewerking met die Kroonstadse Manne- en Dameskoor in die Kroonstad-Oos Kerk uitgevoer.

In 1970 het die koor onder leiding van mev MM Wels op Steynsrus se Kunswedstryd A-simbole verwerf.

In 1975 het hulle onder die leiding van mnr P Strydom op die Kunswedstryd van Bothaville gesing en in 1976 by die inwyding van Kroonstad se Burgersentrum opgetree.

Hulle het ook gereeld deelgeneem aan verskillende feeste en kultuurgeleenthede in Kroonstad soos die Totius-fees van 1977, die Republiekfees van 1981 en die Bybelfees in 1983. In 1981 het die koor ook aan die ATKV-kompetisie in Bloemfontein deelgeneem en saam met die Natalse Jeugorkes opgetree in Kroonstad.

Die skoolkoor het ook oor die jare gereeld sangers opgelewer wat gekies is vir die Vrystaatse Jeugkoor.

2.3.2 Musiekonderrig

Musiekleerlinge het in 1959 vir die eerste keer praktiese eksamens afgelê. Teen 1962 was daar alreeds twintig leerlinge wat eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika afgelê het en drie onderwyseresse was verantwoordelik vir hul onderrig naamlik Trudy van Niekerk en mejj R Smith en M Wessels.

In 1968 het 'n uitstaande leerling van die skool, Adolph van Niekerk, aan die Johannesburgse Concertofees deelgeneem en ook saam met die SAUK-orkes opgetree as klarinetsolis.

Op 27 Augustus 1968 het hy Cimarosa se **Konsert** vir klarinet tydens 'n konsert van die musiekafdeling by die skool gespeel. Hierdie konsert was ook die inwyding van die skool se nuwe vleuel. Hannes Gerber en Babré van Wyk het Dring se **Tarantelle** op twee klaviere gespeel en Babré van Wyk het ook 'n **Romanse** van Mozart saam met 'n houtblaasensemble van die Gevagenisdiensorkes gespeel.

Tans (1985) het die skool drie musiekonderwysers en een sangonderwyser. Mev Babs du Toit, die huidige hoof van musiek, is sedert 1970 aan die skool verbonde en is verantwoordelik vir teoretiese vakke en musiekgeskiedenis. Mev Du Toit, wat aan die Universiteit van Stellenbosch studeer het, is veral 'n uitstekende harmonie-dosent en deeglike musiekgeskiedenisonderwyseres. Sy het haar beywer om deeglike werkstukke op te stel oor die simfonie,

oratorium, Italiaanse musiekterme en hul definisies en vormleer, en hierdie inligting is oor 'n wye gebied in die Vrystaat onder musiekonderwysers versprei wat dit nuttige en volledige aantekeninge vind. Volgens mev Du Toit het die musiekleerlinge aan die skool meesal gemiddelde talent, maar daar is ook al onderskeidingsimbole behaal. [28]

Leerlinge mag musiek as vak neem vanaf standerd sewe en hulle vorder tot by Unisa se Finaal-eksamen. 'n Paar leerlinge het ook na matriek verder in musiek gaan studeer soos byvoorbeeld Hannes Gerber, Cecile Waldeck, Theuns Botha, Helena Cronje en Carina Human, om maar slegs 'n paar te noem.

2.3.3. Skoolorkeste

In 1960 is 'n kadetorkes vir seuns by die skool gestig. Hulle het oor die jare vele orkeskompetisies gewen. 'n Paar leerlinge van die skool was ook al lede van die Vrystaatse Blaasorkes. As gevolg van die groot belangstelling wat ontstaan het vir blaasinstrumente is 'n dogtersorkes in 1975 gestig. Instrumentale afrigting aan hierdie orkeslede is hoofsaaklik gedoen deur lede van die Gevangenisdiensorkes wat na-uurs vrywillig as instrukteurs opgetree het. Die orkes het vinnig ontwikkel en by verskeie funksies konserte gegee waarvan die hoogtepunt die skool se een-en-twintigjarige fees was. By die geleentheid is 'n feeskonsert op 25 April 1978 in die Kroonstadse Burgersentrum deur die Gevangenisdiensorkes gegee waartydens die dogtersorkes 'n paar items gelewer het en ook Carl Orff se **In A Clock Store** saam met die militêre orkes gespeel het. Toe die werksdruk van die lede van die Gevangenisdiensorkes hulle verhinder het om verder te help met die afrigting van die dogtersorkes, het die orkes se aktiwiteite begin taan en gedurende 1984 tot stilstand gekom. In 1985 sal gepoog word om dit weer op die been te bring.

2.4 Hoër Landbouskool Kroonstad

In Oktober 1962 is die eerste informele vergadering van die aangewese Beheerraad gehou, en direk hierna is die nodige stappe geneem om 'n landbouskool op Kroonstad te vestig. In Januarie 1963 het vyf-en-sewentig seuns vir standerds ses en sewe ingeskryf en teen Januarie 1984 het die skool meer as vyfhonderd leerlinge en drie-en-dertig leerkragte gehad.

Aanvanklik is net seuns toegelaat tot die skool maar in 1969 het die Anna Scheepersskool vir dogters te Tweespruit gesluit en in 1970 het die owerhede besluit dat die skool se leerlinge, personeel en voorrade na Kroonstad se Landbouskool oorgeplaas word. Op die gebied van musiek was dit 'n belangrike stap want voortaan is klavieronderrig en musiek as vak by die skool aangebied.

2.4.1 Musiekonderrig

'n Landbouskool het sy eiesoortige onderwys en opvoeding. Leerlinge wat 'n landbouskool besoek, het spesiale behoeftes en oogmerke. Hierdie feit beïnvloed ook die musiekonderwys. Volgens mev AM Wetsch, huidige musiekonderwyseres aan die skool, is dit hoofsaaklik dogters wat musiek neem by die skool, en hulle spits hulle in elk geval hoofsaaklik toe daarop om as huishoudkundiges opgelei te word en neem musiek net uit belangstelling.[29]

Wat talent betref is hulle meesal middelmatig en hulle behoefte is nie om te vorder tot by die speel van kunsmusiek nie. Leerlinge is afkomstig van boeremense waarvan gesinslede heel dikwels een of ander instrument soos mondfluitjie, huisorrel of kitaar kan speel, en dogters word aangemoedig om klavier te leer speel om sodoende te kan meedoen aan die gesellige huismusiek wat saans op afgeleë en eensame plase gemaak word.

Leerlinge aan die skool is hoofsaaklik kosgangers en oefentyd is beperk. As gevolg van die leerlinge se na-uurse aktiwiteite op die plaas het musiekleerlinge net twee halfuurperiodes per dag om te oefen. Entoesiasme vir hul klavierlesse ontbreek egter nie en daarom oefen sommige alreeds soggens voor ontbyt.

Musiek kan as vak vir matriek geneem word en die afgelope tyd het ook seuns opgelewer wat musiek as vak neem. Praktiese uitslae is nie so goed nie maar die leerlinge presteer besonder goed in die teoretiese afdeling.

2.4.2 Die koor

Op die gebied van koorsang is daar in die periode voor 1970 weinig gedoen. Mev Doreen Kraut het soms vrywillig na die skool gegaan om die seuns te

laat saamsing maar dit was eers met die koms van die dogters in 1970 dat die eerste musiek- en sangpos ontstaan het.

Die eerste sangonderwyseres aan die skool was mev Lettie Olivier wat klavier, sang, musiek as vak en koorafrigting gegee het vanaf 1970 tot 1977. Mev Olivier, wat op Hofmeyr gebore is en haar later as maatskaplike werker bekwaam het, was vanaf 1964 in Kroonstad waar sy vanaf 1965 tot 1969 aan die Afrikaanse Hoërskool musiek gegee het. Sy het sang onder Tersteegen van Huyssteen geneem en weens haar voorliefde vir seunstemme en haar ondervinding om met groot groepe te werk het mnr Van Huyssteen haar in die pos by die Landbouskool aangestel. Hier het sy baanbrekerswerk gedoen aangesien die seuns nog nooit aan koorsang deelgeneem het nie. Mev Olivier het egter gou hulle vertroue gewen en reeds in 1970 kon sy al 'n koor inskryf vir die kunswedstryd.

Mev Olivier het gedurende haar tydperk aan die skool by feesgeleenthede haar eie kantates saamgestel. Sy het haar eie tekste gebruik en dit deurweef met gepaste koormusiek, sangsolo's, duo's, kwartette, monoloë en spreekkore. Van hierdie kantates was **Waarmee sal die Jongeling, Afrikaans ons Pêrel van Groot Waarde** en **Groen Erfenis.**

Tans (1985) bestaan die koor uit tagtig seuns- en dogterstemme en die entoesiasme van lede is oorweldigend. Mevv Wetsch en Denner is verantwoordelik vir die afrigting van die koor wat in 1984 tydens die Kroonstadse Kunsfees die hoogste puntetotaal behaal het. Hulle tree gereeld op by die skool se jaarlikse konsert.

3 MUSIEKONDERWYS AAN LAERSKOLE

3.1 Kroonstad English Primary School

In 1920, 'n jaar voordat die English Medium Primary School afgestig is, het twee inspekteurs, mnre B Noaks en P Elfers gerapporteer:

> "In the course of the year the Secondary School has been separated and now is housed in its own buildings. This has relieved the pressure on the accommodation so now all the classes but two are quartered in Government-owned buildings."[30]

Die Sekondêre Skool het oor die duisend leerlinge gehad waarvan omtrent ewe veel Engels- as Afrikaanssprekend was. Oor die taalkwessie het die inspekteurs berig:

> "English is taught in all classes from the very lowest and we are able to report that in the Dutch section nearly all the children made good attempts at answering in English, but the accent was in many cases imperfect and the language incorrect."

In 1921 is die English Primary School Kroonstad East om praktiese redes van die Sekondêre Skool afgestig met vierhonderd-agt-en-negentig leerlinge. Tot in 1930 is die skool gehuisves in die ou Sentrale Volkskool. Sedertdien is die Spoorwegskool en ou Public School gebruik. In 1937 is bykomende klasse in gebruik geneem.

3.1.1 Musiekonderrig

Vanaf Mei 1968 is mev MM Pietersen die enigste musiekonderwyseres aan hierdie skool. Sy het jaarliks gemiddeld agtien klavierleerlinge vanaf standerd twee tot vyf.

Mev Pietersen wat op Excelsior gebore is en daar gematrikuleer het, het uit 'n baie musikale familie gekom en op vierjarige ouderdom het sy al begin om klavier te speel. Haar vader het vir haar wysies gefluit en sy moes die note op die klavier soek. Hy het ook vir haar 'n pianola gekoop en vandag is sy nog steeds die trotse besitter van die instrument. Sy het egter nie naskoolse opleiding in musiek gehad nie maar haar in Bloemfontein as maatskaplike werker bekwaam. Toe daar in 1968 'n vakante musiekpos by hierdie skool ontstaan het was sy die enigste persoon wat musiek deur die medium van Engels kon doseer en sedertdien is sy 'n geliefde onderwyseres aan die skool waar sy al vir honderd-vyf-en-sestig leerlinge musiek gegee het.

Mev Pietersen het 'n baie spesiale manier waarmee sy met die kinders werk en volgens haar maak sy gebruik van die regte "sielkunde". Volgens haar het die Engelssprekende kind 'n ander temperament as die Afrikaanse kind en dit beïnvloed ook hul houding teenoor hul musieklesse. Hulle is minder geïnhibeerd in hul spel en hanteer foute baie meer gemaklik. Die Engelssprekendes in Kroonstad is ook baie minder permanent as die Afrikaanssprekendes omdat hulle veral by die Staande Mag, banke en bougenootskappe werksaam is en gevolglik word hul musiekopleiding dikwels onderbreek om soms nooit weer voortgesit te word nie. Alhoewel die kinders in aanlegtoetse gemiddelde

tot hoë aanleg toon, ontbreek belangstelling soms by die kind en ook aanmoediging by die ouers.

Mev Pietersen het ook een koorklas per week waar sy 'n koor van vyf-en-twintig lede afrig uit kinders vanaf standerd twee tot vyf. Die Engelssprekende kind het volgens mev Pietersen baie buitemuurse aktiwiteite en daarom kan sy nie 'n sterk koor op die been bring nie.

Mev Pietersen skryf nooit leerlinge in vir die kunswedstryde nie aangesien dit haar werksprogram te veel onderbreek, maar sy organiseer jaarliks 'n **Musical Afternoon** by die skool wanneer ouers in die skoolsaal kom luister na klassang en instrumentale items soos klaviersolo's en duette. Die klasse lewer dan koorstukkies wat dikwels gepaard gaan met bewegings en mimiek in interessante kostuums.[31]

3.2 Sentrale Volkskool

Die Sentrale Volkskool het in 1920 tot stand gekom en uit die verslag van die inspekteur wat op 22 November 1920 opgestel is, word dit duidelik dat skoolsang wel plaasgevind het maar geen musiekonderrig nie:

> "Zingen is beperkt tot het voordragen van een paar liederen. Er wordt geen poging gedaan om de theorie van het vak te onderwijzen. In de meeste kamers zingen de kinderen zonder enige begeleiding." [32]

Verder het die inspekteur ook melding gemaak dat daar nie genoeg klaviere was nie, 'in de spoorwegschool is een dringend nodig', en hy het ook 'n paar aanmerkings gemaak oor 'het nutteloze zangonderwijser in deze school'.

In die laat twintigerjare skyn dit asof die toestand verbeter het en intussen is mev ME Dovey en mej Knipe by die skool aangestel wat hul eie musiek- en sangboekie opgestel en laat druk het. Vanaf 1929 was PJ Lemmer die sanginspekteur en hy het dikwels die onderwysers toegespreek oor die belangrikheid van sang en het ook wenke gegee oor hoe om met 'n sangklas te werk te gaan. In 1929 het mej Lutz 'n halfuur per week sang gegee en mej Rorich 'n uur per week.

3.2.1 Die koor

Vanaf 1930 het die skool 'n koor gehad, wat op 19 September 1930 tydens 'n sangkompetisie twee liedere gesing het naamlik **Die Roos** en **Met 'n Mandjie**

Rose. Maar A Haarhoff se kommentaar hierop was gunstig:

> "Die lewering van die twee liedere was baie goed, net jammer dat daar nie 'n paslike gelaatsuitdrukking by was nie."

In September 1931 het hulle aan die kunswedstryd deelgeneem saam met kore van Bothaville, Viljoenskroon en Heuningspruit en hiermee is 'n lang tradisie van deelname aan kunswedstryde begin.

Vanaf 1932 is Hannah Wessels aangestel op die personeel en aanvanklik het sy net gewone onderrig gegee maar later het sy die sangklas, musiek en koor oorgeneem en behartig tot met haar aftrede in 1983. Die Sentrale Volkskoolkoor het ontwikkel tot een van die aktiefste in Kroonstad, en het by talle kerkmusiekuitvoerings in die dorp se kerke opgetree, asook by feesgeleenthede, kunswedstryde en skoolkonserte.

Op 15 September 1950 het hulle by 'n kunswedstryd in Johannesburg 'n trofee vir die beste koor ontvang:

> "Mej. Hannah Wessels se reeds beroemde Volkskool koor het op 15 September verdere louere ingeoes toe hulle op die Johannesburgse Afrikaanse Kunswedstryd die Uniewinkels-trofee in die afdeling vir tweestemmige laerskoolkore gebuit het. Nege meisieskore het aan die wedstryd deelgeneem en Kroonstad is, nadat bekend gemaak is dat hulle die trofee gebuit het met 91 persent langdurig deur die stampvol saal toegejuig."[33]

Op 11 September 1954 is die dogterskoor van vier-en-vyftig stemme by dieselfde kunswedstryd weer aangewys as die beste laerskoolkoor. Hierdie onderskeiding het hulle vier keer in Johannesburg te beurt geval.

Gedurende 1958 is 'n volledige koorprogram van twaalf werke deur die SAUK uitgesaai. Hulle het onder mej Wessels se leiding ook 'n plaat gemaak, **Ons Eie**, wat bestaan het uit werke van Suid-Afrikaanse komponiste. Die solo's is gesing deur Kroonstadse sangers Martie Wege, Olga Rademan, Jan Swart en Eddie Bloem.

Onder die operettes wat opgevoer is was daar **Jan van Windmeulland**, **Ponkie**, **Ludilla** en **Zurika**.

3.2.2 Musiekonderrig

Tans (1985) is mev Sarie du Toit verantwoordelik vir musiekonderrig en sang aan die skool en sy word bygestaan deur mej M Marais. Sowat agt-en-twintig

leerlinge neem musiek. Mev Du Toit is 'n bekwame sangeres en het in Kroonstad al rolle in **Papageno, Madame Butterfly** en **Oklahoma** gesing. Sy het haar opleiding aan die Potchefstroomse Universiteit ontvang. Sy is vasbeslote om die skool se musiektradisie voort te sit en doen merkwaardige werk met die koor en musiekleerlinge. Waar skole gewoonlik net op die sportterrein bande met mekaar smee, het sy haar beywer om ook kultuuruitruiling tussen skole te bewerkstellig en het in September 1985 'n musiekkonsert in medewerking met Grey Kollege van Bloemfontein in die Kroonstadse Skouburg aangebied.[34]

3.3 Kroonheuwel Volkskool

In 1953 was Kroonstad se enigste laerskool, die Sentrale Volkskool, die grootste in die land met eenduisend sewehonderd leerlinge. Die destydse hoof, wyle mnr De Wet Erlank, het sy hande vol gehad om die groot getalle te behartig en die afstigting van 'n tweede laerskool was 'n dringende behoefte.

Op 27 April 1953 het 'n nuwe skool tot stand gekom, en wel in die noordelike deel van Kroonstad. Dit het bekend gestaan as Kroonheuwel Volkskool en het begin met sewehonderd leerlinge. Vir die stigting van die skool het 'n paar onderwysers oorgeskuif, en mnr SJ Myburg het as tydelike hoof opgetree.

Die amptelike inwyding van die skool het op 14 Augustus 1953 plaasgevind en op 7 Maart 1958 is die skoolsaal ingewy. Dit is vernoem na mnr JJ Lubbe, die eerste vaste skoolhoof.[35]

In die beginjare het onderwysers en leerlinge hard gewerk om te kompeteer met die gevestigde skool, wat goed bekend was. Die gevolg hiervan was dat die akademiese werk stewig uitgebou is en dat daar op kulturele gebied baanbrekerswerk gedoen is.

3.3.1 Musiekonderrig

Musiekonderrig het in 1965 begin toe mev Ackhurst as eerste musiekonderwyseres aangestel is. Soveel leerlinge was gretig om met musieklesse te begin dat die Onderwysdepartement 'n tweede musiekpos goedgekeur het en van die derde kwartaal af is mev Jean Greybe aangestel.

Leerlinge is aangemoedig om aan die plaaslike kunswedstryde deel te neem en

het goed presteer. In 1967 het Valerie Searle die Basil Taylor Wisselbeker vir klavier verower.

Tans (1985) is twee musiekonderwyseresse en een sangonderwysers aan die skool verbonde. Elke onderwyseres het gemiddeld agtien tot twintig musiekleerlinge. Volgens mej Van Wyk, huidige musiekonderwyseres, het musiekleerlinge aan die skool nie 'n bogemiddelde aanleg vir musiek nie.[36] Sy glo dat die beste leerlinge les neem by die Tegniese Kollege of by privaatleerkragte, en dat leerlinge by die skool les neem om ekonomiese redes. Mej Van Wyk is egter van mening dat ouers van musiekleerlinge baie hulpvaardig is en die nodige aanmoediging aan hulle kinders gee.

Die onderwyseresse is van mening dat die periodes vir individuele onderrig aan die skool te kort is en dit word toegeskryf aan die vele buitemuurse aktiwiteite van die kinders.

Die musiekafdeling is gehuisves in 'n tydelike gebou wat heeltemal ontoereikend is. Gehoortoetse kan weens die gebrek aan klankdigtheid van die kamers glad nie suksesvol aangebied word nie en daarom moet die twee onderwyseresse hierdie afdeling gesamentlik hanteer om mekaar nie te steur nie.

3.3.2 Sang

Sang en koorwerk het vanaf 1962 'n prominente plek in die jaarprogram van die skool ingeneem. In September 1962 is 'n koor- en sanguitvoering aangebied. Die volgende jaar is die Kerskantate **O Stralende Lig** van Maria van der Mark uitgevoer. Gedurende 1964 is 'n tweede werk van dieselfde komponiste aangebied - hierdie keer 'n Paasfeeskantate, **Aan Hom So Hoog Verhewe**, in samewerking met die Kroonstadse Mannekoor. In 1965 is Andries Wasserman se **Klein Kerskantate** saam met die Bethlehemse Mannekoor opgevoer.

In 1966 is Olaf Andresen se operette **Die Mieliefeetjie** met orkesbegeleiding asook 'n Koorkonsert aangebied. In 1967 is 'n Junior- en Seniorskoolkonsert gehou met items deur verskillende klasse.

Benewens bogenoemde uitvoerings is ook twee massa-uitvoerings, die een 'n volkslied en die ander 'n gewyde program, aangebied. In 1966 het die skoolkoor ook 'n plaat gemaak. In 1968 is 'n feeskonsert aangebied wat 'n personeelkoor ingesluit het.

In die periode voor 1968 het verskeie persone bygedra tot die uitbouing van die koortradisie by die skool. Mnr Van Huyssteen, Sanginspekteur, het verskeie kere as dirigent opgetree; Olga Rademan het uitmuntende begeleidings gedoen; daar is saamgewerk met die Gevangenisdiensorkes onder leiding van luitenant-kolonel Koops van't Jagt; Andries Wasserman het talle verwerkings vir die koor gedoen, en luitenant Noël Stockton het verwerkings en orkestrasie van begeleidings voorsien.

Die afgelope jare het die skool nie 'n skoolkoor gehad nie omdat die werksdruk te groot was. 'n Koor word egter vir 1985 in die vooruitsig gestel.

3.4 Suidrand Volkskool

Die Suidrand Volkskool het op 22 Januarie 1958 begin met tien onderwysers en drie-honderd-vyf-en-sewentig leerlinge. [37]

3.4.1 Musiekonderrig

Die eerste musiekpos is in Januarie 1960 geskep en die eerste musiekonderwyser was mnr WJ Botha wat later opgevolg is deur mej H Meyer. Tans (1985) is een onderwyseres, mev EA Cilliers , verantwoordelik vir die klavier- en musiekteorie-onderrig aan die skool. Tussen vyf-en-twintig en dertig leerlinge neem musiek by die skool en gevolglik vind baie lesse na-uurs by mev Cilliers se huis plaas.

Mev Cilliers het, vanaf haar aanstelling by die skool in 1971, deur haar besonder bekwame leiding daarin geslaag om 'n tradisie van uitstekende resultate vol te hou. Die teorie- en praktiese prestasies van die afgelope twee jaar bewys hierdie stelling: in 1983 het veertien leerlinge eksamens van Unisa afgelê waarvan twaalf met lof geslaag het; in 1984 het elf leerlinge ingeskryf waarvan sewe A-simbole vir klavier verwerf het.

Op die deeglike musikale grondslag wat by hierdie inrigting gelê word is daar in die verlede verder gebou, en talle oud-musiekleerlinge het grade in musiek behaal.

3.4.2 Die koor

Die skool het vanaf 1958 'n koor gehad en mej Lida Bezuidenhout, mev Marcha

Geyer (wat ook die skoollied gekomponeer het) en mej Marieta de Jager het groot bydraes tot koorprestasie gelewer.

Onder mev Cilliers se leiding het die koor veral vanaf 1973 groot hoogtes bereik. Gedurende 1973 het hulle tweede plek in die **Huisgenoot** se landswye Koorkompetisie behaal en in 1976 het **Kolperd** verskyn, hulle eerste plaatopname.

Behalwe aan kunswedstryde het die koor gereeld aan sangfeeste deelgeneem, en ook by spesiale geleenthede in kerke en by volksfeeste opgetree. Hulle gee ook gereeld kersuitvoerings in die Kroonstad-Suid Kerk. Tans (1985) bestaan hulle uit sowat tagtig stemme.

Verskeie geslaagde operettes is ook reeds aangepak soos **Die Drie Asjasse, Wedding of the Painted Doll** en **Pampoenkopland.**

3.5 Voorwaarts Volkskool

Op 14 November 1958 het die Junior Primêre Skool Noordhoek afgestig van Kroonheuwel Volkskool. Dit het begin funksioneer in 1959 met mev D van Heerden as eerste hoof, en drie onderwyseresse. Op 23 April 1959 is die skool se naam verander na Voorwaarts Volkskool. Hierdie skool, wat gekenmerk is deur sy lewenskragtigheid, sou binne vyf-en-twintig jaar groei tot die grootste laerskool in Kroonstad.

3.5.1 Sang- en koormusiek

Op die gebied van koorsang is die eerste merk gemaak deur mej E Kotze wat in 1964 die eerste dogterskoor ingeskryf het vir die Kroonstadse Kunswedstryd. Die koor het 'n goue medalje gekry. Veertig leerlinge is ook ingeskryf vir solosang en vier goue- en vyf-en-dertig silwerdiplomas is verwerf. In 1965 is die goeie werk van mej Kotze voortgesit en in dieselfde jaar het die skool die trofee vir die beste junior-koor ontvang. Gedurende 1966 het mejj Du Preez en Jacobs die leisels oorgeneem en het hulle 'n koor afgerig wat tydens die Republiekfeesvierings aan die massakoor deelgeneem het.

Die eerste seunskoor is in 1967 gestig toe mej CG van Zyl die sang waargeneem het. Beide die seunskoor en dogterskoor het goue diplomas op die kunswedstryd verower. Op die gebied van solosang is ook goed presteer en

twee leerlinge het die George van Rensburg-wisseltrofee vir die beste solosang verower. Tydens die tienjarige herdenking van die NG Kerk, Kroonstad-Wes het die skoolkoor in 'n gewyde program opgetree.

Op 26 Junie 1968 het die skool hul skoollied waarvan die woorde deur dr ZJ Pretorius geskryf en deur PJ Lemmer getoonset is, in ontvangs geneem. Op 31 Oktober het die skool sy tiende verjaarsdag gevier met 'n koorkonsert waartydens die skoollied vir die eerste keer gesing is.

Die skoolkoor het aan verskeie sangfeeste deelgeneem, en onder andere ook aan die inwyding van die Kroonstadse Burgersentrum en Skouburg in 1976. Dit is gebruik as demonstrasiekoor tydens die bekendstelling van die nuwe Psalm- en Gesangboek gedurende 1978, asook tydens die Totiusfees in 1977, die FAK-sangfees in 1979, die Republiekfees in 1981 en die Bybelfees van 1983. 'n Baie geslaagde Sangfees waaraan al die leerlinge van die skool deelgeneem het is in 1983 aangebied.

Die skoolkoor het in 1972 'n plaat uitgereik terwyl die seunskoor gedurende 1975 as een van die vier finaliste in die Vrystaat aangewys is in 'n landswye koorkompetisie. Gedurende 1979 en 1982 is opnames deur die SAUK uitgesaai.

Die skool het reeds verskeie operettes opgevoer waarvan **Prinses Roselyn**, op 28 Oktober 1965, die eerste was. Daarna het **Pampoenkopland**, **Laps**, **Die Goue Hart**, **Kom Tog Klaas Vakie** en **Aspoestertjie** gevolg.

Op 31 Oktober en 1 en 2 November 1984 het die skool sy vyf-en-twintigste verjaarsdag gevier met 'n operette in die Kroonstadse Burgersentrum. Hierdie operette, waaraan al die kinders van die skool deelgeneem het was 'n kombinasie van al die vorige operettes. Die afrigting van die kore en soliste het onder leiding van die sangonderwyseres mev Erna Hartman gestaan en die begeleiding is gedoen deur 'n houtblaasensemble van die Gevangenisdiensorkes.

Vier seuns van die skool is ook as koorlede van die Drakensbergse Seunskoor gekeur.[38]

3.5.2 Die musiekafdeling

'n Dringende behoefte en lankgekoesterde ideaal is verwesenlik toe die skool in Januarie 1965 met 'n musiekafdeling kon begin. Die eerste klavier-

onderwyseres wat aangestel is was mev Annetjie Botha wat met vyf-en-twintig leerlinge begin het. Binne die eerste jaar het sy reeds vyf leerlinge ingeskryf vir 'n Unisa-eksamen. Gedurende 1966 het nege leerlinge eksamens afgelê. Aan die begin van 1966 is ook met die onderrig van blokfluit onder leiding van mej Jacobs begin.

In Mei 1967 het die musiekleerlinge vir die eerste keer aan die kunswedstryd deelgeneem. Twee leerlinge het goue diplomas in die klavierafdeling en een 'n silwerdiploma in die blokfluitafdeling verwerf. Met die eksamens het dit baie goed gegaan en tien eksamenkandidate het gesorg dat die skool vir die derde agtereenvolgende jaar 'n honderd persent-slaagsyfer gehad het. Teen 1968 het die blokfluitafdeling so uitgebrei onder die leiding van mej A van der Merwe dat vier groepklasse van vyf leerlinge elk onderrig ontvang het.

In 1970 was mev A Botha vir 'n jaar weg van die skool en toe het mevv Strauss, Erwee en Van Rooyen die musiekafdeling behartig. Vanaf 1971 is 'n tweede musiekpos goedgekeur en is gevul deur mev Suria Pienaar wat vir drie jaar werksaam was aan die skool. By haar vertrek is mev Lina Hattingh aangestel in 1974 en het vir nege jaar getroue werk gelewer en besondere sukses met haar leerlinge behaal. In Julie 1975 het die musiekafdeling hul eie goedtoegeruste gebou, bestaande uit 'n groot sangklas en vier klavierkamers, betrek. Aan die begin van 1983 het 'n oud-Kroonstadse musiekleerling, Marelize Boshoff wat pas haar studies in Stellenbosch voltooi het, by die musiekafdeling begin. Sy het ook die begeleiding vir die koor waargeneem.

Mev Botha wat tans nog hoof van hierdie afdeling is, is baie toegewyd en haar entoesiasme het deur die jare 'n spesiale indruk op die musiekonderrig gelaat. Die musiekonderwysers handhaaf 'n noue kontak met die ouers en in die middae hou 'n onderwyser toesig by die skool oor leerlinge se oefenprogram. Oefentyd het ook algaande minder geword nadat skoliere by meer aktiwiteite betrek is en daarom moet die musiekonderwysers meer ongereelde ure werk.

Gedurende 1984 is die nuwe Trapstelsel van die Vrystaatse Onderwysdepartement in werking gestel en die skool het reeds ten volle hierby ingeskakel. Die skool skryf egter ook nog leerlinge in vir die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika waarmee groot sukses behaal word. In 1980 het Gerda Pretorius 'n musiekbeurs ontvang en in 1984 het Leoni de Lange 'n brief van aanprysing van die Universiteit ontvang vir voortreflike klavier-

spel. In 1984 is ook ses-en-twintig leerlinge ingeskryf vir teorie-eksamens.

'n Belangrike kenmerk van die musiekafdeling is die leerlingkonserte wat elke jaar voor 'n waarderende gehoor aangebied word. Ook hier word die ouers betrek en word duetspel tussen ouer en kind en selfs meer lede van 'n gesin aangemoedig.

4 DIE KLOOSTERSKOOL NOTRE DAME

Op 'n heuwel aan die oostekant van Kroonstad staan 'n imposante geboue-kompleks - 'n samesmelting van sandsteen en rooi bakstene in verskillende argitektoniese style. Tot 1972 was dit die Kloosterskool Notre Dame.

Die Katolieke susters wat hierdie klooster buite Kroonstad opgerig het was afkomstig van 'n Belgiese gemeente wat deur 'n Franse dame, Julie Billiart, gestig is. Julie Billiart is in 1751 in Frankryk gebore en het van jongs af die begeerte gehad om haar lewe in diens van God te stel. In 1804 het sy haar eerste kloosterorde begin. In 1807 het Julie na België gegaan om daar te help met die stigting van 'n nuwe klooster in Namur wat later die moedergemeente geword het. Die Rooms Katolieke Kerk het Julie Billiart in 1969 as Heilige verklaar.

In 1870 is die eerste sendingstasie deur Jesuïte, die Zambesie Sending, in Afrika begin in 'n gebied wat vandag deur Zimbabwe, Zambië, Malawi, Botswana, Mosambiek, Angola en Zaïre beslaan word. Die eerste susters van Notre Dame om na Afrika te kom, het hulle in die Kongo gevestig maar in 1898 het Vader Daignault van die Jesuïte in Rhodesië 'n versoek tot die susters van Notre Dame gerig om hulle te kom help met skoolonderrig onder die Ndebeles. So is 'n sendingstasie by Empandeni gestig en teen 1902 het dit al so ver ontwikkel dat buiteposte verder in die land gestig kon word. Die Biskop van Kimberley, Matthew Gaughren, het in 1903 gepleit dat Notre Dame ook hul onderwys na Suid-Afrika moes uitbrei. Die eerste skool in Suid-Afrika is beplan om in Belgravia in Johannesburg opgerig te word.

Die onderhandelings om die skool in Belgravia te begin, het egter in 1905 skipbreuk gely. Op 11 September 1905 het Biskop Gaughren aan suster Anne Editha van Notre Dame in Liverpool geskryf en haar gevra om 'n nedersetting binne sy bisdom te stig:

> "I have been wondering whether there would be a chance of getting a foundation of your Sisters for the town of Kroonstad in the Orange River Colony. [39]

Vyf susters onder leiding van Anne Editha het aan die einde van 1906 uit Engeland vertrek en op 23 Januarie 1907 in Kroonstad aangekom. In Kroonstad is die groepie gulhartig deur die gemeente ontvang en die burgemeester en raadslede het 'n paar dae later ook die nuwe leerkragte tydens 'n amptelike verwelkoming in Harman's Hall ontvang.

Twee weke later is 'n dagskool geopen en algaande het die aantal leerlinge vermeerder en gewoond geraak aan die dissipline op skoolbanke. Teen 9 Desember 1907 is die eerste konsert deur skoolkinders in die stadsaal gegee. Die dagskool in Brandstraat, het voortbestaan tot in 1953.

Anne Editha het onmiddellik na 'n geskikte terrein gesoek vir die oprigting van 'n klooster en het grond buite die munisipale gebied bekom op East Hill. Op 16 Oktober 1907 het die Luitenant-Goewerneur van die Oranjerivier Kolonie, Sir Hamilton Goold-Adams GCMG, die hoeksteen van die klooster gelê en die bouwerk is in Junie 1908 voltooi. Op die vooraand van die inwyding van die kompleks, het 'n brand in die nuwe gebou uitgebreek en alles in puin gelê. Die skade is egter herstel en later kon die kosskoolleerlinge die gebou betrek. In 1910 was daar reeds dertig leerlinge in die kosskool.

Hierdie dogters was hoofsaaklik afkomstig van plase in Kroonstad se distrik en volgens suster Patricia Kay het die skool die soort opvoeding gebied wat tot in daardie stadium nog nie in Kroonstad beskikbaar was nie:

> "Their parents wanted for them the training of a typical boarding school with possibly a greater emphasis on music than was usual elsewhere. The farms were large and widely separated, they needed to supply their own social life and an ability to make music was a valuable asset in the home. Instrumental and vocal work was begun at once. Piano, violin and cello were popular. The Music Staff was strong for a small school. Three sisters were teaching music in 1912." [40]

Hieruit kan dus afgelei word dat daar 'n behoefte bestaan het vir die grondige onderrig in musiek en deur die koms van die susters van Notre Dame uit Engeland is die fasiliteite en leerkragte daargestel om in die behoefte te kon voorsien. Een van die eerste musiekonderwyseresse was Thérèse du Sacre Coeur Carroll wat in 1908 na Kroonstad gekom het en in 1915 terug is na Engeland.

In die skool is met die verloop van jare 'n tradisie volgehou van die opvoer van operettes, konserte en kooruitvoerings. Die konserte is meestal in die stadsaal aangebied en daardeur is kontak met die dorp behou. Die koor het ook dikwels saam met ander kore en groepe opgetree. Volgens Patricia Kay was die ligging van die klooster buitekant die dorp die rede waarom die skool veral op die gebied van musiek en toneel so goed presteer het:

> "As the boarding school was in such an isolated position, it was essential for its social life to be highly organised. The early experiment of a concert in the Town Hall proved popular and was followed by annual performances." [41]

Die lae fooie van die skool was 'n populêre oorweging om kinders daarheen te stuur. Vanaf die twintigerjare is ook ekstra vakke soos klavier, viool, tjello en sang gegee. Die skool het ook vroeg reeds musiekleerlinge ingeskryf vir die eksamens van die Royal Schools of Music en Trinity College.

'n Hoogtepunt vir die gemeenskap van Notre Dame was die inwyding van die kerk by die klooster op 17 Desember 1933. In hierdie kerk is gereeld kooruitvoerings gegee en Sondae was gewyde musiek deel van die kerkdienste.

Teen 1936 het die klooster 62 kosgangers gehad en het alle fasette van die skoollewe floreer. Ook op die gebied van musiek is nuwe hoogtes bereik veral deur die aankoms in 1931 van suster Edith:

> "...The high standard of music which had prevailed in the school received new impetus under the excellent tuition which was given by Sister Edith, a talented musician with a beautiful singing voice..." [42]

Sy het leerlinge ingeskryf vir sangeksamens en die koor het onder haar leiding die eerste plek verower op die Kroonstadse Kunswedstryd en is ook na Bloemfontein om daar met ander Vrystaatse skole mee te ding. Suster Edith het altyd jong musici, ook dié met minder talent, aangemoedig. Ná die installering van 'n orrel in die kerk in 1937 het sy getoon dat sy ook 'n uitstekende orreliste was.

In die laat-sestigerjare het daar deur die gebrek aan geestelike onderwyspersoneel, stygende koste en die uiteenlopende aard van sendingwerk, probleme ontstaan met die instandhouding van Katolieke skole. Om die situasie van die skole te bepaal, het die Catholic Education Council in Julie 1968 opdrag gekry om die onderwyssisteem te ondersoek. In Julie 1971 is die ondersoek voltooi en het dit aan die lig gekom dat Katolieke skole besig was om insolvent te raak.

In Kroonstad is ook soortgelyke probleme ondervind. 'n Sterk afname in die getal leerlinge by die junior- en seniorskole, die onttrekking van sommige personeellede uit die gemeente en die terugkeer van ander na hul lande van oorsprong en die voortspruitende finansiële las, het daartoe gelei dat die gemeente hul bestaansreg bevraagteken het.

In 1972 is 'n kongres deur susters in Kroonstad gehou waartydens besluit is om die Klooster op Kroonstad aan die einde van 1972 te sluit. Hierdie besluit is deur sowel die Kerk as leerlinge en oudleerlinge betreur. Suster Marie André Mitchell, hoof van die skool, het in 'n verklaring aan die ouers gesê:

> "The accompanying Statement will no doubt bring to many of you the pain it has brought to us. It has been particularly difficult in view of Notre Dame's long association (1907 - 1972) with education in Kroonstad; the support you have given us; and the hopes and plans we had worked out with some of you for the future of the school..." [43]

Die klooster is aan die Provinsiale Administrasie verkoop en is eers as 'n tegniese hoërskool gebruik en later as 'n opleidingskamp van die Suid-Afrikaanse Weermag.

4.1 Verhoogaanbiedings van Notre Dame

Op 11 Desember 1907 het die leerlinge van die klooster van Notre Dame 'n konsert in die stadsaal gegee. Aangesien dit die eerste skoolkonsert was, was die hoë standaard merkwaardig:

> "...The performance fully sustained the high class training and educational methods for which the good sisters of Notre Dame are proverbial. A musical selection by De Pearsall 'Who Killed Cock Robin' - displayed a wonderful evenness of tone and sweetness in the voices of the young ladies filling the part of principals." [44]

'n Operette, **Fairyland**, is deur vyf-en-twintig dogters opgevoer waarna 'n musiekkomedie in een bedryf, **La Diseuse de Bonne Aventure**, gevolg het. Die hoofrolle is gesing deur Madge Allan en M Symonds en hulle

> "...showed to advantage, lingually as well as vocally."

Madge Allan, wat later 'n bekende Kroonstadse sangeres was en ook in Engeland gaan studeer het, het ook 'n solo gesing, **Fairies Lullaby**, deur Needham.

Klaviersolo's van Schumann, Ambroise, Kowlaski en Chaminade is deur N Fuller, N Boltman, H Theron en D Gent gespeel.

Tydens die tweede helfte van die konsert is 'n "musical farce", **Red Riding Hood** opgevoer. Dolly Heitmann was **Red Riding Hood**, Madge Allan was **Bluebell**, G Bach was **Buttercup** en G Munchen was **Rose**. Betreffende die kostuums, was "die beriggewer baie entoesiasties:

> "...The dresses and make-up were appropriate as to form and colour, and the blending of tints in the ever changing combinations were artistic and highly pleasing." [45]

Mej Kannemeyer het die klavierbegeleiding gespeel en die Kroonstadse Orkesvereniging onder leiding van mnr Pigott het tussen die operettes keurspele gespeel.

'n Profetiese stelling is gemaak oor die goeie werk wat by die klooster gedoen is binne nege maande na die opening:

> "...The excellence of the entertainment, the first held since the arrival of the sisters about nine months ago, is a happy augury of what we may expect...", [46]

'n stelling wat met die verloop van jare waar geword het.

Op 19 Oktober 1918 het sestig dogters onder leiding van mej D Abrahams die operette **The Arrival of Santa Claus** in die stadsaal opgevoer en die Kroonstadse Orkes het keurspele tussen bedrywe van die operette gespeel.

In 1919, tydens die skool se jaarlikse basaar, is 'n toneelstuk opgevoer en 'n musiekprogram aangebied.

Op 3 en 4 November 1920 is die operette **Snow White and the Seven Dwarfs** opgevoer. Die opvoering het gunstige kritiek in die plaaslike koerant ontvang en deelnemers is geprys vir hul goeie sang, dialoog en danse:

> "It was very well played and did credit to the sisters and children alike. There were five scenes. The children in their songs, dialogues and dances were excellent, the leading part taken by Fanny Jacobs, as Princess Snow White. Other players were Lily Kemsley (Queen), Esther Jacobs (Huntsman) and Kathleen Donegan.
>
> Little Fanny Jacobs acted the part of Snow White splendidly, being greatly aided in her songs by some unknown little girl, the possessor of a sweetly pretty voice, in the wings. Lily Kemsley made a haughty wicked Queen, Dorothy Fawcett-Peck a dashing Prince and Esther Jacobs

> a picturesque Carl, the Huntsman. The three last named young ladies all had good voices and their songs were much appreciated." [47]

Die gunstige kritiek sou ook herhaal word in die dekades wat gevolg het en die skool was altyd verseker van 'n vol saal. In die dertigerjare is 'n strykorkes op die been gebring wat so goed gevorder het dat dit op 27 September 1938 selfs deel kon vorm van die jaarlikse musiekkonsert wat in die stadsaal aangebied is:

> "There were very few vacant seats in the hall when the curtain was raised for Elliot's 'Liebeslied', played by a string orchestra, which rendered the piece splendidly. Certain phrases of the music presented severe runs, yet the girls expressed these with the same melodious and clean touch that characterised their playing of the easier bars. This was followed by a vocal duet by two of the senior pupils, the Misses Irmi Pochop and Francis Mentz, whose voices blended clearly and harmoniously." [48]

Hierna het 'n operette **Jan of the Windmill** deur Clementine Ward gevolg. Die twee hoofrolle is gesing deur G Kirby (Mev Martendyk) en M Olivier (Jan) en hulle is ondersteun deur 'n geselskap van sestig leerlinge wat deel van die koor gevorm het. Na pouse is 'n toneelstuk **Sculptured** opgevoer.

Die tradisie om toneelstukke saam met 'n musiekprogram aan te bied, het voortgeduur tot in die veertigerjare toe daar op 10 Augustus 1949 twee toneelstukke, naamlik **Isobet** en **The Mechanical Man**, saam met die operette **The Bohemian Girl** in die stadsaal opgevoer is:

> "The Bohemian Girl was pure delight. The solo and chorus singing was of a very high standard indeed and the pupils of the Convent as well as the Sisters deserve very high praise for an excellent effort." [49]

Afgesien van die tradisionele operette het die skool ook verskeidenheidskonserte aangebied waar toneelstukke verskillende instrumente en vokale items afgewissel het. Op 13 Mei 1950 is so 'n verskeidenheidskonsert ten bate van die **Brenda Caudery Trust Fund** in die stadsaal opgevoer. Twee eenbedrywe getitel **Between the Soup and the Savoury** en **In Towerland** is opgevoer saam met sang- en klavieritems asook items deur 'n slagorkes. Wat betref die musiekprogram is daar berig dat daar

> "...some fine singing, several excellent piano solos and duets..." [50]

was.

4.2 Musiekonderrig

Die vroegste verwysing na musiekeksamens by die klooster word in **The Kroonstad Times** van 1918 gevind toe twee-en-twintig leerlinge in eksamens geslaag het. In Mei 1920 het vyf-en-twintig leerlinge van die skool eksamens van Trinity College of Music afgelê in klavier, viool en tjello.

Vanaf 1922 is leerlinge van die klooster ook ingeskryf vir Trinity College se vraestelle in harmonie.

Vanaf 1933 het die klooster ook leerlinge ingeskryf vir die musiekeksamens van die Universiteit van Kaapstad. Gedurende die dertigerjare het die getal inskrywings veral gegroei en teen 1937 het een-en-twintig klavier- en vioolleerlinge in die eksamens van die Universiteit van Kaapstad geslaag en ses-en-twintig in die eksamens van Trinity College of Music.

Vanaf 1949 is eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika afgelê.

5 DIE MUSIEKAFDELING VAN DIE KROONSTADSE TEGNIESE KOLLEGE

5.1 Stigting van die Kroonstad-tak van die Vrystaatse Tegniese Kollege

In 1934 het mnr BC Groenewald, 'n afgetrede handelsonderwyser, hom op Kroonstad gevestig en in die ou Kroonstad Times-gebou in Crossstraat 'n handelskool geopen. Uit hierdie beskeie begin het die latere Tegniese Kollege ontwikkel toe daar van die kant van die owerhede stappe geneem is om die handelskool uit te brei. In 1945 het mnre RB Saayman en WJ Maartens daarin geslaag om die Kroonstad-tak van die Vrystaatse Tegniese Kollege te stig.

5.2 Stigting van die Musiekafdeling

Een-en-'n-half jaar later is 'n musiekafdeling aan die Tegniese Kollege gestig toe mnr Tersteegen van Huyssteen* in Julie 1946 aangestel is as die eerste musiekdosent:

> "'n Nuwe rigting word eersdaags deur die plaaslike tak van die Vrystaatse Tegniese Kollege ingeslaan. Op Maandag 29 Julie aanvaar mnr. Tersteegen van Huyssteen, tans van Lichtenburg, die pos van dosent in musiek, orrel en sang aan die Kollege en sal hy musiek en sanglesse vir volwassenes sowel as kinders gee." [51]

*Sien **HOOFSTUK X**

Hierdie ambisieuse onderneming van die Kollege is gedoen in medewerking met die NG Moedergemeente van Kroonstad wat die dosentepos gekoppel het aan die kerk se orrelpos. Die gemeente het goedgunstiglik 'n lokaal op Kerkplein met 'n klavier, asook die orrel aan die Kollege beskikbaar gestel waar mnr Van Huyssteen tydens die eerste jare les gegee het. Sowat agt-en-vyftig musiekleerlinge het in 1946 by die Kollege ingeskryf.

In Augustus 1946 het mnr Van Huyssteen die Tegniese Kollege Mannekoor gestig en die koor se eerste repetisie het op 23 Augustus aan huis van mej Sarah Wessels plaasgevind. Groot entoesiasme is openbaar vir die koor en op 5 Desember 1946 het hulle eerste konsert in die stadsaal plaasgevind met Blake Toerien as pianis. Die konsert was besonder geslaagd en daar is verwys na die koor as 'n Kroonstadse stigting waarop die hele gemeenskap trots is. Die koor is geprys vir hul afgerondheid en mnr Van Huyssteen se puik afrigting en ook professor PJ Lemmer wat die konsert bygewoon het, het sy waardering uitgespreek.

Met die koor het mnr Van Huyssteen 'n nuwe tydperk in Kroonstad se musiekle-we ingelei waarin koormusiek tot groot hoogtes gevoer is en die Tegniese Kollege 'n leidende rol gespeel het om musiek te bevorder. Dit was ook die begin van 'n lang tradisie van Kollege-konserte wat 'n gewilde jaarlikse instelling geword het.

In 1948 is mnr Jack de Wet* aangestel as die eerste dosent in viool.

5.3 Vroeë ontwikkeling en die eerste konsert

Drie jaar na die stigting van die Musiekdepartement het daar in Augustus en September 1949 sowat dertig leerlinge in teorie-eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika geslaag, sewe-en-sestig in klavier, vier in orrel en een in sang. Toe Jack de Wet in 1949 oorsee is vir verdere vioolstudie, is mej JC van der Merwe BMus, UOLM as viooldosente aangestel. Sy het haar opleiding onder Erwin Broedrich in Pretoria ontvang.

Drie uitstaande musiekstudente aan die Tegniese Kollege het in 1949 beurse verower. Stephina Pieterse het die gevorderde orreleksamen met lof geslaag en het daarmee 'n beurs gewen om met die Finaal-eksamen voort te gaan. Sy het ook 'n beurs gewen vir Harmonie Intermediêr, Toonkunstenaarskap en die Klavierlisensiaat van Trinity College of Music (ATCL). Mej Ronelle de Jager het die Finaal-orreleksamen met lof geslaag en het daarmee die voor-

---

Sien **HOOFSTUK X**

Lisensiaatbeurs verower. Sy het ook klavier-Finaal geslaag met eervolle vermelding. Mej Elsa Bredell het die Finaal-klaviereksamen met lof geslaag en daarmee die voor-lisensiaatbeurs verower. Hierdie drie studente is 'n aanduiding van die deeglike onderrig wat by die Tegniese Kollege geniet kon word.[52]

Ten einde musiekstudente die geleentheid te gee om voor 'n gehoor op te tree het die Tegniese Kollege teen Desember 1949 besluit om jaarliks 'n Studentekonsert in die Stadsaal te gee. Hoofdoel van die konsert was om die selfvertroue van deelnemers te ontwikkel en hulle te laat tuis word op die verhoog.

Die eerste van die musiekkonserte van die Tegniese Kollege, wat ook 'n jaarlikse instelling sou word, het op 9 Desember plaasgevind. In die resensie oor die konsert word daar verwys na die gehalte van die uitvoering van die klavier-, viool- en sangstudente:

> "Die gehalte van klavierspel het gewissel van swak tot uitstekend. Ongetwyfeld wàs daar 'n paar van die jeugdige pianiste van wie 'n mens die hoogste verwagtings kan koester. Netheid, akkuraatheid, diepte en egaligheid in die aanslag en musikale insig het hul onderskei van die meer middelmatige voordraertjies.
>
> Goeie talent is ook openbaar deur 'n paar van die violiste. Hoewel die graad van hierdie groep oor die algemeen nog elementêr was, is daar blyke gelewer dat 'n deeglike fondament reeds gelê is en sien 'n mens met graagte uit na toekomstige prestasies.
>
> 'n Aantal gevorderde studente het sangnommers bestaande uit solo's, duo en kwartet gelewer. Ook hier is waardevolle werk gedoen op die gebied van tegniek sowel as vertolking."[53]

5.4 Die Vyftigerjare

Die eksamenresultate van 1950 het aangetoon dat die musiekdosente aan die Tegniese Kollege hoë standaarde gehandhaaf het:

> "In die finale klaviereksamen het twee studente, Blanda Mynaardt en Olive Yazbek en in die finale sangeksamen het Patricia Hughes eervolle vermelding verdien. Benewens hulle is daar 'n groot aantal leerlinge wat met lof en eervolle vermelding geslaag het."[54]

Die aantal musiekstudente het in 1950 aangegroei tot tweehonderd-twee-en-sestig en tien dosente was verantwoordelik vir hulle onderrig.

Mnr Van Huyssteen het ook die Tegniese Kollege Dameskoor gestig wat in

kunswedstryd van 1950 die hoogste punte in die koorafdeling behaal het.

In 1951 het die musiekpersoneel bestaan uit mnre Van Huyssteen, Fanie van Zyl, Blake Toerien, Jan Coljee en mevv Barbara Louw*, Ethel Baker, Kate van der Merwe, Martie Wege* en Iris Uys.

'n Belangrike deel van die musiekdepartement se musikale opleiding was die deelname aan Kunswedstryde in Kroonstad en elders. In 1951 het drie sangstudente goed gevaar by die Nasionale Eisteddfod in Johannesburg naamlik Pat Hughes, Olive Yazbek en Nohline Mitchell. Pat Hughes is deur die eksaminator van Trinity College, dr T Griffiths, spesiaal vermeld en sy het 'n goue diploma ontvang in die afdelings Afrikaanse solo, Lieder en ballade. Olive Yazbek het goue diplomas ontvang in die kontralto-, solo-, oratorium- en Afrikaanse solo-afdeling. Nohline Mitchell het 'n goue diploma vir Afrikaanse solo gekry en al drie saam is vereer vir hul trio-sang.

Op 28 April 1951 het leerlinge van die Kollege presteer op die Bethlehemse Kunswedstryd. Eronel van Rooyen het 'n beker vir hoogstaande klavierspel verower en 'n verdere groep van ses leerlinge het A-simbole vir klavier ontvang.

Op 28 September is 'n oud-Kroonstadter aangestel as dosente in viool en klavier naamlik Pietra Uys wat pas haar studies aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi het. Omdat mej Uys drie jaar lank in die Konserwatoriumorkes en die Stellenboschse Strykkwartet gespeel het, is haar ondervinding aangewend om 'n orkes by die Tegniese Kollege op die been te bring.

Die aantal eksamenkandidate wat eksamens van UNISA en Royal Schools of Music afgelê het, het ook vermeerder. Drie leerlinge het vir hul besondere prestasies beurse ontvang naamlik Olive Yazbek, Eronel van Rooyen en Sandra Bloch. Eronel van Rooyen was slegs nege jaar oud en het haar klaviereksamen met lof geslaag. Sy het ook eerste pryse op die Winburgse Kunswedstryd verower en die Bethlehemse Kultuurvereniging het daar aan haar 'n beker toegeken vir die hoogste punte. Olive Yazbek (sang) en Sandra Bloch (klavier) het vir 'n tweede agtereenvolgende jaar beurse van UNISA ontvang.

Dr Griffiths het waardevolle opleidingswerk aan die Kollege verrig en sy sangstudente het later besondere hoogtepunte bereik deur die deeglike opleiding wat hulle van hom ontvang het.

Sien **HOOFSTUK X**

Gedurende 1954 het die musiekafdeling een voortreflike dosent verloor en 'n ander gekry toe dr Griffiths op 23 November 1954 aangekondig het dat hy sy eie musiekateljee in Kroonstad sou open terwyl Jack de Wet op / Desember 1954 vir 'n tweede keer aangestel is as dosent in viool nadat hy vir vyf jaar viool onder Oscar Back in Amsterdam studeer het. Hy het les gegee in viool, altviool en tjello en het ook die Kollege-orkes afgerig.

Tydens die Kollege se afsluitingsfunksie in November 1951 het die hoof, mnr FW Louw, in sy toespraak die geweldige vooruitgang van die musiekafdeling geprys. Tydens die destydse sluitingsfunksies is leerlinge se musieksertifikate op plegtige wyse oorhandig en gewoonlik het van die seniorstudente 'n kort musiekprogram gelewer.

Teen 1953 het die musiekafdeling uit vier-honderd-vyf-en-sewentig leerlinge en agtien dosente bestaan. Elf studente het lisensiate verwerf en sowat honderd-en-een leerlinge het in UNISA-eksamens in klavier, orrel, viool en sang geslaag.

Gedurende 1953 is 'n paar nuwe projekte aangepak naamlik die aankoop van 'n konsertvleuel, die stigting van 'n orrelfonds en die stigting van die Kollege-orkes, terwyl die koor van mnr Van Huyssteen reeds bekendheid verwerf het:

> "In the course of the year the College Council purchased a Bechstein Grand piano for the College. The piano, which is used exclusively by visiting artists, for music concerts and examinations in music is thus a great asset to the institution.
>
> Recently an Organ Fund was established and according to the head of the College the response on the part of the public has been spontaneous, as both members of the public and business organisations favour the scheme.
>
> The Kroonstad Choral Society under the baton of Mr. Tersteegen van Huyssteen and Mrs. Ethel Baker as accompanist has already attained fame in Kroonstad and neighbouring towns with the excellent concerts given under the auspices of the College.
>
> The Technical College Orchestra was established during September. Dr. T. Griffiths is conductor. This orchestra consisting of about 20 members, regularly have rehearsals in the Technical College, and according to the conductor, is progressing well." [55]

In April 1953 is dr Teasdale Griffiths aangestel op die musiekpersoneel van die Kollege en groot blydskap het geheers oor sy aanstelling:

> "...the Technical College, indeed Kroonstad itself, is most fortunate in acquiring the services of so experienced and qualified a man in the field of music." [56]

In 1954 het drie studente Onderwyslisensiate van UNISA verwerf naamlik M Hofmeyr (sang), Trudy van Niekerk (klavier) en D Yazbek (klavier).

Die Tegniese Kollege se musiekdosente het besluit om gereeld leerlingkonserte aan te bied om jong musici die geleentheid te gee om voor 'n gehoor op te tree. Hierdie konserte was almal besonder suksesvol en is ook goed deur belangstellendes ondersteun. Die eerste konsert het op 31 Maart plaasgevind:

> "Die eerste leerlingkonsert deur musiekstudente van die Kroonstadse Tegniese Kollege het gisteraand met welslae in die kollege-saal verloop. 'n Vier-en-twintigtal jong ontluikende musici het bydraes gelewer tot 'n besonder kleurvolle program sang-, klavier- en vioolnommers. In al die afdelings is 'n hoë peil van voordrag gehandhaaf en deurgaans is bewys gelewer dat deelnemers grondige afrigting geniet het. Op 'n musiekpersoneelvergadering aan die begin van die jaar is daar besluit om gereelde kwartaallikse uitvoerings te hou ten einde soveel as moontlik van die studente in staat te stel om praktiese voordragservaring op te doen. Daar sal voortaan twee konserte - een vir junior-leerlinge en een vir senior-leerlinge gehou word." 57

Tydens die vierde konsert is ook melding gemaak van die hoë vlak van onderwys wat musiekstudente aan die Kollege geniet het.

> "Die Kroonstadse Tegniese Kollege het verlede Vrydagaand (11 November) die vierde van 'n reeks kwartaallikse leerling-uitvoerings aangebied. 'n Ruim aantal klavier-, sang- en vioolnommers is met welslae uitgevoer en daar was ruim bewys dat die Kollege 'n hoë standaard van onderrig handhaaf. Enkele individuele jong voordraers het besondere talent openbaar en die geleentheid om in die stadsaal voor 'n belangstellende, redelike groot gehoor op te tree, was sonder twyfel waardevolle ondervinding." 58

Mnr Jack de Wet het die Kollege-orkes op die been gebring en op 24 Junie het die orkes vir die eerste keer opgetree in die kollegesaal tydens 'n konsert deur gevorderde studente.

Musiekleerlinge van mevv K van der Merwe en I Uys van die Kollege het in 1955 deelgeneem aan kunswedstryde op Bothaville, Bethlehem en Bloemfontein en het goed presteer.[59]

In 1955 het honderd-en-veertien studente eksamens van UNISA afgelê in klavier, sang, orrel, viool en tjello, waarvan twee-en-sewentig met eervolle vermelding en vier-en-twintig met lof geslaag het. Hierdie prestasie is toegeskryf aan die goeie onderrig wat deur die dosente gegee is:

> "The excellent results, obtained in the recent practical examinations

> of the University of South Africa by music students of the Technical College, are convincing proof that a very high standard of tuition was maintained throughout." [60]

Die begaafde studente wat gedurende hierdie tydperk aan die Kollege studeer het en leerlinge van mnr Van Huyssteen was, se prestasies is verteenwoordigend van die werk wat destyds aan die Kollege gedoen is. Hulle was die kinders van mnr Victor Yazbek, Olive Antonie, Desiree Hadad en Anthony Yazbek:

> "Olive has recently been notified that she has passed the licentiate Performers examination in singing with honours (LRSM). She has four other licentiates to her credit; two for piano UTLM and LRSM teachers. These she obtained before the age of twenty years. She also holds two gold medals for singing won at the National Eisteddfod held in Johannesburg. Desiree, who is a piano licentiate UTLM has also recently passed her final examination in singing with honours. She holds a gold diploma for singing won at the National Eisteddfod in Johannesburg, as well as the gold diplomas for the open singing at the Eistedteddfods in Welkom and Hennenman this year. Anthony, who now passed the final exam in pianoforte with honourable mention, won the gold diplomas at the Welkom and Hennenman Eisteddfods for the open pianoforte. All three are students of Mr. T. van Huyssteen, of the Kroonstad Technical College." [61]

Teen 1957 is 'n versadigingspunt bereik in die aantal musiekleerlinge wat in eksamens geslaag het naamlik honderd-agt-en-dertig. Gedurende die volgende aantal jare het daar jaarliks 'n bestendige aantal studente hul lisensiaateksamens afgelê. Onder hulle was daar Juliana Bennet, Willem Botha, Helen Kidson en Elizabeth Botha (klavier); A Schoonwinkel, Betsie Botha en Barbara Louw (orrel); Trudy van Niekerk, Constance Human en Jean Greybe (sang).

5.5 Die sestigerjare.

Teen 1960 het die musiekdepartement uit dertien dosente en drie-honderd leerlinge bestaan. Op 1 Augustus 1960 het mnr Van Huyssteen die pos as musiekinspekteur aanvaar en het mnr Fanie van Zyl waargeneem as hoof van die musiekafdeling terwyl Margaret Roux vanaf 1 September die sangpos oorgeneem het.

In Januarie 1961 is mnr Josias van der Merwe aangestel by die Tegniese Kollege nadat hy onder Kindoch Anderson in Londen gaan studeer het waar hy die ARCM-diploma verwerf het.

In Januarie 1962 het die musiekafdeling van die Tegniese Kollege die nuwe musiekgebou betrek wat ruim ateljees bevat het. Die doserende personeel het aangegroei tot vyftien.

Op 2 Februarie het mnr Henk van Eck *, Hoof van Musiek 'n vergadering gehou om 'n mannekoor te stig. Mnr Van Eck het ook sedert 1961 'n groot dameskoor afgerig, en by die Kollege ook 'n kamerorkes tot stand gebring. Die orkes het uit drie viole, 'n tjello, kontrabas, fluit, twee klarinette, trompet en klavier bestaan.

Mnr Van Eck het gesê dat die musiekafdeling reeds groot lof ingeoes het van bekende musiekkenners. Volgens professor Leo Quale en mnr Van Rooyen, hoofinspekteur van Unie-Onderwys, het die werk van die musiekafdeling 'n unieke plek in die musiekopleiding van die land ingeneem. Mnr Van Eck het gesê:

> "Dit is geen oordrewe lof as in aanmerking geneem word dat 'n uiters bekwame personeel hier 'n volledige musiekopleiding aanbied, insluitende skoolmusiek, asook blokfluit, orrel en koorsang, asook lisensiaatstudie in al die instrumente." [62]

Twee Kollege-studente het gedurende 1962 besonder goed in klavier presteer, naamlik Ria Kleynhans en Rosina Stevens:

Op 30 Junie het die sewentienjarige Ria Kleynhans, leerling van mnr Josias van der Merwe, deelgeneem aan die 28ste Concerto-fees van die SAUK in Johannesburg. Ria het 'n klavierkonsert van Mozart gespeel tydens die Fees wat in die Grootsaal van die Universiteit van die Witwatersrand plaasgevind het. Op 19 September het sy 'n plaatopname saam met die SAUK-orkes gemaak onder leiding van Anton Hartman wat ook oor die radio uitgesaai is.

Rosina Stevens, 'n dertienjarige klavierstudent van mnr Josias van der Merwe is gekies om op 8 Desember aan die 29ste Concerto-fees in Johannesburg op te tree. Sy het die eerste deel van Mozart se **Konsert in A majeur** gespeel.

Op 20 Oktober 1962 het die musiekafdeling 'n interessante verskeidenheidskonsert in die stadsaal aangebied. Die deelnemers was dosente sowel as leerlinge en het uit die volgende persone bestaan: Rosina Stevens, Barbara Skinner, Fiolinda Kotzé, Jan Swart (klavier), Antoinette Oosthuizen en Pat Marock (sopraan), Olive Antonie (alt), Martie Wege (mezzosopraan), Izak Coetzee (bas), Olga Rademan (begeleidster) en die Tegniese Kollege Kamerorkes onder leiding van mnr Henk van Eck.

---

*Sien **HOOFSTUK X**

Die openingsitem was 'n buitengewone aanbieding van Mozart se **Klavierkonsert in A majeur**: drie van mnr Josias van der Merwe se leerlinge het elkeen 'n beweging uitgevoer; Rosina Stevens die eerste allegro, Barbara Skinner die adagio en Flolinda Kotzé die allegro assai-gedeelte. Mnr Van der Merwe het die begeleiding gespeel. Dit was 'n keurige en afgeronde voordrag:

> "...Die uitvoering het getuig van besondere talent maar veral van deeglike, inspirerende onderwys en afrigting."

Olive Antonie het die Alt-Rapsodie van Brahms saam met die Tegniese Kollegemannekoor en klavier uitgevoer:

> "Mnr. Henk van Eck verdien alle lof vir sy leiding van die alt-rapsodie van Brahms. Olive Antonie met haar diep, donker stem het haar oortuigend ingeleef in die rol. Sy het werklik pragtige sang gelewer en is goed ondersteun deur die mannekoor wat tesame met die solosang deeglik daarin geslaag het om die romantiese pessimisme, wat die komposisie uitbeeld, te skep."[63]

Die werk is deur Olga Rademan begelei.

Izak Coetzee het **Die Horlosie** van Carl Loewe met duidelike diksie en helder, beheersde klank gesing waarna Antoinette Oosthuizen die **Vaarwellied** uit **Jefta** van Handel gesing het. Op die luide toejuiging van die gehoor het sy **Immer leiser wird mein Schlumer** van Brahms as toegif gegee. Albei sangers is deur mnr Van Eck begelei.

Op 1 November 1963 het die Kollege-konsert bestaan uit items deur die Kroonstadse Mannekoor onder leiding van Olga Rademan, sang deur Nohline Mitchell en Pat Marock, en 'n balletuitvoering deur leerlinge van mej Marock, en Dolly Neiman en Josias van der Merwe het as begeleiers opgetree.

Die mannekoor het die program ingelei met **Cantate Domino** van Hässler en **Zitti Zitti** van Verdi. J Kruger wat die resensie geskryf het was verras oor die standaard van die koor:

> "...Die sang was ragfyn, die skakeringskaal kleurvol en wyd, en die geheel onder volle vlotte beheer. Dit het van 'n uiters fyn oor getuig van fyn aanvoeling en van doeltreffende afrigting."[64]

Hierna het 'n balletuitvoering gevolg en J Kruger* het in sy resensie veral vir Elma Wege uitgesonder en het in sy aanprysing oor haar profetiese woorde gerig want Elma Wege sou later een van Suid-Afrika se gewildste prima ballerinas word as solis vir TRUK Ballet:

Sien **HOOFSTUK X**

> "...die solo-uitvoering van Elma Wege - dit was die mooiste van alle ballet wat ek nog in Kroonstad gesien het! - wel ek mag verkeerd wees maar ek het die gevoel gehad of ek die kiem belewe van iets wat groot is." [65]

'n Hoogtepunt in die geskiedenis van die musiekafdeling was die installering in 1963 van 'n twee-manuaal orrel in die Tegniese Kollegesaal.

Op 14 Oktober 1964 het die jaarlikse konsert uit klavier- en sangitems bestaan. Die Tegniese Kollegekoor onder leiding van Nohline Mitchell° (wat haar debuut as koorafrigter gemaak het) het drie werke gesing: **Sanctuary** van Hewitt, **Schlaf wohl du Himmelsknabe** (anoniem) en **Shepherds Dance,** 'n Duitse volkslied. Hierna het Dougy Yazbek (tenoor) twee indrukwekkende solo's gelewer naamlik **Pieta Signore** van Stradella en **Mappari** van Flotow. Nohline Mitchell het **O Del mio amato ben** van Donaudy en **Du Christ avec ardeur** uit Hermann-Emmanuel Bamberg se opera **La Morte de Jeanne D'Arc** gesing. Vier klavierstudente het die program afgesluit naamlik Dalien Pelser in die eerste deel van Mozart se **Klavierkonsert in F majeur** en Rosina Stevens wat Franck se **Simfoniese Variasies** gespeel het. Albei is op 'n tweede klavier deur Josias van der Merwe begelei. Minnie Leonard het 'n musikale vertolking van Mendelssohn se **Variations Serieuses** gelewer en Barbara Skinner het afgesluit met Schumann se **Grillen** en 'n **Nocturne** van Chopin.

Op 12 en 19 Junie 1965 het twee uitstaande klavierstudente van die Kollege in Johannesburg deelgeneem aan die Concertofees. Rosina Stevens het Franck se **Simfoniese Variasies** en Minnie Leonard het Turina se **Sinfonia Rapsodica** saam met die SAUK-orkes onder leiding van Anton Hartman gespeel.*

Die afgelope tien jaar het die studentetal redelik konstant gebly en agt dosente is jaarliks verantwoordelik vir nagenoeg twee-honderd-en-veertig musiekleerlinge. Vanaf 1985 is 'n negende dosentepos goedgekeur.

Die departementshoof, mnr Julius du Toit°, is sedert 1974 verbonde aan die Kollege en is in 1977 in sy huidige hoedanigheid aangestel. Volgens mnr Du Toit het die toewyding van musiekleerlinge die afgelope tien jaar geweldig afgeneem en daar skryf jaarliks minder leerlinge in vir musiekeksamens van UNISA. Die rede hiervoor is moontlik dat ouers hul kinders aanmoedig om in ander studierigtings te presteer en dat musiek eerder as 'n

° Sien HOOFSTUK X

* Sien HOOFSTUK IV vir die operas wat die Kollege in 1968, 1970, 1972 en 1974 opgevoer het.

stokperdjie beskou word. 'n Druk naskoolse program is ook verantwoordelik vir die afname in getalle.[66]

Ten spyte hiervan bly die Tegniese Kollege nog steeds 'n gewilde sentrum waar 'n deeglike musikale opleiding aangebied word. Volgens mnr Du Toit is dit veral hoërskoolleerlinge wat daarby baat om musiek by die Kollege te neem aangesien dit by skole dikwels moeilik is om gereelde en genoegsame periodes vir musiekleerlinge in te ruim. Die Kollege bied onderrig in klavier, orrel, blokfluit, fluit, klarinet, kitaar, sang en teoretiese vakke aan asook groepklasse vir voorskoolse kinders. Vanaf 1983 is die Kollege Dameskoor ook weer op die been en word afgerig deur mev Mitchell. Afgesien van klein kwartaallikse konserte deur musiekleerlinge word daar sedert 1977 'n jaarlikse konsert in die Skouburg aangebied waar ook dosente items lewer. Van die mees uitstaande leerlinge en volwasse studente kry dan die geleentheid om op te tree en hierdie konserte het intussen 'n gewilde jaarlikse instelling geword wat deur 'n groot gehoor ondersteun word.

VOETNOTE

1 **The Friend**, 25 Julie en 9 September 1908
2 **The Kroonstad Times**, 31 Januarie 1918
3 Ibid, 11 September 1925
4 Ibid, 4 Desember 1925
5 Ibid, 10 Februarie 1925
6 Ibid, 20 Maart 1928
7 Ibid, 23 Oktober 1928
8 Ibid, 21 Julie 1933
9 Ibid, 1 Augustus 1919
10 Ibid, 18 November 1932
11 Programnota vir konsert deur Filharmoniese Vereniging op 29 Oktober 1955
12 **The Northern Times**, 4 Maart 1955
13 Ibid, 8 Maart 1955
14 Ibid, 25 November 1955
15 Ibid, 9 Desember 1955
16 **Jubileumblad**, 1970
17 H Churchill in die **Jaarblad**, 1938, p 104
18 **Die Kroonstadter**, 1953, p 42
19 Brief van H de Meutter, Zellik, 12 April 1984
20 **The Kroonstad Times**, 18 Junie 1920
21 **Die Kroonstadter**, 1946
22 Persoonlike onderhoud met mev Rossouw, 29 Januraie 1985
23 **Feesblad** van die Hoër Tegniese Skool de Wet Nel, 1972
24 Persoonlike onderhoud met mev F Crowther, 28 Januarie 1985
25 **Die Noordelike Stem**, 24 Augustus 1962
26 Ibid, 7 Desember 1962
27 Ibid, 31 Augustus 1962
28 Persoonlike onderhoud met mev Du Toit, 31 Januarie 1985
29 Persoonlike onderhoud, 29 Januarie 1985
30 **School Magazine**, 1971
31 Persoonlike onderhoud met mev Pietersen, 6 Februarie 1985
32 Logboek van die skool, November 1920 tot Desember 1933
33 **Die Noordelike Stem**, 22 September 1950
34 Persoonlike onderhoud met mev Du Toit, 20 September 1985
35 **Feesblad**, 1968
36 Persoonlike onderhoud, 7 Februarie 1985
37 **Gedenkblad**, 1983
38 **Feesblad** van 1968 en 1984
39 Kay, Patricia SND de N, **Notre Dame Under The Southern Cross**, p 52
40 Ibid, p 61
41 Ibid, p 65
42 Ibid, p 145
43 Ibid, p 312
44 **The Friend**, 17 Desember 1907
45 Ibid, 17 Desember 1907
46 Op Cit
47 **The Kroonstad Times**, 6 November 1920
48 Ibid, 30 September 1938
49 **The Northern Times**, 12 Augustus 1949
50 Ibid, 19 Mei 1950

51 **Die Noordelike Stem**, 7 Junie 1946
52 Ibid, 9 Desember 1949
53 Ibid, 15 Desember 1949
54 Ibid, 8 September 1950
55 **Die Noordelike Stem**, 1 Desember 1953
56 Ibid, 17 April 1953
57 Ibid, 1 April 1955
58 Ibid, 15 November 1955
59 Ibid, 10 Mei 1955
60 Ibid, 2 September 1955
61 Ibid, 27 September 1965
62 Ibid, 26 Januarie 1962
63 Ibid, 26 Oktober 1962
64 Ibid, 8 November 1963
65 Ibid, 8 November 1963
66 Persoonlike onderhoud met mnr Du Toit, 27 Augustus 1985

HOOFSTUK X

BIOGRAFIESE INLIGTING OOR SOMMIGE VAN KROONSTAD SE BEKENDSTE MUSICI

OLIVE ANTONIE - kontralto*

Olive Antonie (geb. Yazbek) is een van Kroonstad se bekendste musici, maar haar grootste bekendheid het sy buite die grense van Kroonstad verwerf deur haar jarelange radio-uitsendings en optredes oor die hele land.

Olive was die oudste dogter van Victor Yazbek en Freda Yaman, wat self 'n plaaslike musiekonderwyseres was. Die klein Olive se talent is reeds vroeg ontdek en toe sy drie was het sy reeds **Adeste Fideles** tydens 'n Kersfeesmis in Latyn gesing. Toe sy vier was het sy met klavierles begin by die Notre Dame-klooster onder die leiding van suster Louis Xavier Wilkenson en suster Edith of the Assumption Johns. Terselfdertyd het sy ook met dansles begin by mej Fraser en toe sy vier jaar oud was het sy gesing en gedans in die Empire-teater in Johannesburg. Haar eerste radio-uitsending het vanuit Durban plaasgevind waar sy onder die beskerming van Edward Dunn opgetree het terwyl sy maar slegs vyf jaar oud was. Haar skoolopleiding het sy aan die Notre Dame-klooster ontvang waar sy ook goeie verhoogondervinding opgedoen het deur in al die skooloperettes op te tree.

Eers nadat Olive die skool verlaat het, het sy met formele sangopleiding onder Tersteegen van Huyssteen aan die Tegniese Kollege begin en haar klavierstudies onder Blake Toerien voortgesit. Sy het besonder goed presteer en voordat sy twee-en-twintig was het sy reeds vyf lisensiate vir klavier en sang van Trinity College en Royal Schools of Music verwerf en later ook lisensiate van Unisa vir klavier en sang. Sy het gereeld deelgeneem aan die Nasionale Eisteddfod van Johannesburg waar sy talle goue diplomas ont-

---

* Sien Yazbek-familie

vang het. In 1952 is sy genomineer vir 'n oorsese studiebeurs.

In 1953 is sy getroud met 'n Kroonstadse sakeman en omdat sy haar huishouding eerste gestel het, het sy nooit as professionele sangeres gewerk nie. Sy het haar sangstudies onder Betsy De La Porte voortgesit en vanaf 1957 tot 1978 suksesvolle radio-uitsendings vir die SAUK gedoen. Hierdeur het haar besonder mooi kontralto-stem landswyd bekend geraak en is sy na al die groot stede van Suid-Afrika genooi om as solis op te tree. Sy was onder die stok van Edgar Cree, Anton Hartman, Gideon Fagan en Jeremy Schulman soliste, en ook saam met sangers soos Joyce Barker, Nellie du Toit, Gert Potgieter, Gé Korsten en Angelo Gobato. As oratoriumsangeres het sy in al die vernaamste sentra gesing in uitvoerings van **Elijah**, die **Johannespassie**, Beethoven se **Koorsimfonie**, die **Messias**, en **Judas Maccabaeus**. Sy het dikwels saam met die koor van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat opgetree onder leiding van Chris Swanepoel en Erns Conradie, en ook as soliste vir SUKOVS met Japie Human as begeleier. In haar lang loopbaan as radiosoliste het sy saam met die SAUK-orkes onder leiding van Anton Hartman en ook saam met die pianiste Anna Bender en Sini van den Brom opnames gemaak. Omdat haar groot liefde die kunslied is, het sy 'n wye repertorium van liedere van Schubert, Schumann, Wagner, Brahms, Debussy, Bartok, Milhaud en Honegger uitgesaai. Sy het ook 'n opname gemaak van Stephen O'Reilly se radio-opera **The Coming of the Butterflies** en in 1971 het sy as soliste opgetree saam met Nellie du Toit en die SAUK-orkes onder leiding van Edgar Cree in 'n reeks feeskonserte ter viering van die tiende Republiekfees.

'n Hoogtepunt in haar loopbaan was toe sy in 1962 gekies is as lid van die koor wat die **Simfonie van Psalms** onder leiding van Stravinsky uitgevoer het tydens die komponis se besoek aan Suid-Afrika.

In Kroonstad het Olive Antonie in een opera en in verskeie operettes en konserte opgetree. In 1959 het sy 'n hoofrol gesing in die Tegniese Kollege se produksie van **Hansie en Grietjie** saam met die SAUK-orkes onder leiding van Anton Hartman. In 1962 het sy in die Kollege se aanbieding van **Bastien und Bastienne** van Mozart gesing.

Olive Antonie het vir 'n kort periode klavierles gegee aan die Kroonheuwel Volkskool en was van 1974 tot 1980 musiekonderwyseres aan die Afrikaanse Hoërskool. [1]

MYRRHA BANTOCK- regisseuse

Myrrha Bantock is in Engeland gebore en het in 1936 saam met haar eggenoot na Suid-Afrika geïmmigreer. Haar vader was die bekende Britse komponis en dirigent Sir Granville Bantock en in haar ouerhuis het Myrrha opgegroei in 'n atmosfeer van musiek, teater en kuns. Haar vader is gereeld besoek deur musici en skrywers soos Sibelius, Elgar, Delius, Sir Thomas Beecham en Bernard Shaw. Haar kennismaking met hierdie skeppende kunstenaars het 'n blywende indruk op haar gemaak en in haar latere lewe sou sy haar voltyds wy aan die verhoog en beeldende kunste. In Birmingham het sy drie jaar lank aan die Birmingham Art School studeer, en het ook verhoogondervinding opgedoen.

In Johannesburg het sy verhoogontwerp gedoen vir John Connel, die **Festival Ballet Company**, **Reps Theatre** en **Children's Theatre.** In die vyftigerjare het sy na Kroonstad gekom waar sy in 1954 die **Kroonstad Marionette Theatre** gestig het. Vir hierdie teater het sy self die toneelstukke geskryf en haar vader se musiek gebruik as bykomstige musiek.

In 1958 het sy die **Kroonstad Theatre Circle** gestig waarmee sy twee van haar eie dramas opgevoer het naamlik **The Magic Horse** en **Dragon's Daughter**, asook twee werke van Shaw, **Arms and the Man** en **Pygmalion.** Een van haar toneelstukke **Witch Wood** is in Engeland deur King Palmer getoonset.

Afgesien van haar werk as hoof van die kunsdepartement van die Kroonstadse Tegniese Kollege het sy ook die regie waargeneem van talle operettes wat deur plaaslike kunstenaars aangebied is. Terwyl sy in Kroonstad gewoon het, het sy haar vader se biografie geskryf.*

Myrrha Bantock woon tans (1985) in Bloemfontein.

ADRIAN BLAU - violis

Adrian Helmuth Anthony Blau is in 1890 in Engeland gebore van 'n Duitse vader, Maximilian Blau en 'n Skotse moeder, Helen Lundy. Adrian se moeder was 'n hoogs ontwikkelde vrou en 'n talentvolle pianiste. Die Blau-egpaar

---

* **Granville Bantock: a personal portrait** - Londen: JM Dent & Sons LTD,1972

was bevriend met talle vooraanstaande persone in Londense kultuurkringe, sodat die jong Adrian in 'n gekultiveerde milieu grootgeword het. As jong seun het hy dikwels saam met sy vader na Queens Hall gegaan om na repetisies van die Londense Simfonieorkes te luister. Hyself het van jongs af viool geneem en nâ sy moeder se dood ook in Merano, Oostenryk les geneem terwyl hy saam met sy oom in die Pachbach-kasteel gewoon het.

Adrian se lewe was baie kleurvol en alhoewel hy later professioneel as violis en vioolonderwyser gewerk het, het hy nooit formele musiekstudies aangepak nie. Nadat hy by Aldershot, Engeland as 'n soldaat opgelei is, het hy saam met sy vader in 1910 na Suid-Afrika vertrek om 'n seepfabriek in Kimberley te begin. Toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitgebreek het, het, het Adrian by die leër in Suidwes-Afrika aangesluit. Nâ die oorlog het hy na Johannesburg verhuis om daar in orkeste van African Theatres te speel, waar hy ook bevriend geraak het met bekende musici en teaterfigure van Johannesburg. Afgesien van sy vioolonderrig in Johannesburg het hy dikwels per trein na Kroonstad en Bethlehem gereis om les te gee. In 1924 het hy die musiekonderwyseres Cara van Heyningen in Kroonstad ontmoet, en hom na hulle huwelik op Kroonstad gevestig, waar hy tot in 1932 les gegee het en ook 'n strykorkes op die been gebring het. Hy het ook in omliggende dorpe les gegee en 'n musiekvereniging in Bethlehem gestig. In Kroonstad het Adrian as 'n gewaardeerde solis in talle plaaslike konserte opgetree.

In die jare na hul huwelik het Adrian en Cara Blau hul musikale vaardighede op uiteenlopende wyse aangewend om 'n bestaan te kon voer in 'n dekade van ekonomiese depressie en skaars werksgeleenthede. Cara se herinneringe oor hierdie tydperk skets 'n era in die musiekgeskiedenis wat na die koms van die grammofoon en radio, heeltemal verdwyn het:

> "In the 1920s and 1930s there were no radios and Adrian played for every occasion requiring music. Apart from the pupil orchestras he also had a Dance Band. We played for numerous balls (Hospital Balls, Agricultural Balls, etc.) even as far as Reitz. The roads were not tarred and a long trip was a real undertaking. When radios came in use most of the musical jobs disappeared." [2]

Afgesien van die dansorkes het hulle ook kafeemusiek verskaf en vir rolprentvertonings in die Empire-teater gespeel in 'n tydperk toe films nog nie klankbane gehad het nie. In hierdie hoedanigheid het hulle vir African Theatres gewerk, en hulle moes dikwels onder uiters moeilike omstandighede na omliggende dorpies reis om daar op te tree. Hierdie troebadoerbestaan

het sy eie romantiek en amusante insidente gehad:

> "We had some amusing incidents; one patron brought a dozen eggs in exchange for a ticket to the bioscope. Another one wanted a half price ticket because he could only see with one eye! On one trip the front wheel of our car detached itself and rolled away into the veld."[2]

In 1932 het Adrian Blau hom op sy plaas by Clocolan gevestig en is daar in 1947 oorlede. In die tydperk wat hy op Kroonstad les gegee het, het hy 'n waardevolle bydrae gelewer om 'n viooltradisie te vestig waarvan die invloed 'n paar dekades later nog steeds merkbaar was deur studente van hom wat in die latere Kroonstadse orkeste gespeel het en ook verdere vioolstudie onderneem het, soos Pietra Uys, Dawid Japp en Jack de Wet.

Laastens het Cara sy persoonlikheid as volg opgesom:

> "Adrian Blau was not easily daunted by life's drawbacks...(he) was brilliant, talented, witty and sensitive and extremely compassionate as far as the underdog was concerned. He gave many free lessons, also violins for free use to pupils who could not afford to buy them."[2]

JUDITH BRENT-WESSELS - musiekonderwyseres, orrelis en komponis.

Judith Brent-Wessels is op 'n plaas in die distrik Kroonstad gebore. Sy was 'n broerskind van Sarah Wessels, die groot beskermheer van musiek in Kroonstad, asook 'n kleinniggie van Hannah Wessels. Haar ouers was albei musikaal en hulle het sorg gedra dat Judith 'n deeglike musikale skoling kry. Na haar hoërskoolopleiding het sy in Kaapstad onder Colin Taylor en Hely Hutchinson klavier en harmonie studeer.

In Kroonstad was sy orreliste by die Moederkerk en het ook les gegee en aan konserte deelgeneem maar haar belangrikste roeping was haar komposisie en die Afrikaanse lied. **Ken Jy die Land** is een van haar bekendste werke. Vir klavier het sy 'n aantal **Preludes** geskryf, 'n **Scherzo**, 'n **Toondig** met tjello-obligaat, **Tema en Variasies in F mineur** en 'n paar kleiner werke waarvan 'n aantal opgeneem is in die klaviersillabus van UNISA. Die volgende lys toon 'n paar van haar liedere aan wat toonsettings is van gedigte deur Suid-Afrikaanse digters: **Winternag** - Eugene Marais, **Liefde en Dood** - Ignatius Mocke, **Ek Sing Van Die Wind** - Leipoldt, **Sonnet** - Elizabeth Eybers, **Krulkop Klonkie** - Leipoldt, **O Koele Water van die Spruit** - CM van den Heever, Droomtyd -

Eitemal, **Renouncement** - Alice Meynell, **Nagliedjie** - NP van Wyk Louw, **Skoppensboer** (sangsiklus) - Eugene Marais.[3]

Judith Brent-Wessels is tans in Pretoria woonagtig.

ELZA CILLIERS - orreliste

Elza Cilliers (geb Van der Linde) is in Bloemfontein gebore en het haar musiekonderrig van PJ Lemmer ontvang. Sy het aan die Oranje-Meisieskool gematrikuleer en in standerd agt met orrelles by mnr Koornhof begin. Sy was die eerste persoon om die destydse kerkorreleksamen van Unisa te slaag. Na haar skoolopleiding het sy die graad BMus aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat verwerf waar sy onder doktor Arend Koole, mev Gertrude Kautsky, professor Dawid Roode en mnr Derik van der Merwe studeer het. Sy het ook verskeie lisensiate in orrel en klavier verwerf. Nadat sy haar orrelstudie onder Stephanus Zondagh in Johannesburg voortgesit het, het sy in 1963 na Europa vertrek om daar in Brussel by Flor Peeters en in Nüremberg onder Harrasowitch orrel te studeer. Terug in Suid-Afrika het sy by Henk van Eck orrelles geneem in Kroonstad. Hy het sy **Koraalvoorspel oor Gesang 52** aan haar opgedra en sy biblioteek van orrelmusiek aan haar bemaak.

Elza Cilliers se verbintenis met Kroonstad het in 1957 begin toe sy aangestel is as orreldosente aan die Tegniese Kollege. Vanaf 1957 tot 1970 was sy orreliste in die NG kerk Kroonstad-Suid. Hier het sy 'n sterk kerkkoor op die been gebring en gereeld kersuitvoerings gegee asook verskeie kantates uitgevoer. Sy het ook 'n kinderkoor binne die gemeenteverband afgerig.

In 1971 is sy aangestel as orreliste van die Kroonstad-Noord kerk en hier het sy belangrike aanvoorwerk gedoen om die kerk se unieke orrel te restoureer en te vergroot. In die gemeente het sy ook dikwels kore soos die universiteitskore van Potchefstroom en Oranje-Vrystaat asook belowende orrelstudente van die verskillende universiteite genooi om saam met haar by spesiale eredienste op te tree.

Die Drakensbergse Seunskoor het al by drie geleenthede saam met haar in die kerk opgetree, en sy het by geleentheid al plaaslike skool- en kerkkore in die kerk verenig vir sangdienste.

Afgesien van mev Cilliers se pos as dosente by die Tegniese Kollege het sy ook aan die Notre-Dame-klooster orrelles gegee en is sedert 1971 musiekonderwyseres aan die Suidrand-Volkskool. Sy is ook 'n aktiewe lid van die Kroonstadse Tak van die Musiekonderwysersvereniging en het in hierdie verband waardevolle bydraes gelewer in die organisering van die kunswedstryde.[4]

ROBERT DAY - orrelis en bariton

Bob Day het vanaf die vyftigerjare gereeld as bariton in talle plaaslike produksies opgetree en is tans orrelis van die Metodiste- en Anglikaanse Kerk.

Robert Henry Day is in 1916 in Bethnal Green, Londen gebore. Sy vader en suster was albei goeie sangers en sy groot liefde vir musiek het hy ontwikkel deur die talle huiskonserte wat sy familie gehou het. Toe hy elf jaar oud was het hy met klavierles begin maar moes na twee-en-'n-half jaar weer ophou omdat die familie na 'n ander voorstad van Londen verhuis het. Hier het hy sy musiekloopbaan voortgesit deur 'n lid van die Leyton Methodist Church Choir te word. Sy mooi stem het so goed ontwikkel dat hy aangeraai is om sangles te neem. Op een-en-twintig het hy met formele sangstudies aan die Metropolitan Academy of Music begin maar sy studie is na twee jaar onderbreek toe die Tweede Wêreldoorlog in 1939 uitgebreek het. Hy is opgeroep om by die Koninklike Lugmag aan te sluit en in 1941 is hy na Suid-Afrika gestuur waar hy by die Nr. 7 Lugskool te Kroonstad gestasioneer is. In 1944 het hy met 'n Kroonstadse dame getrou en nadat hulle vir twee jaar in Engeland gaan woon het, het hy hom in Julie 1947 in Kroonstad gevestig.[5]

In Kroonstad het Bob Day gou ingeskakel by die plaaslike musieklewe deur sy sangstudies onder Ethel Baker en dr Griffiths voort te sit. Hy het solo's in plaaslike konserte gesing asook in mnre Van Huyssteen en Van Eck se kore. Hy was ook 'n aktiewe lid van die Filharmoniese Vereniging waarvan hy 'n komiteelid was en het talle hoofrolle in operettes van die Vereniging gesing.

BELLA DE VILLIERS - musiekonderwyseres en orreliste

Bella de Villiers is een van die veterane van die Kroonstadse musieklewe en het haar hele lewe daar gewoon en gewerk. Sy is as Bella Boje in 1918 in Senekal gebore maar haar ouers het na Kroonstad verhuis toe sy slegs 'n paar maande oud was. Bella het haar musiektalent van haar moeder geërf en haar liefde vir musiek het op 'n vroeë ouderdom tot uiting gekom in lustige spel op 'n leë paraffienblik. Toe haar vader 'n klavier aangeskaf het, het sy by mev Booysen, mejj Evelyn Green, Gretchen Krebser en later ook by twee onderwyseresse van die Sentrale Volkskool les geneem naamlik mev ME Dovey (later mev Toerien) en mej Knipe.

Mev Dovey en mej Knipe het meegewerk om 'n klavier- en sangboekie uit te gee waarvan die musiek en illustrasies deur mev Dovey en die teks deur mej Knipe geskryf is en wat tussen die jare 1927 tot 1929 gepubliseer is. Mev De Villiers is uit hierdie boekie onderrig en sy onthou nog steeds die musiek en liriek van een van die liedjies:

"Valschrivier jij loop so sag
na die Vaalrivier wat vir jou wag.
Krij jij dan nie somtijds lus
om so nou en dan te rus?
Laat jou koue bedje staan
Kom kyk hoe mooi lijk dit hiervandaan,
Bloem en blaar oral sien jij,
Hulle dans en sing want hul is bly."

Gedurende haar hoërskoolloopbaan het Bella by mev Kleinschmidt klavier geneem en orrel by MC Roode, en die LTCL- en ATCL-diplomas verwerf. In 1941 het sy 'n orrelpos op Viljoenskroon gehad en in 1942 op Edenville, waar sy ook klavierles gegee het. Vanaf 1945 het sy en haar eggenoot, wat ook uit 'n musikale familie stam en wie se vader, Frederick Augustus de Villiers die eerste orrelis van die NG Moederkerk was, hulle op Kroonstad gevestig. Mev De Villiers het aanvanklik by haar huis les gegee en was later vir sewentien jaar lank 'n dosente in klavier aan die Tegniese Kollege. Sy het ook verskeie orrelposte beklee en was die eerste orreliste van die NG Kerk Mörewag.

As musiekonderwyseres het sy 'n waardevolle bydrae gelewer tot die musikale opvoeding van die dorp se jeug en het 'n hele aantal beurswenners voortgebring waarvan 'n paar verdere graadstudies in musiek gevolg het.

Mev De Villiers se twee begaafde kinders het op vroeë ouderdomme reeds besondere prestasies behaal. Haar dogter Elizabeth (gebore 1943) het reeds op vierjarige ouderdom haar eie improvisasies gespeel en later les geneem by Kate van der Merwe, Barbara Louw en Fanie van Zyl, en BMus aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat behaal. Die seun Augustus Frederick (Gussie) gebore 1948, het vandat hy agt jaar oud was by Barbara Louw klavierles geneem en het later ontwikkel in die dorp se mees belowende jong pianis. Hy het talle toekennings op kunswedstryde in Kroonstad en Bloemfontein verower en op tienjarige leeftyd het hy die Haydn **Klavierkonsert in D majeur** saam met die Johannesburgse Simfonie-orkes uitgevoer tydens 'n jeugfees in 1959. Hy het egter sy tweede liefde, naamlik tale, sy loopbaan gemaak en is tans 'n lektor in Engels aan die Potchefstroomse Universiteit.[6]

JACK DE WET - violis

Jack de Wet was vir twee verskillende periodes as viooldosent verbonde aan die Kroonstadse Tegniese Kollege naamlik in 1949 en weer vanaf 1955. Hier het hy waardevolle bydraes gelewer tot die onderrig van violiste, altvioliste en tjelliste en het hy ook die Kollege-orkes op die been gebring wat later die kern sou vorm van die orkes wat dr Griffiths gebruik het vir sy opera- en oratoriumaanbiedings. Op die Kroonstadse konsertverhoog was Jack de Wet 'n geliefde kunstenaar en sy uitvoerings, begelei deur Barbara Louw, het vir jare in die herinnering van musiekliefhebbers voortgeleef as uitsonderlike musikale ervarings.

Hy is op 25 Augustus 1927 op Aliwal-Noord gebore. Sy ouers het geen musikale aanleg getoon nie. Op sewejarige ouderdom het hy sy eerste vioolles in Pretoria ontvang en 'n jaar later is hy reeds oor die radio gehoor. Hy het aan die Pretoria Boys High School gematrikuleer en sou in die ingenieurswese gaan studeer voordat hy gehoor het dat UNISA hul voorlisensiaatbeurs aan hom toegeken het, en dat hy ook twee studiebeurse van die Universiteit van Kaapstad ontvang het. In 1944 het hy dus na Kaapstad vertrek om daar twee jaar lank viool onder professor Eric Grant en Editha Braham te studeer. Hier het hy waardevolle ondervinding in orkesspel opgedoen en ook verskeie vioolkonserte saam met die Kaapstadse Stadsorkes uitgevoer. In 1947 het hy assistentvioolonderwyser by Erwin Broedrich se musiekskool in Pretoria geword en onder mnr Broedrich se leiding UNISA se onderwysers- en voordraers-

lisensiate met lof geslaag. Nadat hy ook in Bloemfontein les gegee het, is hy aan die einde van 1948 aangestel as viooldosent aan die Tegniese Kollege op Kroonstad.[7] In 1950 het hy na Amsterdam vertrek waar hy vir vyf jaar onder Oskar Back gaan studeer het. Hy is weer vanaf Januarie 1955 aangestel op die personeel van die Tegniese Kollege op Kroonstad.

Jack de Wet se mees uitstaande vioolleerlinge op Kroonstad was Pietra Uys, Dawid Japp en Charlotte Moyses, 'n susterskind van Barbara Louw. Mej Moyses het later saam met die De Wet's na Johannesburg verhuis waar sy op sestienjarige ouderdom by die SAUK-orkes as kadet aangesluit het.

Professor Jack de Wet is tans (1985) Hoof van die Musiekdepartement van die Universiteit van Port Elizabeth.

JULIUS DU TOIT - hoof van die Musiekafdeling van die Tegniese Kollege en orrelis

Julius du Toit is in Krugersdorp gebore waar hy sy vroeë musiekopleiding by Eileen Manners se musiekskool ontvang het. Daarna het hy BMus aan die Potchefstroomse Universiteit behaal waar hy klavier onder Septimus Smuts, sang onder Naomi Papé en orrel onder professor MC Roode studeer het. Hy was twaalf jaar verbonde as musiekonderwyser aan die Dale College in King William's Town waar hy ook 'n goeie skoolkoor op die been gebring het. As orrelis van die Holy Trinity Anglikaanse Kerk aldaar het hy 'n deeglike opleiding in kerkmusiek ontvang deur elke jaar die Anglikaanse Kerk se somerskool vir orreliste en koorleiers by te woon.[8]

In 1974 het hy na Kroonstad gekom as dosent by die Tegniese Kollege en is vanaf 1977 Departementshoof. Hy het ook as orrelis opgetree by die NG Gemeente Môrewag en die Moederkerk. Hy is Voorsitter van die plaaslike tak van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers en sedert 1975 die SAVMO se Vise-President in die Vrystaat.

Mnr Du Toit doen waardevolle werk vir die welsyn van musiek in Kroonstad en beywer hom veral om musiekonderwysers van die dorp op sosiale vlak te verenig om daardeur werksaamhede te bevorder en 'n samehorigheidsgevoel te kweek.

JC FOWLER - bariton

Jim Fowler het hom aan die Universiteit van Kaapstad as onderwyser bekwaam waar hy 'n MA-graad behaal het. Hy het in Fauresmith, Bethlehem en Kimberley skoolgehou voordat hy hom in 1925 in Kroonstad gevestig het waar hy vir veertig jaar lank 'n prominente plek op onderwysgebied ingeneem het asook in die openbare lewe waar hy jare lank stadsraadslid was asook burgemeester.

Sy groot liefde en stokperdjie was musiek en as bariton het hy in bykans elke konsert deur plaaslike kunstenaars opgetree. Hy was 'n aktiewe lid van die Kroonstadse Koorvereniging van mnr Van Huyssteen en het ook op die bestuur gedien. Sy sangmaats was Willie Lebherz, Fêbé Williamson en Marie Joubert en hulle het dikwels met groot sukses kwartette gesing en by geleenthede selfs by die Johannesburgse Eisteddfod lof ingeoes.

As lid van die stadsraad het hy baie invloed gehad om musiek te bevorder en hy het byvoorbeeld gehelp om geld in te samel vir 'n kleinteater en aanvoorwerk gedoen vir die beplanning van die Skouburg.

RUTH GOVEIA - pianiste

Ruth Goveia is een van die belowendste pianiste wat Kroonstad opgelewer het. Sy is op 7 Augustus 1958 in Johannesburg gebore maar het haar skooloopleiding in Bloemfontein begin waar sy klavier by mej Walker geneem het. Toe sy nege jaar oud was het haar ouers na Kroonstad verhuis waar sy by die Engelse Primêre-skool en die Kroonstadse Hoërskool skoolgegaan het. Haar Kroonstadse musiekonderwyseresse was Olga Rademan, Katie van der Merwe, Yvonne Rossouw en Marie Wels. Sy het musiek as matriekvak geneem en uitstaande prestasies behaal op die Kroonstadse Kunswedstryd.

Aan die Universiteit van die Vrystaat het sy die graad BMus (Ed) verwerf waar sy 'n klavierstudent van mnr Nils Kayser was. Hierna is sy toegelaat om aan die College Conservatory van die Universiteit van Cincinnati in die Verenigde State te studeer, waar sy haar leermeesters Frank Weinstock en Béla Siki beïndruk het met haar klavierrepertorium en afgeronde tegniek. Afgesien van haar klavierstudie het sy ook 'n aantal kursusse in musiekgeskiedenis, begeleiding en analise van twintigste-eeuse komposisies gevolg vir die graad MMus wat sy behaal het.

Dit was deur haar besondere talent en aanvoeling vir begeleiding dat die aandag van verskeie vooraanstaande Amerikaanse musici op haar gevestig is. Sy is deur een van Amerika se mees gesiene kamermusiekgroepe, die La Salle Quartet, uitgenooi om hulle pianiste te word, 'n posisie wat sy vir 'n jaar beklee het en een waarin haar voorliefde vir kamermusiek aangewakker is. 'n Tweede eer wat haar toegeval het was om deur die opera-afdeling van die Universiteit van Cincinnati aangestel te word as repetisiepianiste vir 'n produksie van **Falstaff**. Hierdeur het sy die geleentheid gehad om saam met die gesiene direkteur van die Metropolitan Operahuis in New York, Italo Tajo, te werk.

Tydens die talle klavieruitvoerings wat sy in Amerika gegee het, het sy werke van jong Amerikaanse komponiste gespeel wat sy persoonlik ontmoet het. Sy is deur die Composers Guild van Cincinnati gevra om in twee konserte op te tree waar sy werke van hedendaagse komponiste soos Rick Campbell gespeel het.

Ter vervulling van haar eksamen, het sy twee openbare uitvoerings gegee. Werke van Bach, Schubert en Messiaen het een program gevorm, en die ander was 'n kamermusiekkonsert in medewerking met die Suid-Afrikaners, Karen Combrink (klarinet) en Gina Beukes (viool).[9]

DR TEASDALE GRIFFITHS - musiekonderwyser, orrelis, dirigent en komponis

Dr Griffiths se ouers was van Walliese en Skotse afkoms en hy is in Belfast, Noord-Ierland gebore. Op jeugdige ouderdom het hy reeds belangstelling in musiek getoon en was 'n koorknaap in die Belfast Katedraal waar hy later solis geword het. Op veertienjarige ouderdom was hy assistentorrelis van die katedraal.

Terwyl hy verskeie poste as orrelis en musiekonderwyser aan verskillende seunskole beklee het, het hy vanaf 1919 'n reeks kwalifikasies verwerf naamlik FRCO, FTCL, LRAM (sangonderwys), ARCM (komposisie), BMus (1927) en DMus in 1931 aan die Universiteit van Manchester. Gedurende sy BMus-studie is die Hargreaves Exhibition aan hom toegeken vir uitstaande prestasie. Terwyl hy twee jaar lank aan die Royal Manchester College of Music studeer het, het hy 'n Diploma in Komposisie (1927), ontvang.

Oor dr Griffiths se vriendelike geaardheid en buitengewone redenaarsvermoë is as volg berig:

> "...he has that friendly personality which makes him easy to talk to and interesting to discuss matters with. He never 'talks down' to his audience, but rather contrives to choose his language so that even the most ignorant on the subject of music find they understand clearly what he describes and illustrates, and their appetite is whetted for more knowledge of, and their interest aroused in, this comprehensive art, Music." [10]

Dit was deur hierdie spesiale talent van hom dat hy vir 'n lang tyd lektor was in die Buitemuurse Department van die Universiteit van Liverpool, en ook verbonde was aan die Hallé Orchestral Society (Manchester), die Liverpool Philharmonic Society, The Workers' Educational Association en gedurende die Tweede Wêreldoorlog was hy ook aan die Britse Verdedigingsmag verbonde as instrukteur.

As uitvoerende kunstenaar was dr Griffiths vir jarelank aktief besig met orreluitvoerings in Belfast en Manchester, asook by die Manchester Universiteit en ook elders in Brittanje. In Suid-Afrika en Rhodesië het hy voor sy aanstelling in Kroonstad ook reeds 'n hele paar uitvoerings gegee.

As dirigent het dr Griffiths waardevolle werk gelewer in Birkenhead, Engeland, waar hy die stigter en dirigent was van die Birkenhead Professional Orchestra en die Birkenhead Philharmonic Society en hy was vir baie jare dirigent van die Oratorio Choral and Operatic Society.

Dr Griffiths se veelvuldige musiekaktiwiteite het uiteindelik ook gelei tot radio-uitsendings as komponis, orrelis en dirigent van die Birkenhead Philharmonic Society en die BBC Northern Orchestra. Hy het ook 'n reeks van sewentien praatjies oor musiekeksaminering vir die SAUK in Kaapstad laat opneem en uitsaai.

In Engeland het dr Griffiths dikwels opgetree as beoordelaar in koor-, vokale-, instrumentale- en spraakafdelings van talle kunswedstryde. In Suid-Afrika het hy beoordeel by die Nasionale Eisteddfod van 1951 en 1952 in Johannesburg en by die Pretoriase Kunswedstryd in 1952. Gedurende Mei 1953 het hy by die Kaapstadse Eisteddfod opgetree as beoordelaar in sang, klavier en strykinstrumente.

As eksaminator het dr Griffiths wyd uiteenlopende ondervinding gehad. Afgesien van sy onderrig in bykans alle vertakkinge van musiekeksamens was hy vir

tien jaar lank (1943-1953) aan Trinity College of Music verbonde as eksaminator.

Dr Griffiths was ook die stigter van die Correspondence Academy of Music in South Africa. Hierdie akademie het hy gestig nadat talle musiekleerlinge en onderwysers in Suid-Rhodesië hom om hulp gevra het in teoretiese kursusse.

In April 1953 het dr Griffiths na Kroonstad gekom waar hy aangestel is as musiekdosent aan die Tegniese Kollege. Hy was ook orrelis van die Presbiteriaanse Kerk en die enigste noemenswaardige orrelis wat daar opgetree het. Hy het etensuurkonserte in die kerk gegee vanweë die sentrale ligging daarvan. Dr Griffiths het later sy eie musiekateljee geopen waar hy een van sy mees uitstaande sangleerlinge, Nohline Mitchell, opgelei het. As stigter van die Kroonstad Philharmonic Society het hy sy grootste bydrae tot die musieklewe van die dorp gelewer. Hierdeur het hy 'n Kroonstadse orkes ontwikkel en aan plaaslike kunstenaars die geleentheid gegee om in opera en oratorium op te tree. Dr Griffiths was lid van die Musiekvereniging en het koormusiek onder die Swart bevolking van die dorp bevorder. Dit was 'n groot verlies vir die dorp toe hy Kroonstad gedurende die middel van 1965 verlaat het om hom in Johannesburg te vestig.

DAWID JAPP - violis

Dawid Japp is in Kroonstad gebore en het in 1948 met vioolles by Jack de Wet begin. Daarna het hy ook by Pietra Uys en dr Griffiths les geneem terwyl mnr De Wet oorsee was. Later het hy by Erwin Broedrich in Pretoria verder studeer en 'n lisensiaat afgelê.

Sy klavieropleiding het hy van Katy van der Merwe en Tersteegen van Huysteen ontvang en het later lisensiate van UNISA en Trinity College of Music verwerf.

In 1956 het hy in Heidelberg (Transvaal) musiekonderwys gegee en vanaf 1957 tot 1959 was hy 'n dosent in viool en blokfluit aan die Kroonstadse Tegniese Kollege. In 1960 het hy sy eie musiekateljee op Kroonstad behartig. Tussen 1961 en 1970 het hy op Welkom en Odendaalsrus musiekonderwys gegee en op

1 Oktober 1970 is hy aangestel as Inspekteur van Skoolmusiek in Suidwes-Afrika. Vanaf 1979 is hy in Natal waar hy in 1981 aangestel is as Senior-vakadviseur in Skoolmusiek van die Departement Indiëronderwys.[11]

Dawid Japp was in Kroonstad bekend vir sy talle viooluitvoerings en vioolsolo's tydens orreluitvoerings en ander plaaslike konserte. Hy was ook leier van dr Griffiths se orkes.

PAUL JOHL - koorleier

Paul Johl is in die Paarl gebore waar sy vader 'n Lutherse predikant en self leier van sy kerkkoor was. Paul het van sy vyftiende jaar af in die koor gesing en sodoende 'n liefde vir koormusiek ontwikkel. Hy het ook vioolles by professor Metzler in die Paarl geneem.

Vanaf 1951 tot 1954 was hy onderwyser aan die Kroonstadse Hoërskool waar hy veel verrig het om koormusiek te bevorder. Hy het musiekteorie by mej Hannah Wessels geneem en sang by Tersteegen van Huyssteen om homself beter toe te rus vir sy taak as koorleier. As student aan die Onderwyserskollege te Paarl het hy sangteorie en koorafrigting bestudeer en in die Universiteitskoor van Stellenbosch onder professor Gawie Cillie gesing. Aanvanklik het hy slegs sang vir standerds ses tot agt gegee maar later ook vir standers nege en tien. Skooldogters asook mev Rina Swart het die klavierbegeleiding vir sy kore gedoen. Later het die belangstelling vir deelname aan kunswedstryde gekom waar sy twee- en driestemmige dogterskore met werke soos **Morning Leaves** van R Strauss en **Peaceful Night** van E German A-simbole behaal het.

Mnr Johl was ook die stigter van 'n Duitse koor aan die Hoërskool wat vir 'n aantal jare bestaan het en later deur Rina Swart voortgesit is. Hierdie koor het in sy Duitse klasse ontstaan waar hy Duitse liedjies laat sing het ter wille van die uitspraak. Die koorlede het vir konserte Dirndl-drag gedra en tweestemmige liedjies soos **Auf der Lüneburger Heide, Wenn alle Brünnlein fliessen** en **Ein Tiroler wollte jagen** is met trekklavierbegeleiding uitgevoer.

In 1954 het sy senior koor ontwikkel in 'n vierstemmige koor en werke soos

Der Jägerchor van Weber en **In this Hour of Softened Splendour** van Pinsuti uitgevoer waarmee A-simbole by die kunswedstryd behaal is. Die koor het ook by nasionale feesdae en in kerke opgetree.[12]

As ondervoorsitter van die Kroonstadse Musiekvereniging het hy meegehelp om kunstenaars soos Mimi Coertse en Erwin Broedrich na Kroonstad te bring.

WINNIE KLEINSCHMIDT- musiekonderwyseres en orreliste

Winifred Franklin Kleinschmidt (mej Hill) is op 28 November 1898 in Kroonstad gebore. Haar vader, mnr Frank Hill, was een van die pioniers van Kroonstad en 'n leidende figuur in die dorp. Winnie het in die pragtige familiewoning **The Terraces** op die oewer van die Valschrivier grootgeword, 'n huis wat dikwels 'n middelpunt van die sosiale lewe van Kroonstad was:

> "Their picturesque garden terraced to the riverbed was the appropriate setting for garden parties when officials of high standing were entertained in Kroonstad. Ladies in trailing stately empire-styled gowns with flower trimmed hats graced the lawns at these festive occasions."[13]

Mnr Hill was ook een van die eerste persone om 'n grammofoon in Kroonstad te besit en daar is gereeld plate-aande aan sy huis gehou. In 1914 het mnr Hill 'n volledige opname van die **Messias** saamgebring na 'n besoek aan Europa en het 'n plate-uitvoering daarvan in die stadsaal gegee.

Winnie Hill het van jongs af gereeld in die openbaar opgetree en weldra het haar naam op bykans al die plaaslike konsertprogramme verskyn. In 1919 het sy saam met 'n paar jong dames 'n konsertgroep **The Flappers** gevorm en was ook orreliste in die Metodistekerk. Na haar skoolopleiding het sy aan die Hugenote Seminarie in Wellington musiek studeer, en in 1922 het sy na Londen vertrek om daar aan die Royal Academy of Music te studeer. By haar terugkeer na Suid-Afrika het sy op Kroonstad musiek gegee en is in 1927 getroud. Sy het haar veral toegelê op gevorderde studente en het gewoonlik die lisensiaatleerlinge van ander onderwysers afgerond. As lid van verskeie musiekverenigings het sy 'n waardevolle bydrae gelewer om besoekende kunstenaars na die dorp te nooi en te onthaal. Sy was ook vir 'n aantal jare orreliste van die St. Johns Kerk. Sy is in 1979 oorlede.[14]

DR JOHAN KRUGER - resensent

Dr Kruger is in Fouriesburg gebore en het in Kestell opgegroei. Sy liefde vir musiek is deur sy moeder ontwikkel by wie hy ook sy eerste klavierles ontvang het. Aan die Grey Universiteitskollege het hy klavierles by Wansborough Poles geneem maar dit nooit sy erns gemaak nie.

Vanaf 1933 het hy in die medisyne studeer in Amsterdam, waar hy vir Jan Bouws ontmoet het. Hierdie vriendskap sou vir jare voortduur tot nadat Bouws later na Suid-Afrika geïmmigreer het.

In Europa het Johan Kruger sy musiekkennis verbreed deur as gereelde konsertganger konserte van die Concertgebouw-orkes by te woon asook die Bayreuthfeeste in Duitsland.

In 1953 het hy in Kroonstad as geneesheer kom werk waar hy hom dan ook ingeskakel het by die kultuuraangeleenthede van die dorp. Hy was lid van die Kroonstadse Teatergroep en het gedurende die sestigerjare resensies oor musiekkonserte in Kroonstad geskryf.[15]

HILLIE LEBHERZ - tenoor

Wilhelm Adolf Lebherz is op 12 Mei 1910 in Winterthur, Duitsland, gebore. Toe sy vader in 1918 gedurende die oorlog in Frankryk gesneuwel het, het hy saam met sy moeder na haar geboorteland Switserland vertrek, waar hy opgegroei het. Hy het op vyfjarige ouderdom met vioolles begin en het in 'n Switserse seunskoor gesing. Sy viool- en sangstudies het hy later in Nüremberg en Stuttgart voorgesit en in 1928 na Suid-Afrika geïmmigreer. Vanaf 1946 het hy in Kroonstad gewoon waar hy as amateursanger in talle konserte gesing het. Hy het die aanvoorwerk gedoen vir die stigting van die Kroonstadse Mannekoor deur mnr Henk van Eck en was later onder mev Rademan se leiding 'n lewenslange lid van die koor. As violis het hy in die Kroonstadse Filharmoniese Orkes onder dr Griffiths gespeel.[16]

BARBARA LOUW - pianiste, musiekonderwyseres en resensente

Barbara Louw is op Kestell gebore waar haar vader predikant was en sy haar skoolopleiding ontvang het. Gedurende dié jare het sy klavieronderrig van mej Dina van Rensburg ontvang. Terwyl sy aan die Normaalkollege in Bloemfontein studeer het, het sy onder leiding van PJ Lemmer die UVLM-diploma in klavier van die Universiteit van Suid-Afrika behaal.

In 1943 het haar eggenoot hoof geword van die Junior Hoërskool op Hennenman en het sy op Saterdae per trein na Kroonstad gereis om klavierles by MC Roode te neem vir die UOLM-diploma wat sy in dieselfde jaar behaal het. Pas na die eksamen het mnr Roode 'n leerlingkonsert in die Kroonstadse stadsaal aangebied waartydens Barbara Louw haar debuut as pianiste gemaak het met twee Impromptu's van Schubert.

Vir die res van haar verblyf in Hennenman tot aan die einde van 1947 asook tydens haar verblyf daarna in Kroonstad wat oor twee periodes gestrek het, naamlik 1948 tot 1951 en weer vanaf Oktober 1954 tot April 1960, het sy haar klavierstudies voortgesit by Blake Toerien. Onder die leiding van mnr Van Huyssteen het sy in 1957 die UOLM-diploma in orrel behaal. Sy was ook 'n dosente aan die Tegniese Kollege waar een van haar uitstaande leerlinge die jong Gussie de Villiers was.

As pianiste het sy dikwels saam met verskillende plaaslike kunstenaars in Kroonstad en omliggende dorpe opgetree. Saam met die Kroonstadse Koorvereniging het sy in 'n reeks konserte opgetree met werke soos Brahms se **Rapsodie in B-mineur, The Maiden and the Nightingale** van Granados en **Tuine in die Reën** van Debussy. As begeleidster vir die violis Jack de Wet het sy opgetree in dorpe soos Bothaville, Frankfort, Sasolburg en by die Universiteit van Potchefstroom. Saam met die mezzosopraan Martie Wege en violiste Pietra Uys het sy in Welkom, Viljoenskroon en Kroonstad opgetree in 'n driemanskonsert in November 1951 ten bate van die Kreupelsorg.

In 1956 het die hoof van die Tegniese Kollege, mnr Johan van Niekerk, die SAUK-orkes uitgenooi na Kroonstad en by die geleentheid het Barbara Louw die eerste deel van die **G-mineur Klavierkonsert** van Mendelssohn saam met die orkes gespeel. Van die konsert onthou sy die volgende insident:

> "Na hierdie konsert het die burgemeester, 'n liewe goeie man, maar wat nie Engels goed magtig was nie, die 'band' plegtig bedank vir hulle goeie optrede!"[17]

In die Kroonstad-Suid kerk het sy saam met die orreliste Elza Cilliers die eerste deel van Beethoven se **Klavierkonsert** nr 3 gespeel en later op Bultfontein weer die **G-mineur Konsert** van Mendelssohn.

Gedurende 1950, tweehonderd jaar na die sterfjaar van JS Bach, het sy die orrelis Willem Mathlener, toe nog orrelis in Vereeniging en later Direkteur van die Konservatorium in Pretoria, genooi om 'n uitvoering van Bach-orrelwerke in die Kroonstad-Noord kerk te gee:

> "Ek moes later uit my eie skamele spaarboekie vir hom 'n klein vergoeding stuur vir al sy harde werk, want dit was destyds ondenkbaar dat 'n kerkraad geld vir so 'n doel sou bewillig. Daar het die aand glo darem een ouderling uitgestap!"

Barbara Louw het ook oor die musiekkonserte van plaaslike en besoekende kunstenaars resensies geskryf vir die **Noordelike Stem**. Haar besondere vloeiende en soms poëtiese skryfstyl, haar fyn waarneming en akkurate beskrywings van die atmosfeer van konserte asook die insig waarmee sy haar eerlike kritiek uitgeoefen het, het getuig van 'n grondige kennis van stilistiese eienskappe en tegniese vereistes. In Kroonstad se musieklewe tel haar resensies onder die waardevolle bydraes op hierdie gebied.

Mev Louw was tot aan die einde van 1983 op die personeel van die Musiekdepartement van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat waar sy 'n dosente in kerkmusiek en orrel was.

Sy het saam met Jacobus Kloppers en dr G G Cilliê vier bande van Liturgiese Orrelmusiek saamgestel wat uitgegee is deur die NG Kerk van die Oranje-Vrystaat se Sinodale Kommissie in samewerking met die Afdeling Kerkmusiek aan die UOVS.

PATRICIA MAROCK - balletonderwyseres, pianis en sangeres

Pat Marock was een van die veelsydigste kunstenaresse wat in Kroonstad gewerk het en het sowel in ballet as in musiek besondere prestasies behaal. Sy het meer as 'n honderd diplomas vir ballet, klavier en sang by kunswedstryde verower.

Sy is in Swindon, Engeland, gebore maar het op vroeë ouderdom na Suid-Afrika geïmmigreer waar sy in Benoni aan die Kloosterskool gematrikuleer het.

Sy het daar haar eerste balleteksamen afgelê en toe sy twaalf was het sy al die graaddiplomas van die Royal Academy of Dancing gehad. Sy was vanaf haar tienderjare lid van die **Johannesburg Festival Ballet Society.** Op skool het sy ook met klavierles begin en twee medaljes van Trinity College verwerf vir die hoogste prestasie in klavier. Na die Tweede Wêreldoorlog het sy vir twee jaar in Engeland ballet gaan studeer en by haar terugkeer het sy in Kroonstad balletonderwys gegee. Sy het haar sangstudies onder Tersteegen van Huyssteen voortgesit en die voordraerslisensiaat van Unisa verwerf.

In 1958 het sy die hoofrol gesing in die Tegniese Kollege se aanbieding van **Hansie en Grietjie** en het as soliste dikwels in die **Messias** opgetree. Sy het ook saam met Anton Hartman en die SAUK-orkes opgetree. Gedurende die vyftiger- en sestigerjare was sy 'n gewilde Kroonstadse sangeres wat in al die vernaamste plaaslike konserte opgetree het.

NOHLINE MITCHELL - mezzosopraan

Nohline Mitchell is op 24 Februarie 1925 in Oos-Londen gebore en het saam met haar ouers na Kroonstad gekom toe sy vier jaar oud was. Sy het by die Notre-Dame-klooster skoolgegaan en daar op negejarige ouderdom met klavier by suster Edith begin. Op skool het sy opgetree in operettes en konserte en aan die Kroonstadse kunswedstryde deelgeneem, maar nooit sang haar erns gemaak nie. Ná skool het sy vir 'n jaar in Johannesburg gaan werk en is kort daarna getroud. Sy en haar eggenoot het vir twee jaar in Engeland gaan woon waar sy in Londen begeesterd geraak het om 'n sangloopbaan te volg nadat sy aan die Londense teaterwêreld voorgestel is. In 1948 het hulle teruggekeer na Kroonstad en nadat Tersteegen van Huyssteen haar hoor sing het, het hy aangebied om haar sangonderrig te gee. Sy het vyf jaar lank by hom les geneem en toe dr Teasdale Griffiths in 1953 na Kroonstad gekom het, het hy haar leermeester geword tot in 1960. Dr Griffiths het haar voorberei vir 'n operaloopbaan en het haar aangemoedig om radio-uitsendings te doen. Sy was ook 'n leerling van Derik van der Merwe en Betsy de la Porte.

Optredes in operas

In 1953 het sy die impresario Alessandro Rota ontmoet wat toe **Cavalleria Rusticana** in Kroonstad opgevoer het. Hy het haar aangemoedig om 'n operarol

in te studeer en binne twee maande het sy die rol van Suzuki in Madame Butterfly gememoriseer en daarmee haar debuut in Kroonstad gemaak. Spoedig hierna het sy aanbiedings gekry van verskeie geselskappe soos die Suid-Afrikaanse Federasie vir Opera, die Johannesburg Opera and Dramatic Society, Rota Opera Company, die Nasionale Operavereniging van Suid-Afrika, TRUK en SUKOVS.

In 1958 het sy die rol van **Flora Bervoix** gesing in die Suid-Afrikaanse Federasie vir Opera se produksie van **La Traviata**, en in Edward German se operette **Merry England** wat deur die Johannesburg Opera and Dramatic Society in die Reps-teater in Johannesburg opgevoer is, was sy **Queen Elizabeth**.

In 1959, tydens die Pretoriase Musiekfees in die Aula, het sy die rol van **Amelia se Vriendin** gesing in Menotti se opera **Amelia goes to the Ball**.

In 1960 het sy tydens die Uniefeesvierings in Pretoria en Bloemfontein die rol van die **Derde Dame** gesing in die **Towerfluit** wat in Afrikaans opgevoer is; sy was **Bertha** in die **Barbier van Sevilla** wat in die Kimberley-teater opgevoer is; op 26 Augustus het sy in 'n program van opera-uittreksels gesing in die Johannesburgse stadsaal tydens die afskeidskonsert vir Gert Potgieter en Wolf Annheiser, wenners van die Mimi Coertse-operabeurs; op 30 September 1960 het sy tydens die viering van Germiston se een-en-twintigste bestaansjaar in 'n program van opera-uittreksels gesing wat deur die Operavereniging van Suid-Afrika aangebied is naamlik: **Martha** in **Faust** (derde bedryf), **Sequidilla** uit **Carmen** en **Maddalena** in **Rigoletto** (derde bedryf); op 23 Oktober 1960 het sy in die Springs Palladium-teater saam met die Jewish Guild Orchestra onder leiding van Solly Aronowsky opgetree in die **Boheemse Lied** uit **Carmen**, **One Kiss** uit **New Moon** van Romberg en saam met Jaco van der Merwe in die duet **Israeli Interlude**.

In 1961 het sy die rol van **Cacille Kurt** gesing in **The Dancing Years** van Ivor Novello wat deur Anthony Farmer in Johannesburg opgevoer is.

In 1962 het sy in vyf operas opgetree. Op 27 Augustus 1962 het sy die rol van **Nicklausse** gesing in **Die Verhale van Hoffmann** wat deur die Federasie vir Opera opgevoer is tydens die inwyding van die Johannesburgse Skouburg; daar het sy ook die rol van die **Moeder** in **Hansie en Grietjie** gesing; sy was **Katisha** in **The Mikado** wat in die Alexanderteater deur die Johannesburg Opera and Dramatic Society opgevoer is; **Suzuki** in **Madame Butterfly** wat

deur die Nasionale Operavereniging opgevoer is; en **Orpheus** in **Orpheus en Euridice** wat deur die Potchefstroomse Konservatorium onder leiding van Eberhard Künkel opgevoer is.

In 1963 het sy die rol van **Bertha** gesing in die **Barbier van Seville** vir die Rota Opera Company; die rol van **Marcellina** in die **Huwelik van Figaro** wat deur TRUK aangebied is en in Welkom het sy vir TRUK gesing in 'n program van opera-uittreksels naamlik **Oh Mio Fernando** uit **La Favorita** van Donizetti, **Voce di Donna** uit **La Gioconda** van Ponchielli en **Stizzosa Mia Stizzosa** van Pergolesi.

In 1964 het sy die rol van **Marta** in **Faust** gesing wat deur TRUK opgevoer is; en in **Die Swart Spinnekop** het sy die hoofrol, **Cristina**, gesing wat deur die Musiekteater in Pretoria opgevoer is. Die komponis van hierdie opera, Heinrich Sutermeister, was self teenwoordig tydens die produksie. Op 3 Desember 1963 het sy die rol van **Czipra** in **Die Sigeunerbaron** gesing wat deur die SAUK uitgesaai is.

In 1965 het sy in die radio-opera, **The Coming of the Butterflies** van Stephen O'Reilly gesing wat deur die SAUK uitgesaai is; vir TRUK het sy die rol van **Fenena** gesing in hulle aanbieding van **Nabucco.**

In 1967 het sy vir SUKOVS opgetree in **Die Verrassing na Sononder** van Offenbach in die rol van **Lise.** Hierdie opera is in Bloemfontein en op die Vrystaatse platteland aangebied.

In 1968 het sy vir SUKOVS gesing in Millöcker se operette **Die Bedelaarstudent** wat in Bloemfontein en Welkom opgevoer is. Tydens die inwyding van die Oppenheimer-teater in Welkom het sy vir SUKOVS opgetree in 'n program van opera-uittreksels saam met die Durbanse Simfonie-orkes. Die program het bekend gestaan as **Juwele uit die operas van Verdi** en saam met Gé Korsten en die Welkomse Feeskoor het sy dele uit **Il Trovatore** gesing; saam met Gé Korsten die aria **L'Abborida Rivale** uit **Aïda** en saam met Bob Borowsky, Joyce Barker en Gé Korsten die kwartet **A te grave cagion m'adduce** uit **Aida.** [18]

Haar operaloopbaan kon sy na haar aanstelling as dosente aan die Kroonstadse Tegniese Kollege in 1964 nie na wense volhou nie aangesien sy altyd ver moes reis om repetisies by te woon en vir lang periodes weg was tydens operaseisoene. Sy het voor die keuse te staan gekom tussen 'n operaloopbaan en sangdosente en moes om praktiese redes die laasgenoemde kies.

Gedurende haar loopbaan het sy gunstige koerantresensies ontvang. In 1962 het die **Pretoria News** nà haar optrede in die **Verhale van Hoffmann** berig:

> "Nohline Mitchell, the mezzasoprano, was in good voice as Nicklausse. She moves with ease, has a marked personality and good stage presence."

The Star het in 1962 na haar optrede in **The Mikado** berig:

> "The best voice belongs to Nohline Mitchell's Katisha."

Die hoogtepunt van haar loopbaan was ongetwyfeld haar rol as **Cristina** in **Die Swart Spinnekop** in 1964. Die **Pretoria News** het berig:

> "The honours fall unequivocally on Nohline Mitchell. Her great emphatic ability made her become Cristina. She did not act, she seemed actually to experience the metaphysical catharsis embodied in the part. The vibrations of guilt and fear in her resonant voice were too real for comfort. Miss Mitchell could undoubtedly hold any European audience." [19]

Die Transvaler het ook hierdie rol as 'n hoogtepunt beskou:

> "Haar pragtige mezzosopraan-stem het hom uitstekend geleen tot die hoofrol, Cristina. In die middel en lae registers het mej. Mitchell 'n gawe sonore kwaliteit terwyl die hoë register 'n pragtige glans besit. Hoewel die sangeres reeds in verskeie operas opgetree het, is dit die eerste keer dat sy hoogtepunte bereik het soos in Die Swart Spinnekop."[20]

Nohline Mitchell het onder dirigente soos Anton Hartman, Jeremy Schulman, Edgar Cree, Leo Quayle en Edward Dunn gesing asook saam met bekende sangers soos Mimi Coertse, Emma Renzi, Norman Bailly, Sergio Galli, Joyce Barker, Gé Korsten, Gert Potgieter, Rudi Neitz, Fred Dalberg, Dawie Couzyn, Bob Borowski, Rita Roberts en Leslie Philips.

Saam met Anton Hartman en Sini van den Brom het sy tussen die jare 1958 en 1960 opgetree in konserttoere vir die Nasionale Operavereniging wat programme van opera-uittreksels op die platteland aangebied het.

Oratorium

Haar eerste optredes as oratoriumsoliste was in uitvoerings van die **Messias** en **Elia** in Kroonstad. Vanaf 1958 het sy vier jaar agtereenvolgens in die **Messias** opgetree in die Johannesburgse stadsaal saam met die ASAF-koor onder leiding van Anton Hartman. Sy het ook as soliste opgetree in Derek Ochse se aanbiedings van die **Messias** in Rustenburg, Krugersdorp en Potchef-

stroom. In 1961 het sy in Bach se Hemelvaart-oratorium **Lobet Gott in seinem Reich** opgetree in Johannesburg en Bloemfontein saam met die SAUKorkes onder leiding van Anton Hartman.

Radio-uitsendings

Sy het vir veertien jaar radio-uitsendings vir die SAUK gedoen saam met die Nasionale Simfonie-orkes asook saam met die begeleidsters Anna Bender en Sini van den Brom. Sy het 'n wye repertorium gehad en het in Afrikaans, Engels, Duits, Frans, Italiaans, Spaans en Russies gesing.

Etensuurkonserte

Op aanbeveling van Jeremy Schulman het sy gereeld in etensuurkonserte in die Johannesburgse stadsaal opgetree saam met die SAUK-orkes. Aanvanklik het sy saam met ander soliste opgetree maar later solo-uitvoerings saam met die orkes gegee. In 1960 het een van haar programme die volgende werke ingesluit: **Softly Awakes my Heart** uit **Samson and Dililah** van Saint-Saëns; die **Boheemse Lied** uit **Carmen** van Bizet; **Non Piangere, Lui** uit **Turandot** van Puccini; **Chêlla mi creda** uit **Die Meisie van die Weste** van Puccini en **Love is Love** uit die **Sigeunerprinses** van Kalman.

Sangdosente

In 1964 is sy aangestel as dosente in sang aan die Kroonstadse Tegniese Kollege. Sy het al hoe minder tyd gekry om professioneel te sing en het haar stelselmatig aan die verhoog onttrek. Om hierdie leemte aan te vul het sy besluit om self operas en operettes in Kroonstad op te voer. Sy het 'n paar uitstekende studente opgelei wat sy kon gebruik in hoofrolle, onder andere Esthé van Wyk, Zillah Weavers, Elize van Staden, Eunice Smith, Dougy Yazbek, Pieter Ferreira en Jan Swart.

Sy het vir ses jaar lank (1966 tot 1972) deeltyds klassang gegee aan die Notre Dame-klooster waar sy **Oklahoma** en **White Horse Inn** opgevoer het. Met Kroonstadse amateurs het sy **Brigadoon, Papageno, Figaro, Madame Butterfly** en **Oklahoma** opgevoer.

Vanaf 1980 tot 1983 was sy ook deeltyds verbonde aan die Musiekdepartement van die Potchefstroomse Universiteit.[21]

DOLLY NEIMAN - sangeres, pianiste, komponiste en musiekonderwyseres

Dolly Neiman was die dogter van mnr en mev PM Glasser van Kroonstad en het klavieronderrig van mej Bettie van der Lingen ontvang. Sy het gedurende die twintigerjare 'n aktiewe rol in die musieklewe van Kroonstad gespeel en het in 1922 self konserte aangebied waarin sy ook klavier gespeel en gesing het. Later het sy aan die Konservatorium in Stellenbosch haar opleiding as pianis en sangeres voltooi, en ook in Johannesburg onder Haydn Matthews studeer. Na haar huwelik met mnr Max Neiman het sy vir baie jare in Kaapstad gewoon waar sy as begeleidster, sangeres en komponis gewerk het.

Reeds gedurende haar jeugjare in Kroonstad het sy 'n voorliefde vir jazz ontwikkel en het in Kaapstad dikwels saam met jazz-kunstenaars opgetree:

> "Numerous autographed photographs speak of the gratitude of artists of international repute whom she accompanied at various times, amongst them being Raymond Newell, famous baritone, Sammy Shields and Jack Barty, still playing in London and films, Frank Faye, Eddy Bayes, Al Cantor, the Dalton Sisters etc. One whom she particularly recalls with interest is Maurice Millard, whom she coached in his first performances in talent contests in Cape Town. He is, and has been for some years, playing in New York."[22]

Dolly Neiman het baie radio-uitsendings in Kaapstad gedoen asook verhoogoptredes,

> "...and during the war years, played in every hall in the Peninsula..."[22]

Saam met Peggy Jackson het sy 'n musiekblyspel opgevoer, **Sugar and Spice**, en 'n aantal plaatopnames gemaak wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog aan Suid-Afrikaanse troepe in Noord-Afrika en die Midde-Ooste gestuur is.

Oor haar komposisies het **The Northern Times** as volg berig:

> "Mrs Neiman's hobby is composition and her song cycle 'Cape Vista' has been broadcast and performed with considerable success at various functions in Cape Town with such people as Joy Packer, Edward Dunn, the well-known conductor and Thomas Boydell congratulated her personally on her work. The last song in the cycle 'The Altar of God' has been published and is a great favourite of featured singers in Cape Town. Another successful composition is 'Huweliksdagwals' which won a radio contest and has been recorded by Dan Hill and his orchestra with Jimmy Rayson as vocalist." [22]

In 1959 het Dolly Neiman teruggekeer na Kroonstad waar sy 'n pos aanvaar het

as dosente by die Tegniese Kollege. Gedurende haar periode aan die Kollege het sy 'n tweetalige klaviermetodiek opgestel met 'n voorwoord deur Tersteegen van Huyssteen en professor Van der Brent van die Potchefstroomse Universiteit.

DR ZJ PRETORIUS - resensent, koorleier en musiekorganiseerder

Dr ZJ Pretorius was tot in 1955 'n onderwyser aan die Kroonstadse Hoërskool en het Afrikaans, Engels en sang gegee. Hy was 'n groot musiekliefhebber en alhoewel hy self nie 'n instrument kon speel nie het hy genoeg kennis van musiek gehad om insiggewende resensies oor musiekgebeure in Kroonstad te skryf, en hy het ook gereeld lesings en plate-besprekings voor die Kroonstadse Musiekvereniging en ander instansies gelewer. Dr Pretorius het sy musiekloopbaan as volg opgesom:

> "...ek is wat musiek betref, 'n liefhebber en 'n outodidak. Behalwe enkele jare se sangonderrig by Petrus Lemmer het ek geen verdere musiekopleiding gehad nie. Op Kroonstad was ek eintlik 'n populariseerder van goeie musiek, iemand wat tussen die professionele mense en die publiek gestaan het." [23]

Aan die Hoërskool het dr Pretorius vir sowat tien jaar 'n groot skoolkoor afgerig wat ook gereeld in die kerk opgetree het. Vir twaalf jaar lank was hy lid van die Noordkerk se koor onder leiding van MC Roode en Fanie van Zyl en eerste tenoor in Tersteegen van Huyssteen se Mannekoor. Hy was ook vir jare die sekretaris van die kunswedstrydvereniging in 'n tydperk toe die tweejaarlikse kunswedstryd 'n hoogtepunt was in die musieklewe van die hele bo-Vrystaat.

Later, toe dr Teasdale Griffiths op Kroonstad gevestig was, het hy hom gehelp met die organisasie, uitvoering en reklame van veral sy meer ambisieuse produksies soos die uitvoering van die **Messias** in Kroonstad en Germiston in 1955, asook die **Elijah** en **Carmen**. Dr Pretorius het die Afrikaanse vertaling van die **Messias** behartig.

In 1956 het dr Pretorius na Sasolburg verhuis waar hy sy koorwerk voortgesit het. Daar het hy die tenoor Sjoerd Beute ontdek en aanvanklik gehelp tot hy later kon gaan studeer aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

OLGA RADEMAN - pianiste, orreliste, koorleidster en musiekonderwyseres

Olga Rademan is een van Kroonstad se bekwaamste musiekfigure en het sedert die vyftigerjare een van die prominentste posisies in die dorp se musieklewe ingeneem.

Sy is in Johannesburg gebore maar het haar skoolopleiding in Bloemfontein aan die Oranje Meisieskool ontvang. Aanvanklik het sy by Lucy Marais en Sidney Rose musiek geneem en later by Freda en Dawid Roode. Haar buitengewone talent is vroeg ontdek en die Roodes het haar aangemoedig om musiek haar loopbaan te maak. Na skool het sy les gegee by die Roodes se musiekskool in Bloemfontein terwyl sy haar voorberei het vir lisensiaateksamens in sang, orrel en klavier. Sy het vierkeer meegeding om die oorsese beurs van UNISA wat sy toe in 1945 vir skoolmusiek verwerf het. Tussen 1944 en 1946 het sy die UOLM (klavier, orrel en sang), ULSM, UVLM (orrel) en LTCL-diplomas verwerf. In 1946 en 1947 was sy een van die eerste dosente wat aangestel is by die nuutgestigte musiekdepartement van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Tussen 1947 en 1949 het sy skoolmusiek in Londen studeer aan die Royal College of Music waar sy ook sang by dr Arnold Smith, orrel by dr George Thalbin-Ball en harmonie en komposisie by dr Herbert Howells geneem het. Aan hierdie inrigting het sy die LRAM- en ARCM-diplomas behaal asook GRSM en vir 'n aantal jare was sy en Naomi Papé van die Potchefstroomse Universiteit die enigste Suid-Afrikaners om die laasgenoemde diploma te besit. Terug in Suid-Afrika het sy in Bloemfontein en Shannon musiek gegee en na haar huwelik was sy ook 'n jaar lank verbonde aan die Germistonse Hoërskool.

In April 1952 het sy en haar eggenoot, 'n mediese praktisyn, hulle op Kroonstad gevestig. In Kroonstad het sy orrelposte beklee in die NG Gemeentes Kroonstad-Suid, Kroonstad-Noord en sedert 1967 Kroonstad-Oos. Nadat sy aan die Tegniese Kollege verbonde was het sy privaatonderrig gegee in klavier, orrel en sang, en ook 'n musiekskool vir voorskoolse kinders gestig. Onder die uitstaande leerlinge wat sy opgelewer het tel Hannes Gerber (tans verbonde aan die SAUK as musiekprogrammeerder) Gillian Fletcher (pianiste wat tans in Australië is) en Ruth Goveia. Vanaf 1961 tot 1982 het sy vir UNISA as eksaminatrise opgetree in die beoordeling van klavier-, sang-, orrel-, blokfluit- en viooleksamens. In 1963 het sy dirigente geword van die Kroonstadse Mannekoor wat vir meer as twintig jaar al gehore oor die

hele Vrystaat bekoor met hul uitvoerings van hoogstaande gehalte. Sy het ook die Kroonstadse Dameskoor en die Con Brio-kamerkoor gestig wat vir korter periodes bestaan het. As sopraan het sy in talle konserte opgetree en rolle in verskeie plaaslike operas, operettes en oratoria gesing. In 1967 het sy vir SUKOVS opgetree in Offenbach se opera in een bedryf **Die Verrassing na Sononder** in die rol van **Katerina**. Die opera is deur Eberhard Künkel gedirigeer en is in Bloemfontein sowel as dertien plattelandse dorpe opgevoer. Deur haar bekendheid as uiters begaafde orreliste is sy genooi om die nuwe orrels van kerke in Alberton, Tweeling, Vrede, Welkom en die NG kerke van Kroonstad-Suid en Kroonstad-Oos in te wy. Sy het ook bekendheid verwerf deur haar musieklesings wat sy reeds voor verskeie verenigings en groepe gelewer het. Sy is veral geïnteresseerd in musiekterapie, die noodsaaklikheid van musiekopvoeding by die kind en die invloed van rock- en pop-musiek op die mens en hieruit kies sy die meeste temas vir haar lesings. Haar bydraes as aktiewe lid en dikwels ook voorsitster van die Kroonstadse Musiekvereniging, SAVMO en die Kunswedstrydkomitee is onmeetbaar.

Deur haar belangstelling in skoolmusiek het sy in die vroeë sestigerjare 'n saadjie gesaai wat gelei het tot die instelling deur die Vrystaatse Onderwysdepartement van instrumentale onderrig aan skole. Toe mnr Iersteegen van Huyssteen in 1960 Inspekteur van Musiek geword het, het hy onder leiding van Olga Rademan sy kennis van skoolmusiek verbreed en weens haar aanbeveling en inspirasie het hulle saam 'n memorandum aan die Onderwysdepartement voorgelê waarin instrumentale onderrig aan skole bepleit is. Later het die Vrystaatse Strykkwartet tot stand gekom wat ook les by skole gegee het en toe mnre Kierman en Osman hul blaasonderrig na die platteland uitgebrei het, het mev Rademan aanbeveel dat die instrumente van die eertydse Kroonstadse Harmonie-orkes aangekoop word vir die doel. Hieruit het later die Vrystaatse blaasensemble en uiteindelik die Vrystaatse Jeugorkes gegroei.[24]

MARGARET ROUX - sangdosente

Op 1 Augustus 1960 het mnr Van Huyssteen die pos as musiekinspekteur aanvaar en 'n maand later is mej Margaret Roux (alombekend as Madame Roux) in sy plek aangestel as sangdosente aan die Tegniese Kollege. Haar verblyf in Kroonstad was kort maar sy het waardevolle opvoedingswerk verrig. Sy het die

volgende diplomas in sang verwerf: FTCL, LRAM, ARCM, UPLM en UTLM.

Margaret Roux was 'n regstreekse afstammeling van Paul Roux wat in 1688 as predikant, onderwyser en dokter die Hugenote na Suid-Afrika vergesel het. In haar ouerhuis was musiek 'n genot en die beoefening daarvan die brandpunt van die gesinslewe.

Na 'n suksesvolle studietydperk in Suid-Afrika het sy vir gevorderde studie na Londen, Parys en Brussel gegaan en haar daar sodanig bekwaam dat sy met groot sukses saam met dirigente soos Henry Wood, Sir Granville Bantock en dr Adrian Boult opgetree het. In die buiteland het sy 'n spesiale wetenskaplike studie van die fisiologiese aspekte van die menslike stem gemaak en haar deeglik toegerus ten opsigte van dirigeerkuns, orkestrasie en sangmetodiek.

In 1948 het sy 'n aanbod van Trinity College of Music gehad om haar loopbaan aan die inrigting voort te sit. In 1948 is sy aangestel as eksaminatrise van hierdie Kollege en in hierdie hoedanigheid het sy talle kere deur lande soos Colombia, Indië, Kanada, Nieu-Seeland, Australië, Fidji en die VSA gereis.

Haar groot kennis het haar in staat gestel om ook in Suid-Afrika waardevolle werk te lewer. Haar musiekateljees in Springs en Johannesburg was vir baie jare toonaangewend. As beoordelares het sy oral in Suid-Afrika opgetree in stede soos Springs, Germiston, Port Elizabeth, Bloemfontein en Pretoria. Ook in Engeland was sy 'n geregistreerde beoordelares van die **British Federation of Music Festivals** in die afdelings sang, strykinstrumente en spraakkuns.

In 1957 het sy as waarnemende sangdosente opgetree in die plek van professor Van der Spuy aan die Universiteit van Stellenbosch. In dieselfde jaar en in 1958 was sy eksaminatrise van die Universiteit van Suid-Afrika.[25]

Madame Roux het Kroonstad aan die einde van 1960 weer verlaat nadat sy 'n groot vriendekring onder musiekliefhebbers opgebou het. Sy het haar dienste as spreker oor musiek gegee aan talle instansies soos die Nasionale Vroueraad, Rotariërs, die Kroonstadse Musiekvereniging en Vrouelandbou-unie:

> "She will long be remembered as a fluent, polished speaker with a rare sense of humor and a fund of engrossing information." [26]

Van haar beste sangstudente het deelgeneem aan 'n afskeidskonsert by die

Tegniese Kollege. Die program wat bestaan het uit opera-arias, oratorium, ballades en kunsliedere is voorgedra deur Pat Marock, Martie Wege, Trudy van Niekerk, Jean Greybe en Rhona Cranko.

WICUS SLABBERT - bariton

Wicus Slabbert is in 1941 in die distrik Kroonstad gebore en het in 1959 aan die Kroonstadse Hoërskool gematrikuleer. Hy het op skool met klavier by Barbara Louw begin en as seunsopraan in konserte opgetree. Terwyl hy vir 'n graad in die Skone Kunste aan die Universiteit van Pretoria studeer het, het hy met sangstudie by Albrecht Lewald begin. In 1965 het hy die rol van die **Hoëpriester** in TRUK se produksie van **Nabucco** opgetree. Daarna het hy ook vir TRUK opgetree as **Micha** in **Die Verkoopte Bruid** en **Don Alfonso** in **Cosi Fan Tutte.**

In Mei 1967 het hy na Keulen in Duitsland vertrek waar hy aanvaar is as leerling van die Duitse bariton Joseph Metternich. In 1968 het hy hom ingeskryf by die operaskool van die Deutsche Oper am Rhein, Düsseldorf, waar die hoof, dr Grisch Barfus, so beïndruk was met sy vordering dat hy hom aangestel het as liriese bariton. Hy het drie jaar in Düsseldorf gebly en uiteenlopende rolle gesing in operas soos **Zar und Zimmerman** en **Die Soldaten.**

In 1971 het James Lockhardt, bestuurder van die Staatsteater in Kassel, hom aangestel vir 'n periode van twee jaar. Hier het hy sy repertorium uitgebrei deur veral Italiaanse rolle te sing soos **Rigoletto, Nabucco, Germont** in **La Traviata, Luna** in **Il Trovatore** en **Enrico** in **Lucia di Lammermoor.**

Vanaf 1973 was hy in Essen waar hy meer dramatiese rolle gesing het soos **Iago** in **Otello, Scarpia** in **Tosca** en **Jochanaan** in **Salome.**

In 1979 het hy teruggekeer na Kassel en aangesien sy stem 'n dramatiese kwaliteit ontwikkel het, het hy hom toegelê op rolle soos **Macbeth, Kurwenal** in **Tristan und Isolde, Alberich** in **Das Rheingold** en **Pizarro** in **Fidelio.** Hy het ook in premières van twee operas opgetree naamlik **Marat** van Gerhard Haupt en **Ein Menschen Traum** van Hammel.

In die Wiener Volksoper is hy genooi om verskeie Mozart-rolle te sing.

Hy het nog net een keer weer in sy geboortedorp gesing naamlik in Augustus 1968 toe hy as solis saam met die Kroonstadse Mannekoor onder leiding van Olga Rademan opgetree het.[27]

ALISON STEVENS - kontralto en Rosina Stevens - pianiste

Alison Frances Stevens (geb. Wilson) is in 1925 in Johannesburg gebore en het van jongs af gesing. Haar skoolopleiding het sy in Johannesburg, Durban en Pietermaritzburg ontvang. Op skool het sy met sang- en vioolles begin en later lisensiate in sang verwerf.

In Durban was sy 'n protêgê van die dirigent Edward Dunn en het onder sy leiding dikwels as soliste saam met die Durbanse Stadsorkes opgetree tot in 1948. Haar eerste publieke optrede was as soliste in verskeie uitvoerings van kerkmusiek in Durban en geestelike liedere en oratorium het lewenslank haar voorkeur geniet. Tydens kunswedstryde in Johannesburg, Durban en Pietermaritzburg het sy talle goue medaljes verower en ook vele radio-uitsendings vir die SAUK gedoen.[28]

In Junie 1948 het sy en haar eggenoot hulle in Kroonstad gevestig waar sy dikwels in Fanie van Zyl se kerkmusiekuitvoerings opgetree het en ook soliste was in uitvoerings van die **Messias** onder leiding van dr Griffiths. Sy het later in haar lewe weer sang onder Nellie du Toit studeer. Haar veelvuldige verpligtinge as huisvrou en moeder het haar later daarvan weerhou om meer dikwels in Kroonstad te sing maar haar talente is voortgesit in haar dogter Rosina wat een van die uitstaande musiekleerlinge van Kroonstad was.

Rosina is in 1949 in Kroonstad gebore en het haar musiekopleiding aan die Notre Dame-klooster en by mnr Josias van der Merwe aan die Tegniese Kollege ontvang. Sy het by die Kroonstadse Kunswedstryde gereeld uitstaande prestasies behaal en is drie keer gekies om aan die Johannesburgse Concertofees by die Universiteit van die Witwatersrand deel te neem, naamlik in 1962, 1965 en in 1968. In 1968 het sy Litolf se **Scherzo** uit die concerto in d-mineur saam met die SAUK-orkes onder leiding van Anton Hartman gespeel.

NOEL STOCKTON - komponis, dirigent, verwerker en pianis

Noel Stockton is op 16 Desember 1930 in Benoni gebore en het sy eerste musiekonderrig op tienjarige ouderdom ontvang. Na sy skoolopleiding het hy in verskillende musiekrigtings in Johannesburg studeer en komposisie onder Richard Cherry geneem. Aanvanklik het hy as jazzpianis landswyd opgetree en later aangesluit by die orkeste van Dan Hill en Tony Scott. Vanaf 1950 was hy gemoeid met verwerkings vir kommersiële musiek en langspeelplaatopnames wat hy vir die SAUK gedoen het en het ook talle uitsendings vir Springbokradio gedoen en filmmusiek en musiek vir verhoogwerke van SUKOVS gekomponeer.

In 1957 het hy by die Lugmagorkes aangesluit as fagotspeler terwyl hy steeds aan advertensie- en filmmusiek gewerk het. In 1964 is hy deur majoor Koops Van't Jagt gevra om as verwerker en komponis by die nuutgestigte Gevangenisdiensorkes aan te sluit en later het hy self hier Direkteur van Musiek geword.

Sy betrokkenheid by militêre-orkeste het hom bewus gemaak van die leemtes wat daar bestaan het met betrekking tot goeie verwerkings van inheemse musiek, 'n leemte wat hy aangevul het deur sy **Rapsodieë op Afrikaanse Volkswysies nrs. 1 en 2** (opgedra aan die Stellenbosch Universiteit se blaasorkes). Hy het 'n studie gemaak van die orkestrasie van bekende Amerikaanse komponiste van militêre orkesmusiek soos Clare Grundman en daardeur het hy die vaardigheid ontwikkel om werklik goed te orkestreer en te verwerk.

In Kroonstad het hy ook die Gevangenisdiensorkes aangewend om talle skooloperettes te begelei.

In 1974 het hy Kroonstad verlaat en hom in Bloemfontein gevestig waar hy 'n instrumentale pos by die Onderwysdepartement beklee en ook fagot in die SUKOVS-orkes speel.

Deur sy belangstelling in jazz (sy seun Gerald was in 1984 een van die min Suid-Afrikaners om 'n graad in jazz in Amerika te verwerf) het hy in 1982 'n jazz-orkes in Kroonstad gestig uit lede van die Gevangenisdiensorkes. Die orkes het reeds 'n gesofistikeerde afgerondheid bereik en tree dikwels vir SUKOVS op in konserte in Bloemfontein.[29]

TROMP TERREBLANCHE - bariton

Tromp Terreblanche is in Port Elizabeth gebore en het op vierjarige ouderdom na Kroonstad gekom waar hy sy skoolopleiding voltooi het. Hy het altyd belang gestel in die verhoog en het daarom sang by mev Baker en mnr Van Huyssteen geneem en drama by die Tegniese Kollege.

Vanaf 1947 tot 1953 was hy 'n gewilde amateursanger en het in die meeste konserte deur plaaslike kunstenaars in Kroonstad opgetree. Sy optredes saam met die sopraan Fêbê Williamson in Pieter de Waal se **Koffiehuiskonserte** in Kroonstad, Welkom en Odendaalsrus is gedurende die vyftigerjare gereeld uitgesaai. In November 1953 het hulle in Odendaalsrus aan 'n Koffiehuiskonsert deelgeneem en die konsert wat uit sowel ligte vermaak as ernstige musiek bestaan het, het aan Tromp Terreblanche wat ook 'n goeie komediant was, die geleentheid gebied om 'n program van stemnabootsing sowel as sangitems te lewer wat gereken is as die hoogtepunt van die aand:

> "...sy verskillende nabootsinge en meer ernstige sangstukke was werklik van hoë gehalte. Hy het die gehoor telkens laat skaterlag met sy kostelike staaltjies. Daarby beskik Tromp Terreblanche oor 'n goeie sangstem en veral sy 'Road to Mandalay' het besonder byval gevind."[30]

In 1950 het hy sy eerste aanbod van Nasionale Toneel gekry vir die drama **Die Vrek**. Sy eerste filmaanbod het hy van Jamie Uys gekry in 1952 vir die rolprent **50-50**, waarmee hy die eerste Kroonstadter geword het om in 'n rolprent op te tree. Na 1953 het hy voltyds as akteur in rolprente en televisie-reekse opgetree.

BLAKE TOERIEN - pianis en klavieronderwyser

Blake Toerien is in 1905 gebore en sy eerste klavierlesse het hy op Kroonstad van mev Lombard (mej Johanna Systra) en Esther Meyer ontvang. In 1921 het hy gematrikuleer en daarna aan die Universiteit van Stellenbosch studeer waar hy die graad MA in Latyn behaal het. Op Stellenbosch het hy by Pieter Swanepoel les geneem en daar die Finaal-eksamen afgelê. Hy het ook onder Colin Taylor aan die Universiteit van Kaapstad studeer waarna hy in 1929 die Voordraerslisensiaat afgelê het. In 1930 het hy die Hoër Onderwysdiploma in Pretoria verwerf en daarna vir drie jaar onderwys gegee op Harrismith.

In 1935 het hy vir 'n jaar lank na Johannesburg vertrek om daar onder Isador Epstein klavier te neem en om hom vir verdere oorsese studie voor te berei. In 1936 en 1937 was hy in Londen waar hy by die vermaarde leermeester Solomon* klavier studeer het. Vanaf 1938 tot 1950 het Blake Toerien hom op Kroonstad gevestig waar hy klavierles gegee het. Vanaf 1951 tot 1953 het hy weer oorsee vertrek om by Marcel Ciampi in Parys sy klavierstudie voort te sit.

Blake Toerien het die grootste deel van sy lewe in Kroonstad gewoon behalwe vir periodes wat hy in Spanje deurgebring het. In Kroonstad was hy verbonde aan die Hoërskool en die Tegniese Kollege as musiekonderwyser en het ook tuis les gegee. Hy was lid van die Kroonstadse Musiekvereniging en as pianis het hy in talle plaaslike konserte opgetree en hy is in resensies as 'n uitstekende pianis bestempel. Hy het ook voortreflike werk as begeleier gedoen vir besoekende kunstenaars soos byvoorbeeld Cecilia Wessels.

Tans (1985) woon mnr Toerien nog steeds in Kroonstad waar hy 'n volledige oefenprogram volhou. Ten spyte daarvan dat hy sy lewe aan die klavier gewy het en besondere hoogtes as pianis bereik het, beskou hy sy klavierspel slegs as 'n stokperdjie.[31]

PIETRA UYS (MEV CROUS) - violiste

Pietra Uys is in 1931 op Steynsrus gebore en toe sy twee jaar oud was het haar ouers na Kroonstad verhuis waar haar moeder, mev Iris Uys, 'n musiekonderwyseres aan die Hoërskool en Tegniese Kollege was.

Pietra en haar suster Thea het vroeg reeds met musiekles by hul moeder begin. Pietra het aanvanklik viool by haar moeder geneem en later het sy Adrian Blau se groepklasse op Kroonstad bygewoon. Toe mnr Blau uit Kroonstad verhuis het, het hy per brief instruksies aan Pietra se moeder gestuur om sodoende haar onderrig voort te sit. Op hierdie manier het sy tot by die Intermediêre eksamen gevorder. Hierna het Pietra twee-weekliks met die trein na Johannesburg gereis en daar by Doris Pryce viool geneem. Toe Pietra vyftien was het sy gematrikuleer en 'n jaar langer op Kroonstad aangebly om haar musiekstudies onder Blake Toerien voort te sit. Hierna

---

*As pianis het hy slegs as "Solomon" bekend gestaan terwyl sy van Cutner was.

het sy aan die Konservatorium van Stellenbosch viool onder Ivy Angove en klavier onder Cameron Taylor en professor Fismer studeer. Sy was ook lid van die Stellenbosch Strykkwartet waarin sy waardevolle ondervinding as verhoogkunstenaar opgedoen het. Die kwartet het talle radiouitsendings gedoen.

Die Northern Times het as volg berig oor haar suksesvolle deelname aan kunswedstryde gedurende haar studiejare:

> "To mention all her successes in the various Eisteddfods in which she competed would be unnecessary. Mention might be made of her splendid performance of the Max Bruch Concerto at the Stellenbosh Eisteddfod, for which she obtained 92 per cent and was awarded a trophy for the highest individual achievement. At the Cape Town Eisteddfod she was awarded a bursary for her rendering of the Symphony Espagnole by Lalo." [32]

In Stellenbosch het sy in klavier UTLM en LTCL verwerf en in viool UPLM, LRSM en LTCL. Van Unisa het sy voordraers- en onderwyserslisensiate in viool en klavier verwerf. Sy is ook genomineer vir 'n oorsese studiebeurs van Royal Schools of Music.

In 1951 is sy aangestel as dosente in viool aan die Kroonstadse Tegniese Kollege waar sy ook die Tegniese Kollege Kamerorkes afgerig het. Sy het gereeld as soliste in plaaslike konserte en kerkmusiekuitvoerings opgetree.

Vanaf 1952 was sy verbonde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege en is tans (1984) in Klerksdorp waar sy vir baie jare reeds waardevolle musiekonderrig gee. [33]

KATY VAN DER MERWE - musiekonderwyseres, en Josias van der Merwe - Direkteur

Kate Noeline van der Merwe (geb. Heyns) se vader was predikant op Fouriesburg maar sy is in Basoetoeland gebore en het op 'n plaas in die Senekaldistrik groot geword. Toe sy sewe jaar oud was, is haar vader oorlede en moes haar moeder onderwys gee om die groot gesin te onderhou. Katy het reeds op vroeë ouderdom 'n liefde vir musiek getoon en omdat daar nie 'n klavier in die huis was nie het sy altyd op die tafel "gespeel". Haar oudste broer wat toe reeds gewerk het, het vir haar eerste musieklesse betaal. Later het sy met 'n perdekar gery om op Senekal by die blinde mnr De Lange les te neem. Hulle moes deur veertien hekke ry om daar te kom! Haar

moeite is beloon en toe sy haar skoolloopbaan voltooi het, was sy gereed om na Kaapstad te vertrek om daar aan die Musiekkollege te gaan studeer. Na haar studies was sy orreliste en musiekonderwyseres op Trompsburg en Ventersburg, en na haar huwelik ook op Bethlehem en Robertson.

In 1945 het die gesin, wat toe twee kinders gehad het, Alice en Josias (albei ook later musiekonderwysers), hulle op Kroonstad gevestig. Vanaf 1948 is mev Van der Merwe klavierdosente aan die Tegenise Kollege waar sy tans (1985), reeds in haar tagtigerjare steeds 'n geliefde en geëerde musiekonderwyseres is. Sy is veral suksesvol met beginners en vandag is daar talle van haar leerlinge wat grade in musiek ontvang het en uitstaande pianiste geword het.

Haar seun Josias is in Bethlehem gebore waar hy op vyfjarige ouderdom met klavierles by John Enslin begin het. Sy hoërskoolloopbaan het hy in Kroonstad deurloop waar hy by Blake Toerien en Ethel Baker les geneem het. Daarna het hy aan die Universiteit van Stellenbosch onder Cameron Taylor en professor Fismer studeer. Na sy studie het hy toegetree tot die personeel van die Kroonstadse Tegniese Kollege as deeltydse musiekdosent en ook verder by Adolph Hallis in Johannesburg les geneem. Gedurende 1960 en 1961 het hy in Londen studeer onder die Engelse klawesimbelspeler, Kinloch Anderson, wat op sy beurt 'n leerling van Wanda Landovska was.

In Januarie 1963 is hy aangestel as hoof van die musiekdepartement van die Kroonstadse Tegniese Kollege. Gedurende hierdie tydperk was mnr Van der Merwe ook orrelis in die gemeente Kroonheuwel, voorsitter van die Kroonstadse Musiekvereniging, en voorsitter van die plaaslike tak van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers.

Tans (1985) is hy Direkteur van Uitvoerende Kunste van die Pretoriase Technikon.[34]

HENK VAN ECK - orrelis, dirigent en komponis

Henk van Eck is in Nederland gebore waar hy sy musiekopleiding in Amsterdam van bekende leermeesters soos Jan Zwart, Jan Felderhof, Carol van der Linde, Guilliame Hesse en Willem Gehrels ontvang het.

Toe hy veertien jaar oud was is hy reeds as orrelis aangestel in die Groote Kerk van Asperen en later in die Cunerakerk in Rhenen. Op hierdie jeugdige ouderdom het hy reeds as koorleier van oratorium-, passie- en a cappella kore opgetree en dikwels werke soos die **Matthëus-** en **Johannespassie** en die **Skepping** uitgevoer. Voor sy koms in 1947 na Suid-Afrika was hy direkteur van die musiekskool van Veenendaal en het hy talle orreluitvoerings en radiokonserte gegee.

Na 'n verblyf van ses jaar in George waar hy in 1952 gedurende die Van Riebeeckfees 'n operette **Mathilda van Amstel** geskryf en opgevoer het, het hy die pos as Organiseerder van Musiek in die Transvaal aanvaar. Hy het 'n nuwe leerplan vir skoolmusiek in Transvaal opgestel asook 'n reeks lesvoorbeelde vir skoolmusiek. Onder die skuilnaam SM Pretorius het hy die reeks koormusiek **Suid-Afrika Sing** saamgestel. Hy het ook koor-, orrel- en klaviermusiek gekomponeer, artikels oor musiek geskryf en 'n bundel **21 Koraaldiskante** gekomponeer.

In 1961 is hy aangestel as vise-hoof van die Kroonstadse Tegniese Kollege en hoof van die Musiekafdeling. Alhoewel hy slegs twee jaar op Kroonstad was het hy 'n belangrike bydrae tot die Kroonstadse musieklewe gemaak deur sy kennis en vaardigheid. Mnr Van Eck het in 1961 die Kroonstadse Mannekoor, die Kroonstadse Dameskoor asook die Tegniese Kollege Dameskoor gestig.

As hoof van die Musiekafdeling het hy groot uitbreidings bewerkstellig. Hy het die Tegniese Kollege Kamerorkes van sowat tien lede gestig en as hulle dirigent opgetree. Verder was hy verantwoordelik vir die stigting van 'n blokfluitafdeling asook die installering van 'n pyporrel in die Kollege wat hy self ontwerp het. Hy was ook verantwoordelik vir die Tegniese Kollege se aanbieding van **Bastien und Bastienne.**

Mnr Van Eck het self ook oor 'n pyporrel beskik wat hy in sy huis in Kroonstad laat installeer het en waar hy les gegee het. Elza Cilliers was een van sy uitstaande Kroonstadse leerlinge. In Kroonstad het hy mev Olga Rademan afgelos deur Sondagaande as orrelis op te tree.

Sy toonsettings van sewe van NP Van Wyk Louw se gedigte uit **Alleenspraak** het op Kroonstad die lig aanskou. Hulle is naamlik **Rooidag, By Alle Skone Dinge, Wat kan ek vir jou gee, Skreeu, Verlatenheid, Ekstase** en **O Smettelose Hande.**

Tussen 1963 en 1973 was hy woonagtig in Kaapstad waar hy bekendheid verwerf

het as beiaardier van die Kaapstadse Stadsaal en orrelis van die St. Andrews Presbiteriaanse Kerk.

Mnr Van Eck se kwalifikasies is UOLM, ULSM en UVLM. Hy was eksaminator asook lid van die Adviserende Raad vir Musiek van UNISA, het as beoordelaar by talle kunswedstryde opgetree en was adviseur vir orrelbou in skole en kerke.

Hy is in Mei 1978 in Pretoria oorlede.[35]

BOUDINA EN CARA VAN HEYNINGEN - musiekonderwyseresse

Boudina en Cara van Heyningen, kleindogters van Kroonstad se eerste predikant, ds PAC van Heyningen, was albei musiekonderwyseresse wat vir baie jare gemoeid was met Kroonstad se musieklewe. Boudina is in 1891 in die distrik Winburg gebore uit 'n musikale familie. Goewernantes het gesorg vir haar vroeë musikale opleiding en later het sy op Grahamstad skoolgegaan waar sy sang en klavier geneem het. Nadat sy aan die Universiteit van Stellenbosch studeer het, is sy by die Kroonstadse Hoërskool aangestel waar sy Engels gegee het. Sy was vanaf 1921 tot 1947 verbonde aan die skool en was later ook behulpsaam met sang- en koorafrigting.[36] Mej Van Heyningen het later waardevolle koorafrigting gedoen aan die Afrikaanse Hoërskool en in 1960 het sy 'n massakoor van twee-honderd-en-dertig lede afgerig wat op Bloemfontein aan die Uniefees deelgeneem het.[37]

Cara van Heyningen (mev Avis) is in 1905 gebore en het op Kroonstad skoolgegaan. Haar musiekonderwyseresse was Ivah Dumaresq, Dora Maree en suster Pauline by die Notre Dame-Klooster. Gedurende die twintigerjare het sy en haar suster deelgeneem aan al die plaaslike konserte en opvoerings van Gilbert en Sullivan-operettes. Sy het later in Kaapstad haar musiekstudies onder Cameron Taylor aan die Universiteit van Kaapstad voortgesit asook by die Universiteit van Stellenbosch waar haar leermeesters Ross Alderman en Ian Smith was.

Na haar studies het sy musiekonderrig in Kroonstad gegee waar sy in 1924 die violis Adrian Blau ontmoet het. Na hul huwelik het hulle tot in 1932 op Kroonstad les gegee, in konserte opgetree en filmmusiek verskaf.

Mev Avis woon tans (1985) op 'n plaas naby Stellenbosch waar sy steeds klavierles gee en haar stokperdjie, skilder, beoefen.[38]

TERSTEEGEN VAN HUYSSTEEN - musiekdosent, koormeester en orrelis

Tersteegen van Huyssteen is op 13 November 1908 op Jagersfontein gebore waar sy vader predikant was en sy eerste musiekonderrig het hy van Dawid Roode op Riebeeck Wes ontvang. Daarna is hy na die Seunskool op Malmesbury waar hy sy studies onder PJ Lemmer voortgesit het. Na skool het hy op Stellenbosch klavier, orrel en harmonie onder professor Fismer studeer en in September 1931 is hy op Lichtenburg aangestel as musiekonderwyser en orrelis. Hier het hy vyftien jaar lank goeie werk gedoen om die dorp musiekbewus te maak terwyl hy skool- en kerkkore afgerig het. In 1938 en 1939 was hy in Londen waar hy aan die Royal Academy en Royal College studeer het by persone soos Clive Carey, Marqus Thompson en dr Arnold Smith. Hy het die diplomas LRAM en ARCM verwerf. In 1957 het hy teruggekeer na Londen om sang by professor Roy Henderson te studeer.

Op 29 Julie 1946 is hy op Kroonstad aangestel as die eerste dosent in musiek aan die Tegniese Kollege en tot in 1960 het hy departementshoof gebly. Hy was vanaf 1946 tot 1977 orrelis van die NG Moederkerk. In 1960 het hy Inspekteur van Musiek in die Vrystaat geword, 'n pos wat hy tot sy aftrede in 1975 beklee het. Tussen 1968 en 1970 was hy mededirigent van die Vrystaatse Jeugkoor. Hy was ook vanaf 1950 eksaminator vir UNISA en is in 1957 benoem tot die universiteit se Advieskomitee vir Musiek. Hy het 'n groot biblioteek en diskoteek nagelaat asook 'n trustfonds vir begaafde musiekstudente aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.[39]

In Kroonstad het mnr Van Huyssteen 'n fenomenale bydrae gelewer ter bevordering van die dorp se musieklewe. Hy het eerstens die musiekafdeling van die Tegniese Kollege begin en later uitgebou tot 'n prestige-inrigting. Hy het ook die Tegniese Kollege se Manne-, Dames- en Dogterskore gestig en afgerig en was jare lank dirigent van die Kroonstadse Koorvereniging. As orrelis het hy 'n puik kerkkoor afgerig en gereeld kerkmusiekuitvoerings gegee. Hy het ook 'n mannekoor by die Gevangenisdiens Opleidingskollege gestig. Nadat hy musiekinspekteur geword het, het hy jaarliks reuse koorfeeste in Kroonstad en elders aangebied, dikwels saam met die Gevangenisdiens-

orkes. Gedurende sy laaste jare het hy by die Kroonheuwel Volkskool die sang behartig en in 'n kort bestek die skoolkoor laat uitblink.

In die talle waarderings wat oor hom tydens sy lewe en na sy afsterwe geskryf is, kristalliseer 'n beeld van 'n toegewyde musikus en by al die Kroonstadse skole leef daar nog steeds 'n herinnering van groot bewondering vir sy streng en bekwame leiding. Dirkie de Villiers het in 'n waardering oor mnr Van Huyssteen se werk vier hoogtepunte uitgesonder:

> "As dirigent van die Vrystaatse Jeugkoor het hy aan hierdie keurgroep vokale prestige gegee deur hulle absoluut te dril in die fynste kunste van stemproduksie en liedvertolking...Tersteegen van Huyssteen se sangfeeste met massakore waar hy meesterlik die afrigting en dirigeerwerk self behartig het, het 'n standaard gestel wat beswaarlik in Suid-Afrika oortref kan word. As algemene musiekpedagoog het hy in die jare veertig en vyftig 'n ononderbroke stroom jong klavier-, orrel- en sangstudente deskundig onderrig, baie van wie later self hoë musiekprestasies behaal het. In sy jare as musiekinspekteur was hy enersyds ortodoks (in die mate dat hy by sy leerkragte aangedring het dat gesonde grondbeginsels onontbeerlik is) en andersyds bereid om met nuwe metodes te eksperimenteer...As Kerkorrelis het hy besondere vermoë getoon om gemeentesang te lei, sy tegnies knappe spel, sy improvisasies, en sy slag om 'n volwasse koor tot hoë hoogtes toe te inspireer." [40]

Tersteegen van Huyssteen is in 1977 in Kroonstad oorlede.

JACOB EERKE KOOPS VAN't JAGT - stigter van die Gevangenisdiensorkes, klarinetspeler en eksaminator

JE Koops van't Jagt is in 1918 in Nederland gebore en het in 1929 saam met sy ouers na Suid-Afrika geëmigreer. Hulle het hulle in Bloemfontein gevestig. Hy het reeds vanaf negejarige ouderdom klarinet gespeel en toe hy twaalf was het hy by die Willows Militêre-orkes in Bloemfontein aangesluit waar hy die jongste lid was. In 1931 het hy lid geword van die destydse Vrystaatse Veldartillerie-orkes en in 1935 het hy in Pretoria aangesluit by die Staandemagorkes. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het hy saam met hierdie orkes in Noord-Afrika, Italië en Klagenfurt diens verrig. Hy was ook teenwoordig toe die orkes die opmars na Rome gelei het met die Kapitulasie van Italië. In 1947 is hy oorgeplaas na die Lugmagorkes waarvan hy in 1957 Direkteur geword het. Op 23 Mei 1963 het hy die orkes vir die laaste keer op Kerkplein in Pretoria gedirigeer waarna hy deur die Gevangenisdiens aangestel is om hulle orkes in Kroonstad te stig. Luitenant-kolonel Koops van't Jagt was Direkteur van Musiek tot met sy afsterwe in 1973.

Hy was landswyd bekend in musiekkringe en het veral as klarinetspeler in kamermusiek bekendheid verwerf. Hy was eksaminator in blaasinstrumente vir UNISA.[41]

TRUDY VAN NIEKERK - musiekonderwyseres en koorleidster

Trudy van Niekerk is op 23 Mei 1921 in Middelburg Tvl gebore en het op Lichtenburg skool gegaan. Nadat haar moeder (wat self orrelis was) haar 'n bietjie touwys gemaak het, het sy op sewejarige ouderdom by Tersteegen van Huyssteen op Lichtenburg met klavier begin. Hy was die belangrikste faktor in die vorming van haar musikale loopbaan. Na haar skoolopleiding het sy vier jaar lank onder professor Gerrit Bon in Pretoria studeer en die LTCL-diploma behaal. Sy het daar ook orrel en harmonie studeer. Toe haar eggenoot, mnr Johan van Niekerk, aangestel is as hoof van die Tegniese Kollege het hulle hul op Kroonstad gevestig waar hy 'n leidende rol gespeel het om die musiek-, kuns- en balletafdelings van die Kollege gedurende die vyftiger- en sestigerjare uit te bou.

In Kroonstad het sy vir 'n tweede keer 'n student van mnr Van Huyssteen geword en onder sy leiding die lisensiate UOLM (klavier en sang) en LRSM (klavier) behaal. Aangesien die Kollege destyds nie oor die fasiliteite beskik het nie, het sy na haar aanstelling as dosente aldaar, tuis les gegee. Sy het in mnr Van Huyssteen se Kollegekoor gesing, koorafrigting onder hom studeer en ook die rol van **Klaas Vakie** in die Kollege se produksie van **Hänsel und Gretel** gesing.

Vanaf 1962 tot 1972 was sy as musiekonderwyseres verbonde aan die Afrikaanse Hoërskool op Kroonstad waar sy besondere hoogtepunte met die skool se koor en musiekleerlinge behaal het. Haar skoolkoor het gedurende die sestigerjare 'n plaat gemaak en by kunswedstryde twaalf A simbole, vyf A+ en een A++ simbole behaal. Albina Bini, 'n beoordelares van die koor het gesê:

> "I do not think I have heard this song 'The Robin's Carol' ever sung with such heart rending loveliness."[42]

Die koor het die Noord-Vrystaat-beker vir agt agtereenvolgende jare gebuit.

By die skool se inwyding in 1962 het sy die operette van Ward **Pêrel die Vissersmeisie** saam met die OVS-strykkwartet opgevoer. Sy het ook drie kantates saamgestel deur reeds bestaande musiek van tekste te voorsien, dit te verwerk, deskante by te voeg en dikwels met Orff-instrumente te versterk, naamlik **Die Storie van Galilea** (wat vier keer in Kroonstad opgevoer is), **Die Christusbeeld** en **Wie is hierdie Man.**

Van die uitstaande musiekleerlinge wat Trudy van Niekerk by die skool opgelewer het, het 'n hele paar later grade in musiek behaal soos Suria Pienaar, Rinie Olivier, Hannes Gerber en Johan Vorster.

Nadat mnr PJ Lemmer haar aangemoedig het om 'n teorieboek in beide landstale te skryf, is sy in die taak deur professor MC Roode bygestaan en so het haar **Preliminêre** en **Kwalifiserende Musiekteorie** in 1963 die lig gesien. Toe UNISA sy leerplan na sowat tien jaar verander het, is sy gevra om die boek te hersien en aangesien professor Roode toe reeds oorlede was, het sy die hersiene uitgawe **Musiekteorie Handleiding vir Grade** alleen uitgegee. Die voorwoord is deur Tersteegen van Huyssteen geskryf:

> "Die besondere verdienste van hierdie handleiding is daarin geleë dat dit in die behoeftes van Afrikaanssprekende en Engelssprekende musiekstudente voorsien; dat dit basiese grondbeginsels vir die aanleer van die teorie van musiek op eenvoudige, verstaanbare en praktiese wyse uiteensit en dat dit veelvuldige toepaslike oefeninge bevat."[43]

Afgesien van haar werk by die Afrikaanse Hoërskool het sy ook drie jaar musiek gegee by die Notre Dame-Klooster en is sy deur professor Roode aanbeveel om twee jaar lank die eksaminatrise-kursus van UNISA in Pretoria te volg.

In 1974 het die Van Niekerk-egpaar Kroonstad verlaat en hulle op Bloemfontein gevestig en later ook in King William's Town waar sy haar goeie werk voortgesit het.

Die gesin het drie kinders wat ook musikaal is. Die seun Tian was lid van die Vrystaatse Jeugkoor; Clarabelle van Niekerk, skryfster van Afrikaanse liedere, se plaat het in 1984 'n SARIE-toekenning ontvang. Sy is getroud met Roger Bashew, bekend in moderne musiekkringe by die SAUK en die egpaar is tans in Amerika waar hy in Boston sy musiekstudies voortsit; Heidi is 'n onderwyseres en speel ook fluit.

FANIE VAN ZYL (1908-1983) - orrelis

Stephanus Jacobus Daniël van Zyl is op 8 November 1908 in Kimberley gebore en het op Ventersburg skoolgegaan. Hy het in 'n musikale familie groot geword en van jongs af belang gestel in klavier. Op Ventersburg het hy les geneem by mev Anna Marais en die blinde orrelis mnr De Lange. Na skool is hy na Robertson waar hy sy orrel- en klavierstudies onder professor Maria Fismer voortgesit het. Daar het hy in 1929 die Universiteit van Suid-Afrika se lisensiate in orrel en klavier verwerf. Daarna was hy elf jaar lank orrelis en musiekonderwyser op Senekal, twee jaar op Viljoenskroon, en vanaf 1945 was hy orrelis van die Kroonstad-Noord kerk op Kroonstad waar hy tot sy afsterwe gebly het met die uitsondering van 'n kort verblyf in Caledon.

Op Kroonstad het hy onderwys gegee aan die Hoërskool, waar hy die koor afgerig het, en hy was ook dosent en 'n waarnemende hoof in 1960 aan die Kroonstadse Tegniese Kollege waar hy klavier, orrel en harmonie gegee het. Hierbenewens het hy die Kroonstad-Noord kerkkoor afgerig en daarmee besondere sukses behaal, terwyl hy self in dr Griffiths se kore gesing het.

Mnr Van Zyl was veral as orrelis bekend. Sy jaarlikse orreluitvoerings was een van die hoogtepunte in Kroonstad se musikale kalender en hy is ook gereeld genooi om in ander dorpe uitvoerings te gee soos Ventersburg, Petrus Steyn, Viljoenskroon en Memel. Sy waarderende gehoor het dan ook altyd 'n spesiale versoek aan hom gerig om WH Jule se Trompetmars in sy program in te sluit - 'n werk wat hy besonder goed vertolk het.[44]

Sy geliefde komponis was Mozart en daarom het hy altyd van sy werke in sy programme ingesluit. Op sy oorsese reise het hy gereeld in Salzburg Mozart se manuskripte bestudeer en het 'n kort verhandeling oor die komponis se lewe en werke geskryf.

MARTIE WEGE - mezzosopraan, orreliste en koorleidster

Martha Helena Hendrika Malan is op 1 Januarie 1923 in die distrik Kroonstad gebore en het haar musiektalent van haar moeder Mettie de Kock geërf wat voor die Eerste Wêreldoorlog klavier en viool in België gaan studeer het. Martie het haar eerste musiekonderrig van haar moeder ontvang en later op

Kroonstad het sy by mev Iris Uys klavier geneem en sang by Ethel Baker. Aan die Kroonstadse Hoërskool het sy musiek as vak geneem en in 1939 gematrikuleer. Gedurende 1940 en 1941 het sy in Pretoria onder professor Gerrit Bon klavier, orrel, harmonie en koorafrigting studeer en soms as orreliste in die Pretoria-Oos Kerk opgetree. Vanaf 1942 het sy in Kroonstad onder MC Roode haar studies voortgesit en in sy musiekateljee as assistente gewerk. In 1943 het sy die UOLM-diploma in orrel en klavier behaal en onder leiding van Tersteegen van Huyssteen het sy in 1952 UOLM (sang), 1953 LRSM (sang en klavier) en in 1962 UVLM (sang) verwerf.

Sy was vir baie jare verbonde aan die Kroonheuwel Volkskool waar sy besonder goeie werk as koorleidster gedoen het en met haar koor gereeld kerkmusiekuitvoerings gedoen het soos Maria van der Mark se kerskantate **O Stralende Lig** in 1963 en ook die premiêre van Andries Wasserman se **Klein Kerskantate** in 1965. Laasgenoemde werk het die komponis aan haar opgedra uit sy waardering vir haar groot kunstenaarskap en hegte vriendskap.[45]

Vanaf 1960 tot 1969 het sy elke jaar as soliste en later as begeleidster opgetree saam met die destydse Bethlehemse Mannekoor en die Dogterskoor van die Hoër Handelskool in Bethlehem onder leiding van Andries Wasserman. Sy het die dogterskoor op drie konserttoere deur die Vrystaat, Natal en Transvaal vergesel en van haar sangsolo's is ook op plate opgeneem wat die koor gemaak het.

As sangeres en koorleidster in Kroonstad was sy baie aktief. Sy het in talle plaaslike konserte as sangeres opgetree, en het die rol van **Hänsel** gesing in die Tegniese Kollege se produksie van **Hänsel und Gretel** in 1958, en in **Bastien und Bastienne** wat in 1962 opgevoer is, was sy **dr. Fels.** Saam met mnr T van Huyssteen was sy verantwoordelik vir die afrigting en begeleiding van die Kroonstadse Koorvereniging en Mannekoor van die Gevangenisdiensopleidingskollege. Die besondere sukses waarmee haar kore by Kunswedstryde bekroon is, is toegeskryf aan haar bekwame leiding en rype ervaring:

> "Dit is alleen iemand wat geestelike lewensrypheid besit en diep kan aanvoel wat in staat is om 'n koor tot sulke hoogtes te voer in die aflewering van die geestelike lied. Mev. Wege verstaan die kuns om aan te voel, diep te beleef en om dan op ongekunstelde wyse weer te gee, sodat die luisteraar meegevoer word tot die belewenis van groot lewenswerklikhede. Die kuns by haar, is kuns van die werklikheid en konkrete belewenis. Hiertoe is sy slegs instaat omdat sy, begiftig is met 'n siel wat die teer dinge van die lewe kan aanvoel en weer kan laat lewe. By dit alles lewe sy nie in die wolke nie. Sy is waaragtig

mens en daarom is haar werk van soveel onskatbare waarde en is haar aanbieding lewensgetrou en werklik." [46]

Martie Wege is in 1978 oorlede.

HANNAH WESSELS - musiekonderwyseres en koorleidster

Hannah Wessels se naam is sinoniem met Kroonstadse kore, en meer spesifiek die Volkskoolkoor wat sy vir meer as veertig jaar afgerig het en tot groot hoogtes en verfyndheid gevoer het.

Hannah Wessels (gebore 1919) was die jongste van vier baie begaafde susters wat almal in die distrik Bultfontein gebore is naamlik Rina (1907), Magda (1910) en Anna (1912). Hulle is verlangs familie van Cecilia Wessels, Sarah Wessels en Judith Brent-Wessels en die musikaliteit is dus 'n familiekenmerk. Die vier susters het tuis musiek gemaak saam met hul vader wat viool gespeel het en die moeder wat klavier gespeel het en hulle is toegelaat om slegs Psalms en Gesange te sing alhoewel die moeder hulle in die geheim ook Hallelujaliedere geleer het.

Gedurende die dertigerjare het die familie na Kroonstad verhuis waar die vier susters klavier, sang en orrel geneem het by Ethel Baker. Mev Baker het hulle "uitstekend onderleg" en toe Magda Wessels in 1936 in Duitsland sang gaan studeer het, het sy gevind dat mev Baker haar dit alles alreeds geleer het.[47] Mej Magda is vir jare reeds musiek- en sangonderwyseres in Johannesburg.

Rina (later mev Swart) was vir jare lank verbonde aan die Kroonstadse Hoërskool waar sy die koor afgerig het en ook 'n Duitse koor gestig het. Haar seun, Jan Swart, was ook 'n begaafde sanger en hy het gereeld in Kroonstadse konserte opgetree.

Anna (later mev ds Botha) het ook 'n lang verbintenis met die musieklewe in Kroonstad gehad en sy en haar suster Rina was stigterslede van die eerste Kroonstadse Kunswedstryd wat in 1935 gehou is. As predikantsvrou het sy 'n lewenslange diens as orreliste en leidster van kerkkore in die Vrystaat verrig.

Hannah Wessels het na skool by die Onderwyskollege in Bloemfontein gaan

studeer en sang by PJ Lemmer geneem. Sy het op Kroonstad ook klavier by MC Roode geneem en UNISA-lisensiate in klavier en orrel verwerf. Sy het verder onder professor George van der Spuy in Stellenbosch skoolmusiek gaan studeer. Onder die aansporing van Tersteegen van Huyssteen het sy, nadat sy in 1942 in Kroonstad begin skoolhou het, 'n koor by die Volkskool gestig.

Deur sy leiding en invloed het mej Wessels se koor 'n besondere mooi kwaliteit en suiwer interpretasie ontwikkel en het by talle kunswedstryde tot so ver as in Johannesburg en ook tydens nasionale byeenkomste met die louere weggestap.

Mej Wessels het in 1983 afgetree.[48]

Fêbé WILLIAMSON - sopraan

Fêbé Williamson, gebore Coomans, was die tweede jonste van 'n gesin van vier dogters en een seun. Haar pa, mnr MI Coomans en haar moeder het vir baie jare in Kroonstad gewoon waar Fêbé op 12 Oktober 1924 gebore is. Mev Coomans het 'n aangebore talent vir musiek gehad en ook 'n goeie stem. Soggens het die familie tydens huisgodsdiens gesange gesing wat deur die moeder op 'n traporrel begelei is. Drie van die dogters kon baie mooi sing maar Fêbé het reeds op jeugdige ouderdom getoon dat sy besonder begaafd was met 'n uitstekende gehoor. Een van haar opmerklikste eienskappe was dat sy totaal onbewus van haar natuurlike gawe was. 'n Voorbeeld van haar onbetrokkenheid kan goed onthou word deur haar suster, mev L Mundell:

> "Toe Fêbé tydens haar eerste optrede by 'n kunswedstryd 'n prys gewen het, was sy nie eens teenwoordig by die prysuitdeling nie. Fêbé het haar skoolopleiding aan die Sentrale Volkskool van Kroonstad ontvang en toe haar moeder vroeg oorlede is het mev. Ethel Baker aangebied om haar gratis sanglesse te gee. Sy het ook nâ haar skoolopleiding steeds les geneem by mev. Baker maar kon nooit musiek lees nie. Haar onderwyseres en mnr. Tersteegen van Huyssteen was dit eens dat dit nie nodig was vir so 'n natuurlike talent om op teoretiese opleiding tyd te verspil nie. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is sy met mnr. Nico Williamson getroud en 'n paar jaar na die oorlog het hulle na Kemptonpark verhuis waar sy gewoon het tot haar dood in 1975. In haar latere lewe het sy slegs nog by geleenthede soos troues gesing. Haar tante mev. Greeff het ook vir haar 'n konsert in Kimberley gereël waar sy 'n Solo-uitvoering gegee het."[49]

In Kroonstad het Fêbé Williamson bekend gestaan as "the girl with the

golden voice". In haar doodsberig is sy as volg onthou:

> "She will always be remembered for her outstanding performances when she sang with choirs under the directorship of Tersteegen van Huysteen. Fêbê Coomans enthralled audiences in Kroonstad with her melodious voice since she was a young girl taking part in Eisteddfodau held in her home town." [50]

Oor Fêbê se talent en stemkwaliteit, asook die gunstelingwerke wat sy tydens konserte in Kroonstad gesing het, berig dr ZJ Pretorius as volg:

> "Oor Fêbê se pragtige liriese sopraanstem kon enige mens in vervoering raak. Sy het lukraak sang onder mev. Ethel Baker bestudeer maar het dit skynbaar nooit ernstig en professioneel gedoen nie. Sy het oor 'n warm, ontroerende timbre beskik wat sy volle karakter by die hoë C's behou het. Sy kon m.i. 'n tweede Isobel Baillie geword het.
>
> Saam met Jim Fowler het hul dikwels bekende Mozart-duo's gesing soos 'La ci darem la mano' (Reik my jou hand my liefste) uit Don Giovanni en 'Se a caso madama' uit Le Nozze di Figaro. Fêbê het eenkeer 'n A++ behaal vir haar 'Alleluia' uit Mozart se 'Exultate, Jubilate'. Sy het gereeld in kerke opgetree tydens orreluitvoerings met bekende werke van Schubert, Bach, Handel en Mozart. Veral 'I know that my Redeemer liveth' het sy met groot insig en oorgawe gesing. Sy was 'n potensiële kunstenaar wat nooit haar volle potensiaal besef en ontgin het nie." [51]

DIE YAZBEK-FAMILIE

In 1909 het die Yazbek-familie hulle in Kroonstad gevestig nadat hulle van Libanon na Suid-Afrika geïmmigreer het, en vir vier geslagte sou hulle 'n bydrae lewer tot Kroonstad se musieklewe, veral as sangers. Die sang- en musiektalent is oorgeërf van Emily Yazbek of "Granny", wat in 1869 in Libanon gebore is en op veertienjarige ouderdom in Beiroet getroud is. Emily het 'n besonder mooi stem gehad en elkeen van haar nege kinders kon ook goed sing en verskillende instrumente speel sodat die koor van die plaaslike Rooms-Katolieke Kerk soms hoofsaaklik uit Yazbeks bestaan het. Die musiektalent is via veral twee kinders van Emily voortgesit naamlik die afstammelinge van Charlie en Florrie. Florrie se doger Elaine was 'n begaafde pianiste en kontralto en musiekonderwyseres op Kroonstad terwyl die drie kinders van haar broer Victor, naamlik Olive, Desirée en Anthony later goeie musiekkwalifikasies verwerf het. Olive het as kontralto landswyd bekend geraak. Twee kinders van Charlie, naamlik Dougy en Eunice, het in talle plaaslike produksies hoofrolle en solo's gesing.

DOUGY YAZBEK - tenoor en EUNICE SMITH - sopraan

Dougy Yazbek en sy suster Eunice is in 1931 in Kroonstad gebore en het hul musiekopleiding op die dorp ontvang. Alhoewel Dougy op skool reeds uitgeblink het in operettes het hy eers in 1953 by Tersteegen van Huyssteen met sangles begin en ook in sy koor gesing. Hy was 'n stigterslid van die Kroonstadse Mannekoor waarvan hy jare 'n lid en geliefde solis gebly het. Dougy het nooit professioneel gesing nie maar in Kroonstad was dit sedert die vyftigerjare vanselfsprekend dat hy die hoofrol sou sing in bykans alle plaaslike operettes. Hy het hoofrolle beset in Kroonstadse produksies van **The Mikado, The Gondoliers, Prince Igor, Brigadoon, The Student Prince** en vir SUKOVS het hy in 1967 opgetree in **Die Verrassing na Sononder** saam met drie ander Kroonstadters onder leiding van Eberhard Künkel. As oratoriumsanger het hy die tenoorsolo's van **Die Skepping, Messias** en **Elijah** in Kroonstad gesing.

Eunice het haar skool- en musiekopleiding aan die Notre Dame-Klooster ontvang en les geneem by suster Louis Xavier en suster Edith. Op skool het sy alreeds in operettes gesing en later sangles by dr Griffiths en Nohline Mitchell geneem. Sy het in Kroonstad rolle gesing in **The Mikado, The Gondoliers, Madame Butterfly, Figaro, The Student Prince** en **Oklahoma.**[53]

Dougy en Eunice is in Kroonstad 'n baie gewilde sangpaar en hulle word gereeld genooi om by talle funksies in die dorp op te tree.

VOETNOTE

1 Persoonlike onderhoud met mev Antonie, 17 Julie 1985
2 Brief van Cara Avis (Blau), Stellenbosch, 4 Junie 1985
3 Lys opgestel deur die komponis, 14 Augustus 1985
4 Persoonlike onderhoud met mev Cilliers, 18 Julie 1985
5 Persoonlike onderhoud met mnr Day, 10 Desember 1984
6 Persoonlike onderhoud met mev De Billiers, 25 Januarie 1985
7 **Die Noordelike Stem**, 14 Desember 1948
8 Persoonlike onderhoud met mnr Du Toit, 14 Augustus 1985
9 Persoonlike onderhoud met mej Goveia, 19 Januarie 1984
10 **Die Noordelike Stem**, 17 April 1953
11 Persoonlike gesprek met mnr Japp, 5 September 1985
12 Brief van mnr Johl, Bloemfontein, 1 Mei 1985
13 **The Northern Times**, 20 Februarie 1959
14 Brief van mev J Müller (dogter van mev Kleinschmidt), Rondebosch, 22 Mei 1985
15 Persoonlike onderhoud met dr Kruger, 23 Januarie 1985
16 Persoonlike onderhoud met mev Lebherz, 18 April 1985
17 Brief van Barbara Louw, Bloemfontein, 21 November 1983
18 Programme in besit van mev Mitchell
19 **The Star**, 2 Maart 1964
20 **Die Transvaler**, 2 Maart 1964
21 Persoonlike onderhoud met mev Mitchell, 13 Oktober 1985
22 **The Northern Times**, 31 Julie 1959
23 Brief van dr ZJ Pretorius, Bloemfontein, 12 Oktober 1984
24 Persoonlike onderhoud met mev Rademan, 7 Augustus 1985
25 **Die Noordelike Stem**, 12 Augustus 1960
26 Ibid, 2 Desember 1960
27 Brief van mnr Slabbert, Düsseldorf, 3 September 1985
28 Brief van dr Stevens, Pretoria, 25 Mei 1985
29 Persoonlike onderhoud met mnr Stockton, 7 Junie 1983
30 **Die Noordelike Stem**, 13 November 1953
31 Persoonlike onderhoud met mnr Toerien, 25 November 1984
32 Ibid, 19 Maart 1952
33 Persoonlike onderhoud met mev Crous, 9 Desember 1984
34 Persoonlike onderhoud met mev Van der Merwe, 23 September 1983
35 Brief van mev Van Eck, Pretoria, 13 Augustus 1985
36 Persoonlike onderhoud met haar suster, mev Grosskopf, Kroonstad, 3 Mei 1985
37 **Feesblad** van die Afrikaanse Hoërskool, 1978
38 Brief van mev Avis, 4 Junie 1985
39 Brief van mnr FA Jonker, Lichtenburg, 20 Augustus 1985
40 **Die Volksblad**, Desember 1977
41 Persoonlike onderhoud met sy dogter, mev England, 15 September 1985
42 Aangehaal in 'n brief van Trudy van Niekerk, 17 Augustus 1985
43 Trudy Minnaar-Van Niekerk, **Musiekteorie Handleiding vir Grade**, Perskor Uitgewers, 1978
44 Persoonlike onderhoud met sy suster, mev H Botha, 7 Maart 1985
45 Brief van Andries Wasserman, Bethlehem, 13 Februarie 1985
46 **Getuigskrif**, ds DS Snyman, 2 April 1960
47 Brief van Anna Botha, Brandfort, 15 Augustus 1985
48 Persoonlike onderhoud met mej Wessels, 23 Julie 1985
49 Persoonlike onderhoud met haar suster, mev L Mundell, Kroonstad, 20 November 1984
50 **Die Noordelike Stem**, 2 Mei 1975
51 Brief van dr ZJ Pretorius, Bloemfontein, 10 Oktober 1984
52 **Die Noordelike Stem**, 24 April 1959
53 Persoonlike onderhoud met mnr Yazbek en mev Smith, 24 Julie 1985

SLOT

Uit die oorsig van die musieklewe in Kroonstad kan 'n duidelike stygende en dalende grafiek waargeneem word: verskeie musikale aktiwiteite het klein begin en gegroei tot 'n stewige klimaks in die vyftigerjare, maar het reeds tekens van afname in die sestigerjare begin toon en in die afgelope vyftien jaar is dit besig om verder agteruit te gaan. Hierdie ongelukkige neiging is merkbaar in al die fasette van die musiekaktiwiteite wat in die verhandeling bespreek is:

1 Daar is geen gereelde teaterdagboek vir konserte deur besoekende kunstenaars nie;

2 konserte deur amateurs, soortgelyk aan die eertydse verskeidenheidskonserte, vind glad nie meer plaas nie;

3 koorverenigings het heeltemal verdwyn, behalwe vir 'n paar kerkkore en klein kamerkore;

4 geen operas of operettes word meer deur amateurs aangepak nie;

5 daar bestaan nie meer 'n amateurorkes of kleiner instrumentale groepe nie;

6 teaterbywoning het sterk afgeneem, en om die verleentheid van leë konsertsale te voorkom word die sale met koshuisgangers gevul, terwyl die kansellasie van aanbiedings dikwels voorkom;

7 daar bestaan geen musiekvereniging wat hom daarop toelê om konserte te organiseer nie, terwyl die SAVMO slegs by uitsonderlike geleenthede nog klein huiskonserte reël;

8 uitvoerings van kerkmusiek en op die orrel vind selde plaas en dan ook slegs by spesiale geleenthede - hierdie aktiwiteite het hulle eertydse glans en verskeidenheid verloor;

9 'n dramatiese afname in die getal musiekleerlinge word by die verskillende opvoedkundige inrigtings opgemerk; daar skryf jaarliks minder leerlinge in vir teorie en praktiese eksamens en al hoe minder skoliere bereik die Finaal- of Lisensiaat-vlak.

Hieruit is dit duidelik dat daar 'n verandering plaasgevind het in die behoefte aan musiek. Die faktore wat bygedra het tot die afname in aktiwiteit is baie kompleks, sodat dit nie moontlik is om één aspek uit te sonder

nie, maar die volgende moontlike oorsake kan genoem word:

Eerstens was dit so dat die afname in konserte deur plaaslike kunstenaars saamgeval het met die stigting van die Streekrade vir die Uitvoerende Kunste. Dit was toe nie meer nodig vir inwoners om die teaterpubliek te vermaak nie, want hierdie funksie is deur professionele kunstenaars oorgeneem. Die plaaslike kunstenaars en amateurs het moontlik minderwaardig begin voel terwyl die gehore gewoond geraak het aan professionele standaarde en hoër vereistes begin stel het. Terselfdertyd het verskeie koor- en toneelverenigings verdwyn en so ook die Kroonstadse Musiekvereniging. Met die ontstaan van SUKOVS was dit nie meer nodig vir die Musiekvereniging om besoekende kunstenaars te nooi nie aangesien die Streekraad sy eie konserte gereël het. Hierdie gebeure het 'n algemene verslapping by die verskeie dorpsorganisasies bewerkstellig en die publiek het aanvanklik die professionele aanbiedings ondersteun totdat hierin ook weer 'n afname ingetree het met die koms van televisie.

Die ekonomiese voorspoed wat Suid-Afrika in die afgelope jare geniet het, het 'n styging in lewenstandaard veroorsaak sodat almal oor radio's, platespelers en later televisie, kon beskik. Hierdeur het die noodsaaklikheid om self musiek te maak verdwyn, terwyl televisie, wat ook die visuele bevredig, die behoefte aan teaterbesoek laat verminder het. Die afname in die belangstelling om self musiek te maak en konserte by te woon is in 'n toenemende mate by elke volgende geslag opgemerk; die algemene verslawing aan televisie kweek klaarblyklik 'n teater-vreemde jeug terwyl die verskerpte Amerikaanse invloed daarvan 'n vervlakking in waardes meebring.

Die afname in teaterbesoek het moontlik ook 'n verdere oorsaak, naamlik dat die musiekkomitees van SUKOVS in Bloemfontein besluit watter aanbiedings byvoorbeeld Kroonstad kry; die Kroonstadters besluit nie spontaan en werk dan nie self daarvoor nie, en weet ook nie of dit in hulle smaak gaan val wanneer 'n aanbieding opdaag nie, sodat apatie ontwikkel. Leë sale verbreed verder die probleem deurdat die Streekraad dit nie meer lonend vind om in Kroonstad op te tree nie, sodat die lys van besoekende kunstenaars besnoei word. In Kroonstad bestaan daar ook geen instansie met die nodige vermoëns (soos byvoorbeeld die nywerhede in Sasolburg wat as beskermhere vir die kuns optree) om konserte deur besoekende kunstenaars te borg nie.

Ten slotte kan probleme rondom die musiekonderwys as moontlike oorsaak van die afname in aktiwiteite beskou word. Die rede waarom daar tans geen

operas meer opgevoer word nie en waarom daar ook nie meer plaaslike amateur-orkeste bestaan nie, is dat daar geen volwasse opgeleide musici meer gelewer word nie. Ernstige musiekleerlinge verlaat die dorp nâ skool om verder te gaan studeer en keer dan nooit weer terug nie omdat daar tuis nie vooruitsigte is vir hulle as uitvoerende kunstenaars nie. Daar is 'n gebrek aan belangstelling in sang by die jeug; daar is geen geskikte onderwyser om onderrig in strykinstrumente te gee nie sodat dit nie moontlik is om weer 'n orkes te stig nie, en die vlak van onderrig in blaasinstrumente is ook nie na wense nie. Musiekonderwysers vind dat buitemuurse aktiwiteite soveel eise stel dat musiekonderrig daardeur skade ly. terwyl ouers soms ook nie genoeg belang stel om moeite te doen met lesse, aanmoediging en konsertbywoning nie. Daar is ook 'n groter belangstelling in tegnologiese en wetenskaplike studierigtings wat 'n verdere afname in kunsrigtings meebring.

Hierdie gegewens dui egter nie op 'n totale gebrek aan musikale belangstelling in Kroonstad nie. Daar heers onder talle toegewyde musiekonderwysers en musiekliefhebbers nog steeds 'n gees van optimisme en deur hulle voortgesette ywer propageer hulle die geestelike verryking wat musiekbeoefening meebring. Afgesien van al die negatiewe invloede sou dit tog moontlik wees om 'n oplewing te bewerkstellig. Die grootste enkele probleem wat tans bestaan, is die gebrek aan samewerking tussen musici. Musiekonderwysers behoort nouer kontak met mekaar te handhaaf sodat daar 'n groter bewuswording is van mekaar se aktiwiteite, en sodat kennis uitgeruil kan word en probleme bespreek kan word. As die opgeleide mense kan hulle belangstelling aanwakker deur byvoorbeeld self weer te begin uitvoerings gee. Daar bestaan onder hulle ervare sangers, orreliste en pianiste en saam met lede van die Gevangenisdiensorkes kan veel vermag word op die gebied van byvoorbeeld kamermusiek. As leerlinge aangemoedig sou word om die uitvoerings by te woon en daar ook meer leerlingkonserte gereël sou word, sal daar weer 'n gehoor gekweek word. Die dorp beskik oor uitstekende fasiliteite en opgeleide persone en deur die nodige aansporing ('n taak wat die SAVMO miskien die beste kan vervul), kan 'n tweede goue era in die musieklewe van Kroonstad ingelei word.

BRONNE

1 NOTULES

1.1 **Notules van die Kroonstadse Stadsraad** - gehuisves in die Munisipale argief

notule 91/8 van 1951 -1953
notule 91/5 van 1952-1964
notule 91/8 van 1969-1972
notule 91/8 van 1974
notule 91/8 van 5 Julie 1976
notule 91/8 van 1977

1.2 **Notules van die Kroonstadse Musiekvereniging**

notules van alle vergaderings tussen 1951-1961 en 1966
notules van 1962-1965 was nie beskikbaar nie

1.3 **Notules van die Kroonstadse Kultuurraad**

notules van alle vergaderings tussen 1963-1971 en 1973-1977

1.4 **Notules van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers**

notules van alle vergaderings tussen 1959-1985

1.5 **Notules van die Sentrale Volkskool** - gehuisves in die skool se argief

notules en verslae van skoolhoofde en inspekteurs - November 1920 tot Desember 1933

2 PERIODIEKE PUBLIKASIES

2.1 Koerante

2.1.1 **The Friend** (Bloemfontein) - Openbare Biblioteek, Bloemfontein.

beskikbare uitgawes: 1904, 1905, 1907, 1908, 1909, 1910, 1911, 1914, 1915, 1916, 1917

uitgawes nie beskikbaar : 1906, 1912, 1913

2.1.2 **The Kroonstad Times** (Kroonstad) - Perskor-gebou, Kroonstad

beskikbare uitgawes: 1918, 1919, 1920, 1922, 1923, 1925, 1918, 1932, 1933, 1935, 1936, 1937, 1938, 1939, 1941, 1942, 1943

uitgawes nie beskikbaar: 1902-1917, 1921, 1924, 1926, 1927, 1930, 1931, 1940, 1944

2.1.3 **Die Noordelike Stem / The Northern Times** (Kroonstad) - Perskor-gebou, Kroonstad

alle uitgawes vanaf 9 Maart 1945 tot 1965

Die Noordelike Stem - Openbare Biblioteek, Kroonstad
alle uitgawes vanaf 1966 tot 1985

2.2 Tydskrifte

2.2.1 **Die Kroonstadse Hoërskool** - gehuisves in die skool se argief.

2.2.1.1 **Jaarblad van die Kroonstadse Hoërskool en Primêre Skool:**
1936, 1937, 1938, 1939

2.2.1.2 **Hoërskooljaarblad**
1940, 1941, 1943, 1944, 1945, 1946

2.2.1.3 **Die Kroonstadter**
18 September 1946, 1948, 1949, 1950, 1951, 1952

2.2.1.4 **Feesblad**
1955, 1970

2.2.1.5 **Die Kroonstadter** - in besit van mnr F Rossouw
1957, 1960, 1961, 1962, 1963, 1964, 1965, 1966, 1967, 1968, 1970, 1971, 1973, 1974, 1975, 1976, 1979, 1981, 1982, 1983

2.1.2 **Die Afrikaanse Hoërskool**

2.1.2.1 **Jaarblad van die Afrikaanse Hoërskool** - gehuisves in die skool se argief
1959, 1960, 1961, 1962, 1963, 1964, 1965, 1966, 1967, 1968, 1970, 1971, 1973, 1974, 1975, 1976, 1979, 1981, 1982, 1983

2.1.2.3 **Feesblad**
1978

2.1.3 **Die Kroonstadse Landbouskool**
Lanties Feesblad, 1983

2.1.4 **English Primary School Magazine**, 1971

2.1.5 **Voorwaarts Volkskool Feesblad**, 1959 en 1984

2.1.6 **Suidrand Volkskool Gedenkblad** 1958-1983

2.3 Geleentheidspublikasies

2.3.1 **Feesblad van die Gereformeerde Kerk, Kroonstad, Junie 1975**

2.3.2 **Tegniese Kollege Jaarblad**, 1959 en 1961

2.3.3 NG Moedergemeente: **Gedenkskrif ter viering van die honderdjarige bestaan van die gemeente 1860-1960**

2.3.4 NG Gemeente Kroonheuwel: **Gedenkblad 1950-1975**

2.3.5 **Gedenkblad ter viering van die vyf-en-sewentigste bestaansjaar van die Heilsleër in Kroonstad, 1891-1966**

3 KOERANTUITKNIPSELS

3.1 Koerantuitknipsels uit die argief van die Tegniese Kollege

3.2 Koerantuitknipsels uit die argief van die Afrikaanse Hoërskool

3.3 Koerantuitknipsels oor die lewe van Tersteegen van Huyssteen, versamel deur mnr F Jonker, Lichtenburg

4 **BRIEWE ONTVANG VAN PRIVAAT INDIWIDUE** - in besit van die skrywer

4.1 Dr T Griffiths, Johannesburg, 15 November 1983

4.2 Barbara Louw, Bloemfontein, 21 November 1983

4.3 Dr ZJ Pretorius, Bloemfontein, 12 Oktober 1984

4.4 Myrrha Bantock, Bloemfontein, 5 Februarie 1985

4.5 Paul Johl, Bloemfontein, 1 Mei 1985

4.6 The Reverend Father CB Hemsley, Modderpoort, 20 Mei 1985

4.7 Jeanette Müller, Rondebosch, 4 Junie 1985

4.8 Cara Avis, Stellenbosch, 4 Junie 1985

4.9 Hetta Wessels, Edenville, 23 Julie 1985

4.10 Anna Botha, Brandfort, 1 Augustus 1985

4.11 Elma Wege (mev Van der Vyfer), Kaapstad, 12 Augustus 1985

4.12 Anna van Eck, Pretoria, brief, afskrif van 'n radiopraatjie, 13 Augustus 1985

4.13 Judith Brent-Wessels, Pretoria, 14 Augustus 1985

4.14 Trudy van Niekerk, Kenton-on-Sea, 17 Augustus 1985

4.15 Marie Wels, Bloemfontein, 25 Augustus 1985

4.16 Frans Jonker, Lichtenburg, 26 Augustus 1985. brief en knipsels uit **Die Noordelike Stem** en **Die Noordwester**, sine anno

4.17 Wicus Slabbert, Düsseldorf, brief 3 September 1985 en uitknipsel uit Scenaria, sine anno

4.18 Dr Stevens, Pretoria

4 KONSERTPROGRAMME

5.1 Konsertprogramme in besit van die skrywer

5.2 Konsertprogramme in die argief van die Gevangenisdiensorkes

5.3 Konsertprogramme in die argief van die Kroonstadse Skouburg

5.4 Konsertprogramme in besit van dr ZJ Pretorius, Bloemfontein

5.5 Konsertprogramme in besit van mej B Spies, Kroonstad

5.6 Konsertprogramme in besit van mev N Mitchell, Kroonstad

6 PRIVAATDOKUMENTE IN KERKARGIEWE

6.1 **A short history of the Church of St George the Martyr**, opgestel deur Reverend Kelly van die Anglikaanse Kerk

6.2 **Kompilasieverslag oor die stand van die erediens in die gemeentes van die Ring van Kroonstad**, opgestel deur ds K Lamprecht van die Môrewag-gemeente

7 LITERATUUR

Apel, Willi — **Harvard Dictionary of Music.** London: Heinemann, 1976

Bantock, Myrrha — **Granville Bantock: A Personal Portrait** London: JM Dent & Sons Ltd, 1972

Harewood, the Earl of — **red Kobbe's Complete Opera Book.**London: Putman and Company, 1969

Kay, Patricia SND de N — **Notre Dame under the Southern Cross.** Johannesburg: Ravan Press, 1984

Kotzé, DJ — **Nasionalisme - 'n vergelykende studie, Deel I.** Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1969

Malan, JP — **red Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie.** Kaapstad: Oxford University Press, 1984

Marx, Beatrice — **She Shall Have Music.**Cape Town: WJ Flesh & Partners, 1961

Scholes, Percy A — **The Oxford Companion to Music.** London: Oxford University Press, 1980

Scholtz, GD — **Die Ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel IV.** Johannesburg: Perskor, 1977

Scholtz, GD — **Het die Afrikaner Volk 'n Toekoms?** Johannesburg: Voortrekkerpers Beperk, 1954

Traubner, Richard — **Operetta, A Theatrical History.** New York: Doubleday and Company, 1983

van den Heever, CM en Pienaar, P de V — **Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner.** Kaapstad: Nasionale Pers, 1947

OPSOMMING

Die klem val in hierdie verhandeling op die plattelandse musiekliefhebber en amateurmusikus wat binne 'n betreklik afgesonderde gemeenskap daarin slaag om 'n kunsvorm lewend te hou. Die algemene beskouing dat musiek slegs in stedelike gebiede waarlik gedy en op die platteland 'n minderwaardige bestaan voer, word hier as verkeerd bewys. In Kroonstad is 'n gemeenskap ontdek wat gedurende die afgelope tagtig jaar getoon het dat waar hulle 'n gebrek gehad het aan stedelike vermaak soos teaters, orkeste, kore en musiekgeselskappe, hulle hierdie leemte oorbrug het en dat verstommende resultate behaal is. Op verskeie musikale terreine is besonder hoë standaarde bereik en Kroonstadse kunstenaars is lof toegeswaai wanneer hulle in groter sentra opgetree het. Terwyl daar 'n relatief klein groepie opgeleide musici was wat die musikale leiding moes gee, was dit merendeels die entoesiasme van die gewone musiekliefhebber wat die dryfkrag was agter die verskeie pogings om opera, oratorium en ander groot werke aan te pak. Dit was ook hoofsaaklik die musiekliefhebbers wat verenigings gestig het om musiek te bevorder en dit is te danke aan die onvermoeide ywer van die musiekverenigings dat daar 'n voortdurende stroom van besoekende kunstenaars in Kroonstad opgetree het en waardeur kleur en afwisseling aan die dorp se musieklewe gegee is.

Die verhandeling toon aan hoe die musikale behoefte en smaak van die gemeenskap deur sosiale en politieke toestande verander is en ontwikkel het. Onmiddellik nâ die Anglo-Boereoorlog was die musiektradisie in die hande van die Engelssprekende inwoners wat destyds 'n hoër vlak van opvoeding gehad het as die Afrikaanssprekendes. Deur die verdwyning van die Engelssprekende van die platteland, die bewuswording van 'n nasionale gevoel en beter onderwys in die dertigerjare, het die Afrikaner begin toetree tot die musiekverhoog sodat hy die toneel vanaf die veertigerjare oorheers het. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog was die musiekaktiwiteite van die dorp toegespits op liefdadigheidskonserte ten bate van oorlogsfondse. Die periode vanaf die twintigerjare tot na die Tweede Wêreldoorlog is gekenmerk deur 'n groot populariteit van jazz - 'n genre wat nâ die oorlog heeltemal verdwyn het en plek gemaak het vir 'n bewuswording van ernstige musiek. Nâ 1945 was dit veral groot kunstenaars in ernstige musiek wat in Kroonstad vereer is. Die vyftigerjare was dan ook die hoogtepunt van musiekontwikkeling toe 'n groot groep sangers en instrumentaliste opgelei is en daar 'n aktiewe musieklewe bestaan het.

Vanaf die sestigerjare het daar al hoe minder konserte deur plaaslike kunstenaars plaasgevind en sedert die laat-sewentigerjare word daar 'n gebrek ondervind aan opgeleide volwasse kunstenaars. Die rede hiervoor moet daarin gevind word dat die aanbiedings deur die Streekrade vir die Uitvoerende Kunste en die toename in die media soos televisie plaaslike inisiatief gesmoor het. Terselfdertyd is 'n onrusbarende afname in die getal musiekleerlinge by al die opvoedkundige inrigtings opgemerk wat ook daartoe bydra dat musiekbeoefening al hoe verder verwyderd raak van die gewone mens.

Die verhandeling bestaan uit tien hoofstukke. Die eerste hoofstuk is gewy aan Suid-Afrikaanse en buitelandse besoekende kunstenaars soos instrumentaliste, sangers, kore, ensembles en vermaaklikheidsgroepe. In die tweede hoofstuk word konserte deur plaaslike kunstenaars bespreek en in verdere hoofstukke Kroonstadse kore, operaproduksies en orkeste. In hoofstuk VI word 'n oorsig gegee van die behoefte wat ontstaan het om 'n teater te hê, die oprigting van die Kroonstadse Skouburg en die benutting daarvan. Hoofstuk VII skets die rol wat tien plaaslike musiekverenigings gespeel het om musiek en kultuur te bevorder. Hoofstuk VIII behandel kerkmusiek en die hoogstaande uitvoering van gewyde musiek wat in sommige kerke plaasgevind het. Hoofstuk IX behandel die werk wat gedoen is en nog gedoen word op die gebied van musiekonderwys aan musiekskole, laerskole, hoërskole en die Tegniese Kollege. Hoofstuk X bevat biografieë en inligting oor die werksaamhede van bekende Kroonstadse musici wat as uitvoerende kunstenaars, pedagoë, resensieskrywers, koorleiers en komponiste, nie net 'n belangrike bydrae gelewer het tot die musieklewe in Kroonstad nie, maar ook in die Vrystaat en sommiges ook landswyd.